



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Doleansiekerkreg en die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider- Afrika

deur

Mary-Anne Plaatjies-Van Huffel

**voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad
Philosophiae Doctor
(Kerkgeskiedenis en Kerkreg)**

**in die Fakulteit Teologie
Universiteit van Pretoria**

Promotor: Dr J M van der Merwe

November 2008



VOORWOORD

By die voltooiing van hierdie proefskrif, is dit nodig om enkele persoonlike mededelings te verstrek. As actuaire van die Streeksinode Kaapland het ek agtergekom dat daar leemtes in die huidige kennis oor die verband tussen Doleansiekerkreg en die kerkreg en kerkregering in Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (=NGSK), Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (=NGKA), Reformed Church in Africa (=RCA) en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (=VGKSA) bestaan. Dit het my genoop om 'n poging aan te wend om die kerkreg en kerkregering van die sendingkerke en die VGKSA regshistories te ondersoek. Hiermee wil ek my opregte dank aan die volgende persone en/of instansies betuig:

- 1) Teenoor prof J W Hofmeyr, professor in kerkreg en kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, vir sy vertroue in my om 'n redelik onbekende studieterrrein aan te durf, betoon ek hiermee my erkentlikheid.
- 2) Teenoor dr Johan van der Merwe, senior lektor in kerkreg en kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria wat my na prof J W Hofmeyr se aftrede as promotor begelei het, betuig ek hiermee my dank.
- 3) Teenoor prof Mees te Velde van die Theologiese Universiteit van die Gereformeerde Kerken (GKv) geleë te Broederweg in Kampen, as deskundige in beide die *oud kerkrecht* en *nuwe kerkrecht*, se bereidwilligheid om my as promotor te begelei, betuig ek hiermee 'n besonderse woord van dank. Die insigte by hom verkry het my regs-historiese bewussyn verskerp. U deeglikheid, helder wetenskaplike sin, regshistoriese kennis, vriendelike welwillendheid, stimulerende leiding en insette by die skryf van die dissertasie sal ek altyd in hoë waardering hou. Dat u gewillig was om my te begelei is vir my meer as 'n gewone voorreg. Aan die Theologiese Universiteit vir die goedkeuring om my promosiestudies onder prof Mees te Velde te kon doen, die verskaffing van gratis verblyf, die kwytskelding van studiegelde, asook vir die besonderse voorreg om van die Deddenssentrum en kerkrecht.nl gebruik te kon maak, betuig ek my dank. In besonder betuig ek my waardering aan die bibliotekaris, drs G D Harmannij, asook die tallose biblioteekassistentes van Theologiese Universiteit vir uitmuntende inligtingsdiens gelewer tydens my studie.
- 4) Aan die Zuid-Afrikaanse Huis vir die verskaffing van 'n beurs wat my lewensonderhoud in Nederland gedurende my studietydperk aan die Theologiese Universiteit gedek het, wil ek hiermee bedank. Sonder hul finansiële ondersteuning sou dit onmoontlik gewees het om die navorsing in die buiteland te kon doen.
- 5) 'n Woord van dank aan Inke Huizenga en Analise Verhoef vir boeke aan my geleen uit hul privaatbiblioteke asook deurtastende gesprekke met betrekking tot die inhoudelike daarvan. Sodoende kon ek vasstel hoe die teologiese diskoers van die vorige eeu met betrekking tot kerkreg en kerkregering in die deursnee lidmate van die Nederlandse Gereformeerde Kerk (vrijgemaakt) se lewens gekonkretiseer word.
- 6) 'n Woord van dank aan die Nederlandse Gereformeerde Kerk (vrijgemaakt) in Kampen waar ek as gaslidmaat vir drie maande deel kon hê aan 'n verskeidenheid kerklike aktiwiteite.



- 7) 'n Woord van dank aan die Huizengas (Inke, Dirk en hul dogters, Jannieke en Aline) vir die verblyf vir die eerste 12 dae in Kampen asook die oriëntering met betrekking tot die Nederlandse kultuur. Dankie vir die opregte belangstelling in my navorsing, die weeklikse deurtastende gesprekke, ondersteuning met betrekking tot verblyf en die blootstelling aan die meelewende lewenstyl van die deursnee lidmate van die Nederlandse Gereformeerde Kerk (vrijgemaakt) asook talryke kulturele uitstappies. Julle het my aanpassing in 'n vreemde land en kultuur vergemaklik.
- 8) Aan Henriëtte Bueseman vir verblyf vir die laaste twee maande. Dankie. Jy was 'n huismaat duisend.
- 9) My dank gaan ook aan die biblioteekpersoneel van Universiteit van Stellenbosch asook aan die personeel van die Argief van die NGK te Stellenbosch, in besonder me M Conning, vir vriendelike hulpvaardigheid.
- 10) 'n Besondere woord van dank aan me Rina Roos van die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria vir uiters knap administratiewe dienste verleen.
- 11) 'n Besondere woord van dank aan wyle ds Themba Nayatowa vir die verskaffing van acta en skemas van werksaamhede van die NGKA uit sy privaatbiblioteek.
- 12) Aan al my kollegas in die VGKSA, veral die Ring van Zuurbraak en Prof Nico Koopman, vir belangstelling in my navorsing betuig ek hiermee my opregte dank. Ek vertrou dat die proefskrif van waarde sal wees vir voortgaande besinning oor kerkreg en kerkregering in die VGKSA.
- 13) Vir my Kerkraad, in besonder brs Jan Mouries en S Pietersen, asook my geliefde gemeente, VGKSA Robertson-Oos, vir die toestemming om drie maande studieverlof te kon neem, 'n woord van hartlike dank.
- 14) Aan my suster, Sylvia Fourie, vir onbaatsugtige hulp met betrekking tot die taalkundige versorging en proeflees van die dissertasie, my susters, Eva Olivier, Francis Fourie, Mara Dollman en Sharon Witbooi, vir liefdevolle ondersteuning, my swaers, Ronnie Olivier, Renfred Fourie, Danville Fourie, Bruce Dollman en Randolph Witbooi, vir stille aanmoediging, my moeder, Jacoba Johanna Plaatjies, vir getroue motivering verseker ek hiermee my dank en waardering asook vir al die Van Huffels vir hul opregte belangstelling in my akademiese prestasies.
- 15) Hiermee wil ek ook in dankbare erkentlikheid hulde bring aan my man, Dawid Johannes van Huffel, vir sy wenk wat gelei het tot die aanspreek van die kerkregtelike problematiek in die VGKSA in 'n proefskrif. Die proefskrif is vir ons die kulminasie van ons talryke gesprekke met betrekking tot die gesag van die meerdere vergadering, die selfstandigheid van die plaaslike gemeente en die funksie van die kerkverband met betrekking tot die wysiging van die belydenisgrondslag van 'n kerk. Dankie vir jou motivering en dat jy in my vermoëns glo. Dankie vir jou liefde en ondersteuning veral vir die toestemming om vir die tydperk van drie maande navorsing in Kampen te kon doen.
- 16) Die proefskrif word opgedra aan my man, Dawid Johannes van Huffel, wat 'n betekenisvolle rol sou speel in my uiteindelijke keuse om 'n proefskrif oor die kerkreg en kerkregering aan te pak.
- 17) Soli Deo gloria - Aan God alle eer.



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

“Ek verklaar hiermee dat die proefskrif, **Die Doleansiekerkreg en die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde sendingkerke en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika**, wat ek hiermee vir die graad Philosophiae Doctor (Kerkgeskiedenis en Kerkreg) my eie werk en nie voorheen deur my vir ’n graad aan hierdie of ’n ander tersiêre instelling ingedien is nie.”

HANDTEKENING **DATUM:**
(Mary-Anne Plaatjies-Van Huffel)



INHOUDSOPGAWWE

Hoofstuk 1 Teoretiese raamwerk en Metodologiese aanpak.....	Bladsy 1
1.1. Probleemstelling en motivering	Bladsy 1
1.1.1 Eksterne beïnvloeding.....	Bladsy 1
1.1.2. Navorsingshipotese	Bladsy 2
1.2. Waarom Doleansiekerkreg?	Bladsy 4
1.3. Konsepuele kategorieë wat in proefskrif gebruik sal word.....	Bladsy 5
1.4. Die metodologie van die verhandeling	Bladsy 7
1.5. Begrensing van die ondersoek	Bladsy 10
1.6. Waarde van die navorsing	Bladsy 11
1.7. Strukturele uiteensetting	Bladsy 13
 Hoofstuk 2 'n Regshistoriese analise: Doleansie tot Protestantse kerkregtelike formasie	 Bladsy 15
2.1. Die ekklesiologie.....	Bladsy 16
2.2. Die kerkregeringstelsels	Bladsy 19
2.2.1. Die Episkopale stelsel/ Roomse of Papale stelsel	Bladsy 20
2.2.2. Die Lutherse of Territoriale stelsel of Konsistoriale stelsel.....	Bladsy 22
2.2.3. Die Kollegialestelsel of Genootskaplike stelsel.....	Bladsy 25
2.2.4. Die Independentistiese of Kongregasionele stelsel.....	Bladsy 26
2.2.5. Die Gereformeerde of Presbiteriaal-sinodale stelsel.....	Bladsy 28
2.3. Van Afscheiding tot Doleansie (1834 -1926)	Bladsy 30
2.3.1. Afscheiding van 1834 en die kerkreg van die Afscheiding.....	Bladsy 30
2.3.2. Ontwikkeling en implementering van die Doleansiekerkreg (1883 -1893 asook 1893 -1926).....	Bladsy 40
2.3.2.1 Ontwikkeling en implementering van Doleansiekerkreg (1883-1893)	Bladsy 41
2.3.2.2. Kerkregtelike bydraes deur eksponente.....	Bladsy 51
2.3.2.2.1. Dr A Kuyper se Tractaat van de Reformatie der Kerken (1883)	Bladsy 53
2.3.2.2.2. Respons op Kuyper se Tractaat van de Reformatie der Kerken (1883)	Bladsy 57
2.3.2.2.3. De Savornin Lohman en Rutgers en De rechtsbevoegdheid onzer plaatselijke kerken (1886, 1887)	Bladsy 59
2.3.2.2.4. Respons op Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken (1886).....	Bladsy 63
2.3.3. Afgeleide Doleansiekerkreg (1893 en 1926)	Bladsy 69
2.3.3.1. Ds J de Jong (1868-1942)	Bladsy 69
2.3.3.2. Ds Joh Jansen (1873-1956)	Bladsy 70



2.3.3.3.	Dr H H Kuyper (1864-1945).....	Bladsy 71
2.3.3.4.	Dr H Bouwman (1863-1933).....	Bladsy 76
2.3.4.	Die Grondbeginsels van die Doleansiekerkreg.	Bladsy 76
2.4.	Diskussies oor <i>oud en nuwe kerkrecht</i> (1926 -1941).....	Bladsy 78
2.4.1.	Generale Sinode van Assen (1926).....	Bladsy 79
2.4.2.	Kerkregtelike polemieks na die Sinode van Assen (1926).....	Bladsy 83
2.4.2.1.	Dr J van Lonkhuyzen (1873-1942)	Bladsy 84
2.4.2.2.	Dr W A van Es (1871-1959)	Bladsy 92
2.4.2.3.	Dr H H Kuyper (1864-1945).....	Bladsy 93
2.4.2.4.	Dr H Bouwman (1863-1933)	Bladsy 94
2.4.2.5.	Ds Joh. Jansen (1873-1956)	Bladsy 96
2.4.2.6.	Ds O Noordmans (1871-1956).....	Bladsy 97
2.4.3.	Sinode van Amsterdam 1936.....	Bladsy 98
2.4.4.	Kerkregtelike polemieks na die Sinode van Amsterdam (1936).....	Bladsy 100
2.4.4.1.	Dr M Bouwman.	Bladsy 101
2.4.4.1.1.	Die ekklesiologiese onderbou.	Bladsy 101
2.4.4.1.2.	Die vraagstuk van die sinodale mag by Voetius	Bladsy 101
2.4.4.1.3.	Die grondslag van die goddelike reg.....	Bladsy 106
2.4.4.1.4.	Die tweede grondslag die wedersydse toestemming	Bladsy 106
2.4.4.1.5.	Die karakter van die sinodale mag	Bladsy 107
2.4.4.1.6.	Die regeermag van die meerdere vergaderinge	Bladsy 109
2.4.4.1.7.	Die tugmag van die meerdere vergaderinge	Bladsy 110
2.4.4.1.8.	Die sinodale tugmag en die DKO.	Bladsy 112
2.4.4.2.	Prof S Greijdanus (1871-1948),.....	Bladsy 113
2.4.4.3.	Dr H H Kuyper (1864-1945).....	Bladsy 123
2.4.4.4.	Ds Joh Jansen (1873-1956)	Bladsy 124
2.5.	Diskussies rondom Vrijmaking (1942-1950).....	Bladsy 130
2.5.1.	Sinode van Sneek-Utrecht (1939-1943).....	Bladsy 130
2.5.2.	Generale Sinode Utrecht 1942 tot 1944.....	Bladsy 134
2.5.3.	Voorgesette Generale Sinode van Utrecht.	Bladsy 140
2.5.4.	Buitengewone Sinode van Utrecht (1946).	Bladsy 141
2.5.5.	Openbare kerkregtelike diskoers.....	Bladsy 148
2.5.5.1.	Ds K Doornbos	Bladsy 148
2.5.5.2.	Prof P Deddens.....	Bladsy 150
2.5.5.3.	Dr M Bouwman	Bladsy 152
2.5.5.4.	Die saak-Breda.....	Bladsy 158
2.5.5.5.	Dr F L Bos (1945).....	Bladsy 160
2.5.6.	Den Haagse landelike byeenkoms.....	Bladsy 162
2.5.7.	Die eerste gewone Sinode van Groningen (GKv) (1946)	Bladsy 163
2.5.8.	Sinode van Kampen (GKv) (1951)	Bladsy 165
2.5.9.	Openbare kerkregtelike diskoers	Bladsy 166



2.5.9.1.	Prof K Schilder.....	Bladsy 166
2.6.	Stryd om die gesag van meerdere vergaderinge (1961-1969).....	Bladsy 168
2.6.1	Die Generale Sinode van Assen (GKv) (1961).....	Bladsy 169
2.6.2.	Die Sinode van Rotterdam –Delfshaven (GKv) (1964-1965).....	Bladsy 170
2.6.3	Openbare kerkregtelike diskoers.....	Bladsy 176
2.6.3.1.	Ds K Doornbos en prof J Kamphuis	Bladsy 176
2.6.3.2.	Prof J Kamphuis en die <i>Open Brief</i>	Bladsy 178
2.6.4.	Die Generale Sinode van Amersfoort-West van (1967)	Bladsy 180
2.6.5.	Openbare kerkregtelike diskoers.....	Bladsy 184
2.6.5.1.	Prof J Kamphuis en die <i>Open Brief</i>	Bladsy 184
2.6.5.2.	Ds K Doornbos	Bladsy 185
2.6.5.3.	Ds M R Van den Berg.....	Bladsy 190
2.6.6.	Die Nederlands Gereformeerde Kerken (NGK).....	Bladsy 193
2.6.6.1.	Kerkregtelike ontwikkeling van die NGK	Bladsy 197
2.6.6.2.	Verskille tussen die kerkreg en kerkorde van die GKv en die NGK.....	Bladsy 200
2.6.6.2.1.	Christus as hoof van die kerk.....	Bladsy 202
2.6.6.2.2.	Die selfstandigheid van die plaaslike kerk.....	Bladsy 202
2.6.6.2.3.	Die karakter van die kerkverband.	Bladsy 203
2.6.6.2.4.	Die karakter van die gesag van die meerdere vergaderinge	Bladsy 204
2.6.6.2.5.	Die tugreg ten opsigte van ampsdraers	Bladsy 204
2.6.6.2.6.	Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergaderinge.....	Bladsy 205
2.6.6.2.7.	Die bevoegdheid van die meerdere vergaderinge met betrekking tot wanbestuur.....	Bladsy 205
2.7.	Samen op weg tot Protestantse Kerkregtelike formasie (1964-2004)	Bladsy 207
2.7.1.	Samen op wegproses (1964-2004)	Bladsy 207
2.7.2.	Beoordeling van die Protestantse Kerkorde	Bladsy 213
2.7.2.1.	Christus as hoof van die kerk.....	Bladsy 216
2.7.2.2.	Die selfstandigheid van die plaaslike kerk.....	Bladsy 216
2.7.2.3.	Die karakter van die kerkverband	Bladsy 217
2.7.2.4.	Die karakter van die gesag van die meerdere vergaderinge	Bladsy 219
2.7.2.5.	Die tugreg ten opsigte van ampsdraers	Bladsy 220
2.7.2.6.	Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergaderinge.....	Bladsy 221
2.7.2.7.	Die bevoegdheid van die meerdere vergaderinge met betrekking tot wanbestuur.....	Bladsy 222
2.8.	Konklusie	Bladsy 223



Hoofstuk 3	Die kerkreg en kerkregering van die NGK ten opsigte van die Sendingkerke (1652-1881).....	Bladsy 224
3.1.	Die wordingsjare van die NGK.....	Bladsy 224
3.2.	Die strewe na 'n eie kerkverband.....	Bladsy 227
3.3.	'n Eie kerkorde	Bladsy 231
3.4.	Die ontwikkeling van aparte sendingkerke.....	Bladsy 234
3.5.	'n Beoordeling van die konstitusie.....	Bladsy 241
3.5.1.	Die selfstandigheid van die plaaslike gemeente.....	Bladsy 241
3.5.2.	Die karakter van die kerkverband.....	Bladsy 242
3.5.3.	Die karakter van die gesag van die meerdere vergaderinge.....	Bladsy 244
3.5.4.	Die tugreg ten opsigte van ampsdraers	Bladsy 246
3.5.5.	Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergaderinge.....	Bladsy 246
3.5.6.	Die bevoegdheid van die meerdere vergaderinge met betrekking tot wanbestuur.....	Bladsy 246
3.6.	Konklusie	Bladsy 247
Hoofstuk 4	Die kerkreg en kerkregering van die NGSK (1881-1994)	Bladsy 250
4.1.	Algemene inleiding	Bladsy 250
4.2.	Die ondergeskiktheid aan die NGK (1881-1915).....	Bladsy 251
4.2.1.	Die selfstandigheid van die plaaslike gemeente.....	Bladsy 256
4.2.2.	Die karakter van die kerkverband	Bladsy 257
4.2.3.	Die karakter van die gesag van die meerdere vergaderinge	Bladsy 263
4.2.4.	Die tugreg ten opsigte van ampsdraers	Bladsy 264
4.2.5.	Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergaderinge.....	Bladsy 266
4.3.	Beperkte outonomie onder die grondwet (1915-1956)	Bladsy 267
4.3.1.	Die selfstandigheid van die plaaslike gemeente.....	Bladsy 269
4.3.2.	Die karakter van die kerkverband	Bladsy 273
4.3.3.	Die karakter van die gesag van die meerdere vergaderinge	Bladsy 274
4.3.4.	Die tugreg ten opsigte van ampsdraers	Bladsy 276
4.3.5.	Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergaderinge.....	Bladsy 281
4.3.6.	Die bevoegdheid van die meerdere vergaderinge met betrekking tot wanbestuur.....	Bladsy 282
4.4.	Die weg na kerkregtelike selfverwesenliking (1956 -1982).....	Bladsy 283
4.4.1.	Christus as hoof van die kerk.....	Bladsy 288
4.4.2.	Die selfstandigheid van die plaaslike gemeente.....	Bladsy 289
4.4.3.	Die karakter van die kerkverband	Bladsy 290
4.4.4.	Die karakter van die gesag van die meerdere vergaderinge	Bladsy 291
4.4.5.	Die tugreg ten opsigte van ampsdraers	Bladsy 292



4.4.6.	Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergaderinge.....	Bladsy 297
4.4.7.	Die bevoegdheid van die meerdere vergaderinge met betrekking tot wanbestuur.....	Bladsy 298
4.5.	Kerkregtelike selfverwesenliking (1982-1994).....	Bladsy 298
4.5.1.	Christus as hoof van die kerk.....	Bladsy 300
4.5.2.	Die selfstandigheid van die plaaslike gemeente.....	Bladsy 301
4.5.3.	Die karakter van die kerkverband	Bladsy 303
4.5.4.	Die karakter van die gesag van die meerdere vergaderinge	Bladsy 304
4.5.5.	Die tugreg ten opsigte van ampsdraers	Bladsy 313
4.5.6.	Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergaderinge.....	Bladsy 316
4.5.7.	Die bevoegdheid van die meerdere vergaderinge met betrekking tot wanbestuur.....	Bladsy 318
4.6.	Konklusie	Bladsy 319
Hoofstuk 5	Die Kerkreg en kerkregering van die NGKA (1909-2008)	Bladsy 320
5.1.	Historiese agtergrond (1906-1951)	Bladsy 320
5.2.	Die Grondwet 1951 tot 1963.....	Bladsy 331
5.2.1.	Die selfstandigheid van die plaaslike gemeente.....	Bladsy 331
5.2.2.	Die karakter van die kerkverband	Bladsy 335
5.2.3.	Die karakter van die gesag van die meerdere vergaderinge	Bladsy 337
5.2.4.	Die tugreg ten opsigte van ampsdraers	Bladsy 339
5.2.5.	Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergaderinge.....	Bladsy 344
5.2.6.	Die bevoegdheid van die meerdere vergaderinge met betrekking tot wanbestuur.....	Bladsy 347
5.3.	Die kerkorde (1963-1971).....	Bladsy 348
5.3.1.	Christus as hoof van die kerk.....	Bladsy 350
5.3.2.	Die selfstandigheid van die plaaslike gemeente.....	Bladsy 352
5.3.3.	Die karakter van die kerkverband	Bladsy 353
5.3.4.	Die karakter van die gesag van die meerdere vergaderinge	Bladsy 355
5.3.5.	Die tugreg ten opsigte van ampsdraers.	Bladsy 356
5.3.6.	Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergaderinge.....	Bladsy 361
5.4.	Die kerkregtelike stryd om kerkeenwording (1966-2008)	Bladsy 362
5.4.1.	Die selfstandigheid van die plaaslike gemeente.....	Bladsy 389
5.4.2.	Die karakter van die kerkverband	Bladsy 391
5.4.3.	Die karakter van die gesag van die meerdere vergaderinge	Bladsy 392
5.4.4.	Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergaderinge.....	Bladsy 393



5.4.5	Die bevoegdheid van die meerdere vergaderinge met betrekking tot wanbestuur	Bladsy 393
5.5.	Konklusie	Bladsy 393

Hoofstuk 6 Die kerkreg en kerkregering van die RCA (1916-2008)..... Bladsy 395

6.1.	Algemene Inleiding	Bladsy 395
6.2.	Die selfstandigheid van die plaaslike kerk (1916-2008)	Bladsy 397
6.2.1.	Die selfstandigheid van die plaaslike gemeente	Bladsy 397
6.2.2.	Die karakter van die kerkverband	Bladsy 399
6.2.3.	Die karakter van die gesag van die meerdere vergaderinge	Bladsy 402
6.2.4.	Die tugreg ten opsigte van ampsdraers	Bladsy 405
6.2.5.	Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergaderinge.....	Bladsy 407
6.2.6.	Die bevoegdheid van die meerdere vergaderinge met betrekking tot wanbestuur	Bladsy 408
6.3.	Die stryd om kerkeenheid (1970 tot 2008)	Bladsy 409
6.3.1.	Christus as hoof van die kerk.....	Bladsy 419
6.3.2.	Die selfstandigheid van die plaaslike gemeente	Bladsy 421
6.3.3.	Die karakter van die kerkverband	Bladsy 423
6.3.4.	Die karakter van die gesag van die meerdere vergaderinge.....	Bladsy 426
6.4.	Konklusie.	Bladsy 427

Hoofstuk 7 Die Kerkreg en kerkregering van die VGKSA (1994-2008)..... Bladsy 428

7.1.	Algemene Inleiding	Bladsy 428
7.2.	Die kerkorde (1994- 2008).....	Bladsy 430
7.2.1.	Christus as hoof van die kerk.....	Bladsy 432
7.2.2.	Die selfstandigheid van die plaaslike gemeente.....	Bladsy 432
7.2.3.	Die karakter van die kerkverband	Bladsy 445
7.2.3.1.	Kerkvergaderings	Bladsy 445
7.2.3.2.	Die kerkverband en die belydenisgrondslag	Bladsy 451
7.2.3.3.	Die kerkverband en kerkeenheid (2000-2008)	Bladsy 453
7.2.4.	Die karakter van die gesag van die meerdere vergaderinge	Bladsy 465
7.2.5.	Die tugreg ten opsigte van ampsdraers	Bladsy 469
7.2.6.	Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergaderinge.....	Bladsy 477
7.2.7.	Die bevoegdheid van die meerdere vergadering met betrekking tot wanbestuur.....	Bladsy 482
7.3.	Konklusie	Bladsy 484



Hoofstuk 8 'n Sintese tussen *oud kerkrecht* en *nuwe kerkrecht* Bladsy 485

Samevatting en Abstract

Samevatting..... Bladsy 492

Abstract Bladsy 495

Bibliografie Bladsy i-xix

SLEUTELWOORDE WAT IN DIE TESIS VOORKOM

- Afscheidingskerkreg
- Appèlreg
- Doleansiekerkreg
- Kassasiereg
- Kerkreg
- Kerkverband
- Meerdere vergadering en Mindere vergadering
- *Oud kerkrecht en Nieuwe kerkrecht*
- Ratifikasie
- Regsbevoegdheid
- Tugreg

HOOFTUK 1

Teoretiese Raamwerk en Metodologiese Aanpak

Die hooftema van die studie is **Die Doleansiekerkreg en die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke¹ en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika**. Dit behels in hoofsaak 'n regshistoriese ondersoek wat deskriptief en analities van aard is na die invloed van die Doleansiekerkreg en/of latere kerkregtelike ontwikkeling in Nederland op die kerkreg en kerkregering in die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (=NGSK), Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (=NGKA), Reformed Church in Africa (=RCA) en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (=VGKSA) tussen 1881 en 2008.

1.1. Probleemstelling en motivering

1.1. 1. Eksterne beïnvloeding

Die navorser se keuse vir die tema **Die Doleansiekerkreg en die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika** in hierdie proefskrif, is nie slegs akademies gemotiveer nie. As actarius² van die VGKSA Streeksinode Kaapland het die navorser gaandeweg besef dat die Doleansiekerkreg en/of die later ontwikkeling in die kerkreg 'n

¹ Met Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke word bedoel kerke wat deur die sendingywer van die Nederduitse Gereformeerde Kerk ontstaan het, byvoorbeeld die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (=NGSK), die Nederduitse Gereformeerde Bantoekekerk later bekend as die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (=NGKA) asook die Indian Reformed Church later bekend as die Reformed Church in Africa (=RCA).

² Die actarius stel hoogstens binne drie maande, nadat die notule en/of die lys van besluite van die vergadering van die Streeksinode vrygestel is, 'n manuskrip op van die Kerkorde-artikels, Aanvullende Bepalinge en Reglemente wat bestaan uit die Kerkorde en besluite van 'n wetlike aard soos deur die jongste vergadering van die Algemene Sinode aanvaar of geamendeer tesame met die Aanvullende Bepalinge, Reglemente en (as ekstrakte) besluite van 'n wetlike aard soos deur die Streeksinode aanvaar of geamendeer, en lê dit voor aan die Moderatuur, vir kontrolering en ondertekening, waarna dit in Afrikaans en in 'n isi-Xhosa vertaling gepubliseer word deur die Kommissie vir Publikasies en Kommunikasie. Die Actarius stel ook addenda tot die *Kerkorde, Aanvullende Bepalinge en Reglemente* op wat kragtens Bep. 60.10.2 aanvaar en regsgeldig is (*Kerkorde Streeksinode Kaapland* 2002: Bep 59.1).

groot rol speel in die konstituering van die NGSK, NGKA, RCA en die VGKSA se kerkreg en kerkregering.

1.1.2. Navorsingshipotese

Die navorser wil in die proefskrif aantoon dat die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke en die VGKSA ontstaan en/of ontwikkel het gedurende 'n spesifieke historiese diskoers oor die *oud kerkrecht* en *nieuwe kerkrecht* in Nederland en dat standpuntinname vir of teen die *oud kerkrecht* en *nieuwe kerkrecht* in die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke en die VGKSA onderskei kan word. In die studie word gevolglik een ontwikkelende kerkreg met 'n ander ontwikkelende kerkreg vergelyk.

Dit is 'n regshistoriese ondersoek wat deskriptief en analities van aard is. Die studie behels uiteraard 'n regshistoriese ondersoek na die oorsprong, die funksie en klemverskuiwings en/of die belangrikste vraagstellinge in die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke en die VGKSA. Die Doleansiekerkreg en verdere kerkregtelike ontwikkeling in die Gereformeerde kerke in Nederland asook die impak daarvan op die kerkregtelike ontwikkelinge van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke en die VGKSA word gevolglik in die dissertasie regshistories geanaliseer. Met bostaande as agtergrond word in die dissertasie die volgende ondersoek:

- i. Wat word verstaan onder die onderskeie kerkregstelsels byvoorbeeld Episkopale stelsel (Roomse of Papale stelsel), Lutherse of Territoriale stelsel, die Independentistiese of Kongregasionalistiese stelsel, die Kollegialistiese of Genootskaplike stelsel en die Gereformeerde stelsel of Presbiteriaanse stelsel en in welke mate die sendingkerke deur een of meer van die onderskeie stelsels

geïmpakteer is al dan nie. Dit is van belang aangesien Doleansiekerkreg en Gereformeerde kerkreg nie dieselfde is nie, want die Doleansiekerkreg is 'n spesifieke vorm van die Gereformeerde kerkreg. Daar is in Gereformeerde kerkreg verskillende variante waarvan die Doleansiekerkreg slegs een is.

- ii. In welke mate het die Doleansiekerkreg, ook bekend as *oud kerkrecht*, en latere *nuwe kerkrecht*³ die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika geïmpakteer? Dit wil sê in welke mate kan die Doleansiekerkreg en latere *nuwe kerkrecht* as kritiese instansie gebruik word om te evalueer wat in die NGK en Sendingkerke op kerkregtelike terrein die afgelope eeu tot op hede gebeur het, wetende dat verskillende variante van Gereformeerde kerkreg die afgelope eeue ontwikkel het. Die Doleansiekerkreg is immers, alhoewel dit Gereformeerde kerkreg is, nie die standaard van Gereformeerde kerkreg nie.
- iii. In welke mate prinsipiële kerkregtelike keuses van die NGK en die onderskeie sendingkerke Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (=NGSK), Nederduitse Gereformeerde Kerk in Africa (NGKA), die Reformed Church in Africa (=RCA) en latere Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (=VGKSA) in lyn was met die Doleansiekerkregbeginsels en/of in welke mate dit daarvan afgewyk het. Die Doleansiekerkreg word dus eerstens geteken, daarna die kerkreg en kerkregering van die NGK en in die daaropvolgende hoofstukke word aangedui

³ Die term *oud kerkrecht* verwys na die stellingname wat deur dr. A. Kuyper en F. L. Rutgers ontwikkel was voor, tydens en na die Doleansie. Dit staan ook bekend as Doleansiekerkreg. Die Doleansie beoog geensins om 'n nuwe kerkreg te presenteer nie, maar gryp doelbewus terug na die sisteem van kerkregering, wat sy klassieke uitdrukking vind in die kerkorde, wat deur die Nasionale Sinode van Dordrecht in 1618-1619 vasgestel was (Golverdingen 2001:6.1). Die term *oud kerkrecht* word eers gebruik na die Sinode van Assen (1926). Laasgenoemde Sinode het uitgegaan van 'n ander bevoegdheid van die meerdere vergadering as wat die Doleansiekerkreg ten opsigte van die tuguitoefening oor ampsdraers ken. Die teenstanders van hierdie gewysigde opvatting het die *oud kerkrecht* as norm vir die handeling van die meerdere vergadering voorgestaan. Die diskoers met betrekking tot die *oud kerkrecht* en *nuwe kerkrecht* het verskerp met die verskyning van M. Bouwman se dissertasie *Voetius over gezag van de meerdere vergadering* (Bouwman 1937a).

watter kerkregtelike prinsipiële keuses in die kerkregtelike ontwikkeling van die afsonderlike sendingkerke (NGSK, NGKA, RCA) en die VGKSA gemaak was.

- iv. In welke mate die afwykings in die kerkreg indien enige, asook latere *nuwe kerkrecht* beginsels teologies en/of kerkregtelik gefundeer word en/of dit sonder enige teologiese en/of kerkregtelike fundering bloot geïmplementeer word.
- v. In welke mate in die eenheidsdiskoers tussen die NGSK en die NGKA Doleansiekerkregbeginsels, onder andere die selfstandigheid van die plaaslike kerk, die kerkverband asook die gesag van die meerdere vergadering ter syde gestel is.

1.2. Waarom Doleansiekerkreg?

Die Dolerendes onder leiding van A Kuyper en F L Rutgers herinterpreteer die Dordtse Kerkorde van 1619 met name op die punt van die selfstandigheid van die plaaslike kerk. Hierdie herinterpretasie en die proses van heroriëntasie word die Doleansiekerkreg genoem. Reeds vóór die Doleansie was kerkregtelike beginsels geformuleer en uitgedra, wat voor oë gehou was by die afwerping van die sinodale juk en wat in die daaropvolgende tyd kragtig gehandhaaf sou word. Onder andere sluit die beginsels die selfstandigheid van die plaaslike kerk, die konfederatiewe karakter van die kerkverband en die prinsipiële onderskeid tussen die Kerkraad en die meerdere vergaderinge in. Die Doleansiekerkreg bring nie iets nuuts in vergeleke met die 16de eeu en of die 17de eeu na vore nie, maar dui eerder 'n terugkeer na ou gereformeerde beginsels: “Niets nieuws. Re-formatie, wederkeer, terugkeer tot de oude gereformeerde beginselen” (Deddens 1992a:57).

Die Doleansiekerkregbeginsels, te wete die selfstandigheid van die plaaslike kerk; die karakter van die kerkverband; die aard en bevoegdheid van die gesag van die meerdere vergadering; die bevoegdheid van die meerdere vergadering met betrekking tot wanbestuur, het die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke asook die latere VGKSA, onmiskenbaar die afgelope eeu geïmpakteer. Dit blyk onder andere duidelik uit die kerkregtelike stryd met betrekking tot die selfstandigheid van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke, die kwessies oor die gesag en bevoegdheid van die NGK se Binnelandse Sendingkommissie, die tugreg oor ampsdraers, in besonder sendelinge, die karakter van die kerkverband en die voorbehoud tot hoër beroep wat die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke vanaf 1881 tot 1978 besig gehou het asook die stryd om eiendomsreg van die plaaslike gemeente en die gesag en bevoegdheid van die meerdere vergadering wat sedert die stigting van die VGKSA in 1994 tot op hede gevoer is.

1.3. Konseptuele kategorieë wat in proefskrif gebruik sal word

In die proefskrif word die volgende begrippe as konseptuele kategorieë gebruik, naamlik: Afcheidingskerkreg, Appèlreg, Doleansiekerkreg, Kassasiereg, Kerkverband, Kerkreg, Meerdere vergadering en Mindere vergadering, *Nieuwe kerkrecht* en *Oud kerkrecht*, Ratifikasie, Regsbevoegdheid en Tugreg. Hierdie begrippe sal in die gang van die proefskrif verklaar word.

Kerkreg het, volgens Haitjema (1951:7), te doen met die sistematiese beskrywing van die orde in die lewe en die werk van die kerk. In die kerkreg het ons te doen met die kerk as instituut en as 'n organisme. Die insigte in die Gereformeerde kerkreg word in die dissertasie as uitgangspunte en kaders vir die beoefening van Gereformeerde kerkreg gebruik. In die kerkreg dink 'n mens meestal aan die voorskrifte en bepalinge waarmee

kerke haar organisasie en werksaamhede asook haar betrekkinge na buite reël. Volgens drs W Bakker (1992:13) in sy artikel, Wat is Kerkrecht in Van't Spijker & Van Drimmelen se *Inleiding tot de studie van het kerkrecht*, gaan dit in die kerkreg nie slegs om die vraag hoe die kerk ingerig moet word nie, maar veral ook hoe die kerk behoort ingerig te wees. Die hooflyne van die Gereformeerde kerkreg word in die belydenisgeskrifte gevind (vergelyk Nederlandse Geloofsbelydenis art 27-32). Volgens Bakker (1992:13) gaan belangrike prinsipiële beginsels die kerkreg vooraf, onder andere het die kerkreg haar wortels in die kerk, dit wil sê in die leer van die kerk.

Alhoewel die kerk in haar konkrete verskynsel 'n gemeenskap van mense is, 'n menslike samelewingsverband, wat bepaalde ooreenkomste vertoon met menslike samelewingsverbande soos die staat, is die kerk na haar wese egter 'n geestelike gemeenskap (Bakker 1992:13). Die kerk is die mistieke liggaam van Christus. Die kerk is vervolgens na haar onsigbare gestalte, volgens Bakker (1992:13), nie vir konkrete regsverordeninge vatbaar nie. Die kerk kan dus nie sonder meer beoordeel word volgens die reëls en wette wat vir die menslike samelewingsverbande geld nie. Die kerkreg het te make met die sigbare kerk (Bakker 1992:14). Die kerkreg handel oor die sigbare kerk as sigbare instituut (Jansen 1947:1). Kerkreg is inderdaad 'n eiesoortige vorm van reg (*sui generis*). Volgens Bakker (1992:15) noem Voetius in sy *Politica Ecclesiastica* die kerkregwetenskap “de heilige wetenskap van de regering van die sigbare kerk (*scientia sacra regendi ecclesiam visibilem*).” Die kerkreg het vervolgens betrekking op die kerklike “politeia” of staatsreëling wat van die “politeia” van die burgerstaat te onderskei is. Die orde van die kerk vind sy grondslag in die Woord van God (De Gier 1989:21). Daarnaas is daar ook 'n verband tussen belydenis en die kerkorde. In 'n belydenis spreek die kerk haar uit wat sy as waarheid op grond van die Heilige Skrif bely en wil verkondig. 'n Belydenis is 'n kort samevatting van wat die Heilige Skrif omtrent die hoof waarhede leer. Die kerkreg word volgens De Gier vanuit die belydenis afgelei: “het kerkrecht heeft

dus de taak der rechtbeginselen van de kerk, die in de belijdenis neergeschreven zijn, nader te ontwikkelen” (De Gier 1989:21). Die vasstelling van die kerkorde berus by die kerk self. Die kerkorde is egter geen vasstaande reël nie. Die woord kerkorde kom nie in die Skrif voor nie. In die dissertasie word gepoog om die kerkregtelike beginsels wat in die stryd om ’n eie kerkorde in die sendingkerke ten grondslag lê, vas te stel. Dit word gedoen in agneming van die historiese konteks rondom die daarstelling van ’n eie kerkorde in die onderskeie sendingkerke.

1.4. Die Metodologie van die verhandeling

Afgesien van Hoofstukke 1 tot 3 kom Hoofstukke 4 tot 7 struktureel met mekaar ooreen. In Hoofstuk 2 word onderskei tussen die standpunte van A Kuyper,⁴ F L Rutgers,⁵ A F de Savornin Lohman⁶ asook G H Kleyn, H Bouwman, J van Lonkhuyzen, W A van Es, S Greijdanus aan die eenkant en H H Kuyper, M Bouwman en Joh. Jansen aan die anderkant.

In Hoofstukke 4 tot 7 word getoets in welke mate Doleansiekerkregbeginsels óf *nuwe kerkrecht* beginsels die onderskeie sendingkerke en latere VGKSA geïmpakteer het. Dit word gedoen aan die hand van die bestudering van die skemas van werksaamhede, actas en kerkordes van die onderskeie kerke (1881 tot 2007). Met betrekking tot die gebruik van die kerkorde as ekklesiologiese vormgewing behoort deeglik kennis geneem te word van dr G

⁴ Kuyper, A 1883. *Tractaat van de reformatie der Kerken door de zonen der reformatie hier te lande op Luther's vierde eeuwfeest aangeboden*. Amsterdam: J H Kruyt.

⁵ Rutgers, F L 1890. *De geldigheid van de oude kerkenordening der Nederlandsche gereformeerde kerken*. Amsterdam: J H Kruyt. Rutgers, F L, De Savornin Lohman, A F & Kuyper, A 1887. *Het Gereformeerd Kerkelijk Congres (koptitel). De hiërarchie in haar kerkbedervend karakter (FL Rutgers); Door wat schuld de tweede hiërarchie opkwam (AF de Savornin Lohman); Wat ons tegenover de tweede hiërarchie te doen staat (A Kuyper)*. Amsterdam: J H Kruyt. Rutgers, F L & De Savornin Lohman, A F 1887. *De rechtsbevoegdheid onzer plaatselijke kerken*. Tweede hersiene , uitgawe. Met volledige repliek aan ds César Segers, dr Kleyn en Prof Gooszen Amsterdam: J H Kruyt. Rutgers, F L 1887. *Het Kerkbedervende karakter der Hierarchie*. Berkel & Rodenrijs: Drukkery K Haak. Rutgers, F L 1921 *Kerkelijke Adviezen*, Twee dele, Kampen: TU. Rutgers, F L 1894. *Het kerkrecht in zoover het de kerk met het recht in verband brengt (rectorale rede)*. Amsterdam: J H Kruyt. Rutgers, F L 1918. *Verklaring van de Kerkenordening van de Nationale Synode van Dordrecht van 1618-1619*. College-voordrachten uitgegeven door J de Jong'. Deel IV. Van de Censuur en Kerkelijke Vermaning. Rotterdam: Drukker Libertas.

⁶ Rutgers, F L & De Savornin Lohman A F, 1887. *De rechtsbevoegdheid onzer plaatselijke kerken*. 1887. Tweede hersiene uitgawe. Met volledige repliek aan ds César Segers, dr Kleyn en prof Gooszen Amsterdam: J H Kruyt.

D J Dingemans se tipering van 'n kerkorde in sy artikel *Kerkorde als ecclesiologische vormgeving*: “Wat een kerkgemeenskap denkt over haar eigen wezen en gestalte, over haar posisie in de wereld, haar vormgeving en inrichting, wordt in een kerkorde vertaald in rechtregels, die gelden voor het functioneren van die gemeenskap” (Dingemans 1992:215). 'n Kerkorde is volgens Dingemans (1992:215) in wese 'n teologiese kompromis, aangesien in 'n kerkorde verskillende teologiese en ekklesiologiese standpunte verenig word. Die kerkorde is dus die leer van die kerk wat in die praktyk tot uitvoering gebring word: “Een kerkorde is een gestructureerde en in praktijk gebrachte theologie. Of nog preciezer gesegd: een kerkorde is een in rechtsregels vertaalde ecclesiologie” (Dingemans 1992:215).

Dieselfde is waar van die kerkordes van die onderskeie sendingkerke. In 'n nadere lees van die acta en skemas van werksaamhede en kerkordes van die onderskeie sendingkerke en latere VGKSA kan Gereformeerde kerkregtelike beginsels onderskei word. Gedurende die afgelope eeu het geen kerkregtelike verhandeling, kerkreghandboeke en/of kerkregpublikasies uit die sendingkerke se eie geledere ontwikkel nie. Die voormalige NGSK en die NGKA se grootste bydrae lê veral op praktyk-teologiese vlak en kerkhistoriese vlak eerder as om kerkregtelik na te dink oor hul praktyk van teologiese handeling. Die klem het in die voormalige NGSK en die NGKA op sendinggeskiedskrywing,⁷ prakties-teologiese ondersoeke⁸ en op prakties teologiese

⁷Adonis, J C 1982. *Die Afgebreekte skeidsmuur weer opgebou*. Amsterdam, DTh verhandeling. Editions Rodopi. Adonis bring in *Die Afgebreekte skeidsmuur weer opgebou* (1982) die verstrengeling van die sendingbeleid van die NGK met die praktyk en ideologie van die apartheid in historiese perspektief. Adonis het 'n sendingwetenskaplike ondersoek gedoen. Botha, A J 1965. *Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk as afsonderlike Instituut*. Stellenbosch: MTh, Stellenbosch Universiteit. Botha, D P 1960. *Die opkoms van ons derde stand*. Kaapstad: Human en Rousseau. Brooks, J W 1982. 'n Teologies-Missiologiese beoordeling van die Aktes van ooreenkoms tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerkverbande in Suid-Afrika. Stellenbosch. Jordaan, J T 1962. *Die ontwikkeling van die sending van die NG Kerk in Transvaal*. Pretoria. Erwee A J C 1980. *Die sendingtaak van die Nederduitse Gereformeerde Kerk onder die inboorlingvolke van die Noordwes-Kaapland*. Stellenbosch. Fourie, R 1968. 'n Sosiologiese ondersoek na die sendingtaak van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gesien in die lig van die ontwikkelende Afrika met spesiale

problematiek⁹ geval. Gedurende die eeu was talryke gemeentegedenkboeke gepubliseer.¹⁰ Dikwels is hierdie gemeentegedenkboeke egter niks meer as sêlf deurleefde geskiedenis asof daar slegs een ware interpretasie tot die teks is nie: “Die kerk en sy bediening is op die voorgrond gestel sodat lidmate hulle daarmee kon identifiseer. Die geskiedenis is sonder kritiese evaluering verhaal. Die gedenkboek, wat op voetspoor van soortgelyke geskrifte van die NGK opgestel is, het uitdrukking gegee aan die sendingleraar se tevredenheid met sy bediening” (Breytenbach & Brown 1991:48). Breytenbach & Brown (1991:55) is van mening dat daar pragmaties en apologeties met die NGSK se geskiedenis omgegaan is. Breytenbach en Brown (1991:48) merk tereg op dat die geskiedskrywing oor die NGSK nie anders begryp kan word nie as met verwysing na die historiese konteks en situasie van die NGK se geskiedskrywing en sendingbenadering nie.

Die navorser wil egter in die studie aantoon hoe die Doleansiekerkregbeginsels soos onderskei in die kerkordes, acta en skemas van werksaamhede van die onderskeie sendingkerke op 'n diskontinue wyse plek gemaak het vir 'n nuwe regs-historiese benadering tot die kerkreg. Die proefskrif, **Die Doleansiekerkreg en die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke en die Verenigde Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika**, is vervolgens 'n poging om die invloed en/of

verwysing na die Republiek van Suid-Afrika. Stellenbosch. Loff, C 1981. *Dogter of Verstoteling? Kantaantekeninge by die geskiedenis van die Ned Geref Sendingkerk in Suid-Afrika*.

⁸ Dames, G E 1989. 'n Onderzoek na die stand en behoeftes van kategese in die NGSK. Bellville: MTh UWK.

⁹ Dwyer, H 1989. Die pastorale begeleiding aan die ongehude moeder in die Sendingkerk in Suid-Afrika. Bellville: MTh UWK.

¹⁰ Uit die aard van die saak is dit onmoontlik om hier 'n volledige lys van bronne te verstrek. Die navorser volstaan met die verwysings na: April, I R 1972. *Een-en-'n kwart eeufesgedenkboek van die Ned Geref sendinggemeente Carnarvon*. Paarl. Botha, J G 1981. *Ek sal my gemeente bou. Gedenkuitgawe van die Ned Geref sendinggemeente van Malmesbury in die eeufesjaar 1981*. Malmesbury. Dw. Waal, J 1981. *Die Ned Geref sendinggemeente Wynberg, eeufes 1881-1981*. Kaapstad. De Wet, J 2000. *VGK Zions 180^{ste} Bestaansjaar (1820-2000)*. Paarl: Inter Media Drukkers. Du Plessis, A A 1986. *Die Ned Geref Sendingkerk Acacia Park (Parkwood), 1976-1986. Na 10 jaar. Kaapstad*. Goliath, A C 1972. *Gedenkboek. Uitgegee met die inwyding van die nuwe kerk van die Ned Geref sendingkerk, Bellville*. Bellville: Lusboekwinkel en Uitgewers. Luckhoff, A D 1952. *Rynse NG Gemeente Stellebosch: anderhalf-eeufes 1802-1952*. Stellenbosch. Joubert, P P 1932. *Na vyftig jaar 'n jubileum-gedenkboek van die Ned. Gere. Sendingkerk in Suid-Afrika, bevattende gegewens van sy ontstaan en ontwikkeling*. Noorder Paarl: Paarlse Drukkers. Van Zyl, M J N 1985. *Die NGS Gemeente Beaufortwes-oos Kwarteeftes (1960-1985)*. Paarl: Paarl Drukkers. Visser J C C (1945). *Eeufes van die Ned Geref Sendinggemeente Tulbagh*. . Paarl: Paarl Drukkers.

paradigmatiese verskuiwings van die Nederlandse kerke se kerkregering op die NGSK, NGKA, RCA en die VGKSA vas te stel.

1.5. Begrensing van die ondersoek

Die fokus van hierdie studie is:

Die studie behels 'n regshistoriese ondersoek wat deskriptief en analities van aard is. Die verband tussen die Doleansiekerkreg en die kerkreg en kerkregering in die NGSK, NGKA, RCA en die VGKSA is nooit so ver die kennis van die navorser strek as 'n selfstandige tema in behandeling gebring nie. In die lig van die beperkte opset van die verhandeling is dit onmoontlik om op elke afsonderlike kerkregtelike tema wat in die hoofstukke behandel word, in detail in te gaan. Die keuse val daarom waarop die navorser subjektiewelik beskou as die sentrale temas in die kerkreg van die NGSK, NGKA, RCA en die VGKSA. Die kerkreg en kerkregering van die NGSK, NGKA, RCA en die VGKSA verdien egter om as 'n selfstandige tema in behandeling geneem te word. As actuaire van die Streeksinode Kaapland het die navorser agtergekom dat daar leemtes in die huidige kennis oor die verband tussen Doleansiekerkreg en die kerkreg en kerkregering in NGSK, NGKA, RCA en die VGKSA bestaan en dat daar 'n behoefte aan/of 'n moontlikheid tot nuwe betekenisvolle ontwikkeling bestaan.

Geen navorsing is nie gestremd nie. Dieselfde sal ook waar van hierdie studie wees. Die navorsing is beperk tot kerkreg en kerkregering in die NGSK, NGKA, RCA en die VGKSA. Die navorsing word ook daarin begrens deurdat regshistoriese navorsing oor die kerkreg en kerkregering van die NGSK, NGKA, RCA en die VGKSA uiters beperk is. Om die kerkreg en kerkregtelike ontwikkeling van die sendingkerke te bepaal was in hoofsaak

gebruik gemaak van kerkordes, acta, skemas van werksaamhede van Sinodes en artikels in die *Ligdraer* en *Ligstraal*. Die navorser was gevolglik genoodsaak om van die teologiese bydraes van Afrikaanse Gereformeerde kerkregtelikes en/of ander vakwetenskaplikes wat op die kerkreg 'n bydrae gelewer het, te fokus byvoorbeeld F E O'B Gelderhuys, *Die regsposisie van die Kerkraad, Ring, Sinode*, E P J Kleynhans, *Gereformeerde Kerkreg Deel 1,11, 111*, J P Jacobs, *Die ontwikkeling van onafhanklike inheemse kerke in die kweking van selfstandige inheemse kerke*, B J Odendaal, *Die kerklike betrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland: 1652-1952*, C J Kriel, *Die geskiedenis van die Ned Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika 1881-1956. 'n Historiese studie van die sendingwerk onder die Kleurlingbevolking van Kaapland*, N J Smith, *Die planting van afsonderlike kerke vir nie-blanke bevolkingsgroepe deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*, C J Kriel, *Die Eerste eeu. Die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika, 5 Oktober 1881- 5 Oktober 1981*, C J Kriel, *Seuns in Sy wingerd*, C J A Loff, *Dogter of verstoteling? Kantaantekeninge by die geskiedenis van die Ned Geref Sendingkerk in Suid-Afrika* asook B Spoelstra, *Gereformeerde kerkreg en kerkregering: Handboek by die kerkorde*. Deeglike kennis is geneem om sodoende die teologiese voorveronderstellings met betrekking tot die kerkreg en kerkregering in die NGSK, NGKA, RCA en die VGKSA vas te stel. Die navorsing is dus 'n eerste poging om die kerkregtelike ontwikkeling van die sendingkerke te sistematiseer.

1.6. Waarde van die Navorsing

Die waarde vir die teologie lê daarin dat die Doleansiekerkreg en die kerkreg en kerkregering van die NGSK, NGKA, RCA en die VGKSA uiteindelik in 'n teologiese werk aangespreek word. Vir die NGSK, NGKA, RCA en die VGKSA lê die waarde daarin dat

die studie 'n belangrike teologiese bydrae tot die sistematisering van kerkreg en kerkregering van die NGSK, NGKA, RCA en die VGKSA lewer. Die proefskrif wil 'n bydrae lewer tot die ontwikkeling of uitbreiding van kennis op die spesifieke gebied. Die onderwerp van die proefskrif is dus uiters aktueel in Suid-Afrikaanse kerkregshistoriese konteks. Die navorser vertrou dat hierdie proefskrif gebruik mag word tot voortgaande besinning oor die kerkreg en kerkregering in die NGSK, NGKA, RCA en die VGKSA.

Die navorser poog om 'n bydrae deur middel van die dissertasie te lewer in die vorming van 'n Gereformeerde kerkregtelike bewussyn in die VGKSA om die wetenskaplike bestudering van die kerkreg te stimuleer en daardeur by te dra tot 'n verantwoordelike beeldvorming van die kerkregtelike ontwikkeling van die NGSK, NGKA, RCA asook VGKSA en om insig te verkry in die belangrike teologiese keuses wat agter die kerkregtelike ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke en die VGKSA lê. Verder ook om insig in die hooflyne van die kerkregtelike ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke asook die VGKSA te verkry en om insig in die sentrale Gereformeerde kerkregtelike beginsels, denkkaders asook probleemstellinge van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke en die VGKSA te verkry. Die proefskrif daag die NGSK, NGKA, RCA en die VGKSA uit met betrekking tot hul eie teologiese voorveronderstellings waarmee hul die kerkreg en kerkregering benader.

1.7. Strukturele uiteensetting van die dissertasie

Die navorsing oor **Die Doleansiekerkreg en die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde sendingkerke en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika** word struktureel in die dissertasie soos volg behandel: Die breë

struktuur het te doen met Doleansiekerkreg. Binne die breë strukturele raamwerk word keuses gemaak om aan Doleansiekerkregbeginsels aandag te gee asook aan sinodale uitsprake wat betrekking het op die kerkreg en kerkregering in die sendingkerke. Die kerkreg en kerkregering van die onderskeie sendingkerke word in die dissertasie aan die hand van die volgende sewe kerkregtelike beginsels getoets:

- i. Christus as hoof van die kerk,
- ii. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk,
- iii. Die karakter van die kerkverband,
- iv. Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering,
- v. Die tugreg ten opsigte van ampsdraers,
- vi. Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergadering,
- vii. Die bevoegdheid van die meerdere vergadering met betrekking tot wanbestuur.

In Hoofstuk 1 word die agtergrond van die studie, die navorsingsprobleem asook die metodologiese benadering wat gevolg word aan die orde gestel.

Hoofstuk 2 handel kursories oor die kerkregtelike ontwikkeling van die Nederlandse Gereformeerde Kerke (1816-1944). 'n Oriëntasie ten opsigte van Doleansiekerkstryd en Doleansiekerkreg vind in die hoofstuk plaas. In besonder gee die navorser aandag aan die Doleansiekerkreg. Abraham Kuyper se bydraes tot die Doleansiekerkreg word in die eerste deel van dié hoofstuk kursories behandel. Die studie is gevolglik 'n interaksie tussen die insigte van A Kuyper, F C Rutgers, A F de Savornin Lohman, asook H Bouwman, J van Lonkhuyzen, W A van Es, aan die eenkant en H G Kleyn, H H Kuyper, M Bouwman en Joh Jansen aan die anderkant (vergelyk Hoofstuk 2). In Hoofstuk 2 word ook onderskei

dat sommige eksponente (soos H Bouwman en Joh Jansen) aan beide kante, dit wil sê in die tydperk voor en na 1926, aan die kerkregtelike diskoers deelgeneem het. In dié hoofstuk word die hooflyne, grondslae en uitgangspunte van die Doleansiekerkreg aangeteken. Die ekklesiologiese onderbou in die regering van die kerk asook die verskillende kerkregeringstelsels kom ook onder bespreking.

Hoofstuk 3 dek kursories die kerkreg en kerkregering van die NGK in soverre dit betrekking het op die kerkreg en kerkregering van die sendingkerke, terwyl in Hoofstukke 4 tot 7 die kerkreg en kerkregering van die NGSK, NGKA, RCA asook VGKSA gedek word. In besonder word aandag verleen aan die historiese konteks wat die kerkregtelike ontwikkeling in die NGSK en NGKA asook VGKSA beïnvloed het. In die Hoofstuk 8 word die kerkregtelike beginsels wat uit beide die Doleansiekerkregbeginsels en die *nuwe kerkrecht* in die voorafgaande hoofstukke onderskei was, in 'n kerkregtelike raamwerk gesinkroniseer.

HOOFSTUK 2

'n Regshistoriese analise: Doleansie tot Protestantse kerkregtelike formasie

In Hoofstuk 2 word die algemene beginsels van die Doleansiekerkreg as 'n variant van die Gereformeerde Kerkreg ondersoek. Aangesien 'n kerk se kerkbegrip 'n bepalende invloed het op haar denke, haar wese en gestalte, haar vormgewing, haar inrigting, haar kerkreg en kerkregering asook posisionering in die wêreld, word in dié hoofstuk allereers stilgestaan by die ekklesiologiese onderbou (paragraaf 2.1) en daarna kom die Kerkregeringstelsels (paragraaf 2.2) aan die orde. Vyf belangrike diskoerse met betrekking tot die kerkregtelike ontwikkeling in Nederland word in dié hoofstuk onderskei, naamlik:

1. Van Afscheiding tot Doleansie (1834-1926) (paragraaf 2.3),
2. Diskussies oor *oud kerkrecht* en *nuwe kerkrecht* (1926 -1941) (paragraaf 2.4),
3. Diskussies rondom Vrijmaking (1942-1952) (paragraaf 2.5),
4. Stryd om die gesag van die meerdere vergadering (1961-1969) (paragraaf 2.6),
5. Samen op Weg tot Protestantse kerkregtelike formasie (1964-2004) (paragraaf 2.7).

Die kerklike lewe in Nederland is in die negentiende eeu gekenmerk deur twee Reformatoriese bewegings, naamlik die Afscheiding van 1834 en Doleantie van 1886 (Bos 1986:70). Beide bewegings staan in nou verband met mekaar, maar verskil ook met betrekking tot die kerkreg en kerkregering. In die afgelope eeu het 'n ontwikkeling in die kerkreg en kerkregering plaasgevind. Die Gereformeerde Kerke in Nederland het hul in

'n mindere of meerdere mate in bostaande vyf kerkregtelike diskoerse rondom die volgende sewe Gereformeerde kerkregtelike beginsels¹ geposisioneer:

- i. Christus as hoof van die kerk,
- ii. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk,
- iii. Die karakter van die kerkverband,
- iv. Die karakter van die gesag van die meerdere vergaderinge,
- v. Die tugreg ten opsigte van ampsdraers,
- vi. Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergadering,
- vii. Die bevoegdheid van die meerdere vergadering ten opsigte van wanbestuur.

2.1. Die ekklesiologie

Noordgraaf (1990:62) stel dit in *De kerk in het Nuwe Testament* dat die kerk 'n voorlopige realisering, teken, getuie en voorspraak van die komende koninkryk is. Die vertikale (gemeenskap met Christus, die gerigtheid op God, die vervulling met die Heilige Gees) en die horisontale (die *gemeenskap* met mekaar as broers en susters in die een liggaam) is nou aan mekaar verbonde. Die kerk word deur die Woord en Gees in aansyn geroep, maar staan ook permanent onder die Woord. Ampte en dienste is volgens Noordgraaf (1990:62) gerig om die sig op Christus as Here van die kerk oop te hou. Die verhouding tot die wêreld word gekenmerk deur antitese en solidariteit. Gedurende die eeue sou kerkvaders soos Augustinus (die kerk as liggaam van Christus), Luther (twee

¹ Golverdingen onderskei in *De strijd om het kerkrecht in de Gereformeerde Kerken in Nederland van 1926 tot 1944* sewe kerkregtelike beginsels wat as kenmerkend van die Gereformeerde kerkreg beskou kan word (2001:15).

- i. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk,
- ii. Die karakter van die kerkverband,
- iii. Die aard van die gesag van die meerdere vergadering,
- iv. Die bevoegdheid van die meerdere vergadering in die algemeen,
- v. Die afsetting van die diakens, ouderlinge en predikante,
- vi. Die uitleg van die voorbehoud van artikel 31 DKO ten opsigte van besluite van meerdere vergaderinge,
- vii. Die bevoegdheid van die meerdere vergadering ten opsigte van wanbestuur.

ryke leer), Zwingli (staatskerk), Bucer (die kerk as die ryk van Christus), Calvyn (teokrasie), Kuyper (die kerk as organisme, die kerk as instituut), K Schilder (die kerk as werk van Christus), Hoedemaker (teokrasie), Gunning (die inwoning van die Heilige Gees), Kraemer (Kerk en Wêreld) asook die Nadere Reformasie (die Kerk as Woord gebeure), die Rooms Katolieke Kerk en die ekumene verskeie en verskillende aksente op die kerk lê.² Volgens W Balke (1990:259-282) kan die kerk aan die vier oud-kerklike eienskappe naamlik: eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit geken word.

Die kerk is volgens ds K de Gier (1997:9) die liggaam van Christus in die wêreld. Die instituut van die kerk is deur die Koning van die kerk self ingestel. Christus is die enigste Wetgewer, wat aan die kerk haar reg skenk. Christus staan aan geen wêreldlike gesag Sy gesag af nie (De Gier 1997:9). In die kerk regeer God deur Sy Woord en Gees. Christus is die Hoof van die gemeente. In die Heidelbergse Kategismus Sondag 21 asook in artikel 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis (=NGB) word dit aangedui dat die kerk 'n heilige, katolieke vergadering of eenheid van gelowiges is. Die Bybel noem hierdie universele kerk of liggaam van Christus die *ekklesia* (Matt 18:17; Hand 2:47, 11:22, 13:3; 1 Kor 1:2; 2 Kor 1:1; Open 2:1, 8, 12, 18). Die kerk is volgens die Nuwe Testament 'n vergadering van die gelowiges, wat kragtens die drang deur die Heilige Gees hul verenig tot die bediening van die Woord, die sakramente en gebede en wat haar organiseer onder leiding van die ampte (Bouwman 1928:53).

In die Griekse samelewing word die woord *ekklesia* gebruik vir 'n vergadering van vryburgers en het dit gewoonlik op 'n volksvergadering gedui (Bouwman 1928:53-54).

² Vir 'n meer gedetailleerde weergawe van die beskouinge oor die kerk deur die eeue, sien Kerkopvattingen deur die eeue in *De Kerk*, Van't Spijker, W (red) (1990:65-255) asook Bouwman (1928:53-74), De Gier (1997:9-15) en Balke (1990:259-282).

Die Christelike gemeentes het die woord ekklesia gebruik om hul eie samekomste en/of gemeentes aan te dui teenoor die sinagoge (Bouwman 1928:53). Die kerk is volgens die Nuwe Testament nie 'n volksvergadering nie, maar is wel 'n vergadering van gelowiges (Hand 2:47; 1 Kor. 1:2; 2 Kor 1:1; Rom 1:7; Kol 1:2). Jesus sê dat hy sy gemeente (*ekklesia*) op die rots sal bou (Matt 16:18). Volgens Bouwman (1928:59) is elke plaaslike gemeente afsonderlik asook die kerk as liggaam van Christus 'n gemeente van die heiliges, wat in gemeenskap staan met God, in besit van die heil van Christus, en geroepe is tot diens van die Here deur die werking van sy Woord en Gees. In die Nuwe Testament word met betrekking tot die eenheid van die kerk aangedui dat die kerk die liggaam van Christus is (1 Kor 10:16; Ef 1:23; 4:4; Open 21:2, 9). Hierdie eenheid is volgens Bouwman (1928:64) 'n organiese eenheid. Die kerk is volgens Bouwman (1928:64) 'n sigbare georganiseerde liggaam, wat Christus erken as enigste Koning van die gemeente en die Heer van alle dinge: "Die kerk is dus eene zichtbare gemeenskap van mense, die Christus als Verlosser en Heer kennen, en die de eenheid in Hem betoonen in hun gemeenschappelijk geloof, en die den drang kennen om elkander te dienen en lief te hebben." Die sigbare kerk tree in 'n bepaalde gestalte met ampte en bedieninge waarop die gemeente versorg, leer en regeer (Bouwman 1928:65).

Die outoriteit of seggenskap in die kerk kom van Christus wat die hoof van Sy kerk is (Ef 5:23; Kol 1:18). Christus het die regeermag oor die gemeente (Ef 6:11-19; 1 Tim 6:12; Open 2:7, 6:2, 9:11). Christus maak gebruik van mense vir die leiding van sy kerk op aarde. Vir die kerk het Christus self die ampte en bedieninge ingestel (Matt 16:13-19, 18:15-20; Joh 20:21:23) (Bouwman 1928:67). In Matt 16:18-19 word die kerk en die koninkryk van God met mekaar in verband gebring. Die kerk is die sigbare verteenwoordiging van die koninkryk van God, waar daar volgens die wette van

Christus behoort geleef te word (Bouwman 1928:70). Christus gee in Matt 18:18-20 aan die gemeente en aan die apostels as verteenwoordigers van die gemeente die mag om op grond van die belydenis van Christus te bind en te ontbind, die sonde te vergewe en te hou. Die gemeente is dus die hoogste regtelike mag op aarde (Bouwman 1928:70). In Joh 20:19-23 word slegs in die algemeen van die sleutelmag melding gemaak. Jesus stel in die perikoop sy dissipels as apostels aan. Hulle ontvang die mag om onder andere mense hul sondes te vergewe (Bouwman 1928:70). Hierdie mag kan nie afsonderlik van Christus uitgeoefen word nie, maar is in Christus en aan Sy wil verbonde.

Die selfstandigheid van die gemeente word in die Nuwe Testament veronderstel. Die gemeente in Jerusalem kies byvoorbeeld hul eie ampsdraers en afvaardiging. Matthias word deur die gemeente as apostel gekies en sewe diakens word deur die gemeente as armversorgers aangewys. Die apostels stel wel die voorwaardes, maar die gemeente kies die persone (Hand 1 en 6). Volgens Bouwman (1928: 72) gee Paulus in talryke tekste opdrag aan die gemeente om die bose uit haar midde te weer (1 Kor 5), hul te hulle onttrek van valse leraars (Rom 16:17), te waak oor die suiwer leer, orde en tug (1 Kor 5:5, 11:34; 2 Joh 10; Open 2:14, 20, 24). Die regering van die gemeente is Christokraties. Christus woon in sy gemeente en Hy regeer deur Sy Woord en Gees die gemeente. Alle mag in die kerk rus dus oorspronklik by Christus as die enigste Koning van die kerk. Die kerk is gebou volgens Ef 2:20 op die fondament van die apostels en profete waarvan Christus die hoeksteen is (Bouwman 1928:74).

2.2. Die kerkregeringstelsels

Daar kan histories vyf kerkregeringstelsels onderskei word te wete: die Episkopale stelsel (Roomse of Papale stelsel), Lutherse of Territoriale stelsel, Independentistiese

stelsel of Kongregasionalistiese stelsel, die Kollegialistiese of Genootskaplike stelsel en die Gereformeerde stelsel of Presbiteriaanse stelsel. Die vyf kerkregeringstelsels verskil met betrekking tot hul ekklesiologie waar gesag gesetel is, die organisasie van die kerk en die verhouding tussen kerk en staat (Jansen 1947:1-5).

2.2.1. Die Episkopale stelsel/ Roomse of Papale stelsel

Episkopaal is 'n oorkoepelende term. Daaronder word die Rooms Katolieke Papale stelsel, die Anglikaanse kerk, die Oosters Ortodokse kerk, die Gereformeerdes in Hongarye en die Lutherse stelsel gevind.

By die Roomse of Papale stelsel is die kerk 'n groot heilsinstituut met een kerklike belydenis vir die hele wêreld. By dié stelsel val die klem op een sigbare wêreldkerk, wat alle gedooptes insluit. Twee klasse word in die stelsel van kerkregering gevind, naamlik die geestelikes en die leke. Die geestelikes vorm 'n afsonderlike stand wat deeglik onderskei is van die leke (Meulink & De Wolff 1967:6). Bo die biskop staan die Pous. Die Pous besit kragtens sy amp die hoogste, volledige, onmiddellike en universele mag in die kerk. Die setel van die gesag lê by die Pous (Jansen 1947:3). Die regeermag daal van Christus af op die Pous, wat in 1870 as onfeilbaar verklaar is. Die Pous staan ook bekend as die *vicaris*, die stadhouer van Christus (Meulink & De Wolff 1967:5). Die Pous is dus universeel die biskop van die hele wêreld.

Die wese van die heilsinstituut lê in die sigbare (Biesterveld & Kuyper 1905:2). Die Pous het die *primatus jurisdictionis et honoris*: dit is die hoogste regering van die kerk. In die Pous rus die hoogste kerklike wetgewing wat die leer en die inrigting van die kerk betref. Hy het die *potestas indirecta in temporalibus* dit wil sê hy hanteer die wêreldlike

swaard nie self nie, maar kan wel die gebruik daarvan verbied of gebied na gelang van die eise van die welsyn van die kerk (Weijland 1992b:84). Die kerk heers oor alle terreine van die lewe byvoorbeeld oor die staat, maatskappy, wetenskap, opvoeding, kuns, ensovoorts (Jansen 1947:5). Daar is geen onderskeid tussen die kerk en die koninkryk van God nie. Sedert Vatikaan II met die *Declaratio de libertate religiosa* word die verhouding tussen kerk en staat meer gesien as die samewerking tussen twee selfstandige partye (Weijland 1992b:84). Die Roomse Kerk gebruik die naam *Consistorium* vir die vergadering wat deur die kardinale in opdrag van die Pous plaasvind en ook aan die *colleges* wat die *vicaris-generaal* in die uitoefening van die regeermag bystaan. Die *Consistorium* was van die begin af 'n staatsinstelling (Biesterveld & Kuyper 1905:4).

By die Oosters Ortodokse Kerk word die kerk deur die inkorporasie van die Bisantynse staatstelsel 'n sentrale regsinstituut met die keiser as wetgewer en regter (Weijland 1992b:80). Die kerk het op haar beurt die keiserskap met sakrale gesag bekleed. 'n Juridiese binding tussen kerk en staat kan dus in die stelsel onderskei word. Daar is veertien administratief selfstandige kerke (*autocephale* kerke) wat uit 'n aantal bisdomme bestaan. Aan die hoof is 'n sinode met 'n patriarg as president. Opvallend in die stelsel is dat daar geen verskil in rangorde tussen die patriarge is nie. Die patriarge is slegs *primi inter pares*. Die kerk bestaan uit biskoppe, priesters en leke. Elke biskop het 'n gekose raad van bystand (*diocesane*). Die priester bestuur sy gemeente met 'n Kerkraad (Weijland 1992b:80).

Die Anglikaanse Kerk is 'n staatskerk. By die stelsel word biskoppe met twee aartsbiskoppe gevind. Die koningin fungeer by die Anglikaanse Kerk as die hoof van die

kerk. Die amp van die biskop omvat prinsipieel alle funksies van die kerk en dit sluit onder andere die leer, sielesorg, tug, ampte en wetgewing in. Die plaaslike bisdom word verdeel in parochies wat saamgevoeg kan word met naburige *parochies* in kerkprovinsies wat vervolgens saamgevoeg word tot kerklike *regios*. Die biskoppe van 'n bepaalde gebied word verenig in 'n biskoppekonferensie. Alle ampsbevoegdheid lê in een persoon naamlik die biskop (*episkopos*) (Van den Heuvel 1991:24). Die regering van Christus vind plaas deur die biskop. Die biskop is die hoof van die bisdom. Hy het die geestelike en kerklike leiding oor die gemeentes (*parochies*) en oor die geestelikes (ampsdraers). Die biskop as die wetgewer, is verantwoordelik vir regspraak, kan laer ampte instel, verander, ophef of dra sorg vir die handhawing van die leer, maak aanspraak op eerbied en gehoorsaamheid van die geestelikes en leke en besit wydingsmag (dit wil sê hy mag priesters wy) (Van den Heuvel 1991:25). By die Gereformeerdes in Hongarye word biskoppe in 'n soort sinodale struktuur gevind. Elke bisdom het 'n priesterraad wat in beginsel 'n raadgewende stem het. Alleen die geestelikes (*clerus*) kan die genade voortplant, want die *clerus* besit alleen die kerklike funksies, sodat in die *clerus* die kerk gekonstitueer word (Biesterveld & Kuyper 1905:2). Oral waar die priester is, is die kerk.

2.2.2. Die Lutherse of Territoriale stelsel of Konsistoriale stelsel

Op 10 Desember 1520 het Martin Luther die pouslike dekrete saam met die *corpus iuris canonici* in die vuur gewerp. Martin Luther se opvatting met betrekking tot die kerk en haar organisasie staan regstreeks in verband met sy leer oor die regverdigmaking deur die geloof alleen (Van't Spijker 1992:86). Dié leer lei tot die opvatting van die priesterskap van alle gelowiges en daarmee was die hiërargie tussen die geestelikes en die leke opgehef. Die gemeente vorm by dié stelsel die mistieke liggaam van Christus.

Van die goddelike reg (*jus divinum*) vir die sigbare struktuur van die kerk is daar volgens Van't Spijker³ (1992:86-87) in sy artikel *De Reformatore en hul opvattinge* in die *Inleiding tot de studie van het kerkrecht* geen sprake nie.

Die Lutherse Reformasie breek weg van die Episkopale stelsel en kies 'n nasionale territoriale stelsel. Die klem val op die staatskerk. Die kerk se gesag strek so ver as die gesag van die betrokke staat (Spoelstra 1989:11). Die kerk is dus 'n nasionale massakerk, 'n volkskerk. By die Lutherane lê die setel van die gesag by die landvors (Jansen 1947:4). By die Lutherane word drie klasse aangetref, naamlik die regeerstand (wat regeer deur middel van 'n konsistorie wat uit predikante en nie-predikante bestaan), die leerstand (bestaande uit predikante) en die lekestand. Die stelsel staan ook as die konsistoriale stelsel bekend (Biesterveld & Kuyper 1905:3). Die landvors is heerser oor die land en kerk. Hy is *summus episcopus*. Die staat heers dus oor die kerk. Die owerheid het die reg om in te gryp in die sake van die kerk, omdat die owerheid die *praecipuum membrum ecclesiae*, dit is die vernaamste lid van die kerk is (Biesterveld & Kuyper 1905:3). As sodanig het die owerheid die gesag oor die kerk in die land. By die stelsel geld die volgende reël: *Cuius regio, eius religio*. Dit wil sê, die godsdienis van die vors is die godsdienis van die land (Biesterveld & Kuyper 1905:4). Verder word superintendente aangestel, onder wie die predikante staan. Die superintendente oefen in hul distrikte gesag uit. Die gemeente word as onmondig beskou. Die kerk is in die stelsel aan die staat onderworpe (Meulink & De Wolff 1967:7). 'n Ander naam vir die stelsel is die konsistoriale stelsel. Hierdeur word gedui dat die gesag uitgeoefen

³ Dr W van't Spijker (1926), hoogleraar kerkgeskiedenis en kerkreg aan die Theologiese Universiteit van die Christelike Gereformeerde Kerken in Nederland te Apeldoorn.

word deur die landelike *Consistorium* en die superintendente (Biesterveld & Kuyper 1905:4).

Die territoriale stelsel is verwant aan die stelsel van Thomas Erastus. Erastus was hoogleraar in die medisyne aan die universiteit van Heidelberg. Hy was ook lid van die Kerkraad van Heidelberg en het die religiegesprekke van Heidelberg gedurende 1560 en Maulbronn gedurende 1564 bygewoon. Hy het die siening van Zwingli met betrekking tot die Nagmaal, die verhouding tussen die kerk en die staat asook die kerkregering gedeel. Hy het hom teen die invoer van die presbiteriale stelsel in die Paltz verset, maar egter sonder enige gevolg. Na sy dood het sy weduwee 'n traktaat uitgegee waarin sy stelsel nader beskryf word. Hy bestry onder andere die selfstandigheid van die kerk, leer die algehele onderworpenheid aan die staat en verklaar die kerklike ban ondermeer as onbybels (Meulink & De Wolff 1967:7). Hy het veral in Engeland aanhangers, terwyl die Remonstrante hom in Nederland gevolg het (Biesterveld & Kuyper 1905:5). Die Anglikaanse Kerk berus deels op die Erastiaanse beginsels. Ook in die Kollegialistiese stelsel van die Hervormde Kerk in Nederland word volgens Meulink & De Wolff (1967:7) beginsels van Erastus gevind. Die Erastiane ontken alle gezag van die kerk:

Dit Erastiaansche stelsel is daarom nog meer vicius dan het territoriale, omdat het alle gezag in de kerk ontkent. De Overheid regeert de kerk, maar ook dan zelfs draagt dit regiment niet eenmaal een kerkelijk karakter. Geen optreden van de Dienaren met autoriteit in des Heeren Naam, als zij de sleutelen des hemelrijks bedienen hoogstens zijn zij vermaners, tot tucht niet gerechtigd. Geen wacht houden voor de zuiverheid der leer voor alle nuance in belijden zij plaats. Ook dit stelsel doet geweld aan het karakter van des Heeren kerk als vergadering der geloovigen, en vergrijpt zich aan het gezag van den eenigen Koning en Wetgever der gemeente.

(Biesterveld & Kuyper 1905:4)

2.2.3. Die Kollegiale stelsel of Genootskaplike stelsel

Die benaming “kollegialisme” is afgelei van die Romeinse regsbegrip *collegia licita* wat wys op ’n wettige vereniging wat die gemeenskap veroorloof (Spoelstra 1989:13). Die kerk as organisasie of instituut vorm die vertrekpunt vir die ampte asook die gesagstruktuur in die kerk. Die formasie van die kerk lê in die vrye wil van die individue wat ’n *collegium*, in die geval ’n godsdienstige vereniging, stig. Die kerk is volgens dié stelsel slegs ’n toevallige vereniging van individue, wat na vrye keuse hul by ander kerke kan voeg of hul lidmaatskap kan opsê. Alle kerklidmate oor die hele land vorm deel uit van een *collegium* (genootskap) waarvan die plaaslike kerk deel is (Jansen 1947:4). By die kollegialiste lê die gesag by die meerderheid volgens die leer van die volksoewereiniteit. Met meerderheid word bedoel die helfte plus een. By die Kollegiale stelsel word onderskei tussen die lede en die bestuur. Die gemeente staan onder die bestuur van die Kerkraad (Jansen 1947:5). By die Kollegialisme word die kerk beskou as ’n gewone vereniging en kan slegs as gewone vereniging staatsregtelike erkenning vra. Die kollegiale stelsel van kerkregering wortel in die leerstellinge van die natuurreg (Biesterveld & Kuyper 1905:6). Volgens die stelsel is nóg die staat nóg die kerk van goddelike oorsprong aangesien die staat gebore is deur ’n verdrag van vrye mense. Die kerk is net soos alle ander verenigings volkome gelyk voor die staat. Die kerk val geheel onder die regsbepalings wat vir allerlei verenigings (*collegia*) geld. In die Romeinse wetgewing, word die kerke erken as *collegia licita* (geoorloofde verenigings) (Biesterveld & Kuyper 1905:6). Dit stelsel is ontwikkel deur Christian Mattheus Pfaff (1686-1760) en was later verder deur Mosheim, Schleiermacher en Ander ontwikkel. Christian Mattheus Pfaff verkondig onder andere dat die kerk ’n vrye vereniging is met twee klasse naamlik: leraars en toehoorders (Bouwman 1928:215). As vrye vereniging reël die kerk haar eie sake (*jus in sacra*), terwyl die owerheid alleen oor haar toesig (*de*

cura sacrorum majestatica) het (Bouwman 1928:215). Die landheer het gevolglik die reg tot die reformasie van die kerk, die oppertoesig oor die kerk asook die beskerming van haar lede. By die stelsel berus die gesag altyd in die vryheid van die meerderheid. (Biesterveld & Kuyper 1905:6). Die Nederlandsch Hervormd Kerkgenootschap word in 1816 volgens die Kollegiale beginsels ingerig (Meulink & De Wolff 1967:7).

2.2.4. Die Independentistiese of Kongregasionele stelsel

In die Amerika (Nieuw Engeland) en in Engeland het daar aan die begin van die 17^{de} eeu 'n stelsel ontwikkel wat nou verbonde was aan die Gereformeerdes aan die Europese vasteland en die Skotse Presbiterianisme, maar wat tog 'n eiesoortige rigting ingeslaan het (Deddens 1992c:107). Dié stelsel staan bekend as die Kongregasionalisme (Deddens 1992c:106). Die Kongregasionalisme wortel in die prinsipiële separatisme van Robert Brown (Meulink & De Wolff 1967:7). Vroeër is ook na die Kongregasionaliste verwys as die Browniste. Elke gemeente is volgens die Browniste radikaal onafhanklik en moet selfs nie deur presbiters oorheers word nie. Die gemeente regeer met die meerderheid van stemme en die Kerkraad voer die opdragte uit (Spoelstra 1989:12). Behalwe die Kongregasionaliste is ook die Baptiste, Adventiste, Unitariërs en die Kwakers aanhangers van die Independentistiese stelsel (Biesterveld & Kuyper 1905:9). Tiperend van die stelsel is dat die plaaslike gemeente 'n volledige en volwaardige kerk is en bevoeg is om haar eie orde vas te stel (Van den Heuvel 2001:25).

By die Kongregasionalisme vorm groepe gelowiges gemeentes op 'n plek 'n bond (*covenant*), wat in eie kring onafhanklik van mekaar is met betrekking tot die beroeping van predikante, kultuur, belydenis en die tug (Meulink & De Wolff 1967:8). By die Kongregasionalisme lê die hoogste gesag by die outonome lede van die gemeentes by

wie die beslissende en uitvoerende gesag lê. Die Kongregasionalisme erken geen meerdere vergadering wat besluite neem waaraan gemeentes verbonde is nie (Van den Heuvel 2001:25). Daar is by dié stelsel 'n volstrekte skeiding tussen die kerk en die staat. Alle seggenskap van die owerheid word ontken, maar ook die kerkverband word ontken. Daar is geen nasionale, provinsiale of *classicale* vergaderinge nie. Gemeenskaplike vergaderinge het by die stelsel nie hoër gesag nie. Op dieselfde plek kan verskillende vergaderinge (*congregations*) wees, elk met 'n eie Kerkraad, sonder dat die eenheid van die liggaam van Christus daardeur gebreek word. Elke vergadering is in eie kring absoluut onafhanklik. Die onafhanklikheid geld nie alleen vir die beroeping van predikante nie, maar ook ten opsigte van die belydenis en die tug (Biesterveld & Kuyper 1905:74). Die gemeentes kan wel saam konfereer, maar die konferensies het geen bindende gesag nie, neem geen Belydenisskrifte aan nie of maak geen bindende besluite nie (Meulink & De Wolff 1967:9). Biesterveld & Kuyper (1905:8) stel dit ook duidelik dat konferensies geen bindende verklarings kan maak nie: “Eene Conferentie kan hoogstens eene gemeenschappelijke verklaring geven van hetgeen men gelooft op zekeren tijd, maar geen bindende formule. Vele congregationalistische Confessies hebben dan ook alleen locale autoriteit.” Die soewereiniteit van die lede staan sentraal in die konferensies. 'n Konferensie kan hoogstens 'n gemeenskaplike verklaring gee van haar geloof op 'n sekere tyd, maar geen bindende formule nie. Die kongregasionalisme ken aan geen belydenisskrif algemene gesag toe nie. Vele Kongregasionalistiese konfessies het slegs lokale outoriteit en word deklarasies genoem, byvoorbeeld Savoy Declaration (1658) en die Declaration of the Congregational Union of England and Wales (1833) (Biesterveld & Kuyper 1905:8).

By die Kongregasionalisme word twee klasse gevind te wete aan die een kant leerouderlinge en aan die anderkant die leke. Daar word geen regerende ouderlinge aangetref nie. Daar is geen onderskeiding van die ampte in die stelsel nie. Elke ouderling moet ook leraar wees (Biesterveld & Kuyper 1905:8). Die plaaslike gemeente is ten volle bevoeg om hul eie reëls op te stel. By die Kongregasionalisme leef die oortuiging dat Christus sy gemeente regeer deur die vergadering van die gelowiges (*congregatio*). Die *congregatio* is gevolglik die hoogste besluitnemingsgesagvorm. Die gemeente kan die ampsdraers uit hul amp ontslaan. Die bestuur van die gemeente word gevorm deur 'n broederraad. Die gemeente is betrokke by alle belangrike sake wat die kerk raak, onder andere ook die tug. Die Kerkraad voer die besluite van die gemeente uit, maar regeer nie die gemeente nie. Die Kongregasionalisme grond dié beginsel nie op die natuurreg nie, maar op die goddelike gesag van die gemeente (Meulink & De Wolff 1967:9).

2.2.5. Die Gereformeerde of Presbiteriaal-sinodale stelsel

Die basiese kenmerk van die presbiteriale kerkregering is nie die presbiter nie, maar die plaaslike kerk en die Kerkraad (Spoelstra 1989:17). Vir die Gereformeerdes kom die formasie van die plaaslike kerk nie deur die ampte soos by die episkopale stelsel nie, maar deur die gelowiges. By dié stelsel word onderskei tussen die besondere amp (ampsdraers) en die amp van die gelowige (Jansen 1914:75). Die kerk en staat word in die stelsel beskou as twee afsonderlike publiek-regtelike terreine elk met sy eie bestuur en regte (Jansen 1913:6). Daar is dus 'n skeiding tussen die owerheid gesag en die kerklike gesag. Die Kerkraad bestuur die plaaslike kerk. Die stelsel begin, anders as by die episkopale stelsel, by die gemeente. Die gesag lê volgens Jansen (1947:4) nie in

die lidmate nie. Dit is gesetel in die Kerkraad. Enkele naburige gemeentes vorm gesamentlik 'n *classis*. Die *classis* is die skarnier waar die organisasie van die landelike gemeenskap draai. In die *classis* ontmoet die gemeente die hele kerkgemeenskap en die hele kerkgemeenskap die gemeente. Die *classicale* vergaderinge word gevorm deur afgevaardigdes van die verskillende Kerkrade. Uit die *classicale* vergaderinge word weer afgevaardigdes gekies vir die *partikuliere* sinode (of die provinsiale kerkvergadering). Dat die plaaslike kerke selfstandigheid besit, beteken nie dat die plaaslike kerk heeltemal hul eie gang kan gaan nie. Sake aangaande die leer, orde en tug van die kerke wat op die onderlinge gemeenskap tussen kerke betrekking het, moet aan die meerdere vergaderinge voorgelê word. Calvin het saam met ses lede van die Klein Raad van Genève gewerk om 'n kerkorde genaamd die *Ordannances Ecclésiastiques* (1541) opgestel. Die beginsels van die Calvinistiese presbiteriale kerkorde is hierin saamgevat. Die *Ordannances Ecclésiastiques* word in drie hoofdele verdeel. enersyds handel dit oor die vier ampte, naamlik die predikante, hulle opdrag en hulle dienswerk, die doktore of hoogleraars, die ouderlinge en die diakens, die sakramente en die opsig en tug (Pont 1981:21). Die Gereformeerdes breek so absoluut en prinsipieel moontlik met die Roomse idee van 'n hiërargiese wêreldkerk (Biesterveld & Kuyper 1905:9). Die kerk is die liggaam van Christus. Die grondgedagte by die presbiteriaal-sinodale stelsel is volgens Van Drimmelen (2007:42) dat Christus sy Kerk regeer as die Here van die gemeente en dat Hy dit doen deur sy Woord en Gees. Die wese van die kerk is dus onsigbaar en geestelik. Die plaaslike kerk word bestuur deur die Kerkraad, wat die enigste besturende mag in die kerk is. Die Gereformeerdes ken nie 'n *classicale*, provinsiale en/of 'n sinodale “kerkbestuur” nie. Die bevoegdheid van die meerdere vergaderinge is geringer as dié van die Kerkraad.

Volgens Van Drimmelen (2007:41) is die presbiteriaal-sinodale stelsel anti-hiërargies en anti-episkopaal en tegelykertyd anti-independentisties en anti-kongregasionalisties.

2.3. Van Afscheiding tot Doleansie (1834 -1926)

In die afdeling sal die volgende temas onder bespreking gebring word: Afscheiding van 1834 en die kerkreg van die Afscheiding (paragraaf 2.3.1.), Ontwikkeling en implementering van die Doleansiekerkreg (1883 -1893 asook 1993 -1926) (paragraaf 2.3.2) en ten slotte die Afgeleide Doleansiekerkreg (1892 en 1926) (paragraaf 2.3.3). In die loop van die negentiende eeu het twee skeuringe in die Nederlandse Hervormde Kerk plaasgevind naamlik in 1834 (die Afscheiding) en in 1886 (die Doleansie).

2.3.1. Afscheiding van 1834 en die kerkreg van die Afscheiding

Koning Willem I het hom beywer vir die eenheid van sy koninkryk, asook vir die Gereformeerde Kerk in Nederland. Hy het gevolglik een kerkorde, te wete die *Algemeen Reglement voor het bestuur der Nederlandsche Hervormde Kerk in het Koninkrijk (1816)*, daargestel wat vir sy gehele koninkryk geldig sou wees. Daarmee was die praktyk waarby byna elke provinsie 'n eie kerkorde gehad het, beëindig. 'n Staatsamptenaar, J D Janssen, was die belangrike argitek van die nuwe kerklike organisasie wat vanaf 1816 geldig was (Van den Broeke 2005:519). Op 4 Maart 1816 het die *classis* van Amsterdam geprotesteer teen die wyse van die invoering asook die inhoud van die *Algemeen Reglement voor het bestuur der Nederlandsche Hervormde Kerk in het Koninkrijk (1816)*. Die *classis* was onder andere bevrees dat die *Algemeen Reglement (1816)* tot verdeeldheid en skeuring aanleiding sou gee (Van den Broeke 2005:208). Op 1 April 1816 het die *Algemeen Reglement (1816)* vir die bestuur van die Nederlandse Hervormde Kerk in die Koninkryk van Nederland van krag geword en het daar 'n landelike genootskap met een bestuurstelsel van krag gekom (Deddens

1986:60). Die Gereformeerde Kerk in Nederland sou voortaan bekend staan as die Hervormde Kerk. Die presbiteriale sinodale stelsel was met die *Algemeen Reglement* (1816) die rug toegekeer en in die plek daarvan was 'n hiërargiese kerkregeringstelsel geplaas. Die Kerkraad van die Hervormde Kerk het volgens Kaajan (1935:21) sedert 1816 slegs 'n beperkte regeermag gehad: "Hij is namelijk onbevoegd beslissingen te nemen ten aanzien van bezwaren tegen dienstdoende, emeriti of eervol ontslagen predikanten, ouderlingen, diakenen en lede van die kerkelijke bestuur als zoodanig. Over dezer moeten de hoogere besturen tucht oefenen."

Die bestuur van die Hervormd Kerkgenootskap is hiërargies van aard. Byvoorbeeld in die *Algemeen Reglement voor het bestuur der Nederlandsche Hervormde Kerk in het Koninkrijk* (1816) word in afdeling 3 (artikels 16-30) die mag en bevoegdhede van die Sinode beskryf, in afdeling 4 (artikels 31-48) dié van die Provinsiale Kerkbestuur, in afdeling 4 (artikel 49-67) dié van die *Classicale* vergadering en in afdeling 6 (artikel 68-83) dié van die Ring, en in die sewende afdeling en in artikel 84-93 dié van die plaaslike gemeente (Hooijer 1846:24-41).

Die hoogste kerklike bestuur word in die *Algemeen Reglement* (1816) aan die Sinode opgedra (art 16). Die Koning was egter die hoogste gesagdraer in die kerk (Van den Heuvel 1991:32). Alle wysiginge van die *Algemeen Reglement* (1816) (art 42) was onderworpe aan die approbasie van die koning. Die koning was beskou as die Oppervoog van die kerklike goedere. Aan die bevel van 'n hoër bestuur moes 'n laer bestuur altyd gehoorsaam wees. Van afvaardiging en geloofsbriewe vanuit die Kerkrade is daar in die *Algemeen Reglement* (1816) geen sprake nie (Deddens 1986:60). Die drie Formuliere van Eenheid en daarmee verbandhoudende ondertekeningsformulier word nie in die *Algemeen Reglement* (1816) vermeld nie (Deddens 1986:61). Van predikante sou voortaan verwag word om 'n formulier te teken waaruit

dit nie duidelik sou blyk of hul aan die drie Formuliere van Enigheid (Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls) verbonde is nie. Ten gevolge van die *Algemeen Reglement* (1816) het daar in die tydperk leervryheid geheers. Van kerklike tug was daar feitlik geen sprake nie.

Die Gereformeerde Kerk in Nederland is met die daarstelling van die *Algemeen Reglement* (1816) onder staatsbeheer geplaas. Sodoende is die beheer oor kerklike aktiwiteite van die plaaslike kerk verwyder: “De Gereformeerde Kerken waren in 1816 één Genootschap geworden, dat van boven naar beneden bestuurd werd. De Kerk werd niet beschouwd als het lichaam van Christus, schrijft Dr PJ Kromsigt, maar blykbaar geheel als een gewone vereeniging of genootschap” (Kaajan 1935:18).

Weerstand teen die *Algemeen Reglement* (1816) en gepaardgaande hiërargiese kerkregeringstelsel het spoedig ontwikkel. Die jare twintig was volgens (Holtrop 1984:63-64) gekenmerk met ’n groeiende verset teen die nuwe teologiese insigte asook leervryheid. Daar was ernstig veral binne die *conventikels* (as bewaarplekke van die oud Gereformeerde waarhede) nagedink oor die afskeiding van die kerk (Holtrop 1984:63-65). Behalwe die *conventikels* het die opvattinge van baron Corn Van Zuylen van Nijeveld, een van die lede van die *conventikels*, naamlik ds Hendrik de Cock beïnvloed (Holtrop 1984:64-69). Alhoewel talryke predikante, gemeentelede en kerkraadslede ’n groot rol vertolk in die Afscheiding word vir die doeleindes van die dissertasie slegs gekonsentreer op di Hendrik de Cock, (1801-1842) en Hendrik Peter Scholte (1805-1868).

Hendrik de Cock, Nederlandse Hervormde predikant te Ulrum, het gedurende 1833 'n kampvegter vir die Gereformeerde ortodoksie geword. Onder die invloed van Calvyn se leerstellinge in sy *Institusie*, vrome gemeentelede asook omgang met verteenwoordigers van die *conventikels*, het De Cock tot die konklusie gekom dat die Hervormde Kerk 'n valse kerk was: "In Ulrum voltrok zich echter een verandering in het geestelike leven van De Cock onder invloed van de omgang met vertegenwoordigers uit het conventikels. Diep onder de indruk raakte hij van intense aandacht voor Gods vrijmacht in verkiezing en verwerping en hun beleving van 's mensen onmacht en lijdelijkheid in het proces der zaliging" (Holtrop 1984:67). De Cock het onder andere vir Van Zuylen van Nijevelt⁴ as sy geestelike vader en Van Zuylen van Nijevelt se geskrif *De Hervormde Leer* as sy belydenis beskou (Holtrop 1984:68). De Cock het gaandeweg bewus geraak van sy roeping as hervormer van die kerk (Holtrop 1984:70). Hy het onder andere in 1833 'n heruitgawe van die *Besluiten van de Dortdtse Synode* asook die *Kort Begrip* uitgegee (Holtrop 1984:71). Hierdie publikasies asook sy prediking en kategeese het spoedig aandag getrek. De Cock het veral ondersteuning van die lede van die *conventikels* ontvang:

Het zijn veelal de conventikel mensen geweest die in De Cock hun kampioen zagen. Hun afkeer van de kerk – om de verzaking van de leer – en van de predikanten – om hun tekort aan zielzorg en bevindelijke prediking – vond bij hem gehoor publiekelijk legde De Cock getuigenis af van zijn verbondenheid met de gelovigen uit het conventikel.

(Holtrop 1984:71)

De Cock se prediking gedurende die jare 1829-1833 asook die feit dat hy gedurende September 1833 dopelinge van buite sy eie gemeente gedoop het en kategeese aan kinders wat aan ander gemeentes as aan Ulrum behoort het, gegee het, het daartoe

⁴Van Zuylen van Nijevelt het onder ander klem gelê op 'n streng-logiese predestinasieleer, die absolute oormag van God en die volstreekte onmag van die mens.

gelei dat die *Classicaal* Bestuur Middelstum op 19 Desember 1833 besluit het om hom te skors (Holtrop 1984:72). Op 1 April 1834 het die provinsiale kerkbestuur vir De Cock vir twee jaar met verlies van traktement geskors:

Het Klassikaal Bestuur Middelstum schorste hem op 19 december 1833 onder meer omdat hij in zijn *Verdediging van de ware Gereformeerde leer* twee van zijn collega's, J Meyer Brouwer van Uithuizen en G Benthem Reddingius van Assen, betiteld had als twee wolven die de schaapskooi van Christus hadden aangetast, omdat zij openlijk hun moeite lieten blijken met het feit dat De Cock zonder overleg kinderen doopte en catechisatie gaf aan kinderen die tot andere gemeenten dan die van Ulrum behoorden.

(Van den Broeke 2005:209)

Die Provinsiale Kerkbestuur Groningen het uiteindelik vir De Cock op 29 Mei 1834 afgesit weens 'n nuwe klag wat betrekking gehad het op De Cock se medewerking aan 'n pamflet teen die gebruik van evangeliese gesange in die Hervormde Kerk (Holtrop 1984:72). Die Algemene Sinode het op 16 Julie 1834 die vonnis van die Provinsiale Kerkbestuur Groningen bekragtig. De Cock het 'n verootmoedigingstydperk van ses maande gekry. Op Maandag 13 Oktober 1834 het die Kerkraad van die Hervormde Gemeente te Ulrum 'n *Akte van Afskeiding of Wederkeering* afgekondig en onderteken. 'n Dag later het 'n groot deel van die Hervormde kerk te Ulrum in Groningen hul hierin gevolg, aangesien hul van mening was dat die Nederlandsche Hervormde Kerk 'n valse kerk volgens die Woord van God en art 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis is (Keizer 1934:133-134 en Holtrop 1984:62). De Cock en die groep beswaardes het hulle op dié datum as onafhanklik van die staatskerk verklaar. Volgens Van't Spijker het met die uitreiking van die *Akte van Afskeiding of Wederkeering* het 'n terugkeer vir die afgeskeidenes na die Dordtse Kerkorde (DKO) plaasgevind: "... onze openbare godsdienstoefeningen te richten naar de aloude kerklijke liturgie en ten opzichte der kerkdienst en bestuur, ons voor het tegenwoordige te houden aan de kerkenordening, opgesteld door de voorgenoemde Dordrechtse

synode....” (Van’t Spijker 1992:130). Ds Hendrik Peter Scholte (1805-1868), een van die ander leiers van die Afscheiding, wat anders as De Cock veral deur die Réveil beïnvloed was, het gedurende die eerste week in Oktober 1834 na Groningen gegaan om persoonlik op hoogte te kom van die situasie met die “verdrukke broeder in Ulrum” soos hy dit volgens Holtrop (1984:76) self later sou beskryf. Die Kerkraad het ds Scholte versoek om te preek, maar die konsulent, ds N Smith van Leens het toestemming geweier. Scholte het wel die Vrydagaand gepreek en het selfs tydens die diens die doop bedien. Die Sondag het Scholte, nadat die erediens onder leiding van ds Smith van Leens, wat geweier het dat Scholte die kansel bestyg, redelik chaoties geëindig het, ’n opelugdiens agter die pastorie van De Cock gelei (Holtrop 1984:77-79). Weens sy betrokkenheid as “een zederlijke brandstichter” by die afskeiding van Ulrum het die *Classikale* Bestuur van Heusden drie weke later vir Scholte as leraar van Doeveren geskors (Holtrop 1984:83). Op 1 November 1834, dit wil sê in dieselfde week waarin die skorsingsbevel van Scholte geval het, het die Kerkraad van Ulrum ’n akte van afskeiding opgestel en het hul die kerkbesture en die koning daarvan kennis gegee. Hulle het in die akte aangedui dat hulle terug wil keer tot die leer, kerkorde en liturgie van die Hervormde Kerk soos vasgestel te Dordrecht 1618/1619 (Holtrop 1984:84). Die Afscheiding het daarna snel uitgebrei. Teen die einde 1835 het 71 gemeentes hul afgeskei van die Nederlandse Hervormde Kerk (Holtrop 1984:86).

Die afgeskeides het reeds van die begin gepoog om met mekaar in verband te tree. Reeds gedurende April 1835 het die eerste byeenkoms van afgevaardigdes vanuit 15 afgeskeide gemeentes te Groningen plaasgevind (Holtrop 1984:95). Die eerste Sinode van die afgeskeide gemeentes het te Amsterdam op 2 Maart 1836 tot 12 Maart 1836

plaasgevind. Ds H P Scholte was as voorsitter gekies en ds H de Cock as scriba (*Acta Gemeente Jesu Christi* 1836:25). Op die Sinode was 'n adres vir die koning asook breë lyne met betrekking tot die kerkverband vir die afgeskeides opgestel. Alle aanwesiges op die Sinode het as volg verklaar: “Dat wij van harte gevoelen en gelooven, dat al de artikelen en stukken der leer, begrepen in de Belijdenis des Geloofs, den Catechismus en de Leerregels der Synode van Dordrecht, gehoudend in 1618 en 1619, in alles met Gods Woord overeenkom” (*Acta Gemeente Jesu Christi* 1836:25 en Holtrop 1984:96).

Die gebrek kerkregtelike studie in die jare wat die Afscheiding voorafgegaan het, het daartoe gelei dat daar geen homogeniteit in die aanvangsjare met betrekking tot kerkordelike reëlins by die Afgeskeides sigbaar is nie. Dit maak dit dus moeilik om van die Kerkreg van die Afscheiding te praat. De Cock en Scholte het spoedig 'n verskil in hul kerkbeskouing getoon (Deddens 1986:63). Vir De Cock het die Afscheiding 'n terugkeer tot die historiese erfgoed van die Gereformeerde kerke beteken. Die afgeskeide gemeentes het dus vir De Cock die voortsetting van die historiese Gereformeerde kerk, met die Formuliere van Enigheid, liturgiese formuliere en kerkorde soos vasgestel deur die Dordtse Sinode van 1618/1619 gevorm (Deddens 1986:63). Vir Scholte, daarteenoor, het dit nie minder as by De Cock om die historiese Gereformeerde kerk gegaan nie. Hy het egter veel meer klem gelê om die gemeentes wat bevry was van die hiërargiese bestuursdruk alleen aan Christus en Sy Woord gebonde te kry. Scholte het hom veral vir 'n kerkorde beywer wat in gees van die belydenis 'n weergawe aan die inhoud van die Skrif gebied het – naamlik 'n Nuwe Testamentiese kerkinrigting. In

beginsel stel hy die kerkorde van 1837 voor. Scholte het die DKO bestry daarin dat dit in veel opsigte nie skriftuurlik was nie (Deddens 1986:64).

Die Afgescheides het in sinodale verband vir die eerste keer in 1836 te Amsterdam byeengekom. Reeds op die Sinode Amsterdam (1836) was daar verskil in interpretasies wat die terugkeer na “de kerkenordening, opgesteld door de voorgenoemde Dordrechtse synode” tog wel sou beteken (*Acta Gemeente Jesu Christi* 1836:31-34). Die Sinode het besluit om op die volgende Algemene Sinode die kwessie van die “regelmaat van de Dordrechtse” te behandel (*Acta Gemeente Jesu Christi* 1836:33). Ds H P Scholte⁵ het egter na die Sinode van Amsterdam (1836) ’n eie kerkorde opgestel. Die volledige titel van die kerkorde was: *Kerkeördening van de Gemeente Jesu Christi, welke zich heeft afgescheiden van het in 1816 opgerigte Nederlandsch Hervormd Kerkgenootschap in de provinciën Zuid-Holland, Utrecht, een gedeelte van Noord-Brabant en Gelderland, na voorafgaande onderzoek door de opzieners dier Gemeente vastgesteld op de provinciale synoden, welke gehouden zijn in Julij en Augustus 1837* (Van den Broeke 2005:210).

Op die Sinode van Utrecht 1837 was ’n voorstel van ds G F Gezelle Meerburg goedgekeur om die Dordtse Kerkorde (=DKO) van 1619 artikel vir artikel te hersien en indien nodig te wysig om sodoende aan te pas by die situasie van die negentiende eeu. Die naam van die Kerkorde van die Sinode van Utrecht (1837) is: *Deze Kerkeördening ten dienste van de gemeente Jesu Christi in Nederland*. Dié kerkorde stem essensieel ooreen met die kerkorde van die Sinode van Dordrecht 1618/1619. Op

⁵ H P Scholte (1805-1868), predikant te Doeveren, Gansoyen en Genderen 1833, Genderen 1834, Utrecht 1837, gaan oor na die Dutch Reformed Church in die Verenigde State Pella 1847.

dié Sinode van Utrecht (1837) was agt artikels van die DKO totaal geskraap te wete artikels 6, 20, 26, 40, 42, 51, 52 en 65. Twee-en-veertig van die 85 artikels van die DKO het ingrypende redaksionele wysigings ondergaan byvoorbeeld in artikel 2 was die aantal dienste verminder na drie deur die skraping van die amp as doktore (Nauta 1971:27).

Uit die Acta van die Sinode van Utrecht 1937 blyk dit dat beswaar gemaak is teen die klakkelose oorname van die *Kerkenordening gesteld in de Nationale Synode de Gereformeerde Kerken binnen Dordrecht in de jare 1618 en 1619* (=DKO). Die vraag rondom die kerkorde het tot groot geskille en selfs later tot kerkskeuring gelei (Holtrop 1984:96). Die Sinode kon byvoorbeeld nie eenstemmigheid bereik of oefenaars bo en behalwe geordende herders en leraars ook in die gemeente mag spreek nie (*Acta van die Sinode van Utrecht* 1837: art 34 asook art 52). Die saak was gevolglik na die eers volgende Sinode verwys (Holtrop 1984:97). Vir 'n deel van die Afgescheides was die sogenaamde Utrechtse Kerkorde van 1837 onaanvaarbaar. Op 28 Junie 1838 was in Zwolle 'n vergadering gehou deur die opsieners van die Afgescheide kerke van Deventer, Hasselt, Hattem, Kampen, Linschoten, Mastenbroek, Rouveen, Woerden, Zalk en Zwolle besluit om die Dordtse Kerkorde van 1619 te herdruk. Dit het in 1838 verskyn met die titel: *Kerkordening ten dienste van de Christelijke Gerefomeerde Gemeente in Nederland in orde gebragt door de leden der Nationale Synode te Dordrecht in de jaren 1618* (Van den Broeke 2005:210). Teen 1840 was die goedgekeurde kerkorde van die Sinode van Utrecht (1837) in slegs enkele provinsies ingevoer. Op die derde Sinode te Amsterdam (1840) was besluit om die Utrechtse kerkorde terug te trek en word op aandrang van ds Hendrik de Cock teruggekeer na die

DKO met uitsondering waar die mag aan die owerheid toegelaat word: “als eenige regel in de regeering der Gereformeerde Kerk in Nederland minus patronaatsrecht en macht der overheid in kerkelijke zaken” (Deddens 1986:63).

Die Sinode van Amsterdam (1840) het die Dordtse Kerkorde van 1619 (=DKO) as geldig verklaar met verwerping van die patronaatsreg. Die Sinode het ook alle kerkordes wat na die Afscheiding ontwikkel was ter syde gestel (Van den Broeke 2005:213). Die Afscheides wou terug na Dordt en het die DKO ingevoer, maar aangesien die DKO nie meer sonder meer toegepas kon word in die negentiende eeu nie, het die Afscheides gepoog om die DKO op enkele punte te wysig. Op die vierde Sinode te Amsterdam (1843) was daar reeds by die konstituering verdeeldheid of die Sinode onder die vaandel van die DKO kon vergadering. Nadat die afgevaardigdes van Overijssel, Gelderland, Utrecht, Noord-Brabant, Zeeland en 'n deel van Zuid-Holland vertrek het, het die res van die afgevaardigdes as Sinode gekonstitueer.

Die Afscheiding het uiteindelik tot die vorming van twee denominasies, naamlik die Christelijk Afgescheidene Kerk en die Gereformeerde Kerk onder het Kruis (beter bekend as die Kruis Kerken gelei). Tydens die Sinode van Middelburg van 1869 het die Christelijk Afgescheidene Kerk en die Gereformeerde Kerk onder het Kruis verenig om die Christelijke Gereformeerde Kerk in Nederland (=CGKN) te vorm (*Acta Christelijk Afgescheidene Gereformeerde Kerk* 1869:10-29 en Van den Broeke 2005:215). Die *Christelijk Afgescheidene Gereformeerde Kerk* het in 1869 bestaan uit 35 *classes*, 289 gemeentes, wat deur 199 predikante bedien was (Van Gelderen 1984:107). In 1869 het 107 123 siele aan die *Christelijk Afgescheidene Gereformeerde Kerk* in Nederland

(CGKN) behoort. Op die Sinode van Middelburg 1869 was 'n reglement met ses artikels aanvaar (Van Gelderen 1984:100). Dit staan bekend as die *Reglement van 1869*. Die Drie Formuliere van Enigheid was in die *Reglement van 1869* as uitdrukking van die geloof erken; in die openbare godsdiensoefening was vasgestelde formulier van die Sinode van Dordrecht 1618-1619 gebruik; in die bestuur was in sover omstandighede dit toelaat die DKO gevolg (art 1); alleen die vrywillige toetrede en die kinders wat deur die doop in die kerkgemeenskap ingelyf was, was as lede van die kerk erken (art 2); die bestuur oor 'n gemeente, *classis*, provinsie asook die hele kerk was gereël deur die Kerkorde (art 3); die Algemene Sinode sou elke drie jaar plaasvind (art 4); 'n Sinodale Kommissie sou alles uitvoer wat die Sinode aan haar opdra asook korrespondensie met die owerheid (art 5); 'n gemeente sou voortaan by die Sinodale Kommissie aanmeld om erken te word en nie by die regering nie (art 6). Die *Reglement van 1869* het gedurende die vereniging met die Dolerendes (1886-1892) kritiek van Kuyper, Rutgers en De Savornin Lohman ontvang (Van Gelderen 1984:115).

2.3.2 Ontwikkeling en implementering van die Doleansiekerkreg (1883 -1893 asook 1893 -1926)

Die Doleansie was uiteraard 'n stryd teen sindikasie. In die afdeling sal die ontwikkeling en implementering van die Doleansiekerkreg⁶ in twee fases behandel word naamlik die ontwikkeling in 1883-1893 asook die Afgeleide Doleansie Kerkreg (1892 en 1926) (paragraaf 2.3.3). In 1883-1893 het A Kuyper,⁷ F L Rutgers,⁸ A F de Savornin

⁶Sien ook: *De kerken van de Doleansie* deur Deddens in & Van't Spijker, W & Van Drimmelen, L C 1992 (red) *Inleiding tot de studie van het Kerkrecht*. 134-136. Kampen : Kok), *De Gereformeerde Kerken in Nederland: een bond van kerken, geen kerk*, in Deddens, D & Te Velde, M (red) 1992, *Vereniging in wederkeer. Opstellen over de Vereniging van 1892*, 45-86 Barneveld:TU. Barneveld: TU; *Het Doleantiekerkrecht en de Afgescheidenen*, in Deddens, D & Kamphuis, J (red) 1986. *Doleantie-Wederkeer. Opstellen over de Doleantie*, 64-65 Haarlem TU.

⁷ Abraham Kuyper (1837-1920) was as die derde kind en eerste seun van Jan Fredrik Kuyper, 'n predikant van die Nederlandse Hervormde Kerk, en Henriette Huber op 29 Oktober 1837 in Maassluis, Nederland gebore. A Kuyper het 1858 aan die Universiteit

Lohman,⁹ asook ds E César Segers, lid van die Algemene Sinode van die Nederlandse Hervormde Kerk en dr H G Kleyn in die diskoers deelgeneem.

2.3.2.1 Ontwikkeling en implementering van Doleansiekerkreg (1883-1893)

Alhoewel die Doleansiebeweging van 1886 haar bakermat in Amsterdam het (Van den Berg 1986:76), dui W Bakker (1986:106-124) aan dat Amsterdam nie die eerste dolerende gemeente was nie. Die Doleansie het in Kootwijk, Voorthuizen, Rietsum en Liederdorp begin.

Die periode tussen 1870 en 1886 was gekenmerk deur groot verandering op maatskaplike en kerklike gebied. Ook in die Nederlandse Hervormde kerk het verset teen die Modernisme ontwikkel. Drr A Kuiper, F L Rutgers en A F de Savornin Lohman word beskou as die hoofeksponeerders van die Doleansie in Amsterdam. Vir die doeleindes van die dissertasie sal dus hoofsaaklik op hul kerkregtelike bydraes gekonsentreer word.

van Leiden gegradeer en was gedurende sy studiejare in Leiden hoofsaaklik deur modernisme beïnvloed. Gedurende sy studiejare het hy die geskrifte van 'n Poolse hervormer genaamd John à Lasco bestudeer. In September 1862 het Abraham Kuiper promoveer. Die titel van sy dissertasie is: "Disquisitio historico-theologica, exhibens Johannis Calvini et Johannis à Lasco de Ecclesia Sententiarum inter se compositionem" Hierdie teologies-historiese dissertasie toon die verskille in die standpuntname met betrekking tot kerkregering tussen Johannes Calvyn en Johannes Lasco aan. Kuiper is 'n aanhanger van die meer liberale Lasco. Dr A Kuiper is op 9 Augustus 1863 as predikant te Beesd in die Beluwt bevestig. In dieselfde jaar het hy in die huwelik getree met Johanna Hendrika Schaay (1842-1899). Gedurende sy eerste jare as predikant te Beesd het hy tot ortodokse Calvinisme bekeer. Hy het 1870 predikant van Amsterdam geword, maar het gedurende 1874 as predikant van die Gereformeerde Kerk bedank aangesien hy tot lid van die parlement gekies was. Gedurende 1901 tot 1905 was hy Eerste Minister van Nederland. Hy sterf 8 November 1920. Hy was onder andere redakteur van *De Heraut* (1869), redakteur van *De Standaard* (1872) en een van die stigterlede van die Vrije Universiteit van Amsterdam (1880).

⁸ Dr F L Rutgers (1836-1917), predikant te Soesterberg 1860, Eibergen 1865, Brummen 1867, Vlissingen 1874, 's-Hertogenbosch 1877, Amsterdam 1878-1879, hoogleraar Kerkgeskiedenis, Kerkreg en Eksegese van die Ou Testament aan die Vrije Universiteit te Amsterdam van 1879-1910 (Van den Broeke 2004:207 en Van Staalduine 2004:23. voetnota 12).

⁹ A F de Savornin Lohman (1837-1924) regter te Appingedam 1862, regter te 's-Hertogenbosch 1866, raadslid te 's-Hertogenbosch 1872, lid van die Tweede Kamer van 1879-1890 en van 1894-1921, hoogleraar Regte aan die Vrije Universiteit te Amsterdam 1884, minister van Binnelandse Sake 1890, 1896 ontslaan as hoogleraar 1896, De Savornin Lohman was ouderling van de Waalse Gemeente te 's-Hertogenbosch. Later word hy lid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van 's-Hertogenbosch. Hy was 'n medewerker van *De Heraut* (Van den Broeke 2004:221- 222 en Van Staalduine 2004:23 voetnota 11).

A Kuyper (1837-1920)¹⁰ is einde 1879 as hoogleraar van die Vrije Universiteit te Amsterdam benoem en het na Amsterdam verhuis. Hy is op 13 Februarie 1882 as ouderling van die Hervormde Kerk in Amsterdam¹¹ benoem en is op 20 Maart 1882 in die amp bevestig. Om sy aanhang te verbeter, het Kuyper reeds in Oktober 1872 die Gereformeerde kerkraadslede in 'n organisasie genaamd *Beraad* georganiseer. Daarmee was 'n organisatoriese skeidslyn deur die ortodoksie in die Kerkraad getrek. Die lede van die *Beraad* moes 'n ondertekeningsformule tot geheimhouding teken (Bakker (red) 1986:87). 'n Maand na Kuyper se koms was die opvolger van *Beraad* opgerig, naamlik die *Broederkring*. Die voorwaarde vir toetrede tot die *Broederkring* was die ondertekening van die drie Formuliere van Enigheid (Van den Berg 1986:94). Vanaf die daarstelling van die *Broederkring* het die lede van dié organisasie die kerkraadsvergaderinge oorheers. In die *Broederkring* het Kuyper lesings aangebied wat in 1883 onder die titel *Tractaat van de reformatie der Kerken door de zoonen der reformatie hier te lande op Luther's vierde eeuwfeest aangeboden verskyn* het.

Reeds in 1882 het F L Rutgers, kerkhistorikus van die Vrije Universiteit, as sy eerste rektorale rede gekies: *Het kerkverband der Nederlandsche Gereformeerde Kerken, gelijk dat gekend wordt uit de handelingen van den Amsterdamschen Kerkeraad in den aanvang der eeuw*. Rutgers het onder andere in sy rede gewys op die gewigtige rol wat die kerk van Amsterdam tydens die Remonstrante en contra-Remonstrante twiste as gemeente vervul het deur voor te gaan en te lei (Van den Berg 1986:95-96). Op 11

¹⁰ Kuyper se lesings met betrekking tot dogmatiek was gepubliseer onder die titel *Dictaten Dogmatiek (Dictated Dogmatics)*. Hy het 'n verklaring van die Heidelbergse Kategismus gedoen, *E Voto Dordraceno (According to the Will of Dordt)*. Gedurende 1869 het Abraham Kuyper mederedakteur van die weekblad, *De Heraut*, geword en gedurende 1871 aanvaar hy die redakteurspos. Gedurende 1872 het hy redakteur van *De Standaard*, 'n daaglikse Christelike nuusblad, geword. In beide *De Heraut* en *De Standaard* het etlike artikels uit sy pen verskyn, wat later selfs in boekvorm sou verskyn.

April 1883 het F L Rutgers en A F de Savornin Lohman op die algemene vergadering van die “*Vrienden der Waarheid*” uiteengesit dat die grondslag van die kerkverband in die vrywillige toetrede van die kerke lê en dat die genootskaplike band wat in 1816 aan die kerke opgelê was, nie bindend was nie (Van den Berg 1986:95-96). Aan die slot van die referaat het De Savornin Lohman enkele wenke gegee hoe die verbreking met die band van die Sinode van die Nederlandse Hervormde Kerk kon geskied.

Die *Algemeen Reglement (1816)* het ’n losser binding met die belydenis tot gevolg gehad. Dit het byvoorbeeld duidelik geblyk uit die nuwe proponentsebelofte soos verwoord in art 38 van die *Reglement op het examen en de toelating op het leraarsambt in de Hervormde Kerk* (Van den Broeke 2005:208). In 1882 het die Sinode van die Nederlandse Hervormde Kerk die proponentseformule, wat kandidate by hul toelating tot die evangelie bediening moes aflê en onderteken, gewysig (Van den Berg 1986:96). Die verwysing na die Formuliere van Enigheid asook die verwysing na die Bybel in die proponentseformule is onder andere geskrap. Voortaan moes kandidate by hul toelating tot evangeliedienaars slegs belowe om “de belangen van het Godsrijk en van de Nederlandse Hervormde Kerk te behartigen” (Van den Berg 1986:96). Kuyper het die saak met betrekking tot die gewysigde proponentseformule op ’n kerkraadsvergadering van die Nederlandse Hervormde Kerk in Amsterdam op Saterdag 24 Februarie 1883 aan die orde gestel. Op die vergadering is voorgestel dat ouderlinge en predikante die Formuliere van Enigheid moes onderteken: “Dat de ouderlinge dezer kerke zaam met de predikanten, door ondertekening van de drie Formuliere, wilden doen blijken van hun onverdeelde en hartelike instemming met de Belijdenisschriften onzer Kerke” (Bouma

¹¹ Reeds in 1870 het Amsterdam Hervormde Kerk uit 130 000 siele bestaan, met 28 predikante en ’n Kerkraad van 150 lede (*Kerk*

1986:9). Alle broeders teenwoordig het met “ingenomenheid en opgewektheid” voldoen aan die voorstel (Bouma 1986:9). Die Kerkraad van die Hervormde Gemeente te Amsterdam het sodoende gepoog om die belydende karakter van die gemeente in stand te hou (Van den Broeke 2005:218). Die Kerkraad van Amsterdam het van die veronderstelling uitgegaan dat proponente en/of predikante verplig behoort te word om die *Formuliere van Enigheid* te onderteken.

Die gewysigde proponentsformule van die Nederlandse Hervormde Kerk was ook onder bespreking op die *Conferentie van Gecommitteerde Kerkraadsleden* wat op 11 April 1883 te Amsterdam plaasgevind het en deur die kommissie van die Kerkraad van Amsterdam gereël was. 220 persone, ingeslote 70 predikante, wat op die presensielys ook die *Formuliere van Enigheid* onderteken het, het die konferensie bygewoon (Van den Berg 1986:96). So was volgens Van den Berg (1986:96) uit Amsterdam die hele land vir die Doleansie voorberei. Die konferensie het onder andere besluit dat niemand voortaan as predikant toegelaat sou word indien hy nie die gesag van die Woord van God as onfeilbaar verklaar en die *Formuliere van Enigheid* met hartlike toestemming onderteken het nie. Ook is die kerke van Christus verplig tot die instandhouding van ’n goed georganiseerde kerkverband deur middel van korrespondensie met al die kerke in die land wat dieselfde belydenis met haar deelagtig was (Deddens 1986:74). In die jare 1884 en 1885 was daar hier en daar pogings aangewend om weer *classicale* vergaderinge in die gees van die DKO aan die gang te kry (Deddens 1986:79).

Gedurende Maart 1885 het die Kerkraad van Amsterdam besluit dat attestate nie aan lidmate verskaf sou word, tensy die aanvraers 'n verklaring ten bewyse van hul ortodoksie onderteken het nie (Van den Berg 1986:98). 'n Saak was aanhangig gemaak by die kerklike besture van die Hervormde Kerk. Die Provinsiale Kerkbestuur het die Kerkraad van Amsterdam gelas om die attestate te gee. Die Algemene Sinodale Kommissie het die uitspraak van die Provinsiale kerkbestuur in November 1885 bevestig en het aan die Kerkraad opdrag gegee om binne ses weke, dit wil sê voor 8 Januarie 1886 die aangevraagde attestate te verskaf (Van den Berg 1986:99). In 'n Broederkringvergadering gehou op 2 Desember 1885 het Kuyper voorgestel dat die sogenaamde sinodale hiërargie geknak moes word (Van den Berg 1986:96).

Op 'n kerkraadsvergadering van die Kerkraad van Amsterdam, gehou op 7 tot 14 Desember 1885, het die *Kerklijke Commissie* 'n voorstel met betrekking tot die wysiging van die beheerreëlings aanvaar en het skriftelik aan die voorsitter, ds Van der Horst, van die *Classicale Bestuur* van Amsterdam kennis gegee van die besluit (Kuyper & Rutgers 1886:88-89). Volgens Van den Berg (1986:99) was dr F L Rutgers eintlik die outeur van die voorstel. Op 15 Desember 1885 het die *Classicale Bestuur* kennis aan die Kerkraad van Amsterdam gegee dat 'n afskrif van die kerkraadsbesluit van 14 Desember 1885, asook die name van diegene wat daarvoor gestem het, voor 1 Januarie 1885 aan die *Classicale Bestuur* versend moes word (Van den Berg 1986:100-101). Reeds op 30 Desember 1885 het die gemagtigde kommissie uit die *Classicale Bestuur* met Ds G J Vos, een van die medeleraars van Kuyper,¹² as lid van genoemde

¹² Dr G J Vos (1836-1912), predikant van die Hervormde Kerk te Oostermeer en Eestrum (1862), Spannum en Eden (1865), Goes (1869), Middelburg (1872), Amsterdam (1875). Hy het twee boeke, naamlik *Handboek tot Beoefening en Toepassing van het Kerkrecht*; *De Tegenwoordige inrichting der Vaderlandsche Kerk beschreven en naar de Beginselen der Gereformeerde*

kommissie, begin om tagtig skorsingsbriewe gereed te maak. Op 4 Januarie 1886 het die Classicale *Bestuur* vyf predikante en 42 ouderlinge (ingeslote Abraham Kuyper) asook 33 diakens van die Nederlandse Hervormde Kerk Amsterdam geskors:

Het Classicaal Bestuur, bovengenoemd, oordeelde dat besluiten zoo ergerlijk, dat het zich genoodzaakt voelde allen die voor de eindbeslissing gestemd hebben, hetzij Oudelingen, hetzij Diakene, volgens Art 48 van het laatst aangehaalde Reglement, in de waarneming van de kerkelijke bedieningen en ambten, die zij bekleed, een iegelijk in de zijne, zonder eenige uitzondering voorlopig te schorsen.

(Kuyper & Rutgers 1886:85-86)

Op 27 Februarie 1886 was 'n *Openbare schrijven aan de Algemeene Synode* deur die geskorste lede van die Kerkraad van Amsterdam aan die Algemene Sinode versend. By die skrywe word die volgende bylaes bygevoeg:¹³

- i. die *Contra-Memorie in zake het Amsterdamsch Conflict* wat in opdrag van die geskorste lede van die kerkraad deur drr A Kuyper en F L Rutgers in gereedheid gebring is;¹⁴
- ii. *Confidentie. Schrijven aan den Heer J H van den Linden (1873)* deur dr A Kuyper;¹⁵
- iii. *Kort Verhaal van den Kerklijke Strijd te Amsterdam*;¹⁶
- iv. *Het dreigend conflict*;¹⁷

kerkordening beoordeeld (1884) en *Systematische uiteenzetting van het tegenwoordig Nederlandsch-Hervormd Kerkrecht* (1896). geskrywe waarin hy die Hervormde Kerk se kerkreg en kerkregering sistematies uiteengesit het. Vos (1896:8) stel dit duidelik dat die Hervormde Kerk nooit aan die wetgewende gesag van die Dordtse Sinode getwyfel het nie. Die Woord van God is volgens Vos (1896:8) die toetssteen vir die Hervormde kerkorde. Vir die kerklike gedrag is die Hervormde kerkorde vir soverre sy spreek die kanon, die reël vir die hele kerk en vir elke lid is Gods Woord die bron van die kerkreg. Die geformuleerde reg wat die kerk erken, is die reglemente van die kerk.

¹³ In die *Openbare schrijven aan de Algemeene Synode* in *Contra-Memorie in zake het Amsterdamsch Conflict*, Kuyper & Rutgers (1886: 116).

¹⁴ In die *Contra-Memorie in zake het Amsterdamsch Conflict* deur Kuyper & Rutgers (1886: 5-111) word in die eerste gedeelte die selfstandigheid van die plaaslike gemeente teenoor die sinodale organisasie beklemtoon: "Door de Gemeente is, buiten de Synodale organisatie om, en onder eigenaardige waarborgen, aan den Kerkeraad opgedragen: i) in haar naam het Beheer, in overleg met de Kerkelijke Commissie, nader te regelen; ii) in haar naam als college van tweede instantie recht te spreken; iii) in vereniging met de Kerkelijke Commissie, voor een geheel vrije, zelfstandige en onafhanklike positie van het beheer te waken" (1886:34).

¹⁵ In *Contra-Memorie in zake het Amsterdamsch Conflict* deur Kuyper & Rutgers (1886: 68) verweer die geskorste kerkraad hul daarop dat die *Classicale Bestuur* die skrywe van Kuyper aan J H van den Linden (1873) wanaangewend het: "Zoo blijkt dus, dat de Classikale Memorie bij Dr Kuyper in 1873, planne onderstelde, die juist het tegendeel inhielden van wat hij bedoelde, en dat door het Classicaal bestuur, bij zijn beoordeeling van wat de Amsterdamsche Kerkeraad dreef, als commentaar is gerbezigd niet deze Confidentie, maar een geheel onwaachtige voorstelling, die men van Dr Kuypers bedoelen gevormd had" (1886:73) Die *Classicale Bestuur* stel dit in hul *Memorie* soos volg: "Wijl bekwamen alzoo den indruk, dat het te doen was om, met behoud van de Kerke goederen en titels der oude reglementaire Gemeente, eene kleine nieuwe Gemeente te formeeren, welke met andere Gemeenten in verband gebracht, de ware Gereformeerde Vaderlandsche Kerk, met de drie Formuliere van Enigheid tot basis, ou moeten uitmaken. Tot de bereiking van zulk een oogmerk scheen de Litmatekweestie voor de Gemeente van Amsterdam en andere Gemeenten te moeten dienen" (1886: 68).

¹⁶ *Contra-Memorie in zake het Amsterdamsch Conflict* deur Kuyper & Rutgers (1886: 98).

¹⁷ Die *Classicale Bestuur* het beweer dat die Kerkraad van Amsterdam blykbaar (*scheen*) die Lidmaatskwessie wou misbruik om uiteindelik kerklike eindom vir 'n groep kerklede op te eis (in *Contra-Memorie in zake het Amsterdamsch Conflict*, (Kuyper &

- v. *Het Conflict gekomen deur dr A Kuyper*;¹⁸
- vi. *Waar is het misdrijf der Geschorsten* deur A F de Savornin Lohman;¹⁹
- vii. *De Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken (1886)* deur De Savornin Lohman & Rutgers.

Op 1 Julie 1886 het die provinsiale bestuur van Noord-Holland besluit om die Kerkraad van Amsterdam Hervormde Kerk op 5 na uit hul “kerklijke bedieningen en ampten (te) ontzet wegens veroorzaakte verstoring van orde en rust” (Van den Berg 1986:103). Dié uitspraak was gedurende September 1886 deur die *sinodus contracta* en op 1 Desember 1886 deur die Algemene Sinode bevestig. Op 16 Desember 1886 het die afgesette Kerkraad verklaar dat hulle die wettige Kerkraad van Amsterdam is en het hul ’n kerkgenootskap met die naam Nederduitsche Gereformeerde Kerken (dolerende), wat op grondslag van die Dordtse Kerkverordening sou funksioneer, gevorm (Van den Berg 1986:103). Die toevoeging “Dolerende”, wat klaend beteken, het te make met die aansprake van die Kerkraad op kerk eiendom en regte (Van den Berg 1986:103). Op dieselfde datum het die Kerkraad van Amsterdam aan die gemeente bekend gemaak dat hulle, na kennisname van die sinodale beslissing van 1 Desember 1886 in die Amsterdam tugsak, besluit het om die juk van sinodale hiërargie af te gooi, die kerkorde wat voor 1816 in werking was weer in werking te stel, dientengevolge die vroeër naam van Nederduitsche Gereformeerde Kerken op te neem en dat die Kerkraad as *dolerende* Kerk sal optree: “Dat de Kerkraad, na de opgedane ervaring van de houding der machthebbenden, het niet geoorloofd acht voorlopig zijn recht op de gebouwen, besittingen en goederen der gemeente te doen gelden, en uit dien hoofde,

Rutgers 1886:73-75). Die kerkraad toon in hul verweer aan dat die geskil van attestate wat reeds 1872 begin het en die pogings om die sogenaamde Beheerreëlings gedurende 1885 te wysig, nie deur hul gebruik is om ’n kerkregtelike doel te bereik nie.

¹⁸ *Contra –Memorie in zake het Amsterdamsch Conflict* deur Kuyper & Rutgers (1886: 98).

¹⁹ In *Contra –Memorie in zake het Amsterdamsch Conflict* deur Kuyper & Rutgers (1886:79).

onder uitdrukkelike reserveering van alle regten, als *doleerende Kerk* optreed”
(Kuyper 1886:3).

Die Kerkraad het terselfdertyd die *Bericht van Reformatie aan de lede van de Nederduitsche Gereformeerde Kerk te Amsterdam*, opgestel deur drr A Kuyper, die wêreld ingestuur (Van den Berg 1986:103). Die *Bericht van Reformatie* het ’n verantwoording gegee vir die optrede van die Gereformeerdes en ’n oproep is daarin gedoen om die juk van hiërargie af te werp:

Het eerste wat te doen stond na afloop van het kerkelijk proces de afschaffing van de ‘Synodale opperheerschappij, die in 1816 op wereldshe wijze was ingevoerd’ en de terugkeer naar de Kerkorde, zoals de vaders in de eeuw der Hervorming ‘na afschudding van het juk der Pauselijke Hiërarchie... tot de goede zuivere Belijdenis des Evangelies en een op die Belijdenis gegronde Kerkorde zijn teruggekeerd.

(Van den Berg 1986:103)

Op 19 Desember 1886 het die Kerkraad van die Nederduitsche Gereformeerde kerk (dolerende) Amsterdam kennis gegee van ’n Gereformeerde Kerkelijke Congres wat gehou sou word op 11 Januarie 1887 tot 14 Januarie 1887. Van elke deelnemer aan die kongres was verwag om ’n verklaring te onderteken dat hy die afwerping van die juk van die sinodale hiërargie as plig beskou het (Bakker 1986:125). 1500 persone het die Gereformeerde Kerkelijke Congres, in die “Frascati” gebou te Amsterdam bygewoon. Referate is onder andere deur F L Rutgers, A F de Savornin Lohman en A Kuyper op die kongres gelewer (Deddens 1986:83). Na die Gereformeerde Kerkelijke Congres is ’n Sinodale konvent op die 28^{ste} Junie 1887 tot die 1^{ste} Julie 1887 te Rotterdam gehou.

Op die sinodale konvent was die Reformasie van die kerke asook die terugkeer na die Kerklike verordeninge van 1618/1619 bespreek. Elke Kerkraad kon twee stemgeregtigdes, waarvan een 'n bedienaar van die Woord en die ander 'n ouderling kon wees, met 'n geloofsbrief na die *Synodaal Convent* te Rotterdam afvaardig. Op die *Synodaal Convent* was 67 kerke, 29 *classis*, onderskeidelik uit provinsies Gelderland, Zuid-Holland, Noord-Holland, Zeeland, Utrecht, Friesland, Overijssel, Groeningen, Noord-Brabant asook Drente verteenwoordig (*Acta van het Synodaal Convent* 1887:13-16). 40 predikante en 146 ouderlinge/diaken as stemgeregtigdes asook 7 regsgeleerdes ingeslote A F de Savornin Lohman en prof mr D P D Fabius het die sinodale konvent bygewoon (*Acta van het Synodaal Convent* 1887:20). Tot voorsitter was F L Rutgers gekies, terwyl dr A Kuyper as voorsitter van die kommissie van pre-advies, bestaande uit 8 predikante en 8 ouderlinge en/of regsgeleerdes benoem was (*Acta van het Synodaal Convent* 1887:13-16 asook Deddens 1986:86).

Op die *Synodaal Convent* was na breedvoerige diskussie, waarin veral Kuyper as voorsitter van die kommissie van pre-advies 'n leidende rol gespeel het, aanvaar dat die plaaslike kerk nie independentisties op haar eie kan bly staan nie, maar dat die kerke onderling met mekaar verbind moet wees: “De plaatselijk kerken zijn naar goddelijk recht gehouden en verbonden, om niet independentistisch op zich zelf te blijven staan, maar zich onderling te verbinden en saam te plaatsen onder het eenige zeggenschap van den Koning de Kerk” (*Acta van het Synodaal Convent* 1887:24). Die *Synodaal Convent* het besluit op die naam: 'Nederduitse Gereformeerde Kerken' met die toevoeging ('doleerende'): “Doleerende hierbij opgevat in den zin, dat alle onze Kerken, als klagende naar God over de verongelijking

zijner Kerken, doleerende zijn bij de Overheid, in zooverre deze een vals kerkbestuur tegenover ons handhaaft, en zij toch, bij de gratie Gods regeerende, gehouden is aan Gods Kerken recht te doen” (Deddens 1986:87).

Na die Sinodale Konvent was vier Voorlopige Sinodes van Nederduitse Gereformeerde Kerken gehou, naamlik te Utrecht (1888/89), Leeuwarden (1890), 's-Gravenhage (1891) en Amsterdam (1892). Die Sinode van Leeuwarden (1890) het besluit om die kerkregering van die Gereformeerde Kerken in Nederland (=GKN) alleen op die DKO te bou. Op die Generale Sinode van die GKN (17 Junie 1892) het die hereniging met die kerke uit die Afscheiding plaasgevind (Deddens 1986:88). By die ontstaan van die GKN was die DKO as akkoord van kerklike gemeenskap aanvaar (Nauta 1971:33). By die afwerping van die juk van sinodale hiërargie het die Dolerendes teruggekeer na die “aloude zuivere Evangelie gefundeerde kerkorde, die op de Synode in 1619 het laatst gewijzigd is, en sedert twee eeue ook bij de Kerk te Amsterdam gegolden had” (Deddens 1986:80). Eers op 15 Junie 1888 het die *Hoge Raad* uitspraak gelewer dat die Doleansiekerke geen reg op die eiendom van die Nederlandsche Hervormde Kerk gehad het nie. Die *Hoge Raad* het van die veronderstelling uitgegaan dat die GKN 'n eie organisasie is, hul van die Hervormde Kerk onttrek het, heeltemal buite die sinodale verband van die Hervormde Kerk gestaan het en lede van 'n ander kerkgenootskap was. Die teks soos aangehaal deur Bakker (1986c:145-146) lui soos volg:

Reeds vóór de dagvaarding in revisie waren leden van de Nederduitse Gereformeerde Kerk te Amsterdam (doleerende)...; dat die Kerk heeft eene eigene organisasie en geheel staat buiten het Synodaal verband der Nederduitse Hervormde Kerk, zoals dat bij art 4 van het Algemeen Reglement is omschreven; dat die Heeren dus, door – met de kennelijke bedoeling om zich geheel te onttrekken aan het voormelde bestuur van de Nederlandse Hervormde Kerk – leden te worden van een ander Kerkgenootschap dan wat waarvoor zij thans optreden, getoond hebben niet meer zijn leden van het laste, dus ook niet meer kunnen zijn lede der Commissie waarvoor zij thans optreden.

Die Dolerendes moes gevolglik die kerklike goedere prysgee aangesien hul in die oë van die burgerlike regter 'n afsonderlike nuwe kerkgenootskap daargestel het.

Die Algemene Sinode van die Christelike Gereformeerde Kerk,²⁰ en die Voorlopige Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerken, het in Amsterdam gedurende 1892 op grond van die gemeenskaplike belydenis van die *Formuliere van Enigheid* en die Gereformeerde verordeninge (wat 1619 laas bevestig was) verenig (Deddens 1992c:144). Die volkstelling van 1889 toon dat 181 000 Nederlanders hulself as tot die NGK gereken het, terwyl 189 000 tot die Christelike Gereformeerde kerk behoort het (Bakker 1986b:227). Hierdie “Gereformeerde verordeninge,” beter bekend as die Dordtse Kerkorde (DKO), ken geen landelike kerk nie, maar erken alleenlik die plaaslike kerk wat 'n band vorm deur middel van die belydenis en kerkorde. Etlike bepalings van die kerkorde, soos vasgestel was te Dordrecht in 1619, kon in die gewysigde omstandighede van die 19^{de} eeu nie meer as geldend geag word nie. By die Vereniging van 1892 word alreeds wysigings van bepaalde woorde en sinsnedes in hakies aangedui. Op Sinode van Dordrecht 1893 is besluit om die woorde en sinsnedes wat tussen hakies gestaan het, te skrap (Deddens 1992a:47). Op die Sinode van Utrecht 1905 is die teks van die DKO weer eens aangepas om met die veranderde tydsomstandighede tred te hou.

2.3.2.2 Kerkregtelike bydraes deur eksponente

Voor tydens en na die Doleansie is 'n reeks konsepte deur dr A Kuyper en F L Rutgers ontwikkel wat bekend sou staan as die Doleansiekerkreg. Die Dolerendes,

²⁰ Met dié vereniging het nie alle Christelike Gereformeerdes mee gegaan nie.

onder leiding van Kuyper en Rutgers, herinterpreteer die Dordtse Kerkorde van 1619 met name op het punt van die selfstandigheid van die plaaslike kerk. Die herinterpretasie en die proses van heroriëntasie word die Doleansiekerkreg genoem (Van den Broeke 2005:208). Die Doleansie het egter geensins gepoog om 'n nuwe kerkreg te presenteer nie, maar gryp doelbewus terug na die sisteem van kerkregering wat deur die nasionale sinode van Dordrecht in 1618-1619 vasgestel was. Die kerkregtelike standpunt van die Doleansie is dat die *Algemeen Reglement* (1816) die teendeel is van wat 'n Gereformeerde kerkinrigting behoort te wees. Die hoogste wetgewende, regsprekende en besturende mag word deur die art 61 van die *Algemeen Reglement* (1816) aan die Sinode toegeken: “met name het feit dat aan de synode ‘de hoogste wetgevende, rechtsprekende en besturende macht’ werd toegekend” (Bakker 1986a:134).

Die vraagstuk, insake die verhouding tussen die landelike kerk en die plaaslike gemeente, het 'n belangrike rol in die tyd van die Doleansie gespeel, toe die selfstandigheid van die plaaslike gemeente sterk beklemtoon was. Dit beteken onder andere dat die plaaslike kerk volledig kerk is, *ecclesia completa*, en dus in beginsel onafhanklik van ander gemeentes of kerke (Bakker 1986a:135). Die kerkverband dra dus op die punt 'n konfederatiewe karakter en kom tot stand deur die vrywillige aansluiting van die plaaslike kerke. Die plaaslike kerk behou egter haar eie mag en vryheid, maar maak onder erkenning van die gesag van Christus as Heer en ooreenstemming met die Heilige Skrif en die belydenis onderlinge afsprake met mekaar. Die gemeente kan dus uit vrye wil toe- of uittree uit kerkverband. Die Dolerendes wys die independentisme af wat niks van 'n bindende kerkverband wil weet nie. Die kerkverband beperk of hef egter nie die outonomie van die plaaslike kerk op nie. Die Dolerendes het hulle onder

andere op die ou Gereformeerde kerkregtelike beginsels en die Dordtse Kerkorde beroep:

Voor deze opvattingen, die vooral door F L Rutgers en A F de Savornin Lohman ontwikkeld werden, beriep men zich op het oude kerkrecht, zoals dat in de zestiende en seventiende eeuw bij de vestiging en opbouw van de kerk der hervorming in ons land was toegepast, in die kerkorden was vastgelegd en door de gereformeerde canonici, m.n. door die Utrechtse hoogleraar Gisbertus Voetius was beschreven en verdedigd.

(Bakker 1986a:135)

2.3.2.2.1 Dr A Kuyper se Tractaat van de Reformatie der Kerken (1883)

Volgens Greijdanus (1943a:3) stel dr A Kuyper dit in *De Heraut* van 4 Junie 1887 duidelik dat die meerdere vergadering geen mag, bo en behalwe dié van die Kerkrade wat hul afvaardig, het nie. Reeds in *De Heraut* van 24 Junie 1883 het hy dit gestel dat die mag nie vanuit die Sinode na die *classis* vloei nie en uit die *classis* na die Kerkraad nie, maar die mag vloei omgekeerd uit Christus in die Kerkraad, uit die Kerkraad in die *classis* en uit die *classis* in die Sinode (Greijdanus 1943a:3). Die *classis* staan dus nie onder die Sinode nie en die Kerkraad onder die *classis*. Kuyper wys hiermee enige vorm van classio-en/of sinodokrasie af. Volgens Kuyper besit die Sinode op sigself geen mag nie, nóg beskik haar lede enige outoriteit uit hulself, bo en behalwe dit waaroor die kerke by onderling akkoord of ooreenkoms ooreengekom het. Die *classis* en Sinodes het volgens F L Rutgers slegs 'n beperkte, dienende, afgeleide, laer mag (Greijdanus 1943a:3).

Aan die einde van die jaar was Kuyper se *Tractaat van de reformatie der Kerken door de zoonen der reformatie hier te lande op Luther's vierde eeuwfeest aangeboden* gepubliseer. In die *Tractaat van de Reformatie der Kerken* (1883) beklemtoon Kuyper fundamentele Gereformeerde kerkregtelike beginsels in besonder met betrekking tot die selfstandigheid van die plaaslike gemeentes: "... dat de plaatselijke

kerk de primaire openbaring van de gemeente Jesu Christi is, en de klassen en landskerken eerst secundair door foederatie van deze locale kerken ontstaan” (1883b:34). Hy verwoord terselfdertyd in die *Tractaat van de Reformatie der Kerken* (1883) sy fundamentele standpuntname met betrekking tot die selfstandigheid van die plaaslike kerk onder andere soos volg: “...zoodat de plaatselijke kerk uitgangspunt voor alle kerkregeering word; dat deze plaatselijke kerken confoederatief verbonden worden in classis en synodale landskerken” (Kuyper 1883b:47).

Kuyper beklemtoon onder andere dat die hoogste kerklike regsbevoegdheid by die plaaslike kerk lê. F L Rutgers en A F de Savornin Lohman bou later met hul (kerk) juridiese vakkennis voort op Kuyper se aannames met betrekking tot die selfstandigheid van die plaaslike kerk. Die Doleansiekerkreg was hoofsaaklik deur Kuyper, De Savornin Lohman en Rutgers ontwikkel. Die Doleansiekerkreg staan teenoor die hiërargiese sinodale kerkregeringstelsel en leervryheid (Deddens 1986:57-58). Rutgers en De Savornin Lohman lê onder andere klem op die selfstandigheid van die plaaslike kerk en die behoud van die kerkeiendom by die uittreding uit die kerkverband.

In die *Tractaat van de Reformatie der Kerken* (1883) word onder andere ’n sistematiese uiteensetting van Kuyper se insigte met betrekking tot die Gereformeerde kerkreg gevind. Die *Tractaat van de Reformatie der Kerken* (1883) word in vier dele verdeel. Die eerste deel handel oor algemene beginsels wat die

kerklike wese beheer, die regte formasie van die kerk, oor wat Kuyper (1883b:1-26) noem die “vierderlei gezichtspunt”, waaruit die een kerk beskou kan word, naamlik:

- i oor God se Woord wat die lewe van die kerk beheer,
- ii oor Christus se koningskap oor die kerk,
- iii oor die wyse van Christus se koningskap, bo en behalwe sy Woord en Gees en die wêreldbestuur,
- iv oor die ampte wat in die kerk uitgeoefen word, oorspronklik in die apostolaat, maar tans in die drie ampte naamlik: leer-, regeer- en tugamp van die gelowige uiteenval.

In die tweede deel bespreek Kuyper die regte formasie van die kerk. Kuyper (1883b:27-83) noem vier hoof kenmerke van die Gereformeerde kerkregeringstelsel:

- i dat die plaaslike kerk uitgangspunt vir alle kerkregering word,
- ii dat hierdie plaaslike kerke konfederatief verbonde word,
- iii dat die 'leke element' kragtig te voorskyn tree,
- iv dat die kerklike gesag haar volkome selfstandig teenoor die lands-owerheid posisioneer.

Die derde deel handel oor die deformasie van die kerke (Kuyper 1883b:83-112). Onder deformasie verstaan Kuyper (1883b:83) misvorming, verbastering en of ontaarding: “Deformatie ontstaat doordien in kerken, die van goede formatie geweest zijn, deze goede formatie sinds in deugdelijkheid verloor. Alle gebrek, dááruit voortspruitende, dat de formatie der kerk nog in wording is, valt hier dus buiten.”

Kuyper toon verskeie vorme van deformasie aan byvoorbeeld: deformasie van die lidmate, deformasie van die ampsdraers, deformasie in die belydenis, deformasie in die tug, deformasie in die toediening van die genademiddelle, deformasie van die erediens,

deformasie van die kerkbestuur en deformasie van die sektes (1883b:83-110). Kuyper (1886:98-112) onderskei in die hoofstuk tussen ware kerke, skyn kerke en valse kerke en toon onder andere aan hoe die ware kerk deur deformasie ontaard in skynkerke of valse kerke. Kuyper verstaan onder vals kerke die kerk van die antichris en onder valse kerke verstaan hy kerke wat op verskeie vlakke gedeformeer het:

Vat men nu al deze deformatiën saám, in de leeken en de dienaren; in de belijdenis en in de genademiddelen; in de tucht en het liefdewerk; in den eeredienst en in het kerkbestuur; door sectarische groepen en door secten, - dan tast ieder hoe deze veelvuldige krankheden ten leste derwijs het leven der kerk kunnen aantasten, dat de deformatie een eiende neemt, doordien alle leven uit de kerk weggaat. Er is dan aan de kerk niets meer te deformeeren, omdat alle leven haar ontzook. Aldus ontstaat de schijnkerk, d.i. de absoluut gedeformeerde kerk.

(Kuyper 1883b:111-112)

Die vierde hoofstuk is verreweg die lywigste en handel oor die reformasie van die kerke (Kuyper 1883b:116-204). Kuyper aksentueer onder andere in die hoofstuk die konfederatiewe karakter van die kerkverband en die plig om die verband aan te gaan en in stand te hou (Kuyper 1883b:146-158). 'n Kerk mag volgens Kuyper nie alleen bly staan nie, maar is die verpligting opgelê om in korrespondensie met haar susterkerke te tree:

Immers zulk een kerkverband bindt. Kerken in zulk verband levende, zijn niet meer vrij in haar beweging. Ze leven onder gemeenschappelijke regelen, en staan onder de macht van gemeenschappelijk geconditioneerde vergaderingen in classis en synode. Door deze gemeenschappelijke regelen is deur van de ééne kerk voor ieden der andere kerken opengezet. Om den invloed die ze onderling op elkaar uitoefenen is aller bestuurswijs door één gemeenschappelijke kerkorde geregeld, en het veranderen van die kerkorde is niet het recht van èéne kerk, maar van alle kerken saam.

(Kuyper 1883b:148)

In hoofstuk vier maak Kuyper weereens onderskeid tussen drie kategorieë van plaaslike kerke, naamlik ware kerke, skyn kerke en valse kerke (Kuyper 1883b:167-177). Die Afskeidenes, naamlik, die “Christelike Gereformeerden”, het van Kuyper kritiek gekry, nie alleen met betrekking tot die *Acte van Afscheiding of Wederkeering* van Ulrum en op die beweging van die Afscheiding nie, maar ook op die

kollegialisme onder die Afgeskeidenes veral met betrekking tot die siening van die plaaslike kerk as genootskap: “De latere gescheidene broederen daarentegen achtten zich gerechtigd in de kerken dezer landen de merkteekenen der valsche kerk aan te wijzen en op dien grond met deze verdorven synagoge des satans door nieuwe kerkformatie te breken” (Kuyper 1883:195-196). Hy vind in die 'Christelike Gereformeerden' 'n min of meer kollegiale beskouing met name dat die plaaslike kerke as kompartemente van 'n genootskap beskou word (Kuyper 1883:195-200). “Dit is ongereformeerd en zal door de heerschappij van het gereformeerd beginsel ook uit deze kerken allengs worden uitgedreven,” verseker Kuyper in sy *Tractaat van de reformatie der Kerken* (Kuyper 1883b:200).

2.3.2.2 Respons op Kuyper se Tractaat van de Reformatie der Kerken (1883)

Kuyper se *Tractaat van de Reformatie der Kerken* (1883) het beide positiewe en negatiewe kritiek gekry. W H Gispen het in 'n skrywe gedateer 2 Mei 1884 aan sy vriend, in Jerusalem, kennis gegee dat die *Tractaat van de Reformatie der Kerken* (1883) "het machtigste pleidooi tegen de afscheiding die ik ooit gehoord of gelezen heb" (Deddens 1986:94) asook Van der Schuit (1936:5). Breedvoerige kritiek is onder andere deur H Bavinck en later deur F M ten Hoor gelewer. Bavinck het in *De Vrije Kerk*, 17 November 1883, beswaar gemaak teen die wyse waarop Kuyper die kerkverband voorstel. Bavinck is dit met Kuyper eens, dat elke plaaslike kerk 'n openbaring is van die liggaam van Christus, haar wese nie van die algemene kerk of kerkverband ontvang nie, geen kompartement is van die kerkgenootskap is nie en dat dit ontstaan deur die vrye konfederasie van die plaaslike kerke. Hy is teen die eensydige nadruk wat Kuyper op die selfstandigheid van die plaaslike kerk lê,

aangesien daardeur die krag en betekenis van die kerkverband nie tot sy reg kom nie:

Wat dan de reformatie der kerken betreft — eene eerste bedenking heb ik tegen de wijze, waarop Dr K zich het kerkverband voorstelt. Wij zijn met hem eenstemmig, als hij zegt, dat elke plaatselijke kerk is eene openbaring van 't lichaam van Christus, haar wezen niet van de algemeene kerken of van het kerkverband ontvangt, geen compartiment is van het kerkenootschap, maar dat dit eerst ontstaat door de vrije confoederatie der verschillende locale kerken. Maar heel het Tractaat toont, dat Dr K op die zelfstandigheid der locale kerken, welke wij op zichzelf geheel toestemmen, eenzijdig den nadruk legt en daartegenover de kracht en de beteekenis van het kerkverband niet tot haar recht laat komen.

(Bavinck 1883: 542-575)

F M ten Hoor het volgens Deddens (1986:95) in sy publikasie *Afscheiding en Doleantie in verband met het kerkbegrip*, 1890 in *De Vrije Kerk* beswaar gemaak oor die kernbegrip in die *Tractaat van de Reformatie der Kerken* (1883). Volgens F M ten Hoor (Deddens 1986:95) is in die *Tractaat van de Reformatie der Kerken* (1883) die wese van 'n sigbare kerk altyd die onsigbare kerk. Die onsigbare kerk word deur Kuyper in die *Tractaat van de Reformatie der Kerken* (1883) aangedui as “het lichaam Christi” Volgens FM ten Hoor (Deddens 1986:97) is Kuyper nie konsekwent met sy standpunte met betrekking tot die sigbare en/of onsigbare kerk nie. Ten Hoor konkludeer dat die betekenis wat deur Kuyper aan die begrippe onsigbare en sigbare kerk gegee word, geheel onskrifmatig is.

'n Eeu na die verskyning van die *Tractaat van de Reformatie der Kerken* (1883) het D Deddens²¹ geoordeel dat mense die *Tractaat van de Reformatie der Kerken* (1883) te veel eer aandoen om dit ondermeer as óf 'n handboek van die Doleansiekerkreg óf 'n hoofkennisbron van Gereformeerde Kerkreg te tipeer:

Nu doet men het boek reeds te veel eer aan, door het als "handboek voor kerkrecht" te karakteriseren. Kuyper zelf noemt zijn werk slechts "een flauw

²¹ D Deddens (1923) emeritus hoogleraar Algemene Kerkgeskiedenis en Nederlandse kerkgeskiedenis en kerkreg aan die Theologiese Universiteit van die Gereformeerde Kerken in Nederland (vrijgemaakt) te Kampen.

schaduwbeeld" van wat een handboek voor gereformeerd kerkrecht behoort te zijn. Dit is ongetwyfeld juist; aan allerlei eisen die aan een kerkrechtelijk handboek te stellen zijn, wordt niet voldaan. Zou het werk een kerkrechtelijk handboek zijn, dan zou de titel van het boek en zouden ook de titels van de hoofdstukken wel merkwaardig moeten heten. Wanneer Rutgers het *Tractaat in De Heraut*, no 306 (4 nov 1883) introduceert, komt in zijn artikel een uitdrukking als 'handboek voor kerkrecht', of iets in die geest, ook niet voor. Maar is de aanduiding 'handboek voor kerkrecht' al niet correct, onjuist is het, Kuypers *Tractaat* te beschouwen als 'het handboek van het kerkrecht der Doleantie.

(Deddens 1986:134)

Deddens het toegegee dat alhoewel in die *Tractaat van de Reformatie der Kerken* (1883) Kuypers se insigte in die kerkreg op 'n sistematiese wyse deurgegee word, kom daar ook in die *Tractaat van de Reformatie der Kerken* (1883) allerlei spekulatiewe beskouinge en onderskeidinge voor, wat tipies Kuypersiaans is (Deddens 1986:134).

2.3.2.2.3 De Savornin Lohman en Rutgers en De rechtsbevoegdheid onzer plaatselike kerken (1886, 1887)

Deddens dui in sy artikel *De Vereniging van 1892: kerkrechtelike aspecten* aan dat Rutgers alreeds in 1882, dus vóór die verskyning van Kuypers se *Tractaat van de Reformatie der Kerken* (1883) 'n rede met betrekking tot die aard van die kerkverband gewy (1992b:20-31). Rutgers²² het ondermeer daarop gewys dat vóór die kerkverband in die sestiende eeu tot stand gekom het, die gemeenskaplike erkenning van die onvoorwaardelike gesag van Gods Woord en die gemeenskaplike belydenis van die daarop gegronde artikels as die grondslag van die grootste belang was. Tussen die kerke was daar dus 'n band van die gemeenskaplike geloof, selfs nog vóór die vereniging in een kerkverband kon plaas vind. Die toetrede tot die verband was 'n eis van Gods Woord. Kerkregtelik kon toetrede tot die kerkverband nie afgedwing word

²² Kuypers het Rutgers geëer as kenner van die "gereformeerde kerkrecht par excellence." Hy noem Rutgers "verreweg de fijnste en beste kenner van ons gereformeerde kerkrecht".⁴⁸ "Bij het afsterven van mijn trouwen vriend Rutgers", in: *De Heraut*, no. 244 (25 Maart 1917).

nie. Die verband was konfederatief van aard, dit wil sê die kerke vorm gesamentlik 'n kerkverband. Iedere kerk is *ecclesia completa* en is dus geensins *pars ecclesiae* nie. Die kerke het volgens Rutgers geen mag bo en behalwe die mag van Christus nie (Deddens 1992b:20-31). Twee maande na die skorsing van die Kerkraad van Amsterdam, het Rutgers & De Savornin Lohman hul *Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken* gepubliseer (Deddens 1986:80). Die doel van die geskrif was die lewering van 'n bydrae ten dienste van die juriste in verband met reg op die kerklike goedere. Met opset kies die skrywers nie vir die verdediging van die reg van die *Gereformeerdes* op die kerklike goedere nie. In *Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken* word die reg van lokale kerke op kerklike eiendomme besonderlik verdedig en nie soseer die reg van Gereformeerde kerke op kerklike eiendomme nie: “Wij bepalen ons tot het recht der lokale kerken, onverschillig welke haar gezindheid zij; hopende dat ook dit tot kalmte en onpartijdigheid iets moge bijdragen” (Deddens 1992c:140).

In die *Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken* word onder andere die toestand van kerklike eiendom, voor en na die Hervorming asook in die periode 1795 tot 1816 en sedert 1816, bespreek. Temas wat in dié boek bespreek word sluit die volgende in: die eenheid van die kerke lê in hul gemeenskaplike belydenis; die konfederatiewe verband met die gemeente word vrywillig aangegaan en daardeur ontstaan geen nuwe kerk nie; die kerkverband is verbreekbaar; die meerdere vergadering besit slegs beperkte, afgeleide en laer mag; die besluite van die vergadering vir alle kerke is bindend, maar met voorbehoud van art 31 (Deddens 1992c:140).

Volgens Rutgers & De Savornin Lohman was die stryd wat in die Nederlandse Hervormde Kerk gevoer was, tweërlei van aard (1886:3). Dit handel aan die eenkant om 'n stryd om die waarheid en aan die anderkant oor kerkeiendom. In die eerste eeue na Christus was daar volgens Rutgers & De Savornin Lohman aan die kerke regs persoonlikheid toegestaan: “dan wel of zij met sociëtaes gelijk stonden” (1886:9). Die kerke het hul eie besture en eiendom gehad. Juridies het die plaaslike kerk se eiendom aan die gemeente as vereniging van persone wat as stigting of as besittings van 'n korporasie beskou was, behoort. In regskundige sin het elke gemeente of kerk 'n afsonderlike bestaan gehad. Die kerke staan volgens Rutgers & De Savornin Lohman (1886:18), alhoewel selfstandig, deur gemeenskaplike belydenis in onderlinge verband met mekaar: “Op de belijdenis beruste het kerkverband. Zij was, gelijk reeds het 2^{de} arrtikel van de Acta de Embder Kerkenverzameling uitspreekt, de betuiging van de onderlinge verbinding en eenigheid der Kerken. Instemming was haar de voorwaarde, waaraan, zou het akkoord in stand blijven, voordurend moest worden voldaan.”

Rutgers & De Savornin Lohman bespreek in deel twee van *Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken* die toestand in die Gereformeerde Kerk na die Reformasie. Die Gereformeerdes het volgens Rutgers & De Savornin Lohman (1886:13-17) die Gereformeerde Kerk beskou as die voorsetting van die Rooms Katolieke Kerk, alhoewel sy haar van die hiërargiese struktuur van die Rooms Katolieke Kerk onttrek het. Die Gereformeerdes was volgens Rutgers & De Savornin Lohman (1886:15) van mening dat die kerkeiendom nie van besitter verander het nie. Slegs die toesig oor die kerkeiendom het volgens die Gereformeerdes verander:

Wat betref die geestelike goederen, welke niet behoorden aan de locale kerk, of niet door locale besturen suo jure geadministreed werden – op die goederen deed de Overheid haar recht gelden. Die goederen toch waren wel bestemd voor geestelike doeleinden, en hunne bestuurders hadden steeds gestaan onder de jurisdictie van kerkelike overheden, maar zij behoorden noch aan de locale Kerke, noch aan de algemeene Kerk, maar voor zoover ze geen stichtingen waren, aan de orden waaraan ze gegeven waren.

(Rutgers & De Savornin Lohman 1886:15)

Rutgers & De Savornin Lohman (1886:16) toon aan dat reeds by Wezel 1568 die selfstandigheid van die plaaslike kerk asook die beperkte bevoegdheid van die meerdere vergadering voorop staan: “Geen kercke zal over een ander kercke, geen dienaar des Woorts, geen ouderling noch diaken zal geen over de ander heerschappij voeren maar een iegelijk zal zich alle suspicien en aanlokkingen om te heerschappen wachten.” Dié beginsel word ook in die Emdense Kerkorde 1571 asook in art 84 van die Dordtse Kerkorde teruggevind. Rutgers & De Savornin Lohman dui ook aan dat die volgende beginsels in die DKO gevind word: dat die Bedienaar van die Woord uitsluitlik aan een lokale kerk verbonde was; dat alleen die Kerkrade goedkeuring kan gee vir die toetreding van die kerk; dat die eenheid allereers en eintlik in die gemeenskaplike belydenis lê:

Men zeide niet: het kerkverband is gelegen in de gemeenschappelijke onderwerping aan de reglementen: en de eenheid van belijdenis is wel wenschelijk, maar het kan toch ook wel als die ontbreekt. Maar juist integendeel: gemeenschappelijke onderwerping aan de belijdenis is voor ons geheele kerkverband het ééne onmisbare; de eenheid van kerklike vormen is dan wel wenschelijk, maar het kan toch ook wel als die ontbreekt.

(Rutgers & De Savornin Lohman (1886:25-26)

Die band tussen die kerke is nie slegs geestelik nie, maar is volgens Rutgers & De Savornin Lohman (1886:25-26) ook uitwendig. Dit word openbaar in die vier byeenkomste naamlik Kerkraad, *classicale* vergadering, Partikuliere Sinode en die Nasionale of Generale Sinode (art 29 DKO). In die *Resumtie* aan die einde van die boek stel Rutgers & De Savornin Lohman (1887:179) dit onomwonne dat die meerdere vergaderinge wel kerkraadslede kon afset: “Wel mag een classis of synode

kerkeraadsleden ontsetten van hun ambt zoolang de kerk in het verband staat, maar als de kerk dat vonnis niet erkent, verblijft aan de gezamentlijke kerken geen weermiddel dan om deze kerk van het verband af te snijden.”

2.3.2.2.4 Respons op De Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken

Uit die kring van die Nederlandse Hervormde Kerk is op die *Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken* (1886) kritiek onder andere deur ds E César Segers, lid van die Algemene Sinode van die Nederlandse Hervormde Kerk, en dr H G Kleyn gelewer.²³ Rutgers & De Savornin Lohman het in die tweede uitgawe van *Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken* (1887) breedvoerig op die kritiek gerespondeer. Ds E César Segers het dit raadsaam geag om eerder van “de kerken ter plaatse” as die “plaatselijke kerken” te praat (1886:10). Rutgers & De Savornin Lohman (1886:10) gee ds E César Segers gelyk, maar gaan van die voorveronderstelling uit dat dit vir die kwessie van regsverhoudinge nie verskil maak of jy na die kerk ter plaatse of die plaaslike kerk verwys nie.

Dr H G Kleyn kritiseer De Savornin Lohman en Rutgers in *Feiten of verzinsels? Beschouwing der rechtsbevoegdheid onze plaatselijke kerken contra Jhr Mr A F de Savornin Lohman en Dr F L Rutgers* (1886) daarin dat hul die *Politica Ecclesiastica* van Voetius²⁴ blykbaar as kanon gebruik. Kleyn is van mening dat die teoretiese kerkreg van die *oude* Gereformeerdes nie by Voetius gesoek behoort te word nie. Die stryd in die kerk het, volgens H G Kleyn, nie soos De Savornin Lohman en Rutgers

²³ Dr H G Kleyn (1859-1896), Wijngaarden 1884, Hoge Zwaluwe 1886, hoogleraar Utrecht 1888 (Van den Broeke 2005:226).

²⁴ Gisbertus Voetius (1589-1676), predikant te Vlijmen en Hedikhuizen 1611, Heusden 1617 ('s-Hertogenbosch 1629-1630), hoogleraar Utrecht 1634 en vanaf 1637 predikant te Utrecht (Van den Broeke 2005:224). Hy het 'n invloedryke rol in die Nasionale Sinode Dordt gespeel (1618-1619). Hy het 1634 professor van Teologie en die Oosterse Wetenskap aan die Universiteit van Utrecht geword. Gedurende 1637 het hy predikant van die gemeente in Utrecht geword. Hy het Arminianisme bestry.

(1888:310) in die *Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken* aandui met die selfstandigheid van die gemeentes te make nie, maar handel veel eerder oor die gesag van bepaalde gemeentes oor ander en die perke van die sinodale gesag. Volgens Kleyn (1888:414) is die *Politica Ecclesiastica* van Voetius geen wetboek, ook geen verklaring van 'n wetboek nie, maar is dit 'n regstelsel. Hy kritiseer ondermeer Rutgers en De Savornin Lohman wat Voetius aanhaal asof wat Voetius sê die einde van alle teëspraak is. Kleyn (1888:414) oordeel dat Voetius se regstelsel nie die mees Gereformeerde van alle kerkregstelsel was nie. Dit is vir hom 'n ope vraag of die stelsel van Voetius voldoen het aan die ideaal van die Gereformeerde kerkreg. Rutgers en De Savornin Lohman (1887:4) wys die beswaar van dr Kleyn af dat die *Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken* oor die kerklike stryd tans in Nederland handel. Kleyn (1886:43) gee volgens Rutgers en De Savornin Lohman (1887:9) toe aan hul stelling in *Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken* dat die kerk gekonstitueer word deur die apostels en diegene wat deur hul en ná hulle in medewerking met die gemeente geroep is.

Ds E César Segers en dr H G Kleyn het volgens Rutgers & De Savornin Lohman (1987:132) 'n idilliese voorstelling van die toedrag van die Reformasie. Rutgers & De Savornin Lohman (1887:20) deel nie die regsbeskouing van ds E César Segers en dr HG Kleyn nie. Volgens Kleyn (1886:20) het die owerheid die reg om die goedere van die kerk te ontnem. Rutgers & De Savornin Lohman (1886:20) daarteenoor stel dit duidelik dat die goedere aan die kerk behoort. Kleyn (1886:6) is van mening dat die oorspronklike kerk as gemeenskap van die heiliges volkome kerk is en dat die mag dus volkome by die lede van die plaaslike kerk gesetel is. Hy is egter van mening dat dit wel só was vóór 1572, maar nie meer daarna so was nie. Rutgers & De Savornin

Lohman (1887:17) wys daarop dat hul die bewering van Kleyn (1986:6), dat die lede van die kerk bestuursmag opdra aan die Kerkraad, as 'n groot dwaling beskou.

Dr Kleyn (1886:35) is van mening dat as iemand lid van die kerk is en die kerk behoort aan 'n kerkverband, dan is sodanige persoon verplig om die reglemente van die kerkverband te volg. Andersins sou daar anargie wees as elkeen sy eie maatreëls volg. Kleyn (1886:1) is van mening dat die kernvraag nie daarin lê of die plaaslike kerk die kerkverband kan verbreek nie, maar òf die eiendomsreg van die plaaslike kerk by die afskeiding van die kerkverband hoe willekeurig of eiemagtig ook al, die afgeskeide Kerkraad volg, al dan nie. Volgens Kleyn (1886:43) is elke gekonstitueerde kerk 'n volledige kerk en is dit nie nodig om in 'n kerkverband opgeneem te word om kerk te wees nie. Elke plaaslike kerk het vervolgens die bevoegdheid om belydenisse, liturgieë en kerklike verordeninge te maak. Die toetrede tot die kerkverband bring nie verlies tot hierdie bevoegdhede mee nie. Die kerklike mag om haar gemeente te bestuur, tug te handhaaf, predikante te beroep en kerkraadslede te kies, berus aldus Kleyn (1886:43), uiteraard by die Kerkraad wat haar gesag van Christus ontleen. Alle kerke is gelyk. Die een kerk kan haar dus nie aan 'n ander kerk opdring nie of oor haar heers nie. Die Kerkraad bestuur die plaaslike gemeente. Die kerkverband is 'n vrywillige vereniging van minstens twee kerke ter bevordering van gemeenskaplike belange en beslegting van geskille wat in die partikuliere kerke ontstaan (Kleyn 1886:45). Die vereniging is egter nie willekeurig nie. Dit is 'n vereniging, maar nie 'n onderwerping aan ander kerke nie, stel Kleyn (1886:46) onomwonde. Geen kerk of geen vereniging van kerke kan 'n kerk dwing tot toetrede of uittrede tot die kerkverband nie. Die vereniging of te wel kerkverband is nie noodwendig nie, dog noodsaaklik. Die vereniging in 'n kerkverband is geen vermindering van die vryheid van die deelnemende kerke nie, maar

waarborg juis die vryheid van deelnemende kerke (Kleyn 1886:47). Die Kerkrade behou die mag om hul kerke selfstandig te bestuur en ontvang sekerheid dat geen ander kerk of owerheidsgesag haar met die bestuur van die kerk sal bemoei nie. Die kerkverband het volgens Kleyn (1886:47) 'n dienende mag.

Rutgers & De Savornin Lohman gee Kleyn (1886:26-28) gelyk dat die selfstandigheid van die kerk gehandhaaf word, maar verskil met hom met betrekking tot die verbreekbaarheid van die kerkverband. Volgens Rutgers & De Savornin Lohman (1887:125) lê die antwoord daarin dat mense wat hul nie wil onderwerp nie, die verband mag en moet verlaat. Volgens Rutgers & De Savornin Lohman (1887:144) is dit in so 'n geval vir 'n genootskap geoorloof om uit te tree en/of die kerkverband te verbreek. Indien 'n plaaslike kerk uit die kerkverband wil tree, moet dit volgens Rutgers en De Savornin Lohman (1887:146) deur die Kerkraad geskied. Selfs al stem 'n deel van die gemeente nie in nie, behou die Kerkraad haar die bevoegdheid onverkort. Kleyn het in sy *Feiten of verzinsels?* (1886) ter bestryding van Rutgers hom beroep op Voetius se *Pol Eccl IV*, 226-229, vrae 22 en 23. Rutgers & De Savornin Lohman (1887:190) het Kleyn se interpretasie van Voetius afgewys. Hul was, anders as Kleyn, van mening dat in die geval van wanbestuur en of ongeneeslike verderf ook die ekskommunikasie aan die sinodale vergadering van die kerke toegeken kan word (1887:190). Rutgers & De Savornin Lohman (1887:190) haal as bewysplaas vir hul stellingname vir Voetius aan in sy *Pol Eccl IV*, 226. Hul wys Kleyn daarop dat Voetius gesê het dat aan die plaaslike kerk alleen die reg en die uitoefening van die kerklike toekom (Rutgers & De Savornin Lohman 1887:190). Solank daar 'n gesonde deel oor is, geskied die ekskommunikasie deur die gesonde deel en die Sinode gee alleen leiding. As die kerk heeltemal verdorwe is, dan is die ekskommunikasie nie

formeel nie. Die *anathema* word afgekondig met opsegging van die broederskap en sinodale korrespondensie. Rutgers & De Savornin Lohman (1887:190) het aan Kleyn deurgegee dat Voetius van mening was dat in die geval van nood en of *nie-formerende* verderf, kan die mag van die Kerkraad ontnem word en aan 'n ander oorgedra word. Rutgers & De Savornin Lohman is van mening dat volgens Voetius in *Pol Eccl IV* vroe 22 *alleen* die kerk of gemeente die bevoegdheid het om die bestuursmag aan die dienaars en ouderlinge vir goed of tydelik te ontsê (1887:190). Hul stel dit aan Kleyn dat die ekskommunikasie volgens Voetius deur afgevaardigdes by die gewone samekoms van die gemeente kan plaasvind (Rutgers & De Savornin Lohman 1887:36). Met betrekking tot die moontlikheid om Kerkrade deur 'n meerdere vergadering af te sit, stel Rutgers & De Savornin Lohman (1887:32) dit in hul repliek op Kleyn in voetnota 2 dat Voetius in sy *Pol Eccl IV*, 225 juis anders betoog dan wat “dr Kleyn door een paar uit hun verband gerukte en ten deele misvormde volzinnen er uit wil afleiden.” Volgens Rutgers & De Savornin Lohman (1887:32) sê Voetius wel dat in die geval van wanbestuur en ongeneeslike verderf, ook die ekskommunikasie aan die Sinodale vergadering van die kerke toegeken kan word en ekskommunikasie in sodanige gevalle deur die Sinodale vergadering uitgeoefen kan word. Indien daar 'n gesonde deel van die gemeente oor is, moet die eintlike ekskommunikasie deur haar geskied en die Sinode slegs leiding gee. Indien die kerk egter heeltemal verdorwe is, is die Sinodale ekskommunikasie aldus Rutgers & De Savornin Lohman (1887:32) nie formeel nie: “... maar eene daarvoor in de plaats komende handeling, waarbij het anathema aangekondigd wordt, met opzegging van den vrede, van de broederschap en van de speciale Synodale correspondentie.” Die bestuursmag kan in die geval van verderf alleen, volgens Rutgers en De Savornin

Lohman (1887:32), deur die plaaslike gemeente permanent of tydelik van bedienaars van die Woord of ouderlinge ontnem word.

Kleyn het die repliek van Rutgers en De Savornin Lohman op *Feite en Versinsels?* beantwoord in sy *Algemeene kerk en plaatselijke gemeente: Proeve van historisch onderzoek naar de verhouding van beiden ten opzichte van de inwendigeen van de stoffelijke belangen; naar aanleiding van de Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken van Jhr Mr A F de Savornin Lohman en Dr F L Rutgers* (1888). M Bouwman (1944:55) merk tereg op dat Kleyn in die lywige werk nie op die antwoorde van Rutgers en De Savornin Lohman se uitlegging van vraag 22 en 23 ingegaan het nie. Veel eerder ignoreer Kleyn die antwoord van Rutgers en De Savornin Lohman en gaan in *Algemeene kerk en plaatselijke gemeente* van die voorveronderstelling uit dat die Doleansie nie met Voetius in die hand bestry kan word nie (Bouwman 1944:55). In die *Algemeene Kerk en Plaatselijke Gemeente* kom Kleyn se teologiese voorveronderstelling met betrekking tot die posisie van die “algemeen kerk en de plaatselijke gemeente” in feite ooreen met dié van Rutgers en De Savornin Lohman.

Kleyn (1888:25) lê in *Algemeene kerk en plaatselijke gemeente* klem daarop dat dat die bestuursbevoegdheid van die kerk van Christus nooit aan 'n enkele persoon oorgedra mag word nie. Daarom moet elke bestuursliggaam van die kerk uit verskillende lede bestaan. Alle bedienaars van die Woord het dieselfde mag en outoriteit (art 31 NGB). Geen gemeente kan oor 'n ander gemeente heerskappy voer nie (Kleyn 1888:306). Die kerkverband tussen die Gereformeerde Kerken in Nederland het plaasgevind uit 'n vrywillige konfederasie van die plaaslike kerke self (Kleyn 1888:310).

2.3.3. Afgeleide Doleansiekerkreg (1893 en 1926)

Die Gereformeerde Kerken in Nederland het in 1892 die Dordtse Kerkorde van 1619 ingevoer en het dit in 1905 hersien (Van den Broeke 2005:208). Eksponente van die Afgeleide Doleansiekerkreg is di J de Jong, Joh Jansen, dr J van Lonkhuyzen, H H Kuiper en H Bouwman.

2.3.3.1 Ds J de Jong (1868-1942)²⁵

Na Rutgers se sterfte het een van sy studente, ds J de Jong, die *Verklaring van de Kerkenordening van de Nationale Synode van Dordrecht van 1618-1619 – Collegevoordragte van prof dr F L Rutgers over Gereformeerd Kerkrecht, bewerk, Deel IV Art 71-86 Van de Censuur en Kerkelijke Vermaning*, uitgegee. De Jong (1918:149) was van mening dat in art 84²⁶ van die DKO een van die grondbeginsels vir die kerkinrigting van die Gereformeerde kerke verskans word:

Bij dit artikel moet dus wel in het oog gehouden worden, dat dit grondbeginsel niet eenige is, waarop de Geref. Kerkinrichting rust. Er hoort zeer zeker ook bij het beginsel, waarin uitgesproken wordt, dat de kerken met elkander in verband moeten treden, en daardoor jegens elkander wederkeerige verplichtingen op zich nemen, een beginsel, waarover vroeger in de kerkenordening gehandeld is bij de artikelen, die over de kerkelijke samenkomsten spreken, art 29 vgg., over vierderlei kerkelijke samekomsten, over wat men in die vergaderingen behandelden zal, en hoe door meerderheid van stemmen beslist wordt.

(De Jong 1918:156)

Naas die beginsel dat die selfstandigheid van die plaaslike kerke handhaaf moet word, staan ook die beginsel dat die plaaslike kerke nie op hul eie moet staan nie, maar in 'n kerkverband moet verenig met die belydenis as akkoord. De Jong (1918:157) waarsku dat as aan hierdie beginsels nie vasgehou word nie, kan art 84 tot independentisme lei

²⁵ R W de Jong (1868-1942), predikant te Marrum 1891, Holten 1894, Terneuzen 1897, Noordwijk aan Zee 1902, Haarlemmermeer (Hoofddorp) 1908, Werkendam 1912, Broek op Langendijk 1915, emeritus 1927 (Van den Broeke 2005: 250).

²⁶ “Geen kerk zal over andere kerken, geen dienaar over andere dienaren, geen ouderling of diaken over andere ouderlingen of diakenen enige heerschappij voeren” (art 84 DKO).

wat, volgens De Jong, uiteraard die ander uiterste van hiërargie is. Dié twee beginsels, naamlik die selfstandigheid van die plaaslike kerke asook die roeping om in kerkverband te tree, is volgens De Jong (1918:157) nie in stryd met mekaar nie. Tensy 'n mens die een of beide van die beginsels eensydig ontwikkel en toepas: “*veel eerder houden ze metterdaad elkander in evenwicht en bij de toepassing elkander binne die juiste grenzen.*” Die meerdere vergadering mag volgens De Jong alleen besluite neem oor sake wat in die geskil in plaaslike kerke nie tot oplossing kon kom nie. Indien die meerdere vergadering buite haar grense gaan, tree sy volgens De Jong (1918:158) buite haar bevoegdheid op. Sodoende kom die meerdere vergadering in stryd met art 84 en het die plaaslike kerk aldus De Jong die reg om op grond van art 84 haar vryheid te handhaaf. De Jong (1918:159) stel dit duidelik dat die ampte gelyk is: “zodat daar onder hen geen primaat of heerschappij zijn zal van den een over den ander.” Dié gelykheid moet egter nie opgeneem word asof die ampte ineenvloei nie, aangesien die ampspligte verskillend is: “Iedere ambt heeft zijnen eiegen werkkring, het eene is van ander belang dan het andere. Het verschil moet dus wel in het oog gehouden, maar de een mag zich niet boven den ander verheffen, want er is geen verschil in rang” (De Jong 1918:162).

2.3.3.2 Ds Joh Jansen (1873-1956) ²⁷

Met betrekking tot art 31 van die DKO en die kassasiereg van die meerdere vergadering ten opsigte van die besluite van die mindere vergaderinge, verklaar Joh Jansen (1923:145-146) in sy *Korte verklaring van de kerkenordening* dat die Pous die laer geestelikes se besluite kan kasseer (nietig verklaar), dat in die burgerlike reg 'n

hoërhof 'n laerhof se vonnis ongrondig kan verklaar, maar in die Gereformeerde kerke kan 'n meerdere vergadering 'n mindere vergadering met opgaaf van grondige redes, versoek, aanraai om haar besluit in te trek. Ingeval die mindere vergadering weier om haar te onderwerp aan die uitspraak van die meerdere vergadering, kan 'n *classis* of Sinode volgens Jansen (1923:145-146) nie die onwillige Kerkraad afset nie: "Neen, zulk een dwingende en ingrijpende macht heeft een meerdere vergadering niet. Wel bij het Collegialistisch genootschap, maar niet bij de Gereformeerde Kerken." Joh Jansen was in 1923 van mening dat die meerdere vergaderings in die Gereformeerde kerke nie sulke dwingende mag het nie, maar dat hul wel tydelik of permanent die kerkverband met 'n onwillige Kerkraad of *classis* kan breek. Na 1926 het hy hom egter by die gewysigde siening van H H Kuyper en H Bouwman geskaar.

2.3.3.3. Dr H H Kuyper (1864-1945) ²⁸

Dr H H Kuyper wat reeds in 1900 die vak kerkgeskiedenis by dr F L Rutgers oorgeneem het, het in 1910 aan die Vrije Universiteit ook sy opvolger in die Kerkreg geword. Dr H H Kuyper skryf in die *De Heraut* 6 Mei 1923 op die vraag van dr van Lonkhuyzen, predikant Christian Reformed Church of Chicago, of die *classis* die reg het om 'n Kerkraad of kerkraadslede uit die amp te ontset, dat nie die *classis* of Sinode die reg het om sonder meer 'n Kerkraad of 'n aantal kerkraadslede uit hul amp te onset nie (Van Lonkhuyzen 1924:13). Kuyper is volgens Van Lonkhuyzen (1924:13) van mening dat so 'n hiërargiese mag die meerdere vergadering nie toekom nie: "Dat een Classis of Synode zeker niet het recht heeft zonder meer een Kerkeraad of een aantal

²⁷ Joh Jansen (1873-1956) predikant te 's Gravenmoer 1901, Nieuw-buinen 1904, Burum 1906, Ten Boer 1915, Ijmuiden 1922, Wierden 1926-1935 (Van Staalduine 2004:24 voetnota 24).

²⁸ Dr H H Kuyper (1864-1945), predikant te Baarn 1891, Leeuwarden 1896, emeritus 1899, hoogleraar Vrije Universiteit 1900, emeritus hoogleraar 1940 (Van den Broeke 2005:228).

kerkeraadsleden uit hun ambt te zetten. Een dergelijke bishoppelike of hierarchiese macht komt aan die meerdere vergaderingen niet toe” (Van Lonkhuyzen 1924:13). Die Kerkraad van die Christian Reformed Church of Chicago het die Sinode van die Christian Reformed Churches 1924 versoek om uitspraak te lewer op die kwessie of in die kerkverband van die Christian Reformed Church ’n *classis* die reg het om ’n Kerkraadslede self in ’n gemeente af te set (Van Lonkhuyzen 1924:2). Die Christian Reformed Church of Chicago het die reg erken van die *classis* om predikante af te set (Van Lonkhuyzen 1924:2). Dit gaan egter vir hul om die vraag óf ’n *classis* wel ’n kerkraad mag afset of nie, aangesien daar ’n meningsverskil oor die saak in die Christian Reformed Church was (Van Lonkhuyzen 1924:2).

Die Sinode van Orange City het reeds gedurende 1922 die voorstel van die minderheidsverslag van die pre-advies verwerp: “dat naar onze kerkorde per se geen classe het recht een kerkeraad af te zetten” (Van Lonkhuyzen 1924:3). Die *classis* van Illinois het egter geweier om die besluit van die Sinode van Orange City (1922) as haar eie oor te neem. Dit het daartoe gelei dat in die Christian Reformed Church sommige *classes* Kerkrade of kerkraadslede afgeset het en dat die Sinodes as sodanig geen veroordeling oor die afsetting uitgespreek het nie, terwyl ander *classes* nie Kerkrade en/of kerkraadslede afgeset het nie. Die Christian Reformed Church of Chicago wys in hul navraag aan H H Kuyper op die gevare van kollegialisme (Van Lonkhuyzen 1924:3). Die Christian Reformed Church of Chicago het hulle op art 84 van die DKO, wat uitdruklik leer dat een kerk nie oor ’n ander heerskappy mag voer nie, as ’n onwrikbare beginsel van die Gereformeerde kerkreg asook op Voetius se

antwoord in vraag 22, beroep (Van Lonkhuyzen 1924:4).²⁹ Dit is op bostaande problematiek wat die Christian Reformed Church of Chicago alreeds gedurende 1923 H H Kuyper om advies genader het. In *De Heraut* van 9 Februarie 1923 no 2351 wys dr H H Kuyper in sy reeks artikels wat oor *De bevoegdheid der meerdere vergadering* gehandel het, op die geneigdheid tot magsoorskryding by die meerdere vergadering. Hy is van mening dat *classicale* en sinodale vergaderings geneig is daartoe om haar bevoegdheid uit te brei en haarself te beskou as 'n soort hoër bestuur wat oor die plaaslike 'n sekere seggenskap het en uitoefen. Hy beklemtoon dat na die vereniging in 1892 die beginsel van die selfstandigheid van die plaaslike kerk streng deurgevoer was.

In die opvolgartikel oor *De bevoegdheid der meerdere vergadering* wys Kuyper (*De Heraut* 2352) daarop dat na die Sinode van 1892 daar Sinodes en *classes* was wat hul bevoegdhede oorskry het en die vryheid van die plaaslike kerk aangetas het. Kuyper wys vervolgens op die gevaar van hiërargie teenoor independentisme: “het gevaar schuil minder in de independentische dan in de hierarchische klip, altans wat onze kerkelijke vergaderingen aangaat.” Oor die verbondenheid aan die besluite van die meerdere vergadering, stel Kuyper (*De Heraut* 2352) dit dat die independentistiese opvatting is dat die *classes* en Sinodes geen kerklike mag het nie en slegs advies kan gee

²⁹ Op die vraag of 'n gedeelte van sekere kerklike mag, selfs die ekskommunikasie, in die geval van wanbestuur of ongeneeslike verderf aan die hele Sinode toegeken kan word en deur haar beoefen kan word, antwoord Voetius: “Ek kan nie sien waarom nie...” (*Pol Eccl* I, 226). Voetius is van mening dat as die kerk heeltemal bedorwe is, kan die ekskommunikasie nie formeel geskied nie. In sodanige gevalle behoort die band met die kerk verbreek en die broederskap met die gemeente opgegee te word (Van Lonkhuyzen 1924:9). Dus word so 'n kerk buite kerkverband geplaas. As daar nog 'n gesonde deel in die gemeente oor is, dan doen die gesonde deel die ekskommunikasie. Op die vraag dan of die bestuursmag van die Kerkraad in die geval van nood of nie te Gereformeerde bederf van die Kerkraad wegneem kan word en op 'n ander oorgedra kan word nie, antwoord Voetius instemmend. Die kerk, dit is die gemeente, het volgens Voetius die bevoegdheid in sulke gevalle van haar dienaars of ouderlinge, tydelik of permanent haar regeeramp te ontsê. Dit is deur die gemeente dat die mag aan die Kerkraad toegeken word, sê Voetius. Dit wil sê indirek of regstreeks deur haar verkiesing van die Kerkraad ken die gemeente mag aan die Kerkraad toe (Van Lonkhuyzen 1924:9). Voetius sê ook dat die gemeente die naburige kerke of *classis* kan inroep en selfs tydelik die regeermag oor haar ouderlinge aan die naburige ouderlinge kan toeken (Van Lonkhuyzen 1924:9). By Voetius tree die gemeente dus handelend op en is sy by magte om af te set en nuwe ampsdraers te kies. Op die vraag of die *classis* of Sinode ook bestuursmag oor die kerke van die kerkverband het, erken Voetius dat daar 'n sekere kerklike outoriteit en 'n sinodale bevoegdheid is, maar die mag van die meerdere vergadering teenoor die plaaslike kerk is nie “privatief” (berooft die plaaslike kerk nie van haar mag en outoriteit nie) (Van Lonkhuyzen 1924:9-10).

en dat elke kerk vry is om die advies te aanvaar of te verwerp. Die seggenskap van die meerdere vergaderings teenoor die Kerkraad berus volgens Kuyper (*De Heraut* 2352), nie op selfstandige mag, wat in die meerdere vergadering kleef nie of aan haar regstreeks deur God geskenk is nie, maar berus daarop dat die kerke vrywillig die kerkverband aangegaan het en haar afgevaardigdes gelas het en die volmag gegee het om aan die besluite van die vergadering mee te werk.

Volgens Kuyper (*De Heraut* 2352) is die besluite van die meerdere vergaderings nie bloot advies nie, maar is dit besluite wat deur alle kerke as vas en bindend beskou moet word. Die onderwerping aan die besluite van die meerdere vergaderings is onderworpe aan die gehoorsaamheid en onderwerping aan die Woord van God. In *De Heraut* 2356 toon Kuyper aan dat alle kerklike mag deur Christus aan Sy kerk geskenk is. Dit skuil uitsluitlik en alleenlik volgens Kuyper in die plaaslike kerk as sodanig. Die meerdere vergadering beskik volgens Kuyper oor die minste mag. Die sleutels van die hemele het Christus aan die apostels geskenk as die eerste ampsdraer van die kerk. Die kerklike mag, naamlik die mag om die Woord en sakramente te bedien, die mag om ampsdraers te kies en die mag om die kerklike tug te beoefen, het Christus aan die plaaslike kerk en haar ampsdraers en nie aan die meerdere vergadering geskenk nie.

In *De Heraut* 2357 sê H H Kuyper dat die meerdere vergadering geen eie selfstandige mag het nie. Die kerklike mag berus by die plaaslike kerk alleen, tog het die meerdere vergadering mag. H H Kuyper is van mening dat die kerklike mag nie in die amp skuil nie. Die amp is vir Kuyper plaaslik en strek nie verder uit as die plaaslike kerk nie. Die mag van die meerdere vergaderinge is vir Kuyper 'n afgeleide mag

deurdat die plaaslike kerke wat alle mag beskik haar afgevaardigdes magtig om in haar naam besluite te mag neem. Die mag van die *classis* lê volgens Kuyper nie in die ampsdraers nie, maar daarin dat die ampsdraers deur die kerke afgevaardig word en met mag bekleed word om in die naam van die kerke besluite te mag neem. Die kerklike mag van die meerdere vergadering is dus volgens Kuyper nie selfstandig nie, maar is afgelei en beperk. Volgens Kuyper kan die meerdere vergadering wel besluite neem insake afsetting en ekskommunikasie, maar die uitvoering daarvan moet deur die plaaslike Kerkraad geskied. Kuyper beroep hom op art 79 van die kerkorde waarin daar staan dat die beslissing om 'n predikant uit sy diens te ontset, die *classis* toekom, maar dat die uiteindelijke afsetting deur die Kerkraad behoort te geskied. Die eiemagtige ingrepe van 'n *classis* by die afsetting van 'n Kerkraad, sonder om die Kerkraad daarin te ken, is volgens H H Kuyper in *De Heraut* 4 Mei 1923 in die Gereformeerde Kerkreg nie geoorloof nie: “Zoo iets behoort wel tot de bevoegdheden, die een hierarchisch ingericht genootschap aan zijn bestuurcolleges toekent, maar niet tot de bevoegdheid van een meerdere vergadering in een Gereformeerde Kerk” (Van Lonkhuysen 1924:14). Volgens H H Kuyper ontken Voetius (*Pol Eccl I*, 225 vv) nie dat in die geval van verderf die bestuursmag van die Kerkraad weggeneem kan word nie, maar dat dit dan alleen kan geskied deur die plaaslike kerk wat die mag aan die Kerkraad verleen het. Die *classis* kan hulp aanbied, maar die hulp bestaan nie daarin dat die *classis* die Kerkraad kan afset nie. Ingeval die hele gemeente afwyk, kan die *classis* nie anders as om die band met sodanige kerk tydelik of vergoed te breek nie.

2.3.3.4 H Bouwman (1863-1933)³⁰

H Bouwman het op 5 Februarie 1924 skriftelik aan Van Lonkhuyzen sy beskouinge met betrekking tot die afsettingsreg van *classis* deurgegee (Van Lonkhuyzen 1924:4). Dié skrywe was gepubliseer in *Onze Toekomst* van 5 Maart 1924. Bouwman stel dit in die skrywe volgens Van Lonkhuyzen (1926:66) duidelik dat die *classis* die gemeente kan help met die afsetting van kerkraadslede, indien die totale Kerkraad verdwaald of strydig met die reg van die kerk of die belydenis van die kerk handel: “Ook wel kon een classis, wanneer de kerkeraad geheel afgedwaald is of in strijd handelt met het recht der kerk en hare belijdenis, de gemeente helpen in het kiezen van een andere kerkeraad, maar de classis mag niet helpen in het kiezen van een anderen kerkeraad, maar de classis mag niet handelen zonder de gemeente.”

2.3.4 Die Grondbeginsels van die Doleansiekerkreg

Die volgende grondbeginsels van die Doleansiekerkreg kan uit bovermelde onderskei word:

1. **Christus as hoof van sy kerk:** Christus is die hoof van die gemeente. Die eenheid van die kerk lê vir die kerke van die Doleansie in die daadwerklike erkenning van Christus se koningskap en die eenheid in die Skriftuurlike leer; “*Christus is Hoofd van elke plaatselijke kerk en regeert die door ambtsdragers.* De apostelen ontvangen in Matth. 16:19 bij monde van de Heere Jezus de sleutelmacht... De gemeente te Jeruzalem wordt geregeerd door apostelen en ouderlingen (Hand 15:6)” (Golverdingen 2002:1).

³⁰ Dr H Bouwman (1863-1933), predikant te Berlikum 1893, Hattem 1897, emeritus 1903, hoogleraar Theologische School Kampen 1902-1933 (Van den Broeke 2005:228 en Van Staalduine 2004:24 voetnota 19).

2. **Die selfstandigheid van die plaaslike kerk:** Elke plaaslike gemeente is 'n *ecclesia completa* (volledig kerk), dit wil sê geen *pars ecclesiae*, of te wel geen deel van 'n groter instituut nie. Die plaaslike gemeente word nie as 'n afdeling van die landelike kerkgenootskap beskou nie. "Elke plaatselijke gemeente is een openbaring van het lichaam van Christus. De eerste gemeente ontstaat te Jeruzalem (Hand 3:47, 5:11)" (Golverdingen 2002:1).

3. **Die karakter van die kerkverband:** Die kerkverband het 'n konfederatiewe karakter wat deur vrywillige aansluiting van die plaaslike gemeente tot stand kom. Die Kerkraad het die reg om tot 'n kerkverband toe te tree en ook te onttrek wanneer hy goeie gronde daarvoor vind. Geen kerk mag deur 'n ander susterkerk tot toetrede of in die verband gedwing word nie.

Vrijwillig, maar niet vrijblijvend samenleven met andere gemeenten in een kerkverband. Het is de wil van Koning Christus, dat de gemeenten niet los van elkaar blijven leven, maar de eenheid van het lichaam van Christus openbaren door het samenleven in een nationale gemeenschap: het kerkverband. In Hand 15, dat het apostelconvent beschrijft, treffen we de eerste synodale vergadering aan.

(Golverdingen 2002:1)

4. **Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering:** Die meerdere vergaderings het geen selfstandige gesag aan hul deur Christus verleen nie. Die take en bevoegdhede van die meerdere vergadering word beperk tot dit wat die kerke self vrywillig ooreenkom. Die gesag van die meerdere vergadering is beperk tot die gesag en mag aan haar deur die kerkverband verleen "Niet het kerkverband, de landelijke kerk, maar de plaatselijke gemeente staat in het N.T. centraal" (Golverdingen 2002:1).

5. **Die tugreg ten opsigte van ampsdraers:** Die kerklike mag om die gemeente te bestuur, tug te handhaaf, predikante te beroep en kerkraadslede te kies, berus by die plaaslike gemeente.

- 6. Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergaderinge:** Die plaaslike gemeente is in die kerkverband verbonde aan die kerkorde en dus ook verbonde daaraan om die besluite van die meerdere vergadering na te kom met voorbehoud van strydigheid met die Skrif of die kerkorde.
- 7. Die bevoegdheid van die meerdere vergadering met betrekking tot wanbestuur:** In die geval van wanbestuur en of ongeneeslike verderf word die ekskommunikasiereg aan die sinodale vergadering van die kerke verleen.

2.4. Diskussies oor *oud kerkrecht* en *nuwe kerkrecht* (1926 -1941)

Gedurende 1926 tot 1941 was diskussies oor die *oud kerkrecht* en *nuwe kerkrecht* gevoer. Met die *oud kerkrecht* word bedoel die teenstanders teen die sinodale beleid, die kerkregtelike beginsels waarmee die leiers van die Doleansie van 1886 die verset van die plaaslike gemeentes teen die sinodale vergaderinge geregverdig het en wat vanaf 1892 tot 1926 die toon aangegee het vir die praktyk van die Gereformeerde Kerk (Van Staalduine 2004:21). Die voorstaanders van die *oud kerkrecht* beroep hul onder andere op die teks van die kerkorde van die Sinode van Dordrecht van 1618/16/19 en die kerklike praxis in die bloeitydperk van die Gereformeerde Protestantisme in die 16^{de} en 17^{de} eeu. Die *nuwe kerkrecht* daarenteen gee aan die meerdere vergadering meer gesag as wat sedert 1892 geldend was. In die konflik in die jare dertig en veertig beroep die beswaardes hul op die *oud kerkrecht*. In die gees van die *nuwe kerkrecht* word in die dertigerjare art 84 van die DKO in die kerkorde van die Gereformeerde Kerken in Nederland (=GKN) vasgelê wat ondermeer bevestig dat die meerdere vergadering regs persoonlikheid het (Van Staalduine 2004:21). Die beswaardes het geprotesteer teen die uitbreiding van die invloed van die meerdere vergadering, die neiging van Sinodes om hulself te verleng, die aanvulling van die agenda, die breë

tugreg van die meerdere vergadering asook die reg van die Sinodes om in die interne plaaslike aangeleenthede van die plaaslike gemeentes byvoorbeeld die afsetting van Kerkrade in die geval van wanbestuur in te gryp (Van Staalduine 2004:21). Sedert die Generale Sinode Assen 1926 kan twee strome in die diskussies oor die kerkreg onderskei word, te wete drr J van Lonkhuyzen, WA van Es, S Greijdanus aan die een kant en drr H H Kuiper en H Bouwman, ds Joh Jansen en M Bouwman aan die ander kant, laasgenoemde as nuwe stem in die diskoers. Na 1926 ontwikkel 'n kongregasionalistiese denke in die Gereformeerde Kerken in Nederland en handel die diskoers gaandeweg veral oor die landelike of te wel sinodale gesag teenoor die gesag van die plaaslike gemeente. Van Lonkhuyzen was van mening dat die besluit van Assen 1926 die *nuwe kerkrecht* ingevoer het.

2.4.1. Generale Sinode van Assen

Op 26 Maart 1924 het br H Marinus hom tot die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk te Amsterdam-Zuid gewend. Hy het beswaar gemaak teen die aanhaling oor die sonde van Adam en Eva wat dr J G Geelkerken in 'n preek op 23 Maart 1924 in Schinkelkerk gelewer het (Niemeijer 2002:15). Op die kerkraadsvergadering van 3 April 1924 het die Kerkraad die klag van br H Marinus as ongegrond verklaar. Marinus het op 13 Mei 1924 in hoër beroep by die *classis* gegaan. Op die Generale Sinode van Assen (1926) was die saak van dr J G Geelkerken³¹ gehanteer. Die Kerkraad van Amsterdam-Zuid het hul openlik aan die kant van dr J G Geelkerken geskaar. 'n Kerkregtelike wisseling het op Vrydag 12 Maart 1926 op die buitengewone Sinode van Assen plaasgevind. Onder meer was op die Sinode besluit om dr J G Geelkerken as predikant van die

Gereformeerde Kerken, op voorstel van die kommissielede bestaande uit hoogleraars dr H Bouwman, H H Kuyper en T Hoekstra, te skors (Deddens 1998:234). Verder het die Sinode besluit dat dr J G Geelkerken afgeset sou word as dit sou blyk dat hy hom nie wou onderwerp aan die sinodale skorsing nie. Sou hy daarin gesteun word deur sy Kerkraad, dan sou die betrokke ouderlinge en diakens, deur die Sinode afgeset word (Deddens 1992a:52). Indien ander predikante en Kerkrade hul aan die kant van dr J G Geelkerken en sy Kerkraad skaar, moes hul by volharding deur die betrokke *classis* afgeset word (Deddens 1998:234). Vyf dae later was dr J G Geelkerken en sy Kerkraad inderdaad deur die Sinode afgeset. Die besluit van die Sinode van Assen lui as volg:

De Generale synode overwegende, dat de kerkeraad van de Geref Kerk van Amsterdam-Zuid besluit de ouderlingen en diakenen, die medegewerkt of zich geconformeerd hebben aan te besluit van den Kerkeraad van 13 Maart om dr Geelkerken te handhaven in zijn ambtelijke bediening, uit hun ambt als ouderling of diaken te ontsetten, terwijl aan de Kerkeraad van Amsterdam wordt opgedragen met de broeders ouderlingen uit Amsterdam-Zuid, die aan deze openbare skeurmaking niet deel namen, ten spoedigste tot verkiezen van nieuwe ambtsdragers over te gaan, deze te bevestigen in hun ambt en aldus den Kerkeraad van Amsterdam-Zuid opnieuw te formeeren. ... Wanneer op andere plaatsen dan te Amsterdam-Zuid de predikanten of kerkeraden zich openlijk aan de zijde van dr Geelkerken en den schismatieken Kerkeraad mochten stellen, moeten de Classes terstond optreden om hen te vermanen en wanneer zij desnietteenstaande volharden hen schismatiek verklaren en afzetten.
(Acta generale synode Assen 1926 asook Van Lonkhuyzen 1926:5)

Prof dr Seakle Greijdanus het op die Sinode vir die afsetting van dr J G Geelkerken, (met voorbehoud), maar teen die afsetting van die Kerkraad gestem (Deddens 1998:235). Na aanleiding van die Geelkerken-saak het die Sinode van Assen 'n woord van vermaning aan die kerke gerig:

In een begeleidend schrijven aan de classes voegde de synode er de dringende aansporing aan toe 'dat de classes, zoo in het algemeen als ook inzonderheid bij de examina, naarstig zullen toezien, dat geenerlei leering in de kerken binnendringt, die met de letter of met den geest van bovengenoemde beslissing der synode in strijd is, en dus, hetzij op het hiergenoemde, hetzij op eenig ander punt, door een willekeurige Schriftuitlegging aan het gezag van 's Heeren Woord tekort doet.
(Van den Broeke 2005:275)

³¹ Dr J G Geelkerken (1879-1960), predikant te Epe 1911, Amsterdam-Zuid (Overtoom) 1915, gaan oor na die Gereformeerde Kerken in Hersteld Verband: Amsterdam-Zuid 1926, predikant van die Hervormde Kerk Amsterdam-Zuid, emeritus 1946 (Van den Broeke 2005: 233).

Op die Sinode van Assen was die *oud kerkrecht* verlaat toe Geelkerken as predikant van Amsterdam-Zuid en 'n groot deel van sy Kerkraad afgeset was. Die Kerkraad van Amsterdam-Zuid het geweier om die besluit van die Sinode van Assen (1926) te implementeer. Volgens die *oud kerkrecht* kon die Sinode die gemeente, Amsterdam-Zuid, buite kerkverband plaas (Van Staalduine 2004:25). Die Sinode het hul eger op Voetius *Pol Eccl IV* naamlik vraag 22 en 23 beroep. Teenoor Rutgers en De Savornin Lohman in die *Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken* (1886) se stellingname dat Voetius in vraag 22 en 23 die reg aan meerdere vergadering om Kerkrade af te set, ontsê, besluit die Sinode van Assen (1926) om die ontroue kerkraadslede af te set om sodoende die gesonde deel van die gemeente vir die kerkverband te behou. Volgens Rutgers en De Savornin Lohman (1887:37) was prinsipiël slegs die plaaslike kerk bevoegd om ontroue kerkraadslede af te set.

Van Staalduine (2004:25) beskou die kerklike adviseurs, H H Kuyper en H Bouwman, as verantwoordelik vir die koerswending van die *oud kerkrecht* na die *nuwe kerkrecht*. By herbestudering van Voetius het hulle besef dat die interpretasie van Rutgers van vraag 22 en 23 ook vir ander uitleg vatbaar was. H H Kuyper het in sy reeks artikels, *Napleiten*, in *De Heraut* 2830-2842 toegegee dat hy Voetius op voetspoor van Rutgers verkeerd gelees het. H Bouwman het dit in sy *Gereformeerde Kerkrecht deel 11* (1934:80) erken dat die voorstelling van Rutgers van Voetius onjuis, independentisties gekleur en dat die meerdere vergaderinge nie tot sy reg kom nie. Volgens die Gereformeerde kerkreg soos van toepassing in die GKN tot en met Assen (1926) was dit onmoontlik vir óf die *classis* óf die Sinode om 'n Kerkraad af te set. Reeds gedurende 1923 het beide drr H H Kuyper en H Bouwman daarteen stelling

ingeneem. Op 6 Mei 1923 het dr H H Kuyper dit in *De Heraut* dit prinsipieel afgewys dat die meerdere vergadering 'n Kerkraad kon afsit.

Tot 1926 het H H Kuyper die Doleansie kerkregbeginsels onverswak verdedig. Hy het ondermeer die idee van een landskerk waarvan mens lid sou kon wees, afgewys as deur en deur kollegialisties en dat dit nie tuis hoort in die Nederlandse Gereformeerde Kerken nie (Deddens 1992:50-51). Volgens die Gereformeerde kerkreg is die plaaslike Gereformeerde Kerke elkeen met volkome outonomie of selfregering bekleed en tree vrywillig in 'n konfederatief verband met mekaar. Elke plaaslike kerk is volkome selfstandig en is dus 'n kerk in die volste sin van die woord. Die gelowige behoort dus nie tot 'n landskerk nie, maar is lidmaat van die plaaslike kerk.

Greijdanus toon in sy artikel, *Over Gereformeerde kerkrecht* (1943a: 12-15, 18-21) dat H H Kuyper van die veronderstelling uitbeweeg dat die hoogste mag by die Kerkraad berus. Daar is bo die Kerkraad geen enkele hoër mag dan die mag van Christus alleen nie. Die *classis* en Sinode staan nie bo die Kerkraad nie, maar benede, aldus H H Kuyper (Deddens 1992a:50-51). Dit is nie 'n opklimmende mag sodat die Kerkraad die minste mag en die *classis*, Provinsiale Sinode en die Generale Sinode die hoogste mag het nie.

Deddens toon in sy *De Gereformeerde Kerken in Nederland: Een bond van kerken, geen kerk* aan dat juis die omgekeerde is volgens H H Kuyper waar: die hoogste mag berus by plaaslike kerk en daal trapsgewys af na die *classis*, die Provinsiale Sinode en die Generale Sinode (Deddens 1992a:50-51). Die verband berus volgens Kuyper op 'n vrywillige akkoord. Juridies het die kerke die volle reg om die band met die kerkverband

te verbreek, wanneer sy dit nodig ag. Volgens H H Kuyper vóór 1926, is geen *classis* volgens die Gereformeerde kerkreg bevoegd om die inisiatief te neem met betrekking tot die kerklike sensuur van veral ampsdraers nie. Met betrekking tot die wanbestuur van 'n Kerkraad, was H H Kuyper voor 1926 van mening dat die primordiale tugreg die gemeente toekom, wat in die onderhawige geval sulke ampsdraers afset en ander in hul plek benoem (Deddens 1992a:52).

H H Kuyper was voor 1926 van mening dat selfs al sou 'n hele Kerkraad afvallig wees, dan is die meerdere vergadering nie bevoegd om sodanige verdorwe Kerkraad eiemagtig af te sny nie. Hy was toe van mening dat die gemeente, wat die persone tot die amp geroep het, die bevoegdheid het om hul die bestuursmag te ontsê. Die meerdere vergadering kan slegs hulp bied, maar kan nie daadwerklik 'n ander Kerkraad in die plek van die ontroue Kerkraad kies nie: "In de hier gegeven antwoorden manifesteert zich opnieuw de overeenstemming in de gereformeerde kerkrechtelijke beginselen" (Deddens 1992a:52).

2.4.2. Kerkregtelike polemieks na die Sinode van Assen (1926)

Onmiddellik na die Sinode van Assen (1926) het 'n kerkregtelike polemieks losgebreek. Verskeie teoloë, onder andere dr J van Lonkhuyzen en dr W A van Es, het aan die diskoers deelgeneem en het 'n groot rol gespeel in die verdere ontwikkeling van die Doleansiekerkreg.

2.4.2.1. Dr J van Lonkhuyzen (1873-1942) ³²

Dr J van Lonkhuyzen van die Christian Reformed Church in Chicago, het die besluit van die Sinode van Assen as 'n oorgaan na die *nuwe kerkrecht* beskou. Hy het onmiddellik na die uitspraak 'n artikel, *Een Ernstige Fout*, in die *Gereformeerde Theologisch Tijdschrift* geskrywe waarin hy op die besluit van die Generale Sinode te Assen insake die afsetting van kerkraadslede van Amsterdam-Zuid prinsipiële beswaar gelewer het: “De Synode, een meerdere vergadering, zet een mindere vergadering, zet een kerkraad af! We wreven onze oogen uit of we het wel goed gelezen hadden. Want zoo iets kan toch niet! Kan wel in Roomsche of Herv Kerk, maar toch niet in Geref Kerken! En kan toch niet gedaan zijn door de zoo voor de waarheid strijdende synode der huidige Nederlandse Geref. Kerken” (Van Lonkhuyzen 1926:3-4). Van Lonkhuyzen (1926:5) is van mening dat die Sinode van Assen teen een van die grondbeginsels van “ons” kerkreg gesondig het. Hy toon onder meer aan dat die besluit van Assen met betrekking tot die afsetting van die Kerkraad, strydig was met die aard van die Gereformeerde kerkverband soos dit uit die Woord van God, die Belydenis, die kerkorde, die geskiedenis van die Gereformeerde kerke asook met die outoriteite van kerkregkundiges, soos Voetius, geken word.

Volgens Van Lonkhuyzen (1926:13-14) word die selfstandigheid van die plaaslike kerk (Nederlandse Geloofsbelydenis (=NGB) art 28, 30, 32) verder uitgewerk in die Dordtse Kerkorde (=DKO). Van Lonkhuyzen gaan van die voorveronderstelling uit dat die selfstandigheid en outonomie van die plaaslike kerk, soos uitgedruk in art 84 van die

³² Dr J van Lonkhuyzen (1873-1943), predikant Wilnis 1899, Aarlanderveen 1902, Nederlandse Kerken van Argentinië (Zuid-Amerika) 1908, Rijswijk (Z.H.) 1909, gaan oor na die Christian Reformed Church in Verenigde State van Amerika 1911-1918, Zierikzee 1928-1939, emeritus 1939 (Van Staaldune 2004:27 sien voetnota 31)

DKO, 'n fundamentele beginsel van die Gereformeerde kerkverband is en staan afwysend teen enige vorm van heerskappy:

Heerskappy is rechte as heer besitten of uitoefen over iets. Een heer beveelt, een heer vernietig wat nie na sy wens is. Het is, in dit geval, een bevel van een meerdere vergadering jens een mindere, het is auctoritate sua vernietigen of "casereen" van het besluit van een mindere vergadering. En alleen zijn het over een dat dat dit nie kan. Noch het bevelen kan, noch het vernietigen kan. Dit kan wel bij hiërarchie en collegialisme, maar nie in het Geref. stelsel van kerkrecht.

(Van Lonkhuyzen 1926:16)

Art 36 van die DKO gaan volgens Van Lonkhuyzen (1926:17) teen elke vorm van independentisme in: "Hetzelve zeggen heeft de klasse over de kerkenraad, hetwelk de Particuliere Synode heeft over de klasse, en de Generale Synode over de Particuliere." Volgens art 36 het die meerdere vergadering wel seggenskap, maar dit is geen seggenskap in die sin van heerssug nie. Dit is ook nie bestuurs- of regeermag of blote adviserend mag nie. Die mag van die meerdere vergadering word, aldus Van Lonkhuyzen (1926:17), beperk deur art 31 van die DKO:

Zo iemand sich beklagt door de uitspraak der mindere vergadering verongelykt te zijn, dezelve zal sich tot een meerder kerkelijke vergadering beroepen mogen; en hetgeen door de meeste stemmen goed gevonden is, zal voor vast en bondig gehouden worden, tenzij dat het bewezen worde te strijden tegen het Woord Gods, of tegen de artikelen in deze Generale Synode besloten, zo lang als dezelve door geen andere Generale Synode veranderd zijn.

(Van Lonkhuyzen (1926:17)

Die meerdere vergadering kan dus bindende besluite maak, mits dit nie strydig is met die Woord van God of die kerkorde nie. Volgens Van Lonkhuyzen kan die gesag van die Kerkraad nie na die meerdere vergadering oorgedra word nie: "Kerkeraad en meerdere vergaderingen zijn ongelijksoortige machten. Door de macht over te dragen zoude ge de klasse of synode kunnen laten doen 'wat des kerkraads' is" (Van Lonkhuyzen 1926:22). 'n Meerdere vergadering kan wel 'n besluit van 'n mindere vergadering afkeur, maar die saak moet dan volgens Van Lonkhuyzen terugverwys word na die Kerkraad of *classis* vir hantering. Sodoende word die selfstandigheid van die mindere vergadering erken. Die Gereformeerde kerkverband is 'n konfederasie, waaraan die

selfstandige plaaslike gemeentes vrywillig toetree en saamwerk. Die gesag van die meerdere vergadering is dus nie heerskappy nie, maar volgens Van Lonkhuyzen “saamgebrachte macht.” Van Lonkhuyzen (1926:27) toon aan dat die Kerkraad haar reg en gesag in die gemeente behou en nie daarvan beroof kan word deur *classicale* besluite nie. In die geval van wanbestuur kan die kerkverband die getroue deel van die gemeente help met die kies van ’n nuwe Kerkraad, maar die gemeente of die getroue deel van die gemeente doen die afsetting en nie die meerdere vergadering nie: “Zij en niemand anders! Help haar zoover ge kunt, maar zij doet de afzetting. Aan haar en haar alleen heeft de Heere die macht gegeven” (Van Lonkhuyzen 1926:29). Wanneer ’n kerk haar hardnekkig verhard en afwyk, dan behoort sy volgens Van Lonkhuyzen (1918:33- 48) afgesny te word van die susterskerke en nie afgeset te word nie. Volgens Van Lonkhuyzen (1918:33-48) is die afsetting van ’n Kerkraad deur ’n meerdere vergadering in stryd met die geskiedenis van die Gereformeerde kerke in Nederland en met die getuienisse van manne wat as outoriteite op die gebied van die Gereformeerde Kerkreg geag word. Hy haal ondermeer aan uit *Pol Eccl IV*, 226 van Voetius “*canonicus par excellence*” aan (1926:48). In 1926 lewer Van Lonkhuyzen kommentaar op die *Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken (1886)* en veral met betrekking tot die interpretasie van Rutgers en De Savornin Lohman van Voetius se *Pol Eccl IV*, 226-229, vroeë 22 en 23. Van Lonkhuyzen beskryf *Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken* in 1926 as volg:

Heel dat werk is een doorlopende protest niet maar tegen het initiatief nemen der synodale besturen, maar tegen de aanrading van “het recht en de vrijheid der kerken” Een bestrijden van de afzettingen der kerkeraden, zoowel om het materieele (het zich houden der kerkeraden aan Gods Woord), als om het formeele (het hierarchische karakter).

(Van Lonkhuyzen 1926:61)

Van Lonkhuyzen (1926:32) dui aan dat die bestuursmag kan in die geval van nood en verderf, volgens Rutgers en De Savornin Lohman, alleen in die *Rechtsbevoegdheid*

onzer Plaatselijke Kerken deur die kerk(plaaslike gemeente) permanent of tydelik van Bedienaars van die Woord of ouderlinge ontnem word. Voetius staan volgens Rutgers en De Savornin Lohman in *Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken* afwysend teenoor die eimagtige ingrype van 'n *classis* in die plaaslike kerk, selfs in die tye van nood en verderf: “Zegt hij juist integendeel dat alleen de kerk (of gemeente) de bevoegdheid heeft om in zoodanig geval de bestuursmacht aan de dienaars en ouderlingen voor goed of tijdelijk te ontzeggen” (Van Lonkhuyzen 1926:32). Met die woord “*alleen*” korrigeer Rutgers en De Savornin Lohman volgens Van Lonkhuyzen (1926:61) 'n foutiewe aanhaling van Voetius. By diegene wat die kerklike mag verleen het, berus dus volgens Rutgers, met verwysing na Voetius, alleen die wettige bevoegdheid om die kerklike mag weg te neem. Indien moontlik, kan die plaaslike kerk wel die hulp van aan-haar-sinodaalverbonde kerke inroep. Rutgers en De Savornin Lohman verwerp volgens Van Lonkhuyzen (1926:61) die idee van Kleyn dat die kerkorde aan die *classis* die bevoegdheid verleen om Kerkrade af te set.

Van Lonkhuyzen (1926:10) stel dit dat die plaaslike kerk 'n selfstandige openbaring van Christus se liggaam is en dat die Skrif leer dat selfstandige plaaslike kerke verband met mekaar moet soek. Die plaaslike gemeente is dus aan die eenkant 'n selfstandig, komplette openbaring van Christus, maar is aan die anderkant ook deel van 'n groter geheel. Van Lonkhuyzen (1926:11) is van mening dat die twee lyne stewig vasgehou behoort te word. Die verband neem egter die selfstandigheid van die plaaslike gemeente nie weg nie. Die plaaslike gemeente hanteer haar eie sake (Hand 1:33), kies haar eie ampsdraers (Hand 6), haar eie verteenwoordigers (2 Kor 8:18) en oefen tug uit (Gal 1:6).

Geen heerschappij over de andere kerken van Christus of zijne apostelen verkregen. Ze zullen op elkander toezicht hebben, ook elkander vermanen, ook over elkander tucht uitoefenen. Maar ook voor deze tucht geldt als niets help het woord: “Scheidt u af van dezulken.” En: Zegt tot het niet: Wees gegroet. Dat is: Ontvangt ze niet als broeders. Dat is, excommuniceer ze voor zoover uw broederschap aangaat. Dat is zet ze uit uw kerkverband. Maar niet: Dring in elkanders huishouden in. Maar niet: Ga eigenmachtig over den drempel en zeg tot de ambtsdragers in zulk een huis: Ga zit ten daar en ik zal hier regeeren en over u regeeren.

(Van Lonkhuyzen 1926:11)

Voetius spreek oor die mag van die meerdere vergadering soos volg in *Pol Eccl I*, p226 soos volg: “*non pricative, sed cumulative*” nie berowend, maar samevoegend. (Rutgers & De Savornin Lohman 1986:43 en 188). Voetius stel dit in *Pol Eccl I*, 226 dat die Sinode wel ’n sekere gesag het naamlik, ’n mag wat nie oorspronklik is nie, maar afgeleid; saamgesteld en byeengevoeg, nie enkelvoudig nie, maar uit meer kerke bestaan: “En de macht van alle dienaren samen, van alle lede der gemeente te zamen vergeleken met de macht en vrijheid van ieder lid op zich zelf; en de kracht van tien menschen samen vergeleken met die van elk der tien op zichzelf” (Van Lonkhuyzen 1926:26).

In die Gereformeerde kerkreg is daar volgens Van Lonkhuyzen (1926:53) geen subordinasie of hoërhowe wat kan vernietig en kan afset nie. Van Lonkhuyzen stem saam met Rutgers dat Voetius alleen die reg aan die plaaslike kerk gegee het om ’n Kerkraad af te set. Van Lonkhuyzen (1926:58) erken dat die kerkregeringstelsel onder die Skote en Engelse Presbiterianisme en die Nederlandse Gereformeerdes verskil: “We willen niet zeggen dat het Presbyteriaansch kerksysteem geheel overeenkomsyt met dat van de Gereformeerden in Nederland. Het Calvinistisch systeem van kerkregering en kerkverband is in het eene land beter uitgewerkt dan in andere.”

Die Engelse Presbiteriane ken meer gesag toe aan die meerdere vergadering as die Skotse Presbiterianisme. Die Presbiteriane, op hul beurt, ken meer en ’n ander mag toe

aan die meerdere vergadering as die Gereformeerdes: “Een macht als de kerkenraden hebben over de gemeente. Er is een “subordinatie”, de meerdere vergaderingen kunnen de besluite der mindere vernietigen, waarschijnlijk bij wanbestuur ook ambtsdragers afzetten” (Van Lonkhuyzen 1926:58-59).

Niemand kan volgens Van Lonkhuyzen (1926:63) ontken dat Kerkrade wel afgeset kan word nie, maar die afsetting moet op voetspoor van die metode van Voetius en wat weer in 1886 deur Rutgers in *Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken (1886)* beklemtoon was, geskied, dit wil sê deur middel van die gemeente of deur die troue deel wat oorgebly het. Die kerkverband kan help, maar die reël geld dat wie aangestel het, het die mag om af te set (Van Lonkhuyzen 1926:64). Van Lonkhuyzen (1926:71) is van mening dat in die tug teen ’n onwillige Kerkraad in die Gereformeerde kerke moet beide die selfstandigheid van die plaaslike kerk asook haar vrywillige toetreding tot die kerkverband erken word: “Een kerkverband waarin de kerken beloven al het beslotene voor vast en bondig te houden tenzij het strijden mocht met Gods Woord of de aangenome kerkenorde.”

Daar is dus geen bestuur hoër as die Kerkraad nie. Die meerdere vergadering kan wel die broederskap verbreek, die verband verbreek, dit wil sê uitsetting en nie afsetting nie. Van Lonkhuyzen is van mening in *Een ernstige fout* dat die posisie van die selfstandigheid van die plaaslike gemeente in kerkverband aangetas is, die posisie van die Kerkraad ondergeskik gemaak is, en die mag van die meerdere vergadering verander is by die Sinode van Assen (1926) en waarsku met reg dat meer kan volg:

Want als dit afsetten als Assen deed kan, dan kan er meer geschieden. En moet er meer volgen. Dan hebben we een verkeerd beginsel binnengeloodst. En beginselen werken door en nu moge men misschien dit getuigenis zoeken te smoren – het is niet

gemakkelijk van een eenmaal ingeslagen pad terug te keeren – maar de tijd zal ons gelijk geven.

(Van Lonkhuyzen 1926:79)

Van Lonkhuyzen (1931d:263) beskou art 84 van die DKO as die hoeksteen van die Gereformeerde kerkreg naamlik: “Geen kerk sal over een andere kerk heerschappij hebben. (*Nulla ecclesia supra ecclesiam*).” Art 84 verwerp volgens Van Lonkhuyzen die supremasie van die moederkerke of katedraalkerke. Van die vernietiging van ’n besluit van die plaaslike kerk, is daar na die Gereformeerde kerkreg volgens Van Lonkhuyzen geen sprake nie (1931d:264). Die saak behoort volgens Van Lonkhuyzen deur ’n meerdere vergadering na ’n mindere vergadering terugverwys word. Met betrekking tot die konfederatiewe karakter van die verhouding tussen die meerdere en mindere vergadering, is daar volgens Van Lonkhuyzen (1931d:264-269) wel ’n eiesoortige gesag in die meerdere vergadering gesetel. Daar is dus ’n prinsipiële onderskeid tussen die gesag van die Kerkraad en die gesag van meerdere vergadering. Van Lonkhuyzen (1931d:267) is van mening dat die suiwer lyn deur uitsetting en nie afsetting nie, loop: “Een kerk die deze belofte niet nakomt verbreek daarmee ipso facto den eisch der foederatie, staat er buiten. ge-excommunikeer zoover het kerkverband aangaat.”

Sedert sy terugkeer na Nederland as predikant te Zierikzee (1928-1939) het Van Lonkhuyzen die stryd teen die *nieuwe kerkrecht* kragtig voortgesit. ’n Reeks artikels deur hom het onder andere in die *Gereformeerde Teologische Tijdschrift* verskyn. Hy dui onder andere in 1931 in sy artikel *Iets over Geref Kerkrecht* aan dat die Gereformeerde kerkreg verder gaan as die Dordtse Kerkorde (Van Lonkhuyzen 1931a:353-361). Hy dui onder meer aan dat daar verskeie variante van die Gereformeerde kerkreg bestaan, byvoorbeeld Hollandse Gereformeerde kerkreg, Franse Gereformeerde kerkreg, Skotse Gereformeerde kerkreg, ensovoorts. Daar is wel beginsels, maar ’n uitgewerkte stel

bepalinge wat as die Gereformeerde kerkreg saamgevat kan word, bestaan volgens Van Lonkhuyzen nie. Hy toon onder andere die ooreenkomste tussen die Hollandse Gereformeerde Kerkorde, beter bekend as die Dordtse Kerkorde en die Franse Gereformeerde Kerkorde aan: dieselfde ampte, organisasie van die gemeente onder 'n kerkraad, die meerdere vergadering waar die gemeentes byeenkom, die *classis* (ook *colloquia* genoem) provinsiale sinode, generale sinode, dieselfde beginsel van gelykheid, (dat geen predikant oor 'n ander mag heers nie, geen kerk oor 'n ander mag heers nie), dieselfde oorweging in sinodale besluite word in die Nederlandse kerkorde teruggevind (Van Lonkhuyzen 1931a: 353-361). Hy toon in sy opvolgartikel *Onderschied in Geref. Kerkrecht* (1931b:418) dat die Franse Kerkreg met die Nederlandse Kerkreg verskil met betrekking tot die feit dat aangenome kinders en kinders van geëkskommunikeerders gedoop mag word, die visitatore deur die Sinode aangestel word, ouderlinge en diakens vir 'n onbepaalde termyn gekies word, die beroep van die provinsiale sinode na die generale sinode nie toelaatbaar was nie, behalwe in die geval van appèl in geval van die skorsing en afsetting van predikante, ouderlinge en diakens, die verplasing van predikante na 'n ander provinsie asook oor sake wat betrekking het op die leer van die kerk. In die Franse Gereformeerde kerkreg het die Provinsiale Sinode onder meer die reg gehad om predikante aan te stel, te stuur, te verplaas en te leen aan plaaslike gemeentes (dit wil sê tydelike te plaas) (Van Lonkhuyzen 1931b:418-431).

Die tug oefening van die Generale Sinode van die Franse Kerke en die Nederlandse Gereformeerde Kerke oor die mindere vergadering verskil (Van Lonkhuyzen 1931c: 459-478). Die Generale Sinode van die Franse Kerke het onder andere die mag gehad om die besluite van die mindere vergadering te vernietig, sensuur oor Kerkrade uit te oefen deur ernstige vermaning en bedreiging van summiere afsetting van predikante en

ouderlinge, briewe aan plaaslike kerke te rig om “haar te oortuig van haar kwaad” (Van Lonkhuyzen 1931c:467). By die Franse Kerke kom nie alleen afsetting nie, maar ook uitsetting uit die kerkverband voor.

Van Lonkhuyzen (1931d:258) stel dit in sy artikel *In eigen rechte lijn* wat in die *Gereformeerde Theologisch Tijdschrift* gedurende November 1931 verskyn het duidelik dat die plaaslike kerk die plaaslike openbaring van die liggaam van Christus is. Hierdie plaaslike openbaring van Christus soek ook verband met mekaar. Die kerkverband doen volgens Van Lonkhuyzen (1931: 259) nie die kerke geweld aan nie. Uit die artikel 30 en 32 van die DKO toon Van Lonkhuyzen dat die selfstandigheid van die plaaslike kerke nie deur die kerkverband prysgegee word nie:

De kerken verliezen in het verband niet haar zelfstandigheid -:

- a. Ze behouden haar eigen regeering (art 30), krijgen geen hooger bestuur over zich (art 32)
- b. Ze maken zelve haar ordinantiën (art 32),
- c. zij oefen ieder voor zich keur uit bij maken of aannemen dier ordinantiën (art 32),
- d. niets word van boven tegen haar wil opgedrogen (art 32),
- e. Zij beloven vrijwillig te nemen en te houden de regels welke zij met elkander maken, tenzij deze strijden mochten tegen de gehoorzaamheid welke ze Gode schuldig zijn (art 32).

(Van Lonkhuyzen 1931d:262)

2.4.2.2. Dr WA van Es (1871-1959)

Na die afsetting van die ouderlinge en diakens van Amsterdam-Zuid, het ook dr WA van Es, predikant te Leeuwarden (1904-1939) sy kerkregtelike beswaar teen die afsetting ingedien. Van Es was van mening dat die besluit van die Sinode van Assen (1926) “in strijd was met die Kerkorde,” aangesien volgens art 79 die afsetting van ouderlinge en diakens met medewerking van die naasliggende gemeente tot die bevoegdheid van die plaaslike kerkraad, behoort te geskied: “Afsetting van ouderlingen en diakenen door een generale synode was naar ons gevoelen een *prijsgeven van de beginselen der Doleantie.*”

(Deddens 1992a:53). Hy was van mening dat indien die hele gemeente 'n ontroue Kerkraad volg, dan moet van die kant van die kerkverband, die band met die plaaslike kerk verbreek word. Na dr J van Lonkhuyzen was dr W A van Es self jare lank die belangrikste opponent van die *nuwe kerkrecht*. Van Es het gedurende 1926 'n reeks artikels, *Ons gevoelens*, geskryf wat in die *Leeuwarder Kerkbode*, gedurende 1926-1929 verskyn het. Kerngedeeltes uit die artikels kom in 'n gewysigde vorm voor in sy artikel, *Over de bevoegdheid tot schorsing van ouderlingen en diakenen*, wat in die *Rapport inzake het tuchtrecht der meerdere vergaderingen (1946)* verskyn het.

2.4.2.3. Dr H H Kuyper (1864-1945)

Gedurende 1932 het dr H H Kuyper verklaar in sy 13 artikels, *Napleiten*, dat hy by noukeurige lees van Voetius se *Politica Ecclesiastica* agtergekom het dat Rutgers die bedoeling van Voetius nie juis weergegee het nie (*De Heraut* 2834). Hy het gedurende 1937 as die promotor van M Bouwman, wat gepromoveer het met 'n dissertasie oor *Voetius over het gezag der synode*, opgetree. In sy artikel, *Voetius over het gezag der synoden* beveel hy dr M Bouwman se dissertasie, *Voetius over het gezag der synoden*, aan vir predikante en in besonder vir die wat kerkreg bestudeer. Kuyper beskou die dissertasie as 'n proefskrif met blywende waarde:

Het is mij bijzonder aangenaam, dit proefschrift van mijn leerling, als wiens promotor ik optrad, om daarmee mijn actieven dienst aan de vrije universiteit te eindigen, in De Heraut te mogen aankondigen want hoe men ook over de conclusies, waaroe dr Bouwman kwam, moge denken, aan de grondigheid van zijn wetenschappelijk onderzoek en den ernst, waarmede hij zijn taak heeft opgevat, zal wel niemand lof onthouden... zoo is deze dissertatie niet alleen een kostelijke bijdrage om ons Voetius kerkrechtelijke standpunt beter te doen verstaan, maar ze kan ook dienen als tegenweer tegen Independentistische strevingen in onze Kerken ... voor onze predikanten en inzonderheid degenen, die kerkrecht bestudeeren, heeft dit proefschrift daarom blijvende waarde, waarom we het dan ook van harte aanbevelen.

(*De Heraut*, nr 3102 4 Julie 1937)

2.4.2.4. Dr H Bouwman (1863-1933)

Bouwman (1929:1) is van mening, in sy artikel, *De beginselen van ons gereformeerde kerkrecht in de zaak Geelkerken*, wat in *De Bazuin* van Vrydag 16 Julie 1929 verskyn het, dat wanneer 'n tugsak soos die saak-Geelkerken op die meerdere vergadering gebring word, die meerdere vergadering die reg tot skorsing en tug het. Aangesien die saak van Geelkerken dus wettig op die Sinode gekom het, lê die beslissing van die saak by die Sinode. Volgens H Bouwman het die Sinode dus tugreg. Hy verwys dat in die kerkgeskiedenis beide maniere van tug voorgekom: naamlik die verbreking van die kerkverband met die kerk en afsetting. Die Remonstrante kerkraadslede was byvoorbeeld deur die Sinode van Dordrecht 1618/1619 afgeset. Op die Sinode van Leiden was 55 Remonstrante predikante afgeset en 'n tweetal Kerkrade, naamlik dié van Rotterdam en dié van Gouda was geskors en uiteindelik ook afgeset. Bouwman het reeds dié beginsel gedurende 1905 toe die kwessie van N Pekela op die Sinode hanteer is, kragtig verdedig. Die Generale Sinode mag volgens Bouwman nie doen wat die Kerkraad behoort te doen nie. Ook die *classis* mag nie optree asof daar geen Kerkraad is nie. In die Gereformeerde kerkreg val die mag van die kerk, in die geval die algehele verdorwenheid van die Kerkraad, terug na die gemeente. In so 'n geval verleen die *classis* slegs hulp dat 'n ander Kerkraad in die plek van die ontroue gekies word. In sy *Gereformeerde Kerkrecht Deel II* (1934:17-18) stel H Bouwman dit duidelik dat die Kerkraad oor die eintlike mag beskik en dat die meerdere vergaderinge daarteenoor slegs afgeleide mag beskik.

Die meerdere vergadering het volgens H Bouwman geen selfstandige, eie kerklike mag nie. Die meerdere vergadering het volgens H Bouwman (1934:20-21) nie hoër gesag of bestuursmag nie. Die seggenskap van die meerdere vergadering berus daarop dat

die kerke vrywillig met mekaar 'n kerkverband aangaan en dat hulle ooreenkom om die besluite van die meerdere vergadering uit te voer. Indien 'n besluit in stryd met Gods Woord is, mag die kerke dit nie gehoorsaam nie (art 31 DKO). Christus skenk volgens H Bouwman aan die plaaslike kerk die volledige kerklike mag, naamlik die bediening van die Woord en sakramente, die regeermag en die oefening van die kerklik tug (1934:22). H Bouwman (1934:22) beklemtoon dat daar 'n onderskeid tussen die mag van die Kerkraad en die mag van die meerdere vergadering bestaan. Daar is volgens H Bouwman (1934:22) 'n prinsipiële verskil tussen die mag van die Kerkraad en die mag van die meerdere vergadering, naamlik in oorsprong, wese, duur asook doel. Die Sinodes en *classis* besit volgens H Bouwman geen eie mag nie, behalwe dit wat aan haar oorgedra is. Die plaaslike kerk besit die eintlike en wesenlike mag en die *classis* en Sinode besit die ontleende en *accidentele* mag. Die Kerkraad is permanent terwyl die *classis* en meerdere vergadering slegs tydelik vergader en daarna ophou bestaan. Die Kerkraad bestaan nie ter wille van die meerdere vergadering nie, dog die meerdere vergadering bestaan ter wille van die welsyn van die kerk om die kerk van raad en leiding te dien. Die *classis* het nie dieselfde seggenskap oor die Kerkraad as wat die Kerkraad oor die gemeente het nie. Die seggenskap van die Kerkraad oor die gemeente is van 'n ander aard as die van die *classicale* vergadering oor die Kerkraad en die seggenskap van die Sinode oor die *classis* (Greijdanus 1943:18-21). Bouwman is van mening dat die wyse waarop Rutgers Voetius aangehaal het in sy boek *Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken*, aanleiding gegee het tot die misverstand asof die Sinode nooit selfstandig met die tugreg teenoor kerkraadslede kan optree nie:

De wijze, waarop Prof Rutgers in het boek, door hem met prof Lohman geschreven, citaten van Voetius aanhaalt in de bestrijding van Dr HG Kleyn, heeft aanleiding gegeven, zoodat licht de indruk kon gevestigd worden, alsof de Synode nooit zelfstandig met de tucht optreedt tegen kerkraadsleden, ook wanneer een geschil organisch naar de meerdere vergadering is gebracht.

(Bouwman 1928: 80)

Dit lei daartoe dat die Gereformeerde kerke vir 'n lang tyd die mening toegedaan was dat Sinodes slegs uitspraak mag lewer, maar sodanige uitsprake nie in die praktyk self kan implementeer nie. Die implementering van besluite en/of uitsprake moes die Sinode oorlaat aan die *classis* of die plaaslike Kerkraad om tot uitvoering te bring. Deur nadere bestudering van die *canonici*, veral Voetius, en van die handeling van die Sinodes, erken Bouwman het hy tot die insig gekom dat die voorstelling van Rutgers nie juis is nie, independentisties gekleur is en dat die meerdere vergadering nie tot sy reg kom nie (Bouwman 1934:80). H Bouwman het hom volgens M Bouwman later by dr H H Kuyper se gewysigde standpunt met betrekking tot Voetius se opvatting oor die tugreg van die meerdere vergadering aangesluit (Bouwman 1937:7).

2.4.2.5 Ds Joh Jansen

Reeds in *De Heraut* van 14 Februarie 1926 noem Kuyper vir Joh Jansen 'n volkome betroubare gids vir die volk met betrekking tot die Gereformeerde kerkreg (Van Lonkhuysen 1926:69). In sy brosjure *De beginselen van ons Geref kerkrecht in de zaak Geelkerken* wat in die Christelike Brochurereeks "*Ons Arsenal*" onder redaksie van dr H Kaajan en Dr J Waterink verskyn het, asook in sy referaat met die tema *Het tuchtrecht der meerdere vergaderingen* gelewer op 'n Gereformeerde predikantekonferensie van 11-12 April 1928 het Jansen (1928:1-48) sy nuwe kerkregtelike standpuntinname verdedig. Joh Jansen lewer in sy *De Beginselen van ons Gereformeerde Kerkrecht in de zaak Geelkerken (1926)* kommentaar op Van Lonkhuysen en andere se standpunte met betrekking tot die besluit van Assen. Die beswaar teen die besluit van die Sinode van Assen om dr Geelkerken te skors en af te set was dat die Sinode alleen uitspraak kon lewer oor die onderhawige saak en die Kerkraad van Amsterdam-Zuid kon

adviseer om in samewerking met die naburige Kerkraad oor te gaan tot die skorsing van dr Geelkerken, maar dat die eventuele afsetting oorgelaat moes word aan die *classis* van Amsterdam (Jansen 1926:5). Die probleem ontstaan volgens Joh Jansen indien die Kerkraad sou weier om die besluit te implementeer.

Volgens Jansen (1926:8) word die grense van die bevoegdheid van die mindere vergadering duidelik in art 79 van die DKO bepaal. Volgens Jansen (1926:8) lê die bevoegdheid om 'n Bedienaar van die Woord in sy diens te skors, nie uitsluitlik en alleen by die *classis* met die in art 11 genoemde deputate van die Partikuliere Sinode nie. Art 79 van die DKO bepaal dat die skorsing nie deur die Kerkraad alleen nie, maar deur beide Kerkrade moet plaasvind asook dat die afsetting nie deur beide Kerkrade nie, maar deur die *classis* behoort te geskied (Jansen 1926:8). Art 79 beperk volgens Jansen (1926:13) nie die tugreg van die meerdere vergadering nie, maar beperk wel die tugreg van die mindere vergadering.

2.4.2.6. Ds O Noordmans (1871-1956)³³

Noordmans (1932:4), 'n predikant van die Hervormde Kerk, het hom ook gedurende die diskoers uitgespreek oor die ontwikkelinge in die Gereformeerde Kerken in Nederland. Hy was van die begin af betrokke by 'n beweging in die Hervormde Kerk genaamd *Kerkopbouw* en het volgens Kronenburg (2003:86) 'n groot invloed daarin gespeel. “Kerkopbouw was in zekere zin de tegenhanger van het in 1930 door Th.L. Haitjema opgerichte Nederlandsch Hervormd Verbond tot Kerkherstel, dat een overwegend confessioneel karakter droeg” (Kronenburg 2003:83).

³³ O Noordmans (1871-1956), predikant van die Hervormde Kerk te Idsegahuizen en Piaam 1903, Suameer 1910, Laren (Gelderland) 1923, emeritus 1943 (Van den Broeke 2005:310).

Noordmans is van mening dat die grense van die gemeente, die *classis* en die *provinciale* vergadering van die sewentiende eeu 'n andere betekenis gehad het as die van die negentiende en die twintigste eeu. Noordmans relativeer alreeds in 1932 die betekenis van die *classis* (Van den Broeke 2005:317). Met betrekking tot die Sinode van Assen se beroeping op Voetius *Pol Eccl IV* naamlik vraag 22 en 23 is Noordmans (1932:4) van mening dat 'n stel bepalinge uit Voetius (*Politica Ecclesiastica*) die kerk nie kan help nie. Blykbaar het die kwessie Assen by Noordmans (en by *Kerkopbouw*) gelei tot 'n ernstige kritiek op die presbiteriale stelsel:

In ander verband schreef hij in diezelfde tijd: 'Voor al de bekende synode van Assen, waar ds. Geelkerken veroordeeld werd, heeft velen ten opzichte van de voordelen van de presbyteriale kerkvorm sceptisch gestemd'. Elders schrijft hij: 'Wij hebben het voorbeeld van de Gereformeerde Kerken voor ogen. Een presbyteriale kerkvorm, buitengewoon geschikt voor een vruchtbaar en praktisch werk. Als regeling voor geloofsorde een afschrikwekkende mislukking.

(Kronenberg 2003:87-88)

Die kerkorde word volgens Noordmans (1932:4) nie met dieselfde geestelike mag uit die Skrif afgelei as die *sola fide* nie: *Deze kerkorde levert een goed voorbeeld van pneumatische exegese, een geestelijke vertaling uit ééne tijdperk in een ander.*" Noordmans ag 'n ontwikkeling in klassieke Gereformeerde kerkreg wel moontlik. Hy is van mening alhoewel dit blyk asof die veranderinge teen mekaar stry, is hul in werklikheid nie strydig met mekaar nie: "Beide willen de geestelike en morele deelname versterken en het eigene en christelike in de organisatie meer tot z'n recht te brengen" (Noordmans 1932:19).

2.4.3. Sinode van Amsterdam 1936

Die Generale Sinode het op 2 Augustus 1936 in Amsterdam byeengekom. Op dié Sinode het die *classis* van Bolsard 'n voorstel ingedien met betrekking tot die wyse van polemisering in die kerklike pers, die gebrek aan broederlikheid, die verwarring wat dreig om onder die kerkvolk te ontstaan en het die Sinode gevra om 'n einde daaraan te maak (*Acta Generale Sinode Amsterdam* 1936:36-37 en Janssen 1969:7).

Gedurende die sitting het dr Polman van Bolsward en ds Van der Vegt van Goes 'n voorstel met 'n heeltemal ander strekking ingedien. Hulle het onder meer in hul voorstel die vrees uitgespreek dat die inhoud van die polemieke en sekere artikels in die kerklike pers op bepaalde punte die Gereformeerde belydenis "hetzij wordt loslaten, hetzij wordt verswakt, hetzij disputabel wordt gesteldt" (*Acta Generale Sinode Amsterdam* 1936:88 art 152 en Janssen 1969:8). Hulle het voorgestel dat die Sinode 'n kommissie benoem om by die volgende vergadering oor dié bepaalde sake advies uit te bring.

Die Sinode het 'n kommissie van sewe lede benoem om die bepaalde opvattinge, wat afwyk van die sogenaamde gangbare leringe te toets aan die hand van die Skrif en die belydenisskrifte. Die kommissie moes onder andere die volgende onderwerpe ondersoek met verslag aan die daaropvolgende Sinode: die algemene genade, genadeverbond, onsterflikheid van die siel, pluriformiteit van die kerk, vereniging van beide nature van Christus en selfondersoek (*Acta Generale Sinode Amsterdam* 1936:104 art 212 en Janssen 1969:9).³⁴

³⁴ Joh Jansen het in die diskoers voor en na 1967, die skeuring in die Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt), deel geneem.

Prof S Greijdanus en prof K Schilder het op die Sinode beswaar gemaak teen die besluit, aangesien hul van mening was dat die Sinode ingevolge art 30 slegs sake mag hanteer wat deur die kerke aan die orde gestel was (Van Tongeren 1952:25). Die Sinode het prof dr G Ch Aalders, ds G Diemer, prof dr S Greijdanus, dr V Hepp, prof dr K Schilder, dr J Thijs en prof dr DH Th Vollenhoven op die kommissie aangewys (Janssen 1969:10). Prof Greijdanus het kort na die Sinode hom skriftelik van die kommissie onttrek (*Acta Voortgesette generale synode Amsterdam* 1938: art 18). Die redes vir sy onttrekking word nie in die Acta aangedui nie.

2.4.4. Kerkregtelike polemië na die Sinode van Amsterdam (1936)

Gedurende 1937 het dr M Bouwman³⁵ aan die Vrije Universiteit gepromoveer met sy dissertasie *Voetius over het gezag der synoden*. Die kerkregtelike wisseling van 1926 vorm die agtergrond vir die dissertasie van M Bouwman. Van hierdie dissertasie behoort deeglik kennis geneem te word, aangesien onmiddellik na die publikasie van die dissertasie 'n openbare diskoers oor die *oud kerkrecht* en *nuwe kerkrecht*, waarin onder andere Joh Jansen, prof S Greijdanus en dr W van Es deelgeneem het, ontketen was. Volgens Van Staalduine (2004:25 voetnota 23) het M Bouwman die Sinode van Assen (1926) se standpunt uitgebreid in sy dissertasie verantwoord.

Een nieuwe kerkrecht, waarvan we de kiem reeds vinden in de kerkrechtelijke handelingen der synode van 1926 en dat reeds door dr M Bouwman was gepropageerd in zijn proefschrift, een vijftal jaren geleden verschenen, maar dat nog nimmer officieel gewettigd was. M.a.w die hiërarchie, en synodocratie, de regering der vrije kerken boven af wordt nu officieel met volle zeilen de kerken binne geloodst, door praktische handelingen én door de poging, ze met beroep op de kerkorde als wettig en in overstemming met gereformeerde kerkrecht voor te stellen.
(Janssen 1969:81)

³⁵ M Bouwman (1901-1961) studeer regte en teologie. Hy was predikant in Baambrugge 1928, Nieuwendam 1931, buite bediening 1945. Daarna word hy advokaat (Van den Broeke 2005:224).

2.4.4.1. Dr M Bouwman

2.4.4.1.1 Die ekklesiologiese onderbou

M Bouwman (1937a:1) stel dit duidelik aan die begin van sy dissertasie dat Jesus die hoof van Sy kerk is, dat Hy die Kerk deur Sy raad regeer, dat die Kerk moet waak teen die heerskappy van die een teenoor die ander (art 31 NGB) en dat die Kerk is volgens 1 Kor 12 en Ef 4 die een liggaam van Christus waarvan die partikuliere kerk 'n lid is. Die Skriftuurlike argumente vir die positief goddelike reg van sinodes kan volgens Bouwman (1937a:1) onder meer gevind word deur die beroep op die kerkregering van die Ou Testament, asook die beroep op die praktyk van die apostoliese kerk (Hand 15). In Hand 15 was die kerk van Antiochië slegs deur enkele afvaardiging verteenwoordig. Die Skrif skryf dus volgens Bouwman (1937a:186) nie voor dat dit verpligtend is dat alle ampsdraers in meerdere vergaderinge sal saamkom nie. Die mag wat Christus oor sy kerk uitoefen is 'n hoër en koninklike mag (*potestas superior et regia*). Ten aansien van Christus is alle mag in Sy kerk laer, dienende mag. Ten opsigte van Christus het die Sinode dus 'n laer mag (Bouwman 1937a:186).

2.4.4.1.2. Die Vraagstuk van die Sinodale mag by Voetius

Voetius is volgens M Bouwman van mening dat die Gereformeerde kerkregering in ooreenstemming is met die vroeë kerk (1937a:35). In sy verdediging van die sinodale bevoegdheid beroep Voetius hom op die vroeë kerkvaders, onder andere Ignatius, Cyprianus asook Hieronymus (*Pol Eccl IV*, 125, *Pol Eccl III*, 261, 857 in Bouwman 1937a:35). Voetius staan in sy kerklike opvatting nader aan die independentistiese as die ander Gereformeerde outeurs (Bouwman 1937a:62). Die kerk berus volgens Voetius (Bouwman 1937a:63) op 'n goddelike instelling en op die wedersydse toestemming van

die gelowiges. In ooreenstemming met die goddelike gebod verklaar die gelowige dat hul onderling die kerklike gemeenskap (*societas*) aangaan. Hierdeur ontstaan die plaaslike kerk. Die gelowiges is lede (*membra*) van die *societas*. Daar word deur Voetius 'n onderskeid gemaak tussen ampsdraers (*partes diregentes*) en die gemeentelede (*partes directae*). Laasgenoemde word ook deur Voetius aangedui as die *populus* (Bouwman 1937a:63). Die kerklike mag berus by die hele kerk (*corpus ecclesiasticum*) as die *principium quod*. Daarteenoor kom die uitoefening van die mag die ampsdraers (*principium quo*) toe. Voetius lig die onderskeiding uit met die beeld van die gesigsvermoëns; die mens as *totum compositum* besit die vermoë om te sien, maar hy oefen dit uit deur sy oë (*principium quo*). Die sinodale mag ontstaan volgens Voetius deurdat die kerke hul magte saamvoeg en sy haar mag gemeenskaplik uitoefen (*quod ecclesia eam jungit cum potestate plurium, aut quod communicative, et scorsim ea utatur* (IV, 179) (Bouwman 1937a:64). Aan die totale kerk (*correspondentia*) ken Voetius die eienskap van outoriteit toe (*Pol Eccl IV*, 121).

Op die sinodale mag pas Voetius dieselfde onderskeid toe as op die kerklike mag, naamlik *principium quod* en die *principium quo* toe. Volgens M Bouwman (1937a:64) is daar dus twee subjekte vir die sinodale mag, naamlik die eenheid van die sinodaal-verbonde kerke aan die eenkant en die Sinode aan die anderkant. Die partikuliere kerk is volgens Voetius (Bouwman 1937a:65) eerste en is dus *ecclesia prima* terwyl die sinodale verbintenis die *ecclesia orta* is. Volgens Voetius verloor kerke wat sinodaal met mekaar verbind is, nie hul selfstandigheid nie. Voetius lê groot nadruk op die selfstandigheid van die partikuliere kerk (Bouwman 1937a:66). Aan die kerke in korrespondensie of sinodaal gekombineerd kom die drievoudige mag toe naamlik, leer-, regeer- en tugmag (*Pol Eccl IV*, 224) (1937a:67). Die kerke gekombineerd in *classis*

of sinode het aldus Voetius (Bouwman 1937a:67) besturende mag jeens en oor elke lid in die kombinasie (*Pol Eccl I*, 226). Voetius gebruik onder andere die volgende woorde/begrippe om na die sinodale verbintenis tussen kerke te verwys naamlik *correspondentia*, *combinatio*, *communio*, *conjunctio*, *confoederatio*, *collectio*, *associatio*, *consociatio*, *concorporatio*, *communitas*, *societas*, *unitas* (Bouwman 1937a:68) Voetius bedoel volgens M Bouwman (1937a:72) soms met die begrip “algemene kerk” die onsigbare kerk (*ecclesia secundum statum mysticum (Pol Eccl I, II)*). Die gesamentlike kerke vorm volgens Voetius (Bouwman 1937a:73) ’n verenigde liggaam wat subjek is van die kerklike mag (*corporis uniti potestatem (Pol Eccl IV, 225)*). In die geval van noodsaak, as die kerk met ondergang bedreig word, moet die susterkerke saamkom om die betrokke lid te help en te genees. Volgens M Bouwman (1937a:74-75) beskrywe Voetius, in teenstelling met dr F L Rutgers, H G Kleyn en H Schokking, die sinodaalverbonde kerke as ’n *ecclesia instituta*;

Ik concludeer dat volgens Voetius het geheel der synodaal verbonde kerken *ecclesia instituta* is; dat dus gesproken kan worden van een nationale, provinciale en classicale kerk als instituut, waarvan de plaatselijke geïnstitueerde kerken deelen of afdeelingen zijn; en dat voorts ook gezamentlijke ambtsdragers van dit instituut een corpus, een corporatieve eenheid vormen.

(Bouwman 1937a:74)

Volgens Rutgers vorm die kerk geen eenheid in die institutêre sin van die woord nie. Die sinodale mag berus volgens Voetius (Bouwman 1937:85) by die *ecclesiae combinatae (principium quod)* die subjek wat die mag uitoefen is die Sinode. Tussen die meerdere vergadering (*classis*, partikuliere sinodes en algemene sinodes) is daar geen prinsipiële verskil nie; dog is daar ’n verskil tussen mindere en meerdere mag of kleiner of groter mag. Art 41 van die DKO wys op tweërlei kenmerke van meerdere vergadering, naamlik dat dit bestaan uit afgevaardigdes van die kerke en dat die afgevaardigdes ampsdraers dit wil sê Bedienaars van die Woord en ouderlinge is. Die Sinodes is volgens Voetius (Bouwman 1937a:87) die samekomste van kerke wat bestaan

uit die afvaardiging van die kerke wat die kerke verteenwoordig. Volgens Voetius is dit geoorloof om nie-ampdraers na die Sinode af te vaardig (*Pol Eccl IV*, 194,195,198,178). Voetius ken volgens M Bouwman (1937a:90) twee soorte meerdere vergaderinge, met name die gewone Sinode bestaande uit afgevaardigdes en die buitengewone Sinode bestaan uit alle Kerkrade. Volgens Voetius is die Kerkraad geen absolute vereiste vir die essensie van die Gereformeerde kerkregering nie (Bouwman 1937a:93). Voetius sny die gedagte af dat die lede van 'n Sinode 'n besondere en/of hoër amp sou beklee (Bouwman 1937a:95). Volgens Voetius (Bouwman 1937a:95) ontnem die feit dat 'n gewone gelowige na 'n meerdere vergadering afgevaardig word, nie die amptelike karakter van sodanig vergadering nie (Bouwman 1937a:96).

Volgens Voetius (Bouwman 1937a:97) lê die verskil tussen die meerdere vergadering en die plaaslike kerk in die delegasie. Die Kerkraad is die vergadering waar alle ampsdraers van 'n plaaslike kerk lid is. Daarteenoor kom tydens die Sinode, in die reël, nie alle ampsdraers van die ressort byeen nie. Die mandaat van die afgevaardigdes van 'n meerdere vergadering is tydelik, dit wil sê dit duur slegs vir die duur van die meerdere vergadering. Terwyl die mag van die Kerkraad duur solank die lede van die Kerkraad die amp beklee (Bouwman 1937a:98).

Volgens Voetius is alle kerklike vergaderinge (Kerkraad, *classis*, provinsiale en nasionale sinode) *coetus ecclesiastici* met vaste en gewone kerklike mag beklee (in Bouwman 1937a:99). Voetius dui in *Pol Eccl IV*, 145 die Sinode met dieselfde naam aan as wat hy in die reël vir Kerkraad gebruik naamlik *presbyterium* en *synedrium* (Bouwman 1937a:100). Die Sinode is volgens Voetius dus die groter Kerkraad terwyl die Kerkraad van die plaaslike kerk, die plaaslike Kerkraad is. Die Sinode is

vervolgens 'n gekombineerde Kerkraad. Volgens Voetius (Bouwman 1937a:103) bind die besluite van Sinodes die kerke en haar lede op dieselfde wyse as die besluite van die Kerkraad die lede van die plaaslike kerk bind. Volgens Voetius (Bouwman 1937a:103) is die sinodale mag kumulatief van aard. Daar is dus 'n ooreenstemming tussen die Kerkraad en die Sinode soos duidelik blyk uit Voetius se *Pol Eccl I*, 226, vraag 21 (Bouwman 1937a:103).

Die mag van die Sinode is volgens Voetius (Bouwman 1937a:103) groter as dié van die Kerkraad. Die sinodale bevoegdheid wat die afgevaardigdes van die meerdere vergadering uitoefen, is nie blywend van aard nie, maar tydelik, beperk, dienend, nie oorspronklik nie, maar afgelei en gedelegeerd teenoor die kerke wat hul afgevaardig. Die mag van die gesamentlike Kerkrade is groter as die mag van die Sinode (Bouwman 1937a:107). Aan die anderkant is die eenheid wat die gesamentlike kerke vorm van soortgelyke aard as die eenheid van die lede van die plaaslike kerk. Die mag van die Sinode is dus groter as die van die afsonderlike Kerkraad. Daar is dus geen prinsipiële verskil tussen die Kerkraad en die Sinode volgens Voetius (Bouwman 1937a:109). F L Rutgers, A F de Savornin Lohman asook H Bouwman, ds Joh Jansen (vóór 1926) verskil egter met dié opvatting van Voetius. Hulle aksentueer delegasie as 'n kenmerk van die *vel plurium ecclesiarum* (die meerdere vergaderinge) en gaan van die voorveronderstelling uit dat die mag van die *classis* en Sinodes laer, beperk, dienend, afgelei is. Hulle beroep hul onder andere op Voetius in *Pol Eccl IV*, 122 en *Pol Eccl IV*, 174-178 (Bouwman 1937a:109). M Bouwman wys hierdie interpretasie van Voetius sonder meer af. Hy is van mening dat bogenoemdes die betekenis van die delegasie na meerdere vergaderinge asook die betekenis van die amp by die samestelling

van meerdere vergadering, oorskat (1937a:110). Bouwman is van mening dat die mag en gesag van die Sinode en die Kerkraad wesenlik dieselfde is.

2.4.4.1.3. Die grondslag van die goddelike reg

Voetius fundeer die goddelik reg van die kerkverband op Hand 15. Die mag van die Sinode berus volgens Voetius op twee grondslae naamlik die goddelike reg en op die vrywillige instemming (Bouwman 1937a:113). By Voetius word die onderskeid aangetref tussen *jus divinum positivum* en *jus divinum permissivum*. Wanneer hy die Sinode *jus divinum permissivum* noem, wil hy daardeur sê dat die Heilige Skrif nêrens die hou van 'n Sinode verbied nie en dat sinodale magsuitoefening nie in stryd is met die Skrif nie (Bouwman 1937a:115). In die *jus divinum positivum* (positief goddelike reg) maak Voetius dus (Bouwman 1937a:116) 'n onderskeid tussen die fundamentele geloofswaarhede en kerkregtelike kwessies waartoe ook die sinodale stelsel behoort. Die positief goddelike reg is die eerste grondslag van die sinodale mag (Bouwman 1937a:117). Vir die wese van die kerk is die kerkverband en die meerdere vergadering nie noodsaaklik nie (Bouwman 1937a:120).

2.4.4.1.4. Die tweede grondslag die wedersydse toestemming

Met betrekking tot die *vrywillige toestemming* stel Voetius (Bouwman 1937a:148) dit duidelik dat die vrywillige toestemming nie slegs 'n grondslag is nie, maar dat dit 'n voorvereiste vir die totstandkoming en die beoefening van die kerkverband (*Pol Eccl IV*, 120, sub 11) is. Die kerkverband word gekenmerk deur vryheid, dit wil sê die uitsluiting van dwang. Voetius lê ook klem op die vrywillige karakter van die gemeenskap van die plaaslike kerk. Die eenheid van die kerk (*unio ecclesiarum*) berus op die grondslag van die wedersydse toestemming van die kerke (Bouwman 1937a:149).

Voetius wys hiermee alle vorm van hiërargie af. Die kerkverband kan nie tot stand kom deur die eensydige skikking van een of meer kerke nie wat die ander kerke dwing nie, maar alle kerke moet hul toestemming gee (*Pol Eccl IV*, 120) en is daarom wedersydse toestemming (*consensus mutuus*) (*Pol Eccl IV*, 119). Daar is tussen die kerke 'n verhouding van gelykwaardigheid. Tussen die kerke in een *classis* of Sinode is daar volgens Voetius (Bouwman 1937a:150) geen subordinasie nie (*Pol Eccl IV*, 122). Voetius (Bouwman 1937a:150) sê dat wanneer 'n kerkverband tot stand kom, daar geen nuwe kerk ingevoer word nie (*Pol Eccl IV*, 167). Volgens Voetius (Bouwman 1937a:154) beteken vrywillige instemming nie dat 'n partikuliere kerk haar van besluite van die Sinode kan onttrek nie. Dit beteken veeleerder dat aangesien die kerkorde en kerkverband met akkoord aanvaar is, die Sinode opvolging van haar besluite kan verwag en staan dit die partikuliere kerk nie vry om die band te breek nie. Die verbreking van die verband kan volgens Voetius (Bouwman 1937a:155) van die meerdere vergadering uitgaan. 'n Korrupte kerk kan volgens Voetius deur die Sinode geëkskommunikeer word (*Pol Eccl I*, 227).

2.4.4.1.5. Die karakter van die sinodale mag

Volgens *Pol Eccl IV*, 122 en *Pol Eccl IV*, 174-178 is die mag van die Sinode wat uit afgevaardigdes bestaan 'n *potesta delegata*, dit wil sê 'n gedelegeerde mag. Die Sinode het volgens Voetius (Bouwman 1937a:160) geen primêre en oorspronklike mag nie, maar het volgens Voetius in *Pol Eccl IV*, 178 tog wel ontleende, gedelegeerde tydelike en beperkte, laer mag. Die sinodale mag kom die Sinode nie essensieel toe nie, maar eerder *accidenteel* (*Pol Eccl IV*, 174 *synodo non nisi accidentaliter*). Die mag van die Sinodes is gemeenskaplik en koöperatief en is dus nie primêre of enkelvoudige mag nie, maar is sekondêre, saamgestelde, saamgevoegde, gekombineerde, verenigde

mag (Bouwman 1937a:174-175). Die plaaslike kerk gaan die kerkverband vooraf. Die mag van die meerdere vergadering teenoor dié van die Kerkraad is volgens Voetius kumulatief van aard en is nie privaat mag nie (*potestas cumulativa non privativa*) (Bouwman 1937a:178). In die geval van wanbestuur of hoër beroep is die Sinode volgens Voetius (Bouwman 1937a:184) bevoegd om in die sake van die partikuliere kerk te beslis en selfs haar beslissing in die partikuliere kerk tot uitvoering te bring. Aan die meerdere vergadering kom gevolglik die mag toe om die Kerkraad van 'n plaaslike kerk, in die geval van hardhandige wanbestuur, te ekskommunikeer en/of uit die amp te ontset. Die meerdere vergadering kan dus die besluite van 'n Kerkraad in so 'n geval vernietig en tugmiddels toepas (Bouwman 1937a:185). Die meerdere vergadering is, aldus M Bouwman (1937a:186), wel 'n hoër vergadering bekleed met hoër gesag. Meerdere vergaderinge het die reg van beslissing in die geval van appèl, art 31 van die DKO en het seggenskap oor die mindere vergaderinge, vergelyk art 36 van die DKO (Bouwman 1937a:193). Die mag van die meerdere vergadering is volgens Voetius 'n helpende mag (*potestas auxiliaria Pol Eccl I, 228*). In die kerkverband is alle kerke en ampsdraers gelyk en verleen elkeen aan mekaar raad en hulp. Bouwman (1937a:193) wys dit egter af dat die helpende mag as 'n ekwivalent vir adviserende mag beskou kan word. Voetius is in *Pol Eccl IV, 134* van mening dat die Sinode met haar mag korrupte kerke moet help en nie aan die verderf mag oorlaat nie (Bouwman 1937a:194). Die Sinode kan vervolgens ingryp in die partikuliere sake van 'n kerk en so dus deur die toepassing van tugmiddele weer die orde in die kerk herstel. Die mag van die meerdere vergadering is dus volgens Voetius (Bouwman 1937a:196) wesenlik dieselfde as dié van die mindere vergadering.

Die drie dele van kerklike mag, naamlik die leer-, regeer- en die tugmag (*potestas dogmatica, regiminis en jurisdictionis* Pol Eccl I, 117-120) ken Voetius ook aan die Sinode toe. Die eerste groep objekte wat tot die kompetensie van 'n sinode behoort, is die gemeenskaplike sake (Bouwman 1937a:197). Voetius dui aan dat die partikuliere sake tot die tweede groep behoort (Bouwman 1937a:199). Die eerste sluit in sake wat alle kerke in die ressort raak, byvoorbeeld die belydenisgrondslag en die tweede sluit in sake wat nie vir alle kerke van belang is nie, byvoorbeeld geskille op plaaslike vlak. Voetius ken aan die Sinode, anders as die Independentente, 'n outoritiewe bevoegdheid toe (Bouwman 1937a:223). Die besluite van Sinodes bind volgens M Bouwman (1937a:228) beide die kerke en die afsonderlike lede. M Bouwman (1937a:228) is van mening dat alhoewel Rutgers hom graag op Voetius beroep, hyself op die punt volkome afwyk van Voetius. Hy gee F L Rutgers gelyk dat die Sinode nie altyd op 'n bevelende toon moet spreek nie. M Bouwman (1937a:229) toon aan dat ook Van Lonkhuysen van mening is dat Sinodes nie die reg het om te beveel en hul besluite op plaaslike vlak te volvoer nie (Bouwman 1937a:229). Die bindende krag van die besluite was volgens M Bouwman (1937a:229) deur H H Kuyper in *De Heraut* 2842 oortuigend verdedig. Hierdie bindende krag van sinodale besluite word volgens Bouwman (1937a:233) daarin begrens dat Sinodale besluite nie in stryd met die Skrif mag wees nie. Indien wel, is dit volgens art 31 van die kerkorde ongeldig (Bouwman 1937a:233).

2.4.4.1.6. Die regeermag van die meerdere vergaderinge

Voetius onderskei tussen verskillende grade in die tugmag, naamlik *Actus primari en actus secundarii* (Bouwman 1937a:301). Die *Actus primari* verwys na waar iemand of aan die eenkant van die Nagmaal afgehou word (*excommunicatio minor*), of aan die

anderkant waar iemand geëkskommunikeer word (*suspensio* of *excommunicatio maior*). Die ekskommunikasie en wederopneming anders as *excommunicatio minor* wat deur die Kerkraad afgehandel kan word, vind in die teenwoordigheid van die gemeente plaas. Daarteenoor het die *actus secundarii*, alleen volgens Voetius in *Pol Eccl IV*, 868-869 op ampsdraers betrekking en sluit onder andere in die skorsing (*suspensio*), die bandlosmaking (*depositio minor*) uit die amp en ontsetting *depositio maior* uit die amp in (Bouwman 1937a:301).

2.4.4.1.7. Die tugmag van die meerdere vergaderinge

By oortreding van kerkordelike bepalinge en ongehoorsaamheid aan sinodale besluite, asook in gevalle van wanbestuur en onmag, kan die meerdere vergadering volgens Voetius van die tugreg gebruik maak en is sy verder bevoeg om in die plaaslike kerk haar tugmag uit te oefen (Bouwman 1937a:312). Voetius ken volgens M Bouwman (1937a:325) aan die Sinodes die reg toe om haar besluite insake tug in die plaaslike kerk tot uitvoering te bring, sonder dat die Kerkraad tot die handeling instem (1937a:325-326). Die Sinode kan, volgens M Bouwman (1937a:327), buite die plaaslike Kerkraad die banvonniss voltrek. Op die vraag 22³⁶ in *Pol Eccl I*, 226 of elke deel van die kerklike mag, ook ekskommunikasie, ingeval van wanbestuur en ongeneeslike verderf, aan die sinodale vergadering van die kerke toegeken kan word, het Voetius geantwoord dat hy nie kan sien waarom in bovermelde gevalle dit ontken kan word nie (Bouwman 1944a:46). Hy maak die verdere opmerking dat daar deur sommige

³⁶ Quaestio 22 van Voetius se *Politica Ecclesiastica*: "Of elk deel van de kerkelijke macht ook de excommunicatie, ingeval van wanbestuur, ongeneeslijk verderf, aan de synodale vergadering der kerken kan worden toegekend en door haar uitgeoefend? Antwoord: Ik zie niet waarom dit in bovenvermelde zaken en gevallen ontkend kan worden. Door sommige nieuweren wordt bezwaar gemaakt in betrekking tot de macht om te excommuniceren; hetgeen door anderen door onderscheiding en verzoening der tegengestelde meeningen aldus wordt opgeheven, dat men zegt, dat ingeval van wanbestuur aan de synode het bestuur en de praeformatie van het vonnis toekomt, dat echter de excommunicatie zelf in forma of liever de uitvoering ervan, aan de particuliere kerk moet worden overgelaten, zooals in I Cor. 5 vergeleken met Matth. 18"; Bouwman, Voetius, 342. (Bouwman 1937a:354-355)

nuwelinge beswaar gemaak word teen die mag om te ekskommunikeer en dat andere 'n middelweg inneem. Voetius is van mening dat die Sinode wel ekskommunikasie mag het (Bouwman 1937a:342): “Quaestio 22: Of elk deel van de kerklijke macht, ook de excommunicatio, in de geval van wanbestuur, ongeneselijk verderf, aan de synodale vergadering der kerken toegekend en door haar uitgeoefend? Antwoord: Ik zei niet waarom dit in bovenvermelde zaken en gevallen ontkend kan worden” (*Pol Eccl IV*, 226-228). Voetius stel dit, volgens M Bouwman (1937a:347), dat in gevalle waar nóg die Kerkraad nóg die gemeente tot inkeer kom, die Sinode in vraag 22 vier weë kan inslaan. Die Sinode kan die ekskommunikasiebesluite en die banvonnis deur haar deputate in die samekoms van die gemeente voltrek; die vonnis kan in die kerke van die ressort afgekondig word; die skuldiges kan *de facto* buite die gemeenskap gesluit word, sonder dat 'n formele ekskommunikasie plaasvind; laastens, kan skriftelik of deur die deputate die banvloek afkondig word (Bouwman 1937a:347). Voetius handhaaf volgens Bouwman (1937a:340) in vraag 22 die Gereformeerde beskouing van die sinodale ekskommunikasiereg teen die besware van die Middle-way-men. Die Middle-way-men verwys volgens (Bouwman 1944a:47) na die gematigde Independenten. In *Pol Eccl I*, 228, 229 vraag 23³⁷ beantwoord Voetius die vraag of die meerdere vergadering bestuurs- of regeermag het en óf die gemeente *alleen* die regeermag het om die verdorwe Kerkraad te ontset en hul dus af te set. Volgens

³⁷ Quaestio 23: “Of de bestuurs- of regeermacht zoo aan den kerkeraad vastgehecht is, dat zij hem in geval van noodzakelijkheid en niet te reformeeren verderf niet tot heil en stichting van het lichaam der kerk ontnomen kan worden, hetzij wat het recht betreft hetzij wat aangaat de uitoefening, en naar elders overgebracht...Aangezien juist door middel van de kerk deze macht is opgedragen aan de dienaren en de ouderlingen, kan zij hun stellig door middel van diezelfde kerk in geval van noodzakelijkheid en om gegronde redenen ontnomen worden...De reden is deze: omdat door denzelfde, door wien op kerkelijk gebied wettig iets wordt opgedragen, te weten door macht te geven aan dezen of genen persoon, datzelfde ook weer wettig ontnomen wordt, wanneer de noodzakelijkheid dit aldus vordert. Welnu, het zijn de gemeenteleden, door wier wettige verkiezing hetzij onmiddellijk door henzelf, hetzij middellijk in den kerkeraad, en daardoor oorspronkelijk, de macht aan dezen of genen persoon wordt gegeven. Bijaldien de helpende macht der door den synodalen band saamverbonden kerken onwillig of niet in staat is hier te hulp te komen, doe de kerk zelf in geval van noodzaak dit uit eigen hoofde. Maar indien ook dit niet geschieden kan wegens afdoende verhindering, onttrekke zij zich aan dien kerkeraad of aan die ambtsdragers, zooals ten tijde van het begin der reformatie en in het bijzonder ten tijde van de woelingen der Remonstrantsche factie in Nederland op vele plaatsen geschied is, en wettig heeft kunnen geschieden” (Voetius in Bouwman 1937a:354-355).

Bouwman (1937a:353) sê Voetius nêrens in vraag 23 dat die gemeente *alleen* die regeermag het om verdorwe kerkrade af te set nie. In werklikheid erken Voetius in vraag 23 dat die gemeente uit eie hoofde die ampbevoegdheid van die ampsdraers kan wegneem, indien die “helpende macht” van die kerkverband ontbreek (Bouwman 1937a:354 asook 1944:49). Voetius ontken in vraag 23 volstrek dat Sinodes en *classis* die reg het om in die sake van ’n partikuliere kerk wat tot dwaalleer of skisma verval het, in te gryp, te ekskommunikeer, af te set en/of die oordeel in die plaaslike kerk te voltrek nie: “Alsdan handhaaft Voetius het recht der gemeente, om nu, in dit geval van noodzakelijkheid, uit eigen hoofde te handelen, en zoo voor haar deel dien kerkeraad of die ambtsdragers af te zetten, nu er geen hulp van de meerdere vergaderingen te wachten is” (Bouwman 1944a:50).

2.4.4.1.8. Die sinodale tugmag en die DKO

M Bouwman behandel in Afdeling III die vraag of die beskouing van Voetius nie in stryd was met die DKO nie. M Bouwman (1937a:370) is van mening dat Voetius hom juis onder andere in *Pol Eccl IV*, 121, sub 9 rig teen hiërargie wat ook in art 84 van die DKO bestry word. Art 84 beklemtoon die gelykwaardigheid van die ampsdraers en die kerke onderling en handhaaf die selfstandigheid van die partikuliere kerk teenoor elke ander partikuliere kerk binne kerkverband (Bouwman 1937a:371). Ter handhawing van die selfstandigheid van die gemeente beroep Voetius hom telkens op art 30 van die DKO waarvolgens die Sinode nie op sy eie, kerklike sake mag afhandel nie (Bouwman 1937a:371).

2.4.4.2. Prof S Greijdanus (1871-1948)³⁸

Gedurende 1937 tot 1943 het prof Seakle Greijdanus 'n reeks artikels geskryf waarin hy onder andere die *nieuwe kerkrecht* bestry het. In die artikel *Over vragen van Gereformeerde Kerkverband. Voetius over het gezag der Synoden* wat in *De Reformatie* van 16 Julie 1937 verskyn het, beoordeel S Greijdanus die dissertasie van M Bouwman insake *Voetius over het gezag der Synoden*. Onder die leiding van prof H H Kuyper, as promotor, het Bouwman die dissertasie geskrywe wat volgens Greijdanus (1937:341) “die eere van dr F L Rutgers (en ook van dr A Kuyper e a) als kenner van Voetius kerkrecht en als Gereformeerde canonicus vernietigt, vgl blz 74 vv, 109, 156, 227, 242, 246, 283, 325 e v a.” Uit *Voetius over het gezag der Synoden* blyk dit dat die Doleansiebeweging op 'n jammerlike kerkregtelike dwaling van haar leiers berus (Greijdanus 1937:341). Volgens Greijdanus (1937:341) toon dié dissertasie dat die *classicale* vergaderinge en Sinodes hoër mag (Bouwman 1937a:186), hoër kerklike vergaderinge is (Bouwman 1937a:188), nie prinsipiëel van die Kerkrade verskil nie (Bouwman 1937a:109), mag het om in die geval van onmag en wanbestuur te in die plaaslike gemeente besluite in die plaaslike gemeente implementeer (Bouwman 1937a:28 en 218). Die dissertasie stel volgens Greijdanus (1937:341) die vraag of die kerk nie geroepe is om na die sinodale bestuur van die Hervormde kerk terug te keer nie. “Zakelik geeft dit boek eene uiteenzetting en verdediging der opvattingen van prof dr H H Kuyper sedert 1926” insake Voetius se kerkregtelike leer en van die ware wese en die regte werking van die Gereformeerde kerkverband (Greijdanus 1937:341). H H Kuyper was deur Greijdanus daarvan

³⁸ Dr S Greijdanus (1871-1948), predikant te Rozenburg 1904, Zuid-Beijerland 1911, Paesens 1915, hoogleraar Theologische Hogeschool 1917, emeritus hoogleraar 1943, gaan oor na die Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt) 1945 (Van den Broeke 2005:234).

beskuldig dat baie van sy eie idees oor die *nuwe kerkrecht* uiteindelik in dié dissertasie verwoord word.

Die karakter van die kerkverband: *Classicale* vergaderinge en sinodale vergaderinge is volgens Greijdanus (1937:342), anders as wat M Bouwman beweer, geen vergaderinge van ampsdraers nie, maar van kerke. Daarom is dit volgens Greijdanus (1937:342) onjuis dat *classicale* en Sinodale vergaderinge 'n amptelike karakter het soos M Bouwman in sy dissertasie beweer. Die *classis* en Sinode het volgens Greijdanus (1937:342) nie meer regte as wat die kerke binne die kerkverband onderling met mekaar gereël het nie, daarom kan by die *classis* en Sinodes volgens Greijdanus (1937:342) nie van hoër mag gepraat word nie. Die kerkreg waarvan in die dissertasie van Bouwman geleer word, is volgens Greijdanus (1937:343) louter hiërargie, wel nie papale hiërargie, nóg katedrale hiërargie, maar is volgens Greijdanus sinodale hiërargie. Greijdanus (1937:343) is van mening dat in die kerkregtelike studie en praktyke moet gewaak word teen historisme, dit wil sê die erkenning van wat histories gebeur het as normatief. Hy beklemtoon onder andere dat in die Gereformeerde kerkreg meer aan die bestudering van die Skrif gedoen behoort te word: “De weg van het zuivere Gereformeerde kerkverband en kerkrecht, den weg van Gods Woord, moeten we gaan en ons kerkelijk denken en handelen. Anders gaat het steeds mis. En dan zouden we ons bezondigen aan de Kerk des Heeren” (Greijdanus 1937:343).

Die selfstandigheid van die plaaslike kerk: Greijdanus (1937:100) wys M Bouwman se voorstelling van Voetius onomwonde af dat die Sinode 'n groter Kerkraad is en dat die Kerkraad van die plaaslike kerk 'n kleiner of plaaslike Kerkraad is.

Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering: In sy artikel *Het wezen der meerdere kerkelijke vergaderingen volgens Voetius* gee Greijdanus dit deur dat Voetius twee fondamente waarop die meerdere vergaderinge berus, onderskei naamlik die goddelike reg en die wedersydse toestemming (Greijdanus 1938a:289).

Die kerkverband: Greijdanus (1943a:16) konstateer in sy artikel *Over Gereformeerde kerkrecht* wat in *De Wachter* verskyn het dat die kerk drieërlei mag, te wete die mag van leervasstelling, die van regering of bestuur en die van tuguitoefening *potestas dogmatica, regimisis, jurisdictionis*, het. Die kerk behou die mag ook as sy met ander kerke in korrespondensie of verband tree. Deur die aangaan van die kerkverband word die drievoudige mag nie verloor nie, of doen sy nie afstand van die mag nie, dra sy die mag nie oor aan haar verteenwoordiger/afgevaardigde op die meerdere vergadering nie of aan die meerdere vergadering nie. Volgens Greijdanus (1943a:16) is nóg die mag van leerbepaling, nóg die regering en bestuur, nóg die tugtoefening oordraagbaar.

Greijdanus (1938e:297) wys in sy artikel *Nieuw Kerkrecht* daarop dat volgens Voetius is die kerkverband op 'n verpligting, wat deur God in Sy Woord openbaar is, en op die vrywillige wederkerige toestemming van die kerke. Naas die goddelike roeping tot die aangaan van sodanige korrespondensie of konfederasie, staan die wedersydse toestemming van die kerke tot die aangaan daarvan (Greijdanus 1938:255). Greijdanus (1938e:259) wys daarop dat volgens Voetius berus die kerkverband op die deur God in Sy Woord geopenbaarde verpligting, daar is by die kerke onderlinge “*consensus mutuus*” dus 'n wedersydse toestemming (*Pol Eccl V*, 286-287). Die meerdere

vergadering is volgens Greijdanus (1938e:259) nie “geïnstitueerde” kerke in wesenlike gelyke sin soos die plaaslike kerke nie.

Met betrekking tot M Bouwman (1937a:74, 71, 100 asook 159), se bewering dat volgens Voetius die *classicale* en sinodale vergaderinge in wese ook kerkraadsvergaderinge is, is Greijdanus (1938a:298) van mening dat M Bouwman op die punt Voetius verkeerd lees. Voetius wil volgens Greijdanus niks daarvan weet dat *classicale* kerke te same met die kerke in sinodale verband soos die plaaslike kerk ’n *ecclesia instituta* is nie (1938a:298). Greijdanus (1938a:313) is in sy artikel *Het wezen der meerdere kerkelijke vergaderingen* van mening dat kerklike verbindings in *classes* en Sinodes geen kerke in die eintlike sin nie van die woord soos in die geval van die plaaslike kerke is nie. Ook is die meerdere vergaderinge geen Kerkrade soos die Kerkrade, *consistories*, van die plaaslike kerk nie. Die meerdere vergadering berus volgens Greijdanus aan die kant van die mens op die delegasie. Die lede van ’n meerdere vergadering kom nie vanweë hul ampsbekleding byeen nie en hul handel nie na hul ampsbevoegdheid nie, maar hulle is volgens Greijdanus (1938a:313) afgevaardigdes deur die kerke of meerdere vergaderinge (*classes*, Partikuliere Sinodes). Volgens Greijdanus (1938a:313) maak Voetius ’n fout in sy beredenering wanneer hy sê dat *classes* en Sinodes mag van outoriteit of bestuur het teenoor elk ander lid van die kombinasie het en bygevolg ook teen en oor elke lid van die partikuliere kerk. Volgens Voetius is daar ’n sekere sinodale outoriteit en mag wat ontstaan, wat nie oorspronklik, of saamgesteld of byeengevoeg of enkelvoudig of opkomend uit die vele partikuliere kerke is nie. Die mag is volgens Voetius kumulatief soos die mag van alle apostels (*Pol Eccl* vraag 23, p189). Greijdanus (1938a:313) is van mening dat die vergelyking met die mag van die apostel nie opgaan nie, aangesien daar van kulminasie

van regsmag by die meerdere vergaderinge nie sprake kan wees nie. Daar is volgens Greijdanus (1938a:313) wel 'n byeenvoeging van mag, maar geen vermeerdering van bevoegdheid of reg nie. In 1943 het Greijdanus (1943a:2) in *De Wachter* weereens indringend kritiek gelewer teen die weergawe en interpretasie van Voetius deur M Bouwman in sy dissertasie onder dr H H Kuyper met die titel *Voetius over het gezag der synoden*:

Maar men schijnt Voetuis niet te kennen, noch hem te lezen, en hem zelfs niet goed te kunnen lezen, zoals vóór enkele jaren in een proefschrift over Voetius een groote blunder in dezen blijkbaar ook door den Promotor niet was opgemerkt. Het is, of men zich om ons Nederlandsche Gereformeerde kerkrecht en Voetius weinig bekommert, om, naar gelegenheid, er maar wat op los te improviseren, ook al raakt dat kant noch wal.

Greijdanus (1943a:2)

Een grondbeginsel van die samelewing van die kerke na aanleiding van die Gereformeerde kerkreg, word volgens prof S Greijdanus (1943a:1) uitgedruk in art 85 (vroeër art 84) van die DKO, naamlik geen kerk sal oor 'n ander kerk heerskappy voer nie. Die artikel is grotendeels ontleen aan die Franse kerkorde van 1559. Dit word in Emden 1571 eerste geplaas. In die artikel kom die fundamentele betekenis van die Gereformeerde opvatting oor die kerk na vore. Volgens prof S Greijdanus (1943a:1) word in die artikel beklemtoon dat alle kerke in die Gereformeerde verband in wese en mag of gesag (juridies) aan mekaar gelyk is. Van die kumulasie of opeenhoping van mag kan in die opsig dus by die *classis* of Sinodes anders as wat Bouwman beweer in *Voetius over het gezag der Synoden* volgens Greijdanus (1943a:2), geen sprake wees nie. Die *classes* of Sinodes het volgens Greijdanus geen opperbestuur of heerskappy. Art 85 verwerp volgens Greijdanus alle vorm van hiërargie van die *classis* of sinodokrasie. Greijdanus (1944:4) verwys onder meer na die Weselse artikel iv.7 wanneer daar van die Bedienaar van die Woord die volgende gesê word: “dat sy voorts geen minste gezag of vrijheid om te heerschen zich zullen aanmatigen.” Volgens

Greijdanus (1943a:3) het geen meerdere vergadering 'n eie, selfstandige, oorspronklike reg tot bevel of beskikking oor enige ander kerk, behalwe slegs dit wat by onderlinge afspraak of ooreenkoms gereël is nie. Die meerdere vergadering het aldus Greijdanus (1943a:3) slegs afgeleide gesag. Die mag van die *classis* en Sinode is dus volgens Voetius (*Pol Eccl IV*, 122) nie onbeperk nie, maar begrens, nie oorspronklik nie, maar afgelei en gedelegeerd. Greijdanus (1943a:3) beklemtoon dat die meerdere vergadering dus nooit méér as elke van die afsonderlike kerke kan wees nie. Niemand kan volgens Greijdanus homself meer mag toe-eien as wat hom toekom nie, of deleger as wat hyself het nie. Greijdanus (1943a:3) is van mening dat Voetius dit juis duidelik stel: *non originalis, sed derivata et delegata* (nie oorspronklik, maar afgeleid en opgedra).

Na die eis van die Heilige Skrif onderhou die kerke 'n noue verband. Die aard van hierdie verband is uit 'n juridiese oogpunt beskou kontraktueel (Greijdanus 1943a:4). Die afgevaardigdes na meerdere vergaderinge het geen selfstandige mag teenoor die delegerende kerke nie. Geen kerk het volgens Greijdanus (1943a:5) die reg om aan 'n ander kerk bevel of opdragte te gee nie en oor haar te heers nie. Die kerke mag slegs raad en hulp aanbied volgens Greijdanus (1943a:5). 'n Kerk en of 'n *classis* of sinode het dus nie die reg om in 'n ander kerk sonder opdrag of toestemming lede aan sensuur te onderwerp, of te ekskommunikeer, te skors, af te set of te vervang deur ander of ampsdraers aan die betrokke kerk op te dwing nie. 'n Meerdere vergadering is vervolgens 'n vergadering van kerke en nie soseer van ampsdraers nie. In besonderse gevalle kan ook nie-ampsdraers na die Sinode afgevaardig word. Die afgevaardigdes by 'n meerdere vergadering sit daar nie as ampsdraers nie, maar as verteenwoordigers van hul kerke, deur afvaardiging, gebonde en beperk deur hul geloofsbriewe. Volgens

Greijdanus (1943a:5) is die *classis* en *classicale* vergadering en Sinodes geen kerk of kerke met enige deur God ingestelde ampte nie en beskik dit nie oor enige bevoegdheid of mag nie, maar is dit alleen maar samekomste van kerke of meerdere vergadering. Die *classis* en sinodale vergaderinge bestaan meesal uit ampsdraers, maar kan ook sitting verleen aan nie-ampsdraers. Hulle sittingsreg word ontleen as verteenwoordigers en nie *qua* (as) afvaardigers nie. Die *classicale* en sinodale vergadering is dus nie gelyksoortig aan kerkraadsvergaderinge nie. Die verskil tussen die mindere en meerdere vergadering lê volgens Greijdanus (1943a:9) in wese en soort. In kerkraadsvergaderinge verskyn die kerkraadslede kragtens hul amp en in sodanige vergadering is ampshandeling met ampsgesag bekleed. Daarteenoor is die *classicale* en sinodale afvaardiging lede van sodanige vergaderinge kragtens hul afvaardiging. Wanneer hulle nie deur hul kerke afgevaardig is nie, is hulle nie lede van die *classis* of sinodale vergadering nie, alhoewel hul nog ampsdraers mag wees (1943a:9). Die handeling van 'n *classis* en 'n Sinode is geen ampshandeling met amptelike gesag nie. Greijdanus maak 'n onderskeid tussen kerklike gesag (dit wat deur die kerke erken word) en Goddelike gesag. Hy beklemtoon onder meer dat die oorspronklik gesag by die plaaslike kerk lê teenoor Sinodes wat slegs afgeleide gesag besit. Die seggenskap van die *classis* en Sinode is gedelegeerd en beperk en rus op onderlinge afspraak volgens Greijdanus (1943a:10). Die *classicale* of sinodale vergaderinge het nie enige beslissende kerklike mag waarmee sy haar besluite oor geloofswaarhede, kerklike sake en geskille aan die kerke kan bylê nie.

Die tugreg ten opsigte van ampsdraers: Met betrekking tot die vraag na die reg van die meerdere vergadering om by die afsetting van kerkraadslede en die hele Kerkraad te doen “wat des kerkraads is”, stel Greijdanus (1938a:253-254) dit

onomwonde dat die Kerk aan die Here behoort en daarom het sowel Voetius en Hoornbeek die ongevraagde ingrype van die *classis* of Sinode by onmag en verwarring verdedig. Greijdanus (341-343) toon in sy artikel in *Over vragen van Gereformeerde Kerkverband. Voetius over het gezag der synoden* wat in *De Reformatie* van 16 Julie 1937 verskyn het met reg aan dat M Bouwman Voetius op die punt verkeerd geïnterpreteer en voorgestel het. Met betrekking tot die tugreg stel Voetius die vraag of die gemeente of altans die meeste van haar stemme in die plaaslik kerk die bedienaar van die Woord of die Kerkraad of 'n deel daarvan kan ekskommunikeer. In agt artikels, wat 29 April 1938 tot 17 Junie 1938 in *De Reformatie* onder die titel *Het wezen der meerdere vergaderingen volgens Voetius* verskyn het, het Greijdanus wese van die gesag van die meerdere vergadering volgens Voetius bespreek. Greijdanus (1938a:281) is van mening dat in die bespreking van die skorsings- en afsettingsreg van die meerdere vergadering, moet wegbeweeg word van die *antecedente argumentatie* en die nuttigheidsredenering.

Greijdanus het 'n reeks artikels in die *De Reformatie*, te wete *Het nieuwe kerkrecht in de praktijk* (5 April 1938), *Het wezen der meerdere vergaderingen volgens Voetius* (29 April 1938-11 November 1938), *Nieuwe kerkrecht* (13 Mei 1938), *De qaestie van het nieuwe kerkrecht* (7 Oktober 1938 tot 11 November 1938) na aanleiding van die kwessie te Drachten geskryf. Ds G Staal³⁹ was die voorsitter van die gemeentelike kiesvereniging, waarvan ouderling G C Homan, die skoolhoof te Drachten, die sekretaris was (Van Staalduine 2004:212). Ouderling Homan was by die *classis* aangekla vir wanbestuur. Die *classis* het besluit dat ouderling G C Homan

skorsingswaardig is en het besluit dat hy onder tug geplaas moes word. Die Kerkraad van Drachten het die uitspraak van die *classis* nie uitgevoer nie. Hier was volgens Van Staalduine (2004:213) reeds die tugreg van die meerdere vergadering aan die orde.

Die hele Kerkraad was daarna by die *classis* aangekla as partydig. Die *classis* konstateer wanbestuur en eis op 8 April 1938 dat elke Kerkraadslid dit erken. Ds G Staal en vyf ouderlinge het geweier om dit te reken en was deur die *classis* geskors omdat die Kerkraad na oordeel van die *classis* hul in die jare 1934-1937 skuldig gemaak het aan wanbestuur. By die oorblywende kerkraadslede was 'n *classicale* kommissie van bystand gevoeg. Volgens die Doleansiekerkreg luidens art 79 moes die Kerkraad die skorsing doen met goedkeuring van die naasliggende Kerkraad. Die besluit van die *classis* maak van Drachten 'n landelike kwessie aangesien die selfstandigheid van die plaaslike kerk in gedrang was (Van Staalduine (2004:212)). Volgens Greijdanus is die *nuwe kerkrecht* as Gereformeerde Kerkreg in die praktyk by Drachten geïmplementeer.

Greijdanus (1938c:266) is in *Het nieuwe kerkrecht in de praktijk*, wat in die *Reformatie* verskyn het, van mening dat die Kerkrade in die *nuwe kerkrecht* by skorsing van ampsdraers uitgeskakel kan word en dat die *classis* uit eie magsbevoegdheid besluite op plaaslike vlak kan implementeer. Op 20 September 1939 het die Generale Sinode van Sneek deputate, ingeslote prof Greijdanus, benoem met die opdrag om in verband met die tugreg van die meerdere vergadering ondersoek te doen insake die verskil in mening en by die volgende Sinode te rapporteer. Ten dienste

³⁹ Ds G Staal (1844-1979) was 'n onderwyser te Westeremdem, later hoof van Christelike School Nieuwe Pekela, en vervolgens by Bellingwolde. Hy het in 1924 te Culemborg op grond van art 8 van die kerkorde predikant geword en was predikant te Drachten

daarvan het Greijdanus 'n memorandum getiteld *Het gezag der meerdere vergaderingen inzake de tucht* geskrywe wat hy in sedert 9 April 1943 tot 13 Augustus 1943 onder die titel *Over gereformeerde kerkrecht* in *De Wachter* gepubliseer het.

Volgens H Bouwman in sy *Gereformeerde Kerkrecht Deel II*, 19-20 met 'n beroep op Voetius (*Pol Eccl I*, 227-228; IV, 891) kan 'n Sinode in een geval tog na tuguitoefening oorgaan. Greijdanus verskil van die konklusies van H Bouwman (1943a:21). Hy is van mening dat 'n meerdere vergadering nie die reg het om eiemagtig in die lewe van kerke in te gryp nie. Die meerdere vergadering kan volgens Greijdanus dus nie die werk doen wat uiteraard onder die Kerkraad tuishoort, naamlik sensuur, ekskommunikasie, skors, ontslag, beroeping, ensovoorts nie. Toestemming daarvoor kan ook nie deur die mindere vergadering gegee word nie, aangesien sodanige toestemming volgens Greijdanus juis by die aangaan van die kerkverband geweier word en dergelike handeling deur die meerdere vergadering uitgesluit word.

Die gesag van die Kerkraad is volgens Greijdanus geheel eiesoortig en kan nooit volgens Greijdanus na die Sinode of *classis* oorgedra word nie. Die Kerkraad is 'n deur Christus ingestelde mag (Greijdanus 1943a:10). Kumulatiewe mag sal volgens Greijdanus (1943a:10) met die Gereformeerde kerkreg in stryd wees. Deur die aangewese karakter van die meerdere vergadering is haar mag en tugreg bepaal en begrens volgens Greijdanus (1943a:15). Die mag van die meerdere vergadering is nie oorspronklik, maar is veel eerder beperk. Die reg word nie aan die meerdere vergadering gegee om die kerke van haar mag en tugreg te beroof nie. Die meerdere vergadering mag haar mag en

tugreg nie uitgeoefen sonder die medewerking en/of samewerking van die kerke nie. In *Pol Eccl IV*, 120-121 stel Voetius dit duidelik volgens Greijdanus (1943a:15) dat aan die kerkverband geen nuwe of besondere mag wat deur die goddelike reg eintlik aan die kerke toekom, toegeken mag word nie.

Die bevoegdheid van die meerdere vergadering met betrekking tot wanbestuur

Voetius erken volgens Greijdanus nie slegs die reg van die meerdere vergadering met betrekking tot wanbestuur nie, maar spreek aarselend oor die praktiese uitvoerbaarheid daarvan. Van kumulatiewe mag is daar nie sprake nie, sê Greijdanus (1938a:263). Daar is wel 'n byeenvoeging van mag, maar geen meerdere bevoegdheid of reg ofskoon wel 'n versterking van krag bestaan. Voetius stel dit volgens Greijdanus (1938a:264) dat die meerdere vergaderinge geen dwingende regsmag het om haar besluite aan die kerke op te lê met bedreiging en eventuele toepassing van sensuur nie. Dat die mag “onleend en gedelegeerd” is, word deur Greijdanus afgewys (1938a:264).

2.4.4.3 Dr H H Kuyper (1864-1945)

H H Kuyper het in die *Reformatie* van 16 September 1937 tot 18 November 1937 na aanleiding van die kwessie Drachten 'n reeks artikels oor *Het karakter en bevoegdheid der meerdere vergaderinge* geskrywe. Ook in die *De Heraut* van af Julie 1937 tot 16 Julie 1939 verdedig hy dit dat tugreg die meerdere vergadering toekom.⁴⁰

⁴⁰ Kuyper, H H 1937. Voetius over het gezag der in *De Heraut*, jrg 1937, nr 3102 (4 Juli 1937).

Kuyper, H H 1938a. Het oude Kerkrecht der Christelijke Gereformeerde Kerk in *De Heraut*, no 3166 (1938).

Kuyper, H H 1938b. Bindende besluiten of adviezen in *De Heraut*, jrg 1938, nr 3147 (15 Mei 1938).

Kuyper, H H 1938c. Nieuw kerkrecht in *De Heraut*, jrg 1938, nr 3145, 3147-3148, 3150, 3152-3154 (sewe artikels, 1 Mei 1938- 3 Julie 1938).

Kuyper, H H 1938d. Is er tegenspraak? in *De Heraut*, jrg 1938, nr 3151 (12 Junie 1938).

Kuyper, H H 1938e. Oud of nieuw kerkrecht in *De Heraut*, jrg 1938, nr 3167 (2 Oktober 1938).

Kuyper, H H 1938f. Een tweetal vragen in *De Heraut*, jrg 1938, nr 3168-3170 (drie artikels, 9 Oktober – 23 Oktober 1938).

Kuyper, H H 1938g. De positie der meerdere vergaderingen in *De Standaard*, 22 September 1938.

Kuyper, H H 1938h. Het tuchtrecht der meerdere vergaderingen in *De Heraut*, jrg 1938, nr 3172 (6 November 1938).

Kuyper, H H 1938i. Dr A Kuyper en het kerkverband in *De Heraut*, jrg 1938, nr 3173-3174 (twee artikels, 13 en 20 November 1938).

2.4.4.4. Ds Joh Jansen (1873-1956)

Na aanleiding van die saak-Drachten⁴¹ vra ds Joh Jansen (1938:3) in *Oud of Nieuw Kerkrecht?* of die skorsing en afsetting van ampsdraers van 'n plaaslike kerk deur 'n *classis* of Sinode in die geval van wanbestuur, tot die *oud kerkrecht* of die *nuwe kerkrecht* behoort. Jansen konstateer dit dat die kerkregtelike teorie reeds voor Dordrecht 1618-1619 gedoseer en in die praktyk toegepas was. Hy noem onder andere dat die Generale Sinode van Middelburg 1581 vir Casper Coolhaes veroordeel het en aan die Partikuliere Sinode Zuid-Holland opgedra het dat indien hy in sy onboetvaardigheid volhard, hul hom moet ekskommunikeer. So is Casper Coolhaes op die partikuliere Sinode van Haarlem in 1582 afgeset en as lid geëkskommunikeer. Ook op die Dordtse Sinode 1618/1619 is 15 Remonstrante predikante afgeset. Bowendien het die meerdere vergaderinge ook Remonstrante ouderlinge asook totale kerkrade ontslaan (Jansen 1938:3).

Die selfstandigheid van die plaaslike kerk: Jansen is van mening dat die Doleansiekerkreg in hoofsaak die Dordtse kerkreg van 1618-1619 oorgeneem het, maar uit reaksie teen die Sinodale Besture van die Hervormde Kerk só die selfstandigheid van die plaaslike kerke benadruk het dat daar op enkele punte van die Dordtse Kerkorde (DKO) afgewyk is (Jansen 1938:6-7). Die afwyking dui hy met drie punte aan, naamlik (i) die skorsing van ampsdraers van die plaaslike kerk deur die meerdere vergadering, (ii) die kassasiereg, dus die reg van die meerdere vergadering om die mindere vergadering se besluite tot niet te verklaar, en (3) die optrede van die *classis* in

1938).

Kuyper, H H 1938-1939. De drieërlei macht in *De Heraut*, jrg 1938 en 1939, nr 3178-3208 (twee en twintig artikels, 18 Desember 1938 – 16 Julie 1939).

⁴¹ Op 8 April 1938 het die *classis* van Drachten die predikant en Kerkraad van Drachten geskors. Die *classis* het geoordeel dat die Kerkraad hul in die jare 1934-1937 skuldig gemaak het aan wanbestuur.

'n plaaslike kerk wanneer hulle so hopeloos verward is, dat die Kerkraad magteloos staan om te doen wat die Kerkraad veronderstel is om te doen. Die Gereformeerdes staan volgens Jansen (1938:9) met betrekking tot die sinodale reg tussen die hiërargie van Rome en die outonomie van die Independentente.

Die Gereformeerdes hou aan beide vas en erken gevolglik die reg van die plaaslike kerk en die reg van die Sinodes. Die Sinodes se beskouing berus op die vrywillige instemming van die kerke of soos Voetius sê die *consensus mutuus ecclesiarum*; en op die positief goddelike reg van die Sinodes (*jus divinum positivum*). Die Independentente wil volgens Jansen (1938:10) niks van die *jus divinum positivum* weet nie, maar alleen van die *jus divinum permissivum*, waardeur God aan die kerke vryheid toelaat (1938:10).

Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering: Jansen (1938:21) is van mening dat ook aan die Sinode die drieërlei mag toekom, te wete die leer-, regeer- en tugmag. Die Roomse Kerk is van mening dat dié mag slegs in 'n absolute sin die Sinodes toekom, terwyl die Independentente van mening is dat dit slegs in 'n absolute sin die plaaslike kerk toekom (Jansen 1938:21). Die Gereformeerdes staan tussenin en handhaaf beide, naamlik die selfstandigheid van die plaaslike kerk asook die eenheid van die kerke in konfederatiewe verband. Jansen (1938:22) gee toe dat die Gereformeerde kerke wel aan die Sinodes die volledige sleutelmag (leer-, -regeer- en tugmag) toeken met die volgende beperkinge, te wete dat sy alleen sake mag behandel met betrekking tot partikuliere sake van mindere vergaderinge wat nie in die vergaderinge afgehandel kon word nie; dat sy alleen sake mag behandel wat oor die kerke van die meerdere vergadering in die algemeen behoort; dat al haar besluite insake leer-, regeer en tuggevalle as vas en gebonde gehou sal word, tensy dit bewys word dat

dit strydig is met Gods Woord en die kerkverordeninge. Die beperking van die sinodale mag word aldus Jansen in art 30 en 31 van die Kerkverordeninge vasgestel. Jansen (1938:22) wys prof S Greijdanus se onderskeid in *Het wezen der meerdere kerkelijke vergaderingen* in die *Reformatie* van 17 Junie 1938 met betrekking tot die Goddelike mag en Goddelike bevoegdheid van Kerkrade teenoor die menslike reg en menslike bevoegdheid van *classis* en Sinodes as onskriftuurlik en onhoudbaar af: “Deze overgedragen macht rust op menselijke bepaling of afspraak, is voorzoover juris humani, niet juris divini, Menschelijk recht, niet van Goddelijk recht, maar het ambt, dat ouderlingen en dienaren des Woord bekleeden, is juris divini, van Goddelijk recht, in oorsprong machtsbevoegdheid, roeping.”

Jansen skryf grotendeels M Bouwman se kerkregtelike standpunte na. Volgens Jansen (1938:23) is die mag van die Sinode tweërlei van aard, naamlik die positief goddelike reg (*jus divinum positivum*) en op die wedersydse toestemming van die kerke van die kerkverband (*consensus mutuus ecclesiarum*). Jansen dui aan dat die goddelike gesag van die Sinode in die Skrif lê en wel in Handeling 15. Die Independenten erken dit dat aan die Sinode leermag toegeskrywe is, maar wil van die tugmag niks weet nie omdat die tugmag jurisdiksie en/of dwingende gesag insluit. Jansen (1938:24-25) toon aan dat beide Voetius (*Pol Eccl IV*, 163) en Maastricht die leer-, regeer – en tugmag van die Sinode uit Handeling 15 afgelei het. Die mag van die Sinode is dus volgens Jansen (1938:25) nie ’n andersoortige mag as dié van die Kerkrade nie. Dit is dieselfde mag in wese en is alleen verskillend in die wyse van toepassing en uitoefening. Christus skenk aan die plaaslike kerke ’n *potestas originalis*, dit is ’n oorspronklike mag. Die kerke doen deur haar delegasie na meerdere vergaderinge volgens Jansen nie afstand van haar mag nie: “Delegatie is geen overdracht van macht

in dien zin, dat zij zelf er afstand van doen. Delegation is het opdragen van de kerkelijke ambtsmacht van de afgevaardigden om in de naam der kerken de kerkelijke zaken te behandelen” (Jansen 1938:26).

Met betrekking tot die aard van die gesag van die meerdere vergadering stel Jansen (1938:26) dit dat die Gereformeerdes tussen die Roomse oorskatting en die Independentie onderskatting van die sinodale mag lê. Teenoor die onfeilbare karakter van die mag by Rome stel die Gereformeerdes die feilbaarheid van die gesag. Teenoor die adviserende karakter van die mag by die Independentie stel die Gereformeerdes dit dat die mag bindend is. Die bindende karakter van die mag geld volgens Jansen (1938:26) vir besluite wat betrekking het op die leer, regering asook tug natuurlik met die voorbehoud van die beroep op artikel 31 indien sodanige besluite teen Gods Woord of die kerkverordeninge ingaan.

Jansen (1941:1) is in *De bevoegdheid der meerdere vergaderingen* van mening dat die vraag welke bevoegdheid die meerdere vergaderinge toekom, vir die gesonde ontwikkeling van die kerklike lewe van voortdurende betekenis is. Hy gaan van die veronderstelling uit dat die grootste gevaar vir die Gereformeerde kerklike lewe enersyds in independentie losbandigheid en andersyds in hiërargiese gebondenheid lê. Die Independentie wil niks van die bevoegdheid van die *classes* en Sinodes weet nie. Hulle leer dat elke kerk onafhanklik jeens ander kerke is. Die verskillende kerke mag wel saam vergader, maar sulke byeenkomste dra by die Independentie die karakter van konferensies waar hul met mekaar oor sake van die kerklik lewe beraadslag, maar geen bindende besluite mag nie. Die Independentie wil van die bindende besluite van

Sinodes niks weet nie. Die Independentente lê klem daarop dat die Kerkraad slegs uitvoerende mag het (Jansen 1941:1).

Met die hiërargiese bestuursmag word, volgens Jansen (1941:2), bedoel die bestuur wat van bo af oor die plaaslike kerke heers. Volgens Jansen (1941:2) het die owerheid haar magte in die eeu van hervorming oor die kerk aangematig en in kerklike sake ingegryp. Die kerk het dit gelate toegelaat dat die staat asook die plaaslike owerhede: approbasie aan verkose ampsdraers verleen, toestemming verleen vir die hou van Sinodes, kerklike vergaderinge by te woon om sodoende toe te sien dat die kerk wel binne haar terrein bly, om kerklike goedere te beheer en te bestuur om daaruit die traktement te betaal.

Meerdere vergaderinge is volgens Jansen (1941:3) samekomste van meer as een kerk. Die Kerkraad is die enigste kerklike vergadering wat 'n vaste raad vorm en met permanente gesag bekleed is (Jansen 1941:4). Die meerdere vergaderinge (*majoribus conventibus*) daarenteen vorm geen vaste bestuur wat bo die mindere vergadering (*minoris conventus*) staan nie. Die meerdere vergaderinge is slegs samekomste van meerdere kerke deur haar afgevaardigdes (Jansen 1941:4). Die meerdere vergadering is nie in haar aard nie, maar wel op grond van haar gesag, bo 'n mindere vergadering. Die uitdrukking meerdere vergaderinge dui volgens Jansen (1941:4-5) nie op hoër bestuur of hoër mag nie, maar wel is die gesag van die meerdere vergadering saamgebring en kan dus van meerdere gesag in graad gespreek word. Volgens Jansen (1941:5-7) lei Voetius uit Skrifgegewens onder meer Hand 15: 1-34; 2 Kor 8:1, 4, 19 en Rom 15:26, die *jus divinum positivum* vir die samekomste van die meerdere vergaderinge af. Die meerdere vergaderinge het volgens Jansen (1941:7) *jure suo*,

kragtens eie reg, geen enkele regsbevoegdheid om vir die kerke bindende bepalinge te maak. Slegs God besit volgens Jansen (1941:7) soewereine mag. Die mag wat Christus aan Sy kerk gee, is volgens Jansen nie oorspronklik, maar is afgeleid. Hy erken dat van 'n "inklevende kerklike mag" wat Christus aan Sinodes en *classes* gegee het, daar geen sprake in die Skrif is nie. Ewe min ontleen die meerdere vergadering haar bevoegdheid van die ampte in haar byeenkomste. Volgens die Kollegialisme ontleen 'n Sinode haar mag eenvoudig uit die wil van die meerderheid (Jansen 1941:5-7).

Die tugreg ten opsigte van ampsdraers: Die meerdere vergadering kan tugvonnisse wel uitspreek, maar die uitvoering van die vonnis kom die Kerkraad toe (Jansen 1938:28). Die Independenten leer in hul Savoy Declaration art 26: "Maar deze Synoden, aldus verzameld, hebben geen kerkelijke magt in eigenlijken zin en zijn niet toegerust met eenige jurisdictie of rechtspraak, over de kerken of personen eenige censuur te oefenen, hetzij over eenige kerken of personen, of om hare beslissingen op te leggen aan de kerken of haar ambtsdragers" (Jansen 1938:29).

Die bevoegdheid van die meerdere vergadering met betrekking tot wanbestuur
Joh Jansen (1938:29-30) wys eiemagtige en wederregtelike ingrype van die meerdere vergadering op plaaslike kerke af, maar gee toe dat die meerdere vergadering in die geval van wanbestuur die bevoegdheid het om "waar de zaak als vanzelf ter tafel komt, in te grijpen tot behoud der kerk om te doen wat des kerkeraads is, totdat die orde hersteld is.

2.5. Diskussies rondom Vrijmaking (1942-1952)

Gedurende 1942 tot 1952 het daar diskussies rondom bevoegdheid van die meerdere vergadering en die tugreg van die meerdere vergadering plaasgevind, wat uiteraard sou uitmond in die Vrijmaking. EkspONENTE van die diskoers was onder andere proff K Schilder, P Deddens aan die een kant en drr W A van Es, D Nauta, M Bouwman, ds K Doornbos aan die anderkant.

2.5.1 Sinode van Sneek-Utrecht (1939-1943)

Die Sinode Sneek-Utrecht (1939-1943) het langer geduur as wat in die in DKO art 50 bepaal word, naamlik een jaar langer as wat nodig: “De Nationale Synode zal ordinaarlijk alle drie jaren eens gehouden worden, ten ware dat er enige dringende nood ware, om de tijd korter te nemen” (DKO art 50). Op Dinsdag 29 Augustus 1939 het die Sinode van Sneek vergader. Op die agenda was die kwessie van die leergeskille wat deur die Sinode van Amsterdam 1936 na haar verwys is (Janssen 1969:13). Beide ’n minderheid en meerderheid verslag is op die Sinode ingedien, naamlik die minderheidsverslag van prof dr K Schilder en prof dr D H Th Vollenhoven en die meerderheidsverslag van prof dr G Ch Aalders, ds G Diemer, prof dr V Hepp, dr J Thijs. Na bespreking van die twee verslae is dr W A van Es, dr D J de Groot, ds T J Hagen, en dr E D Kraan asook drie ouderlinge, te wete A Borkent, J Hommes en A Scholtens op die Sinode benoem om saam met die adviseurs, te wete drr K Schilder, J Ridderbos en V Hepp, die klagtes met betrekking tot die leergeskille te beoordeel en die eerskomende Sinode daaromtrent te adviseer. Die kommissie staan bekend as Kommissie 1 van die Sinode van Sneek (Janssen 1969:13). Dr K Schilder het skriftelik aan die voorsitter van die kommissie kennis gegee dat hy hom van die kommissie onttrek aangesien hy ook beskuldig word van afwyking van die Skrif en

belydenis (Janssen 1969:14). Op aanbeveling van die kommissie het hy as lid van die kommissie aangebly. Die behandeling van die saak met betrekking tot die leergeskille, soos geïdentifiseer by Amsterdam 1936, is op die voorgesette Sinodes van 6 Augustus 1940 en 17 Desember 1941 uitgestel. Op 26 Mei 1942, op die Sinode van Utrecht, het prof K Schilder kennis gegee dat hy hom as pre-adviseur van die afhandeling van die leergeskille onttrek (Janssen 1969:17). Die Sinode het sy versoek aanvaar. Uiteindelik op 8 Junie 1942 het die Sinode van Utrecht die leeruitsprake met betrekking tot die algemene genade, genadeverbond, selfondersoek, die onsterflikheid van die siel asook die vereniging van beide nature van Christus, vasgestel (Janssen 1969:21). Vir die kwessie met betrekking tot die pluriformiteit was daar 'n kommissie benoem. Kort na dié Sinode was 'n dokument, genaamd *Toelichting*, wat betrekking het op die leeruitsprake, onderteken deur die deputate, naamlik dr G C H Aalders, dr G C Berkouwer, ds S J Popma en dr J Ridderbos, en goedgekeur deur die moderamen na die Kerkrade gestuur. Kort na die verskyning van die *Toelichting* het konflik oor die interpretasie van die leeruitsprake ontstaan.

Volgens art 50 van die DKO moes 'n Generale vergadering "ordinaarlijk" elke drie jaar plaasvind. Die volgende Sinode ná Sneek moes dus gedurende 1942 plaasgevind het. Op 25 April 1940 versoek prof Aalders dat die nuwe Sinode eers gedurende 1943 byeengeroep moes word. Die Acta vermeld geen motivering vir die versoek nie (Janssen 1969:61). Na aanleiding van 'n voorstel op 17 Desember 1940 van ds H de Bruin van Nieuwendijk is besluit om, indien die meningverskille nie behandel kon word nie, die volgende Sinode tot 1943 uit te stel. Prof Schilder het skriftelik beswaar gemaak teen die besluit (Janssen 1969:61). Op 29 Mei 1942 is, met een stem daarteen, besluit dat die volgende Sinode gedurende 1943 sou plaasvind: "Dat de eersvolgende nieuwe

Synode DV in 1943 zal saamenkomen en dat de synode, die thanz gehouden word, na de behandeling der meningsverschillen, met het oog op dringende zaken, bijzonder op verzoek van de deputaten voor correspondentie met de Hooge overheid, provisorisch zal worden gesloten” (Janssen 1969:61). Prof K Schilder het by die Sinode 1942 skriftelik beswaar teen die self kontinuering van die Sinode gemaak: “Zelfprolongatie is machtsmisbruik en machtsoverschrijding van haar leden, die gedeputeerd zijn voor behandeling van bepaalde punten” (Janssen 1969:62). Etlike beswaarskrifte met ’n beroep op artikel 31 insake die kwessie van die self kontinuering van die Sinode is ontvang, maar was deur die Sinode afgewys: “Leg dat bewijs dan maar ter toetsing aan de volgende synode voor; als die het erkent, dan hoef je je niet meer aan het besluit te houden, maar begin met je te onderwerpen” (Bos 1994:23).

Prof K Schilder het volgens Janssen (1969:63) gevrees dat die Sinode weer in ’n bestuur bo die kerke, gelyk aan die Hervormde Kerk, sou ontaard. Hy het die invoer van sinodale heerskappy oor die vry kerke gevrees. Jansen (1969:63) is van mening dat hier ’n kerkregtelike vraagstuk van groot belang aan die orde gestel was, naamlik die vraag na die omvang van die gesag van die sinode en die verhouding tot die kerke. Prof K Schilder en Greijdanus het onder andere ook beswaar aangeteken op die wyse waarop die benoeming van die nuwe hoogleraar in die vakature van prof Greijdanus tydens die Sinode van Sneek–Utrecht gehou September 1942, plaasgevind het, aangesien die punt nie op die agenda was nie. Hulle het hul beswaar soos volg gemotiveer:

De synode is niet in wettige vergadering bijeen. Dat kan betekenen dat er verwarring ontstaat over de wettigheid van deze benoeming. Gaat u alstublieft zo snel mogelijk naar huis en maakt u plaats voor een volgende synode. Deze kan de benoeming opnieuw doen, maar dan wettig. Door op deze manier zelf zaken op uw agendum te plaatsen, bent u bezig te ontaarden in een bestuur bóven de kerken in plaats van een vergadering ván de kerken.

(Bos 1994:23)

Twee ingrypende besluite het die Sinode gedurende haar Oktober 1942-vergadering geneem. Die Sinode het onder andere besluit dat die *classicale* vergaderinge hulle by die kerklike eksamens van teologiese kandidate hul moet vergewis of kandidate met die leeruitsprake van Sneek-Utrecht 1942 instem. Die Sinode het ook besluit dat die hoogleraars, prof S Greijdanus en prof K Schilder, skriftelik en kategories moes verklaar dat hulle konformeer tot die besluite van die Sneek-Utrecht 1942 en by die uitvoering daarvan hul lojale samewerking sal gee. Hulle moes voor 15 November 1942 aan die eis skriftelik gehoor gee:

Uit 'n kerkregtelike oogpunt bezien is het stellen van deze eis, naar aanleiding vooral van de adviezen dezer hoogleraren aan de synode, een droevig bewijs van de neergang van het kerkelijke leven, van de groeiende hiërarchie, waardoor het niet eens mogelijk blijkt adviezen te geven aan een synode als prae-adviserend lid, zonder eigen kerkenlijke veiligheid in de waagschaal stellen.

(Janssen 1969:65)

Beide hoogleraars het aan die Sinode op 15 November 1942 kennis gegee dat die Sinode geen reg gehad het om sodanige eis aan hulle te stel nie (Janssen 1969:66). Schilder het ook aan die Kerkraad en die Generale Sinode van Kampen, gedurende Oktober 1942, 'n breedvoerige skrywe gerig waarin hy onder andere gewys het op die verbondenheid van Gods Woord en die kerkorde. Indien die Generale Sinode van beide afwyk, 'n beroep op die kerke moontlik en geoorloof is; dat afvaardigings na meerdere vergaderinge verbonde is aan die lasgewing van die kerke wat hulle gestuur het; dat meerdere vergaderinge geen permanente, blywende rade van onbepaalde lewensduur is nie; dat self kontinuering en die uitbreiding van die agenda 'n sonde is; dat die kerkorde bepaal dat die Generale Sinode elke derde jaar sou vergader; dat die Sinode Sneek buite haar bevoegdheid gegaan het deur eiemagtig haar bestaan te verleng (Janssen 1969:71-72). Prof Schilder het die Kerkraad van Kampen geadviseer om hul uit te spreek teen die besluite van die Sinode van Sneek. Volgens Janssen (1969:73) is die advies van

Schilder aan die Kerkraad van Kampen kerkregtelik gesien 'n normale handeling, aangesien hy normaalweg gemeentes met betrekking tot die kerkreg geadviseer het.

Uiteindelik het die Sinode van Sneek op 29 April 1943, na 'n sittingstyd van 4 jaar, geëindig (Janssen 1969:24). Die Generale Sinode van 22 Junie 1943 kan volgens Janssen (1969:25) beskou word as die eerste revisie Sinode. Op Dinsdag 22 Junie 1943 het die nuwe Sinode te Utrecht byeengekom. Op die agenda was talryke besware teen die leeruitsprake van 1942, ook teen dié van 1905, asook teen die *Toelichting* en die “kandidate binding” (Janssen 1969:26). In die sentrum van die besware het die verklaring van 1905 gestaan dat volgens die belydenis van die kerke, “het zaad dres verbods krachtens de belofte Gods te houden is voor wedergeboren en in Christus geheiligd, totdat bij het opwassen uit hun wandel of leer het tegendeel blyk” (Janssen 1969:26). Die Sinode het 'n kommissie benoem om die beswaarskrifte te behandel. Dr A D R Polman was die voorsitter van die kommissie en professor F W Grosheide en dr Ridderbos die pre-adviserende lede (Janssen 1969:28). Op 9 September 1943 is al die revisie-aansoeke deur die Sinode afgewys (Janssen 1969:37). Gedurende die veertigerjare kan 'n nuwe gees of rigting, wat die kerke innerlik in 'n krisis gebring het, in die kerk onderskei word. In die brosjure, getiteld *De toekomst van de gereformeerde Kerken*, bespreek dr H Bavinck wat hy noem die nuwe gees of die nuwe rigting wat “in die kerken reeds geruimen tijd roerde” (Veenhof 1949:149).

2.5.2. Generale Sinode Utrecht 1942 tot 1944

Vanaf Junie 1943 tot Desember 1943 het die Sinode van Utrecht vergader. Die Sinode het talryke beswaarskrifte met betrekking tot die leerbesluite van 1942, die kandidatebinding, die self kontinuering van die vorige Sinode ontvang en het dit

afgewys. 13 Desember 1943 het prof K Schilder per brief aan die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerken in Nederland in sitting te Utrecht, kennis gegee dat hy hom nie kon hou by die leerbesluite van Sneek-Utrecht nie, omdat dit "innerlik teenstrydig waren en deels onjuis" (Bos (red) 1994:24). Schilder het onder andere daarteen beswaar gemaak dat die kandidaatverklaring wat van die teologiese kandidate voortaan verlang sou word op 'n toevoeging van die ondertekeningformulier vir die Bedienaars van die Woord en die hoogleraars neerkom. Tweedens het hy beswaar aangeteken dat die leerbesluite van die Sneek-Utrecht Sinode van 1942 aan 'n sinsnede uit die verklaring van 1905 kerkregtelike betekenis gegee is:

(D)ie verklaring van 1905 immers was afgelegd, 'ter gerustelling van de consciëntie'; maar niet tot binding van deze aan een détail ervan als een formulier van enigheid. Zij diende "om alle eenzijdigheid in het voorstellen van sommige leerstukken te voorkomen"; doch juist daarom zéker niet, om één van haar vele volzinnen, nog wel losgemaakt uit het verband met de andere, na zooveel jaren ter onderteekening voor te leggen en daarmede de eenzijdigheid in het voorstellen van een bepaald leerstuk, zoo niet erger, te bevorderen.

(*Acta generale synode Utrecht* 1942:356 bylaag LX111)

Hy het ook beswaar aangeteken teen afwyking van die kerkorde met betrekking tot die sameroeping van die Sinode. Hy het aangetoon dat die besluite van die voorafgaande Sinode aan die mindere vergaderinge bekend gemaak moet word reeds tydens die voorbereiding van die volgende Sinode (*Acta generale synode Utrecht* 1942:358 bylaag LX111). Gedurende Januarie 1944 het prof Schilder 'n afdruk van dié skrywe aan alle kerkrade versend. Die Sinode het dié handeling van Schilder as skeurmakery en ondermyning van die gesag van die Sinode beskou. Op 25 Februarie 1944 het die Sinode besluit om, na aanleiding van prof Schilder se skrywe aan die kerke, 'n skrywe, gedateer Januarie 1944, aan die kerke te rig (*Acta van die generale synode Utrecht* 1944:101 artikel 341). Die feit dat prof K Schilder hom na die Kerkrade gewend het, was sterk deur die Generale Sinode afgekeur:

(D)it optreden moet zoo scherp mogelijk worden afgekeurd; het is in wezen”mouterij in kerken”, en er zou, indien deze weg ook in de toekomst vrijelijk bewandeld wordt, geen kerkelijk samenleven meer mogelijk zijn dan kan, zoowel in het classicale en particulier-synodale als in het generaal-synodale ressort, elke kerkeraad de uitvoering van de besluiten der meerdere vergaderingen weigeren; dan zou ieder, die beweert gewetensbezwaren te hebben, vrij zijn om in het kerkelijk leven eigen meening en wil te volgen; dan is er tenslotte geen gemeenschappelijke arbeid, ook niet ten opzichte van de opleiding tot den diest des Woord, meer mogelijk, omdat de kerkeraden naar deze opvatting de vrijheid hebben zich, indien zij naar hun oordeel gegronde bezwaren hebben, aan dit alles te onttrekken, - dan wordt de eenheid der kerk prijsgegeven voor een independentistisch individualisme, dat tot groote schade is van alle kerken; de onderlinge gemeenschap en trouw eischen om Christus’ wil, dat elke plaatselijke kerk zich schikt naar wat de kerken in haar generale synode besloten hebben, en zoo zij ernstige bezwaren mocht koesteren, deze in den kerkelijken weg indient.

(*Acta generale synode Utrecht 1944:391 bylaag LXIV*)

Die Generale Sinode het in ’n skrywe gedateer 25 Februarie 1944, ’n beroep aan die plaaslike gemeentes gedoen om hul te onderwerp aan die besluite van die Generale Sinode of die kerklike weg van appèl, ingeval van beswaar, te volg. Die Generale Sinode het terselfdertyd in dié skrywe op die gevare van independente individualisme gewaarsku en verklaar dat die Generale Sinode nie, soos Schilder in sy skrywe beweer, van kandidate eis om die verklaring te onderteken nie, maar dat hul wel verklaar het dat die Bedienaars van die Woord en die hoogleraars daarmee sal instem (*Acta generale synode Utrecht 1944:362 Bylaag LXIV*).

Met betrekking tot die 1905-besluit wat volgens Schilder kerkregtelik status deur die besluit van 1943 gekry het, het die Generale Sinode Schilder se interpretasie afgewys. Die Generale Sinode is van oordeel dat in die Gereformeerde kerke was daar nooit van die ratifikasie van besluite, soos deur Schilder beweer, sprake nie. Joh Jansen (1937:107) merk in sy *Korte verklaring van de kerkordeninge* tereg opmerk dat ratifikasie nimmer die gewoonte was, of dat punte van die agenda na die meerdere vergadering eers na die mindere vergadering versend moes word, ook is ratifikasie nooit van die kerke gevra nie. Die ratifisering van besluite sou, volgens die Generale

Sinode, geheel en al in stryd wees met die eerste beginsel van die Geformeerde kerkreg, naamlik dat die meerdere vergaderinge geen bestuursliggame is nie, maar veeleerder vergaderinge van kerke. Die kerke kom dus volgens Jansen (1937:107) in die Generale Sinode saam en neem besluite. Die beslissings deur hierdie kerke in sinodale vergaderings is volgens die Generale Sinode haar ratifikasie: “Prof Schilder poog deur deze voorstelling van zaken een vreemde en ongereformeerde praktijk in ons kerkelik leven in te voeren, die zoo sterk mogelijk moet worden weerstaan” (*Acta generale synode Utrecht* 1944:365 bylaag LXIV). Die Generale Sinode het gevolglik die nie-uitvoering van die ter sprake sinodale besluite as skeurmakery beskou (*Acta generale synode Utrecht* 1944:366 bylaag LXIV).

Die Generale Sinode Utrecht 24 Maart 1944 het verklaar dat aangesien prof Schilder in 'n skrywe gedateer Oktober 1942 die Kerkraad van Kampen adviseer het om nie die besluite van die Sinode as vas en bindend te beskou nie, hy nie voldoen het aan die Sinode van Utrecht se uitgesproke verwagting, dat hy sou erken dat hy sy advies aan die kerk van Kampen agterweë moes gelaat het, dat hy na herhaaldelike oproepe onttrek het van die behandeling van die meningsverskille in die Sinode te sitting Sneek-Utrecht in Mei /Junie 1942, dat hy teen die leeruitsprake van die Sinode geen gravamen of andere besware teen die Sinode ingedien het nie en hierdie leeruitsprake openlik bestry het, dat hy die kerke opgewek het om die binding van die leeruitsprake nie te aanvaar nie asook die besluit dat die *classis* hul moes vergewis by die eksamen van kandidate van die instemming van die kandidate by die leeruitsprake, dat hy geweier het om sy leedwese oor sy houding te erken, en prof Schilder hom dus skuldig gemaak het aan art 80⁴² van

⁴² “Voorts onder de grove zonden, die waardig zijn met opschorting of afstelling van de dienst gestraft te worden, zijn deze de voornaamste: valse leer of ketterij, openbare scheurmakende, openlijke blasfemie, simonie, trouweloze verlaten van zijn dienst, of

die DKO, genoemde sonde van skeurmakery (*Acta generale synode Utrecht* 1947:114 artikel 392). Die Sinode het met leedwese besluit om op grond van art 79⁴³ en art 80 van die DKO en op grond van die reglement met betrekking tot die beëindiging, skorsing en die verlening van verlof uit diens van die Theologiese Hoogeschool van die Gereformeerde Kerken in Nederland, prof Schilder in sy bediening as hoogleraar van die Theologiese Hoogeschool en as emiritus-leraar van Gereformeerde kerk van Rotterdam-Delfshaven, vir drie maande te skors ten einde hom geleentheid te gee om sy afdwaling te bely (*Acta van die Generale Sinode Utrecht* 1947:111-115, artikel 392). Die stemverhouding vir die skorsingsbesluit was 6 pre-advieslede, 41 lede en 1 adviserende lid daarvoor, 5 lede daarteen. Twee lede en twee eisende lede was afwesig.

Di Bos, Van Dijk en Veltman het hul beswaar teen die besluit laat aanteken:

Die ondergeteekenden verklaren, dat zij hun stem uitgebracht tegen het door de commissie voor zwaarigheden gedane voorstel tot schorsing van prof dr K Schilder als hoogleeraar aan de Theologische Hoogeschool te Kampen en als emiritus-dienaar des woord in de Gereformeerde Kerk van Delfshaven, omdat zij van oordeel zijn: dat de voor deze dubbele aangevoerde gronden onvoldoende zijn; dat der generale synode krachtens de KO het recht tot schorsing van een dienaar van des Woord niet toekomt.

(*Acta generale synode Utrecht* 1947:114, artikel 292)

Op grond van sy weiering om sy instemming met betrekking tot die leeruitsprake van Sneek-Utrecht te betuig, is ook die teologiese kandidaat, H J Schilder, op die Sinode tot die preekdiens verbied. Kandidaat H J Schilder het besware teen die leeruitsprake van 1942 veral teen die aanhaling uit die verklaring 1905, gehad (*Acta generale synode Utrecht* 1947:125 artikel 429). Die Sinode besluit verder ook dat die *classis* van 's Gravenhage die verleende preektoestemming moes terugtrek. Die *classis*

indringing in eens anderen dienst, meinedigheid, echtbreuk, hoerij, dieverij, geweld, gewoonlijke dronkenschap, vechterij, vuil gewin; kortelijk al de zonden en grove feiten, die de auteur voor de wereld eerloos maken, en in een ander gemeen lidmaat der kerken der afsnijding waardig zouden gerekend worden" (art 80 DKO).

⁴³ "Wanneer de dienaars des Goddelijken Woords, ouderlingen of diakenen een openbare grove zonde bedrijven, die der kerk schandelijk, of ook bij de overheid strafwaardig is, zullen de ouderlingen en diakenen terstond door voorgaand oordeel des kerkenraads derzelve en der naast gelegene gemeente van hun dienst afgezet, maar de dienaars opgeschort worden. Maar of zij geheel van de dienst af te zetten zijn, zal in het oordeel der classe staan" (art 79 DKO).

van 's-Gravenhage het op 2 Junie 1944 kandidaat H J Schilder se preekvergunning ingetrek (Janssen 1969:41). 5 Junie 1944 het die moderamen namens die Sinode 'n skrywe aan die gemeentes insake die skorsing van prof dr Schilder gerig en die gemeentes tot verootmoediging en gebed opgeroep en die Kerkrade versoek om die skrywe die eerskomende Sondag van hul kansels te lees.

Op die voorgesette Generale Sinode van Utrecht, gehou 22 tot 23 Junie 1944 was talryke beswaarskrifte met betrekking tot die skorsing van prof dr K Schilder behandel (*Acta generale synode Utrecht* 1947:128-132, artikel 448-449). Die Sinode het besluit om die skorsing van prof Schilder nog vir een maand te verleng (*Acta generale synode Utrecht* 1947:134. artikel 459 (b)).

Op die voorgesette Generale Sinode van Utrecht 24 -28 Julie 1944 is kennis geneem van die skrywe van prof S Greijdanus van 22 Desember 1943 aan die Sinode asook die publikasies van prof Greijdanus wat na 16 Desember 1943 verskyn het: "De verklaring van die synode van 1905 inzake het punt van de wedergeboorte; de schorsing van prof. K Schilder; dat ik niemand lichtelijk en onverhoord veroordeele; zijn deze dingen alzoo? En Hij zeide: Hoort toe; Snelle afloop als der wateren" (*Acta generale synode Utrecht* 1947:151, artikel 518). Die Sinode oordeel dat prof S Greijdanus hom nie gewillig wil onderwerp aan die uitspraak van die Sinode oor sy gravamen nie, hy met sy publikasies sy afwykende gevoelens versprei en daardeur die kerke opgewek het en dat hy met die bindingverklaring groot onrus, verwarring en tweedrag gesaai het. Die Sinode spreek haar gevolglik uit dat prof Greijdanus hom skuldig gemaak het aan die bestryding van leeruitsprake na die beslissing van sy gravamen, aan voortgaande onwilligheid om hom aan die oordeel van die meeste kerklike vergadering te onderwerp, aan die aanrigting

van skeuring en tweedrag in die kerke en aan die herhaaldelike oortreding van die vyfde en negende gebod (*Acta van die Generale Sinode Utrecht* artikel 518, 1947:152). Die Sinode het met diepe leedwese besluit om op grond van die ondertekeningformulier vir predikante en hoogleraars van die Theologiese Hoogeschool en volgens art 79 en 80 van die DKO, prof S Greijdanus in sy regte as emiritus-hoogleraar van die Theologiese Hoogeschool, behoudend sy finansiële regte, en as emiritus-leraar van Gereformeerde kerk van Paesens vir drie maande te skors, ten einde hom geleentheid te gee om tot verootmoediging te kom en sy afdwaling te bely. Daar is verder ook besluit om kennis te gee van die besluit aan prof S Greijdanus, die kuratorium van die Theologiese Hoogeschool, die Kerkraad van Paesens, die *classis* van Dokkum, die Kerkraad van Kampen en ook aan alle Kerkrade van die Gereformeerde kerke.

2.5.3 Voorgesette Generale Sinode van Utrecht

Op die Voorgesette Generale Sinode van Utrecht 1 – 3 Augustus 1944 is besluit om prof Schilder as hoogleraar van die Theologiese Hoogeschool te ontslaan en as emiritus-leraar van Gereformeerde kerk van Rotterdam-Delfshaven af te set (*Acta van die Generale Sinode Utrecht* 1947:154 art 526). Ds Bos het toestemming verkry om in die *Acta* te laat opteken dat hy geen verantwoordelikheid dra vir die besluit om prof K Schilder te ontslaan nie. Op 14 Augustus 1944 het die Sinode besluit dat prof S Greijdanus die naam as emiritus-hoogleraar van die Theologiese Hoogeschool en as emiritus-leraar van Gereformeerde kerk van Paesens verloor het (*Acta van die generale synode Utrecht* 1947:630 art 184).

2.5.4. Buitengewone Sinode Utrecht (1946)

Op 26 Januarie 1946 het 'n buitengewone Sinode van die Gereformeerde Kerken (sinodaal) te Utrecht plaasgevind. Omdat die Sinode in die eerste plek antwoord moes gee op die talryke revisie-aansoeke insake die leerbesluite, staan die Sinode ook as die Revisie Sinode bekend (Van Staalduine 2004:445). Op die Sinode is die leerbesluite van 1942 en 1905 met 'n nuwe besluit vervang. Daar is onder andere besluit om die saaklike inhoud van die leerbesluite in so ver dit in ooreenstemming met die Skrif en belydenis was, nie prys te gee nie (*Acta van die Generale Sinode Utrecht 1946*: art 197). In sake die doop het die Sinode onder andere ruimte gelaat vir beide opvattinge: naamlik die beskouing dat kinders reeds by geboorte wedergebore is, asook die opvatting dat kinders wedergebore is of sal word. Die Vrijgemaaktes het, soos bostaande geskiedenis bewys, hul nie tuis gevind in die nuwe bewoording nie en het die *Vervangingsformule* onomwonde afgewys (*Acta Gereformeerde Kerken (GKv) Groningen 1946*: art 113). Die Sinode het aan 'n afsonderlike kommissie opdrag gegee om die onderwerp *Herstel van de kerkelijke eenheid* te hanteer (*Acta van die Generale Sinode Utrecht 1946*: art 112). Die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerken (sinodaal) van Sneek (1939) het ses deputate, te wete drr M Bouwman, W A van Es (as sameroeper), S Greijdanus, G M den Hartogh, D Nauta en H H Kuyper benoem met die opdrag om die tugreg van meerdere vergaderinge te ondersoek met verslaggewing aan die daaropvolgende sinode (*Acta van die Generale Sinode Utrecht 1946*: art 183). Prof Greijdanus het per skrywe, gedateer 19 Julie 1943, sy mede-deputate meegedeel dat hy op 5 Julie 1943 aan die Sinode van Utrecht berig versend het van sy besluit om hom te onttrek as lid van die deputaatskap. Beide S Greijdanus en H H Kuyper het egter voor die rapport by die sinodesitting te Zwolle (1946) ter tafel gelê was, gesterf. Die oorblywendes vier deputate, te wete drr M Bouwman (as

sameroeper), G M den Hartogh, W A van Es en D Nauta het die *Rapport in zake het tuchtrecht der meerdere vergaderingen aan de Generale Synode van de Gereformeerde Kerken in Nederland* aan die Buitengewone Sinode Utrecht 1946 voorgelê.

Die deputate het 'n kompromisvoorstel aan die Sinode bedien, aangesien hul nie tot 'n vergelyk kon kom nie. Die deputate is van mening dat geen meerdere vergadering van kerke, maar ewe min 'n Kerkraad in *jure suo* in besit van die tugreg is (Van Es 1946:2). Die deputate het voorgestel dat die Sinode kennis neem van die verskille van gevoelens wat in die laaste jare die kerke infiltreer het, watter aandeel die meerdere vergadering in die tug van sy ampsdraers het, maar het dit nie noodsaaklik en onder omstandighede ook nie gewens geag om ten aansien van die saak uitspraak te lewer nie. Die Sinode het hul uitgespreek ten aansien van art 79 dat onder die voorafgaande oordeel die Kerkraad as die naasliggende gemeente asook die raad van kerke verstaan word; dat die meerdere vergaderinge ten aansien van die bedienaar van die Woord behalwe die reg van afsetting ook die reg tot skorsing sal hê; dat die meerdere vergadering ten aansien van die skorsing of afsetting van ouderlinge of diakens alleen regstreeks sal handel indien haar hulp en medewerking daarvoor ingeroep word, hetsy deur die Kerkraad of in die geval van wanbestuur, deur die minderheid van die Kerkraad of deur 'n deel van die gemeente (Van Es 1946:19-20).

Ten opsigte van die reg tot appèl in artikel 31 het die Sinode besluit dat indien die minderheid van die Kerkraad haar met die Sinode homogeen verklaar, kan die minderheid die hulp van die meerdere vergadering inroep om gesamentlik die onversoenlike ouderlinge en diakens in hul amp te skors of uit die amp te ontset. Indien

die hele Kerkraad onversoenlik blyk te wees, kan die getroue deel van die gemeente die hulp van die meerdere vergadering inroep, sodat onder die leiding van die meerdere vergadering die ouderlinge en diakens uit hul amp ontset word en nuwe ampsdraers gekies sal word. Indien, om welke rede ook al, bogenoemde nie moontlik is nie, kan die meerdere vergadering in die uiterste gevalle die verband met die onderhawige gemeente gedeeltelik of ten volle verbreek tot tyd en wyl die gemeente op 'n bevredigende wyse verklaar dat hul weer in die kerkverband opgeneem wil word (Van Es 1946:19-20).

'n Deel van die deputate was van mening dat die meerdere vergadering die reg het om ampsdraers in hul ampte te skors, terwyl die ander gedeelte van mening was dat, volgens die kerkorde asook die Gereformeerde kerkreg, dié reg aan meerdere vergaderinge ontsê word. Meerdere vergaderinge kan alleenlik in die geval van 'n appèl of anders deur die indiening van besware, haar met die skorsing en afsetting van ampsdraers inlaat (Van Es 1946:7). Beide WA van Es en M Bouwman, woordvoerders van die verskillende standpunte, se standpunte was as bylaes aan die *Rapport in zake het tuchtrecht der meerdere vergaderingen aan de generale synode van de Gereformeerde kerken in Nederland* geheg. WA van Es het sy standpunt in *Over de bevoegdheid tot schorsing en afzetting van ouderlingen en diaken* terwyl M Bouwman sy standpunt in *Het tuchtrecht der meerdere vergaderingen in geval van wanbestuur der plaatselijke kerk* in bovermelde rapport verwoord.

Dr W van Es merk in *Over de bevoegdheid tot schorsing en afzetting van ouderlingen en diaken*⁴⁴ tereg op dat die meningsverskil nie handel oor die vraag óf ook ouderlinge en diakens, óf ook Kerkrade afgeset kan word nie, en óf die kerkverband 'n taak en 'n roeping het nie, maar veel eerder hoe en deur wie en op watter outoriteit (Van Es 1946:8). Van Es stel dit dat meerdere vergaderinge wel met betrekking tot appèl, asook ekskommunikasie, altans in die kerkverband, bindende besluite mag neem. Dog die uitvoering van die besluite, bly die prinsipiële taak van die Kerkraad (Van Es 1946:9). Volgens Van Es (1946:10) ken die Gereformeerde kerkreg nie massa of kollektiewe tuguitoefeninge nie: “Tuchttoefeninge “en masse”, om zoo te zeggen”bij de roes”, zijn Roomsche en hebben in ons gereformeerde kerkrecht geen plaats.” Van Es (1946:42) toon aan dat die kerklike tug in die Gereformeerde kerkreg 'n bepaalde persoonlike karakter dra as die: “persoonlijke en rechtelijke toepassing van den wil van God om op de consciëntie van den zondaar in te werken.”

Voetius erken volgens Van Es (1946:43-44) in vraag 22 *Pol Eccl IV*, 226 die regeermag (*potestas regiminis*) in 'n sinodale verband (*correspondentia synodalis*) in die geval van wanbestuur (*mala administratio*). Voetius noem dit volgens Van Es “*insanabilis corruptio*”, dit wil sê ongeneeslike verderf. Ten aansien van die ekskommunikasie van die totale Kerkraad, neig Voetius tot ontkenning (Van Es 1946:45). Voetius wys volgens Van Es (1946:47) daarop dat selfs in die geval van algehele verderf, diegene wat die mag verleen, die bevoegdheid het in die geval van noodsaaklikheid om dit terug te neem. In die geval besit die gemeente of soos Voetius haar noem, die “kerkvolk” (*populus ecclesiasticus*) die bevoegdheid om dit terug te

⁴⁴ *Over de bevoegdheid tot schorsing en afzetting van Ouderlingen en Diakenen* kom vir 'n groot deel ooreen met die artikel van dr W A van Es met dieselfde titel in *Rapport inzake het tuchtrecht der meerdere vergaderingen* (1946: 23-73).

neem. Tog is dit volgens Van Es (1946:47) nie Voetius se bedoeling om die kerkverband uit te sluit nie. Hy ag dit raadsaam (*consultissimum*) dat hulp gesoek moet word (*confugere*). Dit val op dat Voetius nêrens spreek van die *classis* of Sinode nie, maar altyd van die naburige kerk of kerke of haar Kerkrade, of ouderlinge of Bedienaars van die Woord. Anders as die Independenten wat plaasvervangende optrede (*vicaria, succedanea opera*) in 'n ander kerk nie toelaat nie, gee Voetius toe dat dit wel op die versoek van die besondere plaaslike kerk wel kan geskied (Van Es 1946:47). Die gepresenteerde dienste word deur Voetius bepaal as hulp (*auxilia et praesidia; succurrere*) of selfs as geleende (*mutuatitia*) dienste. Die mag wat beoefen word, is helpende mag (*auxiliaris potestas*) (Van Es 1946:48).

Van Es (1946:25) is van mening dat die meerdere vergadering wel besluite kan neem insake die appèl of ekskommunikasie, maar dat die uitvoering van sulke besluite prinsipieel die taak van die Kerkraad bly. By die ekskommunikasie gaan dit om die beëindiging van lidmaatskap van die kerk en by afsetting gaan dit om die uitdiensstelling van die een of ander amptelike bediening. Die opheffing van die ekskommunikasie het volgens Van Es (1946:26) nie outomaties die terugkeer tot die amp ten gevolge nie. Van Es (1946:28) is aan die eenkant van mening dat in geval van ernstige openbare sonde, selfs nie op die oordeel van die *classis* hoef gewag te word nie, maar aan die anderkant ken hy die afsetting en herstel van die amp van ouderlinge en diakens aan die outoriteite van die konsistorie toe. Hy beroep hom op die historiese gang van sake in die 16^{de} en 17^{de} eeu en pleit onder andere nie vir afsetting nie, maar die opskorting van die kerkverband in die geval wanbestuur of totale verderf. Hy wys onder andere daarop dat die Sinode van Dordt aanvanklik die oordeel aan die Kerkraad oorgelaat het en dat alleen in 1581 daar 'n bepaling insake die oordeel van die naburige

Kerkraad bygevoeg was. Volgens Van Es (1946:35) weet nóg die kerkorde, nóg die geskiedenis in die dae van die bloeityd van die Gereformeerde kerk, van die afsetting van ouderlinge en diakens deur 'n meerdere vergadering bo en behalwe in geval van hoër beroep. Ook in die nasionale en provinsiale acta vóór Dordrecht 1618/1619, sal 'n mens volgens Van Es (1946:36) tevergeefs soek na 'n voorbeeld van die afsetting van kerkraadslede. Alleen een historiese geval is volgens hom bekend en dit is die van ds Casper Coolhaes (Leiden 1581). Volgens Van Es (1946:36) is die afsetting van Coolhaes geen kerklike afsetting in die ware sin van die woord nie, aangesien Coolhaes se afsetting deur die magistraat gelas was. Van Es erken dat na die Dordtse periode afsetting van kerkraadslede wel plaasgevind het. Die beoefening van die tug dra volgens van Es in die Gereformeerde tradisie 'n bepaalde persoonlike karakter. Van Es staan afwysend teenoor enige vorm van massa of kollektiewe tuguitoefening in die Gereformeerde kerkreg (1946:57). Hy konkludeer dat Kerkrade as sodanig dus nie voorwerpe van ekskommunikasie kan wees nie. Volgens Van Es (1946:61) neig Voetius ten aansien van die ekskommunikasie van die meerderheid van kerkraadslede tot ontkenning. In vraag 22 verdedig Voetius, volgens Van Es (1946:64), teenoor die Independenten by analogiese ekskommunikasie 'n sekere tuguitoefening. Ook aan die kant van die meerdere vergadering, handhaaf hy met gelyke klem dat gesag ook vir die kerkvolk nie alleen 'n *potestas libertatis*, 'n mag van vrye selfbeskikking is nie, maar dat die kerkvolk oor 'n werklike *potestas autoritatis*, 'n outoritêre mag, beskik. Insake die kompromisvoorstel van die kommissie wys Van Es (1946:71) daarop dat die kommissie dit gerade geag het om die historiese en prinsipiële wetenskaplike vrae aan die wetenskaplike diskussie oor te laat:

We verwijzen daarvoor naar het rapport en de voorstellen der commissie, waarbij gepoogd is tot zulk een oplossing te komen voor de praktijk, dat men van beide zijden zich daarin kan vinden, terwijl de historische en principieel

wetenskapelike vrae daartoe aan die wetenskapelike diskussie kan
word oorgelaat.

(Van Es 1946:71)

M Bouwman (1946:75-80), daartoe, is in sy artikel *Het tuchtrecht der meerdere vergaderingen in geval van wanbestuur der plaatselijke kerk* van mening dat alle kerklike vergaderinge drievoudige kerklike gesag te wete leer-, regeer- en tugmag beskik. Hy verwys onder andere na art 30,31, 36, 71 van die DKO en Voetius se *Pol Eccl IV*, 119-120 om sy stellingname te bevestig dat die meerdere vergadering wel in die geval van hoër beroep, wanbestuur en onmag die uitvoeringsreg (*executierecht*) besit. Volgens M Bouwman (1946:81) is die uitvoeringsreg 'n wesenlike deel van die appèlreg en word dit saaklik in art 31 opgeneem en nader gereël in art 36 van die DKO. Die Independent wil volgens Bouwman niks weet van die reg van uitvoering van die appèlbeslissing nie. Die meerdere vergadering het volgens Bouwman die reg tot inisiatief om in geval van wanbestuur, onmag of hoër beroep in die plaaslike kerk in te gryp en haar besluite te implementeer (1946:83). Bouwman beroep hom onder meer op Voetius wat in *Pol Eccl IV*, 203 -204 dieselfde standpuntname inneem, asook op *Pol Eccl IV*, 218 – 219 waar Voetius aandui dat die uitvoering van die sinodale vonnis op die deputate van die Sinode opgelê word. Voetius is volgens Bouwman (1946: 97) 'n voorstander van die sogenaamde “oneigenlijke tucht” of te wete die analogiese of plaasvervangende tug. Volgens Voetius in *Pol Eccl IV*, 881 word die tug verdeel in direkte of formele en indirekte of “oneigenlijke” (analogiese) tug. Tug in die eintlike sin bestaan volgens Bouwman (1946:97) uit skorsing, afsnyding, uitsluiting en/of uitwerping uit die gemeenskap. “Oneigenlijke” tug is volgens Bouwman (1946:98) tug in die sekondêre sin van die woord, omdat dit 'n plaasvervangende geneesmiddel is, wat uitgeoefen word as die eintlike tug nie uitgeoefen kan word

nie. Voetius erken dus, volgens Bouwman (1946:100), die reg van Sinodes om ouderlinge en diakens af te set. Die lyn van die geskiedenis is volgens Bouwman (1946:102-103) dat indien daar wel regsmag is, dan moet die afsetting plaasvind. Indien die regsmag egter ontbreek, dan moet die kerkverband verbreek word. Bouwman (1946:120) is dus van mening dat meerdere vergaderinge volledige tugreg het om sowel predikante as ouderlinge en diakens af te set en haar vonnis deur te voer op plaaslike kerk (vergelyk art 30, 31, 36, 53, 79) asook die ondertekeningformulier van bedienaars van die Woord.

2.5.5. Openbare kerkregtelike diskoers

2.5.5.1 Ds K Doornbos

'n Negatiewe houding teen die meerdere vergadering was sedert 1943 in Noord Holland, in besonder die Gereformeerde Kerk Wormer, waar te neem. Gedurende 1944 het ds K Doornbos op versoek aan sy Kerkraad en gemeente inligtingssessies met betrekking tot die regering van die kerk, die taak van die meerdere vergadering asook die leeruitsprake van die Sinode van Sneek-Utrecht, gehou. Ds K Doornbos het ook tydens die inligtingssessies kennis aan die Kerkraad en gemeente gegee dat beide proff H H Kuyper en H Bouwman omstreeks 1926 van insig verander het en die Sinode onder hul invloed 'n nuwe rigting ingeslaan het. As bewyslas het hy aan die vergadering die uitsprake van die hoogleraars voorgelees waarin hul verandering van insig duidelik geblyk het (Doornbos 1948:9). Gedurende April 1945 het 'n aantal lidmate van die Gereformeerde Kerk te Wormer aan die Kerkraad 'n beswaarskrif gerig. Hulle het dit in die beswaarskrif gestel dat hul in die verband van die Gereformeerde Kerken in Nederland wil bly solank as wat moontlik is, maar dat hul egter nie gebonde wou wees aan die leeruitsprake van 1942 nie en dat hulle nie die

skorsing en afsetting van prof K Schilder as Bedienaar van die Woord van die Gereformeerde Kerk van Rotterdam-Delfshaven deur die Generale Sinode erken nie: “Ten eerste niet omdat de synode niet bevoegd is om ampsdraers te schorsen en af te zetten, en ten tweede niet omdat uit de gronden, die de synode heeft aangevoerd niet blijkt dat prof. Schilder zich zijn ambt onwaardig heeft gemaak” (Doornbos 1945:2). Die Kerkraad het dit ook in die skrywe gestel dat hulle verontrus was oor die talryke skorsings en afsettings van ampsdraers in die Gereformeerde kerke en het hul vrees uitgespreek dat daar ligvaardig met skorsings en afsettings te werk gegaan word. Hulle het ook te kenne dat hul waargeneem het dat die mag in die Gereformeerde kerke gesentraliseer word in die Generale Sinode en dat die Gereformeerde kerke ’n genootskap geword het met die Generale Sinode as hoofbestuur en die plaaslike kerke as onderafdelings. Dit is volgens hulle nie na die ordening van Christus nie en daarom wil hulle hul daarteen verset:

In het kerkverband geldt de regel, die overal in de sameleving geldt, dat de meerderheid beslist en die minderheid daarnaar moet voegen. ... men behoeft zich niet te onderwerp aan de besluiten, die strijden met Gods Woord of met de kerkenordening...

(Doornbos 1945:4)

Oor die besluite wat strydig is met die Woord van God en die kerkverordeninge vind hul in die rapporte en geskrifte van die Generale Sinode van Utrecht 1943 drie dinge wat met mekaar stry naamlik mense moet hul onderwerp aan die besluite wat strydig is met Gods Woord totdat de Sinode die besluite terug getrek het. Volgens Doornbos (1945:56) is die Sinode nie bevoeg om ampsdraers te skors en af te set nie. Januarie 1945 het Doornbos ter inligting van sy gemeente *Iets over de moeilijkheden in de Gereformeerde Kerken* geskrywe. Volgens Doornbos (1945: 10) was die Sinode tot die skorsing van Schilder as hoogleraar bevoegd, maar nie tot die skorsing en afsetting van prof Schilder as bedienaar van die Woord nie. Die wyse waarop ’n bedienaar van die

Woord geskors of afgeset word, art 79 en art 80 van die kerkorde van die GKN, geskied volgens Doornbos deur die Kerkraad van die kerk aan wie die bedienaar verbonde is, in samewerking met die naasliggende Kerkraad. Pas wanneer die skorsing oorgaan tot afsetting word die hulp van die *classis* ingeroep. Die kerkorde gee volgens Doornbos die gang van sake duidelik aan. Die inisiatief gaan vanuit die Kerkraad wat in die geval van afsetting die hulp van die *classis* inroep en nie van die Generale Sinode nie. Tensy die saak in hoër beroep van die *classis* na die Partikuliere Sinode en van die Partikuliere Sinode na die Generale Sinode gaan. Die Generale Sinode het volgens Doornbos (1945:10) opgetree asof daar geen Kerkraad in Rotterdam-Delfshaven was nie, aangesien dié Kerkraad in die koerant moes verneem dat hul bedienaar uit die amp geskors was. Die Generale Sinode het hul handelwyse verdedig deur te kenne te gee dat art 79 wel die bevoegdheid van die Kerkraad beperk, maar nie die bevoegdheid van die Sinode nie (Doornbos1945:11). Ds Doornbos het geweier om die skrywe van die Sinode insake die afsetting en skorsing van prof Schilder in die gemeente van Wormer te laat voorlees (1945:12). Hy is van mening dat die skorsing en afsetting van prof K Schilder 'n plaaslike aangeleentheid vir die gemeente van Kampen was en nie ter sake vir die gemeente van Wormer was nie. Doornbos (1945:20) is van mening dat die Generale Sinode in die kerkregtelike sin die Gereformeerde spoor verlaat het. Volgens Doornbos (1945:21) kan 'n kerk sonder kerkverband staan en hy haal Bavinck aan wat gesê het: "Het kerkverband is niet noodig voor het wezen der kerk, maar voor haar welwezen" (1945:21).

2.5.5.2. Prof P Deddens

By die aanvaarding van die hoogleraarskap aan die Theologiese Hoogeschool te Kampen op 26 Januarie 1946 het prof P Deddens 'n rede met die tema *De Ratificeering*

der besluiten van meerdere vergaderinge ingelei. Deddens beskou die “*ratificeering der besluiten van meerdere vergaderingen*” as een van die brandpunte in die kerkregtelike debat van destyds, maar ook van primêre belang vir elke periode van die kerklike lewe en handel in die verlede en die toekoms. Deddens dui aan dat art 31 van die DKO uit twee klousules bestaan, te wete die kerklike vergaderinge: Kerkraad, *Classis*, Partikuliere Sinode of Generale Sinode en die mindere vergadering en die kerklidmate (Deddens 1946:11). Die kerklike vergaderinge neem volgens Deddens besluite. Deddens stel dit duidelik dat kerklike vergaderinge geen adviese opstel nie, maar wel besluite neem. Die reg om besluite te neem, word volgens Deddens (1946:11) aan die meerdere vergadering verleen deur die akkoord tussen die kerke. Met die neem van die besluit is, volgens Deddens, nie die laaste woord gespreek nie. Die besluite van die meerdere vergaderinge word aldus Deddens deur Gods Woord en die kerkordening begrens (1946:12). Deddens is van mening dat sodra die kerke, na toetsing, oortuig is dat ’n besluit van die meerdere vergadering reg en goed is, en nie strydig is met die voorbehoud in art 31 nie, dan eers *ratifiseer* sy die besluite en voer dit uit (Deddens 1946:12). Ratifisering beskou Deddens as ’n integrale deel van die regsvorm, insake die geldigheid van besluite van ’n meerdere vergadering. Sonder ratifisering is daar volgens Deddens vir die besluite van die meerdere vergadering geen regsgeldigheid nie:

De ratificeering, en dit is geen sinecure, geen bewilliging pro forma, maar een daad waarvan voorafgegaan is getrouwe, gehoorzame oefening der grensbewaking. Zonder ratificeering van de zijde der Kerk heeft het besluit eener meerdere vergadering geen rechtsgeldigheid voor die Kerk, geen rechtskracht, wilt de rechtstitel ontbreek.

(Deddens 1946:12)

Uit die oudste *classicale* en Partikuliere Sinode actas blyk dit volgens Deddens dat Gereformeerde kerke in Nederland in die periode na die Reformasie besluite van die Sinodes geratifiseer het. Deddens verwys onder meer na die Partikuliere Sinodes van

Noord-Holland en Waterland wat in 1578 alle artikels van die Generale Sinode van Dordrecht 1578 aanvaar het, die Partikuliere Sinode van Gelderland 1582 wat die Generale Sinode van Middelburg geapprobeer het en die Partikuliere Sinode van Friesland 1619 wat nie die Dordtse Kerkverordeninge ratifiseer het nie (Deddens 1946:28). Deddens is van mening dat dit onjuis is dat die kerke wat saamkom in die Generale Sinode en besluite neem asook die beslissing deur die kerke in nasionale vergadering tewens ook haar ratifisering is (Deddens 1946:13). Die outoriteit van die *classis* en die Sinode is volgens Deddens nie 'n eie outoriteit nie, maar is opgedra en geleen. Dit lê nóg in die vergadering, nóg in die persone deur wie die vergadering gevorm word, maar alleen in die geleende bevoegdheid om besluite te neem (Deddens 1946:15). Deddens (1956:49) lewer in die bekende brosjure, *Eerste en tweedehands gezag* (1956) op die skrywe van die moderamen van die Sinode met betrekking tot die ratifisering van Sinodebesluite, kommentaar. Hy verwys onder meer na Rutgers & De Savornin Lohman wat dit in hul *De Rechtsbevoegdheid onzer plaatselijke kerken* duidelik konstateer dat die besluite van Emden deur die kerke selfstandig aangeneem moes word (Rutgers & De Savornin Lohman 1886:199). By implikasie moes die kerke die besluite van Emden ratifiseer. Ook in sy *De geldigheid der oude kerkenordeninge* het Rutgers volgens Deddens dit beklemtoon dat dit die gewoonte was dat die lasgewers van die Sinode die Sinodale besluite moes ratifiseer (Deddens 1956:49).

2.5.5.3. Dr M Bouwman

Dr M Bouwman⁴⁵ het gedurende die tydperk in sy *Tweërlei Kerkrecht het zoogenaamde oude kerkrecht noch oud, noch Gereformeerd* (1944) beklemtoon dat die

⁴⁵ M Bouwman het volgens D Deddens (1992:54) ten onregte die naam van "vader van het nieuwe kerkrecht," gekry omdat alle nuwe kerkregtelike opvattinge wat die skrywer telkens na vore bring, in die artikels van sy promotor sedert Assen 1926 te vinde is. Deddens is

kerkreg, wat deur die Gereformeerde kerke in Nederland sedert 1926 toegepas was, nie *nuwe kerkrecht* is soos dit getipeer word nie. Die verskil tussen die *oud kerkrecht* en *nuwe kerkrecht* handel volgens Bouwman oor die kwessie van die gesag van die meerdere vergadering en die selfstandigheid van die plaaslike kerk (1944:7). Die teenstelling tussen die *oud kerkrecht* en *nuwe kerkrecht* lê volgens

Bouwman (1944:9) daarin of die Sinode in die geval van ernstige tugevalle, wanbestuur, onmag, ampsdraers kan afset en haar besluite in die plaaslike kerk tot uitvoering kan bring: “Het nuwe kerkrecht zegt: ja, het oude kerkrecht zegt neen.” Bouwman (1944:7-12) toon in *Tweërlei Kerkrecht* dat die *nuwe kerkrecht* eintlik niks anders as die *oud kerkrecht* van die Gereformeerdes uit die tyd van die Reformasie is nie. Hy toon aan dat in die Franse kerkorde van 1710 (1944:13) die afsettingsreg van die mindere vergadering erken word en dat in duidelike en “grove gevallen” kon die Kerkraad met advies van die *classis* of twee of drie naburige predikante, ’n predikant afset. Daarnaas blyk dit volgens Bouwman uit die Franse kerkordes dat in moeilike gevalle of wanneer dit van ’n meer algemene aard is, dan dwaalleer, die Kerkraad in samewerking met die *classis* die predikant kon skors en dat die Sinode die definitiewe beslissing kon gee of sodanige predikant afgeset kon word (Bouwman 1944:13). Die Sinode het ook ekskommunikasie-reg gehad. Die Partikuliere Sinode kon ’n predikant wat sy diens troueloos verlaat het, ekskommunikeer (Bouwman 1944:13). Die tug wat op predikante toegepas kon word, kon volgens die Franse kerkorde (art 111.9) ook op die Kerkraad van toepassing gemaak word.

van mening dat die dissertasie die nuwe opvattinge van H H Kuyper oor die gesag van Sinode weerspieël asook dat die opvattinge van Voetius op ’n tendensieuse wyse daarin deurgegee word. Volgens D Deddens (1992:54) kom M Bouwman tot konklusies wat duidelik in teenspraak is met Voetius se standpuntinname met betrekking tot kerkreg en kerkregering. Voetius sê duidelik en beslis volgens D Deddens (1992:54) dat die eenheid wat deur die *classicale* en Sinodale verbinding van kerke ontstaan slegs ’n kombinasie, ’n verbinding, ’n konfederasie, ’n verbondsgemeenskap is.

Die *oud kerkrecht* en *nuwe kerkrecht* word skematies soos volg deur dr M Bouwman in *Tweërlei Kerkrecht* (1944:7-9) voorgestel:

'n Skematiese voorstelling van *oud kerkrecht* en *nuwe kerkrecht*:

<i>Oud kerkrecht</i> (Bouwman 1944:7-9)	<i>Nuwe kerkrecht</i> (Bouwman 1944:7-9)	Gijsbertus Voetius (Bouwman 1944:35)
Daar is 'n prinsipiële verskil tussen Kerkrade en die meerdere vergaderinge.	Daar is nie 'n prinsipiële verskil tussen Kerkrade en die meerdere vergaderinge nie.	
Die Kerkraad is 'n vergadering van ampsdraers van die plaaslike kerk.	Die Kerkraad is 'n vergadering van ampsdraers van die plaaslike kerk.	
Die <i>classis</i> en Sinodes is slegs vergaderinge van kerke wat deur haar ampsdraers saamkom.	Die <i>classis</i> en Sinodes is vergaderinge van kerke wie se kerklike mag deur haar afgevaardigdes saamgebring is in 'n meerdere vergadering.	<i>Classes</i> en Sinodes is vir Voetius niks anders as die Kerkrade van verskillende kerke wat deur 'n besondere verband verenig word (Pol Eccl IV 865).
Meerdere vergaderinge het slegs beperkte gesag.	Meerdere vergaderinge het tugmag.	Sinodes en <i>classes</i> het ekskommunikasie - en tugreg (Pol Eccl IV 865, 898,899).
Alleen die Kerkraad kom die bediening van die Woord en sakramente toe.	Slegs die predikant kom die bediening van die Woord en sakramente toe.	
Die meerdere vergadering mag nie alle kerklike sake behandel nie, maar alleenlik dit wat die kerke en die meerdere vergadering gemeen het.	Die meerdere vergadering beslis oor sake wat die kerke in haar ressort gemeenskaplik raak ingeslote sake van die plaaslike kerk ingeval van onmag, wanbestuur en hoër beroep.	
Die meerdere vergadering mag nie in die geval van afdwaling doen wat die Kerkraad doen nie, nóg kan sy haar besluite in die plaaslike gemeente voltrek, nóg die beslissinge van die mindere vergadering vernietig.	Die meerdere vergadering is geregtig om in die geval van onmag, wanbestuur, hoër beroep die besluite van 'n mindere vergadering te vernietig en haar besluite te voltrek.	Sinodes kan die Kerkrade op grond van tugwaardige sonde afset en die vonnis in die plaaslike gemeente voltrek (Pol Eccl IV 869 en Pol Eccl I, 272).
Die <i>classes</i> en die Sinodes het alleen tugreg oor ampsdraers wat deur die kerkorde en kerklike formuleringe in soveel woorde aan haar toegeken is.	Die reg van die <i>classis</i> om predikante af te sit en naasliggende Kerkrade om Kerkrade af te sit word erken.	In Pol Eccl IV, 898-899 word aangetoon dat die Nederlandse kerke aan die Hollandse Sinode van Haarlem (1582) in die saak van Caspar Coolhaes, predikant te Leiden, die sinodale ekskommunikasie reg verleen het.
Die Sinode kan nooit ampsdraers afset sonder dat die <i>classis</i> en Kerkraad geken word nie.	In die geval van wanbestuur, onmag het die meerdere vergadering die tugreg (by implikasie skorsing en afsetting van ampsdraers).	In die geval van wanbestuur en hoër beroep het die Sinodes en die <i>classes</i> tugreg en ekskommunikasiereg (Pol Eccl IV 865, 898- 899).

Die uitvoering van 'n afsettingsbevel van 'n ampsdraer lê altyd by die plaaslike gemeente en nooit by die meerdere vergadering as sodanig nie.	Die uitvoering van die afsettingsbevel kan deur die deputate van die meerdere vergadering in die plaaslike kerk uitgevoer word.	Deputate kan 'n sinodale ekskommunikasievonniss in die plaaslike gemeente tot uitvoering bring (Pol Eccl IV 89 en Pol Eccl I, 227).
Ingeval van onmag of skeurmakery van die meerderheid van die kerkraadslede, het die Sinode geen reg om die Kerkrade af te set nie.	In die geval van dwaalleer of skeurmakery, verbreek die Sinode nie die band met sodanige kerk nie	In die geval van dwaalleer of skeurmakery, verbreek die Sinode nie die band met sodanige kerk nie (Pol Eccl I, 227).
Die Sinode kan egter die gesonde deel van die gemeente byeenroep deur haar deputate, die afwykende Kerkraad afset, nuwe Kerkraad kies en dus die gemeente opnuut konstitueer.	Die Sinode kan in die plaaslike kerk in gryp, die Kerkraad afsit, die afkondiging deur haar deputate in die plaaslike kerk doen en nuwe Kerkraadslede kies.	Solank daar 'n gesonde deel van die gemeente oorbly, moet die vonnis in die gewone byeenkomplek van die plaaslike kerk deur die Sinode of die <i>classis</i> se gemagtigde persoon afgekondig word (Pol Eccl I, 227).

Wat die Skotse kerkorde in besonders die “Second Book of Diccipline” van 1581 betref, toon Bouwman (1944:14) aan dat die “presbytery” in die Skotse kerkregeringstelsel ook die reg tot afsetting het (art vii,16). Die Partikuliere Sinode het die mag om alle sake wat versuim of verkeerd gedoen is, in die Partikuliere vergadering (die ouderlingskap) af te handel, te reël en/of te herstel. Die Partikuliere Sinode het ook die mag om ampsdraers van die provinsie af te set wat op goeie en regverdige gronde afsetting verdien: *“In het algemeen, deze vergaderingen hebben de geheele macht van de particuliere ouderlingschappen, waaruit zij samenvergaderd zijn”* (Bouwman 1944:14). Die Generale Sinode herstel en handel op haar beurt alle sake wat in die Partikuliere Sinode nagelaat of verkeerd behandel was af (Bouwman 1944:14). Die tugreg van die mindere vergadering word volgens Bouwman in beide die Franse en Skotse kerkordes erken.

Volgens Bouwman (1944:16) staan die *oude* kerk en die teoloë van die Reformasie die volledige tugreg van die Sinode voor. Hy verwys onder andere na die hantering van

die Sinode van Middelburg in die saak van Coolhaes, predikant te Leiden (Bouwman 1944:18). In die leer was Coolhaes volgens Bouwman (1944:18) 'n voorloper van die Remonstrante en op die vlak van die kerkreg was hy Erastiaans. Hy wou onder meer die kerklike mag in die hande van die owerheid sien en dat dit deur die owerheid in plaas van die Kerkraad uitgeoefen word (Bouwman 1944:18). Die Sinode van Middelburg kon die kwessie nie afhandel nie en het die saak na die Partikuliere Sinode verwys om af te handel. Coolhaes was uiteindelik in 1582 deur die Sinode gehou te Haarlem geëkskommunikeer en die banvloek was namens die Sinode in die kerk van Haarlem, en nie in Leiden waar hy predikant was, afgekondig. Die kerk van Leiden het in hoër beroep by die volgende Generale Sinode van 's-Gravenhage (1586) gegaan en het 'n klagte ingedien teen die handeling van die Sinode van Haarlem (Bouwman 1944:18). Die beswaar was egter afgewys deur die Generale Sinode (1586).

Bouwman (1944:33) toon ook aan dat die Generale Sinode van Dordrecht 1618/1619 twee predikante van Kampen geskors en die Remonstrante afgeset het. Gedurende 1619 het die Zuid-Hollandse Sinode van Leiden byeengekom om teen die Remonstrante predikante en kerkraadslede op te tree (Bouwman 1944:33). In hoofsaak het die Sinode van Leiden die afsetting van die Remonstrante Kerkrade aan die *classes* oorgelaat en opgedra. Dr M Bouwman konkludeer dat dit uit die *actas* van die Generale Sinode van Dordrecht en die Zuid-Hollandse Sinode van Leiden blyk dat die meerdere vergaderinge volledige tugreg oor alle ampsdraers gehad het; die Sinodes en ook die *classes* in opdrag van die Sinode die reg gehad het om Kerkrade af te set; die Sinodes kon haar besluite insake die tug deurvoer (Bouwman 1944:33-34).

Die kerke van die Afscheiding (1834) het volgens Bouwman teruggekeer na die Dordtse kerkorde (Bouwman 1944: 39). Uit die Acta van die Sinode van Leiden (1857) blyk dit dat ds J J Visser te 's-Gravendeel met sy Kerkraad gedurende 'n sekere periode geskors was en dat ds H A Leenmans en sy Kerkraad se skorsing soos uitgespreek deur die Provinsiale Kerkvergadering van Zuid-Holland, op die Sinode van Amsterdam (1849) bevestig was (Bouwman 1944:39). Bouwman verwys onder andere na die *classis* van Rotterdam wat gedurende 1882 die Kerkraad van Gouda ontbind het, waarna 'n nuwe Kerkraad gekies was as 'n bewysplaas vir sy stellingname dat meerdere vergadering wel hul besluite op plaaslike vlak kan deurvoer (1944:40).

M Bouwman beweeg van die voorveronderstelling uit dat die *nuwe kerkrecht* nie in stryd met die Doleansie was nie. Volgens M Bouwman (1944:44) is die *oud kerkrecht* en *nuwe kerkrecht* daaroor eens dat die sinodale gesag onderworpe aan die Woord van God is, maar verskil insake die mag van die meerdere vergadering om in die geval van wanbestuur of skeurmakery die afsetting op plaaslike vlak te voltrek. Die *oud kerkrecht* is volgens M Bouwman (1944:51) nie Gereformeerd of Voetiaans nie, maar is rasegte oud Independentistiese kerkreg: “Vermomd en gedost in Voetiaansch gewaad zijn deze gedachten het Gereformeerde kerkrecht der laaste vijftig jaren binnegedrongen, maar zij zijn er niet minder independentist om.”

Volgens Bouwman (1944:51) het die Gereformeerdes die skeiding tussen besluitneming en uitvoering nooit geken nie. Bouwman beroep hom op Voetius wat gesê het dat die instansie waarop die hoër beroep gedoen word, ook die mag het om haar vonnis uit te voer (*Pol Eccl IV*, 831). Dr M Bouwman is gevolglik van mening dat die skorsing van prof dr Schilder geen regsverkragting was nie (Bakker 1945:7)

Die skorsing van prof dr K Schilder, deur die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerken, is volgens dr M Bouwman kerkordelik korrek gedoen, aangesien prof K Schilder in 'n skrywe gedateer Oktober 1942 aan die Kerkraad van Kampen geadviseer het om die besluit van die Sinode van Utrecht nie as vas en gebonde te beskou nie, dat hy nie aan die verwagting van die Sinode van Utrecht voldoen het nie, dat die kerk van Kampen nie oor die onderhawige saak geadviseer behoort te word nie, dat hy nadat hy vier keer deur die Sinode opgeroep is, versuim het om deel te neem aan die behandeling van die saak op die Sinode van Sneek-Utrecht op Mei 1942 tot Junie 1942, dat hy die kerke opgewek het om nie die binding van leeruitsprake te aanvaar nie en dat hy geweier het om sy leedwese oor die houding wat hy aangeneem het, te erken (Bakker 1945:7).

2.5.5.4. Die saak-Breda

Gedurende die veertigerjare het die Kerkraad van Breda in weerstand gekom teen die gesag van die meerdere vergadering. Die Kerkraad van Breda was alreeds vanaf 1944 gereserveerd teenoor die kerkverband (Bos 1994:56). Die Sinode van Utrecht het 'n skrywe aan die Kerkrade gerig met betrekking tot die skorsing van proff Schilder en Greijdanus wat hulle op 5 Junie 1944 van die kansel moes lees. Talle Kerkrade het geweier om dit te doen en het beswaarskrifte na die Sinode versend. In die geval van die Kerkraad van Breda het die Kerkraad egter die lees van die skrywe goedgekeur, maar ds B Telder het egter geweier om dit te doen en het selfs in sy preek op 5 Junie 1944 sy standpunt verdedig. Die Kerkraad van Breda het 'n skorsingsprosedure in werking gestel en het ds Telder op 6 Junie 1944 geskors (Van Staalduine 2004:333). Telder het egter nie in hoër beroep gegaan nie, maar het sy ampswerk in huisbyeenkomste voortgesit. Op 31 Julie 1944 was ds Telder deur die *classis* afgeset.

Die Kerkraad van Breda wou haar nie meer hou aan die Dordtse Kerkorde (=DKO) nie en waarsku voortdurend teen al die reëls en teen die binding aan besluite van die *classis* en die Sinodes. Reeds gedurende 1947 het die Vrijgemaakte kerk te Breda etlike werksaamhede wat kerkordelik gereël was, afgeskaf, naamlik die Christelike feesdae (vergelyk art 67 DKO),⁴⁶ die kerklike bevestiging van huwelike (vergelyk art 70 DKO),⁴⁷ die periodieke aftreding van ampsdraers (vergelyk artikel 27 DKO).⁴⁸ Hulle het hul ook verset teen kerklike visitasie (vergelyk art 49 DKO).⁴⁹ Hulle het van die veronderstelling uitgegaan dat bogenoemde bepalinge die vryheid van die plaaslike kerk in gedrang bring (Bos 1994:56). Gedurende 1960 het ds Telder 'n boek, getiteld *Sterven ... en dan?*, gepubliseer waarin dit duidelik sou blyk dat hy nie eens is met Antwoord 57 van die *Heidelbergse Kategismus* nie. Hy het egter nie die kerklike weg gevolg om sy besware teen die belydenis aan die orde te stel nie, maar het eerder sy standpunte in *Sterven ... en dan?* gepubliseer (Bos 1994:59). Die Kerkraad van Breda het ds Telder in sy siening gesteun. Besware het teen ds Telder vanuit die ander plaaslike kerke gekom, maar die *classis* van Noord-Brabant/Limburg het September 1961 die besware afgewys.

⁴⁶ “De gemeenten zullen onderhouden benevens de zondag ook de Kerstdag, Pasen en Pinksteren, met de navolgende dag, en dewijl in de meeste steden en provinciën van Nederland daarenboven nog gehouden worden de dag van de besnijding en de Hemelvaart Christi, zullen de dienaars overal daar dit nog niet in het gebruik is, bij de overheden arbeiden, dat zij zich met de andere mogen conformeren” (art 67 DKO).

⁴⁷ “Alzo bevonden wordt, dat tot nog toe verscheiden gebruiken in huwelijksake alom onderhouden zijn, en nochtans wel oorbaar is gelijkvormigheid daarin gepleegd te worden, zo zullen de kerken blijven bij het gebruik, hetwelk zij conform Gods Woord en voorgaande kerkelijke ordinantiën tot nog toe onderhouden hebben, totdat bij de hoge overheid (die men daartoe met de eerste zal verzoeken) een generale ordinantie, met advies der kerkedienaren, daarop gemaakt zal zijn, tot dewelke deze kerkenordering zich in dit stuk refereert” (art 70 DKO).

⁴⁸ “In deze samenkomsten zullen geen andere, dan kerkelijke zaken en hetzelfde op kerkelijke wijze, gehandeld worden. In meerdere vergaderingen zal men niet handelen, dan hetgeen dat in mindere niet heeft afgehandeld kunnen worden, of dat tot de kerken der meerder vergadering in het gemeen behoort” (art 27 DKO).

⁴⁹ “Iedere synode zal ook enigen deputeren, om alles wat de synode geordonneerd heeft te verrichten, zowel bij de hoge overheid, als bij de respectieve klassen, onder haar ressorterende, mede om tezamen of in minder getal over alle examina der aankomende predikanten te staan. En voorts in alle andere voorvallende zwaarigheden de klassen de hand te bieden, opdat goede enigheid, orde en zuiverheid der leer behouden en gestabieleerd worden. En zullen deze van alle hun handelingen goede notitie houden, om de synode rapport daarvan te doen, en zo het geëist wordt, redenen te geven. Ook zullen zij niet ontslagen wezen van hun dienst, voor en aler de synode zelve hen daarvan ontslaat” (art 49 DKO).

Op 6 Desember 1961 het die *classis* uitspraak gelewer dat ds Telder en sy mede-ampsbroeders geen valse leer verkondig nie. Die kerke van Dedum, 's-Hertogenbosch en Hoogeveen het in 1962 beswaarskrifte ingedien by die Partikuliere Sinode teen die Kerkraad van Breda (De Vries 1990:24). Op 17 Januarie 1963 het die Partikuliere Sinode uitspraak gelewer oor die Telder-saak, naamlik dat die *classis* van Noord – Brabant-Limburg die uitspraak van 6 Desember 1961 in die geheel moes herroep. Die Partikuliere Sinode het dit aan die *classis* opgedra om toe te sien dat ds Telder en die Kerkraad te Breda hul in ooreenstemmend met die kerkorde en die belydenisskrifte gedra (De Vries 1990:25). Telder het van die veronderstelling uitgegaan dat as sy plaaslike kerk hom beskerm, kan die kerk op nasionale vlak niks doen nie. In die *Opbou* was onder meer vir die Kerkraad van Breda en ds Telder opgekom en was vir toleransie gepleit. *De Reformatie* het daarteenoor gewys op die trou aan die Skrif en die belydenis en het met alle mag die independentisme wat in die kerk op nasionale vlak afmetings ingeneem het, bestry (De Vries 1990:25).

2.5.5.5. Dr F L Bos (1945)

In sy *De Practijken en besluiten der jonhste Generale Sinode van de Gereformeerde Kerken in Nederland aan het geldende Gereformeerde Kerkrecht getoets* wil Bos aantoon dat die besluite en handeling van die Sinode van Sneek-Utrecht en Utrecht, waaromtrent daar beroering in die Gereformeerde kerken in Nederland ontstaan het, “hoogst aanvegbaar zijn” (Bos 1945:3). Die meerdere vergadering is volgens Bos vergadering waar kerke byeenkom om mekaar te help en gemeenskaplike belange te hanteer (1945:5). Die kerke kom bymekaar deur middel van haar afgevaardigde ampsdraers.

Reeds by die Sinode van Emden 1571 het reëlins gegeld dat die voorbereiding van die Sinode só sal geskied dat dit die aktiewe medewerking van die kerke sou waarborg (Bos 1945:5). Die roepende kerk moes drie maande voor die tyd die tyd en plek van die vergadering aan die kerke bekend maak, asook 'n afskrif van die agenda stuur. Die Kerkrade moes vroegtydig daaroor beraadslag en hul gedagtes op die klassikale vergadering bekend maak, sodat die afgevaardigde van die *classis* “het tevoren overwogene en door alle kerken van de *classis* besprokene naar voren konden brengen” (Bos 1945:5). Die voorstelle moes deur die afgevaardigdes skriftelik by die Sinode ingedien word. Dieselfde reëls het *mutatis mutandis* ook gegeld vir die Generale Sinode (Bos 1945:6). Die grondige voorbereiding van sinodale sake wat die kerke in die algemeen aangaan deur die mindere vergaderinge as beginsel van die kerklike handelinge, was deur die Gereformeerde kerke in hul bloeityd, volgens Bos (1945:11) kragtig handhaaf.

Bos (1945:12) is van mening dat dié Gereformeerde kerkregtelike beginsel van oorlegpleging tussen kerke in die provinsiale ressorte ten aansien van sake wat hul gemeenskaplik raak, gedurende die tyd wat die Algemene Sinode nie byeenkom nie, het in die sestiende eeu “...in het vergeetboek geraakt. Onze generale synoden handelen voor onss en radicaal zonder ons” (Bos 1945:13). Dit geld in besonder met betrekking tot die hantering van menings- of leergeskille en daarmee verbandhoudende gravamen teen die besluite van 1905 se Sinode. Volgens Bos (1945:13) was die kerke in die besluite van die Sinode van 1905 op geen wyse geken nie. Met betrekking tot die selfkontinuering van die Sinode van Sneek-Utrecht was die besluit van die Sinode dat die besluite deur haar geneem as vas en bindend beskou sal word totdat dit anders bewys is (Bos 1945:19). Bos (1945:23) is van mening dat elke kerk en ampsdraer en

gemeentelid prinsipieel volgens art 31⁵⁰ van die kerkorde, die reg het om 'n kerklike vergadering nie as vas en bindend te beskou nie, indien dit in stryd is met Gods Woord of die “officiële Gereformeerde kerkrecht.” Hy wys daarop dat die ampsdraer, kerk, of gemeentelid die dure plig het om te bewys dat die besluit strydig is met die Woord of die “officiële Gereformeerde kerkrecht” (Bos 1945: 23).

2.5.6. Den Haagse landelike byeenkoms

Op 11 Augustus 1944 het in Den Haag 'n nasionale byeenkoms plaasgevind van ampsdraers en kerkraadslede wat op grond van art 31 van die kerkorde van die GKN die leeruitspraak van 1942 en die Generale Sinode van 1943 nie as vas en bindend beskou het nie. 'n *Acte van Vrijmaking of Wederkeer* was deur prof K Schilder voorgelees. Daarna was dit bespreek en deur die aanwesiges aanvaar. In die *Acte van Vrijmaking of Wederkeer* was verklaar dat dit ongehoorsaamheid sou beteken, as hul sou buig onder die gesag van die Sinode en haar besluite aanvaar. In die *Acte van Vrijmaking of Wederkeer* word onder andere die volgende twee sentrale sake verwerp:

- i. Die verwerping van die binding van die leer wat nie in die Bybel te vinde is nie;
- ii. Die verwerping van die sinodale heerssug oor die kerke van Christus (De Vries 1990:7).

Die *Vrijmaking* is 'n terugkeer tot die Skrif en Belydenis en daarom is volgens dr WG de Vries ook tot die Gereformeerde kerkorde (1990:7). Volgens die *Acte van Vrijmaking of Wederkeer* word die binding aan die leer wat nie in die Bybel gevind

⁵⁰ “Zo iemand zich beklagt door de uitspraak der mindere vergadering verongelijkt te zijn, dezelve zal zich tot een meerder kerkelijke vergadering beroepen mogen; en hetgeen door de meeste stemmen goed gevonden is, zal voor vast en bondig gehouden worden, tenzij dat het bewezen worde te strijden tegen het Woord Gods, of tegen de artikelen in deze Generale Synode besloten, zo lang als dezelve door geen andere Generale Synode veranderd zijn” (art 31 DKO).

word nie, verwerp asook die sinodale heersug oor die kerk van Christus. Die geskorste en afgesette ampsdraers byvoorbeeld Schilder was erken as wettige ampsdraers (Bos (red) 1994:25). Op 31 Desember 1944, dus enkele maande na die Vrijmakingsvergadering te Den Haag, het al 69 kerke wat met die Sinode se besluite gebreek het, vergader. Gesamentlik het die 69 kerke 40 000 lidmate verteenwoordig (Bos (red) 1994:29). Op die Vrijmakingsvergadering te Den Haag is de plaaslike gemeentes in *classes* saamgevoeg en is die onderskeie Partikuliere Sinodes van die latere Gereformeerde Kerke (Vrijgemaakt) gekonstitueer. Die voorlopige Sinode van die Gereformeerde Kerke (Vrijgemaakt) het te Enschede op 9 Oktober 1945 plaasgevind. Op dié Sinode te Enchede is besluit om die naam as Gereformeerde Kerken te behou, maar om ter wille van onderskeiding “*onderhoudende art 31*” bygevoeg word (*Acta Voorlopige Sinode Enchede* (GKv) 1945:37 artikel 77). Die kerk staan tans bekend as Gereformeerde Kerke (Vrijgemaakt). Die beswaardes het op voetspoor van Schilder van die veronderstelling uitgegaan dat Kerkrade nie besluite van meerdere vergaderinge klakkeloos kan aanvaar nie, maar dat hul slegs sodanige besluite kan oorneem na toetsing aan die Skrif, belydenis en kerkorde. Volgens Van Staalduine (2004:361) het die beswaardes hul kerkregtelik standpunt steeds verder uitgewerk in die rigting van Independentistiese-Kongregasionalisme.

2.5.7. Die eerste gewone Sinode Groningen (GKv) (1946)

Die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerken (sinodaal) (1946) het besluit om die leeruitspraak van 1942 met 'n *Vervangingsformule* te vervang. Daar was besluit dat die saaklike inhoud betreffende die uitsprake van 1905 en 1942 wat in ooreenstemming met die Skrif is, nie prysgegee mag word nie (De Vries 1990:8). Die besluit het by implikasie beteken dat die skorsing en afsetting van Schilder en

Gereformeerde handhaaf was. Die Gereformeerde Kerken (sinodaal) het ook besluit om mondelinge samesprekings met die Gereformeerde Kerke (vrijgemaakt) (=GKv) te voer met betrekking tot kerkhereniging. Op die Sinode van Groningen 1946 van die Gereformeerde Kerke (GKv) was beide die *Vervangingsformule* asook die versoek tot samespreking met die Gereformeerde kerke (sinodaal) bespreek. Die Sinode het die versoek tot samespreking met die Gereformeerde Kerke (sinodaal) toegestaan met dien verstande dat beide kerke hul standpunte vooraf skriftelik en publiek moes wissel sodat alle kerklidmate kon meelewe en saam bid. (*Acta generale synode Groningen* 1946:75 artikel 429). Die sinodaal Gereformeerdes het egter die voorwaardes verwerp (Bos (red) 1994:34).

Gedurende die tydperk het geslote konferensies bestaande uit deelnemers van beide die Gereformeerde kerke (vrijgemaakt) en die Sinodale Gereformeerde kerke te Oosterbeek plaasgevind. Op die Sinode van die Sinodaal Gereformeerde Kerken te Den Haag (1949/1950) het die deelnemers van die Oosterbeekkonferensies 'n *Verklaring van gevoelens* ingedien, waarin hulle hul insigte oor die leer en kerkregering deurgegee het en gevra of hul met dié insigte as deel van die Sinodaal Gereformeerde erken sou kon word (Bos 1994:43). Die Sinodale Gereformeerde Sinode het hul versoek goedgekeur. Bo en behalwe die konferensiegangers het duisende ander ook hul voorbeeld gevolg en oorgegaan na die Sinodaal Gereformeerde Kerken.

Op die Sinode van die Gereformeerde Kerke (sinodaal) 1949 te 's-Gravenhage was talle rapporte met betrekking tot die kerkskeuring en verbandhoudende sake behandel (*Acta generale synode 's-Gravenhage* 1949-1950:art 481-630). Ten opsigte van die

vraag of die Gereformeerde Kerken in Nederland (sinodaal) verantwoordelik was vir die kerkskeuring, handhaaf die rapporte en besluite van die Sinode dat die kerkskeuring nie op die rekening van die Sinode gehou kon word nie. Die rapport *Toelichting en Prae-advies* het hewige diskussie uitgelok. Die kommissie van dié rapport het, met Berkouwer as rapporteur, voorgestel dat die gewig en oordeel wat die Sinode aan die *Toelichting en Prae-advies* toegeken het, verkeerde konklusies ten aansien van 'n verpligting tot aanvaarding van die inhoud moontlik gemaak het (*Acta Generale Synode 's-Gravenhage* 1949-1950:bylaag XCIII). Die Sinode het besluit dat diegene wat meen dat hul aan die *Toelichting en Prae-advies* gebonde was, nie voldoende rekening gehou het met die offisiële kerklike uitsprake dat die *Toelichting en Prae-advies* geen kerklike bindende gesag het nie. (*Acta generale synode 's-Gravenhage* 1949-1950 art 630 sub B).

2.5.8. Sinode Kampen (GKv) 1951

Op die Sinode van die Gereformeerde Kerke (vrijgemaakt) (=GKv) was die independentistiese invloed duidelik sigbaar. Dit was veral duidelik volgens Bos (1994:57) by die bespreking van die plek van teologiese leraars as sinodale adviseurs. Op 21 Augustus 1951 was die beskrywingspunt van die Partikuliere Sinode Noord-Holland behandel waarin hul voorgestel het dat die Generale Sinode geen adviseurs of pre-adviseurs uit sal nooi nie en dat hul betrokkenheid in raadgewing of kommissiewerk of op die Sinode voortaan beperk moes word (*Acta generale synode (GKv) Kampen* 1951:12 artikel 13).

Die voorstel van Noord Holland is na hewige diskussie verwerp. Die Sinode het besluit dat die roepende kerk van elke Generale Sinode die hoogleraars van die

Theologiese Hoogeschool uit moes nooit om as adviseurs te dien; dat rapporte en voorstelle aan die hoogleraars op gelyke wyse as aan alle lede van die Sinode gestuur moes word; dat die terme pre-adviserende lede en adviserende lede in die verslae vermeld moes word; dat die hoogleraars as adviseurs toegevoeg kan word by die Sinodale Kommissies dog dat hierdie kommissies alleen sou bestaan uit die lede van die Sinode, uit wie se midde hul die rapporteurs sou kon benoem (*Acta generale synode (GKv) Kampen 1951 art. 13:12*). Op 24 Oktober 1951 het die saak oor die posisie van die hoogleraars weer op die tafel gekom. Daar is vervolgens besluit dat die hoogleraars op die vergadering van die Sinode hul advies kan uitbring in vrye diskussie, asook in die uitbring van hul adviserende stem voordat die vergadering tot stemming sou oorgaan (*Acta generale synode (GKv) Kampen 1951:145*).

2.5.9. Openbare kerkregtelike diskors

2.9.1. Prof K Schilder

Die skorsing van predikante in 1958, 1962 en 1964 het 'n groot beroering in die Nederlandse Gereformeerde Kerke veroorsaak (De Vries 1993:11). Die tweede spil waarom dit in die stryd met die buite verband kerke gedraai het naas die trou aan die belydenis, was die trou aan die kerkorde (De Vries 1993:47). Reeds 1 Maart 1951 waarsku Schilder in sy artikel *Zandhoop of gelei* teen die tendense wat die kerkverband dreig om "los zand" te word. In sy artikel waarsku Schilder onder andere daarteen dat die plaaslike kerke hul as los sandkorrels langs mekaar sien en wys daarop dat die selfstandigheid van die plaaslike kerke iets anders is as om langs mekaar staan (De Vries 1990:13). Schilder wys op die gevaar waar ieder een doen wat goed is in sy eie oë. In die naam van verset teen die heerssugtigheid van die meerdere vergadering,

het die plaaslike kerk 'n dominerende posisie gekry (De Vries 1993:47). Die Kralinger-saak en die groeiende gevaar van independentisme in die Gereformeerde Kerke (vrijgemaakt), het prof L Schilder genoop om in die *Reformatie* van 9 Februarie 1952 'n artikel met die opskrif *Hulpbehoevende kerken* te skrywe. Die Nederlandse Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt) het rondom die Kralinger-saak 'n weerstandigheid teenoor die gesag van die meerdere vergadering ontwikkel. Die Kerkraad van Kralinger het hulle in die openbaar verset teen 'n besluit van die Sinode van Kampen en het hul beswaar by die Sinode aanhangig gemaak. Schilder het volgens De Vries (1990:13) in sy artikel geen oordeel oor die skuldvraag gewerp nie, maar hy verwys na wat hy alreeds in 1943 en 1944 geskrywe het, naamlik "God heeft gelukkig met de kerkverband meer geduld dan uw." Schilder sê in die artikel onder andere dat die seën van die kerkverband kom ons van Christus toe wat Sy lewe ook vir die kerkverband gegee het (De Vries 1990:13).

'n Polemiek in die pers het na die artikel ontstaan, waaraan ook ds K Doornbos betrokke geraak het. Doornbos is van mening dat die kerkorde die term kerkverband nie ken nie. In *De Reformatie* van 18 Maart 1952 het Schilder op Doornbos se skrywe reageer. Schilder het dit in die betrokke artikel duidelik gestel dat die vrymaking van hiërargie nie gesien moet word as die oorskakeling in die losbandigheid van kerklike individualisme nie (De Vries 1990:15). Schilder het met talryke voorbeelde uit die belydenisskrifte en kerkorde getoon dat die saak van die kerkverband in beide die kerkorde en die Drie Formuliere van Enigheid voorkom. Schilder is van mening dat solank 'n Kerkraad die kerkverband aanvaar, bly sodanige Kerkraad by voorbaat aan die sinodebesluite vas en gebonde op die uitsondering van art 31 (De Vries 1990:13-14). Hy is van mening dat afsprake wat vir die kerkverband

deur die Kerkraad vrywillig aangegaan is, kan nie deur die Kerkraad tersyde gestel word nie. Wat in Kralinger gebeur het, noem Schilder 'n klein vuurtjie, maar die manipulering rondom die kerkorde, noem hy 'n bosbrand (De Vries 1990:15).

Op die 22 Maart 1952, 'n dag voor Schilder se skielike sterfte, het die laaste artikel van Schilder in *De Reformatie* verskyn. Schilder het tot aan die einde Biblisisme en independentisme bestry (De Vries 1990:16). Op 19 November 1952 het die Sinode uiteindelik tot die uitspraak gekom dat die Kerkraad van Kralinger geen goeie grond gebied het tot die verwerping van die besluite van die Generale Sinode van Kampen nie (De Vries 1990:18). By die Kerkraad van Kralinger was daar onder andere 'n skuldige nalatigheid om die besluite te honoreer.

2.6. Stryd om die gesag van meerdere vergadering (1961-1969)

Gedurende die sestiger jare het die voortslepende onvergenoegdheid met die reëls van die kerkverband en die heerssugtigheid van die meerdere vergadering teenoor die selfstandigheid van die plaaslike kerke, in 'n kerkskeuring in die Gereformeerde Kerken in Nederland (vrijgemaakt) uitgemond. Reeds kort voor sy sterfte waarsku Schilder teen dominokrasie en sinodokrasie: “(I)k vrees wel eens, dat we tegenwoordig het kerkverband niet allemaal goed begrijpen. En dat we de zelfstandigheid der plaatselijke kerk verwarren met het *op-zich-zelf-staan* der plaatselijke kerk” (De Vries 1990:11).

Die tydperk 1961-1967 is na my mening kenmerkend van die ernstige afmetings van independentisme onder die Vrijgemaaktes. Die groter gesag wat in Sinodale strukture

gaandeweg gevestig geraak het, asook die posisionering van predikante en kerkrade met betrekking tot sinodokrasie, dominokrasie, konsistoriokrasie, independentisme, geldende Gereformeerde kerkregtelike beginsels asook die *nuwe kerkrecht*, blyk onder meer duidelik uit die hantering van die volgende sake, naamlik die Van der Ziel-saak, Telder-saak, Kralinger-saak en die Schoep-saak.

2.6.1 Generale Sinode Assen 11 April tot 21 September 1961 (GKv)

Reeds gedurende 1959 het die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerken te Utrecht (sinodaal) die *Vervangingsformule* van 1946 ter syde gestel (Bos 1994:45). Die Sinode het skriftelik aan die Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt) kennis gegee dat hulle kontak met hulle wou opneem met die oog op hereniging (Bos (red) 1994:45). Die Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt) het die versoek afgekeur. Alhoewel die leeruitsprake van die baan was, was die gepaardgaande tugmaatreëls van Schilder, Greijdanus en ander nie opgehef nie (*Acta generale sinode Gereformeerde Kerken (GKv) 1961: artikel 77:40-41*). Op die Sinode was 'n nuwe kerkorde aanvaar waarin die Gereformeerde Kerken in Nederland (sinodaal) hul kerkregtelike visie met betrekking tot die tugreg van die meerdere vergadering uiteindelik kerkordelik vasgelê het:

(O)nverminderd het in de artikelen 119 en 120 bepaalde, zal het aan de classis en eveneens, indien door bijzondere omstandigheden het inroepen van de hulp der classis overwegende moeilijkheden zou opleveren, aan de andere meerdere vergaderingen vrijstaan de maatregelen van schorsing en afzetting te nemen, wanneer, in geval van wanbestuur bij de kerkenraad, op haar door een deel van de kerkenraad of door een deel van de gemeente, niet zonder dat vooraf de kerkenraad erin is gekend en er zich over uitgesproken heeft, een beroep wordt gedaan om hulp en medewerking.

(*Acta generale synode Gereformeerde Kerken Bunschoten- Spakenburg 1959:artikel 121*)

Op die Sinode van die Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt) te Assen (1961) was die versoek van die Gereformeerde Kerken in Nederland (sinodaal) om kontak met die oog op eenwording te bewerkstellig verwerp (Bos 1994:45). Die Sinode van Assen (1961) het 'n *Open Brief* gerig aan die Kerkrade van die Gereformeerde Kerken (vrijgemaakte) oor die onderhawige saak gestuur, waarin aangedui was dat die Vrijmaking nie oor 'n rusie daargestel was nie, maar dat dit gehandel het oor die verbreking met die sonde. Dié besluit van Assen (1961) het 'n polemieek laat losbreek. Drs G Puchinger en ses ander predikante het 'n ope brief aan die hoogleraars dr H Ridderbos en J Kamphuis met betrekking tot die saak geskryf. Drs Puchinger het na die Sinode van Assen (1961) oorgegaan na die Gereformeerde Kerken (sinodaal) (Bos 1994:46).

2.6.2. Die Sinode van Rotterdam –Delfshaven (GKv) 1964-1965

Die krisis waarin die kerkverband verkeer het, het by die Sinode Rotterdam-Delshaven-1964-1965 (GKv) 'n uitkristallisering bereik wat volgens De Vries (1990:43) vir die toekoms van die Gereformeerde kerke in Nederland deurslaggewend sou wees. Op die Sinode is die Beverwijk-saak en die Van der Ziel-saak behandel. Oor die Beverwijk-saak was groot ooreenstemming bereik, maar oor die Van der Ziel-saak het die Sinode uitmekaar geval en daarmee ook die kerkverband (De Vries 1990:43).

Ds L E Oosterhof, predikant van Beverwijk, het onder andere verkondig dat Christus nie slegs vir die uitverkorenes gesterf het nie, maar ook vir die hele gemeente, dit wil sê ook vir die verbondsverbrekers van die gemeente (*Acta Sinode Rotterdam-Delshaven*

(GKv) 1964-1965 art 449(a)). Desondanks die vele vermaninge van sy Kerkraad, het Oosterhof in sy leer volhard (*Acta generale synode Rotterdam-Delshaven* (GKv) 1965:art 458b). Die Kerkraad van Beverwijk het gevolglik vir ds Oosterhof skorsingswaardig verklaar. Die Beverwijk-saak handel oor die mag wat die landelike kerk oor die plaaslike kerk het. Die naburige Kerkraad te Haarlem het geweier om met die oordeel van die Kerkraad in te stem. Die Kerkraad van Beverwijk het in hoër beroep gegaan en was op die Sinode Rotterdam-Delshaven (GKv) 1964-1965 gelyk gegee. Die Sinode Rotterdam-Delshaven (GKv) 1964-1965 het geoordeel dat die leringe van ds Oosterhof in stryd met die Bybel en die belydenisskrifte was en derhalwe nie in die gemeente van God geleer mag word nie (De Vries 1990:44.).

Die Van der Ziel-saak was vanaf 27 Oktober 1964 tot 6 November 1964 in *comité generaal* gehou, dus 'n geslote sitting (*Acta Sinode Rotterdam-Delfshaven* (GKv) 1964-1965: 130 artikel 311). De Vries dui in *De Vrijmaking in het vuur* dat 'n grootskaalse beroering in die hele kerkverband veroorsaak was deur die konflik tussen die kerkverband te Groningen-Zuid en ds Van der Ziel (De Vries 1990:29-74). Hy toon aan dat die Van der Ziel-saak een van die hoofoorsake vir die ontstaan van die Nederlands Gereformeerde Kerken in die sestigerjare was: “Tot nu toe behandelde maakt duidelijk dat de brand nu in het hele land aan het woeden is. Het hele kerkverband verkeert in een crisis. Op allerlei plaatsen en in allerlei kerklijke resorten komen velen, die sinds de vrijmaking samen opgetrokken zijn, tegenover elkaar te staan” (De Vries 1990:74). Ook Veenhof (1974:80) dui in die *Informatieboekje van die Nederlands Gereformeerde Kerken* die Van der Ziel-saak aan as een van die hoof kerkregtelike beweegredes vir die skeuring van die Gereformeerde Kerke (vrijgemaakt)

in die sestigerjare. Die Van der Ziel-saak fokus primêr op die rol van die landelike kerk teenoor die plaaslik kerk en handel gevolglik nie soseer oor tugreg van die meerdere vergadering nie.

Ds Van der Ziel, predikant van Groningen-Zuid, het op 10 Desember 1960 in die *Contact*, 'n blad waarvan hy een van die redakteure was, geskrywe dat die Gereformeerde kerke die bedenklike grens tussen kerk en sekte nader deurdadig sy samesprekings met die Gereformeerde Kerken in Nederland (sinodaal) sonder enige skriftelike situasietekeninge vooraf verwerp het. Van der Ziel het voortdurend op samespreking tussen die twee kerke aangedring (Bos (red) 1994:147). Ondanks die besluit van sy Kerkraad het ds Van der Ziel in 1961 samespreking met 'n paar kerkraadslede van die Gereformeerde Kerken in Nederland (sinodaal) gevoer. Daarvoor was hy deur sy Kerkraad vermaan. Die Kerkraad van Groningen- Zuid het gedurende 1963 vir ds Van der Ziel as skorsingswaardig verklaar (Bos 1994:47-48). In ooreenstemming met die kerkorde art 79 het die Kerkraad hul besluit aan die naasliggende Kerkraad, Groningen- Noord, voorgelê. Groningen-Noord kon egter nie tot 'n beslissing kom nie. Uiteindelik het die Kerkraad van Groningen-Zuid na die *classis* gegaan, maar ook dié het geweier om 'n oordeel te vel. Daarop het die Kerkraad in appèl by die Partikuliere Sinode aan die einde van 1963 gegaan. Die Kerkraad van Groningen-Zuid het besluit om ds Van der Ziel weens 'n dreigende kerkskeuring in Groningen-Zuid eiehandig te skors. Die Kerkraad het hul onder andere op artikel 31 beroep, naamlik dat die besluit van die *classis* in stryd is met Gods Woord en daarom hoef die Kerkraad dit nie as vas en bondig beskou nie (Bos 1994:48). Die saak het heelwat beroering in die Gereformeerde Kerken veroorsaak.

Op 6 November 1964 was 'n minderheids- en 'n meerderheidsverslag insake die Van der Ziel-saak aan die Sinode voorgelê. Die minderheidsverslag het voorgestel dat die skorsing van ds A van der Ziel herroep moes word: “De synode dringt er daarom bij de kerkeraad van Groningen-Zuid op aan de schorsing van ds A van der Ziel onverwijld te herroepen” (*Acta Synode Rotterdam –Delfshaven (GKv)* 1964-1965 artikel 314:135). Dr R H Bremmer het voorgestel dat weens die gewigtigheid van die saak, die Sinode alle teologiese hoogleraars moes oproep om die Sinode van advies te bedien:

De generale synode constaterende, dat na twee ronden geen genoegzame overeenstemming is bereikt in de zaak Groningen-Zuid/ds A van der Ziel; overwegende ... in deze gewichtige zaak, die het leven van onze kerken beroert, alle hoogleraren van de Theologische Hoogeschool op te roepen de synode van advies te dienen.

(*Acta generale synode Rotterdam –Delfshaven (GKv)* 1964 tot 1965:130-131 artikel 311)

Die voorstel was na hewige diskussie deur die indiener teruggetrek. 'n Amendement, ingedien deur dr B Jongeling, het hierna aan die orde gekom. Dr B Jongeling het onder andere voorgestel dat ds A van der Ziel se skorsing deur die kerkraad ondeugdelik was (*Acta generale synode Rotterdam –Delfshaven (GKv)* 1964 - 1965: artikel 313 (b)). Die Sinode het amendement met 'n meerderheid van stemme verwerp. Die minderheidsverslag van die kommissie was daarna tot stemming gebring en was ook met 'n meerderheid van stemme verwerp. Die meerderheidsverslag was daarna aan die orde gestel en met 'n klein meerderheid van stemme (14 teenoor 13 stemme) was die Kerkraad van Groningen-Zuid met betrekking tot die skorsingswaardigheid van ds Van der Ziel in die gelyk gestel. Prof J Kamphuis het as pre-adviseur tydens die saak opgetree en het aanbeveel dat die skorsingswaardigheid van ds Van der Ziel goedgekeur moes word.

Op 10 November 1964 is 'n *Verklaring van 12 broers* op die tafel van die Sinode gelê, wat na goedkeuring van die vergadering ter bespreking gebring was (*Acta Synode Rotterdam –Delfshaven (GKv)* 1964 - 1965 artikel 319). Die volgende twee dae van die Sinode was aan die bespreking van die dokument gewy. Drr HR Bremmer en Jongeling, asook G Jansen medeondertekenaars van dié verklaring. In die *Verklaring van 12 broers* het die broeders hul beswaar uitgedruk dat die besluit waarin die skorsingswaardigheid van ds A van der Ziel uitgespreek was, met so 'n klein minderheid geneem is (14 stemme teen 13) en het voorgestel dat genoemde besluit in revisie geneem moes word:

Zij verklaren, dat, tenzij het gevallen besluit wordt teruggenomen, verdere samenwerking in de synodeverband voor hen niet mogelijk is, omdat de rechtskrenking in dit besluit en de schending van de broederschap in de totstandkoming daarvan, huns inziens een aantasting betekent van de kerkelijke normen, die onder ons gelding behoren te hebben en zó de zegen des Heren niet kan worden ingeroepen.

(*Acta generale synode Rotterdam –Delfshaven (GKv)* 1964 -1965: 144-146 artikel 319)

Die twaalf broeders het ook geweier om verder aan die Sinode se werksaamhede deel te neem totdat die besluit met betrekking tot die skorsingswaardigheid van ds Van der Ziel teruggetrek was. Op 11 November het die twaalf broers kennis gegee dat hul verklaring van 10 November 1964 handhaaf. Die sekundi moes opgeroep word om sitting in te neem sodat die Sinode met haar werksaamhede kon voortgaan:

Daarop klaagden de tegenstemmers over “gebrek aan broederlijkheid.” Het gebrek aan overeenstemming volgens hen, dat het besluit ingetrokken zou worden. Als dat niet gebeurde, dan zagen zij geen mogelijkheid meer om mee te doen aan de verdere besprekingen. Na heel wat heen en weer gepraat zijn bijna alle tegenstemmers inderdaad van de synode vertrokken. Hun secundi (vervangers) kwamen in hun plaats.

(Bos 1994:49)

Alhoewel ds Van der Ziel sy skorsing as onjuis beskou het, het hy nie in hoër beroep gegaan nie, maar het hy sy eie gemeente gestig (Bos 1994:49). Die gemeente wou nog steeds Vrijgemaakt Gereformeerd bly. Hulle het in 'n sentrum, Ons Tehuis, te

Groningen byengekom en was spoedig die Tehuis-gemeente genoem. Ds A van der Ziel was uiteindelik op 1 Oktober 1965 deur die Partikuliere Sinode Groningen afgeset.

Op 31 Oktober 1966 was 'n *Open Brief*, onderteken deur 25 lede van die Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt), aan die Tehuis-gemeente in Groningen gerig. Een van die opsteller van die *Open Brief* was ds B J F Schoep van Amstelveen. In November 1966 het die *Open Brief* in die weekblad, *Opbouw*, waarvan ds G Visee die redakteur was, verskyn. Die *Open Brief* het 'n grootskaalse polemieek in die Gereformeerde kringe veroorsaak. Die ondertekenaars het onder andere geweier om die *Vrijmaking* as die werk van die Here te sien:

De ondertekenaars weigeren de vrijmaking als een werk des Heren te zien. Ze plaatsen deze in het kader van veten en twisten rond de opdrachten van de Heer, die begraven moesten worden. Want ieder bouwt in eigen stijl op het eens gelegde fundament. Dus, vrijgemaakten en synodaal-gereformeerden bouwen wel in eiegen stijl, maar samen op het ene fundament. Nu wil men de bovengenoemde twisten beëindigen. Het fundament bleef immers heel.

(De Vries 1990:64)

In dié brief word ds A van der Ziel 'n betroubare dienaar van die Here genoem, terwyl die Kerkraad van Groningen-Zuid daarin voorgestel word as skeurmakers (Bos (red) 1994:49). Die ondertekenaars het hul daarin verheug dat ds A van der Ziel as lydende kneg die wil van Christus gevolg het:

Allereerst om onze blijdschap te uiten, dat zij in het schisma dat werd aangericht door de Raad van de Gereformeerde Kerk te Groningen-Zuid, geweigerd hebben een betrouwbaar dienaar van onze Heer te verwerpen...Toen zag de gemeente zich voor de keus geplaatst: óf zich van de kerkeraad losmaken en dan naar de wil van Christus Zijn dienaar, Ds van der Ziel, blijven aanvaarden. U koos de laatste weg. En daarover verblijden wij ons. Want wie het voor de lijdende knechten van de Heer opneemt, neemt het voor de Heer zelf op.

(De Vries 1990:109-110)

In die slot van die *Open Brief* het die ondertekenaars gevra of die historiese fondament van die Nederlandse Gereformeerde Kerken saam met die fondament van

die heilige, algemene Christelike Kerk val: “(Ieder zich opnieuw afvraagt, of het historisch fundament van de Nederlandse Gereformeerde Kerken ook samen val met het fundament van de heilige, algemene, Christelike Kerk” (De Vries 1990:115).

2.6.3. Openbare kerkregtelike diskoers

2.6.3.1. Ds K Doornbos en prof J Kamphuis

Reeds in die Kerkbode van 26 Mei 1962 van Noord-Holland het ds K Doornbos 'n artikel onder die opskrif *Doet weg de vreemde goden* geskryf. Hy is van mening dat prof K Schilder in 'n onbewaakte oomblik in *De Reformatie* 9 Februarie 1952 geskrywe het dat Christus ook sy bloed vir die kerkverband gestort het. Reeds voor sy sterfte op 23 Maart 1952 het Schilder Doornbos se stelling dat die Skrif nêrens van die kerkverband spreek nie afgewys. Die artikel het in die uitgawe van *De Reformatie* van 15 Maart 1952 verskyn. Doornbos is van mening dat wie die onbedagte stelling van Schilder kritiekloos oorneem, besig was met afgoderij:

Deze afgoderij met het kerkverband wordt in de hand gewerkt door een ongelukkig woord dat Schilder in een onbedacht ogenblik uit de pen gevloeid is, dit woord, dat Christus Zijn bloed ook voor het kerkverband gestort heeft. Wanneer wij weldaden van de Here ontvangen, ontvangen wij die omdat Christus Zijn bloed voor ons gestort heeft. Maar ik wil leven bij de schrift; alleen de schrift kan mij leren of iets een weldaad is waarvoor Christus Zijn bloed heeft gestort. Er is ook wel eens iets dat men voor een weldaad aanziet en het toch niet is... Het is niet erg dat Schilder deze fout gemaakt heeft. Wie maakt er geen fouten? En wie heeft niet wel eens een onbedacht ogenblik? Maar wel erg is dat men zo'n onbedacht woord van Schilder kritiekloos overneemt en er gevolgtrekkingen uit maakt van verre strekking. Dat is afgoderij met Schilder.

(Kamphuis 1966:59)

Kamphuis, in teenstelling met Doornbos, is van mening dat die stelling nie onbedag deur Schilder gebruik nie (Kamphuis 1966:59). Alhoewel die woord kerkverband nie in die Bybel voorkom nie, is Kamphuis van mening dat dit in die Bybel geïmpliseer word:

De schrift spreekt nergens van kerkverband. Nu gaat het niet aan buiten de schrift om vast te stellen dat Christus voor het kerkverband Zijn bloed heeft gestort en dan op grond daarvan te beweren dat men aan het kerkverband niet tornen mag, en op dezelfde grond het kerkverband maar steeds uit te breiden en maar steeds vaster te maken. Wat niet in de schrift gefundeerd is mag men niet proberen dan maar te funderen in het bloed van Christus.

(Kamphuis 1966:59-60)

Kamphuis (1966:63-64) toon verder aan dat die kerkverband in die kerkorde in talryke artikels beklemtoon en/of geïmpliseer word onder andere in artikel 48 (korrespondensie), artikel 30 (elkeen help mekaar in sake wat die mindere vergadering nie kon afhandel nie), artikel 31 (appèl) asook artikel 44 (kerkvisitasie): “Het woord kerkverband komt in de K.O. niet voor? Al was het zo, dan zeg ik nog: maar de tekst der K.O. is vol van het kerkverband en zijn heerlijke werking” (Kamphuis 1966:62).

Hy dui daarop dat prof Greijdanus die kerkverband in sy *Schriftbeginselen van kerkrecht inzake meerdere vergaderingen* as van uiterse belang beskou het (1966:75). Kamphuis stem saam met Greijdanus dat geen enkele kerk gedwing kan word om met die ander saam te lewe nie. Van menslike kant berus die verband tussen kerke op vrywillige afspraak, maar aan die anderkant het dit ook 'n goddelike eis (Kamphuis 1966:75). Kamphuis (1966:78) gee dus prof Schilder gelyk dat Christus Sy bloed ook vir die kerkverband gestort het. Volgens Kamphuis (1966:101) is die kerkverband nie slegs in aansluiting met prof Greijdanus in *Schriftbeginselen van de kerkrecht*, nodig ter afwering van die sonde nie, maar is dit positief te waardeer, omdat die kerke, so ook die gelowige persoonlik, geroepe is tot die gemeenskap van die heiliges om mekaar te dien.

Volgens Kamphuis (1966:115) is die konfederatiewe samelewing van Gereformeerde Kerken te beantwoord aan die onderwys van die Skrif. Hy is van mening dat die

nuwe kerkrecht wat van die stelling uitgaan dat die Skrif geen kerkverband ken nie en dus slegs 'n saak van vrywilligheid is, die duidelike Skrifgegewens verbygaan (1966:115). Kamphuis (1966:121) verwys onder andere na Rom 15; 1 Kor 16; 2 Kor 8 en Hand 15 as Skrifbewyse vir sy stellingname. Volgens Kamphuis (1966:121) gaan dit in Hand 15 om kerkverbandskwessies.

2.6.3.2. Prof J Kamphuis en die *Open Brief*

Ds J O Mulder, 'n predikant van die Gereformeerde Kerken in Nederland (vrijgemaakt) was een van die mede-ondertekenaars van die *Open Brief*, waarin die Vrijmaking degradeer word tot 'n twis,'n vete onder broers en die Acte van Vrijmaking en Wederkeer wat sou staan teenoor die geloof in die Here Jesus Christus, as ideologie verwerp word (Kamphuis 1967b:11). In die *Open Brief* het die ondertekenaars bevestig dat hul saam met die Tehuis-gemeente nie die sogenaamde Vrijmakingsgeloof deel nie:

Doordat dit vrijmakingsgeloof zo met confessioneel gezag bekleedt wordt, wordt dit geloof voor velen onder ons wel zeer verbindend. Het waarachtig kerklidmaatschap komt ermee in het geding. En zo zijn er de spanningen. Spanningen die bij de grote massa, onder de druk gebracht van de confessie, een oplossing vinden in een volgzzaam gaan van de weg die de woordvoerders van het vrijmakingsgeloof wijzen. Spanningen die bij anderen zo worden opgevoerd, dat er conflictsituaties ontstaan. En dan horen we van sschorsing en afzetting, van heengaan van predikante en leden der kerk, van scheuringn in gemeenten.

(De Vries 1990:111)

Die *Open Brief* staan volgens Kamphuis lynreg teenoor die gemeenskaplike oortuiging op grond van die Heilige Skrif en die belydenis van die kerk (1967(b):10). Op 5 Desember 1966 het prof J Kamphuis 'n beswaarskrif aan die Kerkraad van Kampen gerig waarin hy ds Mulder as 'n "kwade herder" aangedui het en het hy die Kerkraad opgeroep om met ds Mulder te handel soos dit troue opsieners teenoor 'n "kwade herder" betaam: "Tevens verzoek ik u met deze predikant te handelen zoals het getrouwe op zieners tegenover een kwade herder

betaamt, en deel ik u mede ds J O Mulder niet als herder onder Christus te kunnen erkennen, zolang hij op deze boze weg van kerkverstrooiing blijft” (Kamphuis 1967b:15).

Op 29 Desember 1966 het ds C H Lindeboom en br S Ferweda ’n besoek aan huis van prof Kamphuis gelewer waarin hul hom mondelings meegedeel het dat sy beswaarskrif deur die Kerkraad afgewys is, aangesien daar in sy beskuldiging teenoor ds Mulder Skrifbewyse ontbreek het, hy ds Mulder aan sy beskouings oor die Vrijmaking meet en hy blykbaar in sy skrywe vir ds Mulder self geskors en afgeset het (Kamphuis 1967b:18). Kamphuis het in ’n skrywe gedateer 30 Desember 1966 getoon dat hy in sy skrywe gedateer 5 Desember 1966 die Kerkraad versoek het om “naar zijn roeping met ds Mulder te handelen” (1967b:18). Kamphuis is van mening dat met die verloëning van die konfessionele karakter van die Vrijmaking en die degradering van die Vrijmaking tot ’n twis en ’n vete onder broers van dieselfde huis, ’n wissel gepasseer, die weg van die Reformasie van die Afscheiding, Doleansie en Vrijmaking verlaat en ’n keuse gemaak was vir die “brede weg” van die modernistiese ekumene (1967b:19).

Op 6 Januarie 1967 het die drie afgevaardigdes van die Kerkraad, te wete ds CH Lindeboom en brr S Ferweda en Leefferts, mondelings aan prof J Kamphuis kennis gegee dat die Kerkraad van sy skrywe gedateer 30 Desember 1966 kennis geneem het, maar dat die Kerkraad by sy vorige besluit bly staan. Op 9 Januarie 1967 het prof Kamphuis in hoër beroep by die *classis* van Kampen gegaan. Op 17 Februarie 1967 het die *classis* kennis gegee dat hul die Kerkraad van Kampen gelyk gegee het dat prof Kamphuis vir sy beskuldigings teen ds Mulder

Skriftuurlike bewyse moes verskaf, dat hul nie aan sy versoek kon voldoen alvorens hy sodanige bewyslas verskaf het nie, en dat hul dus die versoek tot appèl nie toe kan staan nie (1967b:37). Op 28 Februarie 1967 het Kamphuis in hoër beroep by die Partikuliere Sinode Overijssel gegaan. Die Partikuliere Sinode Overijssel het geoordeel dat dit 'n ernstige saak is wat die bestaansreg van die Vrijgemaaktes raak en het prof J Kamphuis gelyk gegee (1967b:45): “Dat de classis ten onrechte heeft uitgesproken dat de kerkeraad terecht naar Schriftbewijs gevraagd heeft; dat de kerkeraad de brief van 5 dec, '66 alsnog in behandeling behoort te nemen.”

2.6.4 Amersfoort-West Sinode (GKv), 4 April 1967 tot 9 November 1967

Reeds met die opening van die Sinode het ds J J Arnold in sy openingswoorde gesuggereer dat 'n “sware taak” op die afgevaardigdes wag. Hy het daarop gewys dat daar in die afgelope jare onrus in die kerk opgewel het met betrekking tot die vele appèlle en revisie-sake waartoe daar tot op daardie datum geen oplossing gevind kon word nie (*Acta generale synode Amersfoort-West (GKv)* 1967:19 artikel 1). Op die eerste sittingsdag, 4 April 1967, het die Generale Sinode van Amersfoort-Wes kennis geneem dat die afgevaardigde van die Partikuliere Sinode Noord-Holland, naamlik ds B J F Schoep, een van die medeondertekenaars van die *Open Brief* was:

Deze mede-afgevaardigde heeft een artikel gepubliceerd over “Oecumenische gezindheid” in *Woord en Wereld* van April 1966 pag. 100-1006, en door zijn ondertekening de verantwoordelijkheid aanvaard voor de inhoud van de dus geheten, “Open Brief aan de Tehuis-gemeente in Groningen”, bekend gemaakt door toezending aan particulieren in onze gereformeerde kerken en door middel van toezending aan particulieren in onze gereformeerde kerken en door middel van verschillende persorganen omstreeks 3 november 1966.

(*Acta generale synode Amersfoort (GKv)* 1967:27 artikel 8)

Die Sinode het geoordeel dat die Skriftuurlike–konfessionele bestaansreg van die kerke van die Vrijmaking deur die stellinge in die *Open Brief* verloën word, en het besluit om nie aan ds B J F Schoep sittingsreg te verleen nie: “Derhalve uit kracht van de belijdenis der waarheid ds B J F Schoep niet te ontvangen als lid van deze Gereformeerde Generale Synode en hiervan bericht te doen an de raad van de Gereformeerde kerk te Amstelveen, de eerstkomende classis Amsterdam en de eerstkomende Synode van Noord-Holland” (Kamphuis 1967:58).

Die voorstel was met 19 stemme teen 15 aanvaar, terwyl een broeder buite stemming gebly het. Op dié Sinode is kennis geneem van die besware teen die praktyk om hoogleraars na die Generale Sinode as pre-adviseurs te nooi. Volgens artikel 50 van die Kerkorde, is die Generale Sinode ’n vergadering van afgevaardigdes wat deur die kerke van geloofsbriewe voorsien is. Volgens artikel 18 hoort pre-advies nie by die amptelike leeropdrag van die hoogleraars tuis nie. Dit staan egter die Sinode vry om wel vir ’n saak waarvoor hy bepaalde informasie of advies benodig, ’n hoogleraar van die besondere vak uit te nooi om aan die Sinode skriftelik of mondelings bystand te verleen.

Dat sinds de vrijmaking der kerken een anti-hiërarchishe tendens in het oog springt, waarom het tegen die tendens indruist dat hoogleraren keer op keer aan de generaal-synode arbeid deelnemen, en dat zulks te meer klem krijgt nu in sommige particulier-synodale resorten de regel is, dat een broeder niet vaker dan tweemaal achtereen naar een generale synode mag worden afgevaardigd.

(*Acta generale synode Amersfoort-West (GKv)* 1967:105 artikel 112)

Die Sinode het egter geoordeel dat die uitnodiging van hoogleraars as pre-adviseurs van die Generale Sinode nie in stryd met Gods Woord, die belydenis en die kerkorde was nie en het die versoek van die Gereformeerde kerke te Zalk en Veecaten verwerp en het

die besluit van die Generale Sinode van Kampen 1951 ongewysig gehandhaaf (*Acta generale synode Amersfoort-West (GKv)* 1967:105 artikel 112).

Op Vrydag 25 Augustus 1967 is kennis geneem van die besluit van die buitengewone Partikuliere Sinode van Noord-Holland met betrekking tot die nie-verlening van sittingsreg aan ds B J F Schoep. Laasgenoemde Partikuliere Sinode het besluit om die besluite geneem op die Generale Sinode van 6 April 1967 as nie vas en bindend te beskou nie. Die Generale Sinode Amersfoort-West 1967 (GKv) het die besluit herbevestig om ds B J F Schoep nie as lid van die Sinode te ontvang nie (*Acta generale synode Amersfoort-West (GKv)* 1967:170 artikel 163).

Op die Sinode van Amersfoort-West (GKv) was die Van der Ziel-saak asook etlike beswaarskrifte oor diverse aangeleenthede aan die orde gestel. Op Woensdag 13 September 1967 het die Sinode kennis geneem van die beswaarskrifte van 25 kerkrade, 6 persone te Groningen, 18 persone buite Groningen asook 44 gelykluidende of byna gelykluidende revisie aansoeke met betrekking tot die Groningen-Zuid of te wel die Van der Ziel-saak. Die Sinode het die beswaarskrifte en revisie aansoeke een vir een verwerp (*Acta generale synode Amersfoort-West (GKv)* 1967:221-280) byvoorbeeld: “Is van oordeel: dat appellanten nie hebben aangetoond dat artikel 315c revisie behoeft; en spreekt uit: aan de verzoeken tot revisie in dezen niet te voldoen” (*Acta generale synode Amersfoort-West (GKv)* 1967 artikel 227).

Die uitsprake van die Sinode Rotterdam-Delshaven (GKv) 1964/1965 wat onder andere te doen gehad het met die feit dat ds Van der Ziel samesprekings buite sy

Kerkraad aangegaan het, die skorsing van ds Van der Ziel, sy skorsingswaardigheid, asook die klag van die Kerkraad dat ds Van der Ziel die amptelike verkondiging van die Woord misbruik het, was onomwonde deur die Generale Sinode Amersfoort-West afgewys (*Acta generale synode Amersfoort-West (GKv)* 1967:246-247 artikel 209-112).

Die Sinode van Amersfoort –West (GKv) (1967) het ook geoordeel dat prof H J Jager, een van die dosente van die Theologiese Hoogeschool, nie op die vrae met betrekking tot die handeling na die ondertekeningsformulier instemmend geantwoord het nie en dat hy in artikels, wat hy voor die Sinode geskryf het, die punte van die leer onder andere met betrekking tot antwoord 57 van die Heidelbergse Kategismus, regstreeks weerspreek het. Prof H J Jager het dus die leer van ds Telder aangehang en het hy op 27 Januarie 1967 openlik sy instemming daarmee met die *Open Brief* betuig. Hy het verder verklaar dat hy die skorsing van di Van der Ziel, Telder en Oosterhoff 'n fout was en dat die wegsending van ds Schoep, as wettige afgevaardigde van Noord-Holland se Partikuliere Sinode, 'n misbruik van sinodale mag was (De Vries 1990:69). Die Sinode van Amersfoort -West (GKv) (1967) het gekonstateer dat Jagers die kerke buite verband voorgestaan het. Op 12 September 1969 het die Sinode besluit dat prof Jager solank hy nie die vereiste genoegdoening met betrekking tot die leer en die orde van die kerk gee nie, hy geen reg meer het om na aanleiding van artikel 10 van die reglement van die Theologiese Hoogeschool, as lid met raadgevende stem, sitting op die senaat van die Theologiese Hoogeschool in te neem nie (De Vries 1990:70).

Met betrekking tot Veenhof het die Sinode 'n soortgelyke besluit geneem. Die Sinode het gekonstateer dat Veenhof as redakteur van die *Opbouw* toegelaat het dat besluite van die meerdere vergaderinge ter handhawing van die leer, bestry word. Ook het

Veenhof verklaar dat die *Open Brief* nie in stryd met die belydenis van die kerk was nie. Veenhof het egter geen gravamen oor die uitspraak van die Sinode van Amersfoort-West oor die saak ingedien nie. Die Sinode het geoordeel dat die wyse waarop prof Veenhof oor die belydenis as “feilbaar mensenwerk” gespreek het, bedenklik was. Die Sinode het besluit om aan beide Jager en Veenhof die regte as emiritus-hoogleraar te ontnem (De Vries 1990:70). De Vries (1990:74) is van mening dat die hele kerkverband in ’n krisis was as gevolg van veral independentisme en/of die sug na onafhanklikheid by Kerkrade.

2.6.5. Openbare kerkregtelike diskoers

Bo en behalwe Kamphuis, het di K Doornbos en M R van der Berg in reaksie op die sinodalisme deelgeneem aan die diskoers. Beide Doornbos en M van der Berg het klem op ratifikasie van sinodale besluite gelê.

2.6.5.1. Prof J Kamphuis en die *Open Brief*

Desondanks die Partikuliere Sinode Overijssel (GKv) 1967 se besluit dat die Kerkraad ten onregte Skriftuurlike bewyse van prof Kamphuis vra en die besluit van die Generale Sinode met betrekking tot die verlening van sittingsreg aan een van die mede-ondertekenaars van die *Open Brief*, het die Kerkraad in ’n skrywe gedateer 8 Junie 1967 aan prof Kamphuis daarmee volstaan dat hy Skrifgronde vir sy beskuldigings teen ds Mulder aan hul moes verskaf (Kamphuis 1967b:59-62). Die Kerkraad het dus in hul skrywe aan prof Kamphuis bloot hul standpunt van vroeër herhaal en het dus die uitspraak van die Partikuliere Sinode Overijssel (GKv) verwerp. In ’n skrywe gedateer 7 Julie 1967 het die Kerkraad aan die gemeente kennis gegee dat hul die uitspraak

van die Partikuliere Sinode Overijssel (GKv) nie as vas en bindend beskou het nie (Kamphuis 1968:45). Desnieteenstaande die oordeel van die Partikuliere Sinode dat die “bestaansrecht van de vrijgemaakte kerke op het spel” is en die besluit van die Generale Sinode om op “kracht van de belijdenis der waarheid” aan een van die afgevaardigdes van die Generale Sinode nie sittingsreg te verleen nie, het die Kerkraad van Kampen voortgegaan wat Kamphuis beskou het as “kerkafbraak” en “belijdenis-verachting” (Kamphuis 1967b:65). Die Kerkraad van Kampen het hul nie op die Generale Sinode van Amersfoort-Wes 1967 wat kort na Partikuliere Sinode Overijssel vergader het, beroep nie (Kamphuis 1968:45). Art 31 van die kerkorde reël immers soos volg die moontlikheid vir beswaardes oor ’n uitspraak: “Zo iemand zich beklagt door de uitspraak der mindere vergadering verongelijkt te zijn, dezelve zal zich tot een meerder kerkelijke vergadering beroepen mogen.”

2.6.5.2. Ds K Doornbos

Na aanleiding van die Sinode van Rotterdam se oordeel dat ds Oosterhoff ongereformeerd was, het ds K Doornbos *De Synode van Dordrecht 1618/19 getoetst aan het recht der kerk* geskryf (Doornbos 1967:121). Die Sinode van Rotterdam het onder andere in hul uitspraak die Dordtse leerreëls aangehaal, in besonder die sewende verwerping van die dwalinge uit hoofstuk 2:

VII. Die leeren, dat Christus voor diegenen, die God ten hoogste liefheeft, en ten eeuwigen leven verkoren, niet heeft kunnen noch moeten sterven, ook niet gestorven is, naardien dezulken den dood Christi niet van noode hebben. Want zij wederspreken den Apostel, zeggende: Christus heeft mij liefgehad en heeft zichzelf voor mij overgegeven. Gal. 2:20. Insgelijks: Rom. 8 :33, Wie zal de uitverkorenen Gods beschuldigen? God is het, die rechtvaardig maakt. Wie is het, die verdoemt? Christus is gestorven, namelijk, voor hen. En tegen den Zaligmaker, zeggende: Ik stel mijn leven voor mijne schapen, Joh. 10:15. En: Dit is mijn gebod, dat gij malkander lief hebt, gelijk Ik u lieden lief gehad heb. Niemand heeft meerder liefde dan deze, dat iemand zijn leven zet voor zijne vrienden, Joh.12:13.

(Acta Synode van Dordrecht 1618/19:266)⁵¹

Doornbos (1967:121) is van mening dat die afgevaardigdes op die Sinode van Rotterdam- Delshaven (GKv) nie bogenoemde aanhaling uit die leerreëls goed begryp het nie. Volgens Doornbos word in die sewende verwerping van die dwalinge uit hoofstuk 2 die vrysinnigheid van die 19^{de} eeu verwerp (1967:122). Doornbos poog in *De Synode van Dordrecht 1618/19 getoetst aan het recht der kerk* om aan te toon dat die Sinode van Rotterdam se besluit oor ds Oosterhoff verkeerd was. Hy toon onder andere in sy *De Synode van Dordrecht 1618/19 getoetst aan het recht der kerk* aan dat die beroeping van die Sinode op Dordrecht ondeugdelik is, aangesien die Sinode van Dordrecht 1618/19 volgens sy oordeel slegs 'n produk van staatsmasjinerie was. Wanneer die Acta van Dordrecht 1618/1619 gelees word, tref dit volgens Doornbos dat die Sinode die reg van die staat en die reg van die kerk met mekaar vermeng (1967:7). Doornbos (1967:30) wys gevolglik in *De Synode van Dordrecht 1618/19 getoetst aan het recht der kerk* op die gevaar van sodanige vermenging:

Ter synode van Dordrecht was er vermenging van het recht van de kerk met het recht van de staat. Het recht van de staat wordt in de staat wel eens gebogen. Het recht van de kerk wordt in de kerk wel eens gebogen. Maat wanneer men beide soorten recht vermengt en daarbij ook nog de grens tussen kerk en staat wegneemt, dan is het gevaar dat het recht gebogen wordt dubbel groot.

By Dordrecht het die reg van die staat volgens Doornbos (1967:31) die oorhand oor die kerk gekry. Dit blyk volgens Doornbos alreeds op die titelblad dat die *Hoogmogende Heren State-Generaal der Verenigde Nederlanden* die Sinode op hul outoriteit byeengeroep het. Die samekoms van die vergadering was dus 'n saak van landsbelang. Die reg van die kerke om 'n vergadering byeen te roep was volgens Doornbos (1967:31) opsy gedruk deur die belang van die staat. Op die Sinode van Dordrecht 1618/19 was

⁵¹ Vir die doeleindes van die dissertasie word die digitale weergawe van die Acta van Dordrecht 1618/1619 gebruik soos dit verskyn op kerkrecht.nl.

vyftien Remonstrante predikante verhoor (Doornbos 1967:55). Die Remonstrante het die gesag van die owerheid oor die kerk erken, maar het geweier om die Sinode as regbank te erken (Doornbos 1967:54). Vir die bevoegdheid om as regter oor die Remonstrante op te tree, het die Sinode haar behalwe op die Skrif ook op die wet wat deur die State Generaal gedurende 1617 uitgevaardig was, beroep. In die beroep op die wet was die Sinode gesteun deur die Gekommitteerdes van die State Generaal (Doornbos 1967:61). Artikel 9 van die wet lui soos volg:

IX. In de vergadering zal in de eerste plaats en vooral gehandeld worden over de bekende vijf Artikelen, die in verschil staan, en over de zwaarigheden, die daaruit gerezen zijn, om met ernst te zien hoe deze, behoudens de rust der Kerk (maar voornamelijk de zuiverheid der leer) op het bekwaamst en met de minste moeite uit de kerken geweerd mogen worden. Daarna zullen de andere resterende, zoo algemeene als particuliere zwaarigheden of bezwaren, die de kerken aangaan, voorgesteld worden.

(*Acta Synode van Dordrecht* 1618/19:14)

Volgens Doornbos (1967:12) was die Contra Remonstrante erg Rooms in die sin dat hul volk en kerk en kerk en volk as een gesien het. Die geloof in die volkskerk het die Contra Remonstrante by Rome oorgeneem. Nie die Remonstrante of die Contra Remonstrante het die reg van die owerheid bestry om Sinodes byeen te roep of kerke te beveel om afgevaardigdes na die vergaderings te stuur wat op 'n tyd en plek deur die owerheid bepaal was en met sake wat deur die owerheid bepaal was nie (Doornbos 1967:13). Hulle het ook nie die wet van 1617 betwis nie. Die Remonstrante het selfs by drie geleenthede voor die Sinode van Dordrecht die owerheid genader om 'n Sinode byeen te roepen toe dit nie slaag nie, 'n publieke vergadering en laastens op eie "gelegendheid". Al drie hul versoeke was deur die owerheid afgekeur (Doornbos 1967:17 en *Acta Synode van Dordrecht* 1618/19:61).

Op die vierde sittingsdag van die Sinode van Dordrecht was die wet, wat deur die "Hoogmogende Heren State-Generaal" 'n jaar vóór die Sinode van Dordrecht, opgestel

was, voorgelees. Die opskrif van die wet lui soos volg: “Artikelen van de bijeenroeping en verhandeling der Nationale Synode, in de vergadering der Hoogmog. Heeren Staten-Generaal der Vereenigde Nederlandsche Provinciën, den 11en November desjaars 1617, beraamd en besloten” (*Acta Synode van Dordrecht* 1618/19:13).

Die wet van 1617 bestaan uit 17 artikels. Doornbos het homself die vraag gevra: Wat doen die landswette in die *acta* van ’n kerkvergadering? Volgens hom hoort dit nie daarin nie. Die Hoogmogende Heren State-Generaal het volgens Doornbos (1967:34) die Sinode beskou as een van die laer regeringsrade van die land, wat onderworpe was aan die regering van die land. Volgens art 2 van die wet kon *Hoogmogende Heren State-Generaal* ’n Sinode byeenroep en selfs die agenda bepaal. Die staat het volgens Doornbos die kerk as onmondig behandel en het selfs in artikel 3 bepaal hoe die afvaardiging na die Sinode saamgestel moes word:

III. Opdat de gansche handeling behoorlijk en ordelijk moge voortgaan en alle verwarring worde verhoed, dat uit iedere particuliere (zoo men ze noemt) Synode, zes personen, die de bekwaamsten zullen schijnen te wezen, gedeputeerd worden. Onder deze zullen ten minste drie bedienaars des Goddelijken Woords wezen, en de andere drie of twee, hetzij ouderlingen of andere lidmaten der gemeente, professie doende van de Gereformeerde Religie, van vromen en godzaligen handel en wandel.
(*Acta Synode van Dordrecht* 1618/19:13)

Doornbos was van mening dat die Partikuliere Sinode en/of die kerklike vergaderinge nie onder die staat staan nie (1967:36). Teenoor die kerklike verordeninge van 1586 se vier afgevaardigdes (twee ouderlinge en twee predikante) bepaal die staat dat uit elke Partikuliere Sinode ses afgevaardigdes moes kom. Op die Dordtse Sinode was die Dordtse leerreëls opgestel, by implikasie ’n nuwe geloofsbelydenis. Doornbos (1967:53) se primêre beswaar is dat die Sinode ’n nuwe belydenis opstel sonder dat die kerke iets daarvan geweet het. Die ontwerp van die nuwe belydenis was nie vooraf na die gemeentes gestuur nie en die oordeel van die kerke was nie gevra nie. Veel eerder

het die Sinode van die kerke verwag om die belydenis sonder voorbehoud te onderteken of “anders eruit!” (Doornbos 1967:54). Die State Generaal het egter wel die besluite van die Sinode ondersoek, geapprobeer, bevestig en geratifiseer (Doornbos 1967:54). Doornbos (1967:54) is egter van mening dat die staatsreg by Dordrecht die oorhand oor die kerk gekry het: “Naar het recht van de kerk was het niet. Naar het recht van de staat was het ook niet. Het was naar het recht van de sterkste. Volgens (Doornbos 1967:54) het die State Generaal anders as die kerk die geleentheid gekry om die besluite van die Sinode goed te keur, te bevestig en te bekragtig. Op die 138^{ste} sitting op die 24^{ste} April, 1618 het die State Generaal hul approbasie vir die besluite verleen:

De Staten Generaal der Vereenigde Nederlanden, allen dengenen, die deze zullen zien, of lezen, Saluit, doen te weten: ... het voorz. oordeel, en de Sententie der Synode gezien, rijpelijk verstaan, onderzocht, en overwogen hebbende, dezelve in alles volkomenlijk hebben goedgekeurd, bevestigd en bekrachtigd; en keuren goed, bevestigen en bekrachtigen dezelve mitsdezen: willende, en vaststellende, dat geene andere leer, aangaande de voorz. leerpunten, in de Kerken dezer landen zal worden geleerd, of gedreven, als welke met het voornoemde oordeel overeenkomt.

(Acta Synode van Dordrecht 1618/19:187)

Die Remonstrante predikante was deur die voorsitter Boggerman van die Sinode weggestuur omdat hul nie die Sinode as regbank wou erken nie. Die Remonstrante was op las van die State Generaal onder huisarres geplaas (Doornbos 1967:73).

En is wederom den Remonstranten belast, uit de stad niet te vertrekken voornamelijk om in de naburige plaatsen te prediken.

Is goedgevonden te voegen bij de Gedeputeerd en der EE. Heeren Gecommitteerden uit de Synode D Hermannus Faulkelius, Assessor, en D Sebastianus Dammannus Scriba.

(Acta Synode van Dordrecht 1618/19:171)

Die Sinode het die vyftien predikante afgeset en hul ook in hul akademiese bedieninge onwaardig geoordeel (Doornbos 1967:76).

Om welke oorzaken de Synode ten eerste de voornoemde geciteerde personen alle Kerkelijke diensten verbiedt, dezelve van hunne ambten afstelt, en ook der Academische bedieningen onwaardig oordeelt, ter tijd toe, dat zij door ernstige bekeering, die met woorden, werken, en tegenovergestelde betrachtingen genoegzaamelijk moet bewezen zijn, der Kerke genoeg doen, en met dezelve waarlijk en ten volle zullen verzoenen, en tot de gemeenschap derzelve wederom aangenomen worden.

(Acta Synode van Dordrecht 1618/19:285)

Na die Sinode is ongeveer 100 predikante afgeset, sommige was self uit die land verban. Die Sinode het deputate benoem om die besluite op plaaslike vlak te implementeer. In lyn met die besluite van die Sinode van Dordrecht 16^e18.1619 sou niemand voortaan tot die predikante amp toegelaat word, indien hy nie die Dordtse leerreëls onderteken het nie (Doornbos 1967:108). Selfs die wat reeds in die amp gestaan het, moes dit ook onderteken.

2.6.5.3. Ds M R van den Berg

Na 1967 was oral kerke gevorm wat buite die verband van die Vrijgemaakte Gereformeerde Kerken gestaan het (Bos 1994:85). Die konflik in die jare sestig het uiteindelik tot kerkskeuring gelei. Ds M R van den Berg het gedurende 1969 *De Gekerkerde Kerk* geskrywe waarin hy onder andere sy standpunte met betrekking tot die inrigting, organisasie en die regering van die kerk deurgegee het. Die kernvraag waarmee Van den Berg geworstel het, was in hoeverre die kerklike organisasie nog aan die Nuwe Testamentiese beeld van die kerk beantwoord het: “Ik wil in dit geschrift een poging wagen om aan te wijzen dat de bestaande kerkelijke organisatie de kerk aan banden heeft gelegd en steriliserend op het leven van de kerk inwerkt. Ik wil pleiten voor een heroriëntering op wat het Nieuwe Testament zegt over de inrichting van de kerk van Christus” (Van den Berg 1969:13).

Dit gaan volgens Van den Berg (1969:14) vir hom nie om die afskaffing van die kerklike organisasies as sodanig nie, maar veel eerder om die afskaffing van ’n bepaalde vorm van kerklike organisasie. Van den Berg (1969:107-126) staan afwysend teenoor enkele artikels in die DKO. Hy maak onder andere die volgende aannames met betrekking tot die DKO in sy *De Gekerkerde Kerk*:

- i. Die doktore amp (art 2)⁵² is onskriftuurlik (Van den Berg 1969:107);
- ii. Anders as wat DKO Artikel 4⁵³ bepaal, is Van den Berg (1969:109) van mening dat dit die reg van die plaaslike gemeente is om iemand in ooreenstemming met die Skrif goed te keur of te beperk in die preekdiens. Die plaaslike kerke behoort dus 'n kandidaat te eksamineer en nie die *classis* nie (Van den Berg 1969:109) Met betrekking tot DKO art 5⁵⁴ waarin die verlening van approbasie aan die *classis* toegeken word, huldig Van den Berg (1969:110) die mening dat die reg die plaaslike kerk toeval;
- iii. Met betrekking tot die gesagsverhoudings tussen die vier kerkvergaderinge, te wete Kerkraad, *classicale* vergadering, Partikuliere Sinode en Generale Sinode (art 29,⁵⁵ art 36⁵⁶) is Van den Berg (1969:125-126) van mening dat art 36 in besonder die selfstandigheid van die plaaslike gemeente tekort aan doen. Hy gaan van die veronderstelling uit dat afgeleide gesag van die meerdere vergadering inderdaad ook gesag is: “*Ook afgeleid gezag is*

⁵² “De diensten zijn vierderlei: der dienaren des Woords, der doctoren, der ouderlingen en der diakenen” (art 2 DKO) .

⁵³ “De wettelijke beroeping dergenen, die tevoren in de dienst niet geweest zijn, zowel in de steden als ten plattelande, bestaat: Ten eerste, in de verkiezing, dewelke na voorgaande vasten en bidden geschieden zal door de kerkenraad en de diakenen, en dat niet zonder goede correspondentie met de christelijke overheid ter plaatse respectievelijk en voorweten of advies van de classe, daar hetzelfde tot nog toe gebruikelijk is geweest. Ten andere, in de examinatie of onderzoeking beide der leer en des levens, dewelke staan zal bij de classe, ten overstaan van de gedeputeerden der synode, of enigen derzelve. Ten derde in de approbatie of goedkeuring van de overheid en daarna ook van de lidmaten der Gereformeerde Gemeente van de plaats, wanneer, de naam des dienaars de tijd van veertien dagen in de kerken verkondigd zijnde, geen hindernis daartegen komt. Ten laatste, in de openlijke bevestiging voor de gemeente, dewelke met behoorlijke stipulatiën en afvragingen, vermaningen, gebed en oplegging der handen van de dienaar, die de bevestiging doet (of enige anderen, daar meer dienaren zijn) toegaan zal, naar het formulier daarvan zijnde. Welverstaande, dat de oplegging der handen zal mogen gedaan worden in de classicale vergadering aan de nieuwe gepromoveerde dienaar, die gezonden wordt in de kerken onder het kruis” (Art 4 DKO).

⁵⁴ “Nopens die dienaars, die nu alrede in de dienst des Woords zijnde, tot een andere gemeente beroepen worden, zal desgelijks zodanige beroeping met correspondentie als voren geschieden, zowel in de steden als ten plattelande, bij de kerkenraad en de diakenen met advies of approbatie van de classe; alwaar de voorzeide beroepen vertonen zullen goede kerkelijke attestatie van leer en leven en alzo bij de magistraat van de plaats respectievelijk geapprobeerd en der gemeente de tijd van veertien dagen voorgesteld zijnde als boven, zullen met voorgaande stipulatiën en gebeden bevestigd worden. Onverkort, in hetgeen vorn gezegd is, iemand zijn deugdelijk recht van presentatie, of enig ander recht, voor zoveel hetzelfde stichtelijk kan worden gebruikt, zonder nadeel van Gods kerk en goede kerkenorde, waarop de hoge overheden en synoden der respectieve provinciën wel gelieven te letten, en ten beste van de kerken nodige orde te stellen” (art 5 DKO).

⁵⁵ “Vierderlei kerkelijke samenkomsten zullen onderhouden worden: de kerkenraad, de classicale vergaderingen, de Particuliere Synode en de Generale of Nationale” (art 29 DKO).

⁵⁶ “Hetzelve zeggen heeft de classe over de kerkenraad, het welk de Particuliere Synode heeft over de classe, en de Generale Synode over de Particuliere” (art 36 DKO).

gezag.” Hy stel dit dat daar geen enkele gesagsinstansie tussen Christus en sy gemeente geduld word nie (Van den Berg 1969:126);

- iv. Met betrekking tot visitasie (artikel 44)⁵⁷ is Van den Berg (1969:28) van mening dat visitatore geen superintendente is nie;
- v. Die kerkordelike artikel wat betrekking het op die toelating aan die Heilige Nagmaal (artikel 61)⁵⁸ vind Van den Berg (1969:132) “een van de meest bekrompen artikelen.” Hy is van mening dat as artikel 61 die toegang van die Heilige Nagmaal beperk tot die wat die belydenis tot die Gereformeerde godsdiens gedoen het, dan is die Heilige Nagmaal nie meer ’n teken van verbondenheid aan Christus nie, maar word dit dan versmal tot ’n teken van die verbondenheid aan ’n bepaalde kerklike organisasie (Van den Berg 1969:136) Hy is van mening dat art 61 ’n duidelike voorbeeld is van hoe institusionalisme die kerke in haar greep gekry het.

Van den Berg (1969:54) is van mening dat die tradisie nie as onaantasbaar beskou moet word nie, maar dat dit juis telkens gekonfronteer moet word met die Skrif. Hy verwys daarna dat ook die kerkvaders dit duidelik gestel het dat die kerklike organisasie nie tot die wese nie, maar tot die welwese van die kerk behoort. Hy verwys onder andere na Bavinck se *Gereformeerde Dogmatiek deel IV*, 4^{de} druk, Kampen, 1930 p 415-416. Bavinck is aan die een kant geneig om Gregorius van Nazianze gelyk te gee dat daar nog nooit iets goeds van ’n Sinode gekom het nie, maar aan die anderkant ag hy dit ’n belangrike taak om ’n Sinode oorbodig te maak. Bavinck erken egter dat die afskaffing van ’n Sinode tot groter kwaad kan lei as die handhawing daarvan. Van den Berg

⁵⁷ In alle samenkomsten zal bij de preses een scriba gevoegd worden, om naarstiglijk op te schrijven hetgeen waardig is opgetekend te zijn (art 44 DKO).

⁵⁸ “Men zal niemand ten Avondmaal des Heeren toelaten, dan die naar de gewoone der kerken, tot dewelke hij zich voegt, belijdenis der gereformeerde religie gedaan heeft, mitsgaders hebbende getuigenis eens vromen wandels, zonder welke ook degenen, die uit andere kerken komen, niet zullen toegelaten worden” (art 61 DKO).

(1969:57) verskil met Bavinck daarin dat hy die afskaffing van Sinodes voorstaan: “Vandaag zeg ik: een afgeschafte synode is de beste synode die zich laat denken. Elke bindende regel of reglement dat er vandaag in de kerk te vinden is en dat boven de Schrift uitgaat, moet vandaag overboord, als de kerk tenminste nog een zoutend zout wil zijn in de moderne wereld” (1969:57).

2.6.6. Die Nederlands Gereformeerde Kerken

Die konflik in die jare sestig oor die binding van die drie formuliere van Enigheid en die bindende krag van sinodale besluite in die Gereformeerde Kerk in Nederland (vrijgemaakt) (=GKv) het gedurende 1967 uiteindelik tot kerkskeuring gelei (Te Velde 1992:162). Gedurende 1967 het ongeveer 90 gemeentes buite die verband van Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt) getree. Hulle het hul aanvanklik Gereformeerde (vrijgemaakt (buiten verband) genoem.⁵⁹ Die kerke buite verband het onmiddellik na die skeuring pogings aangewend om met mekaar in verband te tree (Dekker 1991:1-3). Hulle het op 22 Junie 1968 ’n konferensie te Oostgeest gehou, wat daarna opgevolg was deur ander konferensies, naamlik Baarn (1968), Utrecht (1969) Lage Vuursche (1969).

Op die konferensie van 1969 is besluit om ’n adreslys van alle kerke buite verband op te stel. Op 1 Desember 1969 is die adreslys vrygestel.⁶⁰ Reeds 1974 het C Veenhof⁶¹ as redakteur van die *Informatieboekje* van die sogenaamd Vrijgemaakt

⁵⁹ Die Nederlands Gereformeerde Kerk (NGK) bestaan in 2005 uit die 12 *regios* te wete: Alkmaar-Zaandam, Amsterdam-Haarlem, Arnhem, Dordrecht-Gorinchem, Enchede-Zwolle, Den Haag, Harderwijk, Kampen, Noord-Nederland, Schiedam, Utrecht, Zuid-Nederland, 92 kerke, 81 predikante, 31 697 sieletal waarvan 20 282 belydende lidmate is (*Informatieboekje van Nederlands Gereformeerde Kerken* 2005:171).

⁶⁰ In die predikantenaamlyste in die *Informatieboekje van die Nederlands Gereformeerde Kerken* (1996 en 1974) word die name van ds M R van der Berg, P Dekker, G Janssen, drs H de Jong, B Telder, K Doornbos, C Veenhof en andere, wat op een of ander wyse die afgelope eeu diskursiewe bydraes met betrekking kerkregtelike diskoers *oud kerkrecht* en *nieuwe kerkrecht* gelewer het, gevind.

⁶¹ Reeds sedert 1938 het Cornelis Veenhof (1902-1983) diskursiewe bydraes gelewer met betrekking tot die kerkregtelike diskoers

Gereformeerde Kerken (buite verband) die naam Nederlands Gereformeerde Kerken gebruik (Veenhof 1974:5). Veenhof is van mening dat die benaming Vrijgemaakt Gereformeerde Kerken (buiten verband) onoffisieel was en dat die benaming Nederlands Gereformeerde Kerken meer akkuraat sou wees. Die kerke buite verband het in 1979 die naam Nederlands Gereformeerde Kerken gekies (De Vries 1990:78).

In die *Informatieboekje van die Nederlands Gereformeerde Kerken* (1974) dui Veenhof talle kerkregtelike problematiek aan wat uiteindelik daartoe sou lei dat etlike Gereformeerde kerke uit verband sou tree en ook tot die latere daarstelling van die Nederlands Gereformeerde Kerken (Veenhof 1974:80). Onder andere dui hy die skorsing van ds Van der Ziel as een van die aanleidende faktore vir die uiteindelijke kerkskeuring aan: “In aperte strijd met de kerkorde werd ds Van der Ziel geschorst. De genabuurde kerk had namelijk geweigerd in deze schorsing te bewiligen En toen schorste de kerkeraad van de Geref. Kerk van Groningen-Zuid deze predikant op “eigen verantwoordelijkheid” (Veenhof 1974:80). Veenhof erken dat die hantering van die Van der Ziel-saak kerkregtelik korrek tot op die Generale Sinode van Rotterdam-Delshaven van 1964 verloop het. Hy beskou die besluit Sinode Rotterdam–Delfshaven 1964 (GKv) om die skorsing van ds Van der Ziel te handhaaf as ’n skending van die kerkorde: “Na zeer emotionele en stormachtige debatten handhaafde deze synode met 14 tegen 13 stemmen de schorsing van ds Van

oor oud kerkrecht en nieuwe kerkrecht: Veenhof, C (1938). *Dr A Kuyper sr over de bevoegdheid der meerdere vergaderingen*. in *De Reformatie*, 18^{de} jrg 1937-1938 (ses artikels, 3 Junie – 22 Julie 1938)., Veenhof, C (1938). *Prof dr H H Kuyper over het karakter en de bevoegdheid der meerdere vergaderingen*. in: *De Reformatie*, 18^e jrg., 1937-1938 (vier artikels, 16- 30 September 1938) en in die 19^{de} jrg., 1938-1939 (vier artikels, 7-18 November 1938), Veenhof, C (1949). Om de “*Unica Catholica*”. *Een beschouwing over de positie van de bezwaarden onder en over de synodocratie*, Goes. Veenhof het gedurende 1996 oorgegaan na Gereformeerde kerken (buiten verband) wat later bekend sou staan as die Nederlands Gereformeerde Kerken.

der Ziel en homologeerde daardoor de begane schending van de kerkorde” (Veenhof 1974:80).

Ook die weiering van sittingsreg aan ds B J F Schoep, een van die mede-ondertekenaars van die *Open Brief*, op 4 April 1967 by die Generale Sinode Amersfoort-West (GKv), oordeel Veenhof as iets wat nog nooit voorheen op ’n Generale Sinode plaasgevind het nie (Veenhof 1974:83). Hy dui aan dat die Partikuliere Sinode van Noord-Holland van mening was dat dit buite die bevoegdheid van die Generale Sinode gelê het om afgevaardigdes weg te stuur en ander op te roep. Die Partikuliere Sinode van Noord-Holland is van mening dat die beslissing oor die afvaardiging na ’n Sinode uitsluitlik by die vergadering wat afvaardig, berus. Veenhof (1974:87) is van mening dat die Generale Sinode se besluit in “flagrante stryd met art 30, 55, en 85 van die DKO was. Volgens Veenhof was die sittingsregsaak van ds B J F Schoep nie deel van die agenda van die Sinode nie. Die Partikuliere Sinode van Noord-Holland is van mening dat die agenda deur die kerke vooraf opgestel moes word en kon gevolglik nie deur die Sinode bepaal word nie. Die Sinode het egter haar besluit handhaaf en het die Partikuliere Sinode van Noord-Holland se beswaar afgewys.

Die weiering van die afvaardiging van Noord-Holland het groot reperkussies vir die Gereformeerde kerke (Vrijgemaakt) ingehou. Die Kerkraad van Gereformeerde kerk van Wormerveer het die “niet ontvangen” van die Noord Hollandse lid, as ’n ernstige aantasting van die geldende reëls betreffende afvaardiging na die meerdere vergadering beskou en het verklaar dat hul die besluite van die Generale Sinode nie as verteenwoordigend beskou nie en dat die besluite gevolglik vir hul geen bindende krag het nie: “al uw eventueel te nemen besluiten zullen voor ons geen enkele kracht

hebben” (Veenhof 1974:90). Die Generale Sinode van Amersfoort (GKv) het op Vrydag 21 April 1967 (artikel 55 1967:59-60) kennis geneem van die brief van Wormerveer asook die skrywe van die Gereformeerde Kerk te Koog-Zaandijk met dieselfde strekking. Die Sinode van Amersfoort het volgens Veenhof bloot kennis geneem van die Kerkraad van Wormerveer en Koog-Zaandijk se beswaar en het verder niks daaraan gedoen nie (Veenhof 1974:90). Die brief van Wormerveer beklemtoon dat die opvatting van die karakter, die posisie en mag van die Sinode soos deur die Gereformeerde Kerken, met name in die tyd van die Doleansie en Vrijmaking, verdedig was en in die praktyk gebring moet word (Veenhof 1974:90). Hierdie opvatting hou volgens Veenhof in dat ’n Kerkraad die eintlike bestuur vorm wat in die kerk van die Christus mag funksioneer en dat die Sinode nie slegs ’n beperkte, dienende, afgeleide, laer mag besit nie. Die mag van die Sinode is kwalitatief anders en laer as dié van die Kerkraad. Volgens Veenhof is die Sinode ’n vergadering van afgesante van die kerke is en het dus slegs beperkte:

De synoden hebben daarom, om met Kuyper te spreken, in zichzelf “geen zier” macht. Ze hebben slechts zoveel macht als de kerken haar toevertrouwen. En ze mogen slechts dat doen wat de kerken haar opdragen. De kerken hebben zich voorts verbonden om wat de Synoden besluiten “voor vast en bondig” te houden. Evenwel met een duidelijk ‘tenzij.

(Veenhof 1974:90)

Met betrekking tot die kerkverband gaan die Kerkrade volgens Veenhof (1974:91) van die veronderstelling uit dat kerke na die Gereformeerde opvatting in verband met mekaar lewe wat uitsluitlik gefundeerd is in ’n gemeenskaplike geloof in en belydenis van die Woord van God. Die Sinode staan vervolgens “onder die *classis*” en nog verder onder die Kerkraad (Veenhof 1974:91).

3.6.6.1. Kerkregtelike ontwikkeling van die Nederlands Gereformeerde Kerk

Op 'n Konvent gehou 1 Mei 1970 te Zwolle was 'n kommissie benoem, naamlik die Kommissie Funksionering Kerkverband, wat die kerke, wat buite verband gestaan het, met betrekking tot die kerkverband moes adviseer (Veenhof 1974:104).

Na de breuk van de zestiger jaren kwamen de verstrooide en uitgestoten kerken aanvankelijk bijeen in conventsvergaderingen, waarheen alle kerken afgevaardigden stuurden. De eerste conventsvergadering te Zwolle, in 1970, benoemde de commissie "Functionering Kerkverband". Het verlangen naar een nauwere band tussen de kerken bestond vanaf het begin, maar over de vormgeving daarvan dacht men verschillend. De dreun die de "vrijraking" had gegeven was zo heftig aangekomen dat er bij velen een grote huiver was voor al te nauwe banden tussen de kerken. Na twee maal buiten het kerkverband gekomen te zijn, en beide keren met veronachtzaming van de kerkenorde, wilde men een derde maal voorkomen.

(Rapport van Deputaten Kerkelijke Eenheid van de Gereformeerde Kerken (GKv)
1996:8)

Dié kommissie het 'n konsep akkoord vir samewerking opgestel. Op die konvent wat te Apeldoorn op 27 Mei 1972 plaasgevind het, was besluit om die *Konsep Akkoord vir Kerklike samenleven* aan alle kerke buite verband te stuur. Vir die volgende dekade was die *Akkoord vir Kerklike samenleven* (=AKS) indringend deur die kerke buite verband bespreek en gewysig. Op die *landelike* vergadering te Breukelen (1981/82) is 'n nuwe konsep met 'n groot meerderheid van stemme aanvaar en is besluit om dit in die praktyk toe te pas (Dekker 1991 1-3). Die verskille tussen die AKS en die DKO lyk op die oog af nie so groot nie, maar met 'n nadere evaluering blyk dit dat die AKS groter vryhede aan die plaaslike gemeentes verleen en dat die besluite van meerdere vergaderinge slegs bindend is nadat dit deur die mindere vergadering bekragtig is:

Een besluit van die regionale of landelijke vergadering zal door de plaatselijke kerken *bekrachtigd en in onderlinge liefde worden nagekomen*, tenzij dit besluit strijdig bevonden wordt met de heilige schrift of met het akkoord van kerkelijke samenleven. De kerk die een besluit *niet bekrachtigt* om bovengenoemde redenen, of niet kan uitvoeren om redenen, die het welzijn van de gemeente betreffen, zal hiervan aan de zusterkerken *rekenschap geven*.

(Bos 1994:89)

Artikel 34 van die AKS bepaal dat die besluite van meerdere vergaderinge nie onmiddellik regskrachtig is nie en dus eers deur die plaaslike kerke bekrachtig moet word.⁶² Die agtergrond van artikel 34 van die AKS lê na my mening in die diskoers gedurende die 20^{ste} eeu in die Gereformeerde kerke in Nederland oor die ratifikasie van die besluite van die meerdere vergadering. Anders as wat M R van den Berg in *Gekerkerde Kerk* oordeel dat die betrokkenheid van die *classis* die plaaslike kerk beperk in die uitbring van 'n beroep, stel die AKS in artikels 5 en 7 dit duidelik dat die *regionale* afdeling in beide die beroeping en ondersoeking van kandidate, betrokke moet wees en dat die bevestiging van predikante slegs na instemmende advies van die *regionale* vergadering kan plaasvind.⁶³ Van ampsdraers van die Nederlands Gereformeerde Kerken word verwag om die drie Formuliere van Enigheid, te wete die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus, en die Dordtse Leerreëls te onderteken as blyke van hul instemming met die leer van die kerk. In die geval van weiering om dit te onderteken of te onderskryf, stel art 17 dit duidelik dat sodanige ampsdraer se amp opgeskort kan word.⁶⁴

⁶²“ Een besluit van de regionale of landelijke vergadering zal door de plaatselijke kerken bekrachtigd worden en in onderlinge liefde nagekomen, tenzij dit besluit strijdig bevonden wordt met de Heilige Schrift of ook als het niet overeenstemt met het Akkoord van kerkelijk samenleven. De kerk die een besluit niet bekrachtigt om bovengenoemde redenen, of niet kan uitvoeren om redenen die het welzijn van de gemeente betreffen, zal hiervan aan de zusterkerken rekenschap geven” (Hooijer 1982:art 34 AKS).

⁶³“*Beroeping en onderzoek van kandidaten* Wanneer een kandidaat beroepen wordt in een gemeente en hij het beroep aanvaardt, zal de regionale vergadering van het ressort, waartoe de beroepende gemeente behoort, een onderzoek instellen, alvorens hem tot de volle dienst van Woord en sacramenten toe te laten” (Hooijer 1982:art 6 AKS).

“*Beroeping en bevestiging van predikanten* Wie reeds als predikant aan een gemeente verbonden is, kan door een andere gemeente beroepen worden. De bevestiging zal plaatsvinden na instemmend advies van de regionale vergadering van het ressort, waartoe de beroepende gemeente behoort. Hiervoor is vereist een wettig bewijs van ontslag; een goede attestatie aangaande leer en leven uit de gemeente waaraan hij tevoren verbonden was; en een goed getuigenis van de regionale vergadering van het ressort, waartoe deze gemeente behoort” (Hooijer 1982:art 7 AKS).

⁶⁴“Indien een ambtsdrager de ondertekening weigert of niet langer voor zijn rekening kan nemen, zal de uitoefening van zijn ambt worden opgeschort, tot hij zich nader zal hebben verklaard ten genoegen van zijn kerkeraad. De kerkeraad zal hiervan mededeling doen en desgewenst nader rekenschap geven aan de zusterkerken, in regionale vergadering bijeen. Ook zij die door een regionale vergadering beroepbaar zijn gesteld, of het recht hebben verkregen een opbouwend woord te spreken, zullen door de ondertekening van de drie Formulieren van Enigheid in die vergadering hun instemming met de leer van de kerk betuigen” (Hooijer 1982:art 17 AKS).

Die viering van die Christelike feesdae, bo en behalwe die erediens op 'n Sondag, word volgens art 18 van die AKS aan die plaaslike kerk se oordeel oorgelaat. Daar is drie dienste, naamlik die amp van dienaar die Woord of predikant, ouderling en diaken. Tussen die dienste bestaan daar geen onderskeid in rangorde nie. Alleen in diensbetoon is daar 'n onderskeid. Die tug van ampsdraers vind plaas in medewerking met die naburige gemeente en/of die landelike vergadering (art 30 AKS)⁶⁵

Alleen op versoek kan 'n konsulent hulp aan 'n vakante gemeente verleen. Die klem val in die AKS op die outonomie van die plaaslike kerk. Volgens J Dekker (1991:1-4) wil die AKS reg doen aan die Skrifbeginsel vir die kerkreg. Die Gereformeerde kerkreg is aldus J Dekker (1991:1-4) duidelik sigbaar uit die AKS. Die basis van die Nederlands Gereformeerde kerkverband is volgens Dekker (1991:1) ongetwyfeld Gereformeerd soos duidelik in die *Preamble* aangedui word: "De band die alle Ned. Gereformeerde kerken verbindt is hetzelfde geloof, zoals dat beleden wordt in onze belijdenisgeschriften. Zij verklaren in dat belijden van de Waarheid van de Heilige Schrift, zoals in de drie Formulieren van Enigheid is uitgedrukt, haar eenheid en de grond voor haar samengaan te vinden" (Dekker 1991:1). Die kerke kom deur hul afgevaardigdes in regionale en landelike vergaderinge byeen. Die vergaderinge dra geen blywende karakter nie, maar is tydelik en hou op bestaan sodra die vergadering gesluit is. Die vergaderinge word saamgeroep deur die kerk wat deur die laaste vergadering

⁶⁵ "Tucht over ambtsdragers Wanneer een ambtsdrager een onschriftuurlijke leer brengt of een andere openbare grove zonde bedrijft, zal hij door de kerkeraad in zijn dienst worden geschorst of daarvan worden afgezet. De schorsing van een predikant zal, evenals de schorsing en de afzetting van een ouderling of diaken, plaatsvinden in overeenstemming met het advies van een naburige gemeente. Afzetting van een dienaar des Woords zal slechts plaatsvinden na instemmend advies van de regionale vergadering, die daarbij zal worden bijgestaan door afgevaardigden van een naburige regionale vergadering. Bij verschil van gevoelen tussen genoemde instanties zal het oordeel van de landelijke vergadering worden gevraagd. Van schorsing en afzetting zal mededeling worden gedaan aan de gemeente, met het oog op haar instemming" (Hooijer 1982:art 30 AKS).

daartoe aangewys is (art 2 AKS).⁶⁶ Die agenda van die landelike en *regionale* vergaderinge, wat uitsluitend kerkelike sake bevat, word deur die kerke saamgestel. 'n *Regionale* vergadering behandel alleen wat nie deur die Kerkrade afgehandel kan word nie, 'n landelike vergadering alleen wat nie deur die *regionale* vergaderinge afgehandel kan word nie en verder wat tot die betrokke kerke gemeenskaplik behoort. Aan die kerke moet vroegtydig meegedeel word welke sake op die *regionale* of landelike vergaderinge voorgelê sal word. Sodoende word in die Nederlands Gereformeerde Kerk geleentheid gegee dat die plaaslike kerke hul oordeel oor 'n saak bekend kan maak en hul afgevaardigdes "behoorlijk kunnen instrueren" (Dekker 1991:1). Die afgevaardigde is dus die lasdraer van die kerk wat hom afvaardig.⁶⁷ Volgens Dekker (1991:1-4) was dit nooit die bedoeling van die AKS om afstand van die DKO te neem nie. Dekker erken dat daar wel kerke was wat van die DKO wou afsien, maar die gesamentlike kerke het nie daarmee saamgestem nie. Daar word volgens J Dekker (1991:1-4) in die ASK steeds aan die grondlyne van die DKO vasgehou.

3.6.6.2. Verskille tussen die kerkreg en kerkorde van die GKv en die NGK

Op die Generale Sinode van 1996 van die Gereformeerde Kerke (vrijgemaakt) (=GKv) het die Deputaten Kerkelijke Eenheid (DKE) van die GKv en die Nederlands Gereformeerde Kerk (=NGK) aan die Sinode gerapporteer insake die verskille tussen

⁶⁶ "Agendum landelijke vergadering; voorlopig oordeel"

Een landelijke vergadering kan in genoemde samenstelling haar agendum afhandelen, om daarna te worden gesloten. Zij kan in deze samenstelling echter ook in een haar voorgelegde gewichtige zaak slechts een voorlopig oordeel geven. In dat geval wordt zij, nadat het agendum voor het overige is afgehandeld, voorlopig gesloten" (Hooijer 1982:art 2 AKS).

⁶⁷ "Zij die door regionale of landelijke vergaderingen met een opdracht worden belast, ontvangen die opdracht welomschreven en rapporteren tijdig aan de betrokken kerken. Hun rapport komt aan de orde op de eerstkomende regionale, onderscheidenlijk landelijke vergadering" (Hooijer 1982:art 32 AKS asook Hooijer 1982:art 36 AKS)

"36 Afvaardiging naar regionale vergaderingen"

Naar de regionale vergaderingen zenden de genabuurde kerken elk twee stemhebbende afgevaardigden, voorzien van een bewijs van

die kerkreg en kerkorde van die GKv en die NGK.⁶⁸ Die GKv het tot 1978 'n kerkorde gehad wat op enkele punte na ooreengestem het met die Dordtse kerkorde van 1618/19. Die GKv het in haar Generale Sinode te Groningen-Zuid in 1978 'n hersiene kerkorde aanvaar, wat in grondbeginsels en hoofsaak gelyk was aan die DKO. Struktureel kom die AKS ooreen met die Dordtse Kerkorde, maar toon Kongregasionalistiese en Independentistiese trekke. In die AKS word terminologie soos *regio* in plaas van *classis* gebruik. “Die NGK, willen confessioneel-gereformeerde kerken zijn, met iets meer ruimte in de hantering van de confessie dan in die GKNV, en de CCK, en met een geringere binding aan die kerkorde en kerkverband” (Te Velde 1992:162). Die volgende sewe kerkregtelike beginsels word gebruik om die GKv en NGK se kerkreg soos onderskei in die *Onderdeel uit het rapport van Deputaten Kerkelijke Eenheid van de Gereformeerde Kerken vrijgemaakt aan de Generale Synode van 1996* te beoordeel, naamlik:

- i. Christus as hoof van sy kerk,
- ii. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk,
- iii. Die karakter van die kerkverband,
- iv. Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering,
- v. Die tugreg ten opsigte van ampsdraers,
- vi. Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergaderinge,
- vii. Die bevoegdheid van die meerdere vergadering met betrekking tot wanbestuur.

afvaardiging en eventuele instructies. Deze vergaderingen worden in de regel tweemaal per jaar gehouden, waarbij een afgevaardigde van telkens een andere kerk voorzitter is.”

⁶⁸ Vir die afdeling word gebruik gemaak van *Onderdeel uit het rapport van Deputaten Kerkelijke Eenheid van de Gereformeerde Kerken vrijgemaakt aan de Generale Synode van 1996*.

2.6.6.2.1. Christus as hoof van sy kerk

Die kerk is volgens die NGK die eiendom van die verhoogde en verheerlikte Christus, wat Sy kerk vergader, beskerm, onderhou en alleen regeer. Bybels gesien is die kerk allereers plaaslike kerk. Die plaaslike kerk is ten volle openbaring van Christus se liggaam (Openb. 1-3). Na Sy wil word die gemeente geregeer deur ampsdraers wat Hy roep en in die amp stel (*Onderdeel uit het rapport ... 1996:7*).

2.6.6.2.2. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk

Die NGK stel dit duidelik in die *Onderdeel uit het rapport* dat die plaaslike kerk iets sigbaar maak van die groot volk van God. Die GKv waarsku dat in die AKS 'n eensydige aksentuering van die selfstandigheid van die plaaslike kerk ten koste van die gesamentlikheid van die onderling toesig wat die kerke op mekaar het (*Onderdeel uit het rapport ... 1996:3*). In die NGK wil 'n plaaslike kerk haar kennelik minder laat korreger deur die susterkerke. Die GKv is van mening dat daar 'n sekere wantroue in die AKS is teenoor die meerdere vergadering en 'n geringer bereidheid om aan die oordeel van die susterkerke te konformeer as wat die geval is in die Gereformeerde kerkorde. Die GKv vra hulself af of dit nie 'n vorm van independentisme is nie. Die GKv toon onder andere aan dat waar daar in art 31 AKS gesê word dat die kerke nie oor mekaar mag heers nie, vanouds af 'n goue reël in die Gereformeerde kerkreg is, asook na 1 Kor 14:36: "Of is het Woord Gods bij u begonnen? Of heeft het alleen u bereikt?", verwys (Vgl. ook 1 Kor 4:17, 7:17, 11:16, 14:34, 16:1). Volgens die GKv vra bostaande 'n beskeidenheid asook 'n bereidwilligheid om jou te laat korreger en die oordeel van die gesamentlike kerke te aanvaar tensy 'n besluit of oordeel bewys kan word as strydig met Gods Woord. Die onderling toesig van die kerke op mekaar en die gesamentlikheid in die besluitvorming, dien volgens die GKv die opbou en die heil van

die kerke. Die spook van die hiërargie lê volgens die DKE nie slegs in die sinodevergaderinge nie, maar lê ook in Kerkrade en in die handeling van die individuele ampsdraers. Nadruk op die selfstandigheid van die plaaslike kerk kan ewe goed tot skade lei as die nadruk op die gesag van die Sinode. Die GKv is van mening dat in 'n Gereformeerde kerkorde moet daarom terwille van die heiligheid en die katolesiteit van die kerk nie alleen waarborge teen sinodokrasie nie, maar ook teen dominokrasie en konsistoriokrasie daarstel. In die NGK het die plaaslike kerke ruimte om hul eie mening te laat seëvier bo die gesamentlike oordeel van die landelike kerkverband (*Onderdeel uit het rapport ... 1996:3*).

2.6.6.2.3. Die karakter van die kerkverband

Die GKv gaan in die *Onderdeel uit het rapport* van die veronderstelling uit dat vir 'n kerklike vereniging sal daar veral ooreenstemming nodig wees oor die betekenis van die kerkverband en oor die status van die besluite van die meerdere vergaderinge. Uit die Skrif word geleer dat die kerk 'n roeping en reg het tot die beoefening van kerkverband. Vir die wyse waarop aan die kerkverband gestalte gegee moet word, bied die Skrif geen bloudruk nie, erken die GKv. Dit is egter vir die GKv duidelik dat die plaaslike kerk sowel as die landelike kerk altyd tot haar reg moet kom en dat die twee nie teenoor mekaar gestel mag word nie. Die Gereformeerde kerkorde kies volgens die GKv hier 'n weg tussen enersyds die episkopale of sinodale hiërargie en andersyds die Independentisme en Kongregasionalisme (*Onderdeel uit het rapport ... 1996:2*).

In die punte 2 en 3 van die *Verklaring* wat die AKS voorafgaan, word die moontlikheid geopen om tot die Nederlands Gereformeerde Kerk te behoort sonder dat die kerklike akkoord aanvaar word. Die vraag waarmee die GKv in die *Onderdeel uit het rapport* worstel, was om watter rede 'n kerk haar sou wou distansieer van die ASK.

Die GKv gaan van die veronderstelling uit dat die kerke immers alleen die dinge wat die gehoorsaamheid aan God en die onderlinge eenheid dien, in 'n goeie kerkorde vaslê. Die GKv is van mening, dat 'n vryheid soos in die *Verklaring* gegee, nie in 'n kerkverband ook los van 'n kerkverband tuishoort nie. Sulke vryblywendheid kan volgens die GKv nie tot opbou van die kerk wees nie. Die *Verklaring* skep volgens die GKv 'n permanente onsekerheid oor wat in die plaaslike kerk op grond van Gods Woord geldend reg is en nie geldend is nie. Dit is moontlik dat 'n gemeente die naam 'Nederlands Gereformeerd' kan dra, terwyl sy in belangrik sake 'n nie-Gereformeerde koers inslaan. In die AKS het die kerkverband 'n geringer krag en waarde as in die Gereformeerde kerkorde, oordeel die GKv (*Onderdeel uit het rapport ... 1996:2-3*).

2.6.6.2.4. Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering

In die *Onderdeel uit het rapport...* (1996:7-8) dui NGK aan dat die meerdere vergaderinge nie vergaderinge met meerdere gesag is nie, maar dat dit veel eerder vergaderinge is waar meer kerke in getal betrokke is. Meerdere vergaderinge mag volgens die NGK nie as besture beskou word nie, maar is vergaderinge van afgevaardigdes van plaaslike kerke. Die gesag van meerdere vergaderinge is volgens die NGK afgeleide gesag, te onderskei van die amptelike gesag wat alleen die Kerkraad besit (*Onderdeel uit het rapport...* 1996:7-8).

2.6.6.2.5. Die tugreg ten opsigte van ampsdraers

In die oefening van die kerkelike tug ontbreek in art. 28 AKS die kontrole van die

susterkerke wat die Gereformeerde kerkorde ken (art 77 DKO).⁶⁹ Die GKv oordeel dat die heilsame kontrole van die reg in die kerk nie by so 'n ingrypende gebeurtenis geïgnoreer mag word nie (*Onderdeel uit het rapport ... 1996:5*). Die GKv dui aan dat die volgende DKO artikel by die AKS ontbreek, naamlik die onderlinge sensuur van die ampsdraers (DKO art. 81).⁷⁰

2.6.6.2.6. Die appèlreg ten opsigte van besluite van meerdere vergaderinge

Met betrekking tot AKS art. 34, wat handel oor die bekragtiging en nakoming van besluite, toon die NGK dat dié artikel uit twee onderdele bestaan: 'n prinsipiële en 'n praktiese gedeelte (*Onderdeel uit het rapport ...1996:9*). In die eerste, prinsipiële gedeelte word die plig van die plaaslike kerk omskrywe, naamlik om besluite te bekragtig en na te kom, met die bekende voorbehoud van strydigheid met die Skrif of die AKS. In die tweede, praktiese gedeelte is sprake van die welsyn van die plaaslike gemeente. Indien bepaalde beslissinge nie uitgevoer kan word nie daarvan aan die susterkerke rekenskap gee en dus met opgaaf van redes aantoon waarom 'n beslissing op plaaslike vlak nie honoreer kan word nie.

2.6.6.2.7. Die bevoegdheid van die meerdere vergadering insake wanbestuur

Die GKv is van mening dat die AKS onvoldoende waarborge bied teen situasies waarin 'n plaaslike kerk haar eie weg inslaan tot skade van haar lede en met gedeeltelike

⁶⁹“Aleer men tot de afsnijding komt, zal men de hardnekkigheid des zondaars der gemeente openlijk te kennen geven, de zonden verklarende, mitsgaders de naarstigheid aan hem bewezen in het bestraffen, afhouden van het Avondmaal, en menigvuldige vermaningen, en zal de gemeente vermaand worden hem aan te spreken, en voor hem te bidden. Zodanige vermaningen zullen er drie geschieden. In de eerste zal de zondaar niet genoemd worden, opdat hij enigszins verschoond worde. In de tweede zal met advies der classe zijn naam uitgedrukt worden. In de derde zal men der gemeente te kennen geven, dat men hem, tenzij dat hij zich bekere, van de gemeenschap der kerk uitsluiten zal, opdat zijn afsnijding, zo hij hardnekkig blijft, met stilzwijgende bewilliging der kerken geschiede. De tijd tussen de vermaning zal in het oordeel des kerkenraads staan” (art 72 DKO).

⁷⁰ “De dienaren des Woords, ouderlingen en diakenen zullen onder hen de christelijke censuur oefenen, en malkander van de bediening huns ambts vriendelijk vermanen” (art 81 DKO).

verbreking van die eenheid met die susterkerke (*Onderdeel uit het rapport ... 1996:3-4*).

Die GKv noem in die verband die volgende punte:

(i) die gedagte van bekragtiging van 'n besluit van die *regionale* of *landelike* vergadering deur die plaaslike kerk (art 34 van die AKS) roep volgens die GKv vrae op. Sedert die Vrijmaking is heelwat klem gelê op die ratifikasie van die besluite van die meerdere vergaderinge as 'n uitdruklike taak en 'n reg van die plaaslike kerk. Solank dit 'n plek het in 'n stuk verset teen reële sinodale hiërargie en solank daar 'n lojale houding is teenoor byvoorbeeld die Sinodes, kan dit wel positief wees, oordeel die GKv, maar wys terselfdertyd daarop dat as 'n plaaslike kerk 'n selfstandig reg van bekragtiging opeis in die kader van 'n sistematiese vryblywende opstelling teenoor alle besluite, word daarmee die eenheid in die kerkverband onder permanente spanning geplaas (*Onderdeel uit het rapport ... 1996:4*). In die Gereformeerde kerkreg is 'n besluit van 'n meerdere vergadering volgens die GKv vir elke kerk al bindend met inagneming van die DKO art 31 en art 36.⁷¹ Die bekragtigings-idee van die AKS skep volgens die GKv per definisie 'n losse vorm van kerkverband as dié van die Gereformeerde Kerke. Art 34 van die AKS⁷² gee volgens die GKv die moontlikheid dat 'n kerk 'n besluit nie bekrachtig of nie uitvoer met as kriterium: “het welzijn van de gemeente.” Die kriterium is volgens die GKv moeilik begrypbaar, aangesien dit ruimte vir afwyking van besluite skep.

⁷¹ “Hetzelve zeggen heeft de classe over de kerkenraad, hetwelk de Particuliere Synode heeft over de classe, en de Generale Synode over de Particuliere” (art 36 DKO).

⁷² “Bekrachtiging en nakoming van besluiten

Een besluit van de regionale of landelijke vergadering zal door de plaatselijke kerken bekrachtigd worden en in onderlinge liefde nagekomen, tenzij dit besluit strijdig bevonden wordt met de Heilige Schrift of ook als het niet overeenstemt met het Akkoord van kerkelijk samenleven. De kerk die een besluit niet bekrachtigt om boven genoemde redenen, of niet kan uitvoeren om redenen die het welzijn van de gemeente betreffen, zal hiervan aan de zusterkerken rekenschap geven” (Hooijer 1982:art 34 AKS).

2.7. Samen op weg tot Protestantse Kerkregtelike formasie (1964-2004)

2.7.1. Samen op wegproses (1964-2004)

Die Nederlandse Hervormde Kerk (=NHK), bestaande uit ongeveer 1.9 miljoen lede, en die Gereformeerde Kerken in Nederland (GKN), bestaande uit ongeveer 660 000 lede, was sedert 1964 in 'n verenigingsproses betrokke. Beide maak deel uit van die gereformeerde of Calvinistiese tradisie. Sedert 1986 het die veel kleiner Evangelisch-Lutherse Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden (=ELK), bestaande uit ongeveer 15 000 leden, betrokke geraak in die verenigingsproses. Saam staan die drie kerke bekend as die Samen op Wegkerken:

De drie kerken die - onder het motto Samen op Weg – in dit verenigingsproces zijn betrokken zijn: de Nederlandse Hervormde Kerk (NHK, ongeveer 1.9 miljoen leden) en de Gereformeerde Kerken in Nederland (GKN, rond 660.000 leden), die beiden deel uitmaken van de gereformeerde of calvinistische traditie, alsmede de veel kleinere Evangelisch-Lutherse Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden (ELK, ± 15.000 leden). Samen staan zij nu nog bekend als de Samen op Weg-kerken. Zij hopen zich met ingang van 2004 te verenigen tot de Protestantse Kerk in Nederland (PKN).

(Koffeman⁷³ 2003:1)

Die geskiedenis van die Samen op Wegproses kan volgens Van den Broeke (2005:427) in drie fases beskryf word. Eerstens was daar die kerkordelike gesprekke in die periode 1949 tot en met 1959 wat tussen die Hervormde Kommissie vir die Kerkorde en die Gereformeerde deputate vir die kerkorde plaasgevind het, daarna was daar die oproep van die sogenoemde *Achttien* (1961) en laastens was daar die houding van die landelike kerk asook die oproep van die jeug in die jare sestig (Van den Broeke 2005:427). Die begin van Samen op Wegproses word meestal in verband met die

⁷³Prof dr Leo J Koffeman (1948-) is hoogleraar in die kerkreg en *oecumene* aan die Theologiese Universiteit van die Gereformeerde Kerken in Nederland te Kampen en beklee na die stigting van die Protestantse Kerk in Nederland dieselfde posisie

oproep van die sogenaamde *Achttien*, 'n groep van nege Hervormdes en nege Gereformeerdes, gebring (Van den Broeke 2005:428). Gedurende Pinkster 1961 het die sogenaamde *Achttien* verklaar dat die skeiding tussen die Nederlandse Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerken in Nederland nie langer getolereer kan word nie:

Zij verklaarden dat de scheiding tussen de Nederlandse Hervormde Kerk en de Gereformeerde Kerken in Nederland niet langer getolereerd kon worden: Ondergetekenden, een willekeurige groep van hervormden en gereformeerden, hebben op een bijeenkomst van 24 april 1961 unaniem als hun oordeel uitgesproken, dat de gescheidenheid van de hervormde en gereformeerde kerken niet langer geduld kan worden. Scheiding tussen de Nederlandse Hervormde Kerk en de Gereformeerde Kerken in Nederland niet langer getolereerd kon worden: Ondergetekenden, een willekeurige groep van hervormden en gereformeerden, hebben op een bijeenkomst van 24 april 1961 unaniem als hun oordeel uitgesproken, dat de gescheidenheid van de hervormde en gereformeerde kerken niet langer geduld kan worden.

(Van den Broeke 2005:429)

Op 20 Junie 1960 het die eerste gesamentlike vergadering van die moderamens van die NHK en die GKN se sinodes plaasgevind (Van den Broeke 2005:428). Gedurende 1965 het die Hervormde Sinode 'n handleiding, *Hervormd-gereformeerde Gesprek*, vir die gesprek tussen Hervormde en Gereformeerde Kerkrade uitgereik (Van den Broeke 2005:431). Dit is gedurende 1966 met die Hervormde gespreksproses met die titel: *Kerk 66-2000* opgevolg. Die projek het beide die Hervormde en Gereformeerde jeug in beweging gebring. 'n Verslag van die plaaslike gesprekke was in 'n rapport genaamd *Samen op Weg* aan die twee Sinodes gegee. In die najaar van 1969 het die jeug van beide kerke in 'n aksiegroep *Synoodkreet* verenig:

Die de gescheidenheid niet langer aanvaardbaar vonden, presenteerden een actieplan: binnen tien jaar na 1970 zou het stapsgewijze proces van integratie van beide kerken voltooid moeten worden. De actie 'Samen op Weg' van de jongeren prijkte op de voorpagina's van de kerkelijke pers. De synoden riepen hierop een Werkgroep Samen op Weg in het leven. Op 19 februari 1971 kwam deze werkgroep voor het eerst bijeen. Als Interimraad kreeg deze de taak om plaatselijke en landelijke samenwerking te begeleiden en uitvoering aan besluiten van de beide synoden te geven.

(Van den Broeke 2005:431)

Op 15 en 16 Junie 1973 in die Lucaskerk te Utrecht het die eerste gesamentlike byeenkoms van die Generale Sinode van die NHK en die Generale Sinode van die GKN plaasgevind. 'n *Gesamentlike Interimraad van Deputate* is daargestel (Van den Broeke 2005:431). Die Sinode van die GKN het op 30 Januarie 1974 en die Sinode van die NHK het op 19 Februarie 1974 besluit om die drie subkommissies by te voeg. Een daarvan was die subkommissie vir die kerkordelike aangeleenthede. Die kommissie se opdrag was onder meer: "... het maken van een vergelijkende studie van de beide kerkorden, inhoudelijk en structureel" (Van den Broeke 2005:432). Gedurende 1974 het die Gereformeerde en Hervormde Sinode 'n *Werkgroep Kerkordelijke Aangelegenheden* aangestel met die opdrag om te werk aan 'n vergelykende studie van die Hervormde Kerkorde van 1951⁷⁴ en die Gereformeerde Kerkorde van 1959.⁷⁵ Die werkgroep het gedurende 1976 'n eerste voorlegging gemaak wat in 1978 opgevolg was deur die *Vergelykende studie van de kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland en die van de Nederlandse Hervormde Kerk*. Die *Raad van Deputaten Samen op Weg* (tot 1976 die Interim Raad vir Deputate) was gedurende 1976 ingestel. Dié Raad was tot 1989 die enjinkamer van die Samen-op-Wegproses (Van den Broeke 2005: 425). Die *Werkgroep Kerkordelijke Aangelegenheden* het reëlins ten behoeve van samewerkingsstrukture op plaaslike, *classicale*, provinsiale en *landelike* vlak in 'n sogenaamde *Tussenorde* opgestel.

Inmiddels hebben de hervormde en de gereformeerde generale synoden een tussenorde gegeven, een geheel van regelingen voor samenwerking en federatie op plaaslik, klassikaal, provinsiaal en generaal vlak, waarbij de hervormde en de gereformeerde kerkorde intact bleven zijn. Deze regelingen zijn bedoeld om de geleidelijke integratie van de beide kerkgemeenschappen, waarover op de eerste

⁷⁴ Die Kerkorde van 1951 van die Nederlands Hervormde Kerk is in 'n sekere sin volgens dr A J Bronkhorst 'n sintese van die DKO van 1619 en die Algemeen Reglement van 1816. Die kerklike vergaderinge van die DKO in sy ere herstel, die besture van 1816 keer terug in die moderamen van die kerklike vergaderinge, die deputaatskappe uit die tyd van die DKO keer terug in die verskeidenheid *colleges* (Bronkhorst 1992:166-168).

⁷⁵ Die Hervormde kerkorde is ander as die Gereformeerde kerkorde volgens Van Drimmelen meer gerig op die eenheid van die landelike kerkgemeenskap. Die moderamen van die Hervormde Kerk het anders as die Gereformeerde Kerken 'n leidende funksie en bly as moderamen funksioneer selfs "als de vergaderingen die zij leiden niet bijeen zijn" (Van Drimmelen 1992:183)

gezamenlijke vergadering van de beide synoden in 1973 gesproken werd, moenlik te maken en te bevorderen.

(Van Drimmelen 1992:185)

Die *Werkgroep Kerkordelike Aangelegenheden* was gedurende 1997 opgehef (Van den Broeke 2005:425). Gedurende 1982 is dit bepaal dat dit vir 'n Hervormde en een Gereformeerde *classis* moontlik moes wees om 'n breë interkerklike samewerking (federasie) aan te gaan. 'n *Tussenorde* ontwikkel deur die *Werkgroep Kerkordelike Aangelegenheden* het 'n prosedure neergelê vir die proses tot federasie tussen die *classicale* vergaderinge van die onderskeie deelnemende kerke:

(D)e beide *classicale* vergaderinge stelden saam een ontwerp-besluit tot federatie op; dit besluit werd voorgelegd aan die hervormde, gereformeerde, gefedereerde en verenigde kerkeraden in ressorten van die beide classes, die er hun mening over kenbaar maakten; die beide *classicale* vergaderinge namen elk afzonderlik het besluit tot federatie; saam stelden die beide *classicale* vergaderinge die nodige regulinge vast; het besluit tot federatie en die regulinge vormden saam die ooreenkomst; deze ooreenkomst werd ter goedkeuring voorgelegd aan die verskillende bevoegde kerkelike organen (wat die Gereformeerde Kerken in Nederland betref, waren dit die deputaten voor interkerklike samewerking van die particuliere synode en wat die Nederlandse Hervormde Kerk betref, was dit het breed moderamen van die provinciale kerkvergadering – die visitatoren provinciaal gehoord); na goedkeuring werd die ooreenkomst van kracht en trad die federatie op een nader vast te stellen datum in werking.

(Van den Broeke 2005:439)

In die tweede uitgawe van die *Tussenorde* is daarom '*Regels voor de classicale vergadering van classes die een brede interkerklike samewerking zijn aangegaan*' opgeneem. Volgens Van den Heuvel⁷⁶ (2001:1.13) word in die *Tussenorde* onder andere reëlins opgeneem vir die samewerking van gemeentes, gemeenskaplike kerkdienste, die federasie van gemeentes, die gesamentlike verkiesing van ampsdraers, die gemeenskaplike Kerkraad en konsulentskap, die gemeenskaplike beheer in 'n gefedereerde gemeente, die federasie van 'n sentrale gemeente, die attestasies en doopbewyse, die afvaardiging na die *classicale* vergadering vanuit 'n gefedereerde gemeente, die federasie van 'n *classicale* vergadering, die federasie van 'n provinsiale

kerkvergadering, die handhawing van die kerklike tug in federatiewe verband, die provinsiale *college* van advies met betrekking tot die beheer, die behandeling van besware en geskille in federatiewe verband asook die gemeenskaplike vergadering van die deelnemende Sinodes. Vir die finansiële verpligtinge was met beide kerkgemeenskappe afsonderlike reëlins getref. Onderskeid moes binne die federasie vir regshandelinge gemaak word. 'n Gereformeerde *classis* het byvoorbeeld regspersoonlikheid en word verteenwoordig deur twee deur die klassicale vergadering aangewese lede van die Gereformeerde Kerken in Nederland. Vir die Hervormde *classis*, wat geen regspersoon was nie, het die generaal finansiële raad van die Nederlandse Hervormde Kerk opgetree (Van den Broeke 2005: 441). Die *Raad van Deputaten Samen op Weg* was bygestaan deur 'n aantal werkgroepe soos die vir die Belydenisgrondslag, Kerkordelike Aangeleenthede, Samewerking op Plaaslike Vlak, Organisasie en Finansies, Toekomstige model, Toekomstige Vormgewing en *Classicale* Indeling. Die vier fase van Samen op Wegproses was gebaseer op oorleg, samewerking, federasie en vereniging (Van den Broeke 2005:438). Die *Raad van Deputaten Samen op Weg* het gefunksioneer as 'n belangrik adviesliggaam van die gesamentlike vergadering van die Sinodes (Van den Broeke 2005:425).

Op 14 November 1986 het die NHK en die GKN op die gesamentlike vergadering van die Sinodes verklaar dat hul hul in 'n staat van hereniging bevind (Van der Heuvel 2001:21.2). Die Evangelisch-Lutherse Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden (=ELK) het vanaf 1986 deelgeneem aan die Samen op Wegproses (=SoW). Gedurende 25 tot 27 Oktober 1990 het die eerste gesamentlike sinodale vergadering van die Generale

⁷⁶ Dr P van den Heuvel (1941-) is as dosent in die kerkreg verbond aan die Hervormd Theologiese Wetenskaplike Instituut waar die kerklike opleiding van die Nederlandse Hervormde Kerk plaasvind.

Sinode van die ELK, die GKN en die NHK plaasgevind (Van den Broeke 2005:443). Die besluite van die gesamentlike sinodale vergaderinge moes volgens Koffeman agterna steeds deur die afsonderlike sinodes geratifiseer word. Op dié gesamentlike Sinode is 'n *Werkgroep Kerkorde* bestaande uit lede van al drie kerke saamgestel (2005:426): "Op 25 oktober 1990 besloot de gezamenlijke vergadering van synoden een werkgroep in te stellen, die als opdracht het ontwerpen van een samenhangend geheel van grondleggende artikelen voor het gezamenlijk kerk-zijn van de zich (v)erenigende kerken." (2005:465): Die *Werkgroep Kerkorde* het op 7 Januarie 1991 vir die eerste maal byeengekom en het haar werksaamhede gedurende Junie 2003 afgesluit (2005:468). Aanvanklik was veral drie agendapunte van belang: die belydende karakter van die kerkorde, die plaas en funksie van die amp en die verhouding tussen plaaslike kerk en die *landelike* kerk. Die gesamentlike vergadering van Sinodes het gedurende Oktober 1992 die *Kerkorde van de Verenigde Reformatorische Kerk in Nederland van 1992 van die Werkgroep Kerkorde* aanvaar "als basis voor het beraad in de kerken over de ecclesiologische uitgangspunten en de structuur voor de h(v)erenigde kerk" (2005: 466). Nadat die konsiderasies en reaksies op die Ontwerp-kerkorde van 1994 en die Ontwerp-ordinansies van 1997 bestudeer was en 'n aantal wysigings aangebring was, was die Protestantse Kerkorde op afsonderlike parallelle sinodesittings op 12 Desember 2003 vasgestel (Van den Broeke 2005:503). Die beslissing het op 1 Mei met die stigting van die Protestantse Kerk in Nederland (=PKN) van krag geword. Die PKN is die voortsetting van die Nederlandse Hervormde Kerk, die Gereformeerde Kerken in Nederland en die Evangelisch-Lutherse Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden en bestaan uit al die gemeentes, te wete die Protestantse gemeentes, die Hervormde gemeentes, die Gereformeerde kerke en die Evangelisch-Lutherse gemeentes in Nederland. Reeds 2003 dui Kronenburg (2003:23) aan dat die konsepkerkorde van die

PKN sterk presbiteriaal-sinodaal gekleur is. In die PKN is daar dus nie plek vir 'n biskop nie. Die totstandkoming van die PKN bring drie kerke wat onderling verskillende ampstradisies het, byeen (Kronenburg 2003:34).

Die PKN se belydenisgrondslag sluit ondermeer die Apostoliese Geloofsbelydenis, die geloofsbelydenis van Nicea en die geloofsbelydenis van Athanasius in asook die Onveranderde Augsburgse konfessie en die kategismus van Luther, die Heidelbergse kategismus, die kategismus van Genève en die Nederlandse geloofsbelydenis met die Dordtse Leerreëls. Die PKN erken ook die betekenis van die teologiese verklaring van Barmen asook die Konkord van Leuenberg (*Kerkorde en ordinanties van die Protestantse Kerk Nederland* 2004 art 1-4 tot 1-5). In die PKN se belydenisgrondslag word terselfdertyd die verbondenheid met die algemene Christelike Kerk asook die Lutherse tradisie en die Gereformeerde tradisie beklemtoon.

2.7.2. Beoordeling van die Protestantse Kerkorde

Die ELK, die NHK en die GKN staan in die reformatoriese tradisie. In al drie kerke kom aanhangers van of die kongregasionalistiese of episkopale kerkmodel voor: “In zekere zin kan men dan ook zeggen dat deze kerk bestaat uit een *mixtum* van ‘Van Ruler’ (de presbyteriaal denkende confessionelen en GB-ers), ‘Dingemans’ (congregationalisten) en ‘Gerritsen’ (episcopaal denkende hoogkerkelijken)” (Kronenburg 2003:159). Aanvanklik het die Samen op Wegproses 'n keuse gemaak vir 'n groeimodel (Kronenburg 2003:158). 'n Werkgroep, *Toekomstige Vormgeving van de Raad van Deputaten Samen op Weg*, onder leiding van G D J Dingemans het 'n aantal 'schetsen' vir die toekomstige kerk voorgelê (Kronenburg 2003:159). Die sketse is op reformatoriese beginsels gebaseer, maar sonder die binding aan die kerkordelike

tradisies van die drie deelnemende kerke. In 1990 is 'n nuwe werkgroep onder leiding van B Wallet saamgestel met die opdrag om 'n konsep-kerkorde te ontwerp:

Aan deze werkwijze kwam in 1989 door toedoen van de synode van de NHK een einde: men was van mening dat er teveel *ins Blaue hinein* (Dingemans) gewerkt werd. Een nieuwe werkgroep onder leiding van B. Wallet kreeg de opdracht om een concept-kerkorde te ontwerpen, met de hervormde kerkorde-1951 'als beginpunt en hoofdlijn'. De groep kwam in 1992 met een eerste concept, dat na enkele wijzigingen in 1997 door de gezamenlijke vergadering van de drie synoden werd vastgesteld.

(Kronenburg (2003:160))

Die Werkgroep moes die Hervormde kerkorde van 1951 as beginpunt en hooflyn vir die opstel van die konsep-kerkorde gebruik. In die kerkorde van die PKN (=PKO) kan wel elemente uit die werk van die werkgroep-Dingemans terug gevind word byvoorbeeld veral uit die 'schets-1988'. Behalwe die presbiteriale-sinodale hooflyn kan ook enkele kongregasionalistiese newelyne in die kerkorde onderskei word. Klem val in die kerkorde op die selfstandigheid van die plaaslike gemeente, die mondigheid van die gelowige en die aksent op die *charismata* van die gedoopte (Kronenburg 2003:159-160). Daar is vervolgens gekies vir die struktuur van die Hervormde kerkorde naamlik 'n ekklesiologies getinte fundamentele of '*eigenlijke kerkorde*', asook ordinansies en algemene bepalinge. Die Werkgroep Kerkorde-SoW het gedurende 1992 'n eerste konsep-kerkorde voorgelê wat volgens Kronenburg (2003:160) 'n sintese van Luthers en Calvinistiese elemente toon: "Het kerkmodel dat eruit oprijst vertoont een hervormde schering met een gereformeerde inslag, terwijl de ambtsopvatting een synthese vormt van lutherse⁷⁷ en calvinistiese elementen."

In November 1997 word die teks van die konsep-kerkorde gewysig en word die gewysigde teks aan die onderskeie mindere vergaderinge voorgelê vir ratifisering tot

⁷⁷ Die Lutherse kerkorde gaan uit van die beoefening van die openbare amp van die Woord en die Sakrament (Van Drimmelen 1992:184).

Julie 1998. Die reaksies is vervolgens deur die Werkgroep Kerkorde-SoW verwerk. Die proses was einde 2001 afgerond. Die besluit tot eenwording van die Protestantse Kerk in Nederland het in drie afsonderlike parallelle sinodes op 12 Desember 2003 plaasgevind. Op die gesamentlike Sinode wat op 1 Mei 2004 plaasgevind het, is die besluit bekragtig en het die GKN, NHK en die ELK verenig in die Protestantse Kerk in Nederland. Die PKO met die gepaardgaande ordinansies, oorgangsbepalings en algemene bepalinge was op die Sinode goedgekeur.

In die PKO kan 'n presbiteriale-sinodale hooflyn asook enkele Lutherse lyne onderskei word. Daar word in dié kerkorde gepoog om 'n ewewig te vind tussen die gesag van die plaaslike kerk (selfstandigheid van die plaaslike gemeente, die mondigheid van die gemeente) en die gesag van die meerdere vergadering (die kerkverband). In die PKN se kerkorde word stellingname na my mening ingeneem met betrekking tot die kerkregtelike diskoers wat die afgelope eeu insake die gesag van die meerdere vergadering en die selfstandigheid van die plaaslike kerk gevoer was. Beide die Hervormde kerkorde van 1951 en die Gereformeerde kerkorde van 1959 was gebruik vir die daarstelling van die PKO. Die kerkmodel wat daaruit kom, vertoon daarom 'n Hervormde asook 'n Gereformeerde inslag. Die pastoraal-teoloog G Heitink in *De ecclesiologie van de nieuwe kerkorde* (1993) en die sosioloog G Dekker in *Opdat de wereld verandert. Over de toekomst van de kerk* (2000) asook in Dekker en G Heitink, *Samen op de goede weg?* (2002), maak volgens Kronenburg (2003:163-164) beswaar daarteen dat die gekose kerkmodel nie aansluit by die huidige kulturele en maatskaplike situasie wat gekenmerk word deur demokratisering, sosiale differensiasie, skaalvergroting, individualisering, pluralisering en veranderlikheid nie. Verder was ook beswaar gemaak dat dit 'n eensydige-Hervormde kerkmodel is, “*sentralisties en top-*

down,” waarin geen klem op die Gereformeerde kerkmodel met sy nadruk op die plaaslike gemeente gelê word nie: “Het levert geen bijdrage aan de zo noodzakelijke kerkvernieuwing, waarin ruimte is voor pluraliteit, categoriale gemeentevorming en regionalisering” (Kronenburg 2003:163-164). Die PKN het dus ’n sterk sentralistiese inslag. Die landelike kerk is by die PKN belangrik. Die klem val by die PKN tussen die bindende krag van die meerdere vergadering en die gesag van die plaaslike kerk.

2.7.2.1. Christus as hoof van die kerk

In artikel I van die kerkorde maak die PKN haar bekend as ‘n belydende kerk. Die kerkorde beskryf in totaal negentien artikels die roeping van kerk en gemeente, die lewe van die gemeente en die kerk asook die orde van die kerk. Die PKN is ooreenkomstig haar belydenis ‘n gestalte van die een heilige apostoliese en katolieke of algemene Christelike Kerk. Uit Gods genade in Jesus Christus vervul die kerk die opdrag van haar Heer om die Woord te hoor en te verkondig. Die PKN bely in artikel 1 die enige bron en norm van die kerkelike verkondiging en diens soos volg: belijdt de kerk in gehoorzaamheid aan de Heilige Schrift als enige bron en norm van de kerkelijke verkondiging en dienst, de drie-enige God, Vader, Zoon en Heilige Geest (art I. PKO). Die PKN bely Jesus Christus as Heer en Verlosser van die wêreld. Die PKN konstateer in art 1 dat die kerk geroep is om gestalte te gee aan haar verbondenheid met die volk Israël.

2.7.2.2. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk

Volgens Van den Heuvel (2001:2.2) beteken die opgaan in die PKN vir die Gereformeerde Kerken dat sy iets van die plaaslike selfstandigheid opgee. Die

Hervormde kerkreg erken daarteenoor volgens Van den Heuvel (2001:2.2) hoogstens 'n relatiewe selfstandigheid van die plaaslike gemeente. Van outonomie en onafhanklikheid van die plaaslike gemeente was immers in die Hervormde kerkreg geen sprake nie (Van den Heuvel 2001:2.2). Volgens Kronenburg (2003:161) het die plaaslike gemeente in die PKN veel meer ruimte om aan haar kerk wees gestalte te gee. Daar is geen hoër en laer verhouding tussen 'kerk' en 'gemeente' in die PKN nie.

2.7.2.3. Die karakter van die kerkverband

Die leiding in die PKN word toevertrou aan vier vergaderinge: die Kerkraad, die *classicale* vergadering, die Evangelisch-Lutherse Sinode (=ELS) en die Generale Synode. Die Evangelisch-Lutherse Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden ken geen *classis* of *classicale* sisteem nie. Die ELS vul volgens Van den Broeke (2005:467) die funksie: "Om de lutherse traditie te bewaren, krijgt de evangelisch-lutherse synode enkele specifieke taken. De evangelisch-lutherse synode is overigens geen meerdere vergadering". Die gemeentes in die PKN word saamgebring in *classis* en die *classis* in regionale verbande. Die terme *classis* en *classicale* vergadering kan volgens Van den Broeke soos volg gedefinieer word: "Een classis is een kerkelijke gemeenschap uit een bepaalde regio en omvat de tot die kerkelijke gemeenschap behorende gemeenten; de *classicale* vergadering is de uit afgevaardigden van de kerkeraden van die gemeenten bestaande ambtelijke vergadering van die classis (2005:438). In die PKO word 'n onderskeid gemaak tussen die woorde *classicale vergadering* en *classis*. Met *classis* word bedoel die gemeenskap van gemeentes in 'n geografiese deel van 'n kerkprovinsie/*regio* van die land. Die *classicale vergadering* daarteenoor is die *ambtelijke* vergadering wat leiding aan die *classis* gee (Van den Broeke 2005:36). Die *classicale* vergadering neem daarom 'n belangrike plek in die bestel van die PKN

in. Hiermee het die PKN vir aansluiting by die terminologie van die *Hervormde Kerkorde* van 1951 gekies. Die *Gereformeerde Kerkorde* van 1959 ken immers nie die onderskeid tussen *classicale vergadering* en *classis* nie. By die *Hervormde Kerkorde* van 1951 was aan die *classicale* vergadering 'n sleutelposisie toegeken: “In een *classicale* vergadering zien we het gezicht van het hele kerkverband. Op deze manier is de zelfstandigheid van de plaatselijke gemeente begrens door de overtuiging, dat wij in ons presbyteriaal-synodaal kerktype ook samen kerk zijn” (Van den Broeke 2005:467). Bo en behalwe die kerklike vergaderinge word daar verder onderskei tussen 'n algemene *classicale* vergadering, *kleine synode*⁷⁸ asook talryke *Regionale Colleges* aan wie ook kerklike gesag toegeken word. Die Generale Sinode word gevorm deur die ampsdraers wat deur die *classicale* vergaderinge en die afgevaardigdes van die ELS afgevaardig is.

Skematies kan die verskillende kerklike vergaderinge soos volg voorgestel word:

Kerkraad (Ord 4- 6-8)	<i>Classicale</i> vergadering (Ord 4-14-16)	Algemene <i>classicale</i> vergadering⁷⁹ (Ord 4-19)	Generale Sinode (Ord 4 -25-27)	<i>Kleine Synode</i> (Ord 4-27-5-7)
Elke gemeente het 'n Kerkraad wat gevorm word deur die ampsdraers van die gemeente.	Elke Kerkraad of wykskerkraad vaardig uit haar midde twee ampsdraers af.	Die <i>classicale</i> vergadering wys twee afgevaardigdes en die ELS wys een of twee Evangelisch-Lutherse ampsdraers aan.	Elke <i>classicale</i> vergadering vaardig twee ampsdraers uit die <i>classis</i> af en die ELS vaardig vyf ampsdraers uit haar lede af	Die <i>Kleine Synode</i> bestaan uit die moderamen en 25 ander lede van die Generale Sinode
Die ampstermyn van ouderlinge en diaken is vier jaar.	Elke jaar tree 'n vierde van die aantal lede van die <i>classicale</i> vergadering af.	Elke jaar tree 'n vierde van die aantal lede van die Algemene <i>classicale</i> vergadering af.	Elke jaar tree 'n vierde van die aantal lede van die Generale Sinode af.	
Word vir tydperk van vier jaar gekies.	Word vir tydperk van een jaar gekies.	Word vir vier jaar benoem en kan een keer vir 'n periode van vier jaar herbenoem word	Word vir vier jaar afgevaardig.	Word vir tydperk van een jaar gekies.

⁷⁸ Die *kleine synode* is belas met: het in naam van en in verantwoording aan de generale synode leiding geven aan en coördineren van de arbeid van de organen van bijstand van de generale synode; het verrichten van wat naar de orde van de kerk aan de generale synode is opgedragen, voorzover dat haar door de generale synode wordt gedelegeerd. De kleine synode legt van haar werkzaamheden verantwoording af aan de generale synode.

⁷⁹ Die algemene *classicale* vergadering verwys na die samewerkingsverband van 'n aantal *classicale* vergaderinge (Van den Broeke 2005:469).

Die Kerkraad kom ten minste ses kere per jaar byeen.	Die <i>classicale</i> vergadering kom ten minste drie kere per jaar byeen.	Vergaderinge word bepaal deur moderamen	Die Generale Sinode kom ten minste twee kere per jaar byeen.	Vergaderinge en agenda word bepaal deur die Generale Sinode.
Die Kerkraad kies jaarliks 'n moderamen bestaande uit ten minste een praeses, 'n scriba en een assessor met dien verstande dat 'n predikant deel uitmaak van die moderamen. Die moderamen staan ook bekend as die <i>kleine</i> Kerkraad,	1. Die <i>classicale</i> vergadering kies jaarliks 'n voorsitter, assessor en scriba, met dien verstande dat 'n predikant deel uitmaak van die moderamen 2. 'n Aantal ander lede van die <i>classicale</i> vergadering word gekies om saam met die moderamen die breë moderamen, te vorm.	1. Die algemene <i>classicale</i> vergadering kies jaarliks 'n moderamen, bestaande uit ten minste 'n voorsitter, assessor en scriba met dien verstande dat 'n predikant deel uitmaak van die moderamen.	1. Die Generale Sinode kies elke vier jaar 'n moderamen, bestaande uit ten minste 'n voorsitter, assessor I, assessor II en assessor III. Die voorsitter of assessor I behoort ten minste een 'n predikant te wees. Die scriba word vir vier jaar uit die predikante van die kerk benoem en kan een keer herbenoem word.	Kiesing van <i>Kleine Synode</i> vind plaas op Generale Sinode
Die Kerkraad kies jaarliks uit hul geledere 'n voorsitter	Die <i>classicale</i> vergadering kies jaarliks uit hul geledere 'n voorsitter	Die algemene <i>classicale</i> vergadering wys die voorsitters van alle <i>Regionale Colleges</i> aan.	Die Generale Sinode wys die voorsitters van alle <i>Generale Colleges</i> aan.	

2.7.2.4. Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering

In die presbiteriaal-sinodale kerkmodel van die PKN word geen ruimte vir die Gereformeerde Partikuliere Sinode en die Hervormde Provinsiale kerkvergadering gelaat nie: “De werkgroep motiveerde dit door erop te wijzen dat deze tussenvergadering’ een zinvolle plaats gehad had in de ‘staatkundige situatie van de tijd waarin het kerkrecht gestalte kreeg,’ maar zag ‘geen directe noodzaak om voor een provinciale synode ruimte te reserveren” (Van den Broeke 2005:433). Die verbindingslyn word volgens Van den Broeke (2005:433) tussen die plaaslike vlak en die Sinode daardeur verkort. In die kerkorde word na die Kerkraad “als de grondvergadering der kerk” verwys (2005:433). Nuut in die kerkorde is die bepaling dat naas die afvaardiging van die Kerkraad na die *classis*, 'n ampsdraer met 'n besondere opdrag afgevaardig kan word. Artikel VI.1. dui aan op voetspoor van die DKO art 84

dat geen amp oor 'n andere, geen ampsdraer oor 'n ander, nog 'n gemeente oor 'n ander mag heers nie (art XIV.1 PKO). By die PKN het alle kerklike vergaderinge drievoudige kerklike gesag, te wete leer-, regeer- en tugmag. Ook aan die *colleges* besware en geskille van die meerdere vergadering word by die PKN regeer- en tugmag toegeken. Sodoende word anders as in die geval van gereformeerde kerkorde 'n geleentheid gebied vir onafhanklike regspraak: “In die gereformeerde kerkorde zijn geen regelingen voor een onafhanklike rechtspraak, zoals in het hervormde kerkrecht bijv. Het generaal college van beswaren en geschillen” (Weijland 1992b:178).

2.7.2.5. Die tugreg ten opsigte van ampsdraers

Die verantwoordelikheid vir die opsig oor gemeentelede lê by die (wyks)kerkraad, maar as 'n beslissing geneem moet word oor 'n tugmaatreël beslis die predikante en ouderlinge gesamentlik. Die opsig oor die ampsdraers berus by die *classicale* vergadering, maar as 'n beslissing geneem moet word oor 'n tugmaatreël beslis die *regionale college* vir opsig (ord 10-7-2 PKO) (Koffeman 2003:34). In die algemene *classicale* vergadering werk 'n aantal *classicale* vergaderinge saam veral ten opsigte van die diensverlening ten behoeve van die opbou van die gemeente, die kerkvisitasie, die opsig, die behandeling van beheersake en die behandeling van besware en geskille (Van den Broeke 2005:474). Tugmaatreëls teen gemeentelede (ord 10-9-6 PKO) sluit in vermaning, afhouding van die Heilige Nagmaal, skorsing in de uitoefening van die kiesreg en in oorleg met die *regionaal college* eventueel die verbreking van die gemeenskap met die kerk (ord 10-9-8 PKO) (Koffeman 2003:34). By ampsdraers (ord 10-9-7 PKO) kan die volgende middels toegepas word: vermaning, skorsing in die vervulling van die amp, en ontsetting uit die amp.

Met betrekking tot die opsig dui Artikel XII van die PKO aan dat die opsig, gegrond in die barmhartigheid van Jesus Christus, geskied tot eer van God, tot bewaring van die gemeente en tot behoud van die dwalendes. In die gemeente word die lede geroep om pastoraal en liefdevol na mekaar om te sien en mekaar op te bou in geloof, hoop en liefde. Die opsig oor die gemeente geskied onder andere in die visitasie (ord 10-2-2-1 PKO). Die visitasie gaan van die meerdere vergaderinge uit en word gehou deur die visitatore wat deur die vergaderinge aangewys is. Daar bestaan geen *regionale college* vir visitasie van die Evangelisch-Lutherse Sinode nie. Oorleg kan egter deur die *colleges* vir visitasie in die geval van 'n saak van 'n Lutherse gemeente met die Evangelisch-Lutherse sinodale kommissie getref word: “De evangelisch-lutherse synode benoemt een aantal visitatoren die - in daarvoor in aanmerking komende gevallen - betrokken worden bij de visitatie door een regionaal college respectievelijk het generale college voor de visitatie. (ord 10-2-3-4 PKO). Die opsig oor die belydenis en wandel van lede en ampsdraers word uitgeoefen deur pastorale samenspreking en vermaning. Met die oog op die regte bediening van Woord en sakramente hou die kerk opsig oor die verkondiging en die kategetiese, asook oor die opleiding en vorming van predikante. Indien nodig gaan die kerk oor tot toepassing van die kerklike tug (art XIV.1 PKO).

2.7.2.6. Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergaderinge

Ook vir die behandeling van besware en geskille volg die PKO nadruklik die Hervormde Kerkorde. In Ordinansie 12 word voorsiening gemaak vir die instelling van nege *regionale colleges* en 'n *generaal college* vir die behandeling van besware en geskille (Koffeman 2003:46). Artikel XIV.1 van die PKO dui aan dat besware en geskille vir

die behandeling van sake waarvan in die orde van die kerk nie 'n afsonderlike orgaan of 'n wyse van behandeling aangedui word nie voorgelê word aan die daartoe aangewese *colleges*. By 'n kerklike liggaam, wat die besluit geneem het, kan 'n versoek tot die hersiening van die besluit(e) van die betrokke kerklike liggaam ingedien word (art xiv.1 PKO). Die behandeling van besware en geskille is opgedra aan *colleges* vir die behandeling van besware en geskille en geskied met inagneming van wat in die ordinansies en in die *generale regeling* vir die kerklike regspraak bepaal is (ord 12-1-1 tot ord 12-1-3 PKO).

2.7.2.7. Die bevoegdheid van die meerdere vergadering insake wanbestuur

Die Generale Sinode is bevoeg om op versoek van die breë moderamen van die *classicale* vergadering, indien die funksionering van die Kerkraad sodanig versteur is dat daardeur die lewe en werk in een gemeente ontwrig word en indien die toepassing van ander kerkordelike moontlikhede ontoereikend is of nie tot 'n oplossing gelei het nie, vir 'n tydvak van hoogstens twee jaar die take van die Kerkraad wat nie agterweë kan bly nie heeltemal of gedeeltelik deur 'n aantal ampsdraers of voormalige ampsdraers van die kerk wat deur die Generale Sinode gedelegeer is, te laat doen. Die gedelegeerdes handel na oorlegpleging met die Kerkraad. 'n Besluit daartoe kan eers geneem word nadat 'n beroep op die breë moderamen gedoen is deur 'n deel van die Kerkraad of deur 'n deel van die gemeente, na oorlegpleging met die *Regionale College* vir die visitasie van die Evangelisch-Lutherse Sinodale Kommissie (ord 4-13-1 PKO). Die meerdere vergadering het dus die reg in geval van wanbestuur, onmag of hoër beroep in die plaaslike kerk in te gryp, besluite van die mindere vergadering tot niet te verklaar (kassasiereg), die plek van die Kerkraad in te neem en aan haar besluite in die plaaslike kerk tot uitvoering te bring.

2.8. Konklusie

Die kerkregtelike ontwikkeling in Nederland kan in vyf diskoerse onderskei word te wete Van Afscheiding tot Doleansie (1834-1926) (paragraaf 2.3.1), Diskussies oor *oud kerkrecht* en *nuwe kerkrecht* (1926 -1941) (paragraaf 2.3.2), Diskussies rondom Vrijmaking (1942-1952) (paragraaf 2.3.3), Stryd om die gesag van die meerdere vergadering (1961-1969) (paragraaf 2.3.4), Samen op Weg tot Protestantse Kerkregtelike formasie (1964-2004) (paragraaf 2.3.5). Die Gereformeerdes bely dat Christus die enigste Hoof van sy kerk is. Die kerkregering behoort daarom die onderwerping en gehoorsaamheid aan Christus as enigste Koning na te streef. Die term *oud kerkrecht* word gebruik om begrippe met betrekking tot die kerkreg wat gedurende en na die Doleansie deur A Kuyper en F L Rutgers ontwikkel was aan te dui. Hierdie begrippekompleks is beter bekend as die Doleansiekerkreg. Die term *oud kerkrecht* is eers na die Sinode van Assen (1926) gebruik. Die term *nuwe kerkrecht* is deur beide W A van Es en S Greijdanus gebruik om onder andere die nuwe visie met betrekking tot die gesag van die meerdere vergadering soos ontwikkel was op die Sinode van Assen (1926) aan te dui. Die *nuwe kerkrecht* is veral voorgestaan deur H H Kuyper, H Bouwman en M Bouwman. Laasgenoemde is van mening dat Assen nie die *nuwe kerkrecht* ingelei het nie, maar dat Assen veel eerder gedui het op 'n terugkeer na die *oud kerkrecht*. Die diskoers oor die *oud kerkrecht* en *nuwe kerkrecht* het verskerp na die verskyning van die dissertasie van M Bouwman (1937a). Laasgenoemde is van mening dat F L Rutgers op essensiële punte vir Voetius verkeerd verstaan het. Standpuntname met betrekking tot die regeer-, leer- en/of tugmag van die meerdere vergaderinge lei uiteindelik tot die stigting van die Gereformeerde Kerken in Nederland



(GKv) en latere die Nederlands Gereformeerde Kerk. In die PKN word 'n sintese tussen die Lutherse en Gereformeerde kerkreg en kerkregering gevind.

HOOFSTUK 3

Die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde Kerk ten opsigte van die Sendingkerke (1652-1881)

In Hoofstuk 3 word, onder andere die wordingsjare van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (=NGK), die strewe na een kerkverband, die daarstelling van 'n eie kerkorde en die ontwikkeling van aparte sendingkerke, behandel. Die hoofstuk handel kursories die kerkregtelike ontwikkeling van die NGK met betrekking tot die sending vanaf 1652 tot die daarstelling van die eerste sendingkerk in 1881. In die hieropvolgende hoofstukke sal die NGK se betrokkenheid in die kerkregtelike ontwikkeling van die sendingkerke bespreek word.

3.1. Die wordingsjare van die NGK

Die Vereeninghde Oost-Indische Compagnie (=VOC), onder leiding van die Here XVII, het op 6 April 1652 met die koms van Johan Anthonisz Van Riebeeck 'n nedersetting aan die suidpunt van Afrika gestig (Van der Watt 1976:2). Met Van Riebeeck se koms is ook die Nederlandse Gereformeerde kerk in Suid-Afrika oorgeplant (Adonis 1982:28). Die Ned Gereformeerde Kerk aan die Kaap het haar belydenisskrifte, liturgieë en formuliere asook kerkregeringstelsel van die Gereformeerde Kerk in Nederland ontleen (Odendaal 1957:21-69). Die kerk aan die Kaap het gedurende 1652 tot 1795 in kerkverband met die *classis* van Amsterdam gestaan (Odendaal 1957:21). Die Here XVII was die sentrale beleidmakende instansie van die VOC (Adonis 1982:2). In die Kaap was die Politieke Raad as regeringsliggaam ingestel met Van Riebeeck as die

voorsitter (Adonis 1982:2). Die taak van die Politieke Raad was die beskerming en ondersteuning van die handelsbelange van die VOC. Johan Anthonisz Van Riebeeck moes ook namens die VOC omsien na die kerklike aangeleenthede (Adonis 1982:28). Die Kommissarisse Politiek het 'n belangrike rol in die beskerming van die openbare geloof gespeel (Adonis 1982:23). Geen kerkvergadering kon gevolglik plaasvind, tensy die Kompanjie daarop verteenwoordig was deur die Kommissaris Politiek nie (Geldenhuys 1951:38). Die kerk aan die Kaap was volledig ondergeskik aan die VOC. Die VOC het geen ander kerk bo en behalwe die Gereformeerde Kerk aan die Kaap erken of toegelaat nie (Adonis 1982:22).

In die jare 1652 tot 1665 het geen geïnstitueerde kerk aan die Kaap bestaan nie. Daar was wel sieketroosters, Willem Barentsz Wylant, Pieter Van der Stael, Ernestus Back en Jan Joris Graa, wat af en toe 'n soort geestelike diens verrig het (Van der Watt 1976:2). Odendaal beskryf dat die kerk aan die Kaap onvolkome in haar wordingsjare was (1957:25). In Augustus 1665 het die Kaap sy eerste bevestigde predikant gekry in die persoon van ds Johan van Arckel wat vir die doel deur die *classis* van Walcheren beroep is (Odendaal 1957:30-31). 1665 is dus volgens Odendaal (1957:31) dié jaar waarin die kerk aan die Kaap geïnstitueer is. Ds Johan Van Arckel het onmiddellik na sy aankoms met gemeentestigting begin. Abr Schut en Johan Renierszen is onderskeidelik as ouderling en diaken bevestig (Van der Watt 1976: 8). Beide die predikante aan die Kaap en die kerkraadslede moes hul instemming met die belydenis van die Nederlandse Gereformeerde Kerk met hul handtekening bevestig (Odendaal 1957:31). Die eerste gemeente is in Kaapstad in 1665, Stellenbosch in 1686 en Paarl in 1691 gestig (Kriel

1956:21). Beide Odendaal (1957:32) en Van der Watt 1976:28) is van mening dat die kerkinrigting en die kerkregering aan die Kaap volgens die model van die Nederlandse Gereformeerde Kerk ontwikkel het. Die beginsels van die Dordtse kerkorde (=DKO) is byna uitsluitlik gehandhaaf en sommige artikels was soms letterlik toegepas. Van die leraars is verwag om gereeld aan die owerheid oor die stand van die gemeentes te rapporteer en ten tye van die Nederlandse besetting, ook aan die *classis* van Amsterdam (Van der Watt 1976:28). Die DKO se omskrywing van die amp en roeping van ouderlinge en diakens en die eise van die bevestigingsformule is in die praktyk nagestreef (Van der Watt 1976:29). Die Kerkorde van Dordt was 'n onoffisiële riglyn vir die lewe aan die Kaap.

Reeds 1642 het die Sinode van Noord-Holland besluit om die sorg van die buitelandse kerke aan die *classis* van Amsterdam op te dra met die uitdruklike opdrag dat die buitelandse kerke moes bly “bij dezelfde leer der waarheid, Kerkenorde en regeering als de Kerken hier te lande” (Van der Watt 1976:11). Aangesien die Kerk aan die Kaap onder die kerklike toesig van die *classis* van Amsterdam geresorteer het, was die kerkinrigting en kerkregering van die kerk aan die Kaap op die model van die Gereformeerde Kerken in Nederland geskoei. Die *classis* het nie slegs predikante beroep en hul na die Kaap gestuur nie, maar het ook die Kaapse Kerk by die Here XVII verteenwoordig. Die *classis* moes waak dat die Kaapse kerk getrou bly aan die kerkleer, kerkorde en kerkregering soos dit in die Gereformeerde Kerken in Nederland voorgestaan was (Adonis 1982:23). Die kerk was volgens Pont (1972:230) na inhoud, leer en diens op dieselfde lees geskoei as die kerk in Nederland.

Teen 1750 was vyf gemeentes gestig naamlik: Kaapstad (1665), Stellenbosch (1686), Drakenstein (Paarl) (1691), Roodezand (Tulbagh) (1743) en Zwartland (Malmesbury) (1745) (Pont 1972:230 en Odendaal 1957:42). Vir die volgende 130 jaar, tot 1795, is die Kaapse kerk deur 44 predikante bedien wat feitlik almal deur die *classis* van Amsterdam uitgestuur was (Van der Watt 1976:11). Die taak en roeping van die predikant word in die *classicale* akte en in die instruksies van die VOC omskryf. Volgens die *classicale* akte was die predikante nie slegs verplig om die Gereformeerde karakter van die kerk beide in belydenis en kerkregering te eerbiedig en uit te bou nie, maar moes hulle, hul ook aan die besluite van die meerdere vergaderinge van die Gereformeerde Kerken in Nederland onderwerp (Van der Watt 1976:24). Van selfstandigheid was daar dus geen sprake nie (Kriel 1963:31).

3.2. Die strewe na 'n eie kerkverband

Reeds teen 1690 het gedagtes om 'n selfstandige kerkverband vir die plaaslike gemeentes posgevat en was dit op verskeie geleenthede gedurende die volgende vyf dekades uitgespreek (Van der Watt 1976:32-34). Die eerste vergadering waarop al die gemeentes (Kaapstad, Stellenbosch, Drakenstein, Tulbagh en Malmesbury) verteenwoordig was, het op 30 Augustus 1745 onder voorsitterskap van ds F le Sueur, predikant van Kaapstad, plaasgevind. Die Politieke Raad het toestemming verleen dat so 'n *classicale* vergadering gereeld gehou kon word om alle kerklike sake te behartig (Van der Watt 1976:35). Op Maandag 17 Januarie 1746 het die verteenwoordigers van al die gemeentes byeengekom vir die eerste *Gecombineerde Kerckvergadering* (Van der Watt 1976: 35). Die vergadering was volgens Pont (1972:231) die eerste stap in die rigting

van 'n selfstandige kerk aan die Kaap. Die vergaderings het in die praktyk volgens Van der Watt (1976:35) die rol van ringsvergaderings vervul. Gedurende 1759 het die Politieke Raad die *Gecombineerde Kerckvergadering* afgeskaf weens die groot kostes verbonde aan die vergadering, asook dat die vergadering nie aan haar doel beantwoord het nie (Van der Watt 1976:37). Kennis was aan die *classis* van Amsterdam gegee met betrekking tot die afskaffing van die kerkverband. Die *classis* van Amsterdam het gereeld by die bewindhebbers aanbeveel dat die kerkverband aan die Kaap herstel moes word, maar sonder sukses (Van der Watt 1976:38).

Gedurende 1765 tot 1802 was die Kaap onder Engelse bewind en het die Kaapse Kerk dus geen offisiële band met die kerk in Nederland gehad nie. Die korrespondensie met die *classis* van Amsterdam het met die Engelse bewindsoorname tot 'n einde gekom. Dit het onder andere beteken dat die Kaapse Kerk (later bekend as die Nederduitse Gereformeerde Kerk) nie meer predikante van uit Nederland kon ontvang nie (Adonis 1982:23). Die Nederduitse Gereformeerde Kerk¹ het tydens die Engelse bewind as aparte gemeentes gefungeer, wat independent/onafhanklik langs mekaar sonder enige kerkverband gestaan het (Odendaal 1957:70).

In 1803-1806 was die Kaap weer 'n Bataafse Republiek en het die kerk aan die Kaap hul korrespondensie met die *classis* van Amsterdam hervat (Van der Watt 1976:38). Kommissaris-generaal Jacob Abraham De Mist het as regterhand van goeweneur Jan Willem Janssen opdrag gekry om die nodige beleid ook met betrekking tot die kerk op te

¹ In die hoofstuk word die name die Kaapse Kerk, Ned Gereformeerde Kerk, Hervormde Kerk, Nederduitse Hervormde Kerk in Zuid-Afrika en Nederduitse Gereformeerde Kerk as wisselterme gebruik. Dit dui egter op dieselfde kerk. Op die Sinode van 1842 is die naam van die kerk as "Nederduits Gereformeerde" herbevestig (Odendaal 1957:78).

stel (Kriel 1963:31). De Mist het op 25 Julie 1804 sy *Provisionele Kerken-orde voor die Bataafsche Volksplanting aan de Kaap de Goede Hoop* geproklameer waarvolgens die kerk en die sending in die toekoms beheer en regeer sou word. Dit kan volgens Geldenhuys (1951:39) as die eerste poging tot 'n definitiewe ordening van die Kerk beskou word. In die *Kerkorde van De Mist* word onder andere voorsiening gemaak vir die konstituering van 'n Algemene Kerkvergadering (Van der Watt 1976:39). Die *Kerkorde van De Mist* is in meer as een opsig 'n verbreking van die Gereformeerde linie wat vanaf 1652 aan die Kaap bestaan het en het uiteraard ook 'n vervanging van die Kerkorde van Dordrecht behels (Odendaal 1957:79). Die *Kerkorde van De Mist* word in twee hoofdele verdeel naamlik die algemene beginsels en bepalinge (art 1-18) en voorskrifte omtrent die behoorlike bestuur van die toegelate kerkgenootskappe binne die volksplanting (Geldenhuys 1951:40). Sonder die toestemming van die Goewerneur kon geen nuwe kerkgeboue opgerig word nie (art 6), kon die tye van die godsdiensoefening nie verander word nie (art 7), kon die getal leraars nie vermeerder word nie (art 9), kon die goewerneur aan leraars hul standplase aanwys (art 21-22), kon kerkraadslede van nuwe gemeentes deur die landdros van die distrik benoem word (art 23) en moes kerkrekeninge aan die landdros voorgelê word (art 43). Die kerk was volgens Geldenhuys dus aan die gesag van die staat onderwerp (Geldenhuys 1951:40-41). In art 20 van die *Kerkorde van De Mist* word na die Ned Gereformeerde Kerk verwys as die “Hervormd Kerk-genootschap” (Odendaal 1957:78). Die terme “Hervormd” en “Gereformeerd” is tot die Sinode van 1842 afwisselend gebruik om na die Gereformeerde Kerk te verwys (Odendaal 1957:78). Die *Kerkorde van De Mist* was tot 1843 van krag (Odendaal 1957:80, Kriel 1963:32).

Vanaf 1806 was die Kaap weer onder Engelse bewind. Gedurende dié tydperk was briefwisseling met die Nederlands Hervormde Kerk behou. Die korrespondensie tussen Nederland en Suid-Afrika is egter direk geraak deur die invoering van die *Algemeen Reglement voor het bestuur der Hervormde Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden* (Odendaal 1957:89) Art 12 van die *Algemeen Reglement voor het bestuur der Hervormde Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden* het soos volg bepaal: “Geene Kerkelijke vergadering vermag te corresponderen met buitenlandsche kerken, zonder voorafgaande toestemming van Zijne Majesteit den Koning” (Hooijer 1846:24-41). Die Gereformeerde Kerk aan die Kaap was sedert 1806 nie meer ’n Nederlandse kerkverband nie en was in teorie selfstandig teenoor die Gereformeerde Kerken in Nederland, maar was in die praktyk heeltemal afhanklik van die Staat en as gevolg van die uitbly van ’n Algemene Kerkvergadering sonder plaaslike kerkverband (Odendaal (1957:83). Daar het dus geen kerklike verband tussen die gemeentes bestaan nie. Byna 20 jaar sou verloop voordat die eerste algemene kerkvergadering plaas kon vind (Van der Watt 1976:40). Op 23 Junie 1824 het die goewerneur Lord Charles Somerset toestemming verleen dat die Gereformeerde kerke in die Kaap ’n Algemene Kerkvergadering byeen kon roep.

3.3. ’n Eie kerkorde

Op 2 November 1824 te Kaapstad het die eerste Sinode met twaalf uit die veertien gemeentes byeengekom. Die voorsitter, ds J C Berrangé,² van Kaapstad, het die Sinode van die Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika (wat later as die Nederduitsche Gereformeerde Kerk bekend sou staan) as gekonstitueerd verklaar

² Hy het 22 jaar in Nederland in die bediening gestaan. Hy was eers predikant van Spankeren en Dieren in die *classis* van Amsterdam en vanaf 1797 predikant van Bloemendaal in die *classis* van Haarlem totdat hy in 1814 na Nederland teruggekeer het (Odendaal 1957:93).

(Odendaal 1957:99). Volgens Odendaal (1957:99) was die Dordtse kerkorde as geldende kerkorde beskou van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Die *praeses* van die Sinode, ds J C Berrangé, wat in Nederland opgelei was en jare lank predikant van die Nederlandse Hervormde Kerk, het hierdie verbondenheid met die Nederlandse Kerk duidelik in sy openingsrede in die vooruitsig gestel het:

(De kerkenvergadering ... zich zal bezig houden met de noodige wyzigingen, veranderingen, verbeteringen en vermeerderingen van de vigerende kerkorde, overeenkomstig de tegenwoordige behoeften van ons tyd en plaats onder ons, en zulks met in achthouding van de fundamentele grondstellingen van de Nederlandsche Kerk, waarvan wy afstammen.

(Odendaal 1957:99)

Pont (1972:236) is egter van mening dat met die opstel van die kerkwet van die Nederduitse Hervormde Kerk in Zuid-Afrika, die Nederlandse kerkorde van 1816 as voorbeeld gebruik is. Op die vierde sittingsdag het die Sinode van die Nederduitse Hervormde Kerk in Zuid-Afrika besluit om die *vigerende* kerkorde, naamlik die *Kerkorde van De Mist*, as grondslag vir haar werksaamhede te neem en algemene bepalinge later te ontwerp. By die ontwerp van die later bepalinge het die Sinode die *Algemeen Reglement voor het bestuur der Hervormde Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden* gebruik (Odendaal 1957:100). Die kerkorde van die Sinode van die Nederduitse Hervormde Kerk in Zuid-Afrika (1824) is grotendeels ontleen aan die *Algemeen Reglement voor het bestuur der Hervormde Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden*. Van die vyf afdelings van die Algemeen Reglement van die Geref Kerk (1824) is twee afdelings feitlik heeltemal oorgeneem uit die *Algemeen Reglement voor het bestuur der Hervormde Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden* (Odendaal 1957:102). Die twee oorblywende afdelings (naamlik die vierde en vyfde) was ontleen aan die Sinodale Reglemente vir Godsdiensonderrig en Kerklike tug van die

Nederlandse Hervormde Kerk. Die hele bepalings oor kerklike opsig en tug is geskoei op die lees van die Nederlandse Hervormde Kerk (Odendaal1957:102). Prof A Moorrees sou dit in latere jare betreur het dat die Sinode nie liewer die Kerkorde van Dordt aanvaar het nie:

Nou is dit wel te betreur dat hulle nie liewer die Dortsche Kerkordening, wat tot op 1804 alhier in ag geneem is, tot grondslag van die algemene Bepalinge geneem het nie, as 'n Reglement wat in meer as een opsig op bedenklke wyse afgewyk het van die beginsels van die Gereformeerde Kerkreg.

(Moorrees 1937:553)

Die Kaapse Kerk het egter nie die Kerk in Nederland klakkeloos nagevolg nie. Met betrekking tot die ondertekeningsformule het die Kaapse kerk die Dordtse *quia*-standpunt met betrekking tot die ondertekening van die belydenisskrifte gehandhaaf (Odendaal 1957:106).

Op die Sinode van die Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika (1824) het die sending dadelik op die voorgrond gekom. 'n Kommissie ter behandeling en ondersoek van die sending in die Kolonie was op die Sinode saamgestel (*Acta NGK* 1824:7 en Kriel 1956:24). Op die Sinode van die Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika (1824) is die amp van sendeling in onderskeiding met die amp van die predikant in die lewe geroep (Van Heerde 1961:76). Leopold Marquard, wie reeds sedert 1816 sendingwerk in diens van die Nederlandsche Sendinggenootskap te Jan Disselviei (Clanwilliam) gedoen het, was tydens die Sinode van die Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika (1826) ondervra en nadat hy tot goedkeuring van die Sinode geantwoord het, was 'n akte van admissie aan hom oorhandig (*Acta NGK* 1826: 32 en Van Heerde 1961:78). Hy het sodoende die eerste geordende sendeling in die Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika geword. Op die derde Sinode van die Nederduitsche

Hervormde Kerk in Zuid-Afrika (1829) is Albert Van Lingen, wat sedert 1811 in diens van die Londense Sendinggenootskap sendingwerk in Graaff Reinet gedoen het, met goeie gevolg ondersoek en as tweede sendeling in die NGK georden (Van Heerde 1961:79).

Op die Sinode van die Nederduitse Hervormde Kerk in Zuid-Afrika (1842) is die vraag na die geldigheid en doelmatigheid van die *Kerkorde van De Mist* en die regverdigheid van die voortbestaan van Politieke Kommissaris gevra (*Acta NGK* 1842: 197-198 en Adonis 1982:26). Op dié Sinode is die *Kerkwet van 1824* vervang en is die naam van die kerk verander na die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika (*Acta NGK* 1842:199-223). Die prokureur generaal het in November 1842 die *Kerkorde van De Mist* herroep. Die kerkwet van 1842 is op 8 November 1843 offisieel deur die Goewerneur geproklameer as Ordinansie 7 van 1843 en so het die kerkwet ook staatswet van die kolonie geword (Pont 1972:236). Met die *Kerkwet van 1842* het die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika (=NGK) volgens Adonis (1982:27) meer selfstandigheid in eie sake gekry. Ordinansie 7 van 1843 het uit tien seksies bestaan. In seksie 1 was die *Kerkorde van De Mist* herroep. Seksie 2 bepaal dat die regeringsbydraes aan die Kerk bloot vrywillig is en te eniger tyd terug getrek kon word; seksie 3 en 4 aanvaar die wette en bepalinge van die Sinode van die Nederduitse Hervormde Kerk in Zuid-Afrika (1842) en bekleed die Kerk met bevoegdheid om haar eie sake te beheer op voorwaarde dat die kerk haar eie bepalings nakom en dat sy niks sal bepaal wat in stryd met die ordinansie is nie; seksie 5 bepaal dat predikante wat staatssteun ontvang deur die Staat uit 'n kortlys deur die Kerk voorsien, aangestel word;

seksie 6 bepaal dat die kerk gebind word aan die Gereformeerde belydenis en die Presbiteriale Kerkregeringstelsel; seksie 7 bepaal dat die Algemene Kerkvergadering sal bestaan uit al die diensdoenende leraars van die Kerk en een diensdoenende of rustende ouderling uit elk gemeente, behalwe Kaapstad wat deur twee verteenwoordig was; seksie 8 bepaal dat die wette en bepalinge van die Kerk sal beskou word as die wette en bepalinge van 'n vrywillige vereniging; geldig slegs vir diegene wat hulle verbind om hulle aan hierdie wette en bepalinge te onderwerp; seksie 9 bepaal dat solank die kerk hom aan sy eie wette en bepalinge hou, sal die owerheid hom nie met kerklike sake vermoei nie; seksie 10 waarborg die eiendom van die kerk in 'n eiendomsakte (Botha 1986:26 asook Geldenhuys 1951:48-52). Die *Kerkorde van De Mist* het volgens Botha (1986:25) die kiem van kollegialisme in die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika ingedra. Volgens eerw J P Jacobs (1951:52) was die kerkregering van die inheemse kerke hoofsaaklik bepaal deur die NGK wat uiteraard die presbiteriaanse stelsel van regering op die sendingkerke oorgedra het.

3.4. Die ontwikkeling van aparte sendingkerke

Tot aan die einde van die agtiende eeu het bekeerlinge uit inheemse bevolking of slawe en lidmate van die NGK gesamentlik dienste bygewoon en het hul gesamentlik sakramente ontvang (Kriel 1963:54). Op die Sinode van die Nederduitse Hervormde Kerk in Zuid-Afrika (1829) het die kwessie oor Nagmaalbediening aan mense van gekleurde afkoms onder bespreking gekom. Die Kerkraad van Swartland het 'n beskrywingspunt ingedien - of die Nagmaal gelyktydig aan persone van kleur en "geborene Kristene" bedien mag word: "Of personen van de kleur, die door het doen van

de belydenis en de toediening van den H. Doop tot leden van de Kerke zijn aangenomen – gelijk met geborene Kristenen het Avondmaal zal bediend worden” (*Acta NGK* 1829:79,VI,6).

Ds D F Berrangé en Kommissaris Politiek, sir J A Truter, het ook aan die bespreking deelgeneem en het onder andere verklaar dat die bespreking van die vraag die Christelike godsdienst onwaardig was (Kriel 1963:55). Op die Sinode is die skeiding by die nagmaaltafel op grond van kleur eenparig verwerp. Die besluit lui as volg:

Te verklaren, dat men dit voorstel tot geen onderwerp van deliberatie of beslissing by de Synode behoorde te maken; maar hetzelfde als een onwrikbare stelregel op het onfeilbaar Woord van God gegrond, behoort te merken; dat bij gevolg, alle Christen gemeenten, en elk Christen in het bijzonder, verplicht is overeenkomstig te denken en te handelen.

(*Acta NGK* 1829:71-72)

Hiermee het die kerk bevestig dat aan alle lidmate, ongeag ras, lidmaatskapsregte en voorregte toekom: “Die verteenwoordigers van die regering ag dit vanselfsprekend dat almal saam die Awendmaal sal vier. Die vergadering is dit met hulle eens. Blankes en “persone van kleur,” lede van een en dieselfde gemeente bly dus nog saam die Awendmaal geniet” (Van Heerde 1961:80).

Op die Sinodes van die Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika (1834), (1837) en die Nederduitsche Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika (1857) het die kwessie van afsonderlike bediening aan die “heidene” ter sprake gekom (Loff 1881:22). In die *Ontwerp van bepalingen De Hervormde Zending Genootschappen in de Ned. Herv. Gemeenten in Zuid-Afrika van 1834* word aan die eenkant voorsiening vir die stigting van “ Gemeenten der Naturellen” gemaak en aan die anderkant kon lidmate met sertifikaat van lidmaatskap by bestaande NGK-gemeentes aansluit (Kriel 1963: 49).

De leden der gemeenten, van regmatige attesten voorzien, zullen opgenomen worden tot de Nederduitse Gereformeerde gemeenten, in die plaatsen, waar geen Gereformeerde gemeenten der Naturellen. Van daar vertrekkende na een oord waar eene Gereformeerde gemeente der Naturellen is, zullen hulle attesten, niet aan de Nederduitse gemeente, maar aan de gemeenten der naturellen opgedragen en naar dezelve gerigt worden.

(Van Heerde 1961:80)

Kriel noem bogenoemde bepalinge, ten opsigte van die sending, die NGK se eerste sendingbeleid (1963:48). Op sinodale vlak is dus met dié reglement ruimte geskep vir die afsonderlike gemeentes op grond van ras asook vir die integrasie van rasse in een kerk. Die eerste sendingbeleid van die NGK was in 1835 aanvaar (Adonis 1982:78). In 1837 was genoemde Reglement hersien. Daar word in die Reglement voorsiening gemaak vir die daarstelling van gratis aparte sitplekke in die kerk vir “heidene.” Desnieteenstaande die besluit van 1829, het byvoorbeeld die Nederduitse Hervormde Kerk in Zuid-Afrika Ceres pogings aangewend om fondse te genereer met die oog daarop om geboue op te rig waar “heidene” gekatriseer kon word en die sakramente aan hulle bedien kon word (Loff 1981: 21). In Swellendam was ’n afsonderlike gebou vir “heidene” reeds in 1838 voltooi (Loff 1981:22).

Die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika (1847) was die eerste wat na die terugtrekking van die *Kerkorde van De Mist* deur die regering plaasgevind het (Kriel 1963:49). Op die Sinode is die eerste permanente Sinodale Sendingkommissie benoem en ’n beroep is op gemeentes gedoen om ruim vir die sending by te dra (*Acta NGK* 1847:269). In 1855 het 45 lidmate by die Kerkraad van Stockenström aansoek gedoen dat aan hulle verlof toegestaan moet word om afsonderlik Nagmaal te vier. Die Kerkraad het die versoek afgekeur, maar was genoodsaak om dit na die Ring van Albanie te verwys. Die Ring van Albanie het

eenparig besluit om die Kerkraad aan te beveel om ter tegemoetkoming van die vooroordele en swakhede, die Nagmaal afsonderlik aan "Kleurlinge en Blankes" te bedien (Kriel 1963:58).

Op die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika (1857) het die kwessie van afsonderlike nagmaalsbediening aan die orde gekom (*Acta NGK* 1957: 58, 60). Ds R Shand van Tulbagh het 'n beskrywingspunt insake bogenoemde besluit van die Ring van Albanie ingedien wat 'n hewige bespreking op die Sinode ontloot het: "Of het de goedkeuring der Synode wegdraagt, dat in de Gemeenten der Nederduitse-Gereformeerde Kerk, waar men het begeert, de gekleurden in een afzonderlijk gebouw, echter onder bestier en opzicht van den Kerkraad, alle voorregten der Christelijke Godsdiens afzonderlijk genieten zullen" (*Acta NGK* 1857:89, XII (5)). Reeds sedert 1828 het daar verskeie probleme in Stellenbosch, Calvinia, Caledon, Riversdal en die Swartland ontstaan met betrekking tot die toelating van swart Christene aan die Nagmaalstafel (Loff 1981:18-19). Op die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika (1857) is op 'n voorstel van die predikant van Calvinia soos volg besluit:

De Synode beschouwt het wenschlijk en schrifmatig dat onze ledematen uit de Heidenen, in onze bestaande gemeenten opgenomen en ingelijfd worden, overal waar zulks geschieden kan; maar waar deze maatregel, ten gevolge van de zwakheid van sommigen de bevordering van de zaak van Christus onder de Heidenen, in de weg zoude staan, de gemeenten uit de Heidenen opgerigt, of nog op te rigten, hare Christelijke voorregten in een afzonderlijk gebouw of gesticht genieten zal.

(*Acta NGK* 1857:60)

Daarmee is kerklike apartheid amptelik in Nederduitse Gereformeerde Kerk ingevoer. Op die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika (1857) is 'n besluit geneem wat volgens Chris Loff die deur oopgemaak het vir die daarstelling van

'n afsonderlike kerk op grond van huidkleur gedurende 1881 met die stigting van die *Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika* (1981:21). 'n Groot aantal gemeentes vir gekleurdes het al reeds teen 1857 bestaan. Oral was 'oefeninghuise' of 'gestichte' opgerig (Kriel 1963:57). In die Wagenmakersvallei en op Tulbagh en verskeie ander plekke was sakramente afsonderlik aan lidmate van gemengde afkoms bedien. Die Sendingkommissie het teen daardie stadium 'n hele aantal werkkringe afsonderlik bedien (Kriel 1963:60). Op die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika (1857) het hierdie kerklike praksis dus bloot kerkbeleid geword.

Die sendingwerk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk was bestuur deur 'n Algemene Sending Kommissie van 11 lede, wat deur middel van subkommissies in verskillende werkkringe arbeid, naamlik Binnelands en Buitelands - onderskeidelik noord en suid van die Zambesi (*Almanak NGK* 1908:25). Op die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika (1873) is 'n Binnelandse Sendingkommissie benoem (Kriel 1963:63). Die kommissie sou verantwoordelik wees vir alle sendingwerk in die Kaapkolonie. Op die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika (1876) is opdrag aan die Sendingkommissie gegee om ondersoek in te stel na die toekoms van die sendinggemeentes (Loff 1981:25). Op daardie stadium was daar gemeentes wat onder beheer sendinggenootskappe, buitelandse genootskappe, moedergemeentes en die sendingkommissie gestaan het (Kriel 1956:24). Die binnelandse sending was dus nie slegs onder die NGK se sendingkommissie georganiseer nie. Vroeg in 1880 het eerwaarde JC Pauw oor dieselfde aangeleentheid in *De Christen* geskryf. In sy skrywe noem hy dat die sendelinge en

sendinggemeentes geen kerklike skakeling of verband met mekaar het nie. Daar was dus 'n behoefte dat sendinggemeentes met mekaar in verband moes tree. Op 'n konferensie met sendelinge, gehou op 5 tot 6 Oktober 1879 te Worcester, onder aanvoering van die Binnelandse Sending Kommissie (=BSK), is die *Ontwerp* vir die daarstelling van een liggaam vir die sendinggemeentes bespreek (Kriel 1963:66). Die *Ontwerp* was vooraf deur die Sending Kommissie aan sendinggemeentes versend. 'n Kennisgewing van die konferensie het in *De Christen* op 24 September 1880 verskyn (Loff 1981:25). Eerwaarde D J Ruytenbeck het in die kennisgewing "alle Zendelingen der Ned. Geref. Kerk alsmede de Zendingleraars van Zuster Gemeenten die met de Zendingkerk sympathiseren" na die Stigtingsinode op 5 Oktober 1881 te Wellington genooi (Botha 1986:30). Slegs sewe sendelinge het die konferensie bygewoon. Op die Sinode van die NGK (1880) het die BSK breedvoerig verslag oor hul werksaamhede gelewer. Kennis was onder ander andere gegee van hul werksaamhede op George, Outeniekwa, Friemersheim, Elandskloof, Zuurbraak, Wellington, Wynberg, Ceres, Prins Albert, Franschhoek, Montagu, Swellendam, Simonstad, Kalkbaai, Palmietrivier, Caledon en Villiersdorp (*Acta NGK* 1880 asook *De Christen* 24 September 1880:5-6). Die kommissie het ook verslag gelewer van sendinggemeentes wat buite die bepalinge van die Kerkwet gestig was, byvoorbeeld Richmond, Philipstown, Hopetown, Murraysburg, Victoria-Wes asook Upington, maar dat hul in noue verband met die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika (=NGK) staan, hulle dieselfde belydenisskrifte het en ooreenkomstig die beginsels van die wette en bepalinge van die NGK regeer word (Kriel 1963: 65). 'n Rapport wat die BSK by die Sinode van die NGK (1880) van die NGK ingedien het, was volgens Kriel (1963:64) van die allergrootste belang, nie net vir

die betrokke Sinode nie, maar vir die toekoms van die NGK se Binnelandse Sending. Kennis is op dié Sinode gegee dat drie-en-twintig gemeentes direk of indirek by die NGK se sendingaksies ingeskakel was (Kriel 1981:27). Met die werkkringe bygereken, sou die getal tot sestig opgeskuif kon word.

Op die Sinode is ook 'n skema bestaande uit 10 punte voorgelê wat deur die dienende sendelinge van die gemeentes en/of werkkringe wat deur die NGK gestig is, of met die NGK in verband gestaan het, opgestel was (*Acta NGK* 1880:54-57). Hierdie skema was op die konferensie van sendelinge van 1879 opgestel. Die skema het tien kerkregtelike aanbevelings bevat ten opsigte van die vereniging van die verskillende sendinggemeentes tot een liggaam (*Acta NGK* 1880:54-57). Hierdie aanbevelings, of te wel konstitusie, was punt vir punt deur die Sinode van die NGK (1880) behandel, gewysig en/of uitgebrei (Kriel 1963:67). Op 12 November 1880 het die Sinode van die NGK tot die oprigting van 'n afsonderlike Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk besluit (*Acta NGK* 1880:57). Op Maandag 22 November 1880 is die *Konstitusie vir die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika* goedgekeur (Kriel 1981:158). Die *Konstitusie*, bestaande uit tien artikels, verskyn as art 217 tot 226 in die *Wette en Bepalinge van die NGK (1881)* (Kriel 1981:158). Die grondslag is volgens Kriel (1963:67) daarmee gelê vir die rigting waarlangs “die jong dogterkerk sou ontwikkel en uitgebou word.”

Eerw J C Pauw het in 'n skrywe gedateer 15 November 1880 beswaar gemaak teen die feit dat die Sendingkommissie volgens die *Konstitusie* vetoreg het ten opsigte van

besluite wat deur die te stigte Sendingkerk geneem sou word asook teen die feit dat roerende eiendom van gemeentes van die toekomstige Sendingkerk op naam van die Sendingkommissie getranspoteer moes word (Loff 1881:26). Pauw was volgens Chris Loff (1881:26) van mening dat die sendingkerk volgens die Gereformeerde Kerkbegrip dus slegs 'n konferensie of Kommissie van Advies sou wees. 'n Jaar later het eerw Pauw sonder een kritiese opmerking oor die konstitusie deelgeneem aan die stigting van die sendingkerk.

3.5. 'n Beoordeling van die Konstitusie

3.5.1. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk

Die selfstandigheid van die NGSK was nie deur die NGK erken nie. Art 217 van die *Konstitusie* bepaal dat al die gemeentes wat deur die NGK en haar Binnelandse Sendingkommissie gestig is of daarmee in verband staan, die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika sou vorm: "Dat alle gemeenten door de Neder Geref., Kerk en hare Binnelandsche sending-werkzaamheid gesticht of anders met haar in verband staande, zullen vormen de Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk" (*Acta NGK* 1880:54-57 art I in die bylae De Sending in *De Christen* 24 September 1880:7). Hoofsaaklik sou die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika haar toespits op gemeentes en sendingwerkkringe wat uit die NGK se eie sendingaksie ontplooi is. Werkkringe was 'n skepping van die NGK en was in sy kerkregtelike posisie binne die NGK dan ook die van 'n klein sendingveld. Volgens die sendingbeleid van die NGK kon so 'n werkkring nooit aan die NGK behoort nie, maar was deur die NGK in trust gehou vir later inskakeling by die aangewese kerkverband

(*Skema NGSK* 1966:151). Van selfontplooiing en selfuitbreiding was daar op die stigtingsvergadering geen sprake nie. Slegs gemeentes wat oor 'n wettige gekonstitueerde Kerkraad beskik, self een derde van die sendeling se salaris byeenbring, en die eiendomme ooreenkomstig die *Konstitusie* aan die Binnelandse Sendingkommissie ten gunste van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika getranspoteer het, kon deel word van die NGSK (Kriel 1981:31). Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika Sinode 1881 het besluit om die NGK te vra om art 217 te wysig sodat meer gemeentes in die NGSK opgeneem kan word (Kriel 1981:158).

3.5.2. Die karakter van die kerkverband

Die Konstitusie het bepaal dat gemeentes wat deur die NGK en haar BSK gestig was of daarmee verband staan, die NGSK sou vorm. Volgens art 218 moes die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika in haar bestuur, inrigting, en onderlinge toesig die bepalinge van die NGK volg in soverre dit van toepassing was op die omstandighede en behoeftes van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika: “Deze Zendingkerk volgt in haar Bestier, inrigting en onderling Toezigt de Wetten en Bepalingen” der Ned. Geref. Kerk in Zuid-Afrika, zooals dezen en behoefte der Zendingkerk toepasselijk zijn” (*Acta NGK* 1880: 54-57 art II in die bylae De Sending in *De Christen* 24 September 1880:7). Die NGK se kerkreg en kerkregering word in art 218 as grondslag vir die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika voorgehou.

Die leer (art 219) van die NGSK is in ooreenstemming met die Woord van God en word uitgedruk in die Belydenisskrifte naamlik Die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, wat aangeneem is deur die Sinode van Dordrecht in die jare 1618 tot 1619: “Met de Moederkerk grondt zij zich op de Heilige schrift – ’t Woord van God. Zij belijdt de Leer, wat de Moederkerk naar de Belydenis – Scriften – de Formulieren van Enigheid – gelooft, t.w. de Nederlandsche Geloofsbelydenis, de Heidelbergsche Catechismus en de Leerregels, vastgesteld door de Synode van Dordrecht, in 1618 en 1619” (*Acta NGK* 1880:54-57 art III in die bylae De Sending in *De Christen* 24 September 1880:8). Tot 1982 kom die artikel onveranderd in die kerkorde van die NGSK voor. Met betrekking tot die kerkregeringstelsel (art 220) was die presbiteriale kerkregeringstelsel voorgeskryf naamlik Kerkraad, Ring (gewestelike vergadering) en Sinode (algemene vergadering): “De onderscheidene Gemeenten der Zendingkerk vormen te zamen een bestuur, aldus zamengesteld. De Algemeene Vergadering, ... de gewestelijke Vergaderingen” (*Acta NGK* 1880: 54-57 art IV in die bylae De Sending in *De Christen* 24 September 1880:8).

Hier is volgens Kriel in die *Studiestuk oor dubbele lidmaatskap*, die grondslag gelê vir die te wordende Sendingkerk van ’n Gereformeerde kerkbestuur naamlik Kerkraad, Ring en Sinode (*Skema NGSK* 1978:69). Die kerkverband staan volgens Kriel dus op Gereformeerde pilare (*Skema NGSK* 1978:69). Die Algemene Vergadering sou elke drie jaar saamkom. Twee Ringe (gewestelike Vergaderinge) is op die Stigtingsinode gevorm, naamlik ’n Oostelike Ring: Beaufort-Wes, George, Middelburg, Murraysburg, Graaf Reinet, Victoria, Richmond) en ’n Westelike Ring: Wynberg, Wellington,

Elandskloof, Ceres, Zuurbraak) (Kriel 1981:32). Die eerste Ringsvergadering het eers 1892 plaasgevind.

3.5.3. Die karakter van die gesag van die meerdere vergaderinge

Daar is 'n prinsipiële verskil tussen die gesag wat in die *Konstitusie* aan die NGSK toevertrou was en die BSK. Aan die NGSK was minder mag as aan die Binnelandse Sendingkommissie (=BSK) toegeken. Volgens art 221 word die Kerkraad op grond van die bepalinge van die NGK saamgestel:

- 221.1. Lede van dit bestuur zullen zijn: alle Zendingen, behooren tot de Ned. Geref. Kerk, en die in wettelijke vergadering van dit bestuur bij meerderheid van stemmen worden toegelaten. Een afgevaardigde – ouderling of oud-ouderling van elke Gemeente;
- 221.2.
- (a) die eenen kerkraad heeft zamengesteld en werkende overeenkomstig de Bepalingen voor het zamengestel van kerkeraden, bij de moederkerk in gebruik;
 - (b) Ten minste een derde deel van't salaris voor haren Zending zelve betaalt;
 - (c) een wier vaste goederen getransporteerd zijn op de volgende wijs: Op A,B,C,D (Namen van de leden der Binnelandsche Zendingkommissie volledig gegeven) met de woorden "voor de Nederduitsche Gereformeerde Zendingkerk of gemeente te ...)
- (Acta NGK 1880: 54-57 art V bylae De Sending in *De Christen* 24 September 1880:8)

Alle diensdoenende sendelinge en een ouderling per gemeente kon na die meerdere vergaderings afgevaardig word (Kriel 1963:68). Die Binnelandse Sendingkommissie het egter ook sittingsreg en stemreg op die Sinode van die Nederduitsche Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika gehad. Sittingsreg en stemreg was slegs aan die gemeentes verleen wat ten minste 'n derde deel van die salaris van die sendeling self betaal het. Die eiendom van die NGSK moes op die naam van die drie lede van die Binnelandse Sendingkommissie of deur ander persone deur haar goedgekeur ten bate van die Nederduitsche Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika getranspoteer word. Ongeordende sendelinge het volgens art 222 slegs adviserende stem gehad: "De geordende Zendingen en Afgevaardigden hebben regt van stemmen in de vergaderingen van't Bestuur. De ongeordende Zendingen neem deel aan de

deliberatien, zonder regt van stemmen” (*Acta NGK* 1880: 54-57 art VI in die bylae De Sending in *De Christen* 24 September 1880:8).

Alhoewel art 223 bepaal het dat ’n kommissie saamgestel uit die twee Ringe as Sinodale Kommissie sou fungeer, was op die Stigtingsinode besluit dat die moderatuur in die reses as Sinodale Kommissie sou funksioneer: “Gedurende ‘reces zal eene commissie, uit beide klassen van’t Bestuur gekozen, de noodige Administratie in handen hebben en verantwoordelijk zijn aan’t Bestuur, waardoor zijn geconstitueerd is “ (*Acta NGK* 1880: 54-57 art VII in die bylae De Sending in *De Christen* 24 September 1880:8 asook Kriel 1981:32). Alle wette en bepalinge van die NGK met betrekking tot die werksaamhede van die Ring en Sinode sou onverswak van toepassing wees in die sendingkerk. Kerkvisitatieverslae en finansiële verslae van gemeentes was op elke Sinode verpligtend (art 224):

De volgende speciale Bepalinge zullen van’t begin in acht genomen worden, benevens die, welke naar de Wetten en Bepalinge der Moederkerk voor Synode en Ringen geldig zijn: ter plaatse, waar de Vergaderinge worden gehoude, word steeds Kerkvisitatie gedaen, Bij elke Vergadering leveren alle gemeentes een naauwkeurig verslag van haren geldelijken staat.

(*Acta NGK* 1880: 54-57 art VII in die bylae De Sending in *De Christen* 24 September 1880:8)

Volgens Kriel (Kriel 1963:70) is dit ’n verstandige besluit aangesien “daar geen ander riglyne was op grondslag waarvan die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika georganiseer kon word nie.” Die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika Sinode het eintlik aanvanklik as Ring fungeer. Die kwessie van kerkvisitatie is uitgestel sodat die lede meer tyd kon hê om daaroor te dink en dit is aan die moderatuur opgedra om die volgende Sinode met ’n konsepskema te bedien (Kriel 1981:179). Die taak van die visitatore is om toe te sien dat die ampsdraers hul amp getrou uitvoer, by die suiwer leer bly, die kerklike orde onderhou, die stigting en opbou van die gemeente met woorde en daed bevorder en die nalatiges vermaan.

3.5.5. Die tugreg ten opsigte van ampsdraers

Geen voorsiening is in die konstitusie gemaak dat die NGSK tug op ampsdraers sou kon toe pas nie. In die geval van tugwaardige gevalle was die kerkordelike bepaling van die NGK onverswak van toepassing.

3.5.6. Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergaderinge

Die NGK het voorsiening gemaak dat die besluite van meerdere vergaderinge van die NGSK deur die BSK appelleerbaar was. Volgens art 226 word vetoreg van Binnelandse Sendingkommissie verleen: “Voor als nog zal geene Bepaling, door eenige Bestuur bovengenoemd gemaakt, kracht van wet hebben en uitgevoerd kunnen worden, dan na bekomen goedkeuring van de Synodale Binnelandsche Zendingcommissie” (*Acta NGK* 1880: 54-57 art X in die bylae De Sending in *De Christen* 24 September 1880:7-8). Die regsgeldigheid van enige wetswysigings was dus afhanklik van die goedkeuring van die Binnelandse Sendingkommissie.

3.5.7. Die bevoegdheid van die meerdere vergadering met betrekking tot wanbestuur

Geen voorsiening word in die *Konstitusie* gemaak vir bepalings met betrekking tot die meerdere vergadering se bevoegdheid om self in plaaslike gemeentes in te gryp in die geval van wanbestuur nie.

3.6. Konklusie

Die NGSK was ondergeskik aan die NGK en was gevolglik ’n *ecclesia incompleta*. Die Binnelandse Sendingkommissie van die NGK het ’n vorm van bestuur bo die sinodale

strukture van die NGSK gevorm en het gevolglik as 'n hoër bestuursliggaam teenoor die NGSK opgetree. Die mag van die Binnelandse Sendingkommissie was groter as die van die NGSK. Artikel 84 van die DKO daarteenoor beklemtoon die selfstandigheid van die plaaslike kerk teenoor die meerdere vergadering. Artikel 84 van die DKO stel dit duidelik dat geen kerk, geen amptenaar oor 'n ander mag heers nie. Die plaaslike gemeente is dus, anders as wat die NGK dit in die konstitusie van die NGSK daargestel het, *ecclesiae primae* en het primêre mag. In die NGK was die leer-, regeer- en tugmag gesetel. Uit bovermelde blyk dit dat die NGK as plantende en/of sendende kerk, die reg, superioriteit asook leidende mag behou het. Op die vraag of die plantende kerk, dit wil sê die sendende kerk geen reg of superioriteit of enige leidende mag oor haar geplante kerk het nie, antwoord Voetius immers volgens Pol (1910:20) in sy in *Pol Ecclesiastica*, Deel 111, Boek 11, Tractaat 1, hoofstuk 1, V, 5 ontkenend. Voetius is van mening dat die geplante kerk nie verplig kan word om *classicaal* of sinodaal in korrespondensie te bly met die kerk wat haar geplant het nie:

Kunnen de geplante kerken vanwege de verkregen weldaad der planting verplicht worden, om voortdurend en meer bijzonderlijk eenigheid en correspondentie te onderhouden met haar plantster, hetzij dan classicaal of synodaal? Antwoord: Ontkenend. Zulk eene eenheid moet haar grond hebben in de toestemming van de beide partijen, zij moge dan stilzwijgend of opzettelijk gegeven worden; doch niet in eenig imaginair (denkbeeldig) recht, dat de plaats inneemt van idee van Plato, nl. Het algemeene vóór vele.

(Voetius 1910:20).

Voetius is van mening dat enige leidende mag oor haar geplante kerk tiperend is van die reg van die pous en/of van 'n biskopstad (1910:20). In die geval van die NGSK wou die NGK leidende mag oor die geplante kerk behou. Reeds in 1883 vertaal dr G H J W J Geesink Voetius se *Beginselen van Gereformeerde Kerkrecht* waarin dit duidelik blyk dat Voetius drie kerklike vergaderings onderskei wat sou bestaan uit predikante en kerkraadslede (Geesink 1883:57). Voetius maak in sy *Beginselen van Gereformeerde*

Kerkrecht nie voorsiening dat die sendende kerk sittingsreg en besluitnemingsbevoegdheid behou oor die geplante kerk in of die mindere of die meerdere vergaderinge nie. Voetius is afwysend dat genoemde vergaderings deur die predikante of predikante alleen gehou kan word. Hy is van mening dat die regering in die hande van enkeles ooreenkomste met die Roomse praktyk toon. Voetius (1883:59). bevestig vervolgens dat alle vergaderings dieselfde mag het: “Gelyk toch alle partikuliere kerken dezelfde macht en autoriteit hebben, en de kleinste hierin voor de grootste niet onderdoet, zoo geldt dat ook voor de vergaderingen hunner kerkeraden” Onder die *classis* verstaan Voetius (1883:59) die vergadering van naburige kerke wat deur haar afgevaardigdes hetsy predikante of ouderlinge verteenwoordig word. Die *classicale* vergadering dien volgens Voetius (1883:59) tot onderlinge korrespondensie, vereniging en gemeenskap, tot onderlinge stigting en opbouing, tot onderlinge bystand wanneer byvoorbeeld ’n partikuliere kerk in die moeilikheid raak. Sulke vergaderinge het volgens Voetius (1883:59) nie ten doel om heerskappy oor die partikuliere kerk uit te oefen nie. Veeleerder is dit ten doel om die partikuliere kerk in haar mag en wysheid te handhaaf teen wie haar die mag en vryheid wil ontnem. Onder ’n Algemene of Nasionale Sinode verstaan Voetius dat dit ’n byeenkoms van kerke, verteenwoordig deur afgevaardigdes uit die Provinsiale Sinodes is. Die doel van die sinodale vergadering is volgens Voetius (1883:60) om die belydenis van die gemeenskaplike geloof en die praktyk van die godsaligheid te bevestig, te bevorder en te bewaar. Die sinodale vergaderinge het nie ten doel om heerskappy oor die kerke uit te voer of om die kerke van haar vryheid te beroof nie:

Veeleerder tot opbouwing der kerken in ’t algemeen en in ’t bijzonder tot bewaring der Christelike vrijheid en autoriteit, die iedere partikuliere kerk van Christus heeft ontvangen. Tevens tot beslissing van geschillen, in een of ander particuliere kerk

ontstaan, en door eigen kerkeraad of classicale vergadering niet konden uitgemaakt. Warbij dan vriendelijk vermaan en particuliere deputatie dient vooraf te gaan; om eerst waar en vast te stellen, naar het exempel van het in Han 15 beschreven Concilie.
(Voetius 1883:60)

Reeds in sy *Pol Ecclesiatica, Deel III, Boek 11, Tractaact 1, hoofstuk 1,V, 7* is Voetius (1910:20) van mening dat die plantende kerk nie enige reg het om heerskappy oor die geloof te voer nie en kan die plantende kerk nie haar voorskrifte, kerklike reëls, gebruike, formule, orde wyse en/of wyse van predikdiens aan die geplante kerk opdwing nie. Hy is van mening dat elke geconstitueerde kerk haar eie vorm, regering en mag het:

Want elke geconstitueerde kerk bezit haar eigen vorm, regering en macht; even zoo goed als een mensch door de geboorte uit zijne ouders een eigen wezen en eene menschelijke gedaante heeft, van die zijner voortbrengers wel onderscheiden. Zoo wil dit niet nauwgezet vasthouden, zullen wij weer vervallen tot die oude en door de Reformatie vernietigde menschelijke inzettingen, als de kathedraalkerken en kerkelijke patronaatrechten.

(Voetius 1910:20-21)

Klem word dus gelê op die instemming, medewerking van die gelowiges by die konstituering van die kerk. Met sy stigting ontvang die geplante kerk dus kompleetheid in gesag en regering kragtens die feit dat Christus die Hoof van die Kerk is. Die NGK het egter deur die *Konstitusie* die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk verplig om korrespondensie met hul te behou en het sodoende voorgdyskap oor die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk asook latere sendingkerke behou.

HOOFSTUK 4

Die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde

Sendingkerk (1881-1994)

4.1. Algemene Inleiding

Hoofstuk 4 dek kursories die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (NGSK) tussen 1881 tot 2004. Die ontwikkeling van kerkreg in die NGSK kan nie losgemaak word van die kerkhistoriese ontwikkelings in Nederland asook in Suid-Afrika nie. Kronologies-histories gesien, val die stigting van die NGSK met die Doleansie asook met die sendingbeleid van die NGK saam. Sedert die wordingsjare van die NGSK was 'n hewige kerkregtelike stryd gevoer. Hierdie kerkregtelike stryd word in Hoofstuk 4 beoordeel teen die lig van die Doleansiekerkreg en die verdere ontwikkeling van die kerkreg in Nederland. Vanaf 1881 is 'n verbondenheid aan die Nederlandse kerkreg kenmerkend van die NGSK. Vele raak vlakke met die Doleansiekerkreg en/of die gepaardgaande kerkregtelike diskoers die afgelope eeu, kan in die kerkregtelike ontwikkeling van die NGSK onderskei word. Die navorser is van mening dat daar 'n relasie bestaan tussen die teologiese keuses wat die NGSK met betrekking tot die kerkreg en kerkregering gemaak het en die Doleansiekerkreg en of verdere diskoers met betrekking tot die *oud kerkrecht* en/of *nieuwe kerkrecht*. Drie fases kan in die NGSK se strewe na kerkregtelike selfverwesenliking onderskei word, naamlik Ondergeskiktheid aan die NGK (1881-1915), Beperkte outonomie onder die Grondwet (1915-1956) en Kerkregtelike

selfverwesenliking (1956-1982)¹ In Hoofstuk 4 word dié fases bespreek met verwysing na die volgende Doleansiekerkregbeginsels:

- i. Christus as hoof van die kerk,
- ii. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk,
- iii. Die karakter van die kerkverband,
- iv. Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering,
- v. Die tugreg ten opsigte van ampsdraers,
- vi. Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergaderinge,
- vii. Die bevoegdheid van die meerdere vergadering met betrekking tot wanbestuur.

4.2. Ondergeskiktheid aan die NGK (1881-1915)

Op Maandag 22 November 1880 het die Sinode van die NGK die *Konstitusie*² vir die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika goedgekeur (*Acta NGK* 1880:72). Die *Konstitusie* verskyn as art 217 tot art 226 in die *Kerkwet NGK (1881)* (Kriel 1981:158). Die Sinode van die NGK (1880) het aan die Binnelandse Sendingkommissie (=BSK) opdrag gegee om die heel eerste Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika, later bekend as Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (=NGSK) byeen te roep (Kriel 1963:71). Kennisgewings met betrekking tot die eerste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika het in ses agtereenvolgende uitgawes van *De Christen* vanaf 5 Augustus 1881 tot 10 Augustus 1881 verskyn (Loff 1981:24). Die stigtingsvergadering is deur die Binnelandse Sendingkommissie vir 5 Oktober 1881, op Wellington belê. Die hooflyne van die agenda van die Stigtingsinode was deur die NGK bepaal. Die *Konstitusie* was vooraf aan die

¹ Ds D P Botha (1981:158-164) onderskei in C J Kriel se *Die Eerste Eeu* drie fases in die kerkregtelike ontwikkeling van die NGSK te wete *Die tydperk van volkome ondergeskiktheid aan die Moederkerk (1881-1916)*, *Die tydperk van beperkte outonomie onder die Grondwet (1915-1958)* en *Die tydperk van groei van Grondwet tot akte van ooreenkoms (1958-1975)*.

² Sien ook Hoofstuk 3.5. 'n *Beoordeling van die Konstitusie*.

gemeentes en/of werkkringe gesirkuleer en hulle is sodoende in kennis gestel van die besluit van die NGK om 'n stigtingsvergadering byeen te roep. Die BSK het die gemeentes en/of werkkringe wat deur die NGK gestig is, of met die NGK in verband staan, versoek om kragtens art 221.2 van die *Konstitusie* afgevaardigdes na die Stigtingsinode te stuur:

Art 221.2. Een afgevaardigde ouderling der gemeente kan eenen Zendeling of afgevaardigde zenden dan die

- (a) Eenen Kerkenraad heeft zamengesteld en werkende overeenkomstig de Bepalingen voor het zamenstel van kerkenraden, by de Moederkerk in gebruik;
- (b) Ten minste een derde deel van het salaris van haren zendeling selve betaalt;
- (c) Een wier vastengoederen getransporteerd zijn op de volgende wijze: Op ABC (Namen van de Leden der Binnelandsche Zendingcommissie volledig gegeven) of andere namen door haar goedgekeurd met de woorden “ oor de Zendinggemeenten der Nederduitsche Gereformeerde Kerke te...

(Acta NGK 1880 art V bylae De Sending in *De Christen* 24 September 1880:8
asook *Kerkwet NGK 1881* Hoofstuk 1:87).

Die Sinode van die NGK (1880) het drie kwalifikasies vir die afvaardiging na die eerste Sinode van die sendinggemeentes bepaal:

- (i) daar moet 'n wettige Kerkraad bestaan,
- (ii) die Kerkraad moet ten minste 'n derde van die sendeling se salaris betaal,
- (iii) die eiendom moes volgens art 221.2. (c) op óf die NGK óf op die sendinggemeente se naam getransporteer wees.

Met die twee stoflike voorvereistes (art 221.2 (b) en (c)) word 'n afwyking van die Gereformeerde Kerkreg gevind waarvolgens sittingsreg op meerdere vergaderinge aan ampsdraers van die plaaslike gemeentes op grond van geloofsbriewe verleen is ongeag die finansiële vermoëns van die betrokke kerklike vergaderings.

Na die openingsrede, deur ds J H Neetling, sekretaris van die Binnelandse Sendingkommissie, op 5 Oktober 1881 is die eerste Nederduitsche Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika Sinode, as gekonstitueer verklaar (*Acta NGSK* 1881:6).³ Slegs 4 gemeentes uit 'n moontlike sestig gemeentes het egter hierdie Stigtingsinode

³ Sedert 1928 word die Nederduitsche Gereformeerde Zendingkerk die Nederduitsche Gereformeerde Sendingkerk (NGSK) genoem.

bygewoon (Kriel 1981:29-30). Elke gemeente is op grond van bovermelde vereistes op die Stigtingsinode getoets (*Acta NGSK* 1881:7). Eerw Johann Kretzen (George), eerw Dirk Jan Hendrik Ruytenbeek en ouderling Andries Overmeyer (Wynberg), eerw Johannes Petrus Rossouw (Zuurbraak), eerw Jacobus Cornelis Pauw⁴ en ouderling Jan Joeli (Wellington) is deur hul onderskeie gemeentes na die Stigtingsinode afgevaardig. Die sekretaris van die Binnelandse Sendingkommissie, ds J H Neetling, het deurgegee dat gemeentes, wat met die NGK in verband gestaan het en wat nie afgevaardigdes na die stigtingsvergadering gestuur het nie, te wete Beaufort-Wes, Elandskloof, Middelburg en Ceres, voortaan onder die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika sou resorteer. Daarteenoor sou Murraysburg, Graaf-Reinet, Victoria-Wes, Richmond uitgenooi word om deel te word van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk (*Acta NGSK* 1881:6-7). Ds J H Neetling het daarop gewys dat op grond van art 221 en art 219 die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk wel gemeentes buite die NGK kon opneem (*Acta NGSK* 1881:7).

Eerwaarde Dirk Jan Hendrik Ruytenbeek⁵ is as eerste moderator van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika gekies (*Acta NGSK* 1881:6). Hy het die *Konstitusie* voorgelees en verduidelik (*Acta NGSK* 1881:6). Eerwaarde Johan Kretzen is as assessor en eerwaarde Johannes Cornelis Pauw is tot scriba sinodi, actarius en penningmeester gekies (*Acta NGSK* 1881:6).

Die bepalinge van die *NGK se Wetboek* was in sodanige gevalle waarvoor die *Konstitusie*

⁴ 13 Desember 1837 tot 13 Junie 1918. Hy was in Leiden, Nederland, op 13 Desember 1837 gebore. Sy ouers was lidmate van die Christelike Afgescheidene Kerk. Hy het opleiding ontvang by die Vrye Skotse Kerk in Amsterdam en was gedurende 1861 tot die bediening van die Woord toegelaat. Hy het op 26 September 1861 in Suid-Afrika aangekom. Hy is op 15 April 1863 op Zoar georden. Gedurende 1877 was hy na Zuurbraak beroep waar hy twee jaar gedien het. Teen 1881 het hy die sendinggemeente in Wellington bedien. Hy is as scriba sinodi van die NGSK in 1881 en as moderator van die NGSK in 1891, 1892, 1896, en 1908 gekies (Kriel 1963:161 voetnota 124, Kriel 1981: 66-67, Joubert 1932:227).

⁵ Eerwaarde D J H Ruytenbeek was in 1819 in Nederland gebore en het in 1851 onder beskerming van die Sendingkommissie as onderwyser na Suid-Afrika gekom en word hoof van 'n skool in Wynberg. Hy was die eerste redakteur van die *Volksvriend* en was gedurende 1885 as sendeling georden. Hy het 1862 die sendelingseksamen afgelê en word in 1881 as hulp-prediker van dr P E Faure van die NGK Wynberg georden. Hy het die buitewyke Houtbaai, Kalkbaai en Phillipi, Constantia en Nuweland bedien. Hy emeriteer 1889 en sterf 1904 te Beaufort-Wes (Kriel 1963:73, Kriel 1981: 66-67, Joubert 1932:227).

nie voorsiening maak nie, van toepassing in die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk (Kriel 1981:33). Byvoorbeeld daar is geen bepaling in die *Konstitusie* met betrekking tot die byhou van doop- en lidmaatregisters nie. Tog was elke gemeente van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika verplig om genoemde registers by te hou en afskrifte van registers by die Sinode van die NGK in te dien. Die bewaring van die dokumente was die verantwoordelikheid van die NGK.

Op die Stigtingsinode het die selfstandigheid van die gestigte Sendingkerk ter sprake gekom, toe eerwaarde Paulus Teske,⁶ sendeling van Beaufort-Wes, beswaar aangeteken het teen die stigting en organisasie van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk (*Acta NGSK* 1881:9-12). Hy het die regsgeldigheid van art 226 bevraagteken wat aan die Sinodale Binnelandse Sendingkommissie vetoreg ten opsigte van alle wette en bepalinge wat deur die Sendingkerk gemaak mag word, verleen het (*Acta* 1881:9-12 asook Kriel 1981:31). Paulus Teske het van die veronderstelling uitgegaan dat die oorspronklike gesag by die plaaslike gemeente lê en dat die meerdere vergadering slegs afgeleide gesag het. Paulus Teske se beswaar teen die daarstelling van 'n aparte sendingkerk op grond van die aanvaarde *Konstitusie* was vanaf Woensdag 5 Oktober tot Vrydag 7 Oktober 1881 bespreek (*Acta NGSK* 1881:9-12). Hy het op Vrydag 7 Oktober 1881 voorgestel dat die vergadering die Binnelandse Sendingkommissie (=BSK) versoek om by die NGK se eerskomende Sinode 'n beskrywingspunt met betrekking tot die wysiging van art 226 in te dien. Indien die Binnelandse Sendingkommissie dit egter nie wou doen nie, het hy aanbeveel dat die vergadering sodanige beskrywingspunt by die eersvolgende Sinode van die NGK moes indien (*Acta NGSK* 1881:10-11). Teske het ook voorgestel dat die vergadering uitgestel moes word tot na die Sinode van die NGK. Sy volledige voorstel lui

⁶ Paulus Teske het op 26 September 1861, saam met eerwaarde Jacobus Cornelius Pauw, uit Nederland in Tafelbaai aangekom. Hy was gedurende 1862 in die werkkring in Beaufort-Wes deur ds Krige van die NGK Prins Albert georden. Hy was veral deur die Afscheiding en die kerkregtelike stryd in Nederland beïnvloed. Hy was assessor van die 2^{de}, 3^{de} en die 4^{de} sinodes van die NGSK. Hy sterf 1897 (Joubert 1932:230).

as volg:

Dat deze vergadering van gevoelen is dat art 226 in het besluit van de HE Synode van 1880 geheel in stryd is met het begrip eener kerk, die zich vry en onafhanklik kan bewegen en ontwikkelen; dat dit artikel mede en middel is of kan zijn om het wantrouwen dat reeds so diep bij de gekleurde bevolking bestaat, te doen toenemen – en eiendelijk dat artikel alzoo een middel kan zijn om andere gemeenten of lichamen, die zich anders met deze te stichten kerk zouden verenigen, te vervreemden. Dat, daarom deze vergadering de H.E. Zending Commissie verzoeken bij de naaste H.E. Synode een voorstel in te dienen om bovernoemd artikel 226 te rooijeren en ingeval die Zending Commissie daartoe geene vryheid mogt gevoelen dat dan deze vergadering een beschrijvingspunt dienaangaande inbrengen in de hoop dat het de H.E. Synode behagen moge dat artikel weg te nemen - en dat verder deze vergadering adjournere tot na de zitting der eerst komende H.E. Synode.

(Acta NGSK 1881: 10-11)

Die ouderling van Beaufort-Wes, Damon Titus, het Teske se voorstel gesekondeer (*Acta NGSK* 1881:12). Die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika (1881) het Paulus Teske se voorstel verwerp en het daarmee die konstitusionele riglyne, soos vasgelê deur die NGK, aanvaar. Paulus Teske was nie bereid om deel van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk te word nie, aangesien hy van mening was dat die NGSK 'n onsuiwre kerkbegrip huldig. Hy het gevolglik kennis gegee dat Beaufort-Wes nie lid van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika kan word nie, maar dat hy graag, soos in die verlede, direk onder die Binnelandse Sendingkommissie sou wou funksioneer: “Geef kennis dat hy die Vergadering verlaat en van deze Zendingkerk geen lid kan zijn en dat hy als voorhen met zijne gemeente onder die H.E. Zending Commissie blyf” (*Acta NGSK* 1881:12).

Teenoor die besluit van die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika (1881) het Paulus Teske sy eie geworteldheid in die Gereformeerde Kerkreg en kerkregering beklemtoon. Paulus Teske gaan van die veronderstelling uit dat 'n Sinode die regsbevoegdheid behoort te hê om besluite te kan verander en dat sodanige

bevoegdheid nie aan 'n subkommissie van 'n ander kerk gesekondeer kan word nie. Op aanbeveling van die scribe, eerwaarde Cornelius Pauw, het die Sinode eenparig besluit dat hulle aan Paulus Teske en Damon Titus adviserende stemme sou verleen. Teske en Titus het met adviserende stem die res van sittings bygewoon (*Acta NGSK* 1881:12).

4.2.1. Selfstandigheid van die plaaslike gemeente

Paulus Teske is van mening dat die art 226 afwyk van 'n suiwer kerkbegrip en dat dit gevolglik die selfstandigheid van die NGSK in gedrang bring (*Acta NGSK* 1881:10). Volgens Teske behoort 'n kerk vry en onafhanklik te wees. Hy is van mening dat die artikel wantroue by die sogenaamde gekleurde bevolking tot gevolg kan hê en dat dit uiteindelik tot gevolg kan het dat ander gemeentes wat hul by die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk sou wou aansluit, daardeur afgeskrik kon word (*Acta NGSK* 1881:10).

Op die stigtingsvergadering is die *Konstitusie* aanvaar wat onder andere die selfstandigheid van die plaaslike gemeente as een van die grondbeginsels van die Doleansiekerkreg in gedrang gebring het. Die regerende mag hoort volgens art 226 tuis by die Binnelandse Sendingkommissie deurdat die NGK en hul subkommissie besluite van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk kon veto. Al die besluite van die NGSK sou onderworpe wees aan die goedkeuring van die NGK (Smith 1972:40). Daarteenoor staan die outonomieit en/of selfstandigheid van die plaaslike gemeente vir Teske sentraal. Paulus Teske pleit dat die selfstandigheid van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk erken en eerbiedig sal word. Hy beskou die art 226 as in stryd met 'n Gereformeerde kerkbegrip. Teske het op die Stigtingsinode gevra of die

Sinodale Binnelandse Sendingkommissie (=SBSK) nie afgeskaf kon word nie. Ds Botha, lid van die Sinodale Binnelandse Sendingkommissie het daarop geantwoord dat dit nie gedoen kan word nie, omrede art 221 waardeur die reg van sitting en stemreg aan die lede van die Sinodale Binnelandse Sendingkommissie op die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk verleen word, slegs deur die NGK self op hul eersvolgende Sinode verander kon word (*Acta NGSK* 1891:2).

4.2.2. Die karakter van die kerkverband

Op die Stigtingsinode van die NGSK 1881 het die vier gemeentes: George, Wynberg, Zuurbraak, Wellington, gesamentlik 'n eenheid, 'n kerkverband gevorm. Die gemeentes is in lyn met art 220 van die *Konstitusie* in twee Ringe, naamlik 'n Oostelike Ring en Westelike Ring verdeel (*Acta NGSK* 1881). Met kerkverband word 'n eenheid in kerkregtelike sin veronderstel. Die kerkverband in die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk was 'n konfederasie van selfstandige plaaslike gemeentes en/of werkkringe wat vrywillig tot die verband toegetree het. Die plaaslike gemeentes en/of werkkringe het die reg gehad om tot die kerkverband toe te tree en/of uit te tree. Elke gemeente wat tot die kerkverband toetree, moes volgens art 221 oor 'n Kerkraad beskik wat die gemeente op die meerdere vergaderinge verteenwoordig en die gemeente plaaslik bestuur. Na die Stigtingsinode het Graaff-Reinet, Aberdeen en Middelburg by die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk aangesluit (Kriel 1963:83-84).

Paulus Teske is van mening dat 'n kerk tot stand kom deur middel van 'n aantal gelowiges wat onderling met mekaar in verband tree. Teske kon appelleer teen die besluit van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika Sinode van 1881, maar hy

het verkies om hom by die besluit te berus en skakel in die tweede Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika Sinode 1891 met sy gemeente, Beaufort-Wes, in by die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika (Kriel 1981:35). Paulus Teske het sedert 1891 onverpoos gepoog om die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk kerkregtelik van binne te verander. Op sy vraag op die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika (1891) of sy toetrede tot die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk 'n invloed sou hê op die verhouding waartoe sy gemeente met die Ringsendingkommissie staan, het die sekretaris van die Binnelandse Sendingkommissie, ds Botha, ontkennend geantwoord (*Acta NGSK* 1891:2). Op voorstel van ds W Murray, predikant van die NGK Worcester, en lid van die BSK het die Sinode besluit dat finansiële state wat die verskillende gemeentes jaarliks aan die BSK moes opstuur, voortaan deur die sekretaris van die kommissie van die Sinodale Vergadering van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk, aan die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk Sinode voorgelê moes word. Die gemeentes wat nie onder die toesig van die BSK gestaan het nie, moes hul finansiële state direk aan die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk stuur (*Acta NGSK* 1891:5).

Geen Ringsvergadering het sedert die Stigtingsinode (1881) plaasgevind nie. In hoofsaak het die Sinode van Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika (1891) in sy werksaamhede as Ring gefungeer (Kriel 1981:39). Op dié Sinode, met twaalf sendelinge en tien ouderlinge van onderskeidelik sestien gemeentes as afgevaardigdes, was Paulus Teske as assessor gekies. Dié posisie het hy tot 1896 bekleed. Eerw C J Pauw is op dié Sinode as moderator gekies. Teske het op die Sinode voorgestel dat die Sinode 'n kommissie benoem om 'n eie kerkorde vir die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk op te stel: "Br Teske over het in werking brengen van Art 221-2, en het aanstellen van 'n Commissie om, gedurende het recess, een vereenvoudigd Wetboek, uit de Wetten en Bepalingen der Nederlandsche Gereformeerde Kerk, op te stellen, aan de volgende

Vergadering voor te leggen” (*Acta NGSK* 1891:4). Die voorstel was aanvaar en ’n kommissie, bestaande uit die moderatuur en lede van die Binnelandse Sendingkommissie, naamlik di Botha van NGK Philadelphia en De Wet van NGK Villiersdorp, was aangewys (Kriel 1963:107).

Het worde aan de Moderatuur met di Botha en De Wet opgedragen, gedurende die recess een afskrift te maken van die Wetsartikelen uit de Algemeene Wette en Bepalingen der Kerk, welke betrekking hebben op de Zendinggemeenten en de Synode der Zendingkerk, en dat afskrift bij de eerstkomende Vergadering voor te leggen.

(*Acta NGSK* 1891:6)

Die drang na kerkregtelike selfverwesenliking was volgens Kriel deurgaans aanwesig (1981:160). Teske het van die veronderstelling uitgegaan dat die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk ’n selfstandige kerkregtelike posisie behoort te hê daarom sy voorstel vir ’n eie kerkorde vir die sendinggemeentes wat met mekaar in verband gestaan het. Hy het ’n onderskeid gemaak tussen die selfstandigheid van ’n kerk en beheer van buite. Die wetgewende mag van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk was volgens die *Konstitusie* gesetel in die NGK. Teske was van mening dat die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk nie ’n ondergeskikte posisie behoort te hê nie (Kriel 1981:39).

Op 7 Julie 1892, agtien maande na die tweede Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk, het die derde sinode van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika te Kimberley plaasgevind (Kriel 1981:36). Eerww C J Pauw is as moderator en Paulus Teske is as assessor herkies (*Acta NGSK* 1892:12-13). Op dié Sinode is daar oorgegaan tot die herverdeling van die gemeentes in twee Ringe naamlik die Westelike Ring (Wellington, Wynberg, Zuurbraak, Malmesbury, Ceres, Elandskloof, Kaapstad, Riebeek-Kasteel en Montagu) en die Middellandse Ring (George, Beaufort-Wes, Middelburg, Graaff-Reinet, Beaconsfield, Kimberley en Richmond) (*Acta NGSK* 1892:20). Al bovermelde gemeentes was op dié Sinode verteenwoordig. Ds P

Teske is as voorsitter en ds A Weich is as scriba van die Middellandse Ring gekies, Eerw C J Pauw is as voorsitter van die Westelike Ring gekies en eerw B Pienaar as scriba (*Acta NGSK* 1892:22-23). Beide die Westelike Ring en die Oostelike Ring het op 11 Julie 1892 vir die eerste keer gekonstitueer (Kriel 1981:40).

Op die derde Sinode van die Nederduitsche Gereformeerde Zendingkerk (1892) het die kommissie vir die opstel van 'n vereenvoudigde wetboek, waarvan Paul Teske self 'n lid was, gerapporteer dat hul die opdrag nie uitgevoer het nie, aangesien hul van mening was dat die tyd vir 'n eie wetboek nog nie ryp was nie. Die Sinode het kennis geneem van die verslag van die kommissie (*Acta NGSK* 1892:15). Verder het die Sinode ook besluit dat artikels van die *Wette en Bepalinge van die NGK* deur die Nederduitsche Gereformeerde Zendingkerk handhaaf moes word (*Acta NGSK* 1892:17). Op voorstel van eerw Teske dat die Sinode die BSK sal versoek om te verklaar of hul die transport en dokumente van die Beaufort West behoorlik ondersoek het en as eiendom vir die NGK gewaarborg is, het die BSK instemmend geantwoord:

Ds Botha verklaar nu, in de naam van de Syn. Binnelandsche Zending commissie, op grond van rechtgeleerde opinie, door haar ingewonnen, dat de vaste eigendommen van de Zendinggemeente der Ned. Geref. Kerk te Beaufort West, volgens transportacten dier eigendommen, behoorlijk voor de Ned Geref Kerk gewaarborgd zijn .

(*Acta NGSK* 1892:18)

Teske het, onder andere by die Stigtingsinode die voorwaarde dat die eiendom aan die NGK volgens *Konstitusie* getransporteer moes word, as kerkregtelik juis betwyfel (Kriel 1963:107). In 1892 het Teske die voorvereiste nagekom deurdat ook Beaufort-West se eiendom vir die NGK gewaarborg was.

Op 9 tot 11 September 1896 het die vierde Sinode Nederduitsche Gereformeerde Zendingkerk te Wellington plaasgevind. Eerw A F Weich is op die Sinode as moderator

gekies (*Acta NGSK* 1896:5).⁷ Twintig gemeentes was deur hul afgevaardigdes, 15 sendelinge en 17 ouderlinge, op die Sinode verteenwoordig (Kriel 1963:87).⁸ Op dié Sinode 1896 was geen beskrywingspunte met betrekking tot die daarstelling van 'n eie wetboek ingedien nie (*Acta NGSK* 1896:5-8). Eers op die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk-Sinode 1908 het die kwessie oor die daarstelling van 'n eie wetboek vir die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk weer aan die orde gekom. Eerwaarde S Weich, predikant van Malmesbury, het op die Sinode voorgestel dat die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk moes oorgaan tot die opstel van 'n eie wetboek vir die omstandighede en behoeftes van die binnelandse sendingkerk: “De synode neme in ooverweging of de tijd nu niet gekomen is, dat er een ekstrakt uit het wetboek gemaakt worde, met nodig geachte bijvoegingen, geschikt en toepasselijk voor de tegenwoordige omstandigheden en behoeften der binnelandse zendingkerk (*Acta NGSK* 1908:11).

Die voorstel van eerwaarde S Weich, was deur die Binnelandse Sendingsekretaris, ds J du Plessis, gesteun (Kriel 1981:160). Ds Du Plessis het gemeen dat daar 'n reglement vir die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk opgetrek kon word, mits dit nie indruis teen die wette en bepalinge van die NGK nie. Eerwaarde Weich het dit duidelik gestel dat dit nie sy bedoeling is om die *Wetboek van die NGK* oor boord te gooi nie, maar dat hy vir 'n ekstrak pleit vir soverre dit vir die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk nodig is (*Acta NGSK* 1908:11). Twyfel het op die Sinode bestaan of die Nederduitse

⁷ Hy was van Duitse afkoms. Hy was gebore op die sendingstasie Komaggas, Namakwaland, waar sy vader leraar was van die Rhyense Sendinggemeente. Hy het die gemeentes Murraysburg (Kaapland) en Zionskerk in Paarl bedien. Hy aanvaar emeritaat in 1910 (Joubert 1932:227-228).

⁸ Teen 1908 was slegs 10 gemeentes, te wete, Wellington, Wynberg, Ceres, Malmesbury, Ebenezer (Kaapstad), Paarl, Oudtshoorn, Beaconsfield, Calvinia en Britstown finansiële selfstandig. Al die ander gemeentes, wat alreeds 'n eie leraar besit het, was met 'n jaarlikse toelaag, vanaf £20 tot £60, uit die Binnelandse Sendingkas ondersteun (*Almanak* 1908:27). Beaufort-Wes was dus een van die gemeentes wat afhanklik was van steun van die Binnelandse Sending. In samewerking met Binnelandse Sendingkommissie was in elke Ring 'n Ringsendingkommissie saamgestel wat binne die Ringsersort van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk die

Gereformeerde Zendingkerk haar van die wette en bepalinge van die NGK onttrek het (Kriel 1963:107). Die leraar van Wellington, eerw J C Pauw, het gevra of die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk die reg het om haar te onttrek van die wette en bepalinge van die NGK. Daar was gevolglik op die Sinode 'n kommissie benoem, bestaande uit die moderatuur, eerww C J Pauw, H Dekker, I D Pienaar, asook die leraars van onderskeidelik Malmesbury, eerw S Wiech, en Woodstock, eerw J P De Villiers, asook ds J Du Plessis, sekretaris van die Binnelandse Sendingsubkommissie,⁹ om 'n konsep wetboek op te stel en aan die volgende Sinode van die NGK voor te lê vir bekragtiging:

Deze vergadering drage het aan een kommissie op om een concept reglement op te trekken en aan de moederkerk-synode sanktie te vragen, met dien verstande, dat dit niet indruist tegen de bepaalde wetten der moederkerk en dat het konsept eerst wordt gelegd voor de volgende synode en dat het dan uit naam der synode door de zending kommissie aan de synode der moederkerk zal worden voorgelegd.

(Acta NGSK 1908:11)

Op die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika (1912) het 'n gedrukte vorm van die konsep wetboek gedien (*Acta NGSK* 1912:9). Dit het bekend gestaan as die *Wetten en Bepalingen voor het bestuur van de Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk in de Kaapprovinsie van Zuid-Afrika*. Die Sinode het besluit om die behandeling van die konsep wetboek te staak, omdat slegs die NGK die bevoegdheid gehad het om kerklike bepalinge vir die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk te ontwerp en/of te wysig (Kriel 1981:160 vergelyk ook art 226 van die *Kerkwet van die NGK 1881*). Die NGK was gevolglik deur die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk (1912) versoek om 'n konsep wetboek te ontwerp (*Acta NGSK* 1912:10-11). Die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk se

belange van die sending behartig het. Die finansies van die verskillende Ringe was deur die Binnelandse Sendingkommissie beheer (*Almanak* 1908:27).

⁹. Op die Sinode van die NGK (1903) het die ou Binnelandse Sendingkommissie opgehou om te bestaan. Die Algemene Sinodale Sendingkommissie is op die Sinode in sub-kommissies verdeel. Die Binnelandse Sending-subkommissie het tot stand gekom wat verantwoordelik was vir uitbou van die NGSK. Die Binnelandse Sending-subkommissie het sitting op die Sinode van die NGSK gehad (Kriel 1981:41).

verandering van die konstitusie was afhanklik aan die ratifisering, bekragtiging en/of goedkeuring deur die NGK se Binnelandse Sending-subkommissie.

4.2.3 Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering

Die lede van die Binnelandse Sending-subkommissie van die NGK het sittingsreg en stemreg op die Sinode van die NGSK gehad (vergelyk art 226 van die *Konstitusie* asook Kriel 1981:161). Volgens art. 33 van die Dordtse Kerkorde (= DKO) behoort slegs afgevaardigdes met 'n getekende geloofsbrief sittingsreg by 'n meerdere vergadering te kry: "Die tot de samenkomsten afgezonden worden, zullen hun credentiebrieven en instructiën, ondertekend zijnde van degenen die ze zenden, medebrengen, en dezen zullen alleen keurstemmen hebben." Op die meerdere vergadering van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk was die NGK verteenwoordig deur die Binnelandse Sending-subkommissie. 'n Meerdere vergadering is egter volgens die Doleansiekerkreg 'n vergadering van kerke wat vrywillig in kerkverband met mekaar staan. Die *Konstitusie* van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk gaan nie van die primordiale reg van die plaaslike gemeente uit nie, aangesien groter mag aan die NGK se Binnelandse Sending-subkommissie verleen is as die plaaslike gemeente. Volgens art 36 van die DKO is daar 'n prinsipiële verskil tussen die gesag van die Kerkraad en die meerdere vergadering: "Hetzelve zeggen heeft de classe over de kerkenraad, het welk de Particuliere Synode heeft over de classe, en de Generale Synode over de Particuliere."¹⁰

¹⁰ Kerkenordening gesteld in de Nationale Synode de Gereformeerde Kerken binnen Dordrecht in de jaren 1618 en 1619 (=DKO)

4.2.4. Die tugreg ten opsigte van ampsdraers

Reeds op die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk van Zuid-Afrika (1891) het Teske die vraag gevra in hoeverre die kerklike wette van die NGK vir die uitoefening van die kerklike tug vir die sendinggemeente bindend was. Die voorsitter, eerw JC Pauw, het geantwoord dat volgens art 219 van die *Konstitusie* die bepalinge bindend is in soverre die omstandighede en behoeftes van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk toepaslik was (*Acta NGSK* 1891:5). Geen voorsiening vir afsetting van ouderlinge, diakens en sendelinge was in die *Konstitusie* gemaak nie. Die NGK het alreeds in 1824 'n vierde amp ingestel, naamlik die amp van die sendeling. Die sendeling was iemand wat opleiding ontvang het om die evangelie aan die sogenaamde heidene te verkondig. 'n Reglement vir die ordening van sendelinge was in 1826 goedgekeur. Volgens prof C J Kriel word reeds met art 221 en 222 van die *Konstitusie van die Sendingkerk (1881)* die dubbele lidmaatskap van sendelinge in die vooruitsig gestel (*Skema NGSK* 1978:70). Die sendelinge sou direk onder die opsig en tug van die NGK ressorteer (Kriel 1981:160). Met betrekking tot die tugreg oor sendelinge is die selfbeskikking van die NGSK deur bogenoemde bepalinge aan bande gelê. Die NGSK moes met betrekking tot die tug van sendelinge handel ooreenkomstig die bepalinge van NGK (Kriel 1981:33).

Die kwessie van tugreg ten opsigte van die sendelinge het 1908 aan die orde kom. Die Middellandse Ring het die Sinode versoek om hul besluit te bekragtig insake die saak van die gewese leraar van Upington, J A Van Niekerk. Hulle het J A van Niekerk weens onsedelike gedrag afgeset. Die Middellandse Ring het die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk-Sinode versoek om J A van Niekerk af te set van sy amp as leraar en sy status terug te trek, aangesien algehele afsetting alleen deur die Sinode kon geskied (*Acta NGSK*

1908:4). Die Sinode het eenparig besluit dat J A van Niekerk onbevoeg is vir die leraarsamp en het sy status ontnem: “De uitspraak van de Synode is, dat J A van Niekerk wegens het bedreven kwaad onbevoegd is tot het leraars ambt en hem mits deze zijn status ontnemt. Waardeur nu verstaan wordt, dat genoemde persoon ophoudt leraar te zijn” (*Acta NGSK* 1908:5).

Die Sinode van die NGK (1908) het die hele aangeleentheid met betrekking tot die tug van die sendelinge na hul Regskommissie verwys ten einde die Sinode met advies te bedien (Kriel 1963:108). Onder andere moes die Regskommissie vasstel of dit binne die bevoegdheid van die Nederduitsche Gereformeerde Zendingkerk sou lê om ’n sendeling te skors en/of af te set. Die Sinode van die NGK (1909) het op aanbeveling van die Regskommissie besluit dat die Sendelinge onder die tug van die Ringe van die NGK wat hulle gelegitimeer het, staan (*Acta NGK* 1909:101). Die Nederduitsche Gereformeerde Zendingkerk was dus nie bevoeg om ten opsigte van wangedrag sendelinge te skors en/of af te set nie. Die Sinode van die NGK (1909) het ook besluit om die hele aangeleentheid insake die uitoefening van die kerklike tug na die Binnelandse Sending-subkommissie te verwys wat by die volgende Sinode verslag moes lewer (*Acta NGK* 1909: 92).

Sedert 1908 het die Nederduitsche Gereformeerde Zendingkerk haar beywer dat die reg om die tug uit te oefen ten volle erken word. Die Sinode van die Nederduitsche Gereformeerde Zendingkerk (1912) het na aanleiding van die uitspraak van die Sinode van die NGK (1909) ’n mosie aanvaar (met die steun van ds D S Botha van die Binnelandse Sendingkommissie) dat die Nederduitsche Gereformeerde Zendingkerk self

die tug op die sendelinge behoort toe te pas (Botha 1981:160). Die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk beklemtoon met dié besluit op voetspoor van die DKO art 37 dat die tugreg van die Kerkraad van die plaaslike gemeente, nie op die Ring of Sinode of die Binnelandse Sending-subkommissie oorgedra kan word nie.¹¹ Die Sinode van die NGK (1915) het egter besluit dat hierdie reg alleen die NGK toekom.

4.2.5. Die appèlreg ten opsigte van die besluite van 'n meerdere vergadering

Die besluite van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk was volgens art 226 onderworpe aan die goedkeuring van die NGK. Art 226 ken aan die Binnelandse Sending-subkommissie 'n dwingende mag toe (*potestas definitiva*). Wetswysigings was volgens art 226 van die goedkeuring van die Binnelandse Sending-subkommissie afhanklik. 'n Kommissie van die NGK te wete die Binnelandse Sending-subkommissie het as 'n soort hoër bestuur, 'n *senatus ecclesiasticus* of super-kerkraad, gefunksioneer wat onderwerping vra. Die NGK het bestuursmag oor en buite die plaaslike gemeente *locus classicus* van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk uitgeoefen. Die vetoreg van die Binnelandse Sending-subkommissie is tekenend van die beoefening van hiërargiese kerkregeringstelsel. In hiërargiese kerkregeringstelsel, anders as in 'n Gereformeerde kerkregeringstelsel is daar ruimte dat 'n laer bestuur se besluite deur 'n hoër bestuur vernietig en/of geveto kon word. Die aard van die gesag van die Kerkraad, die Ring en die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk en dié van die Binnelandse Sending-subkommissie van die NGK was nie dieselfde nie. Laasgenoemde kommissie het hoër gesag in vergelyking die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk

¹¹ Wanneer de dienaars des Goddelijken Woords, ouderlingen of diakenen een openbare grove zonde bedrijven, die der kerk schandelijk, of ook bij de overheid strafwaardig is, zullen de ouderlingen en diakenen terstond door voorgaand oordeel des kerkenraads

gehad. In die Binnelandse Sending-subkommissie van die NGK vind 'n kulminasie van mag plaas. Die kommissie kon oor sake handel wat uiteraard tot die bevoegdheid van die mindere of meerdere vergaderinge van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk tuishoort. Die Binnelandse Sending-subkommissie het teenoor die plaaslike gemeente dwingende, beslissende mag gehad. Die Binnelandse Sending-subkommissie het nie slegs adviserende stem nie, maar kon ook besluite van die NGSK veto en/of nietig verklaar. Die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk kon gevolglik geen wysigings aan die *Konstitusie* doen sonder die goedkeuring van die NGK nie, aangesien die Binnelandse Sendingkommissie kassasiereg ten opsigte van besluite van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk gehad het. 'n Nuwe formulering van die wette en bepalinge van die NGSK wat in enige opsig mag afwyk van die *Konstitusie* kon alleen plaasvind met goedkeuring van die NGK. Volgens DKO art 31 is besluite wat deur die meerdere vergadering geneem word, bindend met voorbehoud van die beperkinge in dié artikel:

So iemand zich beklaagt door de uitspraak der mindere vergadering verongelijkt te zijn, dezelve zal zich tot een meerder kerkelijke vergadering beroepen mogen; en hetgeen door de meeste stemmen goed gevonden is, zal voor vast en bondig gehouden worden, tenzij dat het bewezen worde te strijden tegen het Woord Gods, of tegen de artikelen in deze Generale Synode besloten, zo lang als dezelve door geen andere Generale Synode veranderd zijn.

(DKO art. 31)

4.3. Beperkte outonomie onder die grondwet (1915-1956)

Die tydperk 1916 tot 1956 kenmerk volgens Kriel (1981:160) dus 'n tydperk van beperkte outonomie. Op Sinode van die NGK (1915) is die *Konstitusie van 1880* herroep en het 'n konsep grondwet vir die NGSK goedgekeur (*NGK Wetboek* 1915 art 254-66). Die konsep grondwet is in die *NGK Wetboek* 1915 opgeneem. Die Sinode van

derzelve en der naast gelegene gemeente van hun dienst afgezet, maar de dienaars opgeschort worden. Maar of zij geheel van de dienst af te zetten zijn, zal in het oordeel der classe staan. (DKO art 79).

die NGSK (1916) het op voorstel van eerw J P de Villiers haar dank teenoor die NGK uitgespreek wat aan die NGSK die vryheid verleen het om haar eie wette en bepalinge te maak en het terselfdertyd dit aan haar kommissie opgedra om dadelik met gebruikmaking van die konsep wat alreeds 1912 opgestel was, sodanige wette en bepalinge vir gebruik in die NGSK te ontwerp in aanmerking nemende van die *Grondwet* van die NGK soos vervat in art 254-266 in die “*Wetboek van die Moederkerk* en die dan zoo spoedig mogelijk aan deze vergadering ter beoordeeling voor te leggen” (*Acta NGSK* 1916:6). Tot die kommissie is benoem die lede van die Binnelandse Sending-subkommissie, drie NGSK-leraars te wete, eerw J Breedt, S Cilliers en J P De Villiers asook twee ouderlinge, naamlik M A Vlotman van Beaufort-West en J Skrikker van Upington (*Acta NGSK* 1916:6). Na verskeie vergaderinge het die kommissie daarin geslaag om die eerste wette en bepalinge vir die NGSK op te stel. Die Sinode van die NGSK (1916) het toestemming verleen dat die 200-eksemplare van die wetboek gedruk word. Op genoemde Sinode¹² is die *Grondwet* waarin onder andere die samestelling van die kerkvergaderinge, kerkregering, belydenisgrondslag en eiendomsreg gereguleer is, amptelik in ontvangs geneem. Op dié Sinode is opdrag gegee dat bepalinge vir die werksaamhede van die kerk, wat nie in stryd met die *Grondwet* is nie, opgestel word en aan die volgende Sinode voorgelê word (Kriel 1981:160). Art 226 is op dié Sinode gewysig sodat dit die NGSK vry sou staan om binne die raamwerk van die *Grondwet* eie wette en bepalinge op te stel, te vermeerder, te vernietig, te verander, uit te brei of te verbeter (Kriel 1963:70). Die eerste konsep kerkwet vir die NGSK is teen Mei 1917 beskikbaar gestel vir verkoep (*Acta NGSK* 1920:34-35).

Op die Sinode van die NGSK (1920) is die konsep kerkwet deur die NGSK in behandeling geneem en gewysig om as die eerste *Wetten en Bepalingen voor het bestuur van de Nederduitsche Gereformeerde zending-kerk in zuid-afrika* die lig te sien (Botha in Kriel

¹² Teen 1916 het agt-en veertig gemeentes aan die NGSK behoort.

1981:160 asook *Acta NGSK* 1920:15-21). Die Sinode van die NGSK (1920) het aan die actuarius gemagtig om die veranderinge van die *Konstitusie* in die “wetboek” van die sendingkerk op te neem (*Acta NGSK* 1920:21). Op die Sinode van die NGSK (1924) is besluit om die *Wetten en Bepalingen voor het bestuur van de Nederduitse Gereformeerde zending-kerk in zuid-afrika* in Afrikaans te laat druk (*Acta NGSK* 1924:41). Die NGSK se outonomie was deur die NGK beperk, aangesien die NGK op eie diskresie die *Grondwet* kon wysig. Eers op die Sinode van die NGK (1940) is dié beperking opgehef.

4.3.1. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk

Die NGSK het bestaan uit alle sendinggemeentes, sendingwerkkringe en sendingwerksaamhede was deur die NGK gestig is, of anders met die NGK in verband staan en aan die NGSK oorgegee is (vergelyk art 327 *Wette en Bepalinge vir die bestuur van die NGK in SA* 1953:91). Art 2 van die *Grondwet* het bepaal dat die NGSK hom nie mag verenig met ’n ander genootskap of uitbrei buite die kerkressort van die NGK nie. Daardeur was die mag tot selfuitbreiding van die NGSK beperk (Jacobs 1951:66). Volgens art 2 van die *Grondwet* het die NGSK bestaan uit al die gemeentes wat deur die NGK en deur haar Binnelandse Sendingkommissie gestig is en kon enige selfuitbreiding of selfontplooiing van die NGSK kon egter alleenlik met die toestemming van die NGK of haar wettige opvolgers geskied. Eers in 1957 is die artikel gewysig om ook alle gemeentes wat deur die Sendingkerk self ooreenkomstig kerklike bepalinge gestig is of nog gestig sou word in te sluit (*Bepalinge en Reglemente van die NGK* 1957 art 1). Artikels 328 tot 330 wat onder andere betrekking het op die samestelling, voortbestaan, uitbreiding, opheffing van die NGSK, was eers op die Sinode van die NGSK (1966) ingrypend gewysig word. Die NGSK se outonomie was deur die *Grondwet* beperk. Die

NGSK kon self gemeentes stig met dien verstande dat die NGSK met geen ander kerkgenootskap kon verenig of mag uitbrei buite die kerkressort van die NGK nie, anders as met die toestemming van die Sinode van die NGK nie (art 328 *Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:91). Stigting van gemeentes buite die grense van die georganiseerde NGSK kon slegs met die toestemming van die Algemene Sendingkommissie¹³ plaasvind (art 329 *Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:91).

Die opheffing van gestigte gemeentes kon slegs geskied nadat die Ring van die NGSK en die Algemene Sendingkommissie goedkeuring daarvoor verleen het (art 330 *Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:91). In die geval van die opheffing van gestigte NGSK gemeentes neem die betrokke Ring van die NGSK asook die Algemene Sendingkommissie kerklike eiendom asook bates in bewaring en wend dit aan vir die doel waarvoor dit bestem was ook indien sodanige gemeente met 'n naburige gemeente verenig (art 330 *Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953: 91). Met die oog op gemeentes, werkkringe of werksaamhede wat te swak is om 'n leraar te onderhou, kon volgens 'n gemeente gevorm word deur die saamtrekking van twee gemeentes, werkkringe of werksaamhede onder toesig en in oorleg met die Kerkrade van die NGK en die Binnelandse Sendingkommissie (*Bepalinge Reglemente NGK* 1957 art 4 (c)). Uit bovermelde is dit duidelik dat slegs 'n beperkte mate van selfbeskikking aan die NGSK deur die *Grondwet* verleen was. Die regeermag van die NGSK was deur óf die NGK Kerkraad, óf Ring, óf Binnelandse Sending-subkommissie óf die Algemene Sendingkommissie beperk. Bogenoemde kerkvergaderings of kommissies van

kerkvergaderings van die NGK het sedert stigting van die NGSK as 'n hoër bestuursliggaam teenoor die Kerkraad, Ring en Sinode van die NGSK opgetree.

Alle eiendomme van die NGSK was onder die trusteeskap van die NGK. Die Sinode van NGK (1915) het met betrekking tot art 221 bepaal dat die oordrag/transportering van onroerende eiendom op naam van die Binnelandse Sending-subkommissie, of ander persone wat deur die kommissie goedgekeur as trustees vir en ten behoeve van sodanige gemeentes, Ring of Sinode geskied (Kriel 1963:69). Alle onroerende goedere wat verkry was ten behoeve van 'n afsonderlike gemeente of Ring of van die Sinode van die NGSK was of verkry sou word moes volgens art 340 op die naam van die Binnelandse Sending-subkommissie as trustees vir en ten behoeve van sodanige gemeente, Ring of die Sinode getranspoteer te word. Eers op die Sinode van die NGK (1940) is besluit dat Kerkrade van die NGSK voortaan op bepaalde voorwaardes eiendom op hul naam sou kon transporteer. Met die toestemming van die Binnelandse Sending-subkommissie kon onroerende eiendom op die naam van sodanige persone wat deur die Algemene Sendingkommissie goedgekeur is as trustees vir en ten behoeve van sodanige gemeente, Ring of die Sinode getranspoteer te word (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953: 95, art 340). In die geval egter waar 'n afsonderlike gemeente van die NGSK die hele koopskat van die onroerende eiendom byeengebring en afbetaal het, kon met toestemming van die Binnelandse Sendingkommissie, sodanige eiendom getranspoteer word op die naam van die Kerkraad van sodanige gemeente van die NGSK as trustees vir en ten behoeve van sodanige gemeente. Onroerende eiendom kon nie sonder die toestemming van die

¹³ Die Algemene Sendingkommissie was verantwoordelik vir die sendingwerk van die NGK (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:75).

Binnelandse Sending-subkommissie verkoop, vervreem, beswaar, met verband belas of andersyds mee gehandel word nie (*Wette en Bepalinge NGK in SA 1953: 95, art 340*).

Die taak van Kerkraad word, anders as in die geval van die *Konstitusie*, duidelik omskryf in die *Wette en Bepalinge van die NGSK* (Kriel 1961:285 asook *Kerkwet NGSK 1950* hoofstuk 3). Volgens artikel 333 van die *Grondwet* word elke gemeente verteenwoordig en bestuur deur 'n Kerkraad, saamgestel uit minstens een geordende leraar, twee ouderlinge en vier diakens wat hul ampspligte waarneem ooreenkomstig die onderskeie formuliere wat tot die bevestiging van sodaniges by die NGK in gebruik is en ooreenkomstig die kerklike wette en bepalinge van die NGSK (*Wette en Bepalings NGK in SA 1953:91*). Daarmee word voorsiening gemaak dat sendelinge en leraars van die NGSK deur middel van verskillende formuliere in die NGSK bevestig sou word.

In die geval waar die Kerkraad van die NGK twee derdes van die sendeling se salaris waarborg, het die NGK die sendeling beroep en selfs te verplaas. Die Kerkraad van die NGK het die waarborg tesame met die naam van die beroepende aan die NGSK Kerkraad gestuur. Die NGSK het in die geval slegs die beroepsbrief geteken. Waar die Binnelandse Sending-subkommissie twee derdes van die salaris bygedra het, het die Binnelandse Sending-subkommissie die sendeling beroep. Die Binnelandse Sending-subkommissie het die waarborg tesame met die naam van die beroepende aan die NGSK Kerkraad gestuur wat die beroepsbrief geteken het. Waar die NGK slegs 'n derde van die salaris bygedra het en die NGSK 'n derde bygedra het, het die plaaslike Kerkraad van die NGSK uit 'n lys van drie name van sendelinge wat die NGK aan die NGSK voorgelê die beroep uitgebring. Die NGSK was egter verplig om uit die voorgelegde

groslys 'n sendeling te beroep. Indien die NGSK in staat was om twee derdes van die salaris van die leraar by te dra, het die NGSK volgens art 339 die reg gehad om 'n sendeling te beroep (*Wette en Bepalings NGK in SA* 1953:91). Die NGSK kon nie tot beroep van 'n sendeling oorgaan nie, alvorens die minimum-salaris met vry inwoning gewaarborg is nie.

4.3.2. Die karakter van die kerkverband

Vir die gereelde uitvoering van kerklike besluite was die gemeentes onderling verenig in Ringe (*Kerkwet NGSK* 1950 art 58). In die *Kerkwet van 1917* word die funksie van die Ring omskryf: “De Ringen zijn belast met de zorg voor de belangen van den Godsdienst, de bewaring der goede orde en handhawing der Kerkelijke Wetten in hun resort” (*Kerkwet NGSK 1917* Art 50). Die take van die Ring het onder ander ingesluit kerklike ondersoek en tug. In 1956 het die NGSK bestaan uit 14 Ringe wat 132 gemeentes verteenwoordig het (Kriel 1963:159). Gedurende 1915-1956 was die Ringswerkzaamhede van die NGSK volgens Kriel op 'n vaste grondslag geplaas (1963:101). Die kerkverband en die samewerking van die NGSK berus op vrywillige instemming berus. Die kerkregering word in die NGSK uitgeoefen deur die Kerkrade, Ringsvergaderings en die Sinode (Art 331 *Wette en Bepalings NGK in SA* 1953: 91). Art 221.2. (b) van die *Konstitusie* wat te doen gehad het met die feit dat die samestelling van die meerdere vergadering afhanklik was van die finansiële vermoë van die plaaslike gemeente om 'n sendeling se emolumente te bekostig was nie in die *Grondwet van 1915* opgeneem nie (Kriel 1963:72): “Ten minste een derde deel van het salaris van haren zendeling selve betaalt” (*Kerkwet NGK* 1881:87). Die *Grondwet* bepaal dat die Sinode saamgestel word deur alle diensdoenende leraars en

'n afgevaardigde ouderling of oud-ouderling uit die onderskeie gemeentes (*Wette en Bepalings NGK in SA* 1953:1922:7). Die lede van die Binnelandse Sending-subkommissie het sittingsreg en stemreg op die Sinode en die Sinodale Kommissies van die NGSK behou (*Wette en Bepalings NGK in SA* 1953: 91, art 335).

4.3.3. Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering.

Volgens Kriel (1963:160) het die hoogste bestuur van die NGSK ten opsigte van kerklike sake by die Sinode berus. Ook op die Sinode van die NGSK (1937) word die Sinode aangedui as “die hoogste bestuur van die kerk en sy beslissings is bindend vir die hele kerk (art 77-79). Die Sinode maak alleen die wette vir die kerk wat bindend is vir die hele kerk” (*Acta NGSK* 1937:92). Die wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesag van die NGSK was egter onderhewig aan die beperkende voorwaardes van die *Grondwet*. Die *Grondwet* kon eensydig deur die NGK verander word. Volgens die Doleansiekerkreg het die meerdere vergadering beperkte gesag en mag, wat begrens word deur die kerkorde en die Skrif. Die NGK kon die besluite en/of kerkordelike wysigings van die NGSK vernietig. Die NGK het die ratifikasiereg behou. Die sinodale mag van die NGSK was deur die NGK beperk. Besluite van die NGSK was onderhewig aan die goedkeuring van die Binnelandse Sending-subkommissie:

Die Sinode van die NG Sendingkerk word gemagtig om Wette en Bepalings word gemagtig om Wette en Bepalings vir sy bestuur te maak te wysig en te vernietig... Hierdie Wette en Bepalings sal steeds in ooreenkoms met hierdie Grondwet moet gemaak word en sal binne dertig dae na enige besluit val deur die drie lede (van die Sinodale Sendingkommissie) kan reserveer word vir beslissing deur die Sinodale Sendingkommissie. Oor sodanige beslissing sal die Sendingsinode reg van appèl hê by die Moederkerk.

(Jacobs 1951:69)

Volgens art 342 van die *Grondwet* het die Binnelandse Sending-subkommissie en die Moderatuur van die NGSK met die oog op onderlinge voorligting, sowel as die bevordering en instandhouding van 'n voortdurende goeie gesindheid tussen die NGSK en die NGK 'n gesamentlike Skakelkommissie gevorm. Die Skakelkommissie het gereeld elke ses maande vergader om onder andere sake wat op sinodale vlak na hul verwys is, te hanteer (vergelyk art 342 *Wette en Bepalinge NGK SA 1953:190*).

Die uitsluitlike reg om die *Grondwet* te verander, uit te brei, of te herroep het by die Algemene Sinode van die NGK berus (*Wette en Bepalinge NGK 1953: 190, art 336*). Die NGK kon op eie diskresie die *Grondwet* wysig. Alle voorstelle wat sodanige veranderings, verbeterings of herroepings beoog, moes aan die Skakelkommissie vir oorweging voorgelê word. Die NGSK het slegs beperkte wetgewende bevoegdhede gehad. Die NGSK kon wette en bepalinge vermeerder, herroep, verander, uitbrei, verbeter met dien verstande dat dit nie in stryd met die *Grondwet* mag wees nie (*Kerkwet NGSK 1950:art 8*). Die Skakelkommissie het die NGK se voorstelle met betrekking tot wetswysigings by die Algemene Sendingkommissie van die NGK ingedien, wat die reg voorbehou het om die voorstelle in hul oorspronklike of gewysigde vorm in hul verslag aan die Sinodale vergadering van die NGK voor te lê. Die Moderatuur van die NGSK het die reg voorbehou om hul eie bevindinge aan die NGK Sinode voor te lê (*Wette en Bepalinge NGK in SA 1953:91, art 342*). Die NGSK kon geen bindende advies gee en kon geen wysigings aan die *Grondwet* sonder die goedkeuring van die NGK doen nie. Volgens die Gereformeerde Kerkreg hoort die uitvoering van die besluite van 'n meerdere vergadering by die Kerkraad.

In 1958 het die Skakelkommissie opdrag gegee dat die bestaande werkkringe by die geskikte Ringe ingedeel word. Die Permanente Regskommissie (=PRK) stel dit in die *Skema van Werksaamhede* (1966) duidelik dat werkkringe geen status in die Gereformeerde kerkreg het nie en selfs in die sendingwetenskap het nie. Werkkringe is volgens die PRK bloot 'n skepping van die “moederkerk is en in sy kerkregtelike posisie binne die Moederkerk is dit dan ook die van 'n klein sendingveldjie.” Volgens die sendingbeleid kon so 'n werkkring nooit tot die organisasie van die NGK behoort nie en was dit in trust gehou deur die NGK vir latere inskakeling by die NGK (*Skema NGSK* 1966:151). Werkkringe se eiendom moes volgens art 12 van die *Grondwet* aan die NGSK getranspoteer word (*Skema NGSK* 1966:151-152).

4.3.4. Die tugreg ten opsigte van ampsdraers

Die Sinode van die NGSK (1915) het besluit dat tugtoepassing op sendelinge die prerogatief van die NGK is (Kriel 1981:160). Die *Grondwet* het aan die eenkant die Gereformeerde kerkregtelike beginsel erken dat die tug en regering uitgeoefen word in die NGSK deur die kerkrade, Ringe, Algemene vergadering of Sinode (art 3), maar het aan die anderkant in art 6 bepaal dat die sendelinge direk onder die opsig en tug van die NGK val. Art 6 het soos volg bepaal: “Die Ringen zullen over de gemeente binnen hun resort toezicht houden... kerklijke tucht uitoefenen over kerkraden en kerkraadsleden, met voorbehoud echter, dat de leeraren onderworpen zullen zijn aan de tucht der Moederkerk alleen, overeenkomstig hare eigen Wetten en Bepalingen” (*Kerkwet NGSK 1917*). Die afsetting van sendelinge deur die Binnelandse Sending-subkommissie kon volgens art 6 alleenlik ooreenkomstig die kerkregtelike bepaling van die NGK geskied en kon dus sonder die medewerking van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk plaasvind.

Reeds op die Sinode van die NGSK (1932) het ouderling van Caledon, C F D Viljoen, en die ouderling van Immanuel, J N Kearns, gevra of die leraar van die Sendingkerk lid van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk is, of daar 'n kleurstreep is tussen die “moeder en Sendingkerke, of God 'n aannemer van die persoon is en of 'n lid van die Sendingkerk lid van die “moederkerk” kon word (*Acta NGSK* 1932:14). Die Sinode het bevestig dat 'n sendeling lid van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk is kragtens die “feit dat die Sendingkerk as geheel aan die Moederkerk behoort” en dat hy na sy bevestiging deur die voorsitter van die Ring as lid van die Ring van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk verklaar is (*Acta NGSK* 1932:46). Sendelinge het hul lidmaatskap by die NGK behou en het volgens Kriel kragtens hul lidmaatskap en amp onder die jurisdiksie van die NGK se Ringe geval (1963:110).

Aangesien die wetsbepalinge van die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk slegs voorsiening gemaak het vir tugmaatreëls teen kerkraadslede van genoemde Sendingkerk, is daar in die *Kerkwet 1937* in lyn met art 239 (13) van die NGK soos volg voorsiening gemaak vir die bestraffingsmaatreëls van die sogenaamde Kleurling leraars te maak:

- (a) Bestrafing, na eis ingerig, deur die Voorsitter, namens die Ring, of in of buite die vergadering.
- (b) Skorsing in diens vir 'n bepaalde tyd, met gehele of gedeeltelike verlies van traktement.
- (c) Skorsing in diens vir 'n bepaalde tyd met gehele of gedeeltelike verlies van traktement.
- (d) Skorsing in diens vir 'n onbepaalde tyd met onslag uit sy gemeente, verlies van traktement, en verval van alle regte op woning of emolumente.
- (e) Uitspraak met kennisgewing aan die Sinode dat die leraar afgeset behoort te word en dat sy Akte van Toelating ingetrek te word. Hierdie afsetting en intrekking van sy Akte van Toelating kan alleen deur die Sinode geskied.

(*Acta NGSK* 1937: 16-17 en 25-27 en 174)

Die Sinode van die NGSK (1937) het die voorstel van die kommissie vir wetswysigings goedgekeur dat die Sinode die reg het om ingeval van “Kleurling leraar” die Akte van Toelating op kennisgewing van die Ring in te trek (*Acta NGSK 1937:37*). Die NGSK kon slegs die tugreg oor die ouderlinge en diakens asook leraars vanuit die NGSK uitoefen. Die opheffing van die sensuur van ’n geskorste “Kleurling leraar” of evangelis sou geskied deur die liggaam wat hom geskors het. Die herstel van ’n geskorste “Kleurling leraar” kon slegs geskied deur die Sinode op aanbeveling van die Ring wat hom geskors het. Die Binnelandse Sending-subkommissie, daarenteen, kon sonder die inspraak van die NGSK, sendelinge afsit. Die Binnelandse Sending-subkommissie het volledige tug-, leer- en regeermag in die NGSK gehad. In die toepassing van die tugreg is sedert 1937 ’n onderskeid gemaak tussen sendelinge en leraars vanuit die NGSK. Die opsig en tug oor leraars vanuit die NGSK was deur die NGK uitsluitlik aan die NGSK opgedra.

Die Ringe hou volgens artikel 334 toesig oor die gemeentes binne die ressort, behartig die algemene belange van die gemeente, waak oor die nakoming van die kerklike wette en bepalinge, en oefen kerklike tug uit oor die ampsdraers, met die voorbehoud, dat die sendelinge hul sou onderwerp aan die tug van die NGK ooreenkomstig die wette van die NGK se eie bepalinge en wette (*Wette en Bepalinge NGK in SA 1953:91*). Die NGK het die tugreg van die NGSK beperk tot ouderlinge en diakens en het die tugreg met betrekking tot die sendelinge wat werksaam was in die NGSK, behou. Sendelinge moes hul aan die sinodale gesag van die NGK onderwerp (*Wette en Bepalinge NGK in SA 1953:91*). Die Binnelandse Sending-subkommissie en/of NGK die bevoegdheid om op eie inisiatief te neem met betrekking tot die kerklike sensuur, afsetting en implementering

van tugtoepassing met betrekking tot sendelinge. Die NGK ken deur middel van die Grondwet aan hul Sinodale kommissie dwingende regsrag toe en pas daadwerklike tuguitoefening ten opsigte van die sendelinge toe. Hierdie bevoegdheid kom volgens die Doleansiekerkreg alleen die plaaslike gemeente toe. Die besluit van 'n meerdere vergadering met betrekking tot die tug is volgens die Doleansiekerkreg formeel van aard en kom die praktiese uitvoering daarvan die plaaslike gemeente toe.

Leraars uit die NGSK het onder die tug van die NGSK se Ringe en Sinode geval (*Kerkwet van die NGSK* art 153(A) 1950:59).¹⁴ Op die Sinode van die NGK (1940) is besluit dat die klagtes teen sendelinge vir 'n voorlopige ondersoek aan die bevoegde vergadering van die NGSK voorgelê behoort te word (Botha 1981:161). In 1953 het die NGK bepaal dat in die geval van sendelinge die NGSK die ondersoek kon doen en as dit blyk dat daar genoegsame gronde vir die verdere behandeling is, moes die NGSK dit aan die NGK voorlê wat die saak sou afhandel. Die NGSK moes ook die Algemene Sendingkommissie van die NGK in kennis stel indien sendelinge die NGSK sonder opgaaf van redes verlaat (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:91 Art.337). Die NGSK was volgens die *Grondwet* nie geregtig op die voltrekking van die tugreg op sendelinge nie: “Alle lidmate van die Sendingkerk wat nie onder sensuur staan nie, het die reg om besware of klagtes teen 'n blanke leraar van genoemde kerk by die bevoegde kerkbesture of kerklike ampsdraers van die Sendingkerk in te dien” (*Wette en Bepalinge NGK in SA*

¹⁴ Die opleiding en legitimasie van sendelinge en leraars as ook hul uiteindelijke legitimasie tot die evangeliebediening was uitsluitlik die prerogatief van die NGK, tensy die NGK Sinode self anders sou bepaal (Art 338 *Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:94). Die NGSK kon twee leraars benoem om in die toelatingseksamenkommissie asook in die eindeksamenkommissie te dien. Na hul legitimasie het die bruin leraars van die NGSK vir ten minste een jaar onder die toesig van die Skakelkommissie gewerk. Die Skakelkommissie kon die leraar plaas en verplaas in werkkringe of gemeentes waar sy dienste benodig was (art 326.12 *Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:90). Sodra die kandidaat beroep is deur 'n Kerkraad van die NGSK of die Binnelandse Sending-subkommissie doen die Kerkraad aansoek by die Sendingkommissie vir die ordening van die kandidaat om tot die bediening van sakramente toe gelaat te word (art 326.13 *Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:90). Die Binnelandse Sending-subkommissie

1953: 94, art 327). Die NGK het sodoende die reg tot die uiteindelijke toepassing van die tug ten opsigte van die sendelinge behou. Volgens artikel 279.3 van die NGK kon die Ring van die NGK van die volgende bestraffingsmiddels gebruik maak ten opsigte van sendelinge:

- (a) bestraffing, na die eis ingerig is, deur die voorsitter, namens die Ring, of in, of buite die vergadering,
- (b) Skorsing in die diens vir 'n bepaalde tyd met of sonder die gebruik van die Bondseëls.
- (c) Skorsing in die diens vir 'n onbepaalde tyd met of sonder die gebruik van die Bondseëls.
- (d) Gehele intrekking van die Akte van toelating tot die predikdiens en die bediening van die Bondseëls (*Wette en Bepalinge NGK in SA:70 art 279.3*).

Die NGK oefen met betrekking tot die afsetting en sensuur van sendelinge mag uit wat uiteraard by die Kerkraad van die NGSK tuis hoort. Die NGK se beleid met betrekking tot sendelinge is tekenend van die beoefening van hiërargiese magsuitoefening. Volgens die Doleansiekerkreg het meerdere vergadering slegs beperkte bevoegdheid.

Die tugreg ten opsigte van sendelinge by die NGSK asook die bevoegdheid om uitspraak te lewer en selfs tot die uitvoering van een vonnis tot skorsing of afsetting oor te gaan was beperk deur die NGK. Die Binnelandse Sending sub-kommissie het as 'n soort *senatus ecclesiasticus* (as 'n opperkerkraad) gefungeer wat tot skorsing van die sendelinge kon oorgaan. Die Sinode van die NGSK kon wel aanbevelings met betrekking tot die

bandlosmaking van 'n sendeling doen, maar die daadwerklike uitoefening van die besluit het nie op voetspoor van die DKO by die Ring of Kerkraad berus nie, maar by die NGK. Die Kerkraad van die NGSK het nie *potestas autorisativa* of die mag om met gesag op te tree en sensuur op sendelinge toe te pas nie. Volgens die Doleansiekerkreg het die Kerkraad in samewerking met die naburige Kerkraad die bevoegdheid om die bestuursmag aan ampsdraers tydelik of permanent op te skort. Aan die Binnelandse Sending-subkommissie was volledige leer-, regeer- en tugmag wat volgens die Gereformeerde kerkreg by uiteindelik by die Kerkraad tuis hoort, toegeken.

Volgens art 324 (*Wette en Bepalinge NGK in SA 1953:87*) kon 'n sendeling wat sy status as sendeling verbeur het, by die Sinode van die NGK of by die sinodale kommissie van die NGK aansoek doen vir herstel van status. Die Sinode of die Sinodale Kommissie van die NGK het toestemming verleen dat die applikant by die Eindeksamenkommissie vir Sendingkandidate vir *colloquium doctum* aan te meld. Slegs die plaaslike gemeente het volgens Doleansiekerkreg die bevoegdheid om ampsdraers af te sit. Daarvolgens behoort die Sinode van die NGSK uitspraak te lewer met betrekking tot die tug van die sendelinge en behoort die Kerkraad uitvoering aan die besluit van die Sinode van die NGSK te gee.

4.3.5. Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergaderinge

Daar word geen voorsiening in die *Grondwet* gemaak vir die reg tot appèl volgens art 31 van die DKO nie. Die Binnelandse Sending-subkommissie het vetoreg op besluite van die NGSK gehad. Die Binnelandse Sending-subkommissie het volgens art 336 sittingsreg en stemreg op die sinodale en sinodale kommissie vergaderings van die NGSK gehad (*Wette en Bepalinge NGK in SA 1953: 94*). Volgens art 226 het die NGK ook die reg

van kassasie, dit wil sê die bevoegdheid om die besluite van die NGSK nietig te verklaar in die *Konstitusie* van die Stigtingsinode verskans. Hierdie artikel is in die *Grondwet* van 1915 weggelaat, maar daar word in art 8 bepaal dat die NGSK die wette en bepalinge kon vermeerder, herroep of verander met dien verstande dat elke wet en bepaling van die NGSK wat strydig was met die *Grondwet* van nul en geen waarde sou wees (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:91). Die NGK het die *Grondwet* neergelê en was alleen bevoeg om dit te wysig. Die lede van die Binnelandse Sending-subkommissie het die vetoreg ten opsigte van enige besluit asook volle sittingsreg en stemreg op die NGSK sinodale vergaderings behou (Smith 1972:40). Tot en met 1945 kon die NGK die *Grondwet* verander sonder om die NGSK daarin te ken. Op die Sinode van die NGK (1945) is besluit dat die NGSK van alle voorgenome wetswysigings van die *Grondwet* vooraf kennis moet kry en vooraf daarvoor geraadpleeg moet word (Kriel 1963:123). Waar daar verskille omtrent die kerkbestuur, leer of tug mag ontstaan het die NGK die beslissingsreg gehad (Jacobs 1951:66). Art 7 van die *Grondwet van die NGSK* (1950) bepaal dat die Binnelandse Sending-subkommissie op elke vergadering ingeslote die van die Sinodale Kommissie sittingsreg en stemreg sou hê (Kriel 1963:11).

4.3.6. Die bevoegdheid van die meerdere vergadering by wanbestuur

Die NGK het deur middel van beide die *Konstitusie* en die *Grondwet* die bevoegdheid tot ingrepe op die plaaslike vlak van die NGSK beskik. Art 5 (c) het bepaal dat in die geval van verskil, geskil of verdeeldheid ingeval van leer, regering en tug binne die NGSK was die Kerkraad, Ring, Sinode wat na oordeel van die NGK die aangenome leer, regering en tug handhaaf, beskou as die ware gemeente, Kerkraad, Ring of Sinode en as sodanig geregtig wees op alle eiendom en besittings (*Bepalinge en Reglemente van die NGK*

1957:art 5(c)). Die NGSK was in die geval van onmag, versuim of wanbestuur van die sendeling prinsipieel nie bevoegd om uitspraak te lewer nie en die Kerkraad kon ook nie die uitspraak voltrek nie. Die Sinode van die NGK kon dus die uitspraak gelewer en die uitspraak in die plaaslike gemeentes van die NGSK voltrek. Volgens Doleansiekerkreg kon meerdere vergaderinge egter alleen sake behandel wat nie in die mindere vergadering afgehandel kon word nie en was ingrype van die meerdere vergadering op plaaslike vlak tot advies beperk. In hiërargiese en kollegiale kerkverbande kan die vonnis van 'n laer bestuur deur 'n hoër bestuur nietig verklaar word. Die meerdere vergaderings van die NGSK het egter beperkte mag gehad, terwyl in 'n kommissie van die NGK meerdere gesag gesetel was.

4.4. Die weg na kerkregtelike selfverwesenliking (1956 -1982)

Die tydperk 1956 tot 1982 is tekenend van die kerkregtelike selfverwesenliking in die NGSK. Die Sinode van die NGSK (1954) het besluit dat die *Grondwet* drasties hersien moes word. In 1957 het die trusteeskap oor kerklike eiendomme van die Binnelandse Sending-subkommissie na die Kommissie van Toesig en Kontrole van die NGSK oorgegaan (Botha 1981:162). Die Sinode van die NGSK het 'n saakgelastigde aangestel en reglemente vir die beheer van kerklike goedere en fondse is op die Sinode van die NGSK (1958) aanvaar. In 1962 het die Sinode van die NGSK kennis geneem dat die sittingsreg van die lede van die Binnelandse Sending-subkommissie op meerdere vergaderings van die NGSK op die Sinode van die NGK (1961) beëindig was. 'n Skakelkommissie, bestaande uit die moderatuur van die NGSK en die Binnelandse Sending-subkommissie, was in die plek van die Binnelandse Sending-subkommissie in die lewe geroep (Kriel 1981:161). Die taak van die Skakelkommissie het onder andere ingesluit voordurende oorlegpleging en voorbereiding van voorstelle aan beide Sinodes:

“Met die oog op “onderlinge voorligting sowel as die bevordering en tot standkoming van ’n voortdurende goeie gesindheid tussen die Moeder- en die Sendingkerk” het die subkommissie vir Binnelandse Sending van die NGK in Suid-Afrika en die moderatuur van die NGSK ’n Skakelkommissie gevorm” (*Acta NGSK* 1962:151). Volgens art 14 van die Grondwet het die uitsluitlike reg om die Grondwet te verander, uit te brei of te herroep by die NGK in Suid-Afrika berus. Alle voorstelle wat veranderings, verbeterings of herroeping beoog moes voor die Sinode waar dit sou dien, aan die Skakelkommissie vir oorweging voorgelê word. Die Skakelkommissie moes eers sy bevindinge aan die Algemene Sendingkommissie van die NGK voorlê, wat dit op sy beurt in die oorspronklike of gewysigde vorm aan die Sinodale vergadering van die NGK voorgelê het (*Acta NGSK* 1962:151). Die Skakelkommissie het ’n konsep-kerkwet voorberei wat deur die Sinode van die NGK (1961) goedgekeur is (*Acta NGSK* 1962:149-51). Die woord sendeling word in art 6(b) van die *Grondwet* vervang met “blanke leraar” (*Acta NGSK* 1962:150). Beroepe sou voortaan slegs deur die gekombineerde Kerkrade van die NGSK volgens die tersaaklike bepalings van die NGSK uitgebring word. Kerkrade het groter bevoegdheid oor die oordrag en beheer van kerklike goedere ontvang:

Art 12 (b) in die geval waar ’n afsonderlike gemeente van die Sendingkerk die hele koopskat van onroerende eiendom byeengebring en afbetaal het word sodanige eiendom getranspoteer op die naam van die Kerkraad van sodanige gemeente van die Sendingkerk as trustees vir en ten behoeve van sodanige gemeente

(*Acta NGSK* 1962:149-51).

Op die Sinode van die NGK (1961) is volgens Botha (1981:162) volle skikkingsreg aan die NGSK gegee. Die NGSK kon hom voortaan kerklik en ekumenies verbind met wie sy wou (Botha 1981:162). Die NGSK kon tot 1961 nie buite die grense van die NGK uitbrei sonder die goedkeuring van die NGK nie (*NGK Kerkwet* 1953: Art.328-329 p91-92). Indien die NGSK selfs ’n nuwe gemeente wou stig buite die bestaande grense, moes die vasstelling van grensskeidings in oorleg met die Algemene Sendingkommissie van die

NGK geskied (Kriel 1963: 68).

Die Sinode van die NGK (1965) het opdrag gegee dat die Skakelkommissie ondersoek moet instel na die graad van selfstandigheid van die NGSK en of die tyd nie aangebreek het om die *Grondwet* op te hef nie:

Verder moet die ASK 'n duidelike verslag van sy bevindinge aan die eersvolgende Sinode voorlê, met alle aanbevelinge vir die kragtige bevordering van die ideaal van selfstandigwording. Besondere aandag moet aan die wenslikheid al dan nie van die opheffing van die grondwet en aan die toekomstige finansiële verhouding tussen die Moederkerk en Sendingkerk op gemeentelike en sinodale vlak geskenk word.

(Acta NGK 1965:118 punt 77)

Jurie Van Rooi is van mening, in sy artikel *Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk op pad na selfstandigheid* wat in *Koinonia* verskyn het, dat om as selfstandige kerk erken te word behoort die NGSK haar self te onderhou, self te regeer, self uit te brei teen 1965 was 70 persent van die 168 gemeentes van die NGSK selfonderhoudend (Van Rooi 1965:33). Van Rooi is van mening dat van 'n selfstandige kerk verwag word om volle verantwoordelikheid te aanvaar ten opsigte van die oprigting van kerklike gebou, die besoldiging van sy leraars, die bestuur van die kerke en die opleiding van sy eie leraars (Van Rooi 1965:53).

Die Algemene Sinodale kommissie van die NGK het die versoek van die NGSK goedgekeur dat die *Grondwet* herroep word en 'n *Akte van Ooreenkoms* opgestel kan word: "Die Sinode keur die beginsel goed dat die Grondwet vir die Ned. Geref. Sendingkerk in SA herroep word en dat 'n Akte van Ooreenkoms tussen die Ned. Geref. Sendingkerk en die NG Kerk in SA opgestel word" (*Skema NGSK* 1970:105). Die ASK het verder opdrag aan die Skakelkommissie gegee om 'n konsep akte van ooreenkoms op te stel en aan die Sinode van die NGSK en aan die Sinodale Kommissie van die NGK in SA voor te lê vir goedkeuring. Die kommissie het volmag verkry om die aangeleentheid af te handel (*Skema NGSK* 1970:105-106).

Die Sinode van die NGSK (1970) het besluit om die opstel van 'n kerkorde en 'n konsep akte van ooreenkoms na die Tydelike Regskommissie te verwys vir voorlegging van 'n konsep tydens dieselfde Sinode. Hierdie konsep akte van ooreenkoms het onder andere bepaal dat wit leraars voortaan lidmate van die NGSK moes wees en was in stryd met die Algemene Sendingreglement van die NGK, wat bepaal het dat 'n wit leraar van die NGSK steeds lidmaat van die NGK bly (Kriel 1981:163). Die Skakelkommissie het voorstelle met betrekking tot wysiging van die *Algemene Sendingreglement* deur middel van die Algemene Sendingkommissie aan die Algemene Sinode van die NGK (1974) voor gelê. Op genoemde Sinode was die wysigings en/of aanbevelings van die Algemene Sendingkommissie aanvaar. 27 November 1975 is die *Akte van Ooreenkoms* deur die moderature van die NGSK (di D P Botha, moderator, I J Mentor, actuarius, P W L Sinclair, scriba sinodi, en dr H M Beets, assessor) en die NGK in S A (Dr J D Voster, moderator, di A J van Wyk, assessor, T N Hanekom, actuarius, G S J Möller, scriba sinodi) geteken (*Acta NGSK* 1978:16). Daarmee het die *Grondwet* verval en is 'n nuwe era in die NGSK betree. 'n Kerkregtelike stryd van 94 jaar, wat met Teske se kerkregtelike beswaar begin is, is daarmee afgesluit. Die opheffing van die *Grondwet* lei volgens prof C J Kriel in sy *Studiestuk oor dubbele lidmaatskap* 'n tydvak in waarin die patroon van die verhouding tussen die NGK en die NGSK op Gereformeerde grondslag gebaseer sou wees (*Skema NGSK* 1978:71). In die lig van die herroeping van die *Grondwet* het die NGSK die NGK versoek om art 282 punt 4 in sy geheel te laat verval en Sendingwerkkringe te versoek om by bestaande NGSK-gemeentes in te skakel. Die Skakelkommissie het 'n beskrywingspunt in die verband aan die Sinode van die NGK voorgelê (*Acta NGSK* 1978:16).

Die Sinode van die NGSK (1974) het besluit dat die Sinode die *Voorgestelde Akte van Ooreenkoms tussen die NG kerk in SA en die NG Sendingkerk in SA* aanvaar, met uitsondering van art 3.1 en dat die Woord “ Kleurlingleraars” in Art 3.2.1 vervang word

deur : “lidmate van die Sendingkerk tot leraars” (*Acta NGSK* 1974:446). Op dié Sinode is ’n amendement verwerp wat betrekking het dat die beginsel aanvaar word dat die NGSK volledig kerk is, met ’n eie kerkorde en onafhanklike besluitnemingsbevoegdheid en dat ’n kerkorde die *Grondwet* en beoogde *Akte van Ooreenkoms* moes vervang. Die Sinode van die NGSK (1974) het die NGSK “nie as ’n afsonderlike kerkstruktuur beskou nie, maar as ’n integrale deel van die NGK (*Acta NGSK* 1974:446). In 1975 het ’n *Akte van Ooreenkoms tussen die Streeksinode Wes-Suid-Kaap van die NGKSA en die NGSK* tot stand gekom om die verhouding tussen die twee kerke kontraktueel te reël (*Skema NGSK* 1986:587). Die *Akte van Ooreenkoms* is ter tafel gelê en deur die Sinode van die NGSK (1978) goedgekeur. Hierdie *Akte van Ooreenkoms* het die volgende riglyne neergelê:

1. Belydenis en kerkorde (art 2),
2. Lidmaatskap en tug van Sendelinge (art 3.1),
3. Teologiese opleiding en die sogenaamde Kleurlingleraars (art 3.2),
4. Finansiële verhoudinge (art 4),
5. Gesamentlike aksies (art 5),
6. Skakelkommissie (art 6).

Die *Akte van Ooreenkoms* met die Kaapse Sinode van die NGK was nie vir die ander Streeksinodes van die NGK bindend nie en moes gevolglik vervang word deur ’n ooreenkoms met die Algemene Sinode van die NGK. Die Permanente Regskommissie van die NGSK het voortgegaan met die opstel van die konsep kerkorde wat uiteindelik deur die Sinode van die NGSK (1978) aanvaar was. Die konsep kerkorde het die beginsel van dubbele lidmaatskap prysgegee (Kriel 1981:163).

4.4.1. Christus as hoof van die kerk

In beide die *Konstitusie* en die *Grondwet* het die ekklesiologiese onderbou jammerlik ontbreek. In die *Kerkorde van 1978* word die ekklesiologiese onderbou van die kerkreg en kerkregering onomwonde gestel. Die kerk word onder andere in die *Kerkorde van 1978* beskryf as die Liggaam van Christus. In die Nuwe Testament word verskeie beelde gebruik om na die kerk te verwys byvoorbeeld die kerk as volk van God (1 Petr 2.9) as bruid van Christus (Ef 5.23). As hoof van Sy Liggaam bind Christus die liggaam saam (Kol 2.19) en in hom groei die liggaam (Ef 4.15). Daar kan nie meer as een liggaam van Christus is nie, aangesien die liggaam van Christus nie verdeel is nie: “Hierdie liggaam met sy lede word genoem die gemeenskap of die heilige vergadering van ware Christus-gelowiges, die volk van God van die “laaste dae.” Van hierdie liggaam is Christus die Hoof wat Sy kerk regeer deur Sy Woord en gees” (*Skema NGSK* 1982:297). Christus is self Koning en daarom Hoof van sy kerk en gevolglik die hoogste Gesagdraer in sy kerk (*Skema NGSK* 1982:297). Lidmaatskap van die kerk is in die eerste instansie lidmaatskap van die een, algemene kerk (*Skema NGSK* 1978:75-76). Die lede is onderling verbonde tot dienslewering en opbou van die liggaam van Christus (*Skema NGSK* 1982:297). Die NGSK het in ooreenstemming met die Dordtse Kerkorde ’n artikel in die konsep kerkorde ingesluit wat betrekking het op die belydenisgrondslag van die NGSK. Die NGSK sou gegrond wees op die Heilige Skrif, die Woord van God. As belydenisskrifte word op die Sinode aanvaar die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.

4.4.2. Die selfstandigheid van die kerk

Kriel is in sy *Studiestuk oor dubbele lidmaatskap* van mening dat die aanvaarding van die *Akte van Ooreenkoms* die selfstandige ontwikkeling van die NGSK impliseer (*Skema NGSK* 1978:72). Met betrekking tot die Gereformeerde standpunt insake die selfstandige karakter van die plaaslike gemeente verwys Kriel (*Skema NGSK* 1978:72) na die standpunte van H Bouwman in sy *Gereformeerde Kerkrecht Deel 11* asook na Rutgers se *Kerkelijke Adviesen Deel 11*: “Naar Gereformeerde beschouwing is elke plaatselijke kerk selfstandig, zoodat een dienaar uitsluitend aan haar verbonden is.” Art 22 stel dit onomwonde dat die besluite van asook de regel in de Gereformeerde Kerken is, dat een dienaar des Woord aan een bepaalde Kerk verbonden is” (Bouwman 1928:430-431). Selfs al sou ’n predikant buite die grense van ’n gemeente bly, verklaar H Bouwman volgens Kriel (*Skema NGSK* 1978:72) dat mens nie tegelykertyd aan twee kerke kan behoort nie:

Het ligt voor de hand dat een predikant aan zijne eigene Kerk verbonden is ... ook staat onder het toezicht van zijn eigene Kerkeraad en daarom behoren ook daar de attestasies te worden ingeleverd. Men kan niet aan twee kerken tegelyk behooren, en daarom behooren ook zulk een abnormaal geval de attestasies thuis in de Kerk waar de predikant dienaar des Woord is.

(Bouwman 1928:464)

Kriel wys op voetspoor van H Bouwman daarop dat volgens die Gereformeerde kerkreg is elke plaaslike kerk ’n selfstandige liggaam wat geestelik wel een is met die totale kerk, maar wat institutêr nie ’n afdeling van die landelike kerk is nie (*Skema NGSK* 1978:74).

Met die aanvaarding van die kerkorde van 1978 het die NGSK die eerste tree na selfstandigwording gegee. Die *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk* (1978) gaan dan ook van die primordiale reg van die plaaslike gemeente uit. In aansluiting met die Doleansiekerkreg aksentueer die NGSK in die *Kerkorde van 1978*

die selfstandigheid van die plaaslike gemeente, die konfederatiewe karakter van die kerkverband en die belydenis as akkoord van kerklike gemeenskap. Hiermee is 'n hiërargiese kerkregering in die NGSK afgewys. Die meerdere vergadering en/of kommissies van meerdere vergaderinge sou voortaan geen selfstandige bevoegdheid het om in die sake van 'n plaaslike gemeente in te gryp nie. In 'n kommissie verslag, *Die vereniging van die kerk*, word daarop gewys dat die drievoudige gesag, naamlik leergesag, regeermag en die bevoegdheid tot diens-of hulpbetoon aan die kerk verleen is (*Skema NGSK 1982:299*).

4.4.3. Die karakter van die kerkverband

Die NGSK beklemtoon op voetspoor van die Doleansiekerkreg die vrywillige karakter van die kerkverband, dat die meerdere vergadering primêr 'n vergadering van gemeentes is en nie soseer van ampsdraers is nie en die afgeleide en beperkte mag van die meerdere vergadering (*Skema NGSK 1978:421-461*). Die NGSK gaan van die veronderstelling uit dat daar 'n prinsipiële verskil is tussen die mag van die Kerkraad en die Sinode en dat teenoor die dwingende mag van die Kerkraad die meerdere vergadering geen dwingende mag beskik nie. Die plaaslike gemeente het die reg om in kerkverband te tree of uit te tree. Die kerkverband berus op vrywillige toestemming. Die algemene kerk bestaan nie uit die optelsom van die afsonderlike kerke nie, maar dit is die algemene kerk wat in die plaaslike kerk tot openbaring kom (*Skema NGSK 1978:76*). Die kerkverband is daar om juis die bo-lokale verbondenheid van die plaaslik kerke as openbaring van die een algemene kerk tot uitdrukking te bring. Die taak van die kerkverband is toesighoudend en ook hulpverlenend en koördinerend van aard (*Skema NGSK 1982:300*).

4.4.4. Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering

Op die Sinode van die NGSK (1978) was 'n hele reeks besluite met betrekking tot die karakter van die meerdere vergadering geneem. Die Sinode het onder andere in art 18 bepaal dat die regering van die kerk en die opsig en tug van 'n die kerk aan die tersaaklike kerkvergaderings toevertrou word. Drie vergaderinge word in art 19 onderskei te wete die Kerkraad, Ring en die Sinode. Laasgenoemde word van die Kerkraad onderskei as meerdere vergaderinge. Hierdie vergaderinge het volgens art 19 van die *Kerkorde van 1978* 'n eie aard, 'n kerklike gesag deur Christus aan hulle verleen. Die gesag van die Ring oor die Kerkraad is volgens art 19.2 dieselfde as die van die Sinode oor die Ring. Die vergaderinge behandel alleen kerklike sake en wel op 'n wyse wat altyd ooreenstemming is met die kerklike karakter van hierdie vergaderinge (art 20) (*Acta NGSK 1978:424-425*). Elke meerdere vergadering bestaan uit ampsdraers wat afgevaardig word deur Kerkrade en in besit van geldige geloofsbriewe is op grond waarvan hulle sittingsreg en stemreg verkry (art 30 en art). Art 31.3 het bepaal dat geen stukke van lede van die vergadering op die agenda geplaas word as hierdie stukke nie vooraf aan die oordeel van die mindere vergadering onderwerp is nie (*Acta NGSK 1978:425*). Die *Kerkorde van 1978* bepaal dat die mag van die meerdere vergadering tydelik, beperk, dienend, en gedelegeerd is (artikel 1-21). Daar is in die *Kerkorde van 1978* geen sprake daarvan dat die meerdere vergadering geheel selfstandig kan fungeer nie. Die *Kerkorde van 1978* maak geen voorsiening vir kassasiereg nie. Die reg van die plaaslike gemeente word in die *Kerkorde van 1978* eerbiedig. Die meerdere vergadering het wel die bevoegdheid tot die verlening van advies, maar besit geen mag met betrekking tot die implementering van Sinodale besluite op plaaslike vlak nie.

4.4.5. Die tugreg ten opsigte van ampsdraers

Op die Sinode van die NGSK (1966) is die kerkregtelike posisie van die sendelinge in die lig van die Gereformeerde kerkreg en die Sendingwetenskap beoordeel (*Skema NGSK* 1966:354-362 asook Botha 1981:162). Die kommissie wat hieroor verslag gedoen het, het geoordeel dat kerkregtelik gesien daar geen rede hoegenaamd bestaan waarom die NGSK in enige opsig grondwetlik aan die NGK ondergeskik gestel moes wees nie (*Skema NGSK* 1966:355). Die kommissie het geoordeel dat die enigste moontlike verklaring vir die ondergeskiktheid in die sosio-ekonomiese posisie van die “Kleurlingbevolking ten opsigte van die Blankes” gesoek behoort te word. Die amp word volgens die Kommissie beoefen in die boesem van die plaaslike gemeente wat volledig en volkome kerk is en dus oor al die ampte beskik kragtens sy eie outonomie (*Skema NGSK* 1966:355). Met wysiging na onder meer die kerklike adviese van Rutgers stel die kommissie dit dat daar geen status verskil tussen ’n predikant van ’n tuisgemeente en ’n *missionaire* predikant is nie en dat geen predikant aan meer as een kerk verbonde kan wees nie. Die kommissie het geoordeel dat die sendeling behoort lidmaat van die gemeente wat hy bedien te wees (*Skema NGSK* 1966:358). Die Sinode het besluit om die kwessie van lidmaatskap van sendelinge by die Federale Raad aanhangig te maak. Die Skakelkommissie het ’n groot deel van die verslag van dié kommissie van die Sinode van die NGSK (1966) in sy eie verslag aan die Sinode van die NGK in SA (1969) opgeneem en dieselfde verslag het weer as ’n bylaag tot die verslag van die Skakelkommissie aan die Sinode van die NGSK (1970) verskyn (Botha 1981:162).

Op die Sinode van die NGSK (1970) is die memorandum oor die beoordeling van die posisie van die sendelinge in die NGSK behandel (*Acta NGSK* 1978:115-122). In art 34

van die NGSK se Kerkwet (1970:12) is bepaal dat 'n wit leraar wat 'n beroep na 'n ander werkkring aanneem van sy betrekking tot die gemeente deur die betrokke NGSK Kerkraad op 'n wettig gekonstitueerde vergadering ontslaan behoort te word. 'n Akte van demissie, onderteken deur die Kerkraad van die plaaslike NGSK-gemeente moet aan sodanige leraar oorhandig word.

Sedert die sewentiger jare beweeg die NGSK van veronderstelling uit dat die NGSK as outonome kerk self moes oordeel oor die afsetting, skorsing, tug van die sendelinge. Volgens Gereformeerde kerkreg beskik die plaaslike kerk immers oor die tugreg. Die uitvoering ten opsigte van die uitsprake met betrekking tot die tug van ampsdraers kom volgens die Doleansiekerkreg die plaaslike kerk toe. Die instansie wat die kerklike mag aan ampsdraers toevertrou het, is immers ook die instansie wat bevoegd is om die mag weer te ontnem. Op die Sinode van die NGSK (1974) is dubbele lidmaatskap vir wit leraars afgewys. Met betrekking tot die kerkregtelike posisie van sendelinge in die NGSK is drie beskrywingspunte ingedien:

1. "Blanke leraars ook voorwerp van tug: stappe te doen om blanke leraars in die NG Sendingkerk in Suid-Afrika onderhewig aan die kerklike opsig en tug van die NG Sendingkerk te maak terwyl en solank hulle leraars in hierdie kerk is" (*Acta NGSK* 1974:262).
2. Volledige lidmaatskapwording van blanke leraars in die NG sendingkerk: Die Hoogeerwaarde Sinode aanvaar die beginsel dat alle diensdoenende leraars in die NG Sendingkerk lidmaat word van die NG Sendingkerk met inbegrip van volledige kerklike opsig en tug, insluitende die reg tot ontneming van status. Ter implementering van hierdie beginsel versoek die Hoogeerwaarde Sinode die NG Kerk om die volgende wysigings in die grondwet van die Sendingkerk aan te bring: (i) Dat in Art 6(b) die sinsnede " behoudens wat bepaal is ivm die tug oor blanke leraar deur die verskillende sinodes van die Gefedereerde Nederduitse Gereformeerde Kerke (*Bepalinge en Reglemente van die NGSK* 1970:2). (ii) Art 9: Onderafdelings (c) Alle lidmate van die Sendingkerk wat nie onder sensuur staan nie, het die reg om besware klagtes teen 'n blanke leraar van die genoemde kerk by die bevoegde kerkvergadering van die Sendingkerk in te dien en ... Art 9 d) geskrap behoort te word: Die Sendingkerk stel die Actuaris van die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in kennis as 'n blanke leraar sy bediening neerlê met of sonder opgaaf van redes (*Bepalinge en Reglemente van*

die NGSK 1970:3). (iii) Art 11: Onderafdeling (a) val weg. Voorts word die NG Kerk versoek om alle ander kerkwetlike struikelblokke wat hiertoe mag staan, te verwyder. Volle lidmaatskapwording van blanke leraars in die Sendingkerk: Die HE Sinode aanvaar die beginsel dat alle diensdoenende blanke leraar in die NG Sendingkerk lidmaat word van die NG Sendingkerk met inbegrip van volledige kerklike opsig en tug, insluitende die ontneming van status. Ter implementering van hierdie beginsel versoek die HE Sinode die NG Kerk om die grondwet te vervang met 'n akte van ooreenkoms waarin die beginsel duidelik beliggaam is. (Skema NGSK 1974:268-269).

Met betrekking tot die kerklidmaatskap van die sendelinge besluit die NGSK-Sinode (1974) onder andere dat “'n Leraar se ampsbediening vloei voort uit sy lidmaatskap en nie omgekeerd nie. Deur die bevestiging as leraar word sy lidmaatskap oorgedra na die gemeente wat hy bedien” (*Acta NGSK 1974:451*). Die Sinode van die NGSK (1974) wys dubbele lidmaatskap en die beskerming van die ampsbediening van die sendeling deur die NGK af (*Acta NGSK 1974:452*). Die Sinode besluit om art 26 van die Algemene Sendingreglement te handhaaf met betrekking tot die tugtoepassing en uiteindelijke afsetting van die sendelinge (*Acta NGSK 1974:452*). Die *Konsep Akte van Ooreenkoms* was op die Sinode goedgekeur (*Acta NGSK 1974:452*). Die opdrag aan die PRK tot die opstel van 'n kerkorde was op die Sinode gekontinueer: “Die HE Sinode lê daar klem op dat, by die uitwerk en opstel van 'n kerkorde, die Permanente Regskommissie hom alleenlik sal laat lei deur suiwer Bybelse en kerkregtelike riglyne” (*Acta NGSK 1974:362*). Met betrekking tot dubbele lidmaatskap word die Permanente Regskommissie opdrag gegee om gedurende die reses 'n deeglike studie te maak van die beginsel van dubbele lidmaatskap in die lig van die begrippe “kerk” en “kerkverband” (*Acta NGSK 1974:363*).

Prof C J Kriel, as lid van die Permanente Regskommissie, is in sy *Studiestuk oor dubbele lidmaatskap* van mening dat dit regstegnies nie moontlik is om 'n lid van 'n Kerkraad,

Ring, Sinode wees met volle regte, voorregte en stemreg sonder om 'n lidmaat van genoemde kerk te wees nie (*Skema NGSK* 1978:77). Hy stel dit duidelik dat 'n vorm van dubbele lidmaatskap deur die *Grondwet* geïmpliseer word, aangesien volgens die Gereformeerde kerkreg tugreg alleenlik uitgeoefen kan word op belydende lidmate. Die feit dat die NGK tugreg op die sendelinge in diens van die NGSK uitgeoefen het, is dus vir hom tekenende van dubbele lidmaatskap (*Skema NGSK* 1978:70).

In art 3.1 tot 3.3.7.4 van die *Akte van Ooreenkoms* word die kerkregtelike posisie van wit leraars in diens van die NGSK gereguleer (*Skema NGSK* 1978:72). Die *Akte van Ooreenkoms* het bepaal dat die beroeping, bevestiging en legitimering van 'n gelegitimeerde uit die NGK volgens die bepalinge en reglemente van die NGSK moes geskied. Die NGSK het onder andere die opleiding en legitimasie van bedienaars van die Woord deur die NGK vir die doel van diens in die NGSK erken; diensdoenende leraars en proponente in die NGK is beroepbaar in die NGSK; gelegitimeerdes uit die NGK wat diens in die NGSK aanvaar het, bly beroepbaar in die NGK; die beroeping, bevestiging en demittering van 'n gelegitimeerde uit die NGK geskied volgens die bepalinge en reglemente van die NGSK; die bedieninge word uitgeoefen ooreenkomstig die bepalinge en reglemente van die NGSK; deur sy bevestiging; deur sy bevestiging in 'n gemeente van die NGSK word hy ook lidmaat van die NGSK; nadat sy dienste in die NGSK beëindig is, is hy slegs lidmaat van die NGK waar hy hom vestig; hy staan ten opsigte van die opsig en tug onder sowel die NGK en die NGSK; in die tugtoepassing word gehandel ooreenkomstig die bepalinge en reglemente van die NGSK; wanneer die bestraffing te neerkom op losmaking van die band tussen hom en die gemeente, word sy lidmaatskap in die NGSK beëindig word alle stukke wat betrekking het op die saak na vir behandeling aan die NGK deurgestuur en val hy onder die jurisdiksie van die betrokke Ring waar sy arbeidsveld was; wanneer die bestraffing te neerkom op 'n beslissing dat sy *Akte van*

Toelating ingetrek behoort te word, gee die Ring wat dit opgelê het en in die geval van hoër beroep die Sinode van die NGSK daarvan kennis aan die NGK met voorlegging van alle stukke wat op sy saak betrekking het; sy *Akte van Toelating* kan slegs deur die NGK ingetrek word (*Skema NGSK 1978:33-34*). Tot en met die opheffing van die *Grondwet* in 1975 het wit leraars dus 'n vorm van dubbele lidmaatskap geniet en het die NGK tugreg oor sodanige leraars uitgeoefen. Die *Grondwet 1975* het in art 9.3 bepaal dat alle ongesensureerde lidmate van die NGSK die reg het om besware of klagtes teen 'n wit leraar by die bevoegde kerkvergadering van die NGSK in te dien. Die kerkvergadering ondersoek die klagtes of beswaar en as dit gegrond blyk word die klagte tesame aan die voorlopige kerkvergadering van die Gefedereerde Nederduitse Gereformeerde Kerke voorgelê. Art 9.4 het verder bepaal dat die NGSK die actuaire van die NGK in kennis stel as 'n wit leraar sy bediening sonder opgaaf van redes neerlê (*Skema NGSK 1978:70-71*).

Uit bovermelde is dit duidelik dat die beginsel van dubbele lidmaatskap deur die *Akte van Ooreenkoms* onderskryf word. 'n Tweeslagtigheid met betrekking van die tug van wit leraars word in die *Akte van Ooreenkoms* onderskei. Alhoewel hul onder die opsig en tug van die NGSK val, het die NGK die reg tot die eksekutering van die tug gehad. Kriel dui aan dat beide dubbele lidmaatskap tuguitoefening van die NGK oor wit leraars van die NGSK geen Gereformeerde kerkregtelike gronde het nie:

Hierdie laaste twee punte sowel as die dubbele lidmaatskap het geen Gereformeerde kerkregtelike gronde nie – dit is 'n ooreenkoms deur twee kontrakterende liggame aangegaan wat 'n praktiese orde-reëling is waarvoor beide verantwoordelikheid aanvaar, maar in wese word daar weg beweeg van ons gereformeerde beginsels .

(*Skema NGSK 1978:73*).

Die NGK se tugreg ten opsigte van die sendelinge, naamlik dat 'n kommissie van 'n ander kerk oor volle leer-, regeer- en tugmag beskik was op die NGSK-Sinode 1978 as onhoudbaar afgewys word. Die toekenning van die volledige leer-, regeer- en tugmag

aan die NGK is in stryd met die Doleansiekerkreg self. Die NGK en haar Binnelandse Sending-subkommissie het tot 1978 gedoen, wat uiteraard tot die taak van die Kerkraad van die NGSK behoort. Die *Kerkorde van die NGSK 1978* gaan van die veronderstelling uit dat die uitvoering van die besluite van die Sinode in die hande van die Ring en Kerkraad gestel behoort te word en dat die Sinode nie die aangewese liggaam is om 'n uitspraak met betrekking tot die skorsing en afsetting op plaaslike vlak te implementeer nie. In artikel 84.2 van die *Kerkorde van die NGSK 1978* word dit duidelik gestel dat NGSK tugreg het oor alle ampsdraers, sendelinge ingeslote, wat in diens van die NGSK staan. Hiervolgens is die Kerkraad bevoegd om die bestuursmag te ontnem van die bedienaars van die Woord en die ouderlinge met die steun van die kerkverband. Die NGSK beklemtoon hiermee op voetspoor van Doleansiekerkreg dat 'n meerdere vergadering of 'n ander kerk nie die reg om self het om tugtoepassing in 'n plaaslike gemeente te voltrek nie. Die NGSK gaan van die veronderstelling uit dat geen ampsdraers afgesit mag word, buite die deur die *kerkorde* daartoe bevoegd verklaarde strukture om nie.

4.4.6. Die appèlreg ten opsigte van die besluite van die meerdere vergaderinge

Daar word in die *Kerkorde van die NGSK 1978* art 23 voorsiening gemaak dat besluite van meerdere vergaderings vatbaar vir hoër beroep is:

Elke besluit, uitspraak of handeling van 'n vergadering is vatbaar vir hoër beroep by die volgende Meerdere Vergadering. Vergaderinge, lede van 'n vergadering en beswaardes (klaer en beklaagde) het *die reg tot* hoër beroep. Diegene wat enige uitspraak of handeling van 'n vergadering in stryd ag met die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente, of meen dat die welsyn van die Kerk deur so 'n uitspraak of handeling geskaad word, of voel dat hulle daardeur verontreg is, *kan* in hoër beroep gaan na die naasvolgende

vergadering. Indien hulle so 'n uitspraak of handeling in stryd ag met die duidelike uitsprake van die Woord van God, is hulle *verplig* om in hoër beroep te gaan.

(*Kerkorde van die NGSK 1978 art 23*)

Art 22 stel dit onomwonde dat die besluite van 'n kerklike vergadering met die voorbehoud, soos gestel in art 23, bindend is en dat mindere vergaderinge hul gevolglik moet onderwerp behoudens genoemde artikel aan die besluite van die meerdere vergadering.

4.4.7. Die bevoegdheid van die meerdere vergadering by wanbestuur

Voorsiening word in art 90 van die *Kerkorde van die NGSK 1978* gemaak dat die meerdere vergadering in die geval van wanbestuur in die mindere vergaderings kon ingryp:

Ingeval van wanbestuur by die Kerkraad sal dit die Ring vrystaan om by die skuldigbevinding tugmaatreëls van die skorsing en afsetting te neem, wanneer 'n deel van die kerkraad of 'n deel van die gemeente hulle na die Ring om hulp wend, met dien verstande dat die Kerkraad vooraf in die saak geken is om hom te verantwoord.

(*Acta NGSK 1978:435*)

4.5. Kerkregtelike selfverwesenliking 1982-1994

Die tydperk 1982 tot 1994 was volle kerkregtelike outonomie in die NGSK bereik. Die Sinode van die NGSK (1982) het 'n *status confessionis* afgekondig waardeur die teologiese regverdiging van apartheid tot kettery verklaar is (*Skema NGSK 1986:89*). 'n Konsep belydenis is op dié Sinode aanvaar en hiermee het die NGSK die eerste tree gegee om die belydenisgrondslag van die kerk te wysig.¹⁵ In 1986 is die *Belydenis van Belhar* as

¹⁵ Op 23 Maart 1984 het die breë moderatuur van die NGK antwoord aan die NGSK insake die *status confessionis* en konsep belydenis gegee. Die NGK het die standpunt van die moderatuur van die NGSK dat die sekulêre evangelie van Apartheid die kerk wees en kerkverband van die NGK struktureer, verwerp (*Skema NGSK 1986: 53*). Hulle stel dit dat die tot standkoming van die onderskeie kerke het geskied uit sendingkundige oorwegings lank voor die beleid van eiesoortige ontwikkeling gestalte gekry het "ons glo dat dit onder die leiding van die Here geskied het" (*Skema NGSK 1986: 53*). Die NGK was van mening dat "afsonderlike ontwikkeling,

vierde belydenisskrif aanvaar. Met die aanvaarding van die *Belydenis van Belhar* was die belydenisgrondslag van die NGSK gewysig. Die NGSK aanvaar die ekumeniese belydenisse, te wete die Apostoliese Geloofsbelydenis en die Belydenisse van Nicea en Athanasius, die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls asook die *Belydenis van Belhar* as belydenisgrondslag van die NGSK. Voortaan sou verwag word van elke proponent om die *Belydenis van Belhar* saam met die drie Formuliere van Enigheid te onderteken.

Die kerkorde wat op die Sinode van die NGSK (1982) aanvaar is, bevat tagtig bepalinge wat onderverdeel word in vier hoofstukke. Alhoewel die indeling van die *Kerkorde van die NGSK 1982* nie identies is met die DKO nie, kom dit tog in principe ooreen. Die volgende indelings word sedert 1982 in die kerkordes van die NGSK gebruik:

- i. die dienste (art. 1 tot 20). Onder die dienste word verstaan die ampte sowel die bedieninge en pligte (vergelyk *Van de Diensten* DKO 1 tot 28).
- ii. die samekomste byvoorbeeld Kerkraad, Ring, Streeksinode, Algemene Sinode (bep 31-52) verwys na die mindere vergaderinge en die meerdere vergadering (vergelyk *Van de kerkelijke samenkomsten* DKO 29-52).
- iii. die leer, sakramente en andere seremonies (bep 53-85) verwys na die belydenisgrondslag, die sakramente, begrafnisse en huwelike (vergelyk *Van de Leer, Sacramenten en andere Ceremoniën* DKO 53-70).

toegepas volgens bogenoemde beginsels, is volgens ons, nie in botsing met die eise van die Skrif nie” (*Skema NGSK* 1986:51). Die NGSK was van mening dat die NGK hiermee die tot standkoming van aparte kerkverbande kritiekloos sanksioneer. Die totstandkoming van die afsonderlike kerke was volgens die moderatuur van die NGSK nie ’n uitvloei van die Gereformeerde sendingbenadering nie, maar was geïnspireer deur rassevoordeel en maatskaplike ongelykheid (*Skema NGSK* 1986:59). Die NGSK stel dit in hul skrywe gedateer 22 Junie 1984 dat die NGK ’n gebrek toon vir die leed wat die NGSK ervaar as gevolg van die Apartheidsbeleid met al sy konsekwensies vir die mense wat daardeur nadelig geraak was (*Skema NGSK* 1986:58). Die NGK het volgens die NGSK die gedwonge skeiding van mense Skriftuurlik probeer regverdig. Die NGSK het die standpunt in stryd met die versoeningsmoontlikheid van die evangelie die rol van die NGK in die tot standkoming van die beleid en die uitwerking van die besonderhede van die beleid kan volgens die NGSK nie ontken word nie (*Skema NGSK* 1986:59).

- iv. die sensuur en die kerklike vermaning (86-135) (vergelyk *Van de Censuur en Kerkelike Vermaning* DKO 71-86).

4.5.1. Christus as die Hoof van die kerk

Op die Sinode van die NGSK (1986) het die Sinodale kommissie vir Leer en Aktuele Sake (=SKLAS)¹⁶ hul studiestuk *Die plaaslike gemeente en die kerkverband* (1986) die ekklesiologiese onderbou van die kerkregering soos volg omskryf: “Dat Christus die Hoof en Here van sy kerk is en as Koning direk en persoonlik oor Sy Kerk regeer, is die grondwaarheid van alle kerkregering” (*Skema NGSK* 1986: 149). Christus is die hoogste en enigste gesagshoof van die kerk (Ef 5:23, Kol 2:19) (*Skema NGSK* 1986:151). In die sin is die kerk die instrument of die uitdrukking van Sy koninkryk. Die instrumente wat Hy gebruik is die ampte wat Hy met gesag bekleed (*Skema NGSK* 1986:171). Jesus Christus vergader, beskerm en onderhou Sy gemeente. Hy is die handelende subjek in Sy gemeente (*ekklesia*) en aan Hom kom toe alle mag en seggenskap in Sy gemeente toe (*Skema NGSK* 1986:149). Kerkregtelike teorie en praktyk moet dus volgens die SKLAS ingestel wees om vir die regering van Christus deur Sy Woord en Gees ruimte te maak. Kerklike praktyk moet dus voortdurend aan die Skrif getoets word. Die SKLAS dui aan dat in sy heilshistoriese betekenis word *ekklesia* vertaal met “volk” en word gewoonlik aangedui as volk van God.” Kenmerkend van die *ekklesia* is dat dit “volk van God” of van Christus is. Die *ekklesia* word ook beskryf as liggaam van Christus (Kol 1:22-23 en Kol 1:18). Die twee begrippe volk van God en liggaam van Christus is volgens die SKLAS interafhanklik (*Skema NGSK* 1986:150).

Die SKLAS dui aan dat in die Nuwe Testament op twee maniere van die *ekklesia* gepraat: as die universele kerk en as die plaaslike kerk(e) of gemeentes met die universele kerk word na die kerk in die geheel, die algemene kerk met ander oorde almal wat aan Christus behoort, ten alle tye, op alle plekke en van alle denominasies verwys die plaaslike gemeente daar teenoor is God se universele volk soos dit plaaslik tot uitdrukking kom (*Skema NGSK* 1986:151).

Die kommissie toon aan dat in die Kerk sowel as in Sy koninkryk gaan dit om die heerskappy van God in en deur Christus deur Sy Woord en Gees. Die kerk moet haar dus gehoorsaam en gewillig onderwerp aan die regering van Christus: “Daarop sal al sy orde-reëlins, die strukturering van sy werksaamhede en die inrigting van sy kerkregering afgestem wees” (*Skema NGSK* 1986:154). Ook in artikel 5 van die *Belydenis van Belhar* word dit bely dat die NGSK glo dat die kerk geroep word om dit alles te bely en te doen, in gehoorsaamheid aan Jesus Christus sy enigste Hoof, al sou ook die owerhede en verordeninge van mense daarteen wees en al sou straf en lyding daaraan verbonde wees. “Jesus is die Heer. Aan dié enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, kom toe eer en heerlikheid in ewigheid,” bely die NGSK in art 5 van die Belhar Belydenis (*Belydenis van Belhar* (1986) ’n Eenvoudige uitleg (1990:13).

4.5.2. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk

Die selfstandigheid van die plaaslike kerk word in die *Kerkorde van die NGSK 1978* erken. Die *Kerkorde van die NGSK 1978* beklemtoon dat die plaaslike gemeente die

¹⁶ Prof J C Adonis (voorsitter) di H R Botman (scriba), J C Vermeulen, J P Strauss, F W Jacobs en J S van Rooy (*Skema NGSK*

ecclesiae primae met primêre mag is en dat die meerdere vergaderinge geen hoër bestuur bo die plaaslike gemeentes vorm nie. Die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) het op 27 tot 28 September 1983 die selfstandigheid van die mindere vergaderinge in die wysiging van die belydenis grondslag erken deur die *Konsep Belydenis* aan Kerkrade te stuur vir wysiging, amendering en/of goedkeuring. Aan die Kerkrade was riglyne verskaf in verband met die *status confessionis* (*Skema NGSK* 1986:89). Die Sinode van die NGSK (1986) bevestig hiermee dat die plaaslike gemeente die *ecclesiae primae* en primêre mag. Die ASK het geoordeel dat die afkondiging van die *status confessionis* 'n impak het op die bestaande verhouding tussen die NGSK en die NGK en erken dat dit ondenkbaar is dat die verhoudinge op plaaslike vlak ongeraak en onveranderd sou bly en dui aan dat die gesprek tussen die NGSK en die NGK op 'n nuwe basis voortaan plaas behoort te vind. Hierdie nuwe basis kom neer op 'n oproep tot bekering en berou en 'n oproep om op 'n positiewe wyse deel te neem aan die stryd teen Apartheid. Skakeling wat die nuwe gespreksbasis ignoreer kom volgens die NGSK te neer op 'n negering van die *status confessionis* deur die plaaslike Kerkraad (*Skema NGSK* 1986:89). Die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) het besluit dat alle betrekking tussen die NGSK en die NGK hetsy op gemeente, ringsvlak of sinodale vlak beoordeel moet word in die lig van die afkondiging van die *status confessionis*, maar dat die bande tussen die NGSK en die NGK op daardie stadium nie verbreek sou word nie (*Skema NGSK* 1986:89).

Die Kerkrade moes hul antwoorde wysiging van die belydenisgrondslag voor 31 Oktober 1983 by die Scriba Sinodi indien (*Skema NGSK* 1986:17). Die vervaldatum vir indiening van die kommentaar was telkens verleng, aangesien die Kerkrade se reaksie op die saak

traag was. Teen 14 Januarie 1986 het slegs 39% (104) van die gemeentes kommentaar oor die *Konsep Belydenis* ingestuur of het aangedui dat hul dit aanvaar (*Skema NGSK* 1986: 43). Op die Sinode van die NGSK (1986) te Belhar is die *Konsep Belydenis* met enkele teenstemme aanvaar. Dié belydenis sou voortaan bekend staan as die *Belydenis van Belhar* en het bestaan uit 5 hoofpunte, naamlik Geloof in die Drie-enige God wat die kerk tot stand bring (art 1), Die eenheid van die kerk (art 2), Versoening in kerk en samelewing (art 3), Die stig van vrede en geregtigheid in die wêreld (art 4) en Gehoorsaamheid aan Jesus Christus as enigste Hoof van die kerk (art 5) (*Belydenis van Belhar* 1986:15). Die belydenis van een God en Drie Persone word gevind in die belydenis van Nicea, Athanasius en die Twaalf Artikels asook in die Nederlandse Geloofsbelydenis artikels 8-11, Heidelbergse Kategismus Sondag 8, en Dordt hoofstuk 1.7. Art 1 van die *Belydenis van Belhar* is 'n aanhaling van Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 54.

4.5.3. Die karakter van die kerkverband

Die NGSK vind 'n noue aansluiting by die Doleansiekerkreg met die sterk aksentuering van die selfstandigheid van die plaaslike kerk, en die konfederatiewe karakter van die kerkverband. Sinodale kommissies egter besit volgens die Doleansiekerkreg geen eie oorspronklike gesag nie, maar besit beperkte en gedelegeerde bevoegdhede wat hul slegs in medewerking met die kerkverband mag toepas. Aan die Moderatuur word in die NGSK se *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk* 1982 mag toegeken om besluite tot uitvoer te bring met kennisname aan Sinode, aangesien die uitoefening van mag van sinodale kommissies nooit losgemaak mag word van die medewerking van die kerkverband nie.

Die Sinode van die NGSK (1982) het aan die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake (SKLAS) onder voorsitterskap van prof JC Adonis¹⁷ opdrag gegee om 'n studie te maak oor die plek en betekenis van die plaaslike gemeente in die Skrif, die rol van die kerkverband, insonderheid die Sinode in die werksaamheid van die kerk (*Acta NGSK* 1982:643). Die SKLAS dui in die studiestuk, Die plaaslike kerk en die kerkverband (1986) teenoor die kollegialistiese (die plaaslike kerk is onvolkomme kerk), hiërargiese (die plaaslike gemeente is radikaal afhanklik van die sentrale kerk) en independentistiese kerkbegrip (die plaaslike gemeente staan onafhanklik van mekaar) die noodsaaklikheid van die kerkverband aan (*Skema NGSK* 1986:155). Die kerkverband vloei volgens die SKLAS logies uit die eenheid in Christus uit. Die kerkverband is dus 'n feit en 'n opdrag. Die kerkverband is een van die belangrikste wyses waarop die wesenseienskappe van die kerk te wete eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit van die kerk uitdrukking gegee kan word. Die SKLAS dui aan dat die plaaslike kerk volkome en volledig kerk in Christus is (*Skema NGSK* 1986:156). Die kerklike vergaderinge, te wete Kerkraad, Ring, Sinode, het elkeen, na sy eie aard, 'n kerklike gesag wat deur Christus aan die besondere vergadering verleen word.

4.5.4. Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering

Die Algemene Sinodale Kommissie (=ASK) het op 27 tot 28 September 1983 besluit dat geen lidmaat, ampsdraer of mindere vergadering hom deur amptelike uitspraak, besluit of handeling kon distansieer van die besluite met betrekking tot die *status confessionis* nie.

¹⁷ Prof J C Adonis het in Nederland, Vrije Theologische Universiteit Kampen gedurende 1981 gepromoveer. Die titel van sy dissertasie is *Die afgebreekte skeidsmuur weer opgebou*. Hy het sedert 1982 tot 2000 aan die Universiteit van Wes-Kaapland en sedert 2000 tot 2005 aan die Universiteit van Stellenbosch Ekklesiologie en Kerkreg gedoseer.

Die ASK het egter die individue se vryheid van gewete en persoonlike mening erken, mits dit nie lei dat sy handelinge die doel van die besluite in sake die *status confessionis* verydel nie (Skema NGSK 1986:89). Die ASK het erken dat die verbreking van bande met die NGK 'n moontlike konsekwensie van die *status confessionis* kan wees, maar dat dit alleen op besluit van die Sinode kon geskied en dat dit nie eensydig op plaaslike vlak op besluit van enige Kerkraad kon geskied nie (Skema NGSK 1986:89).

Op voetspoor van Doleansiekerkreg erken die NGSK dat die gesag van die Ring oor die Kerkraad is dieselfde as die van die Sinode oor die Ring (*Kerkorde van die NGSK* 1982: art 18 – 19]. Die toesig van die meerdere vergadering oor die mindere vergadering mag nie hiërargies wees nie sodat die selfstandigheid van 'n mindere vergadering nie aangetas word nie. Die NGSK erken dat daar sake is waarin die Algemene Sinode wel gesag het oor 'n sinode byvoorbeeld met betrekking tot beleidsake wat die hele kerk raak of die verbreking van die kerkverband (Skema NGSK 1986:126).

Die *Kerkorde van die NGSK* 1982 art 20 stel dit duidelik dat op die kerkvergaderinge alleen sake behandel kon word en wel op 'n wyse wat altyd in ooreenstemming is met die kerklike karakter van hierdie vergadering (*Kerkorde van die NGSK* 1982:18). In 'n meerdere vergadering behoort volgens art 21 (*Kerkorde van die NGSK* 1982:18), behalwe sake wat die gemeentes wat in hom verteenwoordig is gemeenskaplik aangaan, uitsluitlik sake behandel te word wat nie in die mindere vergaderinge afgehandel kan word nie. Volgens Doleansiekerkreg het meerdere vergadering en by implikasie ook deputate en/of kommissies van sodanige vergaderings immers slegs gedelegeerde mag.

In die studiestuk *Die plaaslike kerk en die kerkverband (1986)* dui die SKLAS aan dat in die meerdere vergadering kom in die eerste plek nie Kerkrade nie byeen nie, maar kom gemeentes bymekaar (*Skema NGSK 1986:159*). Die SKLAS dui op die gevare wat in 'n independentistiese en/of hiërargiese kerkbegrip skuil. Volgens die SKLAS besit die mindere vergadering die onvervreembare selfstandigheid ten opsigte van sake op eie gebied, maar het eweneens 'n onbetwisbare onafhanklikheid (selfstandigheid) met betrekking tot sake wat sy eie kompetensie te bowe gaan. Die meerdere vergaderings hanteer slegs sake wat nie tot die kompetensie aan die mindere vergadering hoort nie (*Skema NGSK 1986:160*).

Gedurende die negentigerjare word die aannames van die SKLAS met betrekking tot die karakter van die gesag van die meerdere vergaderinge getoets deurdat die twee Ringe te wete die Ring van Ebenhezer (Kaapstad) en Caledon besluit het om nie 'n afvaardiging na die Sinode van die VGK te stuur nie. As rede het hul aangevoer dat 'n Sinode nie 'n mindere vergadering tot kerkeenheid kan dwing nie (*Ligdraer 6 Mei 1991:1-2*). Die Ring van Ebenezer (Kaapstad) was van mening dat 'n kerk net gestig kan word met die instemming van die gemeentes wat hulle in 'n bepaalde kerkverband wil verenig (*Ligdraer 3 Junie 1991:12*). Die Sinode van só 'n kerk wat tot stand kom, ontvang sy gesag van die gemeentes wat hulle vrywillig in 'n kerk verenig, deur afstigting bekom word of van buite tot die bestaande kerk toe tree. Die Ring stel dit dat indien 'n Sinode van 'n bestaande kerk tot vereniging met 'n ander kerk besluit, kom so 'n besluit op die ontbinding van die bestaande kerk te neer en die stigting van 'n nuwe kerk bestaande uit gemeentes wat uit vrye wil tot die nuwe kerk toe tree. Sodanige gemeentes wat tot die nuwe kerk wil toetree moet volgens die Ring vooraf deur middel van hul Kerkrade daartoe besluit (*Ligdraer 3*

Junie 1991:12). Die Ring was van mening dat art 22 van die NGSK nie van toepassing is in die geval van kerkvereniging nie:

Art 22 Die besluite van die vergadering sal altyd na deeglike bespreking en sover moontlik met eenparige stem geneem word. As eenparigheid nie verkry kan word nie, sal die minderheid hom skik na die gevoel van die meerderheid. Die besluite van die vergadering is bindend. Mindere vergadering moet hulle aan die besluite van die meerdere vergadering onderwerp.

(*Ligdraer* 3 Junie 1991:12)

Geen gemeente kan volgens die Ring van Ebenhezer (Kaapstad) op grond van art 22 deur die meerdere vergadering gedwing word om hul besittings aan 'n nuwe kerk af te staan nie. Die Ring wys daarop dat vrywillige verenigings volgens die gemenereg nie met 'n ander vereniging kan saamsmelt en sy lede verplig om lid te word van die nuwe vereniging nie. Net so min kan 'n Sinode dit met gemeentes doen, beweer die Ring. Die Ring wys as redes vir sy wegbly van die Stigtingsvergadering van die VGK daarop dat die Algemene Sinode van die NGKA in Oktober 1990 "sy eie kerkorde verkrag het en die verskanste regte van sy Streeksinodes verontagsaam het" (*Ligdraer* 3 Junie 1991:12). Hul wys daarop dat die Algemene Sinode van die NGKA (1990) sonder die vereiste tweederdemeerderheid volgens art 36.1 hul belydenisgrondslag met hul aanvaarding van die *Belydenis van Belhar*.

Prof J A Adonis en ds J N M Hartney is van mening dat die Ring van Ebenhezer 'n ongereformeerde siening van die kerkreg het en beweer dat binne die Gereformeerde kerkregeringstelsel is dit *slegs* die Sinodes wat as meerdere vergadering die bevoegdheid het om oor kerkvereniging te besluit (*Ligdraer* 1 Julie 1991:10). Hulle dui egter nie aan op watter Gereformeerde kerkregtelikes hulle hul aannames met betrekking tot Gereformeerde Kerkreg grond nie. Hulle wys daarop dat die Sinode van die NGSK (1990) met 'n groot meerderheid van stemme die kerkorde van die verenigde kerk

goedgekeur het: “Die Sinode van die NG Sendingkerk besluit op grondslag van hierdie kerkorde om een te word met die NG Kerk in Afrika as Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, en bring hulde aan God wat ons tot hierdie historiese daad gelei het” (*Acta NGSK* 1990:1046). Hartney en Adonis is van mening dat die gemeentes nie nodig gehad het om addisionele besluite oor kerkvereniging te neem nie, aangesien deur middel van die besluit op sinodale vlak dit al reeds gedoen was (*Acta NGSK* 1990:1046). Met betrekking tot die vraag na die gesag van die besluite van die meerdere vergadering is Hartney en Adonis van mening dat besluite van meerdere vergadering nie slegs bloot adviese is nie soos die Ring van Ebenhezer beweer nie, maar dat besluite van meerdere vergaderinge bindend op mindere vergaderinge is (*Ligdraer* 1 Julie 1991:10). Hartney en Adonis eien op voetspoor van die *nuwe kerkrecht* groter gesag en bevoegdheid aan meerdere vergadering toe.

Op 15 Junie 1991 het ds N A Appolis, moderator van die NGSK, en dr A J Botha, scriba sinodi van die NGSK, ’n verklaring uitgereik waarin hul onder andere die onkerkregtelike wyse waarop die NGKA die *Belydenis van Belhar* deel van hul belydenisgrondslag gemaak het, aangedui het as een van die struikelblokke in die pad na eenwording:

Die feit dat die NGKA die Belydenis van Belhar op ’n onkerkregtelike wyse deel van hul kerkorde gemaak het, ten spyte daarvan dat ons hulle maande voor die Sinode versoek het om dit nie op so ’n wyse te doen nie en feitlik daaglik tydens die twee sinodesittings self met hulle daaroor in verbinding was. Uit regsmenings het dit later geblyk dat hulle besluit in die verband *ultra vires* (ongeldig) was. Dit was ook deur die Moderatuur van die Algemene Sinode van die NGKA toegegee .

(*Ligdraer* 1 Julie 1991:15)

Dr A J Botha het terselfdertyd bedank as scriba van die gesamentlike moderatuur van die NGSK en die NGKA (*Ligdraer* 1 Julie 1991:4). Botha en Appolis het aanbeveel dat die voorstel van die regsgeleerdes gevolg moet word, waarvolgens die NGSK eers ’n

ontbindingsklousule in sy Kerkorde moes voeg. Volgens Botha en Appolis het die NGSK se regsverteenvoerder die moderatuur meegedeel dat die gemeenereg die kerk beskou as 'n onderlinge vereniging en die gemeente as 'n *universitas*, dit is 'n korporasie. As 'n korporasie met regspersoonlikheid is elke gemeente dus eienaar van haar eie bates ongeag die samestelling van die gemeente en is elke kerk dus verbind aan sy eie kerkorde en gepaardgaande reëls wat as kontrak dien. Om regsgeldig te wees, moet alle handeling van die kerk in lyn met die Kerkorde geskied (*Ligdraer* 1 Julie 1991:15). Met kerkvereniging is dit vanselfsprekend dat die verskillende kerkgenootskappe wat aan die vereniging deelneem ophou bestaan dat 'n nuwe onderlinge vereniging tot stand kom. Voordat die nuwe kerkgenootskap tot stand kom, moet die bestaande kerkgenootskap volgens die regsgeleerde ontbind. Vir die ontbinding moet daar 'n ontbindingklousule in die kerkordes van die deelnemende kerke wees, anders tree die kerk buite haar bevoegdheid op en is sodanige besluit *ultra vires*. Die regsgeleerdes het aanbeveel dat die kerk eers haar kerkorde wysig om daarin 'n artikel van eenheid aan te bring waarin die ontbinding met die oog op samesmelting aangebring word, wat behoorlik voorsiening maak vir die hantering van bates (*Ligdraer* 1 Julie 1991:15).

Die implikasies van die regsgeleerdes se regsmening was dat die Streeksinode besluite weens 'n gebrek aan 'n ontbindingsklousule *ultra vires* was. Die aanbeveling van die regskundiges was dat 'n artikel vir kerkeenheid in die Kerkorde aangebring moet word waarin die ontbinding met die oog op samesmelting aangebring word asook behoorlike voorsiening gemaak moet word vir die hantering van bates (*Ligdraer* 1 Julie 1991:15). 'n Regsgeleerde, mnr J J Loubser van De Klerk en Van Gend in 1990 aan die Gesamentlike Gesprekskommissie (=GGK) gegee het. Mnr J J Loubser het aanbevelings geformuleer

wat hy van mening was wat voor kerkeenwording geneem moes word. (*Skema NGSK* 1994:46). Hy is van mening dat een of meer verkeerde besluite en/of versuim om sekere besluite te neem en/of afwykings van die voorgeskrewe prosedures deur een of albei kerke in die eenheidsproses, kan implikasies inhou vir die regsgeldigheid van sekere aksies of kan die hele proses aanvegbaar maak. Vir die vasstelling van die belydenisskrifte en die konsep kerkorde, word 'n tweederdemeerderheid van die uitgebragte stemme op die Sinode vereis nadat die konsep kerkorde aan die mindere vergaderings voorgelê is om hulle gevoelens daaroor uitspreek.

Op 18 Julie 1991 is 'n versoek aan die moderatuur van die NGSK gerig vir die hou van 'n Buitengewone Algemene Sinodale Kommissievergadering om ander andere te besin oor die hou van 'n Buitengewone Sinode met die oog op kerkeenwording. Die versoek is toegestaan en 'n Buitengewone Algemene Sinodale Kommissievergadering het op 24 tot 25 Oktober 1991 plaasgevind (*Ligdraer* 7 April 1992:8). Op 12 November 1991 het die moderatuur die Kerkrade van die NGSK versoek om ten gunste van 'n Buitengewone Sinode met die oog op kerkeenwording te stem. Di J Mettler en I J Mentor, assessor van die NGSK, het die Kerkrade van die NGSK versoek om nie ten gunste van die versoek van die moderatuur om die hou van 'n Buitengewone Sinode te stem nie (*Ligdraer* 31 Januarie 1992:9). As redes vir hul versoek dui hul aan die teenstrydigheid om nie druk op die Kerkrade te plaas nie, die onduidelikhede in die agendapunte, die ongemotiveerde haas, die gemeenskaplike band met die NGK asook die hoë kostes verbonde aan die hou van 'n Buitengewone Sinode. Een van die agendapunte was die wysiging van toepaslike artikels van die Kerkorde om voorsiening te maak vir eenwording met kerke van Gereformeerde Belydenis (*Ligdraer* 31 Januarie 1992:9). Di Mettler en Mentor is van

mening dat die Kerkrade nie weet wat die wysigings behels nie, dat die wysiging onder meer kan beteken dat kerke wat nie met die eenwording wil saamgaan nie, hul eiendom en ander bates, soos fondse, aan die nuwe kerk sou moes afstaan, dat die agenda vaag is en dat die Kerkrade dus nie ingeligte besluite sou kon maak nie (*Ligdraer* 16 Maart 1992:9). Die moderatuur was verdeel oor die kerkregtelike proses wat met betrekking tot kerkeenwording gevolg behoort te word. Aan die eenkant was di N Appollis, moderator, en I Mentor en aan die ander kant was di H R Botman, assessor van die NGSK, en J Buys, actuarius. Die tel van die uitgebragte stemme van die Kerkrade vir die hou van 'n Buitengewone Sinode het op 17 Februarie 1992 plaasgevind (*Ligdraer* 7 April 1992:8). 'n Tweederdemeerderheid vir die hou van 'n Buitengewone Sinode kon egter nie verkry word nie. Die totale aantal gemeentes wat vir die hou van 'n Buitengewone Sinode gestem het, was 210 waarvan 94 ja-stemme en 94 nee-stemme was. 22 stembriewe was ongeldig. Die moderatuur het geoordeel dat die Buitengewone Sinode nie plaas kon vind nie, aangesien die tweederdemeerderheid vereiste van art 38.5 nie nagekom is nie (*Ligdraer* 16 Maart 1992:8).

Op 19 Februarie 1992 asook op 6 Mei 1992 het die gesamentlike moderature van die twee kerke vergader om onder andere oor die uitslag van die stemming te beraadslag asook om aan verskeie opsies met betrekking tot kerkeenwording oorweging te skenk (*Ligdraer* 7 April 1992:8-9). Uit die samespreking het dit duidelik geblyk dat die stemming nie die status van die besluite oor kerkeenheid van die NGSK en die NGKA in gedrang bring nie. Die *status quo* het dus bly staan en gevolglik kon die gesamentlike moderature voortgaan met hul opdragte (*Ligdraer* 7 April 1992:9). Die moderatuur van die NGSK was versoek om oorweging te gee aan die hou van 'n Buitengewone Sinode, 'n

verklarende hofbevel en/of dat die Stigtingsinode gehou sou word op die laaste dag van die volgende Sinode van die NGSK (*Ligdraer 7 April 1992:9*). Op die NGSK moderatuursvergadering gehou 27 Februarie 1992 het ds N Appolis, moderator en di A Botha, scriba, die status van die belofte wat die NGSK op 28 Junie 1990 aan die NGKA in verband met die kerkeenwording gegee het, bevraagteken en was van mening dat die NGSK nie meer aan dié belofte verbonde is nie (*Ligdraer 7 April 1992:15*). Tydens die vergadering van die NGSK moderatuur op 11 Maart 1992, waartydens die opsie van 'n herstem vir 'n Buitengewone Sinode oorweeg sou word, het die stemme weer gestaak. Die moderatuur was verdeel oor die kerkregtelike pad wat met kerkeenwording gevolg behoort te word.

Op 6 Mei 1992 het die gesamentlike moderature ooreengekom dat die kommissieverslae met betrekking tot kerkeenwording byvoorbeeld Kerkordekommissie, Teologiese opleiding, Administrasie asook Ekumene afgerond behoort te word. Die actuarius, ds J Buys, het na die bekendmaking van die nee-stem vir die hou van 'n Buitengewone Sinode amptelik sy bedanking as actuarius ingedien en ds A Doyer was in sy plek deur die Moderatuur van die NGSK benoem (*Ligdraer 7 April 1992:10*). As redes vir sy bedanking voer Buys aan sy geloofsoortuiging wat opsigte van kerkeenheid geld:

Die uitslag van die stemming van 'n Buitengewone Sinode verstaan ek as die stem van die kerk in die saak van kerkeenheid. Ek hoor dat die kerk vanweë verskeie faktore sê dat ons die eenheid moet uitstel, bes moontlik nie later as die 1994-sinode nie ... dit is my oortuiging dat die kerk vanweë praktiese oorwegings waarvan geld 'n belangrike een is, besluit het om die saak van eenheid uitgestel word. Hierdeur word geld en ander oorwegings na waarde hoër geag as die Skrifopdrag en gehoorsaamheid aan Jesus, die Heer. Ek oordeel dat die NG Sendingkerk deur hierdie stemming haar boodskap en gehoorsaamheid van ons daad van belydenis onberekenbaar skade aandoen.

(*Ligdraer 7 April 1992:10*)

Op 4 Augustus 1992 het die moderatuur van die NGSK, N Appolis, H R Botman en I Mentor, besluit om die Sinode van die NGSK wat in Oktober 1994 sou plaasvind na Maart 1994 te vervroeg en dat die eenheidsinode onmiddellik na die Sinode van die NGSK sou plaasvind (*Ligdraer* 17 Augustus 1992:4). Die besluit van die moderatuur om die Sinode te vervroeg was na die lede van die Algemene Sinodale Kommissie (=ASK) gestuur om per posstem te reageer. Kragtens die bep 62 van die *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk 1990* moes die ASK toestemming verleen vir die vervroeging van die Sinode:

Die Algemene Sinodale Kommissie kan ook vir 'n buitengewone vergadering deur die moderatuur byeengeroep word met behoorlike kennisgewing van tyd en plek, met dien verstande dat die agendapunte duidelik aangedui en gemotiveer is, dat die agenda aan alle Kerkrade gestuur is, en dat van minstens twee derdes van die Kerkrade toestemming tot die vergadering verkry is.

(*Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk 1990*: bep 62)

Die ASK het met 'n groot meerderheid ingestem dat die Sinode tot Maart 1994 vervroeg word (*Ligdraer* 14 September 1992:3). Ds Doyer is ook deur die ASK met 'n meerderheid van posstemme deur die ASK benoem as actuarius in die plek van ds J Buys wat vroeër die jaar weens konflik oor die hou van 'n Buitengewone Sinode bedank het (*Ligdraer* 14 September 1992:3).

4.5.5. Die tugreg ten opsigte van ampsdraers

Die *Sendingreglement van die NGK* het nie voorsiening daarvoor gemaak dat wit leraars by diensaanvaarding in die NGK lidmate van die NGSK word nie en dus onder die tug en toesig van die NGSK val. Die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) van die NGSK het op 15 tot 16 Augustus 1984 die Permanente Regskommissie versoek om 'n memorandum aan die Skakelkommissie van die NGK voor te lê insake die opsegging van die *Akte van Ooreenkoms* (*Skema NGSK* 1986:90). By die NGSK kon die Binnelandse

Sending-subkommissie sendelinge voor die daarstelling van 'n eie kerkorde skors en afsit. Die NGSK gaan egter van die veronderstelling uit dat afsetting van predikant nie sonder die bewilliging van die plaaslike gemeente kan geskied nie. By die gemeente berus die mag. As ampsdraers afgeset of geskors behoort dit te geskied in medewerking met die plaaslike Kerkraad. Die meerdere vergadering kon wel die sensuur uitspreek, maar het die formele uitvoering van die uitspraak oor aan die plaaslike gemeente oorgelaat. Die meerdere vergadering kon nie inisiatief neem met betrekking tot die toepassing van kerklike sensuur nie, maar dit is die taak van die Kerkraad om kerklike sensuur in die plaaslike gemeente toe te pas. Die plaaslike gemeente behou die uitoefening van die kerklike mag, omdat die Kerkraad haar mag ontleen van die gemeente.

Die meerdere vergadering kon volgens die *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk* 1982 slegs raad, advies verleen en oordeel in die geval van 'n hoër beroep, maar die uitvoering van die uitspraak van die meerdere vergadering was die taak van die mindere vergadering van die NGSK. Die tug-, regeer- en leermag word deur die gemeente aan die ampsdraers toevertrou. Die instansie wat die kerklike mag aan ampsdraers toevertrou het, is deur die *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk* 1982 as bevoeg beskou om die mag te ontnem. Tot die taak van die predikant hoort volgens art 9:7 van die *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk* 1982 die diens van die gebede, die bediening van die Woord, die bediening van die sakramente, saam met die ouderlinge die herderlike sorg aan die gemeente te bedien, oor die gemeente en mede-ampsdraers opsig te hou en saam met die ouderlinge die tug uit te oefen. Artikel 75 van die *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk* 1982 stem in wese met DKO art 71 ooreen. Dit stel onder andere dat

vermaning en tug van die kerk geestelik van aard is en dat die hoofdoel van die tug om die sondaar met die kerk en hul naaste te versoen en om die art 82 van die *Kerkorde van die NGSK* 1982 maak in lyn met die DKO art 77 daarvoor voorsiening dat belydende lidmate wat van die Nagmaal afgehou word en in hul sonde volhard deur die Kerkraad van die gemeente afgesny kan word. Daar kon egter nie tot die afsnyding oorgegaan word nie, alvorens die Kerkraad deur drie afkondigings die gemeente opgeroep het om vir die besondere lidmaat te bid nie. In die eerste afkondiging dui die artikel aan word die sondaar nie genoem nie. In die tweede afkondiging word nadat advies van die Ring verkry is, die naam van die betrokke genoem. In die derde afkondiging word die afsnyding van die betrokke aan die gemeente vermeld (*Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk* 1982:66, art 82)

Dit staan 'n bedienaar van die Woord nie vry is om sy amp neer te lê en tot 'n ander lewenstaat oor te gaan nie. As die Kerkraad en Ring oordeel dat daar gewigtige redes bestaan kan sodanige leraar van sy amp onthef word (*Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk* 1982:10 art 13). Art 2 van die kerkorde stel dit onomwonde dat die ampte gelykwaardig is, maar word in werk en opdrag onderskei. By die uitoefening van hul roeping mag ampsdraers nie oor mekaar heerskappy te voer nie (*Kerkorde van die NGSK* 1982:2 art 2). Die NGSK se stryd om die tug uit te oefen oor al haar ampsdraers, sendelinge ingeslote, wat reeds 1908 begin het, is met die aanvaarding van die kerkordelike bepalinge op die Sinode van die NGSK (1982) uiteindelik afgesluit. Sodoende het die NGSK daarin geslaag om die Doleansie kerkregbeginsel met betrekking tot die tugreg in hul kerkreg en kerkregering te verskans.

Die NGSK gaan van die veronderstelling uit dat die vasstelling van die leer van die kerk aan die meerdere vergadering oorgelaat word met behoud van beoordeling of dit in ooreenstemming met die Woord van God is. Die *Kerkorde van die NGSK* 1982 beklemtoon juis dit dat die gemeente die ampsdraers aangestel het en die reg het om hul af te set. Daarom kan die Sinode sake in hoër beroep slegs beoordeel en die toepassing van die uitspraak na die mindere vergadering verwys. Tugtoepassing met betrekking tot predikante veral afsetting word gedoen deur die Kerkraad bygestaan deur die meerdere vergadering se afgevaardigdes. Volgens die Doleansiekerkreg behoort die lede van die meerdere vergadering hul te onthou van daadwerklike tuguitoefening. Die bevoegdheid kom volgens die *oud kerkrecht* alleen die Kerkraad van die plaaslike gemeente toe.

4.5.6. Die appèlreg ten opsigte van besluite van meerdere vergaderinge

Die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) het op 15-16 Augustus 1984 kennis geneem dat gemeentes, lidmate en ampsdraers besluite van die meerdere vergadering ignoreer en/of nie aanvaar nie. Dit het onder andere gelei tot disharmonie, beroering en chaos in die NGSK. Die ASK het bevestig dat die Gereformeerde siening is dat meerdere vergaderinge die bevoegdheid het om bindende handeling en besluite te neem (*Skema NGSK* 1986:91). Die ASK het soos volg besluit:

Besluite wat op 'n wettige meerdere kerkvergadering geneem op Skriftuurlike uitsprake en skrifbeginsels berus en uit die Skrif gemotiveerd is, is bindend vir sodanige meerdere vergadering, mindere vergadering, ampsdraers en lidmate. Gemeentes is ook kragtens die kerkverband waarin hulle met mekaar gegroepeer is, onder verpligting om die besluite uit te voer. Besluite wat so geneem is bly van krag totdat die onskriftuurlikheid daarvan bewys word.

(*Skema NGSK* 1986:91)

Die SKLAS stel dit duidelik in hul studiestuk *Die plaaslik kerk en die kerkverband* (1986) dat die besluite van die meerdere vergadering bindend is (*Skema NGSK* 1986:162).

Mindere vergaderinge moet hul gevolglik onderwerp aan besluite van die meerdere vergaderinge onderwerp, behoudens hul reg tot hoër beroep. Diegene wat enige uitspraak of handeling van 'n vergadering in stryd ag met die bepalinge van die kerkorde of meen dat die welsyn van die kerk deur so 'n uitspraak of handeling geskaad word, of voel dat hulle daardeur verontreg is, kan volgens die SKLAS hoër beroep gaan na die naasvolgende vergadering (*Skema NGSK* 1986:162). Art 23.2.1 in die *Kerkorde van die NGSK* (1982) maak voorsiening dat elke besluit, uitspraak, handeling van 'n kerkvergadering vatbaar is vir hoër beroep by 'n naasvolgende vergadering. Vergaderinge, lede van vergaderinge het die reg tot hoër beroep. Indien 'n uitspraak of handeling in stryd geag word met die duidelike uitsprake van die Woord van God is hul verplig om in hoër beroep te gaan. Die *Kerkorde van die NGSK* (1982) dui aan dat die gesag van die Ring oor die Kerkraad dieselfde is as dié van die Sinode oor die Ring (*Kerkorde van die NGSK* 1982 :art 19.2).

Die kommissie verwys onder andere dat volgens art 84 van die DKO kan geen kerk oor ander kerke, geen dienaar oor ander dienaars, geen ouderling of diaken oor ander ouderlinge of diakens heerskappy voer nie (*Skema NGSK* 1986:162). Die kommissie dui aan dat in verset teen die kollegialisme het die kerkregtelikes in die Doleansie-tydperk die reg van plaaslike gemeentes verdedig. Daarvolgens setel die reg om te regeer in die plaaslike gemeente terwyl die gesag van die meerdere vergadering afgelei is.

Die SKLAS wys dit af dat die gesag van meerdere vergadering meer beperk is as dié van die mindere vergadering. Hulle wys in hul studiestuk onder andere H Bouwman se stellingname af dat gesag van die meerdere vergadering afgelei word uit die afgevaardigdes

dit wil sê die amp wat in die ampsdraers in die vergadering aanwesig is asook dat hul magte (gesag) na die Sinode saambring en daar saamvoeg sodat dit groter is as die van die Kerkrade. Die kommissie staan afwysend teenoor ontleende, gedelegeerde, kumulatiewe mag (*Skema NGSK* 1986:162). Die kommissie is van mening dat die gesag nie aan die amp of vergadering gekoppel kan word nie. Die ampte het dus volgens die kommissie geen eie gesag ampshalwe los van die gemeentes waaraan hulle verbind is nie die meerdere vergadering het dus nie 'n selfstandige mag en gesag nie en kan dus nie oorgedra, saamgebring, gedelegeer of geakkumuleer word nie (*Skema NGSK* 1986:162). Die kommissie is van mening dat die beginsel van ratifikasie van Rings en Sinodale besluite deur kerkraadslede afgewys behoort te word (*Skema NGSK* 1986:165).

4.5.7. Die bevoegdheid van die meerdere vergadering by wanbestuur

Die *Kerkorde van die NGSK* (1982) maak geen voorsiening of meerdere vergadering in geval van wanbestuur op plaaslike vlak mag ingryp nie. Die meerdere vergadering kan in die geval van wanbestuur wel adviese verleen, besit geen bevoegdheid om besluite op plaaslike vlak te implementeer nie. Met betrekking tot die gesag van meerdere vergaderinge in die geval van wanbestuur is die SKLAS in hul studiestuk *Die Plaaslike gemeente en die kerkverband* (1986) dat wanneer 'n meerdere vergadering in buitengewone omstandighede gesag uitoefen met betrekking tot sake wat tot die bevoegdheid van die mindere vergadering hoort, mag die mindere vergadering nie daarmee van sy eie bevoegdheid beroof word nie. Dit is volgens die kommissie slegs 'n tydelike maatreël totdat die buitengewone omstandighede weer normaliseer en die mindere vergadering weer normaalweg sy eie bevoegdheid kan uitoefen (*Skema NGSK* 1986:163).

4.6. Konklusie

Die NGSK toon 'n noue aansluiting by die Doleansiekerkreg met die sterke aksentuering van die selfstandigheid van die plaaslike gemeente, die konfederatiewe karakter van die kerkverband, die belydenis as akkoord van kerklike gemeenskap en die afwysiging van 'n hiërargiese kerkregeringstelsel. Die NGSK beklemtoon in hul stryd om selfverwesenliking dat aan die kerke in korrespondensie of sinodaal gekombineerd die drievoudige mag toe naamlik, leer-, regeer- en tugmag toe kom. Op voetspoor van die *oud kerkrecht* gaan die NGSK van die veronderstelling uit dat indien 'n plaaslike gemeente haar aan die uitspraak van 'n Sinode onttrek, het die meerdere vergadering nie die reg om self haar besluit in die plaaslike gemeente te voltrek en die Kerkraad af te set nie. Vir die eerste 60 jaar van die bestaan van die NGSK was daar geen kerkorde nie. Die kerkordes van 1978 en 1982 was 'n kompromis tussen Doleansiekerkreg en die nuwe kerkregtelike ontwikkeling in Nederland. Die NGSK gaan van die veronderstelling uit dat die aansluiting by die kerkverband die onderskeie plaaslike gemeentes verplig om uitvoering te gee aan die besluite van die meerdere vergaderinge; dat die bestuursgesag by die Kerkraad berus en dat die toepassing van sensuur oor die wit leraars aan die kerkorde daartoe bevoegd verklaarde mindere vergadering oorgelaat behoort te word, dat die Kerkraad tug mag uitoefen en ook bevoegd is om die daadwerklike skorsing en afsetting van ampsdraers te implementeer.

HOOFTUK 5

Die kerkreg en kerkregering van Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (1909-2007)

5.1. Historiese agtergrond 1906-1963

Op die Sinode van die NGK Oranje Vrystaat (1906) het die Sinodale Sendingkommissie (=SSK) aanbeveel dat stappe geneem moet word om die losstaande werkkringe onder “swartmense” tot een sendingkerk te konsolideer (*Acta NGK OVS* 1906:94). ’n Kommissie is deur dié Sinode benoem om ’n konsepglement vir ’n sendingkerk op te stel. Die Kommissie het die *Konstitusie* van die NGSK as basis gebruik om die konsepglement op te stel. Op 17 Maart 1909 het alle sendelinge en lede van die Sinodale Sendingkommissie vir die Binneland (=SSKB) byeengekom in ’n kategetekonferensie¹ om die stigting van ’n sendingkerk in Oranje Vrystaat (OVS) te bespreek. Dié konferensie het besluit dat die gestigte te worde sendingkerk se besluite aan die vetoreg van die SSKB onderworpe moes wees en dat sendelinge² en kategete deur die NGK-gemeentes beroep en/of aangestel moes word uit ’n groslys wat deur die Kerkraad van die sendinggemeente gevorm sou word. Die beroepingsreg van die NGK sou hierdeur

¹ Reeds 1903 het die Sinode van die NGK Oranje Vrystaat die Sinodale Sendingkommissie gemagtig om jaarliks ’n sendingkonferensie genaamd *Catechete Conferenties* te hou. Daar was ook bepaal dat die voorsitter van die Sinodale Sendingkommissie as voorsitter van die konferensie sou optree. Op die Sinode van die NGK Oranje Vrystaat (1906) was hierdie bepaling gewysig sodat voortaan Ringskategete Konferensies gehou sou word en tweejaarliks ’n Algemene Kategete Konferensie te Bloemfontein. Hierdie konferensies het slegs adviserende magte gehad (Jacobs 1951:59).

² Die opleiding en legitimasie asook die uitreiking van die Bevestigingsakte was die verantwoordelikheid van die NGK: “Totdat die Moederkerk besluit om genoemde sake aan die Nederduitse Gereformeerde Bantoekeerk in Suid Afrika toe te vertrou” (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:188). Die NGK was verantwoordelik vir die salaris van die sendelinge en het ook hul standplase aangewys. Indien ’n gemeente die dienste van ’n swart leraar verlang, moes die Kerkraad ’n versoek rig aan die Sinodale en Eksamenkommissie van die NGK, wat aan nuwe leraars hul standplase sou aanwys en diensdoenende leraars waar nodig geag word, verplaas. Die Nederduitse Gereformeerde Bantoekeerk in Suid Afrika was verantwoordelik vir die lewensonderhoud van swart leraars. Die NGK het aan die sendeling die *Akte van Toelating* verleen (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:170). Die sendeling het voor die kommissie van die NGK wat die Sendingsamen afneem het, verskyn en was deur dié kommissie gelegitimeer. Die Sendingkommissie moes toestemming verleen met betrekking tot die goedkeuring dat ’n sendeling in ’n Sendinggemeente georden kon word (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:190 art 323). In geval van die aansoek om herstel van status van ’n sendeling moes die aansoek by die Sinode van die NGK ingedien word of gedurende die reses by die Sinodale Kommissie van die NGK. Die Sinode van die NGK kon aan die applikant toestemming verleen om hom by die Eindragsamenkommissie vir Sendingkandidate vir *colloquium doctum* aan te meld (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953: 87).

verskans word (Smith 1972:42). Die reglement van die voorgestelde sendingkerk, bestaande uit 13 artikels, was goedgekeur op die Sinode van die NGK –OVS (*Notule NGK OVS* 1909:88-91). Die lede van die Binnelandse Sendingkommissie (BSK) het volgens art vii sitting en stemreg op die Sinode van die Sendingkerk OVS gehad (1910:90). Art x stel dit duidelik dat die sendinggemeente verbonde bly aan die “plaatselijke Moedergemeente” (*Notule NGK OVS* 1909:91). Art xii stel dit dat in die uitoefening van tug oor geordende sendelinge deur die NGK uitgeoefen behoort te word in lyn met art 14.1-2 van die *Bepalingen der Ned Geref Kerk ORK omtrent het Zending Wezen* (1909:91). Alle besluite van die sendingkerk moes volgens art xii binne dertig dae aan die BSK ter goedkeuring of andersyds aan die Sinode van die NGK voorgelê word vir goedkeuring (*Notule NGK OVS* 1909:91). Die BSK het op die Sinode van die NGK Oranje Vrystaat (1909) kennis gegee dat 14 gemeentes aan die voorwaardes, soos neergelê in die konsepreglement, voldoen het en versoek het om in die Sendingkerk opgeneem te word. Die Sinode van die NGK Oranje Vrystaat (1909) het besluit om ’n sendingkerk te konstitueer en het die konsepreglement aanvaar.

Offisiële gemeentestigting onder die inheemse bevolking in Oranje Vrystaat het op 1910 geskied. Op 9 Maart 1910 het die leraars en een kerkraadslid of oudkerkraadslid of kategeet van die sendinggemeentes, naamlik Winburg, Bloemfontein, Harrismith, Boshof, Betlehem, Ficksburg, Ladybrand, Heilbron, Bultfontein, Senekal, Vrede, Ventersburg, Kestell, Clocolan met die lede van die SSKB in Bloemfontein vergader en is die Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk in Oranje Vrystaat (=NGSK OVS) gestig (*Acta Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk in die Oranjerivier Kolonie* 1910:3). Die voorsitter van die SSKB het

die vergadering wettig gekonstitueerd verklaar (Smith 1972:41-42). Die vetoreg van die SSKB was in die konsepglement verskans. Die lede van die SSKB, naamlik di CP Theron, P Du Toit en J Rabie asook die sendingsekreteraris, het reg op sitting en stemming in die Sinode van die NGSK OVS gehad. Ook het genoemde lede, die moderatuur van die NGSK OVS asook soveel ander lede as wat daar Ringe in die sendingkerk was en deur die vergadering gekies is, die Sinodale Kommissie van NGSK OVS gevorm (*Acta NGSK OVS* 1910:6 asook *Kerkorde Wette en Verordeninge van die NGSK OVS* art vii 1934:6-7). Art x het bepaal dat die onderskeie sendinggemeentes aan die plaaslike NGK-gemeente verbonde bly (*Kerkorde Wette en Verordeninge van die NGSK OVS* 1934:7). Bogenoemde veertien sendinggemeentes is op die Stigtingsinode in drie Ringe verdeel, naamlik 'n Noordelike Ring, Oostelike Ring en 'n Suidelike Ring. As moderatuur is die volgende ampsdraers gekies: eerww H A Roux (moderator), C J Smit (assessor) en IS Louw (scriba) (*Acta NGSK OVS* 1910:5).

Die SSKB het aan die werkkringe opdrag gegee om hul as gemeentes volgens die konsepglement te organiseer. Alle sendinggemeentes wat voldoen aan die bepalinge van die *Konstitusie* het die NGSK OVS gevorm (*Kerkorde Wette en Verordeninge van die NGSK OVS* art i 1934:5). Teen 1910 het die Sendingkerk in OVS bestaan uit 26 gemeentes waarin 13 sendelinge werksaam was. Die NGSK OVS het in sy bestuur, inrigting en onderlinge toesig die wette en bepalinge van die NGK in Oranje Vrystaat gevolg vir sover dit op die omstandighede en behoeftes van die sendingkerk van toepassing was (*Kerkorde Wette en Verordeninge van die NGSK OVS* art iv 1934:6). Die Sinode van die NGSK OVS was saamgestel uit al die

diensdoenende geordende sendelinge en “naturelle”³ leraars van gemeentes wat tot die NGSK OVS behoort, een afgevaardigde diensdoenende ouderling of evangelis uit elke plaaslike gemeente wat aan die sendingkerk behoort het; alle gemeentes wat Kerkrade het wat saamgestel was en ooreenkomstig die bepalinge vir die samestelling van Kerkrade wat by die NGK in gebruik was, gewerk het en ten minste £30 per 100 lidmate per jaar ingesamel het (*Kerkorde Wette en Verordeninge van die NGSK OVS* art v 1934:6). Gemeentes se vaste goedere moes op die volgende wyse getransporeer wees:

- i. Op die naam van die plaaslike blanke Kerkraad;
- ii. Op die naam van die Algemene Sendingkommissie;
- iii. Op die naam van ander liggame deur die Algemene Sendingkommissie goedgekeur met die woorde : “vir die NG Sendingkerk gemeente op....
(*Kerkorde Wette en Verordeninge van die NGSK OVS* 1934 art v 1934:6)

In art 20 van die *Bepalingen nederduitsch gereformeerde kerk oranje rivier kolonie* is bepaal dat die sendeling voorsitter van die plaaslike sendinggemeente is en waar daar geen sendeling is nie, het die predikant van die NGK of iemand uit die plaaslike sendingkommissie van die NGK as voorsitter fungeer. Laasgenoemde was aangewys deur predikant van die NGK (*Bepalingen nederduitsch gereformeerde kerk oranje rivier kolonie* 1906:7). Artikel 4 en 5 het bepaal dat die Sinode en Ring onder die presidium van ’n sendeling vergader (*Kerkorde Wette en Verordeninge van die NGSK OVS* 1934:5-6).

Teen 1911 het 20 gemeentes en teen 1928 het 58 gemeentes aan die Vrystaatse Sendingkerk behoort. Teen 1928 was daar al “enige naturelleleraars en evangeliste” onder die afgevaardigdes van die Sinode van die NGSK OVS (*Acta NGSK* 1928:57). Die NGSK OVS kon nie buite die grense wat deur die NGK bepaal is, ontwikkel

³ In die dissertasie word die historiese terminologie gebruik byvoorbeeld “naturelle”, “Bantoe”, Kleurling ensovoorts.

nie (Smith 1972:42). Vir die eerste dertig bestaansjare van die NGSK OVS het die NGSK OVS ongekwalifiseerd die kerkregtelike beginsels soos oorgedra deur die NGK-teoloë en/of sendelinge aanvaar. Die NGSK OVS was nie selfstandig nie, maar het kerkregtelik onder die beheer van die NGK Oranje Vrystaat gestaan (Smith 1972:42). Volgens eerwaarde J P Jacobs was dit kerkordelik bepaal dat die plaaslike predikant van die NGK die konsulent van 'n sendinggemeente kon benoem (1951:67). Die *Grondwet* van die NGSK OVS het bepaal dat die voorsitterskap en die skribaats van die Ring deur sendelinge waargeneem moes word (Jacobs 1951:68). Daar word ook in die *Grondwet* verder bepaal dat die moderatuur uit sendelinge moes bestaan (Jacobs 1951:69). Alle wetswysigings en wetsbepalings wat deur die NGK opgestel was, was onmiddellik in die NGSK OVS van krag (Jacob 1951:70). Die NGSK OVS het dus geen reg tot ratifikasie gehad nie.

Op 27 Mei 1929 het 'n konferensie te Graaff-Reinet plaasgevind wat deur beide die moderatuur van die NGSK en die NGSK OVS bygewoon was. Op dié konferensie was die wenslikheid en noodsaaklikheid van samewerking tussen die twee sendingkerke beklemtoon. Die konferensie het dit aan die twee moderature opgedra om by hul onderskeie kerk te pleit vir die daarstelling van 'n adviserende raad bestaande uit beide kerke. Die doel van die Adviserende Raad was om gesamentlik op te tree en die belange en standpunt van die sendingkerke te verdedig, te behartig en te bepleit by die staat, die NGK asook by ander kerkgenootskappe (*Acta NGK OVS* 1932:10). Op die Sinode van die NGK OVS (1932) is die versoek vir die daarstelling van 'n adviesraad vir die sendingkerke goedgekeur. Teen 1937 het die Ned Geref. Sendingkerk in Oranje Vrystaat 65 gevestigde gemeentes en 15

werkkringe met 36 geordende sendelinge, 6 swart leraars⁴ en 24 evangeliste getel. Die ledetal van die gemeentes was ongeveer 20 000 (*Acta NGSK* 1937:124).

Die Algemene Sinodale kommissie het in 1925 geoordeel dat die tyd nog nie ryp was vir die daarstelling van 'n selfstandige sendingkerk onder die swart mense in Transvaal nie (Smith 1972:46). Op die Sinode van die NGK Transvaal (1928) het die Sinode haar ten gunste van die konstituering van 'n sendingkerk onder swartmense verklaar en het opdrag aan die Kommissie vir Revisie gegee om in samewerking met die Sinodale Sendingkommissie 'n konsep grondwet op te stel. Op die Sinode van die NGK Transvaal (1931) is die konsep grondwet wat in wese met die *Grondwet* van die NGSK ooreengestem het, aanvaar (Smith 1972:46). Op 3 Maart 1932 is die losstaande sendingwerkkringe in die Transvaal in 'n sendingkerk, genaamd Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk van Suid-Afrika, gekonstitueer. Die jurisdiksie van die NGK oor die sendingkerk was in die konsep grondwet verskans. In die Transvaalse Sendingkerkwet, soos gepubliseer in die bylae agter in die *NGK Wetboek* was in art 6 daarvoor voorsiening gemaak dat die lede van die Plaaslike Sendingkommissies as stemgeregtigde lede van die Kerkraad van die Transvaalse Sendingkerk kan funksioneer. Met betrekking tot die voorsitterskap van die Kerkraad word geen onderskeid in die konsep grondwet gemaak tussen die sendeling of die leraar uit die inheemse bevolking nie. Wie ook al leraar van die Transvaalse Sendingkerk was, was *ex officio* voorsitter van die Kerkraad. Die konsulent van die Sendinggemeente kon die predikant van die NGK vra om as voorsitter van die Kerkraad op te tree (Jacobs 1951:67). Behalwe die leraars en

⁴Alreeds op die NGSK OVS gehou op die 14 Maart 1922 en verdere dae te Bloemfontein was 5 swart leraars afgevaardig (*Acta NGSK* 1924:55). Die lede van die Algemene Sinodale Sendingkommissie was saam met die Sendingsekretaris stemgeregtigde lede van die Sinode en die Sinodale Kommissie van die Ned Geref. Sendingkerk in Oranje Vrystaat (Jacobs 1951:68).

kerkraadsverteenwoordigers op die Ring, was nog twee verteenwoordigers van die Ringsendingkommissie van die NGK en een afgevaardigde uit elke Plaaslike Sendingkommissie in die Ringsressort stemgeregtigde lede van die Ringsvergadering (Jacobs 1951:68). Die *Grondwet* van die Transvaalse Sendingkerk het verder volgens Jacobs (1951:68) ook bepaal dat 'n "blanke lid van die vergadering tot voorsitter gekies moes word." Drie lede van die NGK se Sinodale Sendingkommissie stemreg en sittingsreg op die Sinode en Sinodale Kommissie van die Transvaalse Sendingkerk gehad. Verder het die *Grondwet* ook bepaal dat die moderatuur uit sendelinge moes bestaan (Jacobs 1951:69).

Op 20 Julie 1932 het 'n konferensie te Bloemfontein plaasgevind wat deur die NGSK, die NGSK OVS asook die Transvaalse Sendingkerk bygewoon was (*Acta NGSK* 1932 Rapport 13). Dié konferensie het besluit dat dit noodsaaklik was dat daar superintendente in die Ringe sal wees om toesig oor die werksaamhede, registers en finansiële boeke in die verskillende gemeentes uit te oefen. Teen 1937 het die Ned Geref Kerk in Transvaal bestaan uit 42 gevestigde gemeentes en 20 werkkringe, met 'n ledetal van 21 194. Die NGK het in die geval van die Sendingkerke onder die swart mense anders as in die geval van die NGSK 100% verantwoordelikheid aanvaar vir die salarisse van die sendelinge en swart leraars en evangeliste (*Acta NGSK* 1937:124). In Art 11 van die *Wette en Bepalinge van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk Transvaal* 1947 word bepaal dat die beslissing van 'n mindere vergadering vatbaar vir beroep by die naasvolgende meerdere vergadering. Terwyl die appèl hangende was, was die appellerende party verbonde om die beslissing te gehoorsaam totdat die saak voor die meerdere vergadering gediën het en aldaar finaal beslis was. Geen saak wat reeds voor 'n mindere vergadering moes

gedien het, kon direk voor 'n meerdere vergadering gebring word nie (*Wette en Bepalinge van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk* 1947:12). In art 31 word bepaal dat waar die sendinggemeente niks bydra tot die sendingkas nie, kon die Kerkraad van die besondere gemeente nie deel vorm van die kieskollege by die beroeping van 'n predikant vir 'n sendinggemeente nie (*Wette en Bepalinge van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk Transvaal* 1947:16). In so 'n geval het die plaaslike sendingkommissie van die NGK 'n beroep uit gebring.

Tot 1954 het slegs sendelinge in die Moderatuur gedien. In 1954 het ds SS Tema die eerste swart predikant⁵ geword wat tot die Moderatuur van die NG Sendingkerk Transvaal gekies was. Op dié Sinode is op voorstel deur die afgevaardigde van Sophiatown en gesecondeer deur die leraar van Pretoria-Wes goedgekeur dat die tyd ryp geword het dat 'n assistent-scriba gekies word (Jacobs 1951:91). Eerw SS Tema is gevolglik op die Sinode as assistent-scriba gekies. Hy het die Sinode bedank dat deur die skepping van die pos assistent-scriba “en die verkiesing van 'n nie-blanke daarvoor, dit blyk hoedat ons kerk graag die nie-blanke wil voorberei en oplei om al groter verantwoordelikheid in die sendingkerk te dra” (Jacobs 1951:91). Op die agste vergadering van die Ned Geref Sendingkerk in Transvaal (1956) is ds SS Tema as assessor gekies (*Acta Ned Geref Sendingkerk in Transvaal* 1956:102).

In 1948 het die Sinode van die NGK Natal 'n voorstel van die Sinodale Sendingkommissie goedgekeur dat daar tot die stigting van 'n eie sendingkerk vir

⁵ Die NGK het deur middel van die plaaslike NGK gemeentes verantwoordelikheid geneem vir die salaris van die sendelinge (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:189). Die salarisse van die swart leraars en/of evangeliste van die Nederduitse Gereformeerde Bantoekekerk in Suid Afrika was deur die Sinode van die NGK bepaal en uit 'n Sentrale Fonds betaal wat deur die Nederduitse Gereformeerde Bantoekekerk in Suid Afrika gestig was en in stand gehou was deur middel van eie bydraes asook bydraes van die NGK (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:189). Die sendelinge se reiskostes na vergaderinge was deur die Algemene Sendingkommissie van die NGK gedra (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953: 190).

swartmense oor gegaan kon word. 'n Konsep grondwet wat vir die doel voorgelê was, was terselfdertyd goedgekeur (*Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Sinode Natal* 1948:52). In die konsep grondwet was bepaal dat die Moderatuur asook voorsitters en scribas van die sendingkerk uit die wit afgevaardigdes gekies behoort te word (*Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Sinode Natal* 1948:52-67). Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk van Natal het soos die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk van Suid-Afrika in Transvaal totaal onder die jurisdiksie van die Sinodale Sendingkommissie gestaan. Selfs die aanstelling van Kerkrade is deur die Sinodale Sendingkommissie gedoen (*Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Natal* 1948). Kerkrade was dus nie beroep nie, maar aangestel. Die NGK in Natal het in 1951 die konsep grondwet goedgekeur en het aan die Sinodale Sendingkommissie (=SSK) opdrag gegee om tot die konstituering van die sendingkerk oor te gaan. Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Natal was 1952 gekonstitueer. Met die stigting was hul 8 gemeentes sterk wat deur 18 sendelinge bedien was.

Reeds 1859 is met sendingwerk onder die swartmense in Kaapland onder die jurisdiksie van die Sinodale Sendingkommissie begin (Smith 1972:49). Aanvanklik het die gekerstende swartmense by die NGSK ingeskakel. NGSK gemeentes in die Oos-Kaapland, die Noordweste, Griekwalandwes en selfs gemeentes soos De Aar in die Middel-Karoo het volgens Kriel “Bantoewerkkringe of lidmate gehad” (1963:218). Die Sinode van die NGK (1924) het besluit om sendingwerk in die Transkei-geweste te onderneem:

Oortuig sowel van die wenslikheid as die besondere verantwoordelikheid wat op ons, die grootste kerk in Suid-Afrika rus, om die naturelle van Suid-Afrika en in besonder van die Kaapkolonie te evangeliseer, draag dit op aan die Algemene Zending Kommissie om sonder versuim stappe te neem om sendingwerk te

ondernem in die Transkei-geweste.

(*Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Kaapland* 1924:34)

Die Algemene Sendingkommissie wat jarelank besig was met sending onder die inheemse bevolking het teen die veertigerjare ongeveer 15 tot 20 gemeentes of werkkringe onder hul jurisdiksie gehad (Kriel 1963:218). Dit het onder andere die volgende gemeentes en/of werkkringe ingesluit Isilimela, Rietvlei, Cala, Kokstad, Dordrecht, De Coligny, Adelaide, Alexandria, Albanie, Paterson, Riebeeck-Oos, Uitenhage, Warrenton, Kuruman en Vryburg. 'n Transkeise Sending-subkommissie was saamgestel wat as Sendingraad gekonstitueer het.

Die Sinode van die NGK (1945) het 'n voorstel goedgekeur dat tot die stigting van 'n Nederduitse Gereformeerde Bantoeerk⁶ oorgegaan kon word (Smith 1972:50). Alle reëlins met betrekking tot die konstituering van 'n Sinode asook die daarstelling van 'n kerkregtelike raamwerk vir die sendinggemeentes onder swartmense, was die verantwoordelikheid van die NGK. Drie lede van die Sinodale Sendingkommissie het volle sitting op die Sinode gehad en was ook *ex officio* lede van die Sinodale Kommissie van die Ned Geref Bantoeerk. Op Ringsvlak het twee lede van die NGK se Ringsendingkommissie volle sittingsreg op die Ringsittings van die Ned Geref Bantoeerk gehad. Die beginsel van eerste en tweede leraar is aanvaar wat veronderstel het dat die eerste leraar altyd 'n sendeling behoort te wees en dat die sendeling voorsitter van elke gemeente onder hom was. Slegs met spesiale verlof van die sendeling kon 'n swart leraar as voorsitter optree (Smith 1972:53). Die NGK het die selfregering van die geplante kerk as Gereformeerde kerkregbeginsel totaal geïgnoreer. Gedurende November 1951 te Oos-Londen was die losstaande

⁶ In die dissertasie word die historiese verwysings gebruik byvoorbeeld Nederduitse Gereformeerde Bantoeerk in Suid-Afrika of Ned Geref Bantoeerk.

sendingwerkkringe en gemeentes in Kaapland tot die Ned Geref Bantoekeerk gekonstitueer (*Acta NGK* 1953:382). Op dié Sinode was 21 gestigte gemeentes verteenwoordig deur 17 sendelinge en 21 ouderlinge, terwyl 26 werkkringe afgevaardigdes gestuur het (*Acta NGSK* 1954:195). Die Sinode was saamgestel uit al die leraars en sendelinge van die gemeentes en werkkringe en werksaamhede van die Ned Geref Bantoekeerk, een afgevaardigde ouderling of oud-ouderling (voorzitter) uit elke gemeente, die lede van die Binnelandse Bantoe-subkommissie van die NGK met adviserende stem. Werkkringe wat 'n bewys gelewer het dat hulle 'n permanente karakter ingeneem het, hul Rings- en Sinodale verpligtinge nagekom het en wat 50 of meer lidmate het en nie deur 'n sendeling of leraar verteenwoordig word nie, kon een afgevaardigde met volle stemreg na die Sinode stuur (*Kerkorde NGKA Streeksinode Kaapland* 1968:bep 130: 52). Op die Sinodale Kommissie het die lede van die Binnelandse Bantoeekommissie adviserende stem gehad (*Kerkorde NGKA Streeksinode Kaapland* 1968 bep 131:52).

Die eerste moderatuur het bestaan uit die volgende sendelinge: di J C Oosthuizen (moderator), J Du Preez (actuaris), J A Greyling (assessor) en eerw A M Scheffler (scriba sinodi). Die gemeentes en werkkringe is op die Stigtingsinode in vier Ringe verdeel te wete Langa, Alexandria, Ciskei en Transkei (Kriel 1963:220). In die streek Middelburg was 12 werkkringe en in die streek Noord-Kaapland was daar 25 werkkringe. Die Ned Geref Bantoekeerk het 'n konsep grondwet opgestel wat inhoudelik ooreengekom het met die *Grondwet* van die NGSK: “Dit was 'n kompliment vir die sendingkerk, om uit die mond van die gewese Actuaris, ds Greyling, te verneem, dat ons wetboek hom die beste leen as basis vir hulle doel op grondslag waarvan hulle hul eie opstel” (*Acta NGSK* 1954:196). Die uitbouing van

die wette en bepalinge binne die gegewe *Grondwet* was een van die belangrikste sake waarmee die Ned Geref Bantoekeksinode (1954) haar besig gehou het (*Acta NGSK* 1954). Die Ned Geref Bantoekekerk het aanvanklik gefunksioneer onder die wette en bepalinge soos van tyd tot tyd deur die Algemene Sendingkommissie goedgekeur en uitgegee (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:191). Die reg om die *Grondwet* van die Ned Geref Bantoekekerk te wysig, uit te brei of te herroep, het by die Algemene Vergadering van die Sinode van die NGK berus (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:191). Die NGK se beslissing was finaal. Die NGKA was onderworpe aan die gesag van die NGK. Sonder goedkeuring van die NGK kon die *Grondwet* nie gewysig word nie. In die *Grondwet* van die Ned Geref Bantoekekerk het enkele Doleansiekerkregbeginsels tereg gekom, naamlik die sterk aksentuering van die selfstandigheid van die plaaslike gemeente, die konfederatiewe karakter van die kerkverband en die belydenis as akkoord van kerklike gemeenskap. Die *Grondwet* van die Ned Geref Bantoekekerk is die grondslag van die regmatige kerklike handeling van die sendinggemeente in Kaapland onderling.

4.2. Die Grondwet 1951 tot 1963

5.2.1. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk

Kerkregtelik het die sendingkerke⁷ onder die swartmense geheel en al onder die jurisdiksie van die NGK gestaan. Van selfstandigheid van die plaaslike gemeente was daar geen sprake nie. Eie regering en gesag het in al bogenoemde gekonstitueerde sendingkerke ontbreek. Die SKKB het die vetoreg in genoemde sendingkerke behou. Die gesag van die Kerkraad is volgens die Doleansiekerkreg

⁷ Met sendingkerke word in die afdeling verwys na die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Oranje Vrystaat, die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Transvaal, die Ned Geref Bantoekekerk in Suid-Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Natal.

eiesoortig aangesien die Kerkraad hul taakoms krywing van God ontvang en nie van 'n kommissie nie. Daarom kan die gesag van die Kerkraad nooit oorgedra word na 'n kommissie nie. Die gesag van 'n meerdere vergadering is volgens die Doleansiekerkreg immers gedelegeerd en beperk. Die NGK het nie selfstandige kerke gestig nie, maar het werkkringe gestig wat anders as wat die Gereformeerde kerkreg veronderstel van bo af deur die NGK beheer was:

Aanvanklik word die gelowiges uit die Nie-Blanke heidendom saamgevoeg in afsonderlike gemeenskappe (werkkringe) wat naas die Blanke gemeentes bestaan. Waar die omvang van die werk dit vereis, is kategete aangestel om die plaaslike leraar met die geestelike bearbeiding van die Nie-Blanke gelowiges te hulp te wees.

(Smith 1972:41)

Die werkkringe het geen regsbevoegdheid gehad nie. In die Transkei is oorgegaan tot die konstituering van Sendingrade asook Gemeenterade (Smith 1972:50). Die Sendingraad het bestaan uit al die wit personelede werksaam in die werkkring en was in volle beheer van die sendingwerk in die werkkring. 'n Gemeenteraad het bestaan uit die voorsitter van die Sendingraad (*ex officio*), die leraar en twee ouderlinge van 'n gevestigde gemeente, die leraar en twee afgevaardigdes deur die leraar en onderwysers van elke stasie waar daar nog nie 'n gevestigde gemeente is nie gekies en 'n gedoopte Christen van elke gemeenskap van Christene deur die Sendingraad goedgekeur het. Slegs wit persone kon as voorsitter en/of sekretaris van die Gemeenteraad gekies word. Die Gemeenteraad het jaarliks vergader en was verantwoordelik vir die kerklike opsig en tug oor die swart lidmate. Alle besluite van die Gemeenteraad was onderworpe aan die goedkeuring van die Sendingraad (Smith 1972:41-43).

Met die daarstelling van die Sendingrade en Gemeenterade was 'n sentralistiese hoër en laer bestuur ingestel. Daarteenoor lê die Doleansiekerkreg klem op die feit dat alle vorm van oppermag en/of mag die een op die ander afgewys word. Die werkkringe en latere Sendingkerke was gekonstitueer as *ecclesia incompleta*. Die NGK het nie die gekonstitueerde Sendingkerke as complete kerke gesien nie en het voogdyskap oor die gekonstitueerde sendingkerke uitgeoefen. Die NGK het haar die eiesoortige mag te wete regsprekende, wetgewende en regerende mag, van die kerk toegeëien onder andere deur die verskanste Grondwette en deur die daarstelling van die Sendingrade. Die daarstelling van Sendingrade en Gemeenterade is vreemd aan die Gereformeerde Kerkregtelike beginsels vir kerklike vergaderinge.

Aan die werkkringe is voor konstituering weinig kerkregtelike bevoegdheid verleen. Die werkkringe was van meet af totaal onder die jurisdiksie van die NGK Kerkraad, Ringsendingkommissie of die Sinodale Sendingkommissie gestaan. Deur middel van die daarstelling van die Sendingrade het 'n stelsel van hiërargie in die Sendingkerke ingesypel. Die Sendingraad het groter gesag gehad as die Kerkraad van die Sendingkerke (Smith 1972:43). Die skepping van Gemeenterade staan teenoor die Doleansiekerkregbeginsel dat elke plaaslike gemeente 'n volledige selfstandige openbaring van Christus se liggaam is. Die NGK het verteenwoordigers met keurstem op die Gemeenterade sowel as op die meerdere vergadering van die sendingkerk gehad. Die selfregerende aspek van die geplante kerk was totaal met die daarstelling van sendingkerke onder swartmense geïgnoreer. Die NGK het anders as wat die DKO in 84 bepaal, oor 'n ander kerk heerskappy gevoer. Die Sendingkerke was deur middel van die *Grondwet* verplig om korrespondensie met die NGK te behou. Die NGK gaan van die veronderstelling uit dat die Sendingkerke nie oor die

primêre mag (*ecclesiae primae*) beskik nie.

Die Algemene Sendingkommissie, wat deur die Sinode van die NGK benoem was, was verantwoordelik vir al die sendingwerk, binnelands en buitelands wat deur die NGK behartig was (*Wette en Bepalinge NGK in SA 1953:75*). Die binnelandse sending sluit volgens art 297 “die arbeid aan die kleurlinge en naturelle in wat binne die perke van die kerk woon en van sy geestelike versorging afhanklik is” (*Wette en Bepalinge NGK in SA 1953:75*). Sendingwerk moes binne die grense van die NGK behartig word onder die anderskleuriges op dorpe en plase (*Wette en Bepalinge NGK in SA 1953:75*). Die bearbeiding moes in gevestigde sendinggemeentes of sendingwerkkringe plaasvind (*Wette en Bepalinge NGK in SA 1953:75*). Die Sendingkerke kon nie self gemeentes stig nie. Dit het by die Binnelandse Naturelle-subkommissie gelê om nuwe sendingwerkkringe te stig (*Wette en Bepalinge NGK in SA 1953:187*). Toestemming moes vooraf van die Binnelandse Naturelle-subkommissie verkry word. Voordat daar oorgegaan kon word tot gemeentestigting moes die Sendingkerke bewys lewer dat daar honderd swart lidmate sou wees wat gesamentlik sewentig pond jaarliks sou kon bydra. Van die reël kon slegs met goedkeuring van die Binnelandse Naturelle-subkommissie afgewyk word (*Wette en Bepalinge NGK in SA 1953:187*). Daar moes tot bevrediging van die Binnelandse Naturelle-subkommissie voorsiening gemaak word vir die toereikende onderhoud, reiskoste en geskikte woning vir die leraar en/of sendeling (*Wette en Bepalinge NGK in SA 1953:187*).

As konfessionele basis het die Sendingkerke, die Belydenis van die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God asook die Formulier van Enigheid, soos

vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls, aanvaar:

Art 1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika is gebou op die fondament Jesus Christus, gegrond op die Bybel, die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die kerk in ooreenstemming met Gods Woord bely, staan uitgedruk in: Die Formuliere van Enigheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1919, naamlik die Heidelbergse Kategismus, die vyf Dordtse Leerreëls en die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Belydenis van Nicea en die Belydenis van Athanasius.

(Wette en Bepalinge NGK in SA 1953:184)

Kerkverband tussen kerke wat nie dieselfde belydenisgrondslag het nie en kerkregtelik verskillend georganiseer is, is regstegnies volgens dié artikel nie moontlik nie, aangesien eenheid in belydenis en kerkregtelike beginsels die samebindende faktore in kerkverband is. Die eenheid van die kerk bestaan hoofsaaklik in die gemeenskaplike belydenis. Niemand kon tot die bediening van die Woord in die Ned Geref Bantoekekerk in Suid-Afrika toegelaat word nie sonder die aanvaarding van die belydenisskrifte nie.

5.1.2. Die karakter van die kerkverband

Sedert 1906 was afsonderlike werkkringe vir die swart gelowiges in die lewe geroep. Die werkkringe het nie oor die status as gemeentes beskik nie. Daar was aanvanklik selfs geen Kerkrade gekies nie. Veel eerder was opsieners en/of voorstanders deur die Sinodale Sendingkommissie in die onderskeie werkkringe aangestel, wat toesig oor die medegelowiges moes hou (Smith 1972:41). Voorsiening was hierdeur gemaak vir 'n vyfde kerklike vergadering, te wete die Raad van Voorstanders. Elke werkring het 'n Raad van Voorstanders gehad aan wie die supervisie, die regering en die tug van die lidmate toevertrou was (bep 47 1969:14 asook bep 77 in die *Kerkorde NGKA Streeksinode Phororo* 1969:23). Die Raad van Voorstanders het bestaan uit ten minste drie voorstanders saam met die sendeling of leraar in die

hoedanigheid van 'n konsulent of 'n leraar in die NGK-kerkverband deur die Ring of moderatuur benoem in die hoedanigheid van 'n tydelike of waarnemende konsulent. Die Raad van Voorstanders het gefunksioneer soos 'n Kerkraad en was verantwoordelik vir die supervisie en tug oor die werkkring totdat die eerste Kerkraad van 'n nuwe gemeente gekies was (bep 78-79:1969:23 asook bep 83.d:29 *Kerkorde NGKA Streeksinode Kaapland* 1968). Op die gekombineerde kerkraadsvergaderinge het die voorstanders stemreg gehad. Waar dit moeilik was om 'n kworum te verkry, was die voorstanders ingeroep om 'n kworum te help vorm.

Formeel was later wel gemeentes in meerdere kerkverband saamgestel, maar van die Gereformeerde kerkregtelike beginsels wat betrekking het op die kerkverband het aan die begin nie veel van gekom nie. 'n Meerdere vergadering is volgens art. 30 van die DKO altyd 'n vergadering van kerke. In die meerdere vergaderinge van die sendingkerke was die NGK egter deur die Binnelandse Naturelle-subkommissie verteenwoordig. Die selfstandigheid van die plaaslike gemeente van die Sendingkerke was beperk deurdat die Ned Geref Bantoekekerk slegs met toestemming van die NGK met gemeentes van ander genootskappe in kerkverband kon tree. Die stigting van nuwe werkkringe het by die Binnelandse Naturelle sub-kommissie berus (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:187). Die Ned Geref Bantoekekerk in Suid-Afrika het bestaan uit al die plaaslike gemeente, sendingwerkkringe en werksaamhede wat deur die NGK gestig is of nog gestig sou word of wat in verband met die Ned Geref Bantoekekerk in Suid-Afrika gestaan het asook alle gemeentes wat deur die Ned Geref Bantoekekerk in Suid-Afrika self ooreenkomstig hul eie wette en bepalinge gestig is (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953: 184).

By die Sendingkerke was die kerkorde die basis van akkoord tussen die verskillende gemeentes. Die *Kerkorde van die Ned Geref Bantoeerk in Suid-Afrika* bepaal onder andere dat die verskillende plaaslike gemeentes van die Ned Geref Bantoeerk in Suid-Afrika verplig is om met mekaar in kerkverband te tree (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:186). Op die Ringsvergaderinge van die Ned Geref Bantoeerk het die Ringe van die NGK wie se gemeentes betrokke was by die Ringe van die Ned Geref Bantoeerk, sitting en stemreg gehad (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:186).

5.2.3. Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering

Die sinodale mag van die Sendingkerke word beperk deur die Binnelandse Sendingkommissie, wat as Sinodale Kommissie van die NGK seggenskap oor die Sendingkerke gehad het. Die Algemene Sendingkommissie het die reg om met toestemming van die Kommissie van Toesig en Kontrole in enige deel van die sendinggebied vaste eiendom te verkry en dit volgens Reg 11(4) te laat registreer (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:78). Met toestemming van die Kommissie van Toesig en Kontrole kon die Algemene Sendingkommissie eiendom verkoop, verruil of vervreem (art 381(7) *Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953: 78). Met betrekking tot eiendomsreg het die Grondwet bepaal dat in die geval waar 'n gemeente, Ring of Sinode van die Sendingkerke die hele koopskat van onroerende eiendom byeengebring het en afbetaal het, kon met toestemming van die Binnelandse Naturelle-subkommissie sodanige onroerende eiendom getranspoteer word op die naam van die betrokke kerkbesture van die Sendingkerke. Waar die transporterings volgens die landswetgewing nie toelaatbaar was nie, kon met inagneming van sodanige wetgewing, die Sendingkerke en die Binnelandse Naturelle-subkommissie

as trustees vir sodanige eiendomme benoem word. Eiendomme kon nie vervreem, verkoop of beswaar word nie sonder vooraf verkreë toestemming van die NGK. Die NGK het die mag voorbehou om die grense van die Sendingkerke te bepaal. Grensoorskryding en/of uitbreiding van die Sendingkerke kon slegs met toestemming van die NGK plaasvind.

In die meerdere vergaderinge het nie slegs die afgevaardigdes van die plaaslike gemeentes byengekom nie, maar ook die lede van die Sendingkommissie wat ook stemgeregtigde lede van die NGKA was. Die meerdere vergadering is volgens die Gereformeerde kerkreg nie 'n vergadering van persone en/of dienste nie, maar bestaan uit 'n afvaardiging van die Kerkraad. Die NGK het deur middel van haar Sendingkommissie kerklike mag in die plaaslike gemeente uitgeoefen. Die Sendingkommissie was met sinodale mag oor die plaaslike gemeentes van die Sendingkerke bekleed. Die NGK het die Sendingkerke in 'n staat van onmondigheid gehou en het van die kerkregtelike veronderstelling uitgegaan dat daar geen prinsipiële verskil tussen het gesag van die Sinodale Kommissie van die NGK en die meerdere vergadering van die Sendingkerke bestaan nie. Onroerende eiendom van die Sendingkerke kon byvoorbeeld nie sonder toestemming van die Binnelandse Naturelle sub-kommissie beswaar, verkoop of vervreem word nie.

Die waarnemers uit die betrokke Ringe van die NGK het adviserende stemreg op die Ringsvergaderings van die NGKA gehad (*Kerkorde NGKA Streeksinode Phororo* 1969 bep 81:1969:24). Op die Sinode het die Binnelandse Bantoe Sendingsubkommissie (BBSK) adviserende stem gehad (bep 97(b) 1969:30). Die Skakelkommissie het bestaan uit die lede van die BBSK, moderatuur en die

saakgelastigde van die Streeksinode van die betrokke NGKA (*Kerkorde NGKA Streeksinode Phororo* bep 118 1969:38). Die Skakelkommissie was onder andere verantwoordelik vir die plasing of verplasing van sendelinge.

5.2.5. Die tugreg ten opsigte van ampsdraers

Sendelinge en kategete vir die sendingkerk was beroep of aangestel deur die NGK uit 'n groslys wat deur die Kerkraad van die sendinggemeentes opgestel was. Dit was die taak van die NGK om bedienaars van die Woord en hulpkragte vir die sendingtaak op te lei en uit te stuur (*Skema NGK* art 7 1967:94). Die NGKA het in oorleg met die plaaslike NGK 'n groslys opstel vir deursending aan die SSKB. Die beroeping was die taak van die SSKB. Die beroepsbrief was gevolglik voorsien en geteken deur die Binnelandse Sendingsekretaris (*Kerkorde NGKA Streeksinode Phororo* 1969:bep 32:11). Alhoewel die NGK die sendeling bevestig het, het die NGKA die verklaring van die beroepende as lid van die Ring gedoen (*Kerkorde NGKA Streeksinode Phororo* 1969 bep 33:11). Die verplasing van sendelinge het geskied deur die Skakelkommissie na raadpleging van die sendelinge en betrokke instansie van die NGKA. Die *Kerkorde NGKA Streeksinode Phororo* het bepaal dat die SSKB het die Akte van Demissie moes uitreik en dat dit aan die sendeling deur die Ringskommissie van die NGK van die Ring waar die sendeling werksaam was, oorhandig moes word. In die *Kerkorde* van die NGK word bepaal dat waar op 'n bepaalde plek 'n aantal gelowiges uit 'n bevolkingsgroep deur belydenis en doop saamgevoeg word en solank daar nog nie genoegsame persone tot die besondere ampte van ouderling en diaken gekies kon word nie, sou die lidmate saam met die betrokke bedienaar van die Woord en hulpkragte onder die opsig en tug van die NGK staan (*Kerkorde NGK* 1967:95, art 8).

Vandaar dat die sendelingkonferensie van 1909 die vetoreg van die sinodale sendingkommissie oor die besluite van die dogterkerk aanvaar het en die beroepingsreg ten volle aan die kerkrade van die moederkerk oorgelaat het. Ook hierin was dit dus 'n afsonderlike, maar 'n ondergeskikte kerk.

(Smith 1972:42)

Leraars uit die inheemse bevolking het onder die opsig en tug van die betrokke Ring van die Sendingkerk waaraan hul behoort het geval. Die *Grondwet* het bepaal dat “naturelleleraars onder die toesig van die blanke leraars staan” (Jacobs 1951:72). In die geval van diegene werksaam in werkkringe onder die Sinodale Sendingkommissie of Ringsendingkommissie het hul onder die betrokke kommissies se opsig en tug geval (Jacobs 1951:70).

Met betrekking tot die tug oor sendelinge was bepaal dat hul onder die opsig en tug van die NGK val. Sodra daar gronde vir die behandeling van 'n klag teen 'n sendeling was, moes die klag met alle nodige bewysstukke na die betrokke vergadering van die NGK verwys word vir finale afhandeling (*Kerkorde NGKA Streeksinode Kaapland* 1968:bep 153:69). Die NGK het dus die beroepingsreg en tugreg oor sendelinge behou: “Die Ringe van die sendingkerke oefen geen tug uit oor sendelinge nie. Dié is deur al die konstitusies voorbehou, sodat sendelinge onder die jurisdiksie van die moederkerke staan” (Jacobs 1951:68).

In art 182 (e) 1-3 van die *Kerkorde Wette en verordeninge van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in die Oranje Vrystaat* 1934 word bepaal dat die Ringskommissie van die sendingkerk onder wie se ressort sodanige sendeling arbeid, neem kennis van die klag en gee dadelik kennis aan die Sinodale Algemene Sendingkommissie met insluiting van die klag. Die kommissie stuur die klag aan die

voorsitter van die Ringskommissie van die NGK onder wie se ressort die sendeling werk, met die uitspraak gee die Ringskommissie van die NGK weer kennis aan die Sinodale Algemene Sendingkommissie wat op sy beurt kennis gee aan die Ringskommissie van die NGSK OVS (*Kerkorde Wette en verordeninge van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in die Oranje Vrystaat* 1934:75).

Art 17 van die Grondwet 1953 van die Ned Geref Bantoekekerk in Suid-Afrika maak voorsiening vir vier kerkvergaderinge naamlik die Kerkraad, Ring, Streeksinode en Algemene Sinode. Aan die vier kerklike vergaderinge word die opsig, die regering en tug van die kerk toe vertrou. Die plaaslike gemeente kon sedert 1953 haar eie sake afhandel, maar het beperkte tugreg oor sendelinge beskik. Die Sendingkerke moes hul egter onderwerp aan die beslissings van die BBSK. Die beslissing van die Sinode van die NGK met betrekking tot verskille betreffende kerkbestuur, tug en leer was finaal (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:26). Beperkte outonomie was aan die plaaslike gemeentes van die Sendingkerke gegee.

Alle ongesensureerde lidmate van die Sendingkerke kon sedert 1953 besware teen die leer en lewe van sendelinge by die bevoegde kerkbesture of kerklike ampsdraers van die Ned Geref Bantoekekerk in Suid Afrika in dien. Wanneer 'n klagte of kennisgewing van nadelige gerugte teen die leer en lewe van 'n sendeling by die Ringsvoorsitter en/of scriba van die Ring van die NGK ingedien was, het die voorsitter en/of scriba dit skriftelik in die hand van die Ringskommissie van die NGK gestel om die saak te ondersoek (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:66). Sendelinge wat arbei in verband met die buitelandse sending het onder die toesig van die Algemene Sendingkommissie gestaan, terwyl die wat in die binnelandse sending

betrokke was, onder die toesig van die Binnelandse Naturelle-subkommissie gewerk het (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953: 66). Die verhoor het voor die Ring van die NGK plaasgevind en die Ring het uitspraak gedoen ooreenkomstig die wette van die NGK (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953: 68). Omtrent sendelinge was die volgende bestraffingsmaatreëls van toepassing (art 279.3):

Bestraffing, na eis ingerig is, deur die voorsitter, namens die Ring, of in, of buite die vergadering. Skorsing in diens vir 'n bepaalde tyd met of sonder gebruik van die Bondseëls. Skorsing in die diens vir 'n onbepaalde tyd met of sonder die gebruik van die Bondseëls. Gehele intrekking van die Akte van Toelating tot die predikdiens en die bediening van die Bondseëls.

(*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953: 70).

Die sendelinge het onder die toesig en tug van die NGK geresorteer, terwyl swart leraars, kerkraadslede en evangeliste onder die toesig en tug van die Sendingkerke geressorteer het (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:art 14). Dit staan teenoor die Doleansiekerkreg wat bepaal dat dit die taak van die Kerkraad is om te waak oor die leer en lewe van die ampsdraers. Die tuguitoefening moes volgens DKO geskied deur die ouderlinge met die medewete en medewerking van die gemeente. Hierdie Gereformeerde kerkregbeginsel van die tuguitoefening deur Kerkrade van die sendingkerke was nie deur die NGK erken nie. Volgens Bouwman word die kerklike tug immers opgedra aan die Kerkraad van die plaaslike gemeente (1934:203). Die Gereformeerde Kerk wil volgens Bouwman niks weet van kerklike tug buite die lewe van die plaaslike gemeente nie (1934:205). Waar die ampte ingestel is, vind die tuguitoefening volgens Bouwman onder leiding van die Kerkraad plaas (1934:206). Die gemeente het volgens die Doleansiekerkreg aan die Kerkraad bestuursmag en bevoegdheid verleen om ampsdraers onder sensuur te plaas indien nodig. Die afsetting van sendelinge behoort dus deur die Kerkraad te geskied. Die NGK se eiemagtige optrede met betrekking tot die tug van sendelinge is tekenend van 'n hiërargiese kerkregeringstelsel. Die Sendingkerke was verplig om aan die

NGK kennis te gee indien 'n sendeling die Kerk verlaat. Die meerdere vergadering van die sendingkerke kon nie die sensuur uitspreek oor sendelinge nie en moes die formele uitvoering van die tug oorlaat aan die NGK. Sendelinge was onder die toesig en tug van die NGK. Daarteenoor het die swart leraars en ander ampsdraers onder die toesig van die Ned Geref Bantoekekerk geresorteer (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:189). Die NGK ken aan die Binnelandse Sendingkommissie ook het reg toe om self besluite uit te voer en die tugvonnis op sendelinge in die plaaslike gemeente te voltrek. Die NGK het bindende advies gegee met betrekking tot die sensuur, skorsing, afsetting van sendelinge. Die besluite van die NGK kon uitgevoer sonder medewerking van die plaaslike gemeente. Die besluite van die Binnelandse Naturelle sub-kommissie insake die tug van sendelinge het 'n formele karakter gehad. Die uitvoering daarvan het nie die plaaslike gemeente toegekom nie. Dit is volgens die Doleansiekerkreg beginsels 'n onhoudbare kerkregtelike benadering. Die *Grondwet* veronderstel enersyds ongelykheid in ampsdraers en sendelinge onderling en tussen die Sendingkerke en die NGK se sinodale sendingkommissie andersyds. Die selfstandigheid van die Sendingkerke was deur die NGK erken, maar hul kon nie selfstandig die tugsake van sendelinge hanteer nie. Die NGK se kommissie het hoër gesag teenoor die Sendingkerke gehad.

Die Ned Geref Bantoekekerk oefen sy regering en tug uit deur Kerkrade, Ringe en Sinode, maar was beperk daarin dat ingeval van verskille betref die leer, kerkregering of tug die oordeel onderwerp moes word aan die oordeel en uitspraak van die Algemene Sendingkommissie van die NGK (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:art 4). Die plaaslike gemeentes van die Sendingkerke het nie die bevoegdheid gehad om die tug oor sendelinge sonder medewerking van die NGK te voltrek nie. In geval

van verskille of verdeeldheid wat betref die bestuur, tug of leer van die Sendingkerke het die Algemene Sendingkommissie van die NGK uitspraak voorbehou. In geval van beswaar teen die beslissing van die Algemene Sendingkommissie kon die Sinode van die Ned Geref Bantoekekerk in Suid Afrika na die Sinode van die NGK appelleer (*Wette en Bepalinge NGK in SA 1953:184-185*). Die mag van die meerdere vergadering van die Sendingkerke was beperk teenoor die Binnelandse Naturelle-subkommissie wat volle tugmag besit het. Die meerdere vergadering van die Sendingkerke kon gebruik maak van alle tugmiddele: vermaning, berisping, afhouding van die Heilig Avondmaal, afsetting, skorsing uitsluitende tuguitoefening op sendelinge. In geval van tugwaardige optrede van sendelinge het die Binnelandse Naturelle-subkommissie die tugtoefening voltrek en in naam van die meerdere vergadering van die Sendingkerke in die plaaslike gemeente die sensuur toegepas. 'n Sendeling kon alleenlik deur die Binnelandse Naturelle-subkommissie afgesit word. Die artikel in die Grondwet het 'n voorskriftelike karakter asook 'n beperkende karakter ten aansien van die Sendingkerke.

5.2.6. Die appèlreg ten opsigte van besluite van meerdere vergaderinge

Die sendingkerke het geen kerkordelike bepalinge in die *Grondwet* gehad met betrekking tot die reg tot appèl gehad nie. Verskille met betrekking tot bestuur van die kerk, tug of leer was onderworpe wees aan die oordeel en uitspraak van die Algemene Sendingkommissie van die NGK. Ingeval van beswaar teen die uitspraak van die Algemene Sendingkommissie kon die Ned Geref Bantoekekerk in Suid-Afrika appelleer na die NGK (*Wette en Bepalinge NGK in SA 1953:184-185*). Die Sinode van die NGK was as die hoogste appèlliggaam beskou:

Tot tyd en wyl die Ned Geref Bantoekekerk in Suid-Afrika tot selfbestuur,

selfonderhoud en selfuitbreiding gekom het, sal die aanstelling, verplasing, bevestiging en demissie van sendelinge altyd uitgaan van die Binnelandse Naturelle-subkommissie, wat aan die betrokke ringskommissies van die Moederkerk opdrag sal gee om namens die Binnelandse Naturelle-subkommissie te handel.

(*Wette en Bepalinge NGK in SA 1953:188*)

Volgens artikel 31 DKO is besluite van die meerdere vergadering slegs bindende krag in soverre dit met die Woord van God, die belydenisskrifte en die Kerkorde ooreenstem. Wanneer 'n besluit van 'n kerkvergadering strydig is met die Skrif, Belydenis of kerkorde is die besluit van sodanige vergadering nie vas en bondig nie en kan die beswaardes in hoër beroep gaan (artikel 31 DKO). 'n Soortgelyke bepaling het egter in die *Grondwet* van die Sendingkerke ontbreek. Die besluite van die vergadering van die Sendingkerke was nie met voorbehoud van art 31 van die DKO as bindend beskou nie.

Die NGK se Ringe wie se gemeentes betrokke in die Ringe van die Ned Geref Bantoekekerk in Suid Afrika sou elk een lid met stemreg kon stuur om sitting te hê op die Ringsvergaderings van die Ned Geref Bantoekekerk in Suid Afrika (*Wette en Bepalinge NGK in SA 1953:184*). Die lede van die Binnelandse Naturelle subkommissie van die NGK het volle sitting en stemreg gehad op die Sinode asook die sinodale kommissie gehad van die Ned Geref Bantoekekerk in Suid Afrika (*Wette en Bepalinge NGK in SA 1953:188*). Die Sendingkommissie van die NGK het dwingende mag beskik terwyl aan die meerdere vergadering van die bogenoemde Sendingkerke slegs beperkte wetgewende mag verleen is.

Die Binnelandse Naturelle sub-kommissie het kassasiereg gehad dit wil sê: die bevoegdheid om die besluite van die mindere vergadering te vernietig. Die besluite of beslissings (uitsprake van die Sinode met betrekking tot sake wat deur mindere

kerkbesture behandel is, en in geval van appèl tot die Sinode gebring is, is finaal (*Wette en Bepalinge NGK in SA* 1953:26). Die NGK het tot 1953 as die hoogste wetgewende liggaam van die NGKA fungeer. Alle sinodale besluite van die Ned Geref Bantoekerk in Suid-Afrika moes deur die NGK bekragtig word. Die Binnelandse Naturelle sub-kommissie het as 'n hoër bestuur bo die Sinode, Ring, Kerkraad van die bogenoemde sendingkerke gefungeer. Die daarenteen Doleansiekerkreg gaan van die voorveronderstelling uit dat die meerdere vergadering wel meerdere mag het, maar geen hoër mag nie. Die Doleansiekerkregbeginsel met betrekking tot die selfstandigheid van die plaaslike kerk is deur die toekenning van kassasiereg aan die Binnelandse Naturelle sub-kommissie misken.

In art 20 van die *Wette en Verordinge van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in OVS* (1951) word dit aangedui dat al die besluite met regsimplikasies van die Sinode van die NGSK OVS sal alvorens dit regskrag het deurgestuurd word aan die Sinodale Algemene Sendingkommissie van die NGK OVS vir oorweging en deursending na die Kommissie van Hersiening van die NGK OVS vir aanbeveling by die Sinode van die OVS (1951:12). Alle wysigings, besluite en Wetsbepalinge van die NGK OVS was egter onmiddellik van krag in die NGsendingkerk in OVS (1951:12). Die Sendingkerke in Suid-Afrika kon slegs wette in ooreenstemming met die *Grondwet* maak. Die Sendingkerke kon wette en bepalinge maak, wysig en vernietig, maar sodanige wette en bepalinge moes egter in lyn met die *Grondwet* gemaak word en moes binne dertig dae nadat die besluit geval het deur die lede van die Binnelandse Naturelle-subkommissie gereserveer word vir beslissing deur die Algemene Sendingkommissie. Indien die Ned Geref Bantoekerk in Suid Afrika beswaard voel oor die beslissing van die Algemene Sendingkommissie kon hulle na

die Sinode van die NGK appelleer wie se uitspraak oor die saak finaal sou wees (*Bepalinge en Reglemente NGK 1957:art 9 asook Wette en Bepalinge NGK in SA 1953:187 en 191*). Die uitsluitlike reg om die *Grondwet* te wysig en/of nietig te laat verklaar het by die Algemene vergadering van die NGK berus (*Wette en Bepalinge NGK in SA 1953:191*). Die Binnelandse Naturelle sub-kommissie kon self tot die uitvoering van besluite in die sendingkerke oorgaan. Die vetoreg van die Binnelandse Naturelle sub-kommissie kan op 'n Gereformeerde kerkregtelike terrein nie verantwoord word nie. Volgens die Gereformeerde Kerkreg is die gesag van die plaaslike gemeente primêr. Die Binnelandse Naturelle-subkommissie het egter in die sendingkerke 'n bestuur bo die van die plaaslike gemeentes van genoemde sendingkerk gevorm. Die meerdere vergadering is volgens die Gereformeerde Kerkreg geen blywende of hoër mag as die van die plaaslike gemeente nie. Die kerkreg en kerkregeringstelsel van die Sendingkerke was hiërargies en kollegialisties. In hiërargiese en kollegiale kerkverbande is daar ruimte om die vonnis van 'n laer bestuur deur die uitspraak van 'n hoër bestuur nietig te laat verklaar. Die *Grondwet* het 'n prinsipiële onderskeid gemaak tussen die gesag van die Kerkraad en die Binnelandse Naturelle-subkommissie. Die Binnelandse Naturelle-subkommissie het meer gesag gehad as die Kerkraad en het as 'n opperkerkraad of *senatus ecclesiasticus* gefungeer.

5.2.7. Die bevoegdheid van die meerdere vergadering ingeval van wanbestuur

Geen bepalings met betrekking tot die bevoegdheid van die meerdere vergadering ingeval van wanbestuur was in die *Konsep Grondwet* van die Sendingkerke geformuleer nie. Die NGK kon in die geval van wanbestuur of onmag self afgevaardigdes van die Binnelandse Naturelle-subkommissie na die plaaslike

gemeente van die sendingkerke stuur om die formele afkondiging insake die uitspraak in die kerkgebou van die plaaslike gemeente af te kondig. Volgens die *oud kerkrecht* word die mag van die Sinode beperk tot vonnisoplegging. Sinodes het gevolglik nie die reg tot die praktiese uitvoering/toepassing van die uitspraak nie. Volgens die Gereformeerde opvatting is die meerdere vergadering nie 'n hoër vergadering en het die meerdere vergadering nie hoër mag nie: “Hetzelve zeggen heeft de classis over de kerkenraad, hetwelk de Particuliere Synode heeft over de classis, en de Generale Synode over de Particuliere” (DKO art 36). Die sinodale mag is volgens die *oud kerkrecht* geen hoër gesag in die sin dat een sinodelid as ampsdraer bo 'n ander ampsdraer staan nie. Die primordiale reg van die plaaslike gemeente behoort volgens die Doleansiekerkreg dus ten volle geëerbiedig te word.

5.3. Die kerkorde 1963-2005

Op 7 Mei 1963 te Kroonstad het die vereniging van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Oranje Vrystaat, die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Transvaal, die Nederduitse Gereformeerde Bantoekekerk in Suid-Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Natal na besluit van die afsonderlike Sinodes en met goedkeuring van die NGK, plaasgevind. Die verskillende sendingkerke het sedert 1963 gesamentlik die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (=NGKA) gevorm (*Skema NGKA* 1967:289). As lede van die moderatuur is gekies ds C J J van Rensburg (moderator), dr M L Maile (assessor), ds A M Scheffler (scriba) en ds J du Plessis (actuaris) (*Acta NGKA* 1963:56). Op die Stigtingsinode is nadat die *Konsep Kerkorde* punt vir punt in behandeling gebring was, en gewysig, geamendeer was, besluit om volmag vir die finalisering van die Kerkorde by die onderskeie Streeksinodes te verkry (*Acta NGKA* 1963:83). Die vier kerke se

gemeentes, Ringe en Sinodes, laasgenoemde as Streeksinodes, het na kerkeenwording bly voortbestaan sonder die oordrag van bates. Op die Stigtingsinode is besluit dat die Streeksinodes volle seggenskap oor hulle eiendomme, finansies en werksaamhede wat hulle voor vereniging gehad, behou:

Die Streeksinodes behou volle seggenskap oor hulle eiendomme, finansies en werksaamhede wat hulle voor vereniging gehad het of daarna verwerf, behalwe die wat volgens hierdie kerkorde aan die Algemene Sinode oorgedra is of sal word of deur die Algemene Sinode in trust gehou word

(Acta NGKA 1963:71)

Die *Grondwet* is op die Stigtingsinode opgehef en in die plek daarvan is 'n *Akte van Ooreenkoms* opgestel. Die vier kerke se gemeentes, Ringe, Sinodes (wat as Streeksinodes) het bly voortbestaan sonder oordrag van bates na die NGKA. Die werk het gestaan onder jurisdiksie van die Algemene Sendingkommissie. Op die Stigtingsinode het die wysigings ten opsigte van elke artikel afsonderlik van die *Konsep Kerkorde* soos voorgestel deur die Streeksinodes het voor die Sinode tesame met die formulering soos deur die Permanente Regskommissie (=PRK) voorgestel, gedien. Die Algemene Sinodale Kommissie (=ASK) van die NGKA het aan die PRK opdrag gegee om die Kerkorde in finale vorm te giet vir voorlegging aan die ASK (*Skema NGKA 1967:31*). Die opdrag is nie uitgevoer nie aangesien die PRK geoordeel het dat dit nie nodig was om die Kerkorde te finaliseer nie. Die moderatuur van die NGKA het gedurende die reses die opdrag herhaal. Die Kerkorde is in 1967 op die tweede Algemene Sinode van die NGKA (1967) aanvaar. Die NGKA se Kerkorde toon 'n noue aansluiting by die Doleansiekerkreg met die sterk aksentuering van die selfstandigheid van die plaaslike gemeente, die konfederatiewe karakter van die kerkverband en die belydenis as akkoord van kerklike gemeenskap. Die Kerkorde van die NGKA vorm die grondslag van die

regmatige kerklike handeling van die kerke onderling. In die Kerkorde word die Gereformeerde kerkreg nie alleen slegs bely nie, maar word ordereëlins getref om dit in die praktyk uit te voer. Besluite sou voortaan moes ooreenkom met die gesamentlike aanvaarde reëling van die kerkverband. In die Kerkorde is ondermeer bepaal dat die vaste eiendom van die Streeksinode elk in die onderskeie Streeksinodes geregistreer sou word. Daarvolgens was die Streeksinode asook elke Ring en Gemeente die wettige eienaar van hul fondse en roerende eiendom.

Op die Streeksinode van NGKA Phororo (1972) was 'n reglement vir kerklike goedere aanvaar. Die beheer oor sodanige fondse en roerende eiendom het by die Streeksinode, Ring of Kerkraad berus en kon ooreenkomstig die landswette beheer oor sodanige fondse en goedere uit oefen soos deur die koop en verkoop van roerende eiendom, die maak van skenkings die belegging van fondse en die aangaan van lenings, die huur en verhuur van eiendom en die optrede as eiser of gedaagde in regsgedinge (*Skema NGKA Streeksinode Phororo* 1972:43). Die gemeentes, Ringe en/of kerklike kommissies kon nie eiendom in hul naam registreer nie. Die Streeksinode of as hy nie in sitting was nie die Sinodale Kommissie kon egter genader word om as trustees namens sodanige kerklike instansie met die vaste eiendom te handel. Die registrasie van vaste eiendom het geskied volgens die landswette en vir solank die landswette dit vereis kon die sendelinge wat vaste eiendom in die “Bantoetuislande betref slegs adviserende stem op die Streeksinode en Sinodale Kommissie hê (*Skema NGKA Streeksinode Phororo* 1972:43).

5.3.1. Christus as hoof van die kerk

Die kerkorde van die NGKA dui aan dat Christus die Hoof van Sy kerk hy oefen Sy

koninklike mag op aarde deur Sy ampsdraers uit. Aan die ampsdraers het Hy opgedra die leer-, die regeer- en die tugmag van Sy kerk (*Wette en Bepalinge van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Transvaal* 1947:3). Die *jus constituendum*, vorm by die NGKA die grondreël, naamlik die absoluut gesag van die Heilige Skrif asook die afgeleide gesag van die belydenisskrifte word erken naamlik die Formuliere van Enigheid, soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht In 1618-1619, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls asook die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese geloofsbelydenis, die belydenis van Nicea en die belydenis van Athanasius. As belydenisgrondslag aanvaar die NGKA die Formuliere van Enigheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Kerkorde, en die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Belydenis van Nicea en die Belydenis van Athanasius (*Skema NGKA* 1967:289 asook *Skema NGKA* 1971:348).

By die uitoefening van sy roeping mag geen ampsdraer oor 'n ander ampsdraer heerskappy voer nie, aangesien Christus die enigste Hoof, Koning en Meester van sy Kerk is (*Skema NGKA* 1971:348). Die NGKA is die verband van alle plaaslike gemeentes wat bogenoemde belydenis en hierdie kerkorde aanvaar en deur die kerkverband en gemeentes erken word (*Skema NGKA* 1971:348, art 2). Sinodes van ander kerke kan op grond van die gemeenskaplike geloof in Christus en die aanvaarding van bogenoemde belydenis en hierdie Kerkorde, na goedkeuring van die Algemene Sinode in hierdie kerkverband opgeneem word (*Skema NGKA* 1971:348). Met betrekking tot die verhouding tussen die NGK en die NGKA word dit in artikel

37 van die *Kerkorde* aangedui dat ooreenkomste met die NGK nie met die *Kerkorde* mag bots nie (*Skema NGKA* 1971:353).

Die Federale Raad van NG Kerke⁸ het op hul vierde vergadering gehou op 21 tot 25 April 1970 aanbeveel dat geen veranderinge in die belydenisskrifte sonder onderlinge raadpleging tussen die lidkerke mag plaas vind nie (*Skema NGKA* 1971:34). Die Sinode van die NGKA (1971) het die aanbeveling van die Federale Raad van NG Kerke goedgekeur en het gevolglik in art 36.1 bepaal dat die wysiging van die belydenis van die kerk alleen kon geskied met tweederdemeerderheid en nadat elke Streeksinode afsonderlik, met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het; en nadat alle kerke van die Nederduitse Gereformeerde Kerkverband geraadpleeg is (*Skema NGKA* artikel 36 (a) 1971:353). Daardeur het die NGKA die verandering van die belydenisgrondslag verskans.

3.3.2. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk

Die Kerkraad word in die *kerkorde* van die NGKA aangedui as die bestuursorgaan van die plaaslike gemeente. Die Kerkraad verteenwoordig gevolglik die plaaslike gemeente en neem besluite namens die plaaslike gemeente. In art 78 van die *Kerkorde van die NGKA* word die selfstandigheid van die Kerkraad erken deurdat aan meerdere vergaderinge beperkinge op gelê word ten einde hul te verhinder om hul met sake wat van 'n plaaslike aard is te vermoei: "Die kerklike vergaderinge bepaal hulle werksaamhede binne die grense van hulle bevoegdheid, sodat hulle niks

⁸ Die Federale Raad het bestaan uit nege Ned Gerf Kerke naamlik die NGK, NGSK, RCA, NGKA, KMAP Sinode van die van Nkomo, Geref. Kerk van Zambia (NGKerk), Bantoe Geref Kerk in Rhodesië (NG Kerk), Ned Geref Kerk in SWA, KMAP Sinode van Salisbury (*Skema NGKA* 1971:195)

behandel wat uitsluitlik tot die bevoegdheid van 'n ander kerkvergadering behoort nie” (*Kerkorde NGKA* 1971:art 78).

5.3.2. Die karakter van die kerkverband

In ooreenstemming met DKO art 29 word sedert 1963 vier kerklike vergaderinge te wete Kerkraad, Ring, Sinode en Algemene Sinode in die NGKA onderskei (*Skema NGKA* 1967:291 art 13). Van die vier vergaderinge te wete Kerkraad, Ring, Streeksinode en Algemene Sinode dui die NGKA aan dat die Kerkraad die fundamentele en selfstandige is, maar vir onderlinge hulpverlening en versterking van kragte by moeilikhede insake suiwerheid van leer, ampsbediening, die inrigting van die erediens en die tuguitoefening saam met ander gemeentes in een kerkverband saamgevoeg word (*Kerkorde NGKA Streeksinodes Noord en Suid Transvaal* 1964:1). In die *Kerkorde* word dit aangetoon dat die NGKA die verband van alle plaaslike gemeentes is wat die belydenis en die *Kerkorde* aanvaar (*NGKA Kerkorde* 1971:348). Art 2 (c) van die *Kerkorde* toon aan dat Sinodes van ander kerke op grond van die gemeenskaplike geloof in Christus en die aanvaarding van die belydenis en die *Kerkorde* na goedkeuring van die Algemene Sinode in die kerkverband opgeneem kan word (*Skema NGKA* 1971:348). Die ASK van die NGKA het die aanbeveling van die Federale Raad van die NG kerke aanvaar dat geen verandering in die belydenisgrondslag sonder raadpleging van die lidkerke mag plaasvind nie (*Acta NGKA* 1971:34).

Alhoewel die afsonderlike gemeentes elk selfstandig is, staan hulle op grond van die eenheid in Christus in kerkverband. Hierdie kerkverband eis dat die gemeentes die geloofsband sal onderhou en oor mekaar toesig sal hou (*Skema NGKA* 1967:146).

Die onderskeie Sinodes het vrywillig lid van die kerkverband geword en kon ook daar uit tree. Die Algemene Sinode van die NGKA word saamgestel uit 'n Bedienaar van die Woord en een ouderling uit elke Ring. Elke Streeksinode kan ses bykomende verteenwoordigers na die Algemene Sinode afvaardig (*Acta NGKA* 1967:30). Die kerkorde het bepaal dat die Sendingsekretarisse van die NGK na die Algemene Sinode van die NGKA genooi kon word met adviserende stem (*Acta NGKA* 1967:32-33). Ook aan die verteenwoordigers van die NGSK en die RCA vlak was adviserende stem verleen. (art. 32 (b) 1971:352).

Bo en behalwe die feit dat alle leraars van die gemeentes binne die Ringsressort asook en ouderling of evangelis per gemeente wat per geloofsbrief verskyn, kon lede van die NGK in adviserende hoedanigheid deel vorm van die Ringspersoneel (artikel 24(ii): in *NGKA Skema* 1971:350). Geloofsbriewe van alle afgevaardigdes moes deur die Scriba van elke Streeksinode ingehandig word (*Acta NGKA* 1967:11). Sitting in adviserende hoedanigheid was ook aan verteenwoordigers van die NGK wie se gebied ten volle saamval of ten dele saamval met die Streeksinode verleen (art 26 (b) in *Skema NGKA* 1971:351).

Art 30 van die NGKA se Kerkorde bepaal dat die Streeksinodes volle seggenskap oor sy eiendomme, finansies en werksaamhede behou wat hy “voor vereniging gehad het of daarna verwerf behalwe die wat volgens hierdie kerkorde aan die Algemene Sinode oorgedra is of sal word of deur die Algemene Sinode in trust gehou word (art 28 in *Skema NGKA* 1967:293). Dit het die samestellende Sinodes vry gestaan om met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ens uit die verband te tree

wanneer hulle so 'n stap voor God kan regverdig in lig van Sy Woord (*NGKA Skema* 1967:77).

Tot die taak en bevoegdheid van die Streeksinode het behoort die administrasie van en beskikking oor eie fondse en eiendomme (*NGKA Skema* 1971:351). Hiermee het die Streeksinodes van die NGKA die magte verkry om eiendom aan te koop en te vervreem. Die moderatuur het op die Sinode van die NGKA (1971) kennis gegee dat hul gedurende die reses samesprekings met adj.min. B Coetzee en later met min MC Botha gevoer het met betrekking tot die erkenning van die NGKA se reg om eiendom te besit. Volgens staatsbeleid kon eiendomme in die sogenaamde Bantoegebiede nie onder titelakte aan liggame wat nie as “suiwer Bantoe” beskou kon word, oorgedra word nie (*Acta NGKA* 1971:34). Sendinggenootskappe kon wel 'n voortdurende reg tot okkupasie verkry. Die kern probleem was blykbaar dat sendelinge as medeondertekenaars van regsdokumente van eiendomsdokumente in stryd was met die Suid-Afrikaanse wetgewing. Ook die stemreg van sendelinge oor eiendomstransaksies was in stryd met die bestaande wetgewing (*Acta NGKA* 1971:61-62).

5.3.3. Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering

Die meerdere vergadering van die NGKA het deur middel van visitatore toesig in die mindere vergaderings uitgeoefen. Die visitatore het geen uitvoerende magte gehad nie. Die taak van die dilatore was om ondersoek te doen met verslaggewing aan die Ring. Laasgenoemde het die bevoegdheid gehad om beslissings te kan neem (*Skema NGKA* 1967:147). Art 78 van die NGKA se *Kerkorde* het sy oorsprong in art 30 van die DKO: “In meerdere vergaderinge zal men niet handelen, dan het geen

dat in mindere niet heeft afgehandeld kunnen worden, of dat tot de kerken der meerdere vergadering in het algemeen hoort” (art 30 DKO).

5.3.4. Die tugreg ten opsigte van ampsdraers

In die *Kerkorde NGKA Streeksinodes Noord en Suid Transvaal* (1964:1) word dit aangedui dat Here Jesus Christus die Hoof en die Koning van die kerk en dat Hy die leer-, regeer- en tugmag in die kerk aan Sy ampsdraers toevertrou. Christus oefen sy mag uit deur middel van ampsdraers naamlik leraar, ouderlinge en diakens (*Kerkorde NGKA Streeksinode Kaapland* 1968:1). Met betrekking tot die tugreg is die ampsdraers geroep om opsig te hou oor die leer en lewenswandel van die lidmate van die kerk en waar nodig tug uit te oefen. Tot en met die jaar 1982 kon die NGKA nie die tugreg op sendelinge toepas nie. In die *Kerkorde en bepalinge NGKA Streeksinode Kaapland* 1968 word in art 63 (b) aangedui dat die sendelinge deur die NGK beroep, bevestig en gedemitteer word (*Kerkorde NGKA Streeksinode Kaapland* 1968:20). Die Kerkorde het bepaal dat hierdie taak deur die Binnelandse Bantoe-subkommissie en indien nodig in oorleg met die Kerkrade of Sendingkommissies wat daarby betrokke is verrig behoort te word.

’n Skakelkommissie was verantwoordelik vir die plasing en verplasing van sendelinge en moes altyd gedoen word in oorleg met die plaaslike NGKA-gemeente en Ring. Die NGK was deur sy plaaslike gemeentes of Algemene Sendingkommissie verantwoordelik vir die salarisse, toelaes en huisvesting van werkkragte deur hom voorsien en/of ooreengekom. Die sendeling was volgens bep 64(a) lidmaat van die NGK en het onder die toesig van die NGK gestaan. Die sendeling was dus gesant van die NGK en sy posisie binne die NGKA was tydelik en helpend van aard. Die

sendeling het sittingsreg met stemreg op die Kerkraad, Ring, Sinode van die NGKA gehad (*Kerkorde NGKA Streeksinode Kaapland* 1968:20). Die Sinode van die NGKA (1971) het besluit dat vir toelating tot die bediening van die Woord sendelinge lidmaatskap van die besondere NGKA gemeente moes opneem (*Acta NGKA* 1971:349). Aangesien lidmaatskap en legitimasie onlosmaaklik verbind is, het die Streeksinodes van Noord Transvaal en Suid Transvaal van die NGKA bepaal dat gelegitimeerdes van die NGSK en die NGK lidmate van genoemde kerke kon word, maar dat hul op grond van hul beroeping en bevestiging in die NGKA leer- en regeermagte in die NGKA het (*Kerkorde NGKA Streeksinodes Noord Transvaal en Suid Transvaal* 1972:2, bep 8).

Op die vierde vergadering van die Algemene Sinode van die NGKA (1975) is die Konsepbeleid van die Lidkerke van die Federale Raad van NG Kerke met betrekking tot Gesamentlike Sendingwerk bespreek (*Skema NGKA* 1975:150). Met betrekking tot die posisie van sendelinge het die NGK Sinode in Oktober 1974 sekere veranderinge rakende die posisie van die sendelinge in sy Algemene Sendingreglement aangebring. Die veranderinge het onder andere behels dat die NGK bedienaars van die Woord vir die sendingkerke beskikbaar stel wat volgens die normale prosedures van die onderskeie sendingkerke beroep en bevestig kon word. Waar daar nie 'n sendingkerk is nie kon die NGK 'n sendeling beroep en bevestig. Die NGK kon ook 'n ooreenkoms met 'n gemeente van die sendingkerke aangaan om 'n sendeling te beroep en beskikbaar te stel vir diens in die sendingkerke. Die bedienaars van die Woord wat deur die NGK beskikbaar gestel was, het onder die tug en opsig van sowel die NGK en die sendingkerk gestaan. Die Sinode van die NGKA (1975) het besluit dat aangesien die NGKA 'n volledige selfstandige kerk van

Christus is , behoort die NGKA die tug ten opsigte van sendelinge uit te kan uitoefen:

Hy moet onafhanklik onder Christus werk. Hy moet in Christus se naam alle predikante in die kerk kan aanstel. Hy moet in Christus se naam tug oor alle leraars en werkers kan uitoefen. Daar kan gevolglik nie sendelinge meer wees nie, net predikante omdat die NGKA nie ondergeskik aan die NGK is nie. Christus regeer direk in die NGKA en daarom staan alle leraars onder hierdie kerk se toesig en nie onder die NGK se toesig nie. As leraars in die NGKA werk moet hul net daar lidmate wees en nie ook in die NGK nie.

(Acta NGKA 1975:256)

Op die derde gewone vergadering van die Streeksinode Phororo van die NGKA (1976) te Mafeking is die wysigings van die *Akte van Ooreenkoms* tussen die NGK en die NGKA Phororo aanvaar. Op die Sinode is besluit dat deur sy bevestiging en/of indiensstelling in 'n gemeente van die Streeksinode Phororo van die NGKA word die gelegitimeerde van die NGK ook lidmaat van die betrokke gemeente van die Streeksinode Phororo van die NGKA. Nadat sy dienste in die NGKA beëindig is, word hy slegs lidmaat van die NGK waar hy hom vestig (*Skema NGKA Phororo* 1976:9). Gelegitimeerdes uit die NGK in diens van die Streeksinode Phororo van die NGKA het onder die opsig en tug van sowel die NGK en die Streeksinode Phororo van die NGKA gestaan (*Skema NGKA Phororo* 1976:10). Die Ring van die Streeksinode Phororo van die NGKA sou voortaan kennis van alle klagtes teen 'n beklaagde neem, die saak in behandeling neem, uitspraak lewer en het na skuldigbevinding die toepaslike bestraffing oplê, met dien verstande dat as die bestraffing te neer kom op bandlosmaking word die betrokke sendeling se lidmaatskap in die Streeksinode Phororo van die NGKA beëindig word. Alle stukke wat op die saak betrekking was, moes vir behandeling na die NGK deurgestuur word. Die betrokke sou dan verder onder die jurisdiksie van die betrokke NGK Ring waar sy arbeidsveld was, val (*Skema NGKA Phororo* 1976:10).

Slegs die NGK kon die Akte van Toelating van 'n sendeling ingetrek (*Skema NGKA Phororo* 1976:10).

Die finale stadium van tug het dus by die “Moederkerk” berus (*Skema NGKA* 1975:150). Sendelinge was beskou as “geleendes van die Moederkerk” en het in die laaste instansie lidmate van die NGK gebly. Bedienaars van die Woord van die NGK kon deur die NGK beroep word met dien verstande dat hulle as “geleendes van die Moederkerk” hulle lidmaatskap in die NGK behou (*Skema NGKA* 1967:95 artikel 25 (a)). In 1971 is die uitdrukking “geleendes van die Moederkerk” in die Sendingreglement (art 25(a) vervang met “gelegitimeerdes van die Moederkerk” (*Skema NGKA* 1971:319). Sendelinge moes hul lidmaatskapbewyse indien by die plaaslike gemeentes van die NGK waaronder hul sou ressorteer en hul lidmaatsvoorregte daar uitoefen (*Skema NGKA* artikel 27(a) 1967:96). Die NGK het die regsprekende mag met betrekking tot die tuguitoefening oor sendelinge behou. Volgens artikel 26 van die *Sendingreglement* staan sendelinge onder die toesig en tug van die NGK:

Die dogterkerk waarin 'n sendeling arbei, besit die onvervreembare reg om 'n klag of gerug van 'n sendeling te ondersoek en daaroor te besluit. Hoogstens kan 'n sendingkerk verklaar dat op grond van die leer en lewe van 'n betrokke sendeling nie meer geskik is vir diens in die dogterkerk nie. Hierna gaan die sendeling terug na die kerk waarvan hy lidmaat en gelegitimeerde is, wat finaal oor hom sal besluit. Hierdie stelling word met sekere voorbehoude gemaak. 'n Dogterkerk kon bv. nooit 'n sendeling sy status ontnem nie – want hy het dit nie aan hom toegeken nie.

(*Skema NGKA* 1971:320)

Voorlopige tughandeling sou deur die NGKA uitgeoefen word, maar die NGK sou die finale uitspraak lewer en uiteindelijke tuguitoefening doen (*Skema NGKA* 1971:320 asook artikel 55(d) 1971:355). Finale tughandeling en beslissings oor verlies of behoud van status van 'n sendeling was deur die NGK geneem. Die *Kerkorde* van die NGKA 1917 het soos volg bepaal: “Artikel 5(c) By die uitoefening

van sy roeping mag geen ampsdraer oor ander ampsdraers heerskappy voer nie, aangesien Christus die enigste Hoof, Koning en Meester van Sy Kerk is” (*NGKA Skema* 1971:348).

Voor die Sinode van die NGK (1974) het die sendelinge slegs onder die “opsig” van die sendingkerke gestaan. Sedert 1974 het sendelinge onder die tug en opsig van beide kerke gestaan (*Acta NGKA* 1975:151). Omdat die sendeling ’n gelegitimeerde van die NGK was het die NGK bepaal dat die finale stadium van sy tug by die NGK berus dit wil sê die intrekking van sy legitimasie en sy skorsing. Die Algemene Sinode van die NGKA (1979) het ooreenstemmende besluite met betrekking tot die posisie van die sendelinge geneem: “Wanneer die toepassing van tug die vorm neem van skorsing uit die diens of wanneer die band tussen die leraar en gemeente losgemaak word, word sy lidmaatskap in die NGKA beëindig en die stukke deurgestuur na die betrokke Ring van die NGK vir kennisname en verdere optrede” (*Acta Algemene Sinode NGKA* 1979:267).

Die Sinode van die NGK het tot 1982 die reg besit om sendelinge in diens van die NGKA te skors en/of af te sit. Volgens art 20 van die *Kerkorde* van die NGKA (1991) word die opsig en tug oor die gemeente en die regering van die gemeente aan die Kerkraad toe vertrou. Artikel 18, 20, 23, 25, 32 en 34 van die *Kerkorde* bepaal dat die opsig oor, die regering van en die tug in die kerk aan die Kerkraad, Ring, Streeksinode en Algemene Sinode toevertrou word. Die NGK het die NGKA se mag beperk ten opsigte van die tug, skorsing, afsetting van sendelinge. Die Binnelandse Naturelle-subkommissie was beklee met sinodale tugmag. Sendelinge kon deur die kommissie geskors word of uit die amp ontset word op grond van onsuiwerheid in

leer en wandel. Die tug van sendelinge was nie as 'n suiwer lokale aangeleentheid beskou nie. Die NGKA het wetgewende mag en administratiewe mag asook regsprekende mag ten opsigte van hul lidmate en ampsdraers uitsluitende die sendelinge gehad. Die NGK het die bevoegdheid gehad om besluite met betrekking tot die interne partikulêre aangeleentheid by name tugtoepassing van sendelinge te neem. Die besluite van die NGK met betrekking tot die tug van sendelinge was finaal. Die NGK het sendelinge benoem, aanstel, verplaas, besoldig en het hulself gevolglik die tugreg oor sendelinge toegeëien.

5.3.6. Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergaderinge

Die NGKA beklemtoon in die Kerkorde dat die positiewe Goddelike reg van die meerdere vergaderinge naamlik Ringe, Streeksinodes en Algemene Sinodes gehandhaaf moet word asook dat die outoritatiewe bindende karakter van besluite nie alleen berus op gehoorsaamheid aan Gods Woord nie, maar ook op trou aan die vrywillige aanvaarding van die kerkverband (*Kerkorde en aanvullende bepalinge NGKA Streeksinodes van Noord en Suid Transvaal* 1964:1). Ampsdraers en lidmate is gevolglik verplig om dit te onderhou tensy dit in die meerdere vergadering bewys kan word dat sodanige besluite teen die Woord van God stry (*Kerkorde en aanvullende bepalinge NGKA Streeksinodes van Noord en Suid Transvaal* 1964:1). Met verwysing na Hand 15:28-29 word dit in die Kerkorde aangetoon daar uit die Skrif geleer word dat 'n breë kerklike vergadering (Ring Sinode) geoorloof is en bindende besluite dus deur die Sinode geneem kan word wat vir die hele kerk geldend is (*Kerkorde NGKA Streeksinode Kaapland* 1968:1).

Op voetspoor van artikel 31 van die DKO word in die *Kerkorde* voorsiening gemaak

vir die reg tot appèl: Elke beklaagde wat hom deur die uitspraak van 'n kerklike vergadering beswaard voel het die reg tot hoër beroep op die volgende meerdere vergadering, te wete die Ring en Steeksinode (artikel 56(a) *NGKA Skema* 1967:297). In tugsake wat die leer van die kerk raak, het die klaer sowel as die beklaagde in 'n vryspraak of skuldigbevinding, die reg tot hoër beroep tot by die Algemene Sinode (artikel 56 (b) in *Skema NGKA* 1967:297). Die NGKA kon egter nie appelleer teen die uitspraak van die Binnelandse Naturelle-subkommissie nie.

5.4. Die kerkregtelike stryd om kerkeenwording 1966-2008⁹

Die NGSK het reeds in 1966 besluit om die ontwikkeling van die Federale Raad in 'n volledige Sinode met jurisdiksie oor die leer en liturgie by die eersvolgende vergadering van die Federale Raad aan te beveel (*Acta NGSK* 1966:289). Die besluit het gelei tot onderhandelinge met die NGK wat uiteindelik lei tot die samestelling van 'n ad hoc komitee, bestaande uit die drie verteenwoordigers van die vier kerke, te wete NGSK, NGKA, NGK, RCA. Die Ad hoc-Komitee het in Pretoria op die 26 Oktober 1966 vergader. Die vergadering kan beskou word as die eerste Gesamentlike Gesprekskommissie (GKK) met betrekking tot kerkeenwording. Die ad hoc komitee, het 'n voorstel vir die vervanging van die Federale Raad met 'n Algemene Sinode voorgelê (*Skema NGSK* 1978:54-:56). Die besluit met betrekking tot kerkeenheid was op die NGSK Sinodes van 1970 en 1974 herhaal (*Acta NGSK* 1970:307 en *Acta NGSK* 1974:382). Die Algemene Sinode van die NGKA (1974) het besluit om hul te beywer vir kerkeenwording met die ander drie lede van die NGK familie naamlik die NGK, RCA en die NGSK: "Die Algemene Sinode begeer om te verenig in een kerk met die Reformed Church in Africa, die NGSK en die NGK en gee opdrag aan

⁹ In die afdeling word verwys na die kerkregtelike bydraes van die NGKA, NGSK, en die VGKSA aangesien die vier kerke se besluite oor kerkeenwording mekaar wedersyds beïnvloed het.

die Algemene Sinodale Kommissie om hul te kontak” (*Skema NGKA* 1974:253). Die Sinode van die NGKA (1974) het die besluit van die Federale Raad met betrekking tot samewerking op plaaslike vlak na hul onderskeie Streeksinodes verwys. Die Federale Raad het op hul vergadering in 1974 kennis gegee dat ’n groot deel van die spanning tussen die NGK en sendingkerke te wyte daaraan is aan die gebrek aan samewerking op Rings- en gemeentevlak. Die Federale Raad het gevolglik aanbeveel dat die Sinodes van lede kerke pogings sal aanwend om permanente samewerkingstrukture waarin beide die NGK en die sendingkerke verteenwoordig was op Rings- en Gemeente vlak te skep en/of die wat reeds bestaan beter te gebruik. Die Algemene Sinode het gevolglik die hele kerk opgeroep om die band met die NGK-Familie te versterk (*Acta NGKA* 1974: 292-293). Die Algemene Sinode het die begeerte uitgespreek in 1975 om met die Indian Reformed Church, die NGK en die NGSK tot een kerk te verenig en het dit aan die ASK opgedra om met die oog daarop met genoemde kerke in verbinding te tree (*Acta Algemene Sinode NGKA* 1975:253). Na ’n lang diskussie op 23 Maart 1978 op die Federale Raadsvergadering het ’n tweederdemeerderheid ten gunste van strukturele eenheid in die NGK-familie gestem.

Op die Algemene Sinode van die NGKA (1987) is ’n hele reeks besluite met betrekking tot kerkeenheid geneem. Die Sinode spreek onder andere die wens uit dat dit sal lei tot een Algemene Sinode waarin al die lidkerke verenig is, een Ring wat oor die plaaslike gemeentes toesig hou en een gemeente waarin lidmate op elke plek aan mekaar verbind is om God te dien (*Acta NGKA* 1987:379). Die Sinode het opdrag aan die moderatuur gegee om indringende samesprekings te voer oor die eenheid van die kerk en het dit betreur dat sy besluit oor die kerkeenheid binne die NGK-familie

van 1983 nog geen konkrete resultate gelewer het nie (*Acta NGKA* 1987:388). Die Sinode het besluit om hom daarvoor te beywer dat die eenheid met Christus en met mekaar tot uitdrukking sal kom deur die samesnoering in een kerkverband:

Die sinode betreur dit dat sy besluit oor kerkeenheid binne die NG kerkfamilie ... nog geen konkrete resultate gelewer het nie, en dra dit aan die moderatuur en die ASK op om met groot dringendheid voort te gaan om hierdie besluite tot uitvoering te bring, aangesien enige teken daarvan dat die NGKA 'n "apartheidskerk" sou wees, dodelik gevaarlik vir die lewe van ons jeug, liggaamlik en geestelik, is.

(*Acta NGKA* 1987:388)

Die Sinode het die *Belydenis van Belhar* van die NGSK na 'n Studiekommissie verwys om ondersoek in te stel na die wenslikheid van die aanvaarding van die *Belydenis van Belhar* deur die NGKA en in watter mate die aanvaarding van die *Belydenis van Belhar* die eenwording van die familie van die NGK kan bevorder of vertraag (*Acta NGKA* 1987:413-414).¹⁰

By die Verenigingberaad van Maart 1989 het die hele NGK-afvaardiging soos volgplegtig verklaar: "*Ons belowe plegtig om daarvoor te werk om een verenigde, nie-rassige Gereformeerde kerk in Suidelike- en Sentraal Afrika te word.*" (*Acta VGKSA* 1994:291). Gedurende Oktober 1989 het die NGSK en die NGKA 'n Gesamentlike Gesprekskommissie (=GGK) met die oog op kerkeenwording gestig modérateur en 'n gelyk tal adviseurs van beide die NGSK¹¹ en die NGKA¹² wat sake wat met die vereniging van die twee kerke voorberei het. Die Gesamentlike Gesprekskommissie (=GKK) het om die beurt te Belhar en Johannesburg vergader. Aandag was onder andere deur die GGK gegee aan die voorbereiding van 'n Konsep Kerkorde (*Skema VGKSA* 1994:19). Uit die beraadslaging is 'n verslag met aanbevelings opgestel wat

¹⁰ Lees Hoofstuk 3.4.5 met betrekking tot die *Belydenis van Belhar*.

¹¹ Moderatuur: dr A A Boesak, A J Botha, di IJ Mentor, N A Appolliss en adviseurs: proff P J Robinson, J C Adonis, J Durandt, D Smit en ds J Mettler (*Skema NGSK* 1994: 6).

¹² Moderatuur: di SPE Buti, MM Maphoto, dr NJ Smith en MS Pitikoe en adviseurs: dr T A Mofokeng, L W Mazamisa, E M Tema, C F B Naude en di L K C Manusela en S O Skeen (*Acta NGKA* 1994:6).

op 11 September wat aan die gemeentes van beide die NGKA en NGSK gestuur was om Kerkrade die geleentheid te bied om inspraak in die voorgestelde proses van eenwording te kon hê (*Skema VGKSA* 1994:8). Die Kerkrade is versoek om die verslag te bestudeer en om teen 31 Januarie 1990 op die aanbevelings te reageer. Die sperdatum was tot 28 Februarie 1990 verleng. Waarna die GKK aanvaar het dat Kerkrade wat nie reageer nie, geen besware teen die voorgestelde eenwording het nie (*Skema NGKA* 1990:221). Sodoende is gepoog om aan die Kerkrade die volle geleentheid te bied om inspraak te hê in die voorgestelde proses van eenwording. Die GKK (*Skema NGKA* 1990:233) maak melding in hul verslag en aanbevelings vir kerkeenheid dat “gereformeerde Skrifbeginsels” toegepas is, het by die opstel van die *Kerkorde*, maar toon nêrens in die dokument hoe hul dit wel gedoen het nie.

Die Kommissie van Kerkorde van die GKK het van die voorveronderstelling uitgegaan dat die nuwe kerkorde slegs breë riglyne in eenvoudige nie-vakkundige taal formuleer omdat die bestaande Kerkorde na die mening van die Kommissie te veel gedetailleerd was. Die plaaslike gemeente sou ’n belangrike uitgangspunt van die Kerkorde wees, die beginsels van ’n breë verband (Streeks- en Algemene Sinode) was as primêre uitgangspunt aanvaar (*Skema Buitengewone Sinode van die NGKA* 1990:220). Met betrekking tot die insluiting van die *Belydenis van Belhar* is besluit om dit op die Stigtingsinode in die *Konsep Kerkorde* in te voeg (*Skema NGKA* 1990:221). Die Buitengewone Sinode van die NGKA (1990) het die *Konsep Kerkorde* punt vir punt in behandeling geneem en goedgekeur as grondslag vir die kerkeenheid tussen die NGSK en die NGKA.

As ’n riglyn vir die opstel van die *Kerkorde* word die demokratisering van die kerk

aangedui. Daarmee word volgens die GKK bedoel die aktiewe deelname van lidmate deur die sentraalstelling van die amp van die gelowige (*Skema VGKSA* 1994:7). Kerkrade was ook versoek om hulle in beginsel oor die verslag uit te spreek en hulle afgevaardigdes na die volgende vergaderings van onderskeidelik die Algemene Sinode van die NGKA en die Sinode van die NGSK opdrag te gee om in ooreenstemming met hul besluit te stem. Die GKK erken in hul verslag dat hul van die normale kerkordelike praktyk afgewyk het deur 'n verslag direk aan die Kerkrade voor te lê in plaas van aan die Sinode (*Skema VGKSA* 1994:19-20). Beide die RCA en die NGK was na die Gesprekskommissie vergaderings uitgenooi en 'n konsepkerkorde was aan hulle voorsien (*Acta NGKA* 1994:6). Op die Sinode van die NGSK (1990) was die verslag van die GKK behandel en al die aanbevelinge was goedgekeur. Slegs 13 NGSK-gemeentes het aangedui dat hul besware teen die voorgenome eenwording het (*Skema VGKSA* 1994:8).

Op 4 Oktober 1990 het 'n *Konvent van voorneme* in die NGSK SA Gestig te Belhar tussen die NGKA en die NGSK plaasgevind. Ds R C Herholdt het as leraar van die oudste gemeente van die twee kerke te wete SA Gestig (gestig 1799) die voorsittersstoel ingeneem (*Skema VGKSA* 1994:82). Die moderators van die twee kerke, di N A Appollis (NGSK) en ds S Buti, het die beginselbesluite van hul onderskeie kerke met betrekking tot eenheid aan die Konvent voorgelees (*Skema VGKSA* 1994:82-84). Die Konvent het aan die moderature opdrag gegee om sinodale kommissies saam te stel, die opdragte van die Sinodale Kommissies te bepaal en die plek en datum vir die Eerste Algemene Sinode te bepaal (*Acta NGSK* 1990:1172-1175). In beide die *Ligstraal* en die *Ligdraer* het 'n kerkregtelike polemië met betrekking tot die besluitnemingsbevoegdheid van die Konvent

uitgebreek.

Die gesamentlike moderature het vir die eerste keer op 2 November 1990 te Belhar vergader (*Skema VGKSA* 1994:86). Hulle het 'n verklaring met betrekking tot die kerkregtelike status van die Konvent van 4 Oktober 1990 uitgereik. Die moderature het verklaar dat die Konvent 'n wettige vergadering was en dat die besluite van die konvent gevolglik bindend vir die NGSK en die NGKA is. Daar het egter volgens die moderature ten tye van Konvent geen kerkstigting plaasgevind nie. Veel eerder het die twee kerke in beginsel verklaar om een te word. Die moderature het besluit om die Sinodale kommissies (Kerkorde Kommissie, Administrasie, Teologiese Opleiding, Ekumene, Orde Kommissie, Aktuele sake, Getuienisaksie, Diakonale Dienste, Bedieningstrukture, Sang en Liturgie, Kerkblad), van die twee kerke saam te voeg en dat die besluite van die deelnemende kerke aan bovermelde kommissies opgedra word met verslag aan die gesamentlike moderature ter voorbereiding vir die eerste Algemene Sinode (*Skema VGKSA* 1994:86-89). Die gesamentlike moderature het ooreengekom dat die NGKA op 15 tot 16 Julie 1991 'n buitengewone Algemene Sinode sal hou om die verslae en voorstelle met betrekking tot kerkeenheid af te handel. Die eerste Sinode van die Verenigende Kerk was vir 17 tot 21 Julie 1991 geskeduleer (*Ligdraer* 4 Februarie 1991:7).

'n Kerkregtelike diskoers met betrekking tot kerkeenwording het vroeg in 1991 uitgebreek. Twee van die Streeksinodes van die NGKA waaronder dié van Oranje Vrystaat en Phororo in die Noord-Kaap het verklarings uitgereik waarin die wettigheid van die toekomstige eenwording asook die besluitnemingsbevoegdheid van die moderature bevraagteken was (*Ligdraer* 4 Februarie 1991:3). Volgens die Streeksinode Phororo van die NGKA was die Konvent van 4 Oktober 1990

onwettig aangesien die moderatuur van die NGKA geen sinodale magtiging vir die hou van 'n Konvent van die NGKA se Buitengewone Sinode gehou in Kaapstad verkry het nie. Die Steeksinode was van mening dat aanvaarding van die Belydenis van Belhar en die Konsep Belydenis wat as die basis van die van die nuwe kerk moet dien op die Sinode, nie kerkordelik korrek geskied het nie. Volgens die moderatuur van die OVS het die moderatuur van die Algemene Sinode van die NGKA geheel buite sy magte en bevoegdheid opgetree (*Ligdraer* 4 Februarie 1991:3). In sy skrywe gedateer 4 Februarie 1991 het ds D Potgieter van Heidedal-Suid, voorspel dat beide die Streeksinodes Phororo en die OVS nie aan die kerkvereniging sal deelneem nie: “Ek wil dit waag om te voorspel dat ten minste die Streeksinodes Phororo en OVS onder hierdie omstandighede nie aan die kerkvereniging sal deelneem nie ... ons staar nie kerkvereniging in die gesig nie, maar kerkversplintering” (*Ligdraer* 4 Februarie 1991:11). Potgieter maak onder andere beswaar teen die onkerkordelike wyse waarop die *Belydenis van Belhar* op die Sinode 1990 van die NGKA heeltemal in stryd met Art 36.21 aanvaar is as deel van die belydenisgrondslag van die NGKA (*Ligdraer* 4 Februarie 1991:11). Tydens 'n buitengewone vergadering van die Algemene Sinode van die NGKA gedurende 1990 is gepoog om eenwording met die NGSK te bewerkstellig, maar pogings is laat vaar toe dit blyk dat dit nodig is om die *Kerkorde* te wysig. Op die Sinode is die *Kerkorde* van die NGKA opgeskort om die belydenisgrondslag te wysig.

Potgieter is van mening dat die prosedure wat deur die Algemene Sinode van die NGKA met die aanvaarding van die *Belydenis van Belhar* gevolg was onkerkregtelik was. Die actuarius van die NGKA, dr Nico Smith, is van mening dat meerderheidsbesluite van Sinodes deur mindere vergaderings en/of lede van die kerk

aanvaar en respekteer behoort te word en dat dit enige leraar of lidmaat van die NGKA vrystaan om as hul nie met 'n besluit van 'n Sinode saamstem nie, 'n beswaarskrif (gravamen) of beskrywingspunt na 'n Sinode te stuur (*Ligdraer* 4 Februarie 1991:11). Hierdie gebrek om ag te slaan op die kerkordelike prosesse van kerkeenwording het veroorsaak dat die geskeduleerde kerkeenwording op 16 tot 21 Julie 1991 tussen die NGKA en die NGSK uitgestel moes word.

Ds SO Skeen, redakteur van die *Ligstraal*, amptelike blad van die NGKA, is van mening dat die wyse waarop met die *Kerkorde van die NGKA* gedurende die Sinode van 1990 omgegaan is 'n saak van groot kommer is en dat dit by implikasie daartoe gelei het tot die regering (diktatuur) van die kerk deur die moderatuur. In Maart 1991 het die gesamentlike moderature aan die NGKA 'n volledige lys van verslae gegee wat hulle eers moes afhandel voordat kerkeenheid 'n werklikheid kon word. Hulle het onderneem om dit te doen (*Skema VGKSA* 1994:87). Op 17 April 1991 het die gesamentlike Moderature besluit om regsmening te bekom oor die rol en afhandeling van die kerkorde en die wyse waarop die eerste Algemene Sinode gekonstitueer moes word (*Skema VGKSA* 1994:89).

Op die Buitengewone Sinode van die Streeksinode Noord-Transvaal van die NGKA gehou 22-27 April 1991 in die Dienssentrum Mamelodi is kennis geneem dat die Buitengewone Algemene Sinode van die NGKA (1990) te Bellville reeds die *Belydenis van Belhar* aanvaar het en dat art 36 op die Sinode gewysig was. Gevolglik het die Streeksinode Noord-Transvaal besluit om die *Belydenis van Belhar* as vierde belydenisskrif aanvaar word. Die Sinode het ook kennis geneem van die *Konsep Kerkorde* wat deur die Gesamentlike Gesprekskommissie voorberei

was en op die Buitengewone Algemene Sinode 1990 as riglyn vir 'n Kerkorde van die verenigde kerk te aanvaar was (*Acta NGKA Noord-Transvaal Speciale Sinode* 1991:14). Die Streeksinode Noord-Transvaal van die NGKA is egter een van die enkele Streeksinodes van die NGKA wat die besluite van die Buitengewone Sinode (1991) ongekwalifiseerd aanvaar het.

In die *Ligdraer* van 3 Junie 1991 het die gesamentlike moderatuur van die NGKA en die NGSK 'n verklaring uitgereik rondom die voorgenome kerkeenheid waarin hulle bekend gemaak dat die regsmening wat reeds ingewin is, oortuigend aantoon dat die weg waarlangs die NGKA se ASK voorstel om die probleem rondom art 36 aan te spreek, regtens in orde was (*Ligdraer* 3 Junie 1991:4). Oor die reg van gemeentes en Ringe om self te besluit om deel van die nuwe kerk te word wat deel was van dieselfde regsadvies, het die moderatuur egter nie aan die gemeentes en Ringe gekommunikeer nie (*Ligdraer* 1 Julie 1991:4).

Op sy Buitengewone vergadering van 23 tot 24 April 1991 te Barkley -Wes het die Streeksinode Phororo van die NGKA besluit om nie aan die versoek van die ASK van die NGKA te voldoen om op 13 Julie 1991 te Pretoria 'n Buitengewone Sinode te hou nie. Die doel van die vergadering was om finale besluite te neem oor die kerkvereniging tussen die NGKA en die NGSK. Die Streeksinode Phororo het beswaar daarteen gemaak dat art 36.1, wat die reg van inspraak van die Streeksinodes in belydenissake verskans het, op die Buitengewone Sinode van die NGKA (1990) te Mitchells Plain, geskrap is (*Ligdraer* 3 Junie 1991:11). Die Streeksinode van die NGKA Phororo het van die veronderstelling uit beweeg dat die skaping van die art 36.1 te neer kom op die wederregtelike aantasting van die regte van mindere

vergadering en dat die verskanste reg van mindere vergaderinge nie sonder die toestemming van die Streeksinodes self vervreem kan word nie (*Ligdraer* 3 Junie 1991:11). Die Streeksinode van die NGKA OVS het aan die Algemene Sinode van die NGKA kennis gegee dat hul groot probleme het om die *Konsep Kerkorde* te aanvaar aangesien die *Konsep Kerkorde* nie voldoen aan die vereistes vir 'n kerkorde nie (*Acta Algemene Sinode NGKA* 1991:331). Hulle was van mening dat die moontlikheid word deur die *Konsep Kerkorde* gelaat dat ongereformeerde praktykte die kerk ingedra kan word. Hulle het gevolglik die Algemene Sinode van die NGKA versoek om die *Kerkorde* van die NGKA asook die NGSK te gebruik om 'n gesamentlike kerkorde op te stel (*Acta Algemene Sinode NGKA* 1991:331-332). Reeds op 30 Oktober 1990 het die Moderatuur van die OVS aan die Moderatuur van die NGKA 'n skrywe gerig waarin hul aangetoon het dat die korrekte kerkordelike weg is dat kommissieverslae eers na die Streeksinodes gestuur behoort te word om sodoende die Streeksinode geleentheid te bied om hul inspraak oor kerkeenheid te lewer. Op die skrywe was daar nooit gereageer nie (*Acta NGKA* 1991:333). Die Streeksinode van die NGKA OVS het herbevestig dat die Streeksinode van die OVS nie sy Gereformeerde tradisie van kerkordelike funksionering kan prysgee nie (*Acta NGKA* 1991 :334).

Op 28 Junie 1991 het die NGSK die NGKA versoek om die datum vir 'n eenheidsinode uit te stel onderhewig daaraan dat die NGSK die moontlikheid van 'n buitengewone Sinode en/of 'n enkelparty verklarende hofbevel ondersoek (*Ligdraer* 7 April 1992:15). Die gesamentlike moderatuur wat die namiddag van dieselfde dag vergader het, het 'n verklaring uitgereik dat hul genoodsaak is om aan te kondig dat as gevolg van bepaalde regsprobleme in verband met die vereniging van die twee

kerke, die voorgenome eerste Sinode van die VGK nie in 17 tot 21 Julie 1991 gehou sal kan word nie (*Ligdraer* 7 April 1992:15). In die plek daarvan het die gesamentlike moderatuur, op koste van die afgevaardigdes van die twee kerke, 'n kerkeenheidskonferensie op 17 tot 18 Julie 1991 te Hatfield Christelike Gemeente in Pretoria te reël (*Skema VGKSA* 1994:91). Meer as 150 afgevaardigdes van die NGSK en die NGKA het die tweedaagse konferensie oor kerkvereniging na afloop van die NGKA Algemene Sinode 1991 bygewoon (*Ligdraer* 5 Augustus 1991:1).

Die Algemene Sinode van die NGKA (1991) het besluit om struktureel met die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (=NGSK) te verenig (*Acta Algemene Sinode NGKA* 1991:391). Die NGKA is van mening dat die Federale Raad nie as forum vir kerkeenheid kon dien nie en dat strukturele eenheid as voldonge feit aanvaar behoort te word: “Die NGK sal dit moet stel dat daar net een NG Kerk in SA is en die besluit van 1857 repudieer. Die lidmate was destyds uit swakheid teen een kerk. Dit was sonde en sonde kan nie in die kerk geduld word nie” (*Skema Algemene Sinode NGKA* 1991:16).

Die *Kerkorde van die NGKA* is tydens die Sinode 1991 in twee opsigte gewysig om kerkeenheid moontlik te maak. Daar is onder andere besluit om 'n nuwe artikel 61 in te voeg wat soos volg lees:

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika mag ter enige tyd met 'n tweederdemeerderheid besluit van die Algemene sinode met een of meer van die kerke wat in Art 2 genoem word struktureel verenig. Wanneer die NGKA sou besluit om met 'n ander kerk of kerke te verenig moet die besluit deur die Algemene Sinode met 'n tweederdemeerderheidstem sowel as tweederdemeerderheidstem van die streeksinodes geneem word. Wanneer sodanige besluit geneem is, hou die kerk op as om as NGKA te bestaan, en gaan op in die nuwe kerk Alle regte, voorregte, eiendomme, bates en lastes van die regspersone van die NGKA word daarmee oorgedra aan die ooreenstemmende regspersone van die verenigende kerk wat uit die vereniging ontstaan.

(*Acta Algemene Sinode NGKA* 1991:440)

Ingevolge artikel 61 volg ontbinding outomaties op die besluit om te verenig en is dit insidenteel tot die besluit om te verenig.

Op die Sinode is art 36.1 en 36.2 van die *Kerkorde van die NGKA* gewysig ten einde die NGKA se Algemene Sinode in staat te stel om met 'n tweederdemeerderheid die belydenisgrondslag van die NGKA te wysig (*Acta NGKA* 1991:391):

Art 36.1: Die wysiging van die belydenis van die kerk kan alleen geskied met tweederdemeerderheid en nadat elke Streeksinode afsonderlik, met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het; en nadat alle kerke van die Nederduitse Gereformeerde Kerkverband geraadpleeg is.

Art 36.2: Met uitsondering van die belydenis (Art 1) mag die Algemene Sinode die Kerkorde wysig of aanvul met 'n tweederdemeerderheid stem.

(*Skema Algemene Sinode NGKA* 1987:448)

Artikel 361 en 36 2 is op die NGKA Algemene Sinode 1991 soos volg gewysig:

Art 36.1: Die wysiging en uitbreiding van die belydenis van die kerk kan alleen geskied met tweederdemeerderheid deur die algemene Sinode. Enige besware van lidmate, Ring of Streeksinode teen sodanige wysigings of uitbreidings mag by wyse van Gravamina (beswaarskrifte) en/of memoranda aan die volgende vergadering van die Algemene Sinode voorgelê word vir oorweging.

(*Acta Algemene Sinode NGKA* 1991:434)

Die sinsnede “en nadat elke Streeksinode afsonderlik, met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het; en nadat alle kerke van die Nederduitse Gereformeerde Kerkverband geraadpleeg is,” is op die Sinode geskrap: “Art 36.2. Die Algemene Sinode die Kerkorde mag die Kerkorde wysig of aanvul met 'n tweederdemeerderheid stem” (*Acta Algemene Sinode NGKA* 1991: p 5.1 punt 2. 2.4)

Die sinsnede “met uitsondering van die belydenis (Art 1)” is geskrap. Artikel 1 is ook op die Sinode 1991 gewysig om sodoende die *Belydenis van Belhar* deel van die Belydenisgrondslag te maak:

Art 1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika is gebou op die fondament Jesus Christus, gegrond op die Bybel, die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die kerk in ooreenstemming met Gods Woord bely, staan uitgedruk in: Die Formuliere van Enigheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1919, naamlik die Heidelbergse Kategismus, die vyf Dordtse Leerreëls en die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Belydenis van Nicea en die Belydenis van Athanasius en die *Belhar Belydenis*.

(*Acta Algemene Sinode NGKA* 1991:389)

Die Algemene Sinode van die NGKA (1991) het verder besluit:

Die sinode vereenselwig hom met die aanbevelings van die verslag van die gesprekskommissie aan die kerkrade 6.1 tot 6.3) in verband met die voorlopige reëlins ten opsigte van bestaande grense en werksaamhede van gemeentes en dat daar slegs een kerk sal wees, dat alle ringe van die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika binne bepaalde geografiese grense saamsmelt en dra dit aan die eerste Algemene Sinode van die een kerk op om die samestelling van Ringe vir een kerk te bepaal.

(Acta Algemene Sinode NGKA 1991:389)

Die Sinode het ook sonder teenstem besluit dat die *Belydenis van Belhar* soos vasgestel deur die Sinode van die NGSK 1986 by art 1.1 van die Kerkorde van die NGKA te voeg (Acta Algemene Sinode NGKA 1991:392). Die Sinode het besluit om bepaling 36.1 asook 36.2 (1991:392). Enige besware van lidmate, Ring, Streeksinode teen sodanige wysiging of uitbreiding kon by wyse van gravamina (beswaarskrifte) en/of memoranda aan die volgende vergadering van die Algemene Sinode voorgelê word vir oorweging (1991:392). Die Sinode het die voorgestelde *Kerkorde* as basis vir kerkeenwording aanvaar asook dat die Konvent wettig was (Acta Algemene Sinode NGKA 1991:392).

Volgens Art 36.1 moes elke Streeksinode van die NGKA vir die wysiging van die belydenisgrondslag afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit alvorens sodanige wysiging op die Algemene Sinode gewysig kon word. Elke gemeente het dus inspraak in die wysiging van die belydenisgrondslag gehad. Die wysiging van die belydenisgrondslag is egter op die Sinode van die NGKA (1991) sonder die vereiste tweederdemeerderheid geneem. Die Algemene Sinode (1991) het dit eenparig goedgekeur dat die NGKA te enige tyd met 'n tweederdemeerderheid besluit van die Algemene Sinode sowel as die Streeksinodes met een of meer kerke struktureel kan verenig en dat wanneer so 'n besluit geneem word, die kerk op hou

om as NGKA te bestaan en dat in die nuwe kerk alle regte, voorregte, eiendomme, bates en laste van regspersone van die NGKA opgaan en daarmee aan die ooreenstemmende regspersone van die verenigde kerk wat uit die vereniging ontstaan het (*Acta NGKA* 1991:393). Die Sinode het verder besluit dat wanneer hy in uitvoering van sy besluit om struktureel met die NGSK te verenig wettiglik saam met die verteenwoordigers van die NGSK tot 'n Stigtingsinode gekonstitueer is, die Algemene Sinode van die NGKA kragtens art 61 van sy Kerkorde as regspersoon sal ophou om te bestaan en sal gevolglik ontbind. Die Sinode dra gevolglik al sy regte, voorregte, eiendomme, bates, laste, verpligtinge, niks uitgesonderd nie oor aan die Algemene Sinode van die verenigende kerk wat uit die vereniging van die NGKA en die NGSK ontstaan (*Acta NGKA* 1991:393).

Voor die wysiging het art 36 van die *Kerkorde* bepaal dat die Algemene Sinode, met uitsondering van die belydenisgrondslag, die *Kerkorde* met 'n tweederdemeerderheid kon wysig of aanvul (*Acta NGKA* 1991:440). Met bovermelde besluite van die NGKA Sinode 1991 was die Algemene Sinode van die NGKA in staat gestel om op sy eie, met 'n tweederdemeerderheid die belydenisgrondslag van die NGKA, sonder in spraak van die Streeksinodes, te wysig. Slegs 'n besluit van die Algemene Sinode sou voortaan voldoende wees vir kerkvereniging en die stigting van 'n nuwe kerk. met betrekking tot die oordra van alle regte, voorregte, eiendomme, bates, laste en verpligtinge van die Algemene Sinode NGKA na die verenigde kerk oor te dra het die Sinode die volgende besluit geneem:

Besluit 1.1.34 Die Sinode besluit dat wanneer hy in uitvoering van sy besluit om struktureel met die NGSK in SA te verenig wettiglik saam met die verteenwoordigers van die NGSK tot 'n stigtingssinode gekonstitueer is, die Algemene Sinode van die NGKA kragtens art 61 van sy Kerkorde as regspersoon sal ophou om te bestaan en te ontbind, en dra al sy regte, voorregte, eiendomme, bates, laste en verpligtinge,



niks uitgesonder nie, oor na die Algemene Sinode van die verenigde kerk wat uit die vereniging van die NGKA en die NGSK in SA ontstaan.

(Acta NGKA 1991:393)

Volgens bovermelde besluit ontbind die Algemene Sinode en dra al sy bates aan die Algemene Sinode van die nuwe kerk oor op die stadium wanneer die nuwe kerk konstitueer (*Nederduitse Gereformeerde Kerk (OVS)*, *Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika* (*Phororo en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika* saaknommer 536/96).

Die Sinode het die voorgestelde *Konsep Kerkorde* as basis vir kerkeenwording aanvaar (*Acta NGKA* 1991: p 5.1 punt 2.2.6). Die Sinode het verder dat wanneer hy in uitvoering van sy besluit om struktureel met die NGSK te verenig wettiglik saam met die verteenwoordigers van die NGSK tot 'n Stigtingsinode gekonstitueer is, die Algemene Sinode van die NGKA kragtens art 61 van sy Kerkorde as regspersoon sal ophou bestaan en ontbind en dra alle regte, voorregte, eiendomme, bates, laste en verpligtinge, niks uitgesonder nie oor aan die Algemene Sinode van die verenigde kerk wat uit die vereniging van die NGKA en die NGSK ontstaan (*Acta NGKA* 1991:393). Die ontbindingsbesluit van die Algemene Sinode van die NGKA het egter nie outomaties die gemeentes, Ringe en Streeksinodes gebind nie. Daarom was verdere besluite wat betrekking het op die Streeksinodes, Ringe en Kerkrade op die Sinode geneem. Aan die Streeksinodes, Ringe is opgedra om self ontbindingsbesluite soortgelyk aan dié van die Algemene Sinode te neem (*Acta NGKA* 1991:393-394, besluit 1.1.35 en 1.1.36). Aan gemeentes is opgedra om self stappe te neem met betrekking tot die voorsetting van die gemeente as regspersoon met 'n nuwe identiteit (*Acta NGKA* 1991:393-394, besluit 1.1.37). Geen ontbindingsbesluite was volgens appèlregter Vivier deur die Streeksinodes van die

NGKA OVS en die NGKA Phororo of enige van die 102 ander gemeentes betrokke in die kerkstryd geneem nie (supra saaknommer 536/96:11).

Op 'n 18 Julie 1992 het die Gesamentlike Moderature die Gesamentlike Kommissies versoek om hul verslae af te rond, uit te brei of te voltooi met die oog op die Stigtingsinode van (*Skema VGKSA* 1994:94). In Februarie 1993 het die afvaardiging van die NGKA en die NGSK 'n beginselverklaring met betrekking tot kerkeenheid uitgereik. Die afvaardiging het verklaar dat dit hulle gemeenskaplike oortuiging is dat die Bybelse leer oor die eenheid van die kerk en die Gereformeerde opvatting oor die sigbare eenheid van die kerk gestalte moet vind in een enkele kerkverband. Dit beteken dat bestaande institute sal moet verenig in 'n enkele instituut, georganiseerd volgens Gereformeerde kerkreg en kerkverband. Op 15 September 1993 het die Gesamentlike Moderature besluit dat die Stigtingsinode te Belhar op die 14 April 1994 tot 17 April 1994 sal plaasvind (*Skema VGKSA* 1994:96). Op 12 Oktober 1993 het die “drie strategiese gesamentlike kommissies” naamlik die Gesamentlike Moderature, Gesamentlike Regskommissies en Gesamentlike Kommissie vir Administrasie 'n ad-hoc vergadering gehou. Anders as wat die aanbeveling van die reggeleerdes het genoemde gesamentlike kommissies besluit om nie die mindere vergaderings te versoek om eie selfstandige ontbindingsbesluite te neem nie, omdat geoordeel was dat die dekkende besluite van die Algemene Sinode van die NGKA (art 61) en die Sinode van die NGSK voldoende was (*Skema VGKSA* 1994:95). Regsmening wat vooraf deur die NGKA en NGSK verwerf was, het daarop gedui dat 'n ontbindingsklousule nodig is om eenheid te bewerkstellig (*Skema NGSK* 1994:3-4). Daar is deur die Gesamentlike Gesprekskommissie (=GGK) ooreengekom om aan te beveel dat die Algemene

Sinode van die NGKA 'n verdere belydenisskrif, naamlik die *Belydenis van Belhar* sou aanvaar (VGKSA en MD Kambule en 160 ander en die NGKA OVS en die NGKA-Phororo Saaknommer 799/96:4).

Op 14 April 1994 is 'n Stigtingsinode met verteenwoordigers van die NGKA en die NGSK in Belhar gehou waar 'n nuwe kerk, die Verenigende Gereformeerde kerk in Suider-Afrika (VGKSA) gestig was en het gevolglik beide die NGSK en die NGKA opgehou om as afsonderlike kerke te bestaan en het opgaan in 'n nuwe kerk. Alle eiendomme, bates en laste van die regspersone van die NGKA en die NGSK was oorgedra na die ooreenstemmende regspersone van die verenigende kerk wat uit die vereniging ontstaan. Hiermee was die laaste twee sinne van art 61 in werking gestel. Op die Stigtingsinode is die *Kerkorde* met 12 artikels van die VGKSA goedgekeur (*Acta VGKSA* 1994:290-292).¹³

Die Streeksinode van die NGKA OVS en die Streeksinode van die NGKA-Phororo was van meet af nie gediend met die kerkvereniging en die wysigings van die *Kerkorde* wat die kerkvereniging voorafgegaan het nie. Alreeds tydens hul eerste vergadering op 26 Mei 1994 het die dagbestuur van die VGKSA kennis geneem van die besware van die Streeksinode van die NGKA OVS en die Streeksinode van die NGKA Phororo insake kerkeenwording (*Skema VGKSA* 1997:20). Die Streeksinode van die NGKA OVS en die Streeksinode van die NGKA Phororo het van die veronderstelling uitgegaan dat die wysigings aan die *Kerkorde* sowel die kerkvereniging nie regsgeldig was nie. Op 22 November 1994 het die Streeksinode van die NGKA Phororo se besluit om buite verband van die VGKSA te tree en om

¹³ Lees ook Hoofstuk 7 met betrekking tot die Stigtingsinode en gepaardgaande kerkregtelike ontwikkeling van die VGKSA.



as die nuwe NGKA voort te bestaan terwyl hul toetredede tot die NGK Noord-Kaap soek. Op 8 Februarie 1995 het die dagbestuur van die VGKSA kennis gekry dat die Streeksinode Phororo toetredede tot die NGK Noordkaap soek. Die dagbestuur ag hierdie handeling as 'n eensydige uittrede uit die kerkverband en het aan die actuarius, ds J Buys, opdrag gegee om namens die dagbestuur instruksies aan 'n prokureur te gee om regstappe te neem om die regte en belange van die VGKSA te verseker (*Skema VGKSA Algemene Sinode 1997:21*).

Die NGKA en die VGKSA het eers pogings aangewend om die kerkregtelike geskil minlik by te lê. Op 15 Junie 1994, 3 Augustus 1994, 8 November 1994, 11 April 1995, 15 Mei 1995, 18 Julie 1995, 12 September 1995 en 15 November 1995 het vergaderings tussen die moderatuur van die VGKSA die moderature van die twee onderskeie Sinodes asook met die beswaardes plaasgevind (*Skema VGKSA 1997:20-23*). Op die vergadering van 3 Augustus 1994 het die moderatuur van die Algemene Sinode kennis geneem dat die Streeksinode Phororo hul sedert hul Buitengewone Sinode wat op 22 Junie 1994 plaasgevind het, buite die verband van die VGKSA ag (*Skema VGKSA Algemene Sinode 1997:20*). Die eerste gewone vergadering van die Streeksinode van die NGKA Phororo het plaasgevind vanaf 22 tot 26 Maart 1995.

Die hoofdoel van was die bylegging van die besware insake kerkeenwording (*Acta VGKSA 1997:37*). 'n *Memorandum van Ontevredenheid* oor die stigting van die Verenigende Gereformeerde Kerk, geteken deur di MS Kuekue en MJ Ramolahleli was op die vergadering wat op 11 April 1995 tussen die moderatuur van die OVS Streeksinode en die moderatuur van die VGKSA plaasgevind het, ter tafel gelê. Die

memorandum behels die volgende hoofpunte as redes wat ten grondslag lê van die ontevredenheid met die stigting van die VGKSA): “Die Sinode van die NGKA het nie die kerk met haar saamgeneem nie; die Sinode van die NGKA het kerkregtelik gefouteer; die NGKA het met hierdie vereniging baie verloor” (*Skema VGKSA* 1997:35).

Die kernvraag is of die besluit tot kerkeenwording bindend was op die ontevrede gemeentes aangesien hul van mening toegedaan was dat die besluite in stryd was met die kerkorde van die NGKA en hul gevolglik die reg tot appèl het. Die feit dat die VGKSA op die Stigtingsinode die NGKA opgehef het beteken dat hul regstegnies nie kon appelleer nie.

Op 12 September 1995 het die dagbestuur van die VGKSA die ongeveer 120 persone uit die Vrystaatse Gemeentes in Bloemfontein ontmoet. Die beswaardes was van mening dat die NGKA nooit kerkregtelik ontbind het nie (supra saaknommer 799/96:2). Geen ontbindingsbesluite of stappe was ooit deur die Streeksinodes van die NGKA OVS en die NGKA Phororo of enige van die ander 102 beswaarde gemeentes in die NGKA geneem nie.

Die dagbestuur van die VGKSA kon egter nie daarin slaag om die geskil minlik by te lê nie. Die Streeksinode van die NGKA OVS het gevolglik op 27 September 1995 tot 6 Oktober 1995 te Parys plaasgevind (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1997:23). Die kernvraag is volgens appèlregter Vivier of die NGKA se Algemene Sinode by magte was in 1991 om art 61, wat onder andere aan die Algemene Sinode die mag verleen het om ’n nuwe kerk te stig met oordrag van die bates van die NGKA



se regspersone aan die nuwe kerk, in die *Kerkorde* in te voeg (*Nederduitse Gereformeerde Kerk (OVS)*, *Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (Phororo)* en *die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika* saaknommer 536/96). 102 NGKA gemeentes (76 gemeentes in die Vrystaat en 26 gemeentes in die gebied van Phororo) het die kerkvereniging op bovermelde redes nie aanvaar nie. Op 15 November 1995 het die dagbestuur van die VGKSA die moderatuur van die NGKA-OVS di P. Ralepeli, A. S. Bührmann, M. S. Kuekue en M. J. Ramolahlehi ontmoet. Die partye kon egter nie tot 'n skikking kom nie aangesien die Streeksinode van die NGKA OVS van mening was dat hul nie ontbind het nie en dus as 'n selfstandige kerk met 'n eie *Kerkorde* bestaan en nie deur ander kerke voorgeskryf kan word nie. Die VGKSA, daarenteen, was van mening dat met die NGSK en die NGKA se eenwording op 14 April 1994 het beide deelnemende kerke se regspersone in die VGKSA opgegaan (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1997:45).

Die VGKSA het op 26 Februarie 1996 'n aansoek gebring in die Oranje Vrystaatse Provinsiale Afdeling by wyse van *Kennisgewing van Mosie* 'n aansoek aanhangig gemaak waarin daar onder andere gevra word om 'n bevel wat verklaar dat die voormalige NGSK en die voormalige NGKA op 14 April 1994 regsgeldig verenig het om die VGKSA te vorm. In die *Kennisgewing van Mosie* was ook 'n bevel aangevra wat verklaar dat die gemelde vereniging meegebring het dat die NGKA opgehou het om te bestaan en dat alle regte, voorregte, eiendomme, bates en laste van die regspersone van die NGKA oorgedra is na die ooreenstemmende regspersone van die VGKSA en dat die Streeksinode van die NGKA OVS wat op 27 September 1995 vergader het, oor geen regsbevoegdheid beskik het om enige regsgeldige handelingte namens die voormalige NGKA en die Vrystaat te verrig nie (supra



saaknommer 799/96:3 en supra saaknommer 536/96:3-4). Op 16 September 1996 het die Hooggeregshof uitspraak in die guns van die VGKSA gelewer.

Die Streeksinodes van die NGKA OVS en Phororo het gesamentlik aansoek gedoen om appèl. Die aanhoor van die appèlsaak is vir 6 November 1998 bevestig en uitspraak was op 27 November 1998 gelewer (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 2001:7). 'n Volle regbank van hooggeregshof regters het die appèl verhoor terwyl die uitspraak onderskeidelik deur appèlregters Harmse en Vivier gelewer was. In hul uitspraak het beide regters die gesag en beperkings van die gesag van meerdere vergaderings belig. Die Hoogste Hof van Appèl het op 27 November 1998 ten gunste van die NGKA uitspraak gelewer. Die kerkvereniging in 1994 verskil volgens die uitspraak met die in 1963 daarin dat die bates van die onderskeie gemeentes, Ringe en Sinodes, Streeksinodes na die VGKSA oorgedra moes word. Die regter gaan daarvan uit dat die stigting van die VGKSA die NGKA nie opgehef is nie, maar dat die NGKA bly voortbestaan het. Oor die stigting van die VGKSA word daar in die hofsak nie uitspraak gelewer nie. Die vier kerke, NG Bantoekekerk in Suid-Afrika met die NG sendingkerke in die Oranje Vrystaat, Transvaal en Natal, se gemeentes, Ringe, Sinodes het volgens appèlregter Vivier met die vereniging op 7 Mei 1963 bly voortbestaan sonder oordra van bates na die NGKA (supra saaknommer 536/96:3-5).

Die beginsels wat tradisioneel by ander vrywillige organisasies geld, asook kontrakbeginsels was volgens appèlregter Harmse in die saak aangewend (supra saaknommer 536/96:3). Van besondere belang in die saak was die *ultra vires*-leerstuk, want as 'n kerkorgaan buite sy bevoegdheid handel, is 'n burgerlike hof

verplig om die handelinge ter syde te stel, en is teologiese, kerklike (of ekklesiastiese), politieke (in wyer sin) en praktiese oorwegings ontsekerend. Die regter was van mening dat die bevoegdheid tot die ontbinding van 'n gemeente of die verandering van 'n kerkverband nie by die Kerkraad berus nie, maar by die gemeente (*Du Preez en andere v Nederduitse Gereformeerde gemeente, De Deur, 1994 (2) SA 191*) Appèlregter LTC Harmse was van mening dat die grondwette en kerkordes die regte van minderhede verskans deur middel van selfopgelegde formaliteite. Wat die belydenisgrondslag van die kerk betref kon dit volgens appèlregter Harmse ooreenkomstig art 36.1 in sy oorspronklike vorm alleen gewysig word mits die drie formele vereistes voldoen is, naamlik (i) raadpleging van alle kerke van die NGKerkverband, (II) 'n tweederdemeerderheidstem ten gunste van die verandering deur elke Streeksinode afsonderlik en eers daarna (iii) 'n tweederdemeerderheidstem van die Algemene Sinode (supra saaknommer 536/96:7). Die inspraak van die Streeksinodes in die verband beteken volgens appèlregter Harmse in effek dat tweederdes van alle gemeentes vooraf moet stem tot die voorgestelde wysiging (supra saaknommer 536/96:9). Met betrekking tot die ingevoerde artikel 61 is die onmiddellike vraag volgens appèlregter Harmse waar die Algemene Sinode die bevoegdheid verkry het om te beskik oor die voorgesette regspersoonlikheid en bates van die gemeente (supra saaknommer 536/96:10). Harmse is van mening dat die Algemene Sinode kon dus nie by bewyse van 'n wysiging aan die Kerkorde beskik oor die regspersoonlikheid, voortbestaan of bates of laste van enige mindere vergadering nie. Hy oordeel gevolglik dat “omdat art 61 klaarblyklik ondeelbaar is, maak hierdie wesenlike vernietiging die hele klousule ongeldig” (supra saaknommer 536/96:11). “(V)an besondere belang is die *ultra vires*-leerstuk, want as 'n kerkorgaan buite sy bevoegdheid handel, is 'n burgerlike hof verplig om die



handeling ter syde te stel, en is teologiese, kerklike (ekklesiastiese), politieke (in 'n wyer sin) en praktiese oorwegings onsaaklik” (supra saaknommer 536/96:3).

Die Nederduitse Gereformeerde kerke word volgens appèlregter Vivier beskou word as 'n vrywillige of onderlinge vereniging (*collegium*) waarvan die lede kontraktueel verbind word deur die betrokke kerkordes (supra saaknommer 536/96:13). Die VGKSA se betoog is volgens appèlregter Harmse gebaseer op 'n oorvereenvoudigde siening van wat kerk is (supra saaknommer 536/96:5). Die woord kerk het volgens Harmse (supra saaknommer 536/96:5) meerdere betekenisse soos wat uit die kerkorde van die NGKA blyk. Kerk is volgens Harmse nie sinoniem met die Algemene Sinode nie. Die regter gaan van die veronderstelling uit dat daar 'n prinsipiële verskil is tussen het gesag van die Kerkraad en die meerdere vergadering en dat die regte van minderhede onder andere in art 36.1 en 36.2 verskans is.

Die Algemene Sinode is volgens Vivier tydelik van aard en is geen permanente bestuursliggaam nie volgens (supra saaknommer 536/96:24). Die bevoegdheid van die Algemene Sinode eindig by uiteengaan van die vergadering. Die Algemene Sinode is gevolglik volgens Vivier nie by magte om 'n besluit in stryd met die kerkorde te neem nie (supra saaknommer 536/96:325). Wanneer die NGKA besluit om met die NGSK te verenig, word die sinodale besluit nie *ipso facto* die besluit van 'n Kerkraad nie. Die Algemene Sinode verteenwoordig nie in alle opsigte die “kerk” nie Harmse (supra saaknommer 536/96:3). Die Algemene Sinode het gevolglik volgens Harmse beperkte bevoegdhede. Die bevoegdheid tot die ontbinding van 'n gemeente berus of verandering van 'n kerkverband berus nie by die Kerkraad nie, maar by die gemeente.

Met betrekking tot die bevoegdheid van die Algemene Sinode om te beskik oor die voorgesette regspersoon en bates van gemeentes is Harmse van mening dat daar geen onderskeid is tussen professionele verenigings en die kerk nie:

As 'n vereniging van regspersone die bevoegdheid het om 'n konstitusie te wysig, sluit dit by noodwendige implikasie in dat die vereniging die pas vermelde beskikkingsbevoegdheid het? As die vraag in die konteks van, sê, 'n professionele of sportvereniging gevra word, is die antwoord 'n klaarblyklike nee. Byvoorbeeld, as 'n provinsiale tennisvereniging 'n blote wysigingsbevoegdheid van sy grondwet het, kan hy hom tog nie die reg toeëien om oor die bates van elke klub wat by hom geaffilieer is, te beskik nie. By 'n kerk met 'n samestelling soos die NGKA kan dit nie anders wees nie.

(supra saaknommer 536/96:10)

Die Algemene Sinode kan dus nie by wyse van 'n wysiging aan die *Kerkorde*, beskik oor die regspersoon, voortbestaan, bates en laste van enige mindere vergadering nie. Die Suid-Afrikaanse howe beskou volgens Vivier die plaaslike gemeentes van die verskillende denominasies konsekwent as regspersone (supra saaknommer 536/96:20). Uit die *Kerkorde* van die NGKA blyk dit dat die plaaslike gemeente 'n regspersoon is. As regspersoon is die plaaslike gemeente die wettige eienaar van sy goedere, eiendomme en fondse.

In die Gereformeerde stelsel is elke plaaslike gemeente die sigbare openbaring en organisasie van die kerk en op sigself volledig kerk (supra saaknommer 536/96:17). Kerkverband tussen kerke wat nie dieselfde belydenis het nie of wat dieselfde belydenisskrifte verskillend vertolk en kerkregtelik verskillend georganiseer is, is volgens Vivier nie moontlik nie aangesien eenheid in belydenis die samebindende faktor by die kerkverband is (supra saaknommer 536/96:17).

Die Algemene Sinode is volgens Vivier (supra saaknommer 536/96:23) nie by magte om 'n bepaling in die *Kerkorde* te wysig om 'n doel te bereik wat buite sy

magte is nie. Vivier (supra saaknommer 536/96:28) gaan van die veronderstelling uit dat met die invoeging van art 61 die Algemene Sinode buite sy bevoegdheid gehandel het. Volgens Vivier (supra saaknommer 536/96:31) gaan art 61 van die NGKA verder as die ontbinding van die NGKA. Die NGK gaan volgens art 61 by ontbinding op in 'n nuwe kerk en word alle regte, voorregte, eiendomme, bates en laste van die regspersone oorgedra aan die ooreenstemmende regspersone in die nuwe kerk. Dit kom daarop te neer dat elke gemeente se regte, voorregte, eiendomme, bates en laste eenvoudig opgeneem word, sonder enige deelname aan die besluit, en oorgedra word aan 'n nuwe kerkverband. Die Algemene Sinode het volgens appèlregter Vivier egter nie die mag om besluite oor 'n gemeente se bates te neem of eensydig die gemeente se aard en identiteit te verander of te ontbind nie (supra saaknommer 536/96:33). Die besluit 1.1.34 van die NGKA Sinode 1991 impliseer immers dat die gemeente as regspersoon se eiendom en bates regtens ontnem kan word:

Besluit 1.1.34 Die Sinode besluit dat wanneer hy in uitvoering van sy besluit om struktureel met die NGSK in SA te verenig wettiglik saam met die verteenwoordigers van die NGSK tot 'n Stigtingssinode gekonstitueer is, die Algemene Sinode van die NGKA kragtens art 61 van sy Kerkorde as regspersoon sal ophou om te bestaan en te ontbind, en dra al sy regte, voorregte, eiendomme, bates, laste en verpligtinge, niks uitgesonder nie, oor na die Algemene Sinode van die verenigde kerk wat uit die vereniging van die NGKA en die NGSK in SA ontstaan.

(Acta NGKA 1991:393)

Die Algemene Sinode het volgens Vivier (supra saaknommer 536/96:34) nie die reg om sonder die goedkeuring van sy lede, dit wil sê al die gemeentes, die kerkverband te verander en 'n ander kerk te stig nie. Die vereiste goedkeuring is nie verkry nie daarom is die besluit van 1991 nie regsgeldig nie. Die Algemene Sinode kan volgens Gereformeerde Kerkregtelike beginsels slegs tot kerkvereniging oorgaan en die stigting van 'n nuwe kerk oorgaan indien goedkeuring van lede verkry is. Die Algemene Sinode van die NGKA 1991 het volgens appèlregter Vivier buite sy

bevoegdheid gehandel:

Die hele besluit van die Algemene Sinode van die NGKA op sy vergadering van Julie 1991 om met die NGSK te verenig (besluit 1.1.33) sowel as die besluite wat daarmee in verband staan (besluite 1.1.34 tot 1.1.38) was gevolglik *ultra vires* en ongeldig. Daarbenewens was ook die wysiging van art 36, soos ek reeds bevind het, ook ongeldig.

(supra saaknommer 536/96:43)

Die Hoogste hof van Appèl het die uitspraak van die Hooggeregshof omvergewerp en het op 27 November 1998 ten gunste van die NGKA OVS en Phororo uitspraak gelewer (*Agenda Algemene Sinode* 1997:134). Die uitspraak van die hof was dat die Algemene Sinode van die NGKA nie die bevoegdheid gehad het om Artikel 36 te wysig nie en 'n ontbindingsklousule in te voeg nie. Al die besluite wat betrekking gehad het op vereniging met die NGSK was gevolglik *ultra vires*. Hierdie uitspraak is daarop gebaseer dat daar by die stigting van die NGKA in 1963 nie voorsien is dat die NGKA sou verenig nie. Die hof het besluit dat die NGKA-OVS en NGKA-Phororo bestaan (*Agenda Algemene Sinode* 1997:134).

Die Dagbestuur van die VGKSA het op 1 Februarie 1999 vergader om die implikasies van die hofuitspraak te bespreek. Met betrekking tot die voortbestaan en stryd tot die gebruik van kerklike eiendom besluit die Dagbestuur van die VGKSA om regshulp te oorweeg en tot beskikking te stel van gemeentes wie hul regmatig vereenselwig met die VGKSA (*Acta VGKSA* 2001:134).

Die NGKA Streeksinode OVS en die NGKA Streeksinode Phororo het gevolglik na die aanspraak op die eiendom van die voormalige NGKA in gebruik van die VGKSA aanspraak gemaak. Gemeentes was aangemoedig om die eiendom teen 31 Januarie 1999 op te eis (*Skema VGKSA* 2001:35). Aansoek is by die appèlhof deur die NGKA gedoen om die uitsetting van gemeentes van die VGKSA (*Skema VGKSA* 2001:134).

Dit het gelei uiteindelik tot nimmereindige konflik, en/of hofgedinge tussen die NGKA en die VGKSA. Een na die ander hofgeding tussen die VGKSA en die beswaardes het hierna gevolg. Die beswaardes van die NGKA was van mening dat die ontbinding en samesmelting met 'n ander kerk slegs kan plaasvind as al die gemeentes, Ringe en Streeksinodes tot so 'n besluit geraak het en dat die wysigings aan die kerkorde wat die Algemene Sinode van die NGKA ter bereiking van die beoogde vereniging aangebring was nie deur die kerkorde gemagtig was nie en dat die Algemene Sinode dus nie bevoeg was om die kerkorde te wysig nie (supra saaknommer 799/96:7-8). Die beswaardes beklemtoon onder andere dat die regspersoon van die NGKA in die plaaslike gemeente gesetel is. Die belangrikste beswaar was dat die toestemming van die mindere vergaderings met betrekking tot kerkeenheid nie na behore gedoen is nie. Die VGKSA het die beswaarde NGKA gemeentes buite kerkverband geplaas.

Verslag was op VGKSA Algemene Sinode 2005 gedoen oor etlike hangende sake in die Vrystaat en Lesotho. Pogings om buite die hof 'n skikking te bereik was onsuksesvol. Selfs pogings om 'n regter van die Hooggeregshof as mediator te kry was onsuksesvol. 'n Hooggeregshofsaak van Seeisoville VGKSA was gedurende Februarie 2005 verloor met die gevolg dat die gemeente en ds J Diale, predikant van die VGKSA Seeisoville, en sy familie uit die kerkeiendom gesit was. Ook in Heidelberg (Suid Transvaal) het die gemeente 'n hofsaak verloor en het geappelleer teen die uitspraak. Dieselfde het gebeur in Gcuwe Gemeente in die Oos Kaap (*Skema Algemene Sinode* 2005:41). Die saak tussen die *Koppies Gemeente van die NGKA-OVS* en die *Koppies Gemeente van die VGKSA* was aangehoor op die 8 tot 18^{de} November 2005 en uitspraak was gelewer deur regter C J Musi op 26 Oktober

2006 (saaknommer 2287/1999). Die saak was in verband met ontruiming van onroerende goedere en tot beskikking stel van sodanige goedere aan die eiser asook die lewering van roerende goedere aan eiser. Regter C J Musi het beslis dat die VGKSA nie daarin kon slaag om met 'n oorwig van waarskynlikhede aan te toon dat die Kerkraad van die NGKA Koppies die bevoegdheid gehad het om die gemeente se kerkverband te verander nie; dat die NGKA bly voort bestaan het as die NGKA Koppies toe hul dienste in die pastorie gehou het en dat die NGKA steeds geregtig is op die eiendomsreg oor die besit van die bates van die NGKA Koppies gemeente “soos wat dit was voordat die skynbesluit geneem is” (supra saaknommer 2287/1999).

5.4.1. Die selfstandigheid van die plaaslike gemeente

Die Nederlandse Geloofsbelydenis (=NGB) beklemtoon die selfstandigheid van die plaaslike kerk aan (art 28, 30, 32). Art 84 van die DKO druk ook die selfstandigheid van die plaaslike kerk uit as 'n fundamentele beginsel van die Gereformeerde kerkverband. Hierdie Gereformeerde kerkregbeginsels word in die besluite met betrekking tot kerkeenwording geïgnoreer. 102 gemeentes van die NGKA het afwysend teen die vorm van hiërargie gestaan en het gevolglik die besluite met betrekking tot kerkeenwording in 'n burgerlike hof getwis. Appèlregter Vivier beklemtoon in sy uitspraak dat een van die hoofkenmerke van die Gereformeerde stelsel is dat elke plaaslike gemeente die sigbare openbaring en organisasie van die kerk is en dus op sigself volledig kerk is (supra saaknommer 536/96:17).

Die hoewe beskou gemeentes van verskillende denominasies as regspersone. Uit die Kerkorde van die NGKA blyk dit ook dat die plaaslike gemeente as regspersoon beskou word. Volgens appèlregter Vivier is die plaaslike gemeente dus die wettige eienaar van sy goedere, eiendomme en fondse. Vivier toon aan dat aan die Kerkraad sake van plaaslike aard toe vertrou word. Een van die sake wat aan die Kerkraad toe vertrou word, is om namens die gemeente oor die eiendom van die gemeente te handel (supra saaknommer 536/96:20-22). Met betrekking die belydenisgrondslag ten einde kerkeenheid te bewerkstellig oordeel appèlregter Vivier dat deur middel van die twee derde klousule die inspraak van elke gemeente van die kerk deur sy verteenwoordigers op die Streeksinode verseker was in die ongewysigde art 36. Hy is van mening dat die belydenis in art 36 verskans was en dat die Algemene Sinode dus nie by magte was om die verskansing te omseil deur 'n eensydige wysiging van art 36 nie (supra saaknommer 5336/96:27-28) Vivier oordeel soos volg:

Na my mening is dit duidelik dat by die invoeging van art 61 die algemene sinode die wysigingsbevoegdheid in art 36 gebruik het om 'n resultaat te bereik wat nie alleen nooit bedoel kon gewees het nie, maar ook strydig is met die hele oogmerk van die wysigingsbevoegdheid in art 36.

(supra saaknommer 5336/96:29)

Vivier oordeel dat die Algemene Sinode buite sy bevoegdheid gehandel het met die invoeging van art 61 (supra saaknommer 5336/96:31) wesenlik kom art 61 daarop te neer dat ontbinding insidenteel is tot 'n besluit om met 'n ander kerk te verenig. Dit kom dus daarop te neer dat elke gemeente met al sy regte, voorregte bates ensovoorts eenvoudig opgeneem word en sonder deelname aan die besluit in 'n nuwe kerkverband opgeneem word (supra saaknommer 5336/96:32). Volgens Vivier is die Algemene Sinode nie by magte om 'n besluit oor 'n gemeente se bates te neem nie of eensydig die gemeente se aard of identiteit te verander of te ontbind nie (supra

saaknommer 5336/96:33). As onafhanklike regspersoon besit die gemeente sy eie eiendom en bates en regtens kan sy eiendom nie teen sy wil ontnem word nie.

5.4.2. Die karakter van die kerkverband

Die Algemene Sinode 1991 het van die voorveronderstelling uitgegaan dat hul die reg het om die gemeente se kerkverband eensydig te verander en 'n ander kerk te stig. In die Hoogste hof van Appèl se uitspraak is aangetoon dat die Streeksinodes behou volgens art 30 volle seggenskap oor hul eiendomme, finansies en werksaamhede wat hul voor die vereniging van 7 Mei 1963 gehad het of daarna verwerf, behalwe die wat volgens hierdie *Kerkorde* aan die Algemene Sinode oorgedra is of sal word (supra saaknommer 536/96:23). Vivier toon aan dat die Algemene Sinode nie by magte is om 'n besluit te neem wat in stryd is met die *Kerkorde* nie. Die motief agter so 'n besluit hoe lofwaardig ook al is volgens Vivier irrelevant in die onderhawige saak (supra saaknommer 5336/96:2). Vivier is van mening dat die volgende *dictum* in die saak van Minister of Interior and Another v Harris and Others 1952 (4) SA 769 (A) op 793 A-B: ook geld vir die Algemene Sinode: "If an Act is beyond the competence of a legislative body, its motives are irrelevant, whether they be ethical, legal or political" (supra saaknommer 5336/96:25).

Die Algemene Sinode was dus nie by magte om 'n bepaling in die kerkorde te wysig ten einde 'n doel te bereik wat buite sy magte is nie. Die Algemene Sinode het dus geen jurisdiksie om die gemeente se kerkverband eensydig te verander nie en 'n ander kerk te stig nie aldus Vivier (supra saaknommer 5336/96:34). Vivier stel dit in sy uitspraak duidelik dat die Algemene Sinode buite sy bevoegdheid gehandel het. Die

hele besluit van die Algemene Sinode op 1991 om saam met die NGSK te verenig (besluit 1.1.33) sowel as die besluite wat daarmee in verband staan (besluite 1.1.34 tot 1.1.38) was gevolglik *ultra vires* en ongeldig daarbenewens was ook die wysiging van art 36 ongeldig.

Daar is bevind dat die hof van die eerste instansie verkeerdelik verklaar het dat die NGKA nie bestaan nie, dat alle regte ensovoorts van die regspersone van die NGKA oorgedra is van die ooreenstemmende regspersone van die VGKSA en dat die Streeksinode van die NGKA OVS en Phororo geen regsbevoegdheid meer besit nie. 27 November 1998 het die Hoogste Hof van Appèl die uitspraak van die Hooggeregshof in die saak tussen die VGKSA en die NGKA omvergewerp en ten gunste van die Streeksinodes van NGKA OVS en Phororo uitspraak gelewer (*Acta VGKSA* 2001:134). In die hofsaak is beslis dat die Algemene Sinode (NGKA) nie die bevoegdheid gehad het om artikel 36 te wysig en die ontbindingsklousule in te voeg nie. Die uitspraak is daarop gebaseer op die feit dat daar by die stigting van die NGKA nie voorsien is dat hierdie kerk sou verenig nie. Die Hoogste Hof van Appèl het geen uitspraak gemaak oor die bestaan al dan nie van die VGKSA nie. Die gevolg van die uitspraak was dat die Streeksinodes van die NGKA OVS en Phororo aanspraak gemaak het op al die eiendomme van die voormalige NGKA in gebruik van die VGKSA.

5.4.3. Die karakter van die gesag van meerdere vergadering

Die Algemene Sinode van die NGKA (1991) het besluite met betrekking tot die ontbinding van die plaaslike gemeentes en die oordrag van eiendom gemaak asof daar geen Kerkraad is nie. Uit bovermelde hofuitspraak en die

Doleansiekerkregbeginsels is dit egter duidelik dat meerdere vergaderinge wel seggenskap het, maar dat dit geen seggenskap in die sin van heerskappy is nie. Dit is ook nie bestuurs- of regeermag nie. Dit is ook nie slegs blote adviserend mag nie. Die mag van meerdere vergaderinge word immers beperk deur art 31 van die DKO asook deur die kerkorde van die NGKA. Die meerdere vergaderinge van die NGKA kon dus bindende besluite maak mits dit nie strydig is met die Woord van God of die *Kerkorde* nie.

5.4.4. Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergaderinge

In die kerkorde van die NGKA word op voetspoor met die art 31 van die DKO voorsiening gemaak om teen die besluite van alle kerklike vergaderings te appelleer. In die stryd om kerkeenwording het nie een van die Streeksinodes teen die besluite van die Algemene Sinode geappelleer nie.

5.4.5. Die gesag van die meerdere vergadering in geval van wanbestuur

Die NGKA het geen bepaling in hul kerkorde om die bedorwe deel van 'n Kerkraad van die gemeente af te sit met die hulp van die meerdere vergadering nie.

5.5. Konklusie

Van die Presbiteriaanse kerkregeringstelsel is met die daarstelling van afsonderlike sendingkerke vir swart mense aanvanklik weinig mee rekening gehou. Eers in 1953 met die aanvaarding van die *Grondwet van 1953* was die benoemingsreg en beroepingsreg aan die sendingkerke vir swart mense verleen.

Dit gaan in die kerkregtelike stryd tussen die NGKA en die VGKSA om die gesag en bevoegdheid van die meerdere vergadering om besluite van bindende aard ten opsigte van kerkvereniging sonder inspraak van die plaaslike gemeentes te maak. Die Hoogste Hof van Appèl onderstreep dit dat die Gereformeerde kerkreg heerskappy uitsluit en stel dit duidelik dat die mag van die Algemene Sinode beperk is teenoor dié van die plaaslike gemeente. Die besluite van die meerdere vergadering het immers slegs bindende krag in so verre dit ooreenstem met die Woord van God, asook die kerkorde. Die Algemene Sinode oefen dus nie groter mag uit nie, maar het slegs afgeleide en gedelegeerde mag en besit geen dwingende mag nie. Daar kan gevolglik geen sprake wees dat die meerdere vergadering eiemagtig die Belydenisgrondslag en/of die kerkorde kan wysig sonder 'n tweederdemeerderheid van die plaaslike gemeentes daartoe ingestem het nie. Uit bovermelde blyk dit asof die NGKA van die veronderstelling uitgaan het dat die sinodale mag kumulatief van aard is dit wil sê dat die mag van die Sinode groter is as die Kerkraad. Met betrekking tot die vrywillige toestemming van die plaaslike gemeente is dit duidelik dat die vrywillige toestemming nie slegs 'n grondslag is nie, maar dat dit 'n voorvereiste vir die totstandkoming en die beoefening van die kerkverband asook die uiteindelijke verbreking daarvan. Die eenheid van die kerk (*unio ecclesiarum*) behoort dus te berus op die grondslag van die wedersydse toestemming van die kerke dit wil sê die uitsluiting van enige vorm van dwang. Die Algemene Sinode van die NGKA en die Moderatuur van die NGSK het geen regte meer dan die wat die kerke binne die kerkverband onderling met mekaar gereël nie. Die kerkreg wat in die negentiger jare stelselmatig in die NGSK en die NGKA na vore kom, is niks ander as 'n vorm van sinodale hiërargie nie.

HOOFTUK 6

Die kerkreg en kerkregering van Reformed Church in Africa (1916-2008)

6.1. Algemene Inleiding

In Hoofstuk 6 word die kerkregtelike ontwikkeling en selfregering van die Nederduitse Gereformeerde Indiërkerk, later genoem die Reformed Church in Afrika (=RCA),¹ behandeling. Onder andere word Die selfstandigheid van die plaaslike kerk 1916-1994 en Die stryd om kerkeenheid 1970-2007 bespreek. Die eerste Algemene Sinode van die NGK het in 1962 die sendingwerk onder die Indiërs in die hele Republiek as deel van sy sendingaksie aanvaar. Aan die Algemene Sinodale Sendingkommissie (=ASSK) is die opdrag gegee om weë en middele te vind, asook die nodige masjinerie daar te stel vir die behoorlike nakoming van al die verpligting in verband met die bestaande werk en die uitbreiding daarvan (*Acta Algemene Sinode NGK* 1962:137-138, 193).

Na aanleiding van die besluit was 'n subkommissie vir Indiërsending benoem aan wie opgedra was om 'n Konsepgrondwet of Kerkorde vir Indiërsending vir die daaropvolgende Sinode voor te berei. Op die Algemene Sinode van die NGK (1966) is besluit om oor te gaan tot kerkstigting onder die Indiërgemeentes van Transvaal, Kaapland en Natal en hul in een kerkverband te verenig (*Acta NGK* 1966:215 en 521). Die Algemene Sinode van die NGK (1966) het die Konsepkerkorde vir die Indiëre Gereformeerde Kerk as die amptelike stuk vir die Konvensie van die Indiërkerk

¹ Sedert 1976 staan die Indian Reformed Church bekend as die Reformed Church in Africa (RCA).

goedgekeur (*Acta NGK* 1966:215, 466, 521, 562). In 1966 het die Algemene Sinode slegs die verantwoordelikheid oor die toesig en beleid van die Indiërsending in die Republiek aanvaar (*Acta NGK* 1966:440 en 453). 'n Breë subkommissie vir Indiërsending onder die Algemene Sinodale Sendingkommissie (ASSK) was benoem (*Acta NGK* 1966:193). Die Sinodes wat sendingwerk onder die Indiërs teen 1960 gedoen het, was Natal vanaf 1946 (Pietermaritzburg, Durban, Harding, Colenso, Greytown en Glencoe); Suid-Transvaal vanaf 1955 (Krugersdorp, Lenasia, Johannesburg, Germiston, Benoni, Springs en Vereniging); Kaapprovinsie vanaf 1960 (Kaapstad, Kimberley, Uitenhage en Port Elizabeth); Noord-Transvaal vanaf 1964 (Pretoria) (*Acta NGK* 1966:195). Daar was teen 1966 ses sendelinge en vier evangeliste werksaam onder die Indiërs. Teen 1965 was daar twee Indiërgemeentes in Natal, een in die Transvaal en een in Kaapprovinsie gereed vir die stigting van 'n afsonderlike kerk vir Indiërs. Die Indiërgemeentes is skriftelik deur ds J Pretorius (sameroeper) opgeroep tot die Konvensie en die Stigtingsinode van die Nederduitse Gereformeerde Indiërkerk op 27 Augustus 1968 om 11 vm in die kerkgebou te Delhiweg 68, Rasethorpe, Pietermaritzburg. Die kerkraadslede moes hul afgevaardigdes na die Konvensie met 'n geloofsbrief magtig om na die aanvaarding van die Konsepkerkorde, as Sinode te konstitueer (*Acta Indian Reformed Church* 1968:23). 'n Oproep tot die Konvensie en Sinode het ook in die Kerkbode van 12 Junie 1968 verskyn. Die Kerkrade van die onderskeie Indiërgemeentes, te wete Pietermaritzburg, Transvaal, Durban-Suid en die Kaapprovinsie het skriftelik toestemming verleen vir die byeenroeping van die Konvensie en Sinode (*Acta Indian Reformed Church* 1968:21).

6.2. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk (1916-2008)

6.2.1. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk

Die sendingkerk onder die Indiërs het oorspronklik begin as 'n formele sending van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (=NGK) asook deur middel van informele sending, gedoen deur lidmate van die NGK onder die Indiërbevolking. In die Kaapprovinsie het die NGK vir dr Gerdener in 1916 beroep as sendeling met spesiale opdrag om die Moslemgemeenskap in Kaapstad te bedien. Teen 1960 was ds D J Pypers beroep om onder die Moslem en Indiërgemeenskap te werk. In 1946 is met sendingwerk onder die Indiërbevolking in Natal begin. Die eerste gemeente in Natal was in 1957 gestig en toe was ook die eerste sendeling bevestig. In 1965 was 'n gemeente in Transvaal gestig. In al drie provinsies was die Indiërgemeentes aanvanklik by die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (=NGSK) ingeskakel.

Die Sinode van die NGK Natal (1951) het besluit om tot afsonderlike sinodestigting vir die Indiërgemeentes oor te gaan. Ook in Transvaal en Kaapprovinsie is besluit om 'n afsonderlik kerk vir Indiërs te konstitueer. In 1958 is 'n Skakelkommissie uit verteenwoordigers van die Indiërgemeentes uit al drie provinsies, daargestel. Op die Algemene Sinode van die NGK (1962) was besluit om die sendingwerk onder die Indiërs in die hele Suid-Afrika as 'n Algemene Sinodale verantwoordelikheid te aanvaar. Die Sendingkommissie van die Algemene Sinode het aan 'n subkommissie opdrag gegee om 'n Konsepgrondwet of 'n Kerkorde met die oog op die stigting van 'n Indiërkerk in samewerking met die Indiërs van die onderskeie gemeentes vir voorlegging op die eersvolgende Algemene Sinode voor te berei (Smith 1972:58). Op die Stigtingsinode

van die Algemene Sinode van die NGK in 1966 was 'n konsep kerkorde vir die stigting van die Indiërkerk aanvaar (*Acta NGK* 1966:465-473).

Op 27 Augustus 1968 het die predikante en afgevaardigdes van die 4 Indiërgemeentes, asook verteenwoordigers van die NGK by Raisethorpe, Pietermaritzburg in 'n konvensie byeengekom. Daar was 7 sendelinge en 7 Indiërouderlinge teenwoordig, afgesien van die verteenwoordigers van die NGK. Verteenwoordigers van die Algemene Sinodale Kommissie van die NGK en ander belanghebbende sinodale sendingkommissies het die konvensie in adviserende hoedanigheid bygewoon. Op die konvensie is die kerkorde nadat enkele wysigings aangebring is, aanvaar. Die konvensie het besluit om as Sinode te konstitueer. Op 28 Augustus 1968 het die eerste Sinode van die sendingkerk vir Indiërs bestaande uit die vier gemeentes, naamlik Pietermaritzburg/Durban-Wes, Transvaal, Durban en Kaapprovinsie gekonstitueer. Die sekretaris van die Kerkraad van Pietermaritzburg-gemeente het die notule van die stigtingsvergadering geneem (*Acta Indian Reformed Church* 1968:9). Die Sinode het die konsep kerkorde, soos geamendeer deur die afgevaardigdes, goedgekeur (*Acta Indian Reformed Church* 1968:85 punt 20, *Acta NGK* 1970:315). As die eerste moderatuur is die volgende broeders gekies: di J Pretorius (moderator), D J Pypers (assessor), dr D Du P le Roux (aktuaris) en evangelis E J Manikkam (scriba) (*Skema NGK* 1968:73). Op die Sinode is die wysigings van die Konsepkerkorde aanvaar wat deur die ASSK op die Algemene Sinode van die NGK in 1970 aanbeveel was. Die naam Indian Reformed Church was op die Stigtingsinode aanvaar. Reeds op die Stigtingsinode dui die Indian Reformed Church aan dat wysiging, byvoeging, weglating tot die Kerkorde en reglement van orde

slegs deur hul Sinode met 'n tweederdemeerderheid mag geskied: "All alterations, additions and deletions to the Church Order and Rules of Order may only be made by the Synod on obtaining a two-thirds majority of member present and voting" (*Agenda NGK* 1970:316). Die Sinode het aan die kommissie vir kerkorde opdrag gegee om die kerkorde in reses te finaliseer (*Acta Indian Reformed Church* 1970:199 punt 6.3).

6.2.2. Die karakter van die kerkverband

Die Algemene Sinode van die NGK (1962) het dit aan die Permanente Regskommissie opgedra om die weg tot 'n sinodale kerkverband vir die verskillende Indiërgemeentes aan te wys. Die oudste Indiërgemeentes, Pietermaritzburg, het die bestaande Indiërgemeentes versoek om skriftelik hul begeerte om in een kerkverband te tree, al dan nie, te kenne te gee (Smith 1972:59). Die Indian Reformed Church is op 27 Augustus 1968 gekonstitueer as 'n kompleet selfstandige kerk en is so deur die NGK erken. Dit blyk uit die feit dat die NGK nie verteenwoordigers op die besluitnemingstrukture van die RCA gehad nie. Die Indiërkerk het sedert stigting ten volle verantwoordelikheid vir die kerk dra. Drie kerkvergaderinge kan in die RCA onderskei word, te wete die Kerkraad, Ring en Sinode. Die supervisie oor, die regering van en die tug in die Kerk word aan hierdie vergaderinge toevertrou. Hierdie vergaderinge het, elkeen na sy eie aard, 'n kerklike gesag deur Christus aan hulle verleen. Die gesag van die Ring oor die Kerkraad is dieselfde as dié van die Sinode oor die Ring (*Acta Indian Reformed Church Kerkorde* 1972:art 18-19). Die kerkverband, wat op basis van vrywilligheid is, word gevorm deur die plaaslike gemeentes en dra 'n federatiewe karakter. Die gesag van die

meerdere vergadering van die RCA word begrens deur die bepalinge van die Kerkorde, wat as akkoord van die kerklike gemeenskap op die Stigtingsinode aanvaar is.

Die Sinodale Kommissie van die Indian Reformed Church het op aanbeveling van ds Pypers besluit om evangelis Edward Jacannathan Manikkam, gebore 30 Oktober 1931, aan wie op 31 Mei 1969 'n evangeliste sertifikaat uitgereik was, as predikant te legitimeer sonder dat hy aan die minimum akademiese vereistes, byvoorbeeld Grieks, Hebreeus, Bybelkunde III, soos vasgestel deur die Algemene Sinodale Sendingkommissie (ASSK) en art 9 van die Kerkorde van die Indian Reformed Church, voldoen het. Die Eindeksamenkommissie van die Indian Reformed Church het evangelis Edward Jacannathan Manikkam se aansoek teengestaan. Die ASSK van die NGK het op sy vergadering gehou 25 tot 26 Maart 1970 met 'n meerderheidsbesluit die Eindeksamenkommissie se aanbeveling tersyde gestel en die versoek van die Sinodale Kommissie van die Indian Reformed Church goedgekeur om aan evangelis Edward Jacannathan Mannikkam *Colloquium Doctum* toe te staan met die versoek dat hy daarnà aan die vereistes deur die ASSK neergelê, sal voldoen (*Skema Indian Reformed Church* 1970:16 asook *Skema NGK* 1970:317-318). Onmiddellik na die bekendmaking van die besluit was skriftelike besware ontvang. Dr C du P le Roux, actuarius van die Indian Reformed Church het die Algemene Sinode van die NGK gevra om uitsluitel te gee oor die gesag en bevoegdheid van die ASSK ten opsigte van *colloquium doctum* en legitimasie. Hy vra dat die legitimasie van evangelis Mannikkam teruggehou sou word tot uitsluitel oor die aangeleentheid verkry is. Die Kerkraad van die Indian Reformed Church Durban-Suid het in 'n skrywe gedateer 9 April 1970 beswaar gemaak dat 'n

kommissie van die NGK oor die toelating van leraar besluit het. Die Indian Reformed Church was nie betrokke by die besluitneming nie. Die Kerkraad dui aan dat die besluit van die ASSK 'n gevaarlike presedent in die Indian Reformed Church kan skep (*Skema NGK* 1970:318-319). Die Kerkraad het gevolglik versoek dat die toestaan van *colloquium doctum* aan evangelis Mannikkam eers sal oorstaan tot dat die Indian Reformed Church daaroor besluit geneem het. Die Sinode van die NGK (1970) het besluit dat aangesien daar spanning oor die aangeleentheid opgebou het om die hele aangeleentheid na die Permanente Regskommissie te verwys om in samewerking met die breë moderatuur af te handel (*Acta NGK* 1970:869). Die breë moderatuur het besluit dat toelating tot *colloquium doctum* sal alleen geskied na ontvangs van 'n aanbeveling van die betrokke Sinode (*Acta NGK* 1970:24). Sodoende het die Indian Reformed Church kort na stigting daarin geslaag dat die ASSK geen vetoreg oor die Indian Reformed Church kon uitoefen nie. Op die Sinode van die Indian Reformed Church (1976) het die actuarius kennis gegee dat evangelis Edward Jacannathan Mannikam op 2^{de} Desember 1970 die eed van legitimasie in die teenwoordigheid van die Eindeksamenkommissie van die Indian Reformed Church afgelê het en dat hy op 1 September 1971 as predikant van die Indian Reformed Church georden was (*Acta Indian Reformed Church* 1976:13).

Ds Edward Jacannathan Mannikam was in 1980 as die eerste actuarius van die Reformed Church in Africa (RCA)² gekies. Gedurende 1984 was ds EJ Mannikkam gekies tot die Raad van Verteenwoordigers, 'n politieke party vir Indiërs, en het daardeur sy status as bedienaar van die Woord verloor (*Skema RCA* 1984:10). Hy het egter die Kerkraad beweeg dat hy kosteloos in die pastorie kon aanbly en as ouderling die

² Sedert 1976 staan die Indian Reformed Church bekend as die Reformed Church in Africa (RCA).

eredienste kon lei (*Acta RCA* 1986:10-11 asook 30-33). 'n Leraar kon gevolglik nie beroep word om die vakature te vul nie. Die Sinode 1986 van die RCA (1986) het besluit dat mnr E J Mannikkam op 1 Augustus 1984 sy status as bedienaar van die Woord in die RCA verloor het en die bediening van die sakramente deur hom onwettig was (*Acta RCA* 1986: 62 en 113). Aangesien die pastorie waarin mnr E J Mannikkam gewoon het, die eiendom van die NGK was, het die Sinode 1986 van die RCA (1986) die NGK versoek om besit van die pastorie te neem en dit weer tot beskikking van die RCA te stel sodat 'n leraar weer beroep kon word (*Skema NGK* 1987:663-664). Die Kommissie van Kontrole van die NGK het 'n uitsettingsbevel gekry wat mnr E J Mannikkam bestry het en 'n hofsak teen die NGK aanhangig gemaak het. Daar is egter voor die hofsitting 'n skikking bereik met as voorwaarde dat mnr E J Mannikkam tot 31 Januarie 1988 in die pastorie kon woon (*Skema NGK* 1987:664).

6.2.3. Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering

Anders as in die NGSK en die NGKA was die besluite van die Indian Reformed Church nie aan die vetoreg van die NGK se Algemene Sinodale Sendingkommissie onderworpe nie. Die NGK het die selfstandigheid van die Indian Reformed Church van die Stigtingsinode onomwonde erken. 'n *Akte van Ooreenkoms* tussen die NGK en die Indian Reformed Church het aangedui dat die sendingwerk in Suid-Afrika gesamentlik en in oorleg met mekaar onderneem word (*Skema NGK* 1970:54). In ooreenstemming met die *Akte van Ooreenkoms* was ter behartiging van sake van gemeenskaplike belang, 'n skakelkommissie tussen die twee kerke in die lewe geroep. Dié Skakelkommissie het bestaan uit die Moderatuur van die Indian Reformed Church en die Sendingsekretarisse

van Kaapprovinsie, Natal, Suid- en Noord Transvaal asook die Sendingsekretaris van die Algemene Sinode (*Skema NGK* 1970:316). Volgens die *Akte van Ooreenkoms* tussen die NGK en die Indian Reformed Church geskied skakeling ten opsigte van sendingwerk onder Indiërs gesamentlik en met oorlegpleging deur beide kerke op Kerkraads-, Rings- en Sinodale vlak na gelang van omstandighede (*Skema NGK* 1970:54).

'n Kerkorde is in samewerking met die NGK vir die Indian Reformed Church opgestel. Aan die NGK was nie volledige sittingsreg op die vergaderinge van die Indian Reformed Church verleen nie. Die Indian Reformed Church het as selfstandige kerk tot stand gekom (Smith 1972:59). Die NGK het die afsonderlike Indiërgemeentes geensins verplig om binne kerkverband met die Indian Reformed Church te tree nie. Die gesag van die meerdere vergadering het van meet af tot sy reg in die Indian Reformed Church gekom. Ander as in die NGSK en die NGKA, het die NGK haar geen outoriteit oor die Indian Reformed Church aangemagtig nie. Die Doleansiekerkregbeginsel, naamlik dat geen kerk oor 'n ander kerk mag heerskappy voer nie, het in die geval van die Indian Reformed Church tot sy reg gekom (DKO art 84). Sodoende was alle vorme van heerskappy of voogdskap uitgesluit (Smith 1972:86-87).

In meerdere vergaderinge van die Indian Reformed Church kan alleen sake behandel word wat daar tuis hoort of daarheen verwys is deur mindere vergaderinge en wat nie in mindere vergaderinge afgehandel kon word nie. Die meerdere vergaderinge berus op die *jus divinum permissivum*. Die gesag van die meerdere vergadering is gevolglik ook 'n afgeleide gesag. Tot die taak en bevoegdhede van die Sinode behoort onder andere die

behartiging van die gemeenskaplike belange van die plaaslike kerke in die gebied asook die behandeling van alle sake wat in eerste instansie of by wyse van appèl voor hom gebring word (*Indian Reformed Church order* 1972: art 23). Van meet af is klem gelê op die instemming, medewerking van die Indiërgemeentes by die konstituering van die Indian Reformed Church gelê (Smith 1972:86-87). Die Indian Reformed Church het van meet af besonders klem gelê op die feit dat die Indian Reformed Church 'n eie vorm, regering en mag sou besit. Dié mag, naamlik die lerende, wetgewende en regsprekende mag, in die Indian Reformed Church was onvervreembaar en kon deur niemand van buite die kerk toegeëien of aangetas word nie en kon dus ook nie met 'n instansie buite die gemeente gedeel word nie. By die stigting van die Indian Reformed Church was hierdie eiesoortige mag, anders as by die stigting van die ander sendingkerke, verskans.

Op die meerdere vergaderinge van die Indian Reformed Church word die plaaslike gemeentes verteenwoordig deur hul afgevaardigdes. Die meerdere vergaderinge het slegs beperkte gesag. Die mag van die meerdere vergaderinge word begrens deur die bepalinge van die kerkorde, wat die gemeentes as akkoord van die kerklike gemeenskap aanvaar het. Die besluite geneem deur die meerdere vergaderinge van die Indian Reformed Church, binne die begrensing van die kerkorde, het 'n bindende karakter. In art 18 van die *Church order Reformed Church in Africa* (1982), word dit gestel dat die gesag van die Kerkraad oorspronklik is teenoor die gedelegeerde bevoegdheid van die meerdere vergadering.

There are three assemblies of the church: Church Council, presbytery and Synod. These assemblies are entrusted with supervision, governance and discipline in the church – each according to its own authority, the authority of church councils being original, that of major assemblies delegated.

(*Church order Reformed Church in Africa* 1982 : art 18).

Met betrekking tot die regs persoonlikheid van die kerk dui art 40 dat die Kerkraad, die Ring en die Sinode in regshandelinge mag deelneem (*Church order Reformed Church in Africa 1982* 1982: art 40).

6.2.4. Die tugreg ten opsigte van ampsdraers

Die Kerkorde van die Indian Reformed Church dui in art 7 aan dat daar drie ampte is, te wete predikant, ouderlinge en diakens en dat die ampte gelyk is in status, maar onderskei in funksie (*Acta NGK* 1970:467). Teen 1983 was daar ongeveer 10 gemeentes van die RCA in Suid-Afrika met nagenoeg 1100 belydende lidmate, 890 dooplidmate en het nege wit leraars en vyf Indiër leraars die RCA bedien (*Skema NGK Noord-Kaapland* 1983:231). Die Indian Reformed Church het van meet af op voetspoor met die *oud kerkrecht* beklemtoon dat die plaaslike gemeente 'n komplee, regerende, vrye, selfstandige kerk (*ecclesia completa*) is. In die Konstitusie van die Indian Reformed Church word ook die beginsel van selfregering ten opsigte van die tugreg van hul eie lede erken. Die meerdere vergaderinge kan by hoër beroep van 'n Indiër ampsdraer die oordeel uitspreek dat hy afgeset kan word. So 'n afsettingsvonnis het 'n bindend karakter. Die uitvoering van die vonnis het by die plaaslike kerk of by die meerdere vergadering in samewerking met die plaaslike gemeente, maar nooit by die meerdere vergadering as sodanig gelê nie.

Die RCA gaan van die veronderstelling uit dat die ampte gelykwaardig is en dat dit slegs in opdrag en werk onderskei word. By die uitoefening van hulle roeping mag op voetspoor van die *oud kerkrecht* geen ampsdraer oor ander ampsdraers heerskappy voer

nie, aangesien Christus die enigste Hoof, Koning en Meester van Sy kerk is (*RCA Church order* 1972:art 3). In die geval van die tug oor sendelinge, was die saak egter na die NGK verwys:

Art 18 The official duties of the elders include the supervision of , discipline over, and the government of the congregation; supervision over teachings and conduct of the ministers and the other office-bearers, visiting the members of their homes, co-responsibility with the ministers for the catechetical instruction, and supervision over the uncorrupted ministry of the sacraments.

Art 41 The measures of discipline against the office bearers fall under the jurisdiction and discipline of the presbytery and the Synod. Where Ministers who are members of the Nederduitse Gereformeerde Church are concerned the matter together with the evidence is referred to the appropriate Church court of the Nederduitse Gereformeerde Church, who shall finalized the action.

(*Skema NGK* 1966:468 en 470).

In art 41 van die kerkorde word aangedui dat die NGK tug oor sendelinge sou uitoefen en dat in die geval van verdere behandeling van 'n klag teen 'n diensdoenende sendeling alle bewysstukke na die betrokke vergadering van die NGK verwys moes word vir finale behandeling (*Skema NGK* 1966: 468 en 470 asook *Skema Indian Reformed Church* 1968:54, art 41). Die meerdere vergadering van die Indian Reformed Church het gevolglik geen reg gehad om sendelinge te skors of af te set nie. Besware moes selfs in die geval van beroeping van 'n sendeling na die Indiërsendingkommissie en die betrokke kerkvergadering van die NGK, onder wie se tug die betrokke sendeling val, verwys word (*Skema NGK* 1966:219). Art 53 van die NGK se Kerkorde dui aan dat sendelinge wat in die sendingkerke bevestig is, onder sowel die NGK en die besondere sendingkerk se toesig en tug, wat volgens hulle kerkordes of bepalinge enige klag teen 'n sendingleraar kan ondersoek. Ingeval daar gronde vir verdere behandeling van die saak is, word die saak met bewysstukke na die NGK verwys vir finale afhandeling. Dié bepaling in die Indian Reformed Church stem dus woordeliks ooreen met art 53 van die NGK se kerkorde (*Skema NGK* 1966:228).

Die kerk het volgens RCA drieërlei mag, te wete die mag van leervasstelling, die van regering of bestuur en die van tuguitoefening *potestas dogmatica, regimisis, jurisdictionis*. Die Sinode van die Reformed Church in Africa (1976) het besluit dat sendelinge volledig lidmaatskap by die Reformed Church in Africa (RCA) tydens sy bediening opneem, dat sy lidmaatskap by die NGK tot sy demissie by die RCA gesuspendeer word, dat sodanige sendeling geen offisiële amp in die NGK dra nie en dat in die geval van tughandelinge teenoor 'n sendeling, die RCA die tugproses afhandel, die dienste van die betrokke sendeling, indien nodig, termineer en die NGK dienoreenkomstig in kennis stel (*Skema RCA 1976:124-125* asook *Acta RCA 1976: 139*). Die RCA gaan van die veronderstelling uit dat die NGK nie die reg om in 'n ander kerk sonder opdrag of toestemming lede aan sensuur te onderwerp, of te ekskommunikeer, te skors, af te set of te vervang deur ander of ampsdraers aan die betrokke kerk op te dwing nie. Die Reformed Church in Africa (RCA) stel dit in art 9.3 dat die RCA predikante van die NGK mag beroep met dien verstande dat sodanige predikante volle lidmaatskap ten tye van die bevestiging by die RCA opneem (*Church order Reformed Church in Africa 1982 1982:5*). Die gesag van die Kerkraad is volgens RCA eiesoortig en kan nie na die NGK oorgedra word nie.

6.2.5. Die appèlreg ten opsigte van besluite van meerdere vergaderinge

In appèlsake het die Indian Reformed Church met die primêre partye te make naamlik die appellant en die kerklike vergadering waarteen hy/sy appelleer. Die besluite van die verskillende kerkvergaderinge van die Indian Reformed Church, te wete die Kerkraad, Ring en/of Sinode is bindend, maar ruimte word in die *Kerkorde* gelaat dat indien

lidmate of ampsdraers beswaard is, hul daaroor in appèl na 'n meerdere vergadering kan gaan. “Art 39 every accused who may object to the disciplinary measures taken by the Consistory shall be entitled to lodge an appeal to the major assemblies of the Church” (*Skema NGK* 1966:468 en 470).

Lidmate, ampsdraers en amptenare van die Indian Reformed Church mag hulle nie tot die burgerlike hof wend in hulle beswaar teen 'n kerkvergadering se besluit(e) nie, voordat hulle nie éérs die kerklike middele aangewend en uitgeput het nie (*Indian Reformed Church Church order* 1972: art 24-26). Diegene in die RCA wat enige uitspraak of handeling van 'n vergadering in stryd ag met die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente, of meen dat die welsyn van die Kerk deur so 'n uitspraak of handeling geskaad word, of voel dat hulle daardeur verontreg is, *kan* in hoër beroep gaan na die naasvolgende vergadering. Indien hulle so 'n uitspraak of handeling in stryd ag met die duidelike uitsprake van die Woord van God, is hulle *verplig* om in hoër beroep te gaan.

6.2.6. Die bevoegdheid van die meerdere vergadering met betrekking tot wanbestuur

Geen voorsiening word in die kerkorde van die RCA gemaak dat die meerdere vergadering in die geval van wanbestuur in die mindere vergaderings kon ingryp nie. Die meerdere vergadering kan gevolglik nie selfstandig in die eie sake van die plaaslike kerk in gryp om sodoende haar besluite in die plaaslike gemeente tot uitvoering te bring nie. Die meerdere vergadering beskik nie oor die bevoegdheid – of te wel die kassasiereg – om die beslissinge van 'n mindere vergadering nietig te verklaar nie, maar kan wel

besluite na die mindere vergadering terugverwys vir hersiening.

6.3. Die stryd om kerkeenheid (1970 tot 2007)

Reeds 1970 het die RCA aangedui dat hul die vereniging met die NGK-familie begeer (*Skema NGSK* 1978:51). Op die Sinode van die RCA (1976) was 'n mandaat aan hul Sinodale kommissie gegee om eenheidsgesprekke met die ander kerke in die NGK-familie te inisieer. Die RCA het onder andere die volgende twee besluite geneem: “The family of NG Churches should become one Reformed Church Synod empowers the Synodical Committee to initiate discussions towards church union with other churches of the NG Family and that the church councils should be informed accordingly” (*Acta RCA* 1976:76-77 en 172).

Die RCA het gevolglik gedurende 1976 die inisiatief geneem vir die eenheid van die vier kerke in die NGK-Familie in Suid Afrika (*Skema NGSK* 1986: 62). Die RCA, NGKA, NGK en die NGSK het by 'n vergadering gehou te Pretoria op 26 Oktober 1976 tot die slotsom gekom dat die Federale Raad³ hom nie leen tot die doelstellings van die verskillende kerke ten opsigte van hul strukturele strewe tot kerkeenheid nie (*Skema NGSK* 1986: 62). Gedurende Mei 1977 het al die Kerkrade van die RCA hul ten gunste van kerkvereniging met die NGSK uitgedruk (*Skema NGSK* 1978:51). Dit was egter nooit uitgevoer nie.

³ Die Federale Raad was saamgestel deur verteenwoordigers van alle Kerke van die NGK familie en wat die drie Formuliere van Enigheid, soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619 naamlik die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die vyf Dordtse Leerreëls as hul belydenisgrondslag aanvaar (art 1) (*Skema NGSK* 1978:357). Elkeen van die samestellende lidkerke behou volgens art 6.1-4 hul wetgewende, regsprekende en administratiewe magte. Die Raad het geen bevoegdheid om besluite oor die interne partikuliere aangeleenthede te neem nie. Di besluite van die raad ten opsigte van die lidkerke was bloot adviserend. Die raad was bevoeg om sake van algemene belang vir die lidkerke te behandel (*Skema NGSK* 1978:358).

Op 'n Federale Raadsvergadering te Pretoria op 18 Maart 1978 is besluit dat die Federale Raad vervang behoort te word met 'n Algemene Sinode, bestaande uit afgevaardigdes van die NGK, NGSK, NGKA en die RCA (*Skema NGSK* 1978:51-52). Twee derdes van die afgevaardigdes het ten gunste van 'n Algemene Sinode gestem (*Skema NGSK* 1978:55). Die NGK was afwysend teen 'n oorkoepelende Sinode en het daarop gewys dat so 'n oorkoepelende Sinode nie met die gereformeerde kerkregering versoenbaar is nie:

That the establishment of an overarching (oorkoepelende) synod with the power to take decisions which will be binding on all constituent members should be rejected ... the final authority lies with a synod where all local congregations have representation through their delegation. Any attempt to create a superstructure from above and to dictate a policy apart from the synods, which is not the policy of the church, must be rejected as not substantiated by reformed church polity. Measured against the principles of the reformed church polity the proposed overarching synod is untenable.

(*Skema NGSK* 1978:51)

Die RCA het hul beywer vir die eenheid van die vier rasgebaseerde kerke in die NGK-familie en was afwysend teen blote samewerking tussen kerke, aangesien dit nie 'n voldoende uitdrukking van eenheid was nie (*Skema NGSK* 1978:55).

Op 21 April 1978 is onder die leiding van die RCA 'n konsultasie vir kerkeenheid in Durban begin wat op 30 tot 31 Mei 1978 te Kaapstad voorgesit was (*Acta NGSK* 1978:24). Die RCA en die NGSK was op die konsultasies verteenwoordig deur hul moderature, terwyl die NGK as waarnemers verteenwoordig was. Die NGKA het nie die konsultasies bygewoon nie. Na die konsultasie wat op 30 tot 31 Mei 1978 plaasgevind het, was 'n *Memorandum vir Kerkeenheid* opgestel wat onder andere die volgende sake ingesluit het: Eenheid op plaaslike vlak; Modelle vir kerke byvoorbeeld Ekumeniese Sinode, 'n Oorkoepelende sinode met beperkte beslissingsreg, Eenheid op Algemene

Sinodale vlak, Streeks- en Ringsvlak, maar met uitsluiting van die plaaslike gemeente (*Skema NGSK* 1978:57-59 asook *Skema NGSK* 1986: 62).

Met betrekking tot die promovering van die Eenheid op plaaslike vlak gaan die *Memorandum vir Kerkeenheid* daarvan uit dat aangesien die kerk essensieel sigbaar is, is dit noodsaaklik om sigbaar uitdrukking te gee van die eenheid wat hul bely. Dit impliseer dat eenheid in belydenis, organisasie en aksie uitgedruk behoort te word (*Skema NGSK* 1978:57). 'n Ekumeniese Sinode sou beteken het dat die Federale Raad vervang sou word deur 'n Sinode wat nie bindende besluite kon neem nie, aangesien alle besluite deur die deelnemende Sinodes geratifiseer sou moes word. Beide die RCA en die NGSK het geoordeel dat die model onvoldoende uitdrukking van strukturele kerkeenheid sou verleen (*Skema NGSK* 1978:57). 'n Oorkoepelende Sinode sou besluitnemingsmagte het bloot op sake wat na hul verwys is deur die deelnemende Sinodes. In die geval behou die deelnemende kerke hul outonomieit. Sake wat geïdentifiseer was vir gesamentlike beraadslaging en besluitneming het onder andere ingesluit die wysiging van die belydenisgrondslag, wat terug na die deelnemende Sinodes en gemeentes vir ratifisering voorgelê moes word en die basiese beginsels van die kerkorde (*Skema NGSK* 1978:58). Eenheid op Algemene Sinodale vlak, Streeks- en Ringsvlak, maar met uitsluiting van die plaaslike gemeente, het geïmpliseer dat die gemeentes georganiseer mag word op grond van hul taal, kultuur en geografiese vereistes, maar met die reg om lidmaatskap by deelnemende kerk op te neem (*Skema NGSK* 1978:58). Beide die RCA en die NGSK het van die veronderstelling uitgegaan dat die gekose model moes uitmond in 'n een verenigde kerk, gebaseer op Gereformeerde beginsels.

Die Sinode van die NGSK (1978) het op Maandag 25 September 1978 die *Memorandum vir kerkhereniging*, asook talle beskrywingspunte wat daarmee verband gehou het, in behandeling geneem. Dié Sinode van die NGSK het haar vereenselwig met die beginsel van die gereformeerde kerkreg waarvolgens 'n oorkoepelende Sinode onhoudbaar is tussen Sinodes van kerke waarvan die gemeentes nie institusioneel aan mekaar verbonde is nie. Die Sinode het ook besluit dat kerkvereniging vanaf gemeentelike vlak beskou moet word as die enigste gereformeerde basis waarop onderhandelinge gevoer sal word met die oog op die konkrete realisering van die Godgegewe eenheid binne die NGK-familie (*Acta NGSK* 1978:495). Die RCA het kennis geneem van die besluit van die Sinode van die NGSK (1978) in sake kerkvereniging en het teen 16 Mei 1979 daarop reageer. Die RCA was van mening dat die NGK enige vorm van strukturele eenheid volgens die besluite van die NGK se Algemene Sinode 1978 verwerp het. Die RCA het voorgestel dat die drie swart NG-kerke met ernstige eenheidsamesprekinge moet begin en dat kommissies uit die drie kerke benoem sal word om die voorbereidingswerk vir kerkhereniging te doen (*Skema NGSK* 1982:28). Gedurende 1979 het geen vergaderings tussen die RCA en die NGSK met betrekking tot kerkeenheid plaasgevind nie (*Acta NGSK* 1978:495).

Op die vergadering wat op 10 Maart 1980 en 11 September 1980 te Pretoria plaasgevind het, was slegs die NGSK⁴ en RCA⁵ teenwoordig (*Skema NGSK* 1982:28). Die besluite van die NGSK se Sinode 1978 oor kerkeenheid was by die samespreking ter tafel gelê.

⁴ NGSK was verteenwoordig deur die Moderatuur: Di D P Botha, Sinclair, I Mentor, dr Beets (*Skema NGSK* 1986:63).

⁵ Die RCA was verteenwoordig deur di JNJ Kritzinger, GJA Lubbe, EJ Mannikkam, H Moodley, JK Naidoo (*Skema NGSK* 1986: 63).

Twee vorms van eenheid was op die vergadering bespreek, naamlik amalgamering en vereniging: “The RCA merging or being absorbed by the NGSK and the NGSK entering into full fledged union for the formation of one church” (*Skema NGSK* 1986: 63).

Opdrag was aan ds E J Mannikkam van die RCA en ds I Mentor van die NGSK gegee om die implikasies van die twee moontlikhede te ondersoek met rapport aan die drie onderskeie Sinodes (*Skema NGSK* 1986:63). Tydens die Sinode van die RCA wat in Durban op 4 Oktober 1980 plaasgevind het, het die RCA besluit om as eerste stap tot kerkeenheid, die vereniging met die NGSK goed te keur (*Skema NGSK* 1982:28). Die RCA het op 23 Oktober 1980 die NGSK kennis gegee van hul besluit. ’n Loodskomitee met lede van beide die RCA en die NGSK is saamgestel wat aandag aan die volgende sake moes gee: finansies en eiendomme, ekumeniese verhoudinge asook teologiese opleiding.

Die moderatuur van die NGSK en die Sinodale Kommissie van die RCA het op 14 Februarie 1981 te Belhar vergader. Drie werksgroepe is op die vergadering saamgestel, naamlik Kerkorde, met ds I J Mentor as sameroeper; Finansies en Eiendom en Administrasie; met ds J N J Kritzinger as sameroeper en laastens Ekumeniese verhoudinge en Teologiese Opleiding met G J A Lubbe as sameroeper (*Skema NGSK* 1986: 64). Die eerste verslae van die studiekommissie was behandel op 10 September 1981 te Pretoria. Geen vergaderings het gedurende 1982 plaasgevind nie. Die samespreking was eers 28 Januarie 1983 hervat. Die verteenwoordigers van die RCA en die NGSK het op die vergadering voorgestel dat die vereniging van die NGSK en

die RCA op 'n datum gedurende September en/of Oktober 1986 kon plaasvind. Die oordrag van eiendomme, gesamentlike vergaderings en konsepkerkorde is op 5 Augustus 1983 deur die verteenwoordigers bespreek (*Skema NGSK* 1986:64).

Na die vergadering van die Federale Raad gehou 16-17 Maart 1984 het die eenheidsgesprek tussen die RCA en die NGSK nie weer op dreef gekom nie (*Skema NGSK* 1986:65). Sake wat die gesprek nadelig beïnvloed het, was onder andere die *status confessionis* wat die NGSK afgekondig het, asook die konsepbelydenis wat hul op dieselfde Sinode geformuleer het. Die RCA is van mening dat die verandering van die belydenisgrondslag deel van die onderhandelinge tussen die twee kerke behoort te wees. Op 23 Januarie 1987 het 'n samespreking tussen die dagbestuur van die NGK en vyf lede van die Sinodale Kommissie van die RCA plaasgevind. Wat kerkeenheid betref, wou die RCA op een of ander wyse groter eenheid sien, maar wou nie hul eie identiteit as kerk prysgee nie, veral nie vir strukturele eenheid met 'n ander kerk nie (*Skema Algemene Sinode NGK* 1990:29).

Teen 1990 was die eenheidsgesprekke weer hervat. Gedurende die negentigerjare was die eenheidsgesprekke negatief beïnvloed deur die NGSK se onkerkregtelike hantering van die herstel van status van twee predikante van die RCA, te wete dr G Lubbe en dr Klippies Kritzinger. Die moderatuur van die NGSK het op 14 Oktober 1993 'n onderhoud gevoer met die RCA met betrekking tot die aansoek om herstel van status van dr G Lubbe. Die moderatuur het die RCA se besware aan die actarius deurgestuur vir behandeling by die eindeksamenkommissie van die NGSK (*Skema NGSK* 1994:

A2/10). Die NGSK het 'n onderneming gegee dat die aansoek om status van beide dr G Lubbe van die Via Christi Community en prof J N J Kritzinger nie afgehandel kon word, alvorens die RCA oor die aansoek geskakel was nie (*Skema VGKSA* 2001: 42). Die NGSK Kuratorium het, desnieteenstaande die onderneming, vir dr G Lubbe na aflegging van *colloquium doctum* gedurende November 1993 gelegitimeer (*Skema NGSK* 1994: A11/2).

Op die Sinode van die RCA (1994) is die bespreking oor kerkvereniging in *camera* gehou (*Acta RCA* 1994:166-171). Die volgende punt was onder bespreking, naamlik die skending van die kerkorde. Besorgdheid is op die Sinode uitgespreek met betrekking tot die NGSK se skending van die kerkorde: "How can we trust a church that violates the Church Order? What will the future be if this is the way the church order is treated?" (*Acta RCA* 1994:166).

Die Sinode van die RCA (1994) het met leedwese kennis geneem dat een van hul gemeentes, Via Christi Community, sonder om die korrekte kerkregtelike weg te volg, deel van die VGKSA geword het, asook dat die VGKSA dr G J A Lubbe gelegitimeer het: " Synod expresses its shock and dissatisfaction with the insensitive way the matter of the legitimization of dr G J A Lubbe was handled by the DRMC which caused the Synodical Committee to suspend talks with the DRMC and not to present message of greetings of the convening of the URCSA" (*Acta RCA* 1994:171-172).⁶

⁶ Op 15 Junie 1983 dat dr G J A Lubbe en J N J Kritzinger hul status as bedienaars van die Woord in die RCA verloor (*Acts RCA* 1986:62).

Dié Sinode het opdrag gegee dat die Sinodale Kommissie van die RCA bilaterale gesprekke met die Sinodale kommissie van die NGSK oor die twee aangeleenthede opneem. Die Sinode het verder ook besluit dat voordat strukturele eenheid in die NGK-familie kan plaasvind, moet die volgende sake bevredigend opgelos word:

- i. Die RCA se evangeliese standpunt, missie, visie en fokus;
- ii. Unieke agtergrond en karakter van liturgiese praktyke;
- iii. Die posisie van die *Belydenis van Belhar*;
- iv. Die legitimasie van ds A Bhiman, dr G J A Lubbe en prof J N J Kritzinger;
- v. Die eiendom van die RCA in Lenasia;
- vi. Die RCA se model vir kerkeenheid (*Acts RCA* 1994:198).

Die RCA het in 1995 kennis gegee dat die saak 'n impak het op bilaterale gesprek oor kerkeenheid en het ook te kenne gegee dat hulle die eiendom van die Via Christi Community steeds as die eiendom van die RCA beskou.⁷ Na aanleiding van die Gereformeerde kerkreg, uitgedruk in art 85 (vroeër art 84) van die DKO, beklemtoon die RCA dat geen kerk sal oor 'n ander kerk heerskappy voer nie. Die moderature van die VGKSA, NGK en RCA het ontmoet as subkommissie van die gesamentlike Kommissie vir Kerkeenheid op 17 November 1997 te Grey Pass in Kaapstad. Ds F Swanepoel van die NGK en ds J Buys van die VGKSA het onderskeidelik as voorsitter en scriba opgetree. Die agenda het in hoofsaak gehandel om ooreenkoms te vind oor die belydenisgrondslag, die model en die naam van die eenheidskerk (*Skema VGKSA* 2001: 13). Gedurende September 1998 het 'n bosberaad plaasgevind. Die dagbestuur van die

⁷ Op 15 November 1999 het 'n versoenende gesprek, op aandrang van die RCA, by die Via Christi Community tussen die RCA, VGKSA en die Kerkraad van Via Christi Community plaasgevind. (*Skema VGKSA* 2001: 42). Die VGKSA het skriftelik vir die RCA om verskoning gevra met betrekking tot die hantering van die aansoek om status van beide dr G Lubbe en prof J N J Kritzinger (*Skema VGKSA* 2001: 43).

RCA se Algemene Sinodale Kommissie het tydens die bosberaad aanbeveel dat die onderskeie sinodes 'n gesamentlike aanbeveling aan die onderskeie Sinodes voorlê dat die Belydenis van Belhar in beginsel as 'n belydenis van die verenigde kerk aanvaar moet word (*Acta Algemene Sinode NGK* 1998:305). Die RCA was teen bilaterale gesprekke rondom eenwording met óf die NGK óf die VGKSA (*Skema VGKSA* 2001: 13). Die RCA het multilaterale gesprekke voorgestaan. Op die Sinode van die RCA (1998) het die RCA weereens die *Laudium Declaration* (1990) met sy sterk evangeliese basis en sendingvisie beklemtoon:

Ons bevestig dat ander godsdienste en ideologieë nie alternatiewe weë na God is nie, en dat daar geen ander naam gegee is onder die mense waardeur ons gered kan word nie, behalwe die naam Jesus. Ons verwerp elke vorm van sinkretisme en dialoog wat impliseer dat Christus eweneens deur ander godsdienste en ideologieë spreek. Ons beskou dit as heiligsennis teenoor Christus en Sy Evangelie. Om Christus te verkondig as Verlosser van die wêreld beteken nie dat alle mense outomaties gered sal word nie.

(*Laudium Declaration* 1990: item 1)

Die Sinode van die RCA (1998) hul verbind ten gunste van kerkeenwording met die VGKSA en die NGK en het aanbeveel dat die *Belydenis van Belhar* deel behoort te vorm van die belydenisgrondslag van die verenigde kerk:

... (R)ecommending the acceptance in principle of Belhar as a Confession in the new uniting church; with the practical implementation to be deliberated in the process of unification. Request our Synods to invite representatives of URCSA to attend the Synod Meeting of the RCA and the DRC in order to assist us to understand and accept Belhar, as well as to listen to and understand our deliberations on Belhar.

(*Acts RCA* 1998:59)

Die RCA het op die Sinode hul vrese met betrekking tot die verlies van eiendomsreg indien hul met die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA) sou verenig, uitgespreek, aangesien volgens art 11.1 van die Kerkorde van die VGKSA alle eiendom na eenwording oorgedra sou word na die nuwe regsentiteit:

In the church order article 11 clearly states: “ The Uniting Reformed Church in Southern Africa, in terms of its constitution, is a juristic person. It exists in the church meetings, namely the church council, presbytery, regional synod and general synod, each being the legal owner of its property and funds and having the right to legal action in civil law.” In practice this means that within the URCSA or any other church the URCSA will become part of the legal owner of properties before the unification, will in essence be the legal owner of properties after unification.

(Acts RCA 1998:63)

Dié Sinode het opdrag aan die Sinodale Kommissie gegee om eenheidsgesprekke te kontinueer en het terselfdertyd bevestig dat die *Laudium Declaration*⁸ ’n integrale en prominente deel van die lewe en bediening van die nuwe verenigde kerk behoort te wees (Acts RCA 1998:73).

Gedurende 1994 tot 2006 was die RCA⁹ betrokke in multilaterale kerkeenheidsgesprekke met die NGK,¹⁰ NGKA¹¹, en VGKSA.¹² Op Woensdag 16 Augustus 2006 het een van die multilaterale gesprekke in die Sinodale Sentrum in Bloemfontein plaasgevind (*Multilaterale Gesprek...* 2006:1). Ds Victor Pillay van die RCA het in dié gesprek aangedui dat die RCA bekommerd is hoe hul as klein kerk in die eenheidsproses geakkommodeer sou word: “Ons is “evangelical”, is “missional” in ons benadering. Die RCA is bekommerd oor die liberale goed wat in kerke insluip.” Hy pleit vir ’n eenheid wat Christusgesentreerd is en gebaseer is op die Skrif en die Gereformeerde konfessies (*Multilaterale Gesprek ...* 2006:1). Die vier Moderature het eenparig ’n verbondsverbintenis aangegaan ten opsigte van die hereniging van die NG-

⁸ Op die Sinode van die RCA (1990) te Laudium is die *Laudium Declaration* aanvaar. In die *Laudium Declaration* bevestig die RCA dat hul ’n evangelies Gereformeerde Kerk is: “ We affirm our commitment of evangelism, of the preaching of the Gospel to every creature. We affirm that Evangelism is not a option but an imperative.” Met betrekking tot kerkeenheid stel die *Laudium Declaration* dit duidelik dat die RCA strukturele eenheid met alle kerke sal soek wat met hul dieselfde belydenisgrondslag deel (*Acta RCA 1990 addendum*).

⁹ Die RCA was verteenwoordig deur di Victor Pillay, Bennett Shunmugam, Maniraj Sukdaven.

¹⁰ Dr Coenie Burger, prof Piet Strauss, dr Nelus Niemandt, ds Elsje Büchner, dr Kobus Gerber.

¹¹ Die NGKA was verteenwoordig deur di Mochudi Lebone, Johannes Ramolahlehi, drr Sarel Corrie, Andries Hoffman

¹² Die VGKSA was verteenwoordig deur prof Thias Kgatla, dr Allan Boesak, di Petrus Makoko, Collin Goeiman, David Maletse, P Moloi.

kerk-familie (*Multilaterale Gesprek ...* 2006:4). As eerste tree in die proses is 'n vergadering van die uitgebreide leierskappe van die vier deelnemende kerke, naamlik Moderamens/ Algemene Sinodale Kommissies van die vier kerke asook die Moderature van die verskillende streeksinodes, op 6 tot 8 November 2006 te Achterbergh gereël. 'n Interimkomitee was gevorm wat bestaan uit die vier moderators en die vier skribas van die vier deelnemende kerke. Van 6 tot 8 November 2006 het 127 verteenwoordigers van die RCA, die VGKSA, die NGKA en die NGK by Achterbergh naby Krugersdorp byeengekom om te praat oor die kerkhereniging van die familie van NG-kerke en hoe dit gestalte kan kry. Op Achterbergh het die breër verteenwoordiging van die kerke hulle opnuut plegtig verbind tot die hereniging van die NG-kerkfamilie.

6.3.1. Christus as hoof van die kerk

In 'n bilaterale gesprek tussen die VGKSA en die RCA, voor die sitting van die Algemene Sinode van die VGKSA Pietermaritzburg in September 2005, het die RCA haar besorgdheid uitgespreek dat hul kerk se spesiale bedieningsbehoeftes nie in 'n groter verenigde kerk na behore aangespreek sou word nie (*Algemene Sinode Skema VGKSA* 2005:79).

Die RCA beklemtoon in die multilaterale gesprekke dat Christus die hoof van Sy kerk is en die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en

die vyf Dordtse Leerreëls. Algemene belydenisskrifte wat deur die Kerk erken word, is die historiese belydenisskrifte van die Christelike Kerk:

1.1 die Apostoliese Geloofsbelydenis,

1.2 die Geloofsbelydenis van Nicea,

1.3 die Geloofsbelydenis van Athanasius (*Notule Achterbergh* 2006:1).

Die RCA gaan van die veronderstelling uit dat die eenheid van 'n kerkgemeenskap in die gemeenskaplike geloofsoortuiging berus. Tussen die VGK en die RCA vorm die *Belydenis van Belhar* die verskilpunt in geloofsoortuiging. Die RCA is van mening dat die plek van die *Belydenis van Belhar* moet helder uitgeklaar word, voordat kerkvereniging tussen die twee kerke 'n werklikheid kan word. Die RCA erken dat die VGK die *Belydenis van Belhar* inbring in die kerkherenigingsproses en aanvaar dat die Belydenis van Belhar om daardie rede deel van die kerkherenigingsproses is. Dit beteken volgens die RCA egter nie dat al die deelnemende kerke se lidmate of predikante dit as 'n belydenisskrif hoef te onderskryf is nie. Die RCA het by monde van hul moderator, ds Bennett Shunmugam, op Achterbergh 6 tot 8 November 2005 onomwonde hul evangeliese standpunt met betrekking tot die Skrifgesag, getuienis, kerkbegrip deurgegee as hul visie ook vir die toekomstige kerk:

We want to see: A church by its biblical preaching / teaching and example opens the spiritual eyes of unbelievers and turns them from darkness to light and from the power of Satan to God, so that unbelievers may receive forgiveness of sins and a place among those who are sanctified by faith in Christ (Acts 26:18); A church that can truly be the light and salt of the world, that has the conviction to call sin a sin – not to compromise biblical standards and truths ... A church that will preach the Word of God to correct, rebuke and encourage in a time when men will not put up with sound doctrine ... A church that preaches repentance of sin, iniquities and trespasses – for there is no salvation without repentance; A church where its members are living in a Christian relation with God on a daily basis ... A church that will contend for the faith against formalism / legalism / traditionalism; A church that will not misrepresent God in word or deed by accepting what God rejects or rejecting what God accepts.

(*Achterbergh I Agenda* 2006:1)

Die RCA stel dit duidelik dat hul nie bereid is om ter wille van kerkeenheid enige kompromieë aan te gaan wat hul sending en bediening met betrekking tot dobbelary, alkoholisme, tradisionele aanbidding, homoseksualiteit, ensovoorts betref nie (*Achterbergh I Agenda 2006:2*).

6.3.2. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk

De kerkorde van die RCA gaan onmiskenbaar uit van die plaaslike gemeente as openbaring van die liggaam van Christus. Op voetspoor van die *oud kerkrecht* handhaaf die RCA beide die selfstandigheid van die plaaslike kerk asook die eenheid van die kerke in konfederatiewe verband. Dit RCA wys prinsipieel enige hiërargiese kerkregeringstelsel af. Die RCA beklemtoon in die eenheidsgesprekke 'n presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel. Dit beteken dat al die gemeentes as selfstandige gemeentes ingevoeg word in Ringe, Sinodes en een Algemene Sinode. In die proses moet ruimte gelaat word vir onderhandeling, nuwe moontlikhede en 'n groei na mekaar. Die RCA se siening is dat gemeentes outonoom is, wat veroorsaak dat gemeentes eienaar van hulle eiendom is. Die gewone presbiteriale struktuur van 'n gesamentlike algemene sinode, gesamentlike Streeksinodes en gesamentlike Ringe word gevolg. Ten opsigte van gemeentes word 'n spontane proses van herrangskikking voorgestel waarby plaaslike omstandighede en geleenthede 'n sterk rol sal speel – met die onderneming dat gemeentes nie van buite in prosesse ingedwing sal word nie. Plaaslike Kerkrade behou dus die besluitnemingsbevoegdheid oor die inrigting van die plaaslike gemeente. In die besluit word rekening gehou met die unieke aard van gemeentes. Die RCA is teen

organisatoriese eenheid, dit wil sê volledige eenheid, een kerkverband met een Algemene Sinode en die moontlikheid van eenheid op alle ander vlakke van kerk wees, dit wil sê Sinodes, Ringe en plaaslike gemeentes (*Achterbergh I Agenda* 2006:1).

Ten opsigte van gemeentes word 'n spontane proses van herrangskikking deur die RCA voorgestel waarby plaaslike omstandighede en geleenthede 'n sterk rol sal speel – met die onderneming dat gemeentes nie van buite in prosesse ingedwing sal word nie. Plaaslike Kerkrade behoort dus volgens die RCA dus die besluitnemingsbevoegdheid oor die inrigting van die plaaslike gemeente te behou. (*Church order Reformed Church in Africa* 2004: bep 13). Die RCA beklemtoon die unieke aard van gemeentes. Vanaf gemeente tot Algemene Sinode vorm die RCA organies een kerkverband. Volgens art 36 en 37 (die bevoegdheid van Sinodes om met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts uit die Algemene sinodale verband te tree) en art 44 (die wysiging van die belydenisgrondslag van die RCA) kan die vorming van een kerkverband in die NG-kerkfamilie eers kan plaasvind na 'n proses van behoorlike oorleg- en raadpleging met Kerkrade (*Church order Reformed Church in Africa* 2004:art 36.37 en 44). Die RCA gaan van die veronderstelling uit dat meerdere vergaderinge alleen sake mag handel met betrekking tot partikuliere sake van mindere vergaderinge wat nie in die vergaderinge afgehandel kon word nie; dat sy alleen sake mag handel wat oor die kerke van die meerdere vergadering in die algemeen behoort; dat al haar besluite insake leer-, regeer en tuggevalle as vas en gebonde gehou sal word, tensy dit bewys word dat dit strydig is met Gods Woord en die kerkverordeninge. Indien konsensus dus nie oor kerkeenheid nie bereik word nie, moet 'n tweederdemeerderheid verkry word. Die RCA gaan van die veronderstelling uit dat die plaaslike kerk 'n komplette

selfstandige kerk is en dus in terme van die gewone reg, 'n gemeenregtelike persoon ('n regs persoon) is. Die kerkorde van die RCA beskerm daarom die plaaslike gemeente se selfstandigheid (*Church order Reformed Church in Africa* 2004: bep 13). In die RCA het ons, om mee te begin, die gemeente, die Ring, asook die Sinode onderskeidelik as regs persone. 'n Regs persoon is volgens die gemenereg 'n vereniging van persone wat afsonderlik van sy lede bestaan en selfstandig, in eie naam, draer is van sy regte en verpligtinge. Een van daardie regte is om in eie naam eiendom te kan besit

6.3.3. Die karakter van die kerkverband

Die RCA stel in die eenheidsgesprekke voor dat die uiteindelijke struktuur van so 'n aard moet wees dat hulle daarmee kan assosieer, maar tog ook die reg sal voorbehou om uit kerkverband te mag tree (*Achterberg II Verklaring* 2007:1). Die kerkverband het volgens die Gereformeerde kerkreg immers 'n konfederatiewe karakter wat deur vrywillige aansluiting van die plaaslike gemeente tot stand kom. Die RCA beklemtoon dat Kerkraad die reg om tot 'n kerkverband toe te tree en ook te onttrek wanneer hy goeie gronde daarvoor vind. Tydens die Achterbergh II-byeenkoms, 23-25 April 2007, het die verteenwoordigers van die VGKSA, NG Kerk, NGKA en die RCA die verslae van vier taakspanne, te wete Belydenisgrondslag, Model, Gesamentlike projekte en Versoening, behandel (*Achterberg II Verklaring* 2007:1). Vier taakspanne, bestaande uit twee lede van elke deelnemende kerk per taakspan, het gedurende 31 Januarie tot 1 Februarie 2007 vergader om die eerste voorbereidingswerk te doen. Die taakspanne het daarna ook telefonies vergader met die oog op die afronding van hulle werk vir die Achterbergh II-byeenkoms. Tydens die Achterbergh II-byeenkoms is die sake verder

bespreek in uitgebreide taakspanne waarin al vier die kerke verteenwoordig was. Die vergadering het konsensus oor die eerste drie sake bereik (*Achterbergh II Verklaring* 2007:1). Die verslag oor *versoening* is na die Interimkomitee vir Kerkhereniging verwys aangesien geen eenstemmigheid daaroor bereik kon word nie.

Die RCA het dit veral voorgestaan dat die *Belydenis van Belhar* nie as voorwaarde vir kerkeenheid behoort te geld nie. Die deelnemende kerke het gevolglik besluit dat die gesprek tussen die vier kerke voortgesit moet word met die oog daarop om ooreenkoms te bereik oor die Bybelse inhoud van *Belydenis van Belhar* en om 'n gesamentlike kommentaar daarop te skryf. Dit sal dit moontlik maak dat die Bybelse inhoud van *Belydenis van Belhar* in 'n nuwe kerkverband gepreek, onderrig en in die bediening gebruik kan word. Die RCA het dit beklemtoon dat in die vorming van 'n nuwe kerkverband moet die belydenisgrondslag van die vier kerke, Sinodes en gemeentes akkommodeer sonder om enigiemand te forseer om *Belydenis van Belhar* te aanvaar of daarvan afstand te doen. Die vier kerke het verder ook ooreengekom dat die waarde wat *Belydenis van Belhar* as 'n belydenis vir die VGKSA het, gerespekteer behoort te word (*Achterbergh II Verklaring* 2007:1). Die vier kerke kon dus nie 'n akkoord bereik dat die *Belydenis van Belhar* deel kon vorm van die verenigde kerk nie. Die RCA het onder andere voorgestel dat die onderskeie Algemene Sinodes en/of Streeksinodes bly bestaan en dat verteenwoordigers na 'n oorkoepelende Sinode afgevaardig behoort te word.

Die RCA lê klem op *skakeling en raadpleging*, samewerking en dat die band tussen die lede van die kerkfamilie verstewig moet word, maar sonder prysgawe van outonomieit van die afsonderlike deelnemende kerke (*Achterbergh II Verklaring* 2007:1-2). Met betrekking tot die model van kerkeenheid het die vier deelnemende kerke op Achterbergh 11 konsensus bereik dat die plaaslike kerk ten volle kerk van God is, maar dat dit nooit as kerk in isolasie bestaan nie, dat gemeentes regspersone in sigself is en hulle verantwoordelikheid met betrekking tot die besluitneming en bediening behou, dat die Algemene Sinode skryf nie aan gemeentes voor hoe hulle hul bediening uitvoer nie en dat plaaslike gemeentes nie in een struktuur forseer word nie. Die RCA het gedurende Achterbergh II daarop gewys dat hul volgens hul Kerkorde toestemming van al die gemeentes van die RCA moet verkry om 'n nuwe Algemene Sinode as uitdrukking van 'n nuwe kerkverband te vorm, of as hul die belydenisgrondslag wil wysig. Eenstemmigheid is op die Achterbergh II bereik dat wysigings aan die bestaande Kerkordes voor die vorming van 'n nuwe kerkverband goedgekeur moet word en dat daar dus 'n proses gevolg behoort te word waarin die Streeksinodes en Ringe betrokke sal raak.

Die RCA staan dit voor dat ruimte geskep behoort te word vir assosiaat-lidmaatskap. Daarmee wil die RCA ruimte skep vir kerke wat wil deel word van die herenigde kerk, maar om verskeie redes nie gereed is om ten volle deel te wees van die nuwe kerkverband nie. Achterbergh II het dit goedgekeur dat so 'n kategorie geskep word en het hoop uitgespreek dat die assosiaat-lede met verloop van tyd sal groei tot volle eenheid (*Achterberg II Verklaring* 2007:1-2). Op Achterbergh II het die vier aktuarii

van die vier deelnemende kerke opdrag gekry om die bestaande Kerkordes te evalueer en sodoende 'n proses te begin om dit met die oog op kerkeenwording te wysig. Die RCA het aangedui het dat hulle dit van hulp sou vind indien daar in die model van die herenigde kerk, ruimte gemaak sou kon word dat hulle sommige van hulle huidige strukture kan behou, terwyl hulle ook ten volle deel is van alle nuwe strukture.

Achterbergh II het gewys op die gevare wat assosiaat-lidmaatskap kan inhou:

Soos hierbo gestel, wil ons hê dat eenheid so inklusief as moontlik sal wees. Ons wil daarom werklike behoeftes tegemoet kom maar vanselfsprekend nie op so 'n manier dat dit die eenheid in gevaar stel of verdelings van die verlede voortsit nie. Ons het reeds gesê dat die bedoeling van eenwording nie die hersamestelling van gemeentes is nie, maar die vorming van een kerkverband.

(Achterberg II Verklaring 2007:1-2)

6.3.4. Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering

Die RCA gaan van die veronderstelling uit dat die Kerkraad van die lidmate toestemming behoort te verkry vir handeling wat vir die lidmate gevolge het, soos byvoorbeeld die aankoop of vervreemding van eiendom, aanvaarding van finansiële verpligtinge, verandering van lokale regte, ensovoorts. Die RCA beklemtoon dat die meerdere vergaderinge geen selfstandige gesag aan hul deur Christus verleen het nie. Die take en bevoegdhede van die meerdere vergadering word dus volgens die RCA op voetspoor van die *oud kerkrecht* beperk tot dit wat die kerke self vrywillig ooreenkom.

Wanneer die sinode van die RCA byvoorbeeld besluit om met 'n ander Gereformeerde kerk te verenig, word die sinodale besluit nie *ipso facto* die besluit van 'n Kerkraad nie. Kerkrade kan wel besluit(e) van die meerdere vergaderings met betrekking tot kerkeenwording bekragtig (Achterbergh I Verklaring 2006:1). Die RCA se kerkorde stel dit duidelik dat die Kerkrade moet gevolglik die gemeente toets oor sake wat vir die

gemeente gevolg sal inhou, byvoorbeeld met betrekking tot die verandering van lokale regte, die eenwording met ander kerke, die aanvaarding van belydenisskrifte, die hou van 'n eenheidsinode ensovoorts. Die plaaslike gemeente van die RCA besit 'n eie en wesenlike mag terwyl die meerdere vergaderings slegs gedelegeerde mag besit. Die kerkorde van die RCA maak wel voorsiening vir die kombinerings van werksaamhede van gemeentes, Ringe, Sinodes, kommissies van Sinodes uit verskillende kerkverbande (Reg 6). Kombinasie beteken hier dat twee of meer kerkvergaderings van verskillende kerkverbande, of kommissies van kerkvergaderings, as deel van die soeke na kerklike eenheid in die NG Kerkfamilie, ten bate van die koninkryk van God en as gelyke deelgenote van mekaar, kontraktuele ooreenkomste aangaan vir die uitvoering van sekere gemeenskaplike werksaamhede. Die bedoeling van die bepaling was egter nooit gemik op kerkvereniging nie. Hierdie reglement kan die proses van kerkvereniging slegs in 'n beperkte mate dien. Die reglement impliseer dat alle vereistes met betrekking tot die uittreding uit kerkverband nagekom is, dat die belydenisskrifte van die RCA deur 'n tweederdemeerderheidsbesluit van die Kerkraad aanvaar en onderteken is, dat die gemeentes deur middel van 'n tweederdemeerderheidsbesluit van die Kerkraad, die kerkorde van die RCA aanvaar word.

6.4. Konklusie

Die RCA erken op voetspoor van die Doleansiekerkreg dat Christus die hoof van die kerk is, die selfstandigheid van die plaaslike gemeente, die konfederatiewe karakter van die kerkverband, die beperkte bevoegdhede van die meerdere vergadering, die drieërlei mag van die kerk naamlik leer-, regeer- en tugmag asook die appèlreg ten opsigte van

besluite van die meerdere vergaderinge. Verder erken die RCA ook dat die Kerkraad 'n vergadering van die ampsdraers van die plaaslike kerk en die enigste deur Christus ingestelde bestuur van die gemeente. Die kerkorde van die RCA gaan onmiskenbaar uit van die prismaat van die plaaslike gemeente as openbaring van die liggaam van Christus. Die RCA wys prinsipieel 'n hiërargiese kerkstruktuur af, maar erken die noodwendigheid van die kerkverband.

HOOFSTUK 7

Die kerkreg en kerkregering van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (1994-2008)

7.1. Algemene Inleiding

Op 14 April 1994 in die NGSendingkerksentrum, te Belhar het die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (=NGSK) en die Nederduitse Gereformeerde Kerk Afrika (=NGKA) verenig en het die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (=VGKSA) tot stand gekom. Die moderators van beide kerke, dr S P E Buti (NGKA) en ds N A Appollis (NGSK), het as voorsitters op die Stigtingsinode waargeneem (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:282). Na die konstituering het beide moderators hul onderskeie kerke se beginselsbesluite oor die aanvaarding van die *Konsep Kerkorde*¹ as grondslag vir die nuwe kerk bekend gemaak (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:290). Die vergadering het bevestig dat die nuwe kerk op grond van die aanvaarde *Konsep Kerkorde* konstitueer en het gesamentlik staande die *Bevestiging van konstituering* voorgelees (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:290). Die voorsitter, ds N A Appollis, het die *Oorkonde van die Kerkvereniging tussen die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (NGSK) en die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA)* voorgelees en daarna is die historiese dokument in die teenwoordigheid van die vergadering deur albei moderature onderteken (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:291). Die eerste sitting van die nuwe kerk het daarna 'n aanvang geneem. Die

¹ Die *Konsep Kerkorde* was deur die Gesamentlike Gesprekskommissie opgestel en vier maande voor die Stigtingsinode aan die Kerkrade van die deelnemende Sinodes versend. Die Kerkrade was ook versoek om hulle in beginsel oor die *Konsep Kerkorde* uit te spreek en hulle afgevaardigdes na die volgende vergaderings van onderskeidelik die Algemene Sinode van die NGKA en die Sinode van die NGSK opdrag te gee om in ooreenstemming met hul besluit te stem (sien Hoofstuk 5.4).

moderatuur is uit beide NGKA en NGSK afgevaardigdes gekies, naamlik di N A Appollis (moderator), S P E Buti (assessor), L Appies (scriba) en J D Buys (actuarius). Met 'n tweederdemeerderheid was die naam Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika gekies (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:295). Hierdie eenwording het soos reeds in Hoofstuk 4.5.4 en Hoofstuk 5.4. aangetoon is, tot 'n kerkskeuring en etlike hofsake wat in die guns van die NGKA beslis was, gelei.²

7.2. Die kerkorde 1994- 2008

Op die Stigtingsinode was die vooraf ooreengekome *Konsep Kerkorde*, bestaande uit 12 artikels, soos gewysig met 'n tweederdemeerderheid goedgekeur (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:360-365). Die twaalf artikels het onder andere betrekking op die volgende sake: die Kerk (art 1), die belydenis van die Kerk (art 2), die lidmaatskap van die Kerk (art 3), die verantwoordelikheid van die gemeente (art 4), die dienste in die gemeente (art 5), die ampte in die gemeente (art 6), die regering van die gemeente (art 7), die verband tussen die gemeentes (art 8), die Ring (art 9), die gebiedsinode (art 10), die Algemene Sinode (art 11) en die kerk se verhoudinge (art 12). Struktureel wyk die VGKSA se *Kerkorde* radikaal van die formaat van die DKO af. Die teologiese en/of kerkregtelike fundering vir die afwyking ontbreek. Slegs basiese riglyne vir die orde van die kerk word in die *Kerkorde* van die VGKSA vasgelê. Enige verdere noodsaaklike reëls of wette wat betrekking het op die goeie funksionering van Kerkrade, Ringe en Sinodes was op die Stigtingsinode aan die betrokke kerklike vergaderings oorgelaat om

². Vir 'n goeie verstaan van Hoofstuk 7 moet ook Hoofstuk 5.4 saamgelees word

self te besluit (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:21). Een van die riglyne wat die Gesamentlike Gesprekskommissie (GGK) gebruik het by die opstel van die *Konsep Kerkorde* is die demokratisering van die kerk waarmee bedoel word “die aktiewe deelname van die lidmate deur die sentraalstelling van die amp van die gelowiges wat ook implikasies vir die struktuur inhou” (*Agenda VGKSA Algemene Sinode* 1994:7).

Die Stigtingsinode van die VGKSA (1994) het besluit dat alle bestaande kerkordelike reëlings en aanvullende bepalinge en reglemente van die twee deelnemende kerke van toepassing en geldend sal wees as bepalinge en reglemente van die VGKSA, in so verre dit nie strydig is met die *Kerkorde* van die VGKSA nie (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:29). Dit beteken dat veral in die gevalle van tughandeling en beroeping dat die bestaande kerkregtelike prosedure van die oorspronklike kerke van toepassing was (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:29). Op die Stigtingsinode is opdrag aan die Algemene Permanente Regskommissie gegee om alle bestaande kerkordelike reëlings en aanvullende bepalinge en reglemente van die oorspronklike kerke te versoen en aan die eerskomende Algemene Sinode verslag daaroor te lewer (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:29). ’n Soortgelyke opdrag is ook aan die ses Streeksinodes gegee. Op die Algemene Sinode 2001 is die besluit herhaal om ’n uniforme stel kerkordelike bepalinge vir die verskillende Streeksinodes daar te stel (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 2001:78-79). Op die Algemene Sinode 2005 is etlike bepalinge met betrekking tot die ampte (bep 19- 32), die vergaderinge van die kerk (bep 33- 68) en

besondere dienste (bep 69-75) na die onderskeie Streeksinodes vir wysigings, amendering en/of goedkeuring verwys (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 2005:150-206).

7.2.1. Christus as hoof van die kerk

Op voetspoor van die Doleansiekerkreg beklemtoon die VGKSA Christus se koningskap. Jesus Christus regeer die gemeente deur sy Woord en Gees (*Kerkorde VGKSA Algemene Sinode* 2002:art 7 asook *Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:7). In art 5 van die *Belydenis van Belhar* bely die VGKSA dat hul glo dat die kerk geroep word om dit alles te bely en te doen, in gehoorsaamheid aan Jesus Christus, sy enigste Hoof, al sou ook die owerhede en verordenings van mense daarteen wees en al sou straf en lyding daaraan verbonde wees. Die plaaslike gemeente ontvang die volledige kerklike mag van Christus. Christus is die Hoof van elke plaaslike gemeente en regeer deur sy ampsdraers. Die kerk van Jesus Christus is die gemeenskap van die gelowiges wat deur die Woord van God en deur sy Gees byeengeroep word. Die byeengeroepenes wat die VGKSA vorm, is deel van hierdie kerk van Christus saam met al die ander kerke wat Christus bely (*Kerkorde VGKSA Algemene Sinode* 1994:art 1).

7.2.2. Die selfstandigheid van die plaaslike gemeente

Aan die eenkant lê die VGKSA op voetspoor van die Dolerendes klem op die selfstandigheid van die plaaslike kerk, maar aan die anderkant word op die Stigtingsinode groter bevoegdheid aan die meerdere vergadering ten opsigte van die sedering van die eiendom van plaaslike gemeentes in die geval van kerkeenheid verleen

(vergelyk Hoofstuk 4.5.4 asook Hoofstuk 5.4). Die plaaslik gemeente is een van die belangrike uitgangspunte in die *Kerkorde* van die VGKSA (*Agenda VGKSA* 1994:8). Elke plaaslike gemeente in die VGKSA is die selfstandige openbaring van die liggaam van Christus, maar is ook deel van die kerkverband. Die gesamentlike gespreksgroep bevestig in hul *Verslag en Aanbevelings aan alle gemeentes en kerkrade* die Gereformeerde beginsel dat elke plaaslike kerk 'n volledige kerk is (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:21 asook *Kerkorde VGKSA Algemene Sinode* 1994 artikel 4.1-4.2). Die plaaslike gemeente is dus 'n volledig kerk, *ecclesia completa*, dit wil sê geen *pars ecclesiae*, of te wel geen deel van 'n groter instituut nie.

Die Stigtingsinode het aanbeveel dat die bestaande gemeentes van die twee kerke behoue sal bly en dat almal saam die gemeentes van die een kerk vorm, dat hierdie gemeentes onderling oop is vir bywoning en lidmaatskap en dat waar meer as een gemeente in dieselfde gebied val, dit hierdie gemeentes vrystaan om onderlinge sake en samesmelting te reël volgens die plaaslike behoeftes deur byvoorbeeld ooreenkomste met mekaar aan te gaan, een gemeente te vorm of watter reëlins ook al te tref, solank dit in volle vryheid en sonder dwang van enige kant geskied (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:300). Die plaaslike kerk of gemeente (*ecclesia locus*) word by die VGKSA beskou as die tydelike, sigbare, geïnstitueerde openbaring van die liggaam van God. Elke plaaslike gemeente is 'n selfstandige en volledige kerk, met eie ampte en bedieninge, met die volle bediening van die Woord, die sakramente en die tug. Omdat die amp van die gelowige die grondslag van alle ander ampte vorm, kies die gemeente self uit eie geledere van belydende lidmate, ouderlinge en diakens om 'n Kerkraad te vorm. Aan hierdie Kerkraad

word die regering, toesig en die tug oor die gemeente en die leiding ten opsigte van die verskillende dienswerke in die gemeente, die leiding ten opsigte van sake in verband met die erediens, die onderrig, die gesamentlike sorg, die getuienisaksie en die diens aan die gemeente raak, die uitoefening van tug oor lidmate van die gemeente, maar uitgesonder diegene wat in die ampte staan, die reg om 'n vergadering van die gemeente byeen te roep op 'n wyse soos deur elke gemeente bepaal, toevertrou (*Kerkorde VGKSA Algemene Sinode 1994 art 7.1 tot 7.4*). Die Kerkraad word beskou as die deur Christus ingestelde bestuur van die gemeente. Die plaaslike gemeente in die VGKSA is in terme van die gewone reg 'n gemeenregtelike persoon, dit wil sê 'n regspersoon: “Die kerk se regspersoonlikheid kom tot uitdrukking in die meerdere en mindere vergaderings waarin die wettige eienaarskap van goedere, eiendomme en fondse vestig en waardeur die kerk eienaarskap uitoefen en ooreenkomstig die reg optree” (*Kerkorde VGKSA Algemene Sinode 1994: Artikel 11.11*).

Met die byeenroep van die Konvent van Eenwording tussen die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (NGSK) en die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA) op 14 April 1994 en die daaruit voortvloeiende Stigtingsinode, het die NGSK en die NGKA juridies ontbind en was die twee kerke verenig tot 'n nuwe organisasie met volle regspersoonlikheid en handelsbevoegdheid op die tydstip wat die Belydenisskrifte, die Kerkorde en die Naam van die verenigde Kerk met 'n tweederdemeerderheid besluit aanvaar is (*Skema VGKSA Algemene Sinode 1994:39*). Besluite wat op die Stigtingsinode geneem was met betrekking tot die regspersoonlikheid en eiendomsreg is in die hofsake tussen die VGKSA en die NGKA as *ultra vires* bewys en het soos

aangedui in Hoofstuk 4.5.4 en Hoofstuk 5.4 gelei tot kerkskeuring. Die Stigtingsinode het onder andere bepaal dat by die inwerkingstelling van die *Kerkorde* van die verenigde kerk, sedeer elke Streeksinode, Ring, gemeente en dra al sy bates, laste, regte en verpligtinge, niks uitgesluit nie, oor aan die Streeksinodes, Ring of gemeente wat deur die Stigtingsinode daartoe aangewys word (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:39). Die gestigte Streeksinode, Ring of gemeente wat so aangewys is, tree dan in as die opvolger in reg en titel van die betrokke ontbonde Streeksinode, Ring of gemeente soos van toepassing (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:131). By implikasie het elke regspersoon van die twee onderskeie kerke by die Stigtingsinode dus juridies ontbind (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:340). Op die Stigtingsinode was onder meer die regspersoonlikheid asook die eienaarskap van die bestaande kerklike instellings met statutêre regspersoonlikheid ten opsigte van hulle onderskeie stoflike eiendomme, goedere en fondse aanvaar en tree die aangewese regspersone in as die opvolgers in reg en titel ten opsigte van alle bates, laste, regte en verpligtinge van die gemelde Sinode van die NGSK en die NGKA (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:340 – 341). Aan die VGKSA is op die Stigtingsinode volmag verleen om alle aksies en regshandelinge te volvoer ten einde effek te gee aan bogenoemde sedering en oordrag van eiendom (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:313). Die Sinode het besluit dat die beheer van stoflike goedere van elke regspersoon, in die geval van die Algemene Sinode, Gebiedsinode Ringe, die Kerkraad sal berus by sodanige vergaderings of enige kommissie wat genoemde vergadering vir die doel in die lewe roep (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:42).

Aangesien die twee kerke in hul administrasie te doen het met 'n veelvoud van regsgeldige dokumente, regte en verpligtinge wat by die ontbinding van die twee kerke almal in gedrang kom, het die Stigtingsinode besluit om hierdie kontrakte, regte en verpligtinge regsgeldig te verskans (*Agenda VGKSA Algemene Sinode* 1994:33). Die *Kerkorde* van die VGKSA maak voorsiening vir regsverkeer van die VGKSA met betrekking tot sy stoflike goedere, eiendom en fondse. Op die Stigtingsinode is met regspersoonlikheid en eiendomsreg bekleed die Algemene Sinode, elke Streeksinode, elke Ring en elke Gemeente, elk waarvan die eienaar van sy goedere, eiendomme en fondse sal wees en elk waarvan regshandelinge kan aangaan, regte verkry en verpligtinge kan opneem en wat verteenwoordig word in en buite die reg deur die voorsitter en die skriba van die betrokke vergadering, en in die geval van gemeentes, die voorsitter en skriba van die Kerkraad, en in enige ander geval, enige ander persone aan wie so opdrag gegee word. (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994: 340). Die Stigtingsinode het besluit dat die *status quo* van die gemeentes handhaaf gaan word insake die eienaarskap van hul onderskeie stoflike goedere, eiendomme en fondse en dat die gemeentes se regspersoonlikheid in die onderskeie Kerkrade gevestig is (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:38). Die Stigtingsinode het ook die Permanente Kommissie vir Administrasie bekleed met die bevoegdheid om bindende besluite vir die hele kerk te neem in dringende sake van administratiewe aard waarvoor die Stigtingsinode nie reeds voldoende reëlins getref het nie (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:43). Met betrekking tot die juridiese status van die plaaslike gemeente het die Stigtingsinode besluit dat elke gemeente 'n gemeenregtelike regspersoon is en as sodanig eienaar van sy goedere en fondse is. Die Kerkraad daarenteen is nie 'n regspersoon nie en neem in

verteenwoordigende hoedanigheid en slegs as bestuursliggaam namens die gemeente aan die regsverkeer deel (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:306).

Gedurende die negentigerjare het beide die NGSK en die NGKA groter bevoegdheid aan meerdere vergaderinge verleen (vergelyk Hoofstuk 45.4 en Hoofstuk 5.4.). Ook op die Stigtingsinode is groter gesag aan die meerdere vergaderings oor die plaaslike gemeentes verleen. Die Stigtingsinode het regspersoonlikheid verleen aan die Algemene Sinode, die Streeksinodes, Ringe en ander kerklike instellings soos deur die Stigtingsinode bepaal (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:39). Die Stigtingsinode het aan die Streeksinodes en Ringe die bevoegdheid verleen om regspersoonlikheid aan kerklike instellings onder hul beheer te verleen. Die Stigtingsinode het verder ook bepaal dat alle onroerende vaste bates van die bestaande Streeksinodes van die NGKA en die NGSK gevestig sal word in daardie Sinode binne wie se ressort die eiendom geleë was (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:38-40 asook en *Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:311-312, punt 3.18.1 en 3.18.2; punt 3.18.4; punt 3.22.2). Die VGKSA, Streeksinodes, Ringe en gemeentes het op die Stigtingsinode die oordrag en sessie van al die bates, regte en verpligtinge, niks uitgesluit nie vanaf die regspersone van die NGSK en die NGKA aanvaar en tree vervolgens in as die opvolger in reg en titel ten opsigte van alle bates, laste, regte en verpligtinge van die NGSK en die NGKA (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:313, punt 3.8 en *Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:50, aanbeveling 8). Met betrekking tot die verlening van volmag het die Stigtingsinode besluit dat vir die doeleindes van die oordrag en sessie van bates, regte en verpligtinge van die Algemene Sinode en Streeksinodes, Ringe en gemeentes van die

NGKA asook die Sinodes, Ringe en gemeentes van die NGSK aan die Algemene Sinode, Streeksinodes, Ringe, gemeentes van die VGKSA volmag te verleen om namens die Algemene Sinode en Streeksinodes, Ringe en gemeentes van die NGKA asook die Sinodes, Ringe en gemeentes van die NGSK, alle aksies te doen, regshandelinge te volvoer ten einde effek te gee aan die sessie wat met die besluit bewerkstellig was (*Acta VGKSA* 1994:314, punt 3.9 en *Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:50 asook *Kerkorde Streeksinode* 1994 bep 85.2).

Die gesamentlike gesprekskommissie het dit in hul verslag aan die Stigtingsinode benadruk dat dit absoluut noodsaaklik is dat albei Sinodes en al die Streeksinodes van die NGKA asook al die Ringe van die NGSK en die NGKA voordat hulle ophou om as regspersone te bestaan, deur op te gaan in 'n nuwe regspersoon, elk besluite moet neem en volledig notuleer dat hul, hul bevoegdheid aan die Stigtingsinode verleen om die regspersone tot stand te bring, dat hulle verklaar dat dit beskou sal word dat elkeen van hulle opgehou het om as regspersoon te bestaan en ontbind het op die Stigtingsinode (*Agenda VGKSA Algemene Sinode* 1994:39).

Met betrekking tot die kerkregtelike stryd tussen die VGKSA en NGKA kan 'n duidelike oorbeklemtoning van die bevoegdheid van die meerdere vergadering onderskei word. Die Algemene Sinode word onder andere beskou as die liggaam met die beslissende gesag in die kerkstruktuur. Daar word dus van die veronderstelling uitgegaan dat slegs 'n besluit (hetsy meerderheid of tweederdemeerderheid) van die verskillende Algemene Sinodes van die deelnemende kerke oor die sake rakende die

eenwording nodig is om die nuwe kerk tot stand te bring. Met die eenwording van die NGSK en die NGKA is hierdie proses gevolg en het die aanvanklike hofsak oor die eenwording die VGKSA gelyk gegee (vergelyk hoofstuk 5.4). In die daaropvolgende appèlsaak (*Nederduitse Gereformeerde Kerk (OVS), Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (Phororo en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika* saaknommer 536/96) het die regters anders beslis. In hulle uitspraak stel die regters dit duidelik dat die Algemene Sinode nie in alle sake namens die hele kerk praat nie, omdat dit in die kerk nie eenvoudig om 'n meerderheidstem gaan nie. Die regte van minderhede was nie deur die besluite op die Stigtingsinode verskans nie. Die VGKSA het van die veronderstelling uitgegaan dat die bevoegdheid tot die ontbinding van 'n gemeente of die verandering van 'n kerkverband, by die Kerkraad berus en dat die bevoegdheid om 'n konstitusie van 'n vrywillige organisasie te wysig, die bevoegdheid insluit om die vereniging te ontbind. So 'n algemene beginsel bestaan nie volgens appèlregter Vivier nie (*Nederduitse Gereformeerde Kerk (OVS), Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (Phororo en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika* saaknommer 536/96:31). Volgens Vivier (supra saaknommer 536/96:42) bevat art 34.1 en 34.5 van die NGKA se kerkorde geensins 'n stilswyende bevoegdheid tot eensydige kerkvereniging en kerkstigting nie. Die Algemene Sinode het dus nie 'n inherente of swygende mag om besluite met betrekking tot kerkvereniging te neem nie. Volgens die VGKSA se betoog by die Appèlhof, is die bevoegdheid tot kerkvereniging en stigting van 'n nuwe kerk stilswyend ingesluit in die kerkorde. Vivier is van mening dat die belydenisgrondslag van 'n kerk nie na willekeur met 'n gewone meerderheid gewysig kan word nie. Die Appèlhof het nie ondersoek ingestel of die VGK regsgeldig gestig is

nie. Beide die Streeksinode van die NGKA OVS en die Streeksinode van die NGKA Phororo het erken dat die VGKSA regsgeldig bestaan (supra saaknommer 536/96:42). Die hof se uitspraak berus op die feit dat die wysigings art 36 en 61 van die kerkorde van die NGKA wat deur die Algemene Sinode van die NGKA aangebring is om samesmelting te bewerkstellig, ongeldig was. Die hof het bevind dat afsonderlike gemeentes regsentiteite is en as sulks wettige eienaars van hul goedere, eiendomme en fondse is. Die Algemene Sinode van die NGKA (1991) het dus buite haar bevoegdheid gehandel.

Met betrekking tot die bevoegdheid van die Algemene Sinode van die NGKA om te beskik oor die voorgesette regspersoon en bates van gemeentes, het appèlregter Harmse geoordeel dat sodanige bevoegdheid nie die meerdere vergadering toeval nie:

As 'n vereniging van regspersone die bevoegdheid het om 'n konstitusie te wysig, sluit dit by noodwendige implikasie in dat die vereniging die pas vermeld beskikkingsbevoegdheid het. As die vraag in die konteks van, sê, 'n professionele of sportvereniging gevra word, is die antwoord 'n klaarblyklike nee. Byvoorbeeld, as 'n provinsiale tennisvereniging 'n blote wysigingsbevoegdheid van sy grondwet het, kan hy hom tog nie die reg toeëien om oor die bates van elke klub wat by hom geaffilieer is, te beskik nie. By 'n kerk met 'n samestelling soos die NGKA kan dit nie anders wees nie. Die Algemene Sinode kan dus nie by wyse van 'n wysiging aan die kerkorde, beskik oor die regspersoon, voortbestaan, bates en laste van enige mindere vergadering nie. Volgens die bevoegdheid van vrywillige verenigings om hul grondwet te wysig, word dit beperk tot wysigings wat redelikwys geag word binne die beskouing en bedoeling van die partye wat tydens die sluiting van die kontrak, inagnemende die aard en al die omstandighede van die kontrak.

(supra saaknommer 536/96:28)

Die besluite van die Stigtingsinode met betrekking tot eiendomsreg is ongehoord aan die Doleansiekerkreg. Artikel 84 van die DKO stel dit duidelik dat die kerke en/of ampsdraers geen heerskappy oor mekaar sal uitoefen nie. By implikasie het die \$meerdere vergadering en/of haar kommissies nie meerdere bevoegdheid oor mindere

vergaderinge nie. Die Gereformeerde kerkreg staan elke vorm van opperbestuur en heerskappy teen, maar staan die verlening van advies en hulp voor. Die Doleansiekerkreg beklemtoon dat die gesag van die meerdere vergaderinge daarop berus dat afgevaardigdes van die plaaslike gemeentes daarheen afgevaardig word. Die Doleansiekerkreg is afwysend teenoor 'n hiërargiese bestuurswyse. 'n Sinodale kommissie en of Sinode wat gevolglik as hoë bestuursliggaam optree, is ongehoord aan die Doleansiekerkreg.

Op die Stigtingsinode van die VGKSA is die *Algemene Reglement Betrekking met kerke van die NG Kerkfamilie* as reglement aanvaar (*Algemene Sinode Kerkorde* 1994:86). Volgens dié reglement is die besluit van die Algemene Sinode van die VGKSA, indien die Algemene Sinode sou besluit om met een of meer kerke binne die familie van die NG Kerke struktureel te verenig en sodanige besluit volvoer word, bindend op die Streeksinode en al die Ringe en gemeentes binne sy ressort:

Sodanige gemeentes sal juridies ontbind en hersaamstel as 'n gemeente van die verenigde kerk op daardie datum waarop die vereniging met sodanige een of meer spesifieke kerk in werking tree en vanaf welke datum alle regte, verpligtinge, bates en laste van welke aard ook al sal oorgaan en vestig in die gemeente van die verenigde kerk, en alle bekleders van ampte ingelyks sodanige ampte sal beklee in die gemeente van die verenigde kerk, en enige Reglement van Orde en Bepalinge en alle bestaande besluite geneem voor ontbinding sal *mutatis mutandis* van krag bly en sal staan as besluite van die gemeente van die verenigde kerk tot die herroeping of wysiging daarvan deur die bevoegde vergadering van die gemeente van die verenigde kerk.

(*Kerkorde VGKSA Algemene Sinode* 1994:86)

Op die Stigtingsinode het die mindere en meerdere vergadering juridies ontbind en was dit hersaamgestel as daardie vergadering soos bepaal ingevolge die *Kerkorde* van die verenigde kerk en die oorgangsbepalings. Op die Stigtingsinode het alle regte, verpligtinge, bates en laste van welke aard ook al van beide die mindere en meerdere

vergaderinge oorgegaan en was dit gevestig in sodanige vergaderings van die verenigde kerk. Die Stigtingsinode het verder ook bepaal dat die reglemente, kerkordelike bepalinge en alle bestaande besluite wat voor ontbinding geneem was sou *mutatis mutandis* van krag bly en sou staan as besluite van die sodanige vergaderings van die verenigde kerk tot die herroeping of wysiging daarvan deur sodanige bevoegde vergaderings van die verenigde kerk in soverre dit nie strydig is met enige besluit van die Stigtingsinode nie (*Kerkorde VGKSA Algemene Sinode* 1994:86).

Die *Algemene Reglement Betrekking met kerke van die NG Kerkfamilie* asook die wysiging van art 36 en 61 en besluit 1.1.34 van die NGKA Sinode 1991 is die afgelope dekade in hofsake tussen die VGKSA en NGKA oor die reg op kerkeiendomme bewys as *ultra vires*, aangesien die lokale regte dit wil sê die regte met betrekking tot eiendomme, finansies ensovoorts van die plaaslike gemeentes deur genoemde reglement en of bepalinge van die NGKA en VGKSA eensydig op die Stigtingsinode opgehef was en/of opgehef kon word (sien hoofstuk 4.5. asook hoofstuk 5.4 *Nederduitse Gereformeerde Kerk (OVS)*, *Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (Phororo)* en die *Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika* saaknommer 536/96). In die Koppies-saak (sien Hoofstuk 5.4) het regter Musi uitspraak teen die VGKSA gelewer, alhoewel die aktuaris van die Algemene Sinode, Petrus Makoko, op die hofsak die *Algemene Reglement Betrekking met kerke van die NG Kerkfamilie* ter verdediging van die VGKSA se saak, voorgehou het (*Koppies Gemeente van die NGKA–OVS en die Koppies Gemeente van die VGKSA* saaknommer 2287/1999).

Volgens bovermelde hofuitsprake het die besluite van die Stigtingsinode die selfstandigheid van die plaaslike gemeentes van beide die NGSK en die NGKA in gedrang gebring. Op die Stigtingsinode kom die aanvaarding van die *Konsep Kerkorde* en tersaaklike besluite met regsimplikasies nie slegs neer op 'n naamsverandering nie, maar kom dit uiteindelik neer op die wysiging van die regsentiteit van die onderskeie kerke (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:130).

By die Stigtingsinode, het die latere hofuitsprake getoon (vergelyk Hoofstuk 4.5.4 en Hoofstuk 5.4), het beide die deelnemende kerke se Sinodes, Streeksinodes en Ringe juridies ontbind en was die nuwe regspersone van die VGKSA aangetoon. Volgens die besluite van die Stigtingsinode was geen verdere regshandelinge van plaaslike gemeentes vereis nie, alhoewel daar tog op die Sinode 'n oordrag van regte en verpligtinge of bates bewerkstellig was. Die tyd sou leer dat al bogenoemde besluite met betrekking tot sedering van eiendomsreg van NGKA en die NGSK na die VGKSA asook alle ander besluite met betrekking tot kerkeenheid, die wysiging van die belydenisgrondslag, die eensydige ontbinding van die NGKA as afsonderlike kerk *ultra virus* was (vergelyk Hoofstuk 4.5.4 en Hoofstuk 5.4). By die VGKSA is daar 'n afwesigheid, selfs na die hofuitsprake (vergelyk Hoofstuk 4.5.4 en Hoofstuk 5.4) om die tersaaklike kerkordelike bepalinge en reglemente byvoorbeeld *Algemene Reglement Betrekking met kerke van die NG Kerkfamilie* wat betrekking het op regspersoonlikheid en/of eiendomsreg wat as *ultra vires* bewys was, kerkregtelike te beoordeel, te wysig, te amendeer, of selfs indien nodig te skrap. Veeleerder was die afgelope dekade gepoog om in weerwil van hofuitsprake voort te gaan met hofgedinge teen die NGKA

(*Kerkorde VGKSA Streeksinode* 1994 bep 85.3).

In die geval van die plaaslike gemeente, is die regspersoon gesetel in die gemeente en nie in die Kerkraad nie. Op die Streeksinode Kaapland van die VGKSA (2002) is bepaal dat die Kerkraad van die lidmate *toestemming* verkry vir handeling wat vir die lidmate gevolg het, soos die aankoop of vervreemding van eiendom, aanvaarding van finansiële verpligtinge: “Om onroerende eiendom op die gemeente se naam geregistreer te verkoop en om onroerende eiendom te koop, onderhewig aan die vooraf verkreë toestemming deur die gemeente” (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:Reglement 8. 6.2). Dié Streeksinodale bepaling bevestig dat die plaaslike gemeente ’n komplette selfstandige kerk is en dus, in terme van die gemenereg, ’n regspersoon is en dat die toestemming van lidmate nodig is vir handeling wat vir die lidmate gevolg inhou. Die meerdere vergadering het hiervolgens klaarblyklik slegs beperkte gesag en mag, wat begrens word deur die *Kerkorde*. Verder word die meerdere vergadering hierdeur beperk om hul in sake van plaaslike aard te bemoei, byvoorbeeld die bewaring en/of aanwending van gemeentelike fondse of eiendom is sake wat deur die plaaslike Kerkraad hanteer behoort te word. Die Stigtingsinode het besluit dat die Algemene Sinode regspersoonlikheid mag verleen aan enige instelling wat die kerk in die lewe roep of wat in verband met die werksaamhede van die kerk staan (punt 3.22.5 in *Acta Algemene Sinode VGKSA* 1994:312 en *Skema Algemene Sinode VGKSA* 1994:41-42). Beide die meerdere vergadering en die mindere vergadering het die reg om goedere, eiendomme en fondse te besit en te administreer (*Kerkorde VGKSA Streeksinode* bep 85.1). Alle stukke wat op die regshandeling van die Kerkraad betrekking het, word deur die voorsitter en skriba

van die Kerkraad onderteken, of deur enige ander persone aan wie die Kerkraad so 'n opdrag gee: “Alle stukke wat op die regshandelinge van die Kerkraad betrekking het word deur die voorsitter en skriba van die Kerkraad onderteken, of deur enige ander persone aan wie die Kerkraad so 'n opdrag gee” (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 85.4).

Op die Stigtingsinode is dit in die vooruitsig gestel dat reëlins met die aktekantoor getref moes word rakende die liassering van 'n algemeen dekkende besluit van die Stigtingsinode wat sou meebring dat dit nie nodig sou wees om kostes aan te gaan om al die onroerende bates van die NGKA en die NGSK oor te dra en te vestig in die name van die opeenvolgende regspersone nie (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:135). Die Kommissie van Administrasie het op die Streeksinode van die VGKSA Kaapland 1994 kennis gegee dat die liassering van so 'n algemeen dekkende besluit regstegnies nie moontlik is nie (*Acta VGKSA Streeksinode Kaapland* 1994:D3).

7.2.3. Die karakter van die kerkverband

7.2.3.1. Kerkvergaderings

Op die Stigtingsinode is die VGKSA saamgestel uit een Algemene Sinode, ses Streeksinodes, 85 Ringe, 763 gemeentes, 496 733 belydende lidmate en 542 873 dooplidmate (*Jaarboek VGKSA* 1994). Vier kerkvergaderings word in die *Kerkorde* van die VGKSA onderskei, naamlik die Kerkraad, Ring (*classis*), Streeksinodes (*Partkuliëre Sinodes*) en die Algemene Sinode (*Landelike Sinode*) (vergelyk DKO art 29). In die vier kerkvergaderings word die verband tussen die gemeentes sigbaar tot uitdrukking gebring

(*Kerkorde VGKSA Algemene Sinode* 1994: artikel 8). Na gelang van die omstandighede kan die Sinodes 'n nouer of breër karakter aanneem. Op die Stigtingsinode was ses Streeksinodes goedgekeur, naamlik Noord-Transvaal, Suid-Transvaal, Oranje-Vrystaat, Kwa-Zulu Natal, Phororo (Noord-Kaapland) en Kaapland (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:23). Die Ring van Namibië, bestaande uit elf gemeentes, het op die Stigtingsinode besluit om by Kaapland in te skakel (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:300). Op die tweede Algemene Sinode van die VGKSA te Mooigenoeg, Bloemfontein (1997) is toestemming verleen dat die elf VGKSA gemeentes in Namibië met die gemeentes van Evangeliese Gereformeerde Kerk in Afrika (=EGKA) as 'n aparte Sinode kon konstitueer.³ Die VGKSA het met die *Reglement vir inlywing van gemeentes uit ander kerke* daarvoor voorsiening gemaak dat gemeentes buite kerkverband wel by die VGKSA ingelyf kan word (*Kerkorde VGKSA Streeksinode* 2004:182). EGKA het op grond van die *Reglement vir inlywing van gemeentes uit ander kerke* gedurende 1997 met die VGKSA verenig (Lombard en Hunter 1995:32). Volgens dié *Reglement* kan gemeentes wat verlang om by die VGKSA ingelyf te word, aansoek om inlywing by die naaste Ring doen. Die *Reglement* bepaal dat aan die betrokke Ring van die VGKSA moet, alvorens daar tot inlywing oorgegaan word, op 'n

³ EGKA het op 3 Julie 1975 as gevolg van die sendingaksie van die NGK in Namibië (toe bekend as Suidwes-Afrika) tot stand gekom. Die teologiese skool te Orumana, in Kaokoland, was die sentrum van die sendingaksie. Werkkringe is aanvanklik gestig. Later was volwaardige gemeentes te Orumana asook Takuasa in Kavango en Onuno in Ovambo gestig (Lombard & Hunter 1995:21-22): "Vandag kan ons maar prout sê dat EGKA die negende apartheidskerk van die NGK geword het, en soos ander swart kerke, is EGKA ook met 'n volle blanke moderatuur begin, en was sendelinge slegs ampshalwe "lidmate" van die nuwe kerk" (Lombard & Hunter 1995:22). Die NGK het die teologiese opleiding beheer, was die besitters van die eiendom van EGKA, het EGKA totaal finansiële beheer en het eensydig besluite geneem, byvoorbeeld sonder enige sinodale besluite of kerkregtelike wysigings het die NGK se kommissie vir teologiese opleiding besluit om evangeliste op te gradeer tot predikantstatus (Lombard & Hunter 1995:26). Die besluite het volgens ds Tingaete, 'n predikant van EGKA, groot ongelukkigheid by EGKA veroorsaak, aangesien die kerkregtelike prosedures en selfregering daardeur in gedrang gebring was (Lombard en Hunter 1995:26). Die NGK het ook eensydig, sonder selfs konsultasie van die EGKA moderamen, die EGKA verdeel in vier streke, te wete Ovambo, Kavango, Sentraal en Oos (Lombard & Hunter 1995:26-27). Die NGK het in 1991 toestemming verleen, sonder om die Algemene Vergadering van EGKA in die besluit te ken, dat EGKA Oos by die NGK kon aansluit (Lombard & Hunter 1995:28). Op die Sinode van EGKA (1991) was dit sterk beklemtoon dat EGKA 'n outonome kerk met 'n eie struktuur is: "Daar is ook vergaderings (Kerkraad, Streeksinode en Algemene Sinode) waar belangrike besluite geneem word. Ons voel egter dat hierdie strukture gerespekteer moet word. Wanneer daar oor iets gepraat word wat die EGKA raak, moet EGKA in die saak geken word. Die eensydige NGK besluite moet ophou en daar moet erns gemaak word met gesprekke met EGKA" (Lombard & Hunter 1995:32).

wyse wat vir die Ring voldoende is, bewys gelewer word dat alle vereistes met betrekking tot uittrede uit die kerkverband nagekom is. Ingeval van gemeentes buite die kerkverband byvoorbeeld die RCA, NGKA en NGK moet die betrokke Kerkraad skriftelik bewys lewer dat hul met 'n tweederdemeerderheidsbesluit hul belydenisgrondslag indien dit anders is as dié van die VGKSA gewysig het. Die Kerkraad moet ook met 'n tweederdemeerderheidsbesluit die *Kerkorde* van die VGKSA aanvaar en by wyse van 'n plegtige verklaring die gemeente daaraan verbind en onder die toesig daarvan plaas. Die inlywing kan egter nie voltooi word voordat die toestemming van die Algemene Sinodale Kommissie/Algemene Sinode verkry is nie. Die Ringskommissie handel volgens die *Reglement* op las van die Ring die inlywing af ná die bepaling van grenslyne. Sodra die inlywing geskied het, verwittig die skriba van die betrokke Ring die scriba sinodi van die inlywing van die betrokke gemeente, vermeld die naam, grenslyne, name van die diensdoenende kerkraadslede, konsulent en die naam van Ring waaronder die ingelyfde gemeente ressorteer, wat dit in die amptelike organe van die Kerk sal publiseer. Die ressort van 'n gemeente word deur 'n Ring bepaal, die ressort van 'n Ring deur 'n Streeksinode en die ressort van 'n Streeksinode word op voordrag van die Streeksinode deur die Algemene Sinode bepaal (*Kerkorde Streeksinode 2006: art. 9.8 en 10.6*).

- 48.1 As uitdrukking van die kerkverband en met die oog op behoorlike kerklike dissipline word naburige gemeentes onderling tot Ringe gegroepeer.
- 48.2 Wanneer 'n Ring dit nodig ag, kan tot verdeling van die ressort en/of wysiging van sy omvang oorgegaan word. Genoemde verdeling en/of wysiging kan nie sonder die goedkeuring van die Streeksinode geskied nie.

(*Kerkorde Streeksinode 2006: bep 48*)

Op Algemene Sinode van die VGKSA (1997) is die aansoek van die EGKA om met die

VGKSA te verenig met 'n tweederdemeerderheid goedgekeur, aangesien hul al die vereistes van bovermelde Reglement nagekom het (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1997:57). Die Algemene Sinode van EGKA (1995) het besluit om een te word met die VGKSA en het ook met 'n tweederdemeerderheid die *Belydenis van Belhar* in beginsel goedgekeur en het die besluit na die onderskeie Streeksinodes van EGKA verwys vir finale goedkeuring (Lombard en Hunter 1995:32 en *Skema VGKSA Algemene Sinode* 1997:57). Alle gemeentes en predikante van EGKA het hul bereid verklaar om een te word met die VGKSA. Alle kerklike vergaderinge van EGKA (Kerkrade, Streeksinodes en Algemene Sinode) het 'n ontbindingsklousule aanvaar waarin voorsiening gemaak is vir die ontbinding van EGKA, die vereniging van die VGKSA, asook die oordrag van eiendomme, bates en laste van die onderskeie regspersone na die ooreenstemmende regspersone van die VGKSA. EGKA het ook die *Kerkorde en Reglemente van die VGKSA* se Algemene Sinode as basis vir kerkvereniging aanvaar (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1997:423-424). Op voetspoor van die Doleansiekerkreg erken die EGKA hierdeur die gesag van die Kerkraad van die plaaslike gemeente, wat nie op die meerdere vergadering oorgedra kan word nie nog minder op 'n ander kerk asook die vrywillige karakter van die kerkverband. Op die Algemene Sinode van die VGKSA (1997) was EGKA se aansoek met die vereiste tweederdemeerderheid goedgekeur (1997:496). Die ondertekening van die *Akte van Eenwording* tussen die VGKSA en die EGKA het tydens dieselfde Sinode plaasgevind (*Acta Algemene Sinode VGKSA* 1997:426).

Die Stigtingsinode van die VGKSA (1994) het verder ook besluit dat die Ringe van die

NGSK en die NGKA binne bepaalde geografiese grense saamsmelt en het die grense van sodanige Ringe bepaal (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:300). Al die gemeentes van die twee kerke binne 'n betrokke gebied sou deel uitmaak van een Ring (*Skema VGKSA Algemene Sinode* 1994:22). Wysigings of verdeling van die Ring kan volgens bep. 48.2 nie sonder goedkeuring van die Streeksinode plaasvind nie. Slegs die Ring het volgens bep 54.4 die reg om 'n gemeente op te hef (*Kerkorde Streeksinode VGKSA* 2002:bep 48). Sodanige opheffing vind egter plaas met inspraak van die plaaslike gemeente.

Die beginsel van die breë verband (Streeksinodes en Algemene Sinode) word as primêre uitgangspunt by die opstel van die *Kerkorde* aanvaar (*Skema Algemene Sinode VGKSA* 1994:8). Die afvaardigings van die NGKA en die NSKK het in 'n *Beginselverklaring* verklaar dat dit hul gemeenskaplike oortuiging is dat die Bybelse leer oor die eenheid van die kerk en die Gereformeerde opvatting oor sigbare eenheid van die kerk gestalte moet vind in die een NGkerkverband wat volgens die Gereformeerde kerkreg georganiseer is (*Skema Algemene Sinode VGKSA* 1994:10).

Die kerkverband dra by die VGKSA op die voetspoor van die Doleansiekerkreg, 'n konfederatiewe karakter en kom tot stand deur die vrywillige aansluiting van die plaaslike kerke. Die plaaslike gemeentes van die VGKSA tree vrywillig toe tot die kerkverband en is derhalwe verplig tot die aanvaarding van besluite van die meerdere vergadering en/of hulle aan sinodale gesag te onderwerp, maar gee daardeur nie die selfstandigheid van die plaaslike gemeente prys nie. Niemand, geen kerk of staatsmag

kan 'n kerk dwing om in kerkverband te tree nie. In die kerkverband behou die plaaslike gemeente haar vryheid en is volkome gelyk met ander gemeentes. Sonder die vrywillige aansluiting is die kerkverband nie moontlik nie. Die VGKSA beskou die kerkverband as noodsaaklik, vanweë die innerlike eenheid van die kerk van Christus. Die kerkverband het egter geen absolute bindende krag nie. Uittrede uit die kerkverband is moontlik soos dit duidelik blyk uit die hofsake tussen die VGKSA en die NGKA sedert 1996 (vergelyk Hoofstuk 4.5.4 en Hoofstuk 5.4). Talle gemeentes het sedert 1996 buite die VGKSA verband getree en het as die voorsetting van die NGKA gekonstitueer.

Die plaaslike kerk, by die VGKSA, as sigbare instituut gaan die kerkverband vooraf. As uitdrukking van die eenheid van die kerk, kom die gemeentes van die VGKSA, kragtens die bevel van Christus om mekaar te dien, in kerkvergaderings saam by wyse van verteenwoordiging, met die oog op gesamentlike beraadslaging oor sake wat al die gemeentes raak. In die meerdere vergadering kom die afgevaardigdes, met geloofsbriewe, van die plaaslike gemeentes byeen. Aan afgevaardigdes word slegs sittingreg en stemreg verleen op meerdere vergaderinge, indien hul in besit is van geldige geloofsbriewe (*Kerkorde Streeksinode VGKSA 2002:bep 45.1 en 45.2*). Die Kerkraad van elke gemeente binne die Ringsressort vaardig hul leraar en 'n kerkraadslid af na die Ringsvergadering. Indien die gemeente meer as een leraar het, vaardig die gemeente al die diensdoenende leraars en 'n gelyke getal kerkraadslede af na die Ringsvergadering (*Kerkorde Streeksinode VGKSA 2002:bep 49.1-49.4*). 'n Vakante gemeente vaardig óf 'n ouderling, óf 'n diaken óf 'n evangelis na die Ringsvergadering af, dit wil sê slegs een afgevaardigde. Afgevaardigdes na die Streeksinode tree op as die wettige lede van die

Ringsvergadering wat tydens die vergadering van die Streeksinode konstitueer en fungeer tot by die eersvolgende Ringsvergadering (*Kerkorde Streeksinode VGKSA 2002:bep 49.1-49.4*). Bep 56.1 tot 56.3 dui aan dat die Kerkraad van elke gemeente binne die ressort van die Streeksinode sy leraar en 'n kerkraadslid na die vergadering van die Streeksinode afvaardig. Indien die gemeente meer as een leraar het, vaardig die gemeente al hul leraars en 'n gelyke getal kerkraadslede af na die vergadering van die Streeksinode. 'n Vakante gemeente vaardig óf 'n ouderling óf 'n diaken óf 'n evangelis na die vergadering van die Streeksinode af, dit wil sê, slegs een afgevaardigde.

7.2.3.2. Die kerkverband en die belydenisgrondslag

Die VGKSA vind ook 'n noue aansluiting by die Doleansiekerkreg in hul sterk aksentuering van die belydenis as akkoord van kerklike gemeenskap. Die feit dat die NGSK vier belydenisskrifte teenoor die drie van die NGKA het, het die Gesamentlike Gesprekskommissie (=GGK) genoodsaak om selfs regsmenting oor die saak voor die kerkeenwording in te win. Daar was gevolglik besluit om die *Belydenis van Belhar* op die Stigtingsinode by die *Konsep Kerkorde* te voeg (*Skema Algemene Sinode VGKSA 1994:8*). Die belydenisgrondslag van die VGKSA word in art 2 van die *Kerkorde* soos volg omskryf:

Die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika aanvaar die ekumeniese belydenisse, te wete die Apostoliese Geloofsbelydenis en die Belydenisse van Nicea en Athanasius; kragtens die kerk se eie oorsprong, glo die kerk ook dat die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls suiwer uitdrukking aan die kerk se geloof gee soos dit deur die geskiedenis oorgelewer is; die Kerk aanvaar verder die Belydenis van Belhar soos wat dit tans van dié kerk in die Suider-Afrikaanse situasie vereis word.

(*Kerkorde Algemene Sinode VGKSA 1994:art 2*)

Die VGKSA aanvaar dat die taak van die kerk in belydenisvorming nie afgehandel is nie. In die toekoms mag veranderde omstandighede en 'n beter verstaan van die Woord van God lei tot die aanvaarding van verdere belydenisskrifte, of die wysiging van bestaande belydenisskrifte. Die VGKSA gaan van die veronderstelling uit dat kerkeenheid alleen moontlik is by kerke wat 'n gemeenskaplike belydenis het. Gods Woord, die belydenis en die kerklike verordenings is die akkoord van kerklike gemeenskap. Wie nie volgens die akkoord handel nie, kan nie as lid van die VGKSA erken word nie (*Acta Algemene Sinode VGKSA* 2005:8). Die belydenis vorm die basis van die kerkverband. Die VGKSA erken die geestelike outonomie van die plaaslike kerk en dat plaaslike kerke met mekaar in verband staan op grond van hul belydenis. Al die kerkvergaderinge is verbind aan 'n interne verbandsreg wat in die Bybel, belydenisskrifte en kerkorde opgesluit.

Die VGKSA beklemtoon ook die konfessionele integriteit van alle ampsdraers. Die Kandidate tot die Heilige Diens word deur die Kuratorium met kennisgewing aan die Permanente Regskommissie van die Algemene Sinode gelegitimeer, nadat hulle 'n legitimasië-akte waaruit hul verbondenheid aan die Formuliëre van Enigheid - naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis (*Confessio Belgica*), die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls en die *Belydenis van Belhar* (1986)- duidelik blyk, onderteken het. Die onderskrywing van die belydenisskrifte is dus verpligtend by die VGKSA. In die legitimasië-ëed verklaar die Kandidate tot die Heilige Diens in alle opregtheid voor die Here en bevestig dit met hul handtekening, dat hul van harte glo dat al die artikels en stukke van die bogenoemde leer ooreenkom met God se Woord en belowe hul om die

genoemde leer te leer en in hul wandel getrou te handhaaf, sonder om iets teen dié leer, hetsy regstreeks of onregstreeks te leer of te skrywe. Hulle verwerp ook daarmee alle dwalinge wat teen die leer stry, en beloof om dit te weerlê, teë te spreek en alles in hul vermoë te doen om dit uit die kerk te weer (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002: Reglement 16).

7.2.3.3. Die kerkverband en kerkeenheid (2000-2008)

Sedert 2001 vind daar 'n gaandeweg terugkeer tot die *oud kerkrecht*, met die sterk klem op die selfstandigheid van die plaaslike gemeente, die konfederatiewe karakter van die kerkverband asook die beperkte gesag en bevoegdheid van die meerdere vergadering plaas. Dit blyk duidelik ondermeer in die kerkherenigingsgesprekke. Met die oog op kerkhereniging het etlike Konvente tussen die NGK en VGKSA gedurende 2001 tot 2007 plaasgevind. Die eerste Konvent tussen die NGK Wes en Suid-Kaap Sinode, NGK Oos Kaap Sinode en die VGKSA Streeksinode Kaapland het op 24 en 25 Julie 2001 te Hawekwa, Wellington plaasgevind. Met Konvent word voorveronderstel dat die vergaderde kerke nie selfstandige liggame of strukture met eie bevoegdheid naas of buite die deelnemende kerke om is nie. 'n Konvent in teenstelling met 'n Kerkraad, Ring, Sinode is immers 'n byeenkoms van persone uit kerke wat nie in dieselfde sin afgevaardigdes van die deelnemende kerke is nie en daarom ook nie die bevoegdheid het om besluite te neem wat sonder meer bindend is op die kerke waaruit hul kom nie (*Notule Konvent* 2001:3). Die deelnemers van die twee kerke kon wel vooraf oor sekere beginsels wat in die Konvent gehandhaaf en uitgebou moes word, ooreen kom. Die Konvent kon uitsprake en verklarings oor sake van gemeenskaplike belang maak met

verslag aan die onderskeie deelnemende Sinodes. Die outonomieit van die beide die NGK en VGKSA was dus nie deur die Konvente ingeboet nie (*Notule Konvent* 2001:3). Die Konvente is saamgestel uit die moderature van die deelnemende Sinodes van die NGK en die VGKSA plus vier lede soos aangewys deur die Sinodale Kommissies van die VGK, en een leraar en twee kerkraadslede uit elke Ring van die twee NGK Sinodes en twee leraars en twee kerkraadslede uit elke Ring van die VGK Sinode. (*Streeksinode Kaapland Kerkorde* 2002:Reglement 40). Die besluite van die Konvent moes afsonderlik deur elke deelnemende Sinode bekragtig word alvorens dit bindend op die betrokke Sinode is. Die Konvent kan egter uitsprake en verklarings oor sake van gemeenskaplike belang maak met verslag aan die Sinodes (*Streeksinode Kaapland Kerkorde* 2002: Reglement 40). Die Konvente het dus slegs beperkte besluitnemingsbevoegdheid gehad aangesien die besluitnemingsbevoegdheid by die meerdere vergaderinge van die deelnemende kerke gelê het.

Op die Konvent van Hawekwa is die drie oud-kerklike Ekumenies simbole, die Drie Formuliere van Enigheid en die *Belydenis van Belhar* as basis en riglyn vir sy gesprek oor kerkeenheid geneem (*Notule Konvent* 2001:3). Die Konvent het ook aanbeveel dat die *Belydenis van Belhar* ingesluit word in die belydenisgrondslag van 'n groter verenigende kerk op 'n wyse wat die eenwordingsproses dien en dat die Uitvoerende Komitee van die Konvent inisiatief neem in die daarstelling van 'n gesamentlike en eietydse uitleg van die *Belydenis van Belhar*. Dit geskied met die oog op 'n gesamentlike erkenning dat die ware Christelike geloof daarin vervat is, wat uiteindelik tot 'n gesamentlike belydenis daarvan aanleiding kan gee. Die Konvent aanvaar die

moontlikheid dat in die lig van nuwe geloofsuitdagings 'n nuwe Verenigde Kerk tot verdere geloofsuitdrukking sou kon kom (*Notule Konvent* 2001:3). Na die Konvent in 2001 het verskeie werkgroepe en *ad hoc* kommissies in samewerking met die Uitvoerende Komitee van die Konvent oor sleutelaspekte ten opsigte van Kerkhereniging navorsing gedoen. Die VGKSA beklemtoon op die Konvent dat die plaaslike kerk die uitgangspunt vir hul kerkregering is en dat hierdie plaaslike kerke konfederatief verbonde word op grond van 'n kerkorde en 'n belydenisgrondslag.

Op die tweede Konvent wat op 22 en die 23 Junie 2004 te Brackenfell plaasgevind het, is etlike studiestukke onder bespreking gebring.⁴ Uit die studiestukke blyk dit dat die VGKSA volledige organiese kerkeenheid voorstaan, wat beteken dat daar op alle vlakke, dit wil sê gemeentelike, Rings- asook Sinodale vlak, volledige eenwording moet kom. Die VGKSA aksentueer onder andere die konfederatiewe karakter van die kerkverband en die plig om die verband aan te gaan en in stand te hou. Die VGKSA staan afwysend teenoor strukturele eenheid buite die *Belydenis van Belhar* en keur enige vorm van leervryheid af. Die VGKSA beklemtoon dat die eenheid van die kerke in hul gemeenskaplike belydenis lê en dat die konfederatiewe verband met die gemeente vrywillig aangegaan word en dat daardeur geen nuwe kerk ontstaan nie. Die Konvent stel op aandrang van die VGKSA die volgende as die belydenisgrondslag van 'n nuwe herenigde kerk voor:

⁴ Die volgende studiestukke was bespreek: Die kerkregtelike vereistes vir eenwording volgens die Kerkorde van die VGKSA (n Inset vanuit VGK-perspektief), Model vir kerkeenheid VGKSA en die NGK (n Inset vanuit VGK-perspektief), Kerkregtelike beoordeling en / of Besluitnemingsbevoegdheid van die eenheidsinode (n Inset vanuit VGK-perspektief), Kerkordelike sake ter sprake by die eenwording van die VGK en die NG Kerk (n Inset vanuit NGK-perspektief), Opmerkings oor die Belydenis van Belhar (n Inset vanuit die werkgroep vir die eietydse uitleg van die Belydenis van Belhar), Inleidende opmerkings by die Begeleidende Brief - Belydenis van Belhar (n Inset vanuit die werkgroep vir die eietydse uitleg van die Belydenis van Belhar), Kerkordelike riglyne vir die herenigingsproses tussen die VG Kerk en NG Kerk vanuit 'n NG Kerk-perspektief, 'n Model vir 'n herenigende kerk tussen die VG Kerk en die NG Kerk vanuit 'n NG Kerk perspektief, 'n Model vir 'n gesamentlike Sinode tussen die Sinodes van NG Kerk Wes- en Suid-Kaapland NG Kerk Oos-Kaapland en VG Kerk Kaapland vanuit 'n NG Kerk perspektief (www.ngkok.co.za).

1. In die belydenisgrondslag van die nuwe herenigde kerk is die Belydenis van Belhar 'n volwaardige vierde belydenis saam met die Drie Formuliere van Eenheid, die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.
2. Dit impliseer dat van predikante en proponente van die nuwe herenigde kerk verwag sal word om hierdie belydenisgrondslag te onderteken.
3. Indien gemeentes en predikante met eenwording nie dadelik gereed voel om Belhar as belydenisskrif te aanvaar nie, word voorgestel dat 'n pastorale pad van gesprek en begeleiding met die oog op die aanvaarding van die belydenis gevolg word.
4. Die Konvent spreek die wens uit dat sover moontlik alle lidmate van die familie meegeneem sal word op die pad van eenwording. Ons versoek die kerke om alles in hul vermoë te doen om dit te bereik juis omdat die Woord van God ons oproep om die eenheid van alle gelowiges te bewaar en te koester.

(*Agenda Konvent Brackenfell 2004:5*)

Die volgende voorstel oor 'n model vir kerkeenheid dien voor die vergadering en word die besluit van die vergadering:

1. Die gewone presbiteriale struktuur van 'n gemeente, ring, streeksinode en Algemene Sinode word gevolg.
2. Ten opsigte van gemeentes word 'n spontane proses van herrangskikking voorgestel waarby plaaslike omstandighede en geleenthede 'n sterk rol sal speel – met die onderneming dat gemeentes nie van buite in prosesse ingedwing sal word nie. Plaaslike kerkrade behou dus die besluitnemingsbevoegdheid oor die inrigting van die plaaslike gemeente. In die besluit word rekening gehou met die unieke aard van gemeentes.
3. Vanaf gemeente tot Algemene Sinode vorm dit organies een kerkverband.
4. Streeksinodes en ringe moet toesien dat strategieë uitgewerk word om gemeentes nader aan mekaar te bring, asook strategieë vir die vorming van nuwe gemeentes.
5. Die model moet rekening hou daarmee dat bydraes van ander rolspelers in die familie van kerke noodwendige invloed sal hê in die formulering van toekomstige eenheidsmodelle

(*Agenda Konvent Brackenfell 2004:5*)

In 2005 het die Algemene Sinode van die VGKSA die *Reglement vir die kombinasie van werksaamhede van gemeentes, Ringe en Sinodes asook kommissies van Sinodes uit verskillende kerkverbande* goedgekeur (*Skema Algemene Sinode 2005: 471-472*). Daardeur was gepoog om die kombinerings en/of amalgamerings van werksaamhede van die deelnemende kerke kerkregtelik te bestuur. Die bedoeling van dié Reglement was egter nie gemik op kerkhereniging nie, maar was daarop gemik om voetspoor van die Samen op Wegproses die amalgamering van werksaamhede van die deelnemende kerke kerkordelik te reël.

Op 22 tot 25 Junie 2006 te Esselenpark het die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) van die VGKSA en die Moderamen van die NG Kerk (die uitgebreide uitvoerende komitees) vergader. Dit was 'n historiese byeenkoms – die eerste keer dat so 'n groot groep uit die leierskap van die twee kerke saam vergader het. Aan die einde van die vergadering het die leiersgroep hul eenparig verbind om hul kerke daadwerklik te begelei in 'n proses van eenwording. Daar was beoog om die proses binne drie jaar te voltooi (*Esselenpark Verklaring* 2006:1). In die praktyk kon die ideaal weens talryke kerkregtelike problematiek nie verwesenlik word nie. Die Algemene Sinodale Kommissie van die VGKSA en die Moderamen van die NG Kerk het in die vooruitsig 'n nuwe, organies-verenigde, gereformeerde kerk, georganiseer volgens sinodale presbiteriale beginsels, wat missionêr leef en verbind is aan die Bybelse opdragte van liefde, versoening, geregtigheid en vrede gestel (*Esselenpark Verklaring* 2006:1). In die gees van versoening en ondersteuning van mekaar op die weg na hereniging het die ASK van die VGKSA die oortuiging uitgespreek dat die hantering van die *Belydenis van Belhar* nie 'n struikelblok in weg van hereniging moet wees nie. Hulle volledige besluit lui as volg:

Ons aanvaar die uitdaging om binne drie jaar een verenigde kerk te wees. In die verband mag die Belhar Belydenis nie as voorwaarde vir eenheid geld nie. Die boodskap van Belhar sal steeds vir ons die inspirasie en gids wees vir beide die proses tot en die formasie van die nuwe kerk. In lyn met die besluite van beide die kerke sal die Belydenis van Belhar 'n volwaardige belydenisskrif van die nuwe kerk wees en sal ons saamwerk om die kerk te help om te groei tot 'n volledige aanvaarding van die belydenis. Ons sal die besluit vir volledige goedkeuring na ons volgende Sinode neem.

(*Esselenpark Verklaring* 2006:2)

Aangesien die meerdere vergadering slegs bindende besluite kan maak tensy dit nie strydig is met die Woord van God of die *Kerkorde* nie, het die ASK van die VGKSA besluit om hul besluit met betrekking tot die belydenisgrondslag van die verenigde kerk

vir ratifisering aan die eersvolgende Sinode te lê. Die VGKSA beklemtoon op voetspoor van die *oud kerkrecht* hierdeur dat alle kerklike vergaderinge gelyk is en dat die ASK dus haar besluit met betrekking tot die belydenisgrondslag nie aan die mindere kerklike vergaderinge kan opdring nie of oor hulle heers nie.

Op Woensdag 16 Augustus 2006 het 'n multi-laterale gesprek oor kerkeenheid tussen moderature van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika,⁵ die Verenigde Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika,⁶ die Reformed Church in Africa⁷ en die Nederduitse Gereformeerde Kerk⁸ in die Sinodale Sentrum Bloemfontein plaasgevind waartydens al vier moderature hul eenparig verbind het tot kerkeenwording (*Multi-laterale gesprek* 2006:1-5). In 'n gees van Christelike liefde het die partye mekaar om verskoning gevra vir die baie onregte wat hulle mekaar in die verlede aangedoen het. Al die partye het hierdie verskonings onvoorwaardelik aanvaar. Die vier Moderature het eenparig 'n verbondsverbintenis aangegaan ten opsigte van die hereniging van die NG Kerk-familie (*Multi-laterale gesprek* 2006:1-5).

Van 6-8 November 2006 het 127 verteenwoordigers van die RCA, VGKSA, NGKA en NGK by Achterbergh naby Krugersdorp byeengekom om te praat oor die kerkhereniging van die familie van NG Kerke en hoe dit in praktyk gestalte kan kry (*Achterbergh I Verklaring* 2006:1). Vier taakspanne, te wete Konfessionele basis, Model, Gesamentlike projekte en Versoening, bestaande uit gelyke verteenwoordigers van al vier deelnemende kerke was aangewys om verskillende aspekte van die eenheidsproses uit te

⁵ Di Mochudi Lebone, Johannes Ramolahlehi, dr Sarel Corrie, Andries Hoffman.

⁶ Prof Thias Kgatla, dr Allan Boesak, di Petrus Makoko, Collin Goeiman, David Malete, P Moloi.

⁷ Di Victor Pillay, Bennett Shunmugam, Maniraj Sukdaven.

⁸ Prof Piet Strauss, dr Coenie Burger, Nelus Niemandt, Kobus Gerber, Ds Elsje Büchner.

werk. In sy toespraak tydens die vergadering het die moderator van die VGKSA, prof Thias Kgatla, dit onomwonde gestel dat die VGKSA nie langer in siviele gedinge met die NGKA oor kerkeiendomme betrokke wil wees nie:

Because we have resolutely committed ourselves to the process of reunification within the DRC family we have met with our leaders in the Synods of Free State and Phororo together with the DRCA leadership on 1 September 2006 in Bloemfontein and told them what we had promised to the DRCA leadership; to advise them not to take their brothers and sisters in the DRCA to court. If their brothers and sisters from the DRCA drive them out of their buildings they should leave the buildings peacefully. We are proud to announce here today that our Regional Synod of Free State has responded to our advice by unconditionally accepting it. In its recent Regional Synod sitting they have taken Synod decision to effect the advice of the moderator. No more will URCSA congregations settle their differences with DRCA congregations in worldly courts.

(Agenda Achterberg 1 Nov 2006:1-6)

Van dié visie om die geskil minlik by te lê, het in die praktyk nie veel tereg gekom nie aangesien die plaaslike gemeentes as outonome regsentiteite verkies het om voort te gaan met die hofgedinge teen die NGKA. Die Kerkrade behou immers volgens die *oud kerkrecht* die mag om hul gemeentes selfstandig te bestuur en die meerdere vergaderings mag haar nie met die bestuur van die plaaslike gemeente bemoei nie. Reeds op 28 Julie 2003 het mediasie-verrigtinge met betrekking tot die ongeveer veertig dienende sake onder die voorsitterskap van appèlregter Fritz D J Brandt plaas gevind. (NGKA – verskeie gemeentes en die VGKSA – verskeie gemeentes Hooggeregshof SA saaknr 2003) plaasgevind. Senior advokaat C Ploos van Amstel het die VGKSA verteenwoordig. Daar was deur en tussen die partye ooreengekom dat verskillende kategorieë van geskilpunte deur die onderskeie regsverteenwoordigers geïdentifiseer sou word en 'n mediator aangewys sou word wat die goedkeuring van al die betrokke partye wegdra om op grondvlak met elk van die gemeentes te onderhandel en 'n verslag

uit te bring aangaande die feite wat in elke gemeente geld. Van die ooreenkoms het nie te veel tereg gekom nie.

Op die multilaterale gesprek tussen die VGKSA, RCA, NGKA en die NGK wat op Maandag 2 April 2007 met 'n span regkundiges, bestaande uit het regters Ronnie Hendricks, Steven Majiedt, Fritz D J Brandt, Deon van Zyl asook senior advokate Johan Du Toit en C Ploos van Amstel, plaasgevind het, is die besluitnemingsbevoegdheid van meerdere vergaderings met betrekking tot kerkeenheid, die wysiging van die belydenisgrondslag van die kerk, die opsegging van die kerkverband, die opheffing van gemeentes asook die verandering van eiendomsreg van mindere vergaderinge op sinodale vlak sonder inspraak van die plaaslike gemeentes sonder meer afgewys (*Notule Sinodale Kommissie* 2007:1-4 ook *URCSA News* Desember 2007:4). Op voetspoor van die *oud kerkrecht* beklemtoon die regspan dit dat 'n kerk of 'n vereniging van kerke nie die plaaslike gemeentes kan dwing tot toetrede of uittrede tot die kerkverband nie. Ook die aansoek doen om 'n Privaat Wetgewing by die parlement om sodoende gemeentes wetlik te dwing om te verenig of andersyds met opgaaf van hul reg op eiendom uit die kerkverband te tree, was deur die regspan afgewys en 'n federale model geskoei op Gereformeerde kerkregtelike beginsels is deur die regspan voorgestel (*Notule Sinodale Kommissie* 2007:1-4).

Alreeds gedurende 1978 het beide die NGKA asook die NGSK teen 'n federale model besluit. Die kerkeenheidsmodel wat die VGKSA voorhou is die opgee van outonomieit van die onderskeie sinodes en die opgaan in een kerkverband. Naas die beginsel dat

die selfstandigheid van die plaaslike gemeentes gehandhaaf moet word, staan ook die beginsel dat die plaaslike gemeentes nie op hul eie moet staan nie, maar in 'n kerkverband moet verenig met die belydenis as akkoord. Die VGKSA staan organisatoriese eenheid voor. Die VGKSA beweeg van die veronderstelling uit dat hul of in een kerkverband met byvoorbeeld die NGK tree of dat hul en die NGK aan verskillende kerkverbande behoort. Die regspan daarteenoor beveel egter 'n federale model voor gebaseer op Gereformeerde kerkregtelike beginsels (*Notule Sinodale Kommissie* 2007:1-4 ook *URCSA News* Desember 2007:4).

Die vier taakspanne wat tydens Achterbergh I aangewys was, bestaande uit twee lede van elke kerk per taakspan, het op 31 Januarie tot 1 Februarie 2007 vergader. Die taakspanne het daarna ook telefonies vergader met die oog op die afronding van hulle werk vir die Achterbergh II-byeenkoms. Tydens die Achterbergh II-byeenkoms gehou 23-25 April 2007 was die sake verder bespreek in uitgebreide taakspanne waarin al vier die kerke verteenwoordig was. Die vergadering het konsensus oor die konfessionele basis, model en gesamentlike projekte bereik (*Achterbergh II Verklaring* 2007:1-5). Die verslag oor Versoening is na 'n hewige debat na die Interimkomitee vir Kerkhereniging verwys (*Achterbergh II Verklaring* 2007:5-10).

Met betrekking tot die konfessionele basis is die volgende as die eerste punte van akkoord tussen die vier kerke aanvaar (*Achterbergh II Verklaring* 2007:1):

- i. Die *Belydenis van Belhar* moet nie 'n voorwaarde vir kerkeenheid wees nie.

- ii. Gesprek tussen die vier kerke word voortgesit met die oog daarop om ooreenkoms te bereik oor die Bybelse inhoud van *Belydenis van Belhar* en om 'n gesamentlike kommentaar daarop te skryf. Dit sal dit moontlik maak dat die Bybelse inhoud van *Belydenis van Belhar* in 'n nuwe kerkverband gepreek, onderrig en in die bediening gebruik kan word.
- iii. In die vorming van 'n nuwe kerkverband moet die belydenisgrondslag al vier kerke, Sinodes en gemeentes akkommodeer sonder om enigiemand te forseer om *Belydenis van Belhar* te aanvaar of daarvan afstand te doen.
- iv. Die waarde wat *Belydenis van Belhar* as 'n belydenis vir die VGKSA het, word respekteer.
- v. In 'n nuwe kerkverband word *Belydenis van Belhar* as vierde belydenisskrif in die belydenisgrondslag ingesluit, maar dit sal nie van leraars of lidmate wat nie gereed of gewillig is verwag word om dit te onderskryf (aanvaar) as 'n belydenisskrif nie.
- vi. Die groei na 'n volle aanvaarding van *Belydenis van Belhar* is 'n integrale deel van die prosesse van die nuwe kerkverband.

Die laaste twee punte gee die eenstemmigheid tussen die VGKSA en die NG Kerk deur. Die RCA en die NGKA is gewillig om dit te oorweeg nadat deelgeneem is aan die proses in pt ii hierbo ooreengekom.

Met betrekking tot die model is eenstemmigheid bereik (*Achterbergh II Verklaring* 2007:1-2):

- i. Dat die plaaslike kerk ten volle kerk van God is, maar dat dit nooit as kerk in isolasie bestaan nie. Die vier kerke bely dat hul mekaar nodig het om ook op plaaslike vlak ten volle kerk van God te wees, en dat dit gereflekteer moet word in die model van 'n nuwe kerkverband.
- ii. Dat gemeentes regspersone in sigself is en dus hulle verantwoordelikheid met betrekking tot besluitneming en bediening behou.
- iii. Dat gemeentes sal aangemoedig word en gehelp word om op plaaslike vlak in eenheid na mekaar te groei, en waar hulle dit so verkies selfs een struktuur te vorm. Hulle sal nie in een struktuur forseer word nie.
- iv. Dat een nuwe Algemene Sinode gevorm moet word.
- v. Hierdie een Algemene Sinode moet deel wees van 'n organiese model van eenheid waar werklike eenheid reflekteer word in alle strukture, dus ook op die vlak van Streeksinodes, Ringe en uiteraard ook gemeentes op die basis van punte ii en iii hierbo. Die deelnemende kerke verstaan dat die beste regsgeldige manier om een kerkverband te vorm, is om te begin deur een nuwe Algemene Sinode deur die bestaande Algemene Sinodes te vorm. Wat dan moet volg, as 'n noodsaaklike deel van die proses, is 'n organiese en vrywillige proses waarin Streeksinodes en Ringe nuwe streekstrukture vorm op 'n manier soos voorgestel deur die nuwe Kerkorde van die nuwe Algemene Sinode. Streeksinodes en Ringe word deur die deelnemende kerke aangemoedig om, selfs voor die nuwe Algemene Sinode konstitueer, gesprek en onderhandeling te begin oor hoe nuwe streekstrukture gevorm kan word.

- vi. Dat dit Streeksinodes en Ringe wat gereed en bereid is, vrystaan om een Sinode of Ring te vorm alhoewel hulle voor die konstituering van 'n nuwe kerkverband ook steeds aan hulle eie kerkverbande behoort. Die bestaande Bepalings in die onderskeie Kerkordes kan gebruik word vir die vorming van hierdie eenheidstrukture.
- vii. Al vier die kerke 'n proses begin om die toestemming van al die gemeentes van die kerk te verkry (op die presiese manier soos voorgeskryf in die Kerkorde van die spesifieke kerk) vir die vorming van 'n nuwe Algemene Sinode as uitdrukking van 'n nuwe kerkverband; die formulering van die belydenisgrondslag vir die nuwe kerkverband (omdat die nuwe Algemene Sinode 'n belydenisgrondslag moet hê); om wysiginge aan die bestaande Kerkordes goed te keur wat benodig word vir die vorming van 'n nuwe kerkverband; om goed te keur dat, na die vorming van 'n nuwe Algemene Sinode, daar 'n proses volg waarin die Streeksinodes en Ringe betrokke raak in vrywillige prosesse wat uitdrukking gee aan die een kerkverband op hulle onderskeie terreine; die naam van die nuwe kerkverband; die posisie van gemeentes met betrekking tot die bediening, eiendom, ensovoorts; dat daar ruimte behoort te wees vir assosiasie-lidmaatskap (*Achterbergh II Verklaring 2007:1-2*).

Op *Achterbergh II* is aan die vier aktuarie van die vier Algemene Sinodes opdrag gegee om 'n taakspan te vorm om die bestaande Kerkordes te evalueer en 'n proses te begin om die kerkordes op die korrekte wyse te wysig ten einde kerkeenheid moontlik te maak (*Achterbergh II Verklaring 2007:2*).

Gedurende die soeke na kerkeenheid sedert 2001 word dit beklemtoon dat die meerdere vergaderings geen selfstandige gesag het nie, dat die take en bevoegdhede van die meerdere vergadering beperk word tot dit wat die kerke self vrywillig ooreenkom en dat die gesag van die meerdere vergadering beperk is tot die gesag en mag aan haar deur die kerkverband verleen. Op voetspoor van die *oud kerkrecht* word beklemtoon die VGKSA gedurende eenheidsgesprekke dat die vrywillige toestemming nie slegs 'n grondslag is nie, maar dat dit 'n voorvereiste vir die totstandkoming en die beoefening van die kerkverband is. Die kerkverband word gekenmerk deur vryheid, dit wil sê die uitsluiting van dwang. Die VGKSA lê ook klem op die vrywillige karakter van die gemeenskap van die plaaslike gemeente en dat die eenheid van die kerk (*unio ecclesiarum*) berus op die grondslag van die wedersydse toestemming van die kerke (Bouwman M 1937:149). Die VGKSA wys hiermee alle vorm van hiërargie af. Die kerkverband kan dus nie tot stand kom deur die eensydige skikking van een of meer kerke nie wat die ander kerke dwing nie, maar alle kerke moet hul toestemming gee en is daarom wedersydse toestemming (*consensus mutuus*).

7.2.1. Die karakter van die gesag van die meerdere vergaderinge

Die VGKSA beweeg van die voorveronderstelling uit dat die meerdere vergaderinge te wete die Ring, Streeksinode, Algemene Sinode elkeen na sy eie aard, 'n *kerklike gesag* het wat deur *Christus* aan hulle verleen is. Die aard van die gesag van die meerdere vergadering berus op die *jus divinum permissivum*: God het aan die kerk die reg toegelaat. Die meerdere vergaderinge (*majoribus conventibus*) naamlik die Ring en Sinode is dus geen permanente vergadering nie en het slegs 'n afgeleide gesag en

beprekte, dienende mag. Die mag en gesag van die meerdere vergaderinge (*majoribus conventibus*) van die VGKSA word deur die *Kerkorde* begrens. Aan die eenkant kan Doleansiekerkregbeginsels in die VGKSA se *Kerkorde* onderskei word, maar aan die anderkant word sedert die Stigtingsinode op 'n gefragmenteerde wyse *nuwe kerkrecht* beginsels ingevoer sonder dat die Sinode enige voorbereiding daartoe gedoen het. Met betrekking tot die verandering van lokale regte, die eenwording met ander kerke, die aanvaarding van belydenisskrifte word 'n sentralisering van mag en bevoegdhede in die Algemene Sinode van die VGKSA gevind (*Acta VGKSA Algemene Sinode* 1994:301). In bep 34 word die gesag van die kerklike vergaderings soos volg omskryf:

- 34.1 Hierdie vergaderings het, elkeen na sy eie aard, 'n *kerklike gesag* deur *Christus* aan hulle verleen.
- 34.2 Die gesag van die Ring oor die Kerkraad is dieselfde as dié van die Streeksinode oor die Ring.
- 34.3 Meerdere Vergaderings het die reg en bevoegdheid om aan Mindere Vergaderings aanskrywings te stuur en van hulle stukke te vra waaraan hulle sonder verwyl moet voldoen.
(*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland 2006*: bep 34 en Aanvullende Bepaling 107.1)

'n Klemverskuiwing in die gesag van die meerdere vergadering vind sedert 1994 by die VGKSA plaas. Gaandeweg het die setel van die gesag na die Dagbestuur van die moderatuur verskuif. Anders as wat deur die DKO art 35⁹ veronderstel word, kontinueer die voorsitter van die Sinode se rol en funksie gedurende die reses. Die Dagbestuur van die moderatuur van die VGKSA het gaandeweg 'n hoër bestuur, 'n *senatus ecclesiasticus* of super-kerkraad geword, wat onderwerping vir hul besluite, handelinge vra. Die Dagbestuur het ondermeer die reg om besluite namens die VGKSA te neem

⁹ Het ambt van de preses is, voor te stellen en te verklaren hetgeen te verhandelen is; toe te zien, dat een iegelijk zijn orde houde in het spreken, de knibbelachtigen en die te heftig zijn in het spreken te bevelen, dat zij zwijgen; en over dezelve, geen gehoor gevende, de behoorlijke censuur te laten gaan. Voorts zal zijn ambt uitgaan, wanneer de samenkomst scheidt (DKO art 35).

in alle dringende sake wat mag voorkom en van algemene belang vir die Kerk is, en waaroor daar sonder tydverlies beslis moet word voordat die sienswyse van die Algemene Sinodale Kommissie verkry kan word, met dien verstande dat die kommissie se bevoegdhede beperk is tot die besluite van die Sinode (*Kerkorde Algemene Sinode VGKSA 2003*: art. 1.2.2.2). Van sodanige handelwyse gee die Dagbestuur verslag aan die Algemene Sinodale Kommissie en die Sinode en maak alle besluite so spoedig moontlik bekend in die offisiële organe van die Kerk. Die Dagbestuur verteenwoordig dus die kerk in alle gevalle waarvoor geen voorsiening gemaak is nie (*Kerkorde Algemene Sinode VGKSA 2003*: art. 2.2.1.5).

Op die Algemene Sinode van die VGKSA (2005) het die Dagbestuur van die moderatuur onder andere voorgestel dat art 11.2 van die *Kerkorde* gewysig moes word om sodoende daarvoor voorsiening te maak dat die twaalf artikels van die *Kerkorde* wat op die Stigtingsinode aanvaar is, onder vooraf kennisgewing aan die Streeksinodes en sonder 'n tweederdemeerderheid goedkeuring van die Streeksinodes deur die Algemene Sinode gewysig kon word. Art 11.2 van die *Kerkorde* bepaal dat veranderinge van die *Kerkorde* deur die Algemene Sinode eers vir voorlegging, beraadslaging, amendering aan die Streeksinodes voorgelê behoort te word en dat die tweederdemeerderheid van die Streeksinodes, en by implikasie die plaaslike gemeentes, sodanige wysigings moet goedkeur alvorens die Algemene Sinode met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan kan besluit (*Acta Algemene Sinode 2005*:46). Die Dagbestuur van die moderatuur gaan van die veronderstelling uit dat die Algemene Sinode outonoom is en gevolglik die reg het om die *Kerkorde* met 'n tweederdemeerderheid te wysig en dat die

Algemene Sinode dus slegs die gewysigde *Kerkorde* aan die Streeksinodes vir kennisname voor behoort te lê. By implikasie het die voorstel van die Dagbestuur van die moderatuur beteken dit dat die Algemene Sinode voortaan sonder inspraak van die Streeksinodes en/of gemeentes die *Kerkorde* en/of selfs die belydenisgrondslag sou kon wysig. Die aanbeveling van die Dagbestuur is na hewig debat op die Algemene Sinode (2005) verwys na die onderskeie Streeksinodes vir beraadslaging, amendering, goedkeuring met 'n tweederdemeerderheid en voorlegging aan die eersvolgende Algemene Sinode. Op die Algemene Sinode van die VGKSA (2008) is die voorstel om artikel 11.2 van die *kerkorde* van die VGKSA te wysig met 'n oorweldigende meerderheid afgewys. Op die Sinode is dit beklemtoon dat die Algemene Sinode beleidsake eers na die Streeksinodes, Ringe en gemeentes behoort te verwys om sodoende inspraak op plaaslike vlak in beleidsake wat die leer en lewe van die plaaslike gemeentes impakteer te verseker. Sodoende het die Algemene Sinode van die VGKSA twee Doleansie kerkregbeginsels beklemtoon naamlik beperkte gesag van die meerdere vergadering asook selfstandigheid van die plaaslike gemeentes.

Die bevoegdheid van die meerdere vergadering van die VGKSA lê op voetspoor van die *oud kerkrecht* daarin dat die gemeentes vrywillig met mekaar in kerkverband tree en dat die gemeentes ooreenkom dat hul die besluite van die meerdere vergadering sal uitvoer. Hierdie onderwerping aan die besluite van die meerdere vergadering is egter gebonde aan die Woord van God en die *Kerkorde*. As 'n besluit in stryd is met die Woord van God kan die gemeentes dit nie gehoorsaam nie. By die VGKSA besit die meerdere vergadering alleen mag oor die plaaslike gemeente op grond van en in soverre dit in

die *Kerkorde* ooreengekom is. Die gesag van die meerdere vergadering vloei uit die organiese verband tussen die gemeentes. Die Ring, Streeksinode, Algemene Sinode het geen dwingende mag nie omdat die kerkverband op oorlegpleging berus. Die Ring en die Sinode het geen ander reg as wat die Kerkrade in kerkverband onderling ooreengekom het nie. Die meerdere vergaderings van die VGKSA se bevoegdheid is beperk deur die goeie wil van mindere vergaderinge om besluite van meerdere vergaderinge te implementeer.

7.2.5. Die tugreg ten opsigte van ampsdraers

Die kerklike mag in die VGKSA bestaan uit drie dinge: leermag (die mag om die Woord en die sakramente te bedien), die regeermag (die mag om kerklike ampsdraers te kies) en tugreg (die mag om kerklike tug uit te oefen). Sake wat tot die bevoegdheid van die meerdere vergadering van die VGKSA behoort is onder andere die tuguitoefening oor ampsdraers en die reg van appèl van lede van die gemeente (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 50.2, 60.6). Wanneer besware ingebring word teen 'n ampsdraer kan die bevestiging van sodanige ampsdraer nie voortgaan voordat die Ring oor die beswaar uitspraak gelewer het nie aangesien die sensuur van 'n ampsdraer sluit by die VGKSA die stuiting in die amp of skorsing uit die amp in:

20.9.1. Adres en besware

Besware wat teen 'n beroep ingebring word, word in die hande van die voorsitter of by sy/haar ontstentenis die Skriba van die Ring gestel wat dit in die hande van die Ringskommissie stel om die besware in behandeling te neem.

20.9.2. Besware insake onreëlmatigheid

Besware oor onreëlmatigheid in die uitbring van die beroep, word deur die Ringskommissie ondersoek en die beslissing daarvoor word aan die Kerkraad gestuur.

(*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2006: bep 20.9.1)

Aan die vermaning en tug is onderworpe die volgende ampsdraers: Ouderlinge en diakens; Evangeliste en leraar wat in gemeentes bevestig is; Leraars wat met 'n bepaalde opdrag in diens van al die gemeentes staan; Sendelinge; Leraars wat met behoud van status in 'n ander amp staan; Teologiese dosente; Proponente en Emeriti: “ Die vermaning en tug oor die ampsdraers het veral betrekking op die leer, lewenswandel en die vervulling van die amp aan hulle toevertrou” (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002: bep 116.1 asook Bepaling 50.2.1 en 50.2.7).

Die Ring neem by die VGKSA tugsake van bedienaars van die Woord en diegene wat in 'n verkose amp staan in behandeling, die Streeksinodes neem besluite oor tughandelinge en hoër beroepe van ampsdraers, terwyl die Algemene Sinode beslissings neem in tugsake rakende die leer van die Kerk wat in hoër beroep aanhangig gemaak is (*Kerkorde VGKSA Algemene Sinode* 1994:art 9, 10 en 11). Twee sake kan op voetspoor van die Doleansiekerkreg nie deur die Kerkraad volledig afgehandel word nie naamlik die tuguitoefening oor die ampsdraers asook die reg tot appèl van lede van die gemeente teen die besluite van die Kerkraad (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:art 116.2). Die uitvoering van die vonnis van ampsdraers lê by die plaaslike gemeente en nie by die meerdere vergadering as sodanig nie. Die Streeksinode en Algemene Sinode kon wel 'n motivering tot die vonnis uitspreek, maar kan nie die daadwerklike handeling van afsetting of skorsing in die plaaslike gemeente uitvoer nie (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002: bep 135).

Op voetspoor van die Doleansiekerkreg het die meerdere vergaderinge van die VGKSA nie die bevoegdheid om regstreeks in die sake van 'n plaaslike gemeente in

te gryp nie. Alleen die gemeente het die bevoegdheid het om die bestuursmag van die bedienaars van die Woord en die Kerkraad tydelik of permanent op te skort. 'n Sinode mag wel 'n afsettingsvonnis uitspreek, maar geen ampsdraers mag afgeset word buite die deur die Kerkorde daartoe bevoegd verklaarde strukture om nie. Die besluit van 'n meerdere vergadering met betrekking tot die afsetting van 'n ampsdraer is bindend. Die uitvoering van die besluit lê altyd by die plaaslike kerk of by die meerdere vergadering in samewerking met die plaaslike gemeente, maar nooit by die meerdere vergadering as sodanig nie. 'n Meerdere vergadering kan nie eiegeregtig die inisiatief neem met betrekking tot implementering van die kerklike sensuur in 'n plaaslike gemeente nie. Die Kerkraad kan volgens bep 25 nie uitgeskakel word in die afsetting van 'n ampsdraers nie (*Kerkorde Streeksinode* 2002:bep 25). Die meerdere vergadering laat die tugtoepassing aan die strukture toe te laat wat deur die Kerkorde daartoe bevoegd verklaar word. Geen kerkraadslid mag geskors word sonder die medewerking van die Ring nie (bep 116). Geen bedienaar van die Woord mag afgeset word sonder die oordeel van die Ring en die advies van die Streeksinode nie (*Kerkorde VGKSA Streeksinode* 2002:bep 120-123). Die Sinode dra die uitvoering van sy besluit op aan die plaaslike gemeente:

126.1.3 Afsetting deur die Ring in die geval van ouderlinge en diakens, en deur die Streeksinode op aanbeveling van die Ring in die geval van leraars, proponente en evangeliste.

126.2 Voortdurende vermaning tot berou en versoening

126.2.1 Die Kerkraad sal 'n geskorste of afgesette ampsdraer voortdurend vermaan om tot berou en versoening te kom en sal die nodige tugmaatreëls ingevolge Bepaling 111 en 112 toepas

(*Kerkorde VGKSA Streeksinode* 2002: bep 126.2)

Die VGKSA beklemtoon sodoende dat die plaaslike gemeente ampsdraers uit hul amp kan ontset. Die *Kerkorde* van die VGKSA maak nie daarvoor voorsiening nie of die

Sinode tot die uitvoering van haar besluit kan oorgaan indien die Kerkraad weier om die besluit van die Sinode uit te voer.

Op voetspoor van die DKO 84 bepaal die VGKSA dat by die uitoefening van hulle roeping sal geen ampsdraer oor ander ampsdraers heerskappy voer nie, aangesien Christus die enigste Hoof, Koning en Meester van die Kerk is (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 14.1-14.3:19). Die afsetting van ouderlinge, diakens en predikante en die ontheffing van die vervulling van die amp vind plaas deur die Ring en nie deur die Kerkraad soos in die geval van lidmate nie. Die vermaning en tug oor die ampsdraers het veral betrekking op die leer, lewenswandel en die vervulling van die amp aan hulle toevertrou (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2006:bep 116.1). Wanneer 'n klag teen 'n ampsdraer ingedien is of 'n ernstige verdenking teen hom/haar ontstaan, sal dit die Ring vrystaan om hom/haar vir 'n bepaalde tyd van die vervulling van die amp te onthef. Hierdie ontheffing dra nie die karakter van 'n tugmaatreël nie (*Streeksinode Kaapland Kerkorde* 2002:bep 119.2). Skorsing as tugmaatreël van bedienaars van die Woord vind deur Ring, ná 'n deeglike ondersoek en genoegsame blyke van skuld plaas. 'n Maatreël van afsetting sal slegs deur die Streeksinode geneem word op voordrag en aanbeveling van die Ring. 'n Hoër beroep teen 'n tugmaatreël wat 'n aanbeveling tot afsetting bevat, kan deur geen ander liggaam as die Streeksinode behandel word nie (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 120. 1 tot 120-2). Ten opsigte van ouderlinge en diakens sal 'n tugmaatreël van skorsing of afsetting deur die Ring geneem word, ewe-eens ná *deeglike ondersoek en genoegsame blyke van skuld* (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep.121). Die vermaning en tug

in hierdie sin word uitgeoefen deur die Ring, terwyl die ampsdraers daarbenewens onderworpe bly aan die vermaning en tug van die Kerkraad soos in die vorige Bepalings omskryf, met dien verstande dat die Kerkraad eers tot die toepassing van hierdie tug mag oorgaan nadat die Ring die skorsing uit die amp behartig het. Die Sinode in die VGKSA het nie die outoriteit om diegene wat weier om sinodale besluite met betrekking tot die tug, skorsing, afsetting of tot uitvoering te bring met sensuur te straf nie, maar het hoogstens die mag om hul buite kerkverband te plaas. Die reg om tug uit te oefen na aanleiding van artikel 79 van die DKO¹⁰ word ten volle erken. Dit geld onder andere vir die reg van die Ring (*classis*) om predikante af te set.

Die VGKSA bepaal by die behandeling van tugsake dat die volgende ampsdraers nie reg op sitting het nie: Leraars en evangeliste in diens van die Ring of van gemeentes binne die Ringsressort, wat nie as kerkraadslede afgevaardig is nie, woon die Ringsvergadering by met adviserende stem. By die behandeling van tugsake neem hulle egter nie sitting nie (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 49.2). Leraars in diens van die Streeksinode of sy Permanente Kommissies wat nie as kerkraadslede na die vergadering van die Streeksinode afgevaardig is nie, woon die vergadering van die Streeksinode by met adviserende stem (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 56.2). Die teologiese opleiding word op die Sinode in adviserende hoedanigheid verteenwoordig deur twee van die dosente. By die behandeling van tugsake neem hulle egter nie sitting nie (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 65.6).

¹⁰ Wanneer de dienaars des Goddelijken Woords, ouderlingen of diakenen een openbare grove zonde bedrijven, die der kerk schandelijk, of ook bij de overheid strafwaardig is, zullen de ouderlingen en diakenen terstond door voorgaand oordeel des kerkenraads derzelver en der naast gelegene gemeente van hun dienst afgezet, maar de dienaars opgeschort worden. Maar of zij geheel van de dienst af te zetten zijn, zal in het oordeel der classe staan (DKO art 79).

Sedert 1997 is die uitbreiding van die leer-, regeer- en tugmag na die diensverenigings te wete die Christelike Vrouebeweging (=CVB), die Christian Youth Movement (=CYM) asook die Brigade herhaaldelik op die kerklike agenda geplaas (*Skema Algemene Sinode* 1997, 2001, 2005). Die kernvraag gedurende die afgelope dekade was daar of aan diensverenigings die leer-, regeer- en tugmag toe kom. Die diensverenigings eis ondermeer besluitnemingsbevoegdheid op die verskillende besluitnemingstrukture van die VGKSA te wete die Kerkraad, Ring, Sinode. Die Streeksinode Kaapland van die VGKSA (2002) reglementeer dat die CVB, die CYM asook die Brigade elk twee bestuurslede na die Streeksinode mag afvaardig om die liggame met adviserende stemreg te verteenwoordig met dien verstande dat die afgevaardigdes van die CYM en Brigade verkieslik jongmense (jonger as 30 jaar oud) van beide geslagte behoort te wees en dat die CVB, CYM en Brigade self vir reiskostes verantwoordelik sal wees terwyl die afgevaardigdes soos ander Sinodegangers daggeld en/of losies sal ontvang (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 56.5). Die Christelike Vrouebediening van die VGKSA het op hul derde Algemene Sinodale Kongres gehou te Mangosuthu Technikon in KwaZulu Natal, van die 30^{ste} Junie 2005 tot die 3^{de} Julie 2005, soos volg besluit:

- 1.1. The women representation in church councils, presbyteries, in the Regional and General Synods be 50%.
- 1.2. Women be represented in all commissions of the church and in all decision making structures of the church.
- 1.3. Women be involved in all unity talks within our church and the general Reformed family

(*Acta VGKSA Algemene Sinode* 2005:382)

Die Algemene Sinode van die VGKSA (2005) het die versoek dat aan diensverenigings die leer- tug- en regeermag toegeken moes word, afgewys aangesien

die leer-, tug- en regeermag mag die Kerkraad toekom: Elke gemeente het 'n Kerkraad wat hom regeer en aan wie die leiding van die gemeente, die opsig oor en tug in die gemeente, asook die behartiging van die Diens van Barmhartigheid in die algemeen, die Jeugarbeid en die Sending en Evangelisasie toevertrou is (*Kerkorde VGKSA Algemene Sinode 2005: Art. 7*)

Die Algemene Sinode van die VGKSA (2005) het besluit dat die samestelling van die Kerkraad, Ring Sinode voortaan uit ten minste 25 % vroulike Kerkraadslede en jeugdige kerkraadslede moet bestaan (*Acta VGKSA Algemene Sinode 2005:28*). Sodoende sou gepoog word om vroue en die jeug proporsioneel op die kerklike vergaderinge te verteenwoordig. Volgens die Doleansiekerkreg het die Kerkraad leer-, tug- en regeermag en het die meerdere vergaderinge slegs afgeleide en beperkte gesag, wat deur die gemeente aan die afgevaardigdes verleen het. Christus het immers aan die leierskap van die plaaslike gemeente die leer- tug- en regeermag gegee (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland 2002 bep 43.1.1 en 43.1.4*). Die meerdere vergadering van die VGKSA word saamgestel uit die afgevaardigdes van plaaslike gemeentes, wat met 'n geloofsbrief by die meerdere vergadering verskyn en daardeur reg tot sittingsreg verkry. Volgens Voetius (*Pol Eccl IV, 194,195,198,178*) is dit wel geoorloof om nie-ampdraers na 'n Sinode af te vaardig.

Die meerdere vergadering van die VGKSA het nie kassasiereg nie, maar verwys sake in hoër beroep met opgaaf van redes terug na mindere vergaderings. Die bevoegdheid om amptenare uit die amp te ontset kom slegs aan die strukture wat deur die kerkorde behoorlik daartoe gemagtig byvoorbeeld gemeente en/of die Ring toe. Die besluit van

'n meerdere vergadering insake tuguitoefening het 'n formeel karakter. Die uitvoering daarvan kom slegs die plaaslike gemeente toe. Die VGKSA beskou die besluit van 'n meerdere vergadering met betrekking tot skorsing, afsetting van 'n ampsdraer as bindend, maar het geen kerkordelike reëling om toe te sien dat besluite geïmplementeer word nie. Die uitvoering van die besluit lê altyd by die plaaslike kerk of by die meerdere vergadering in samewerking met die plaaslike kerk, maar nooit by die meerdere vergadering as sodanig nie. Sedert die stigtingsjare van die VGKSA word die reg van die plaaslike gemeente ten opsigte van die tuguitoefening van ampsdraers na aanleiding van artikel 79 van die DKO ten volle erken. Die herstel in die amp hang af van sodanige persoon hang af van sy/haar persoonlike motivering, die toestemming en aanbeveling van gemeente waaronder hy/sy ge werk het asook die Ring, waar hy/sy die amp neer gelê het (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland 2002:bep 136.2.1 tot 136.2.4*). Die bevoegdheid om die skorsing op te hef, berus by die vergadering wat die tugmaatreël geneem het of wat in hoër beroep uitspraak gegee het.

- 3.1 'n Bedienaar van die Woord wat afgesit is weens leertug en wie se appèl deur die Algemene Sinode van die hand gewys is, kan slegs weer beroepbaar gestel word nadat hy/sy deur die Algemene Sinode in sy/haar amp herstel is. Sy/haar aansoek om herstel moet gesteun word deur getuigskrifte van die kerkraad van die gemeente waaraan hy/sy voor sy/haar afsetting verbind was, die ring wat hom/haar geskors het, die kerkraad van elke gemeente waaraan hy/sy sedert sy/haar afsetting behoort het en die ring/e binne wie se ressort hy/sy hom/haar sedert sy/haar afsetting bevind het, asook 'n aanbeveling van die eksamenkommissie by wie hy/sy *colloquium doctum* afgelê het.
- 3.2 By die vraag of iemand weer in sy/haar amp herstel kan word, moet nie slegs die aard van die sonde waarvoor hy/sy afgesit is oorweeg word nie, maar ook of sy/haar berou oor die gepleegde sonde opreg is, of versoening tot stand gekom het en die ergernis weggeneem is en of hy/sy tot die opbouing van die gemeente van God kan arbei, sonder dat die heilige karakter van die gemeente en die eer van God aangetas word.

(*Kerkorde VGKSA Algemene Sinode 2002: art 3*)

Die beslissende vraag is of die persoon weer met stigting die kerk kan dien en in die geval van die minste twyfel moet die aansoek afgewys word. So 'n persoon moet weer

deur die Ring met die oog op die herstel van die amp ondersoek word om vas te stel of die aansoek geloofwaardig is.

In die VGKSA kan Ringe, Streeksinodes, die Algemene Sinode en/of haar permanente kommissies slegs adviese verleen, maar kan dit nie self besluite in mindere vergadering implementeer nie (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 108). Daar bestaan 'n prinsipiële verskil tussen die gesag van die Kerkraad en die gesag van die Ring, Streeksinode, Algemene Sinode. Die Ring, Streeksinode, Algemene Sinode van die VGKSA het nie dieselfde leer-, regeer- en tugmag as die plaaslike gemeente nie. Die VGKSA gaan van die voorveronderstelling uit dat die plaaslike gemeente 'n selfstandige openbaring van die liggaam van Christus is en dat die plaaslike gemeente van Christus die volledige kerklike mag ontvang het. Die Ring, Streeksinode, Algemene Sinode het volgens bep 34 die reg en bevoegdheid om aan mindere vergaderings aanskrywings te stuur en van hulle stukke te vra waaraan hulle sonder verwyl moet voldoen (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 34).

7.2.6. Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergaderinge

Elke besluit, uitspraak of handeling van 'n mindere of 'n meerdere vergadering van die VGKSA is vatbaar vir hoër beroep by die volgende meerdere vergadering. Die VGKSA bepaal in die Kerkorde dat alle kerkvergaderinge, lede van 'n vergadering en beswaardes (klaer en beklaagde) die reg tot hoër beroep (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* bep 38.1). Diegene wat enige uitspraak of handeling van 'n vergadering in stryd ag met die kerkorde, bepalinge en reglemente van die VGKSA, of meen dat die welsyn van die Kerk deur so 'n uitspraak of handeling geskaad word, of voel dat hulle

daardeur verontreg is, kan in hoër beroep gaan na die naasvolgende vergadering. Indien hulle so 'n uitspraak of handeling in stryd ag met die duidelike uitsprake van die Woord van God, is hulle verplig om in hoër beroep te gaan (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 38.2). In so 'n geval sal die vergadering, hangende die hoër beroep, hulle nie verplig tot die uitvoering van of medewerking aan enige handeling wat, volgens hulle gevoel, téén die Skrifuitsprake ingaan nie, met dien verstande dat hulle in alle ander opsigte hulle sal gedra volgens die voorskrifte van die vergadering. Diegene wat hulle op 'n Meerdere Vergadering beroep, is verplig om hulle te hou by die prosedure en tydsbepalinge deur die Streeksinode neergelê. 'n Vergadering kan, in die geval van hoër beroep, die uitvoering van 'n besluit deur hom geneem, opskort. Diegene wat hulle deur 'n besluit of handeling van 'n vergadering beswaard ag, sal hulle nie tot die burgerlike hof om remedie mag wend, voordat 'n finale uitspraak in hoër beroep deur die Sinode gegee is nie. Sonder prysgawe van die reg tot hoër beroep kan by enige vergadering 'n versoek tot revisie van 'n gedane uitspraak ingedien word. 'n Vergadering is verplig om 'n uitspraak in revisie te bring as dit blyk dat by die doen van die uitspraak 'n belangrike element buite beskouing gelaat is, of die saak waaroor uitspraak gegee is weens gebrek aan belangrike inligting nie deeglik genoeg oorweeg is nie (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 30.8). Iemand wat beswaard voel oor 'n besluit of uitspraak van die Streeksinode omdat dit na sy/haar oordeel in stryd is met duidelike uitsprake van die Woord van God, het die reg om 'n beswaarskrif in te dien. Kerklike besluite is nie bindend nie indien sodanige besluit in stryd is met enige artikels of bepaling in die *Kerkorde* of met vorige besluite. Die kerke is verplig om hul te hou by die besluite van die meerdere vergadering tensy hul van mening is dat sodanige besluite

strydig is met die Skrif, belydenis of *Kerkorde*. Die besluite van die meerdere vergadering, wat binne die grense van die *Kerkorde* plaasgevind het, het 'n bindende karakter. Tensy die besluit strydig is met Gods Woord, en/of die belydenis of die *Kerkorde*, behoort die Kerkraad hul aan die besluit te onderwerp. Indien die Streeksinode nie die beswaar handhaaf nie, sal daar nogtans met verdraagsaamheid teenoor die beswaarmaker opgetree word, tensy sy/haar wyse van optrede.

Die kerkordelike bepalings van die VGKSA is geen norma en is dus nie onvoorwaardelike geldende reëls nie. Die Ring, Streeksinode, Algemene Sinode en/of Kerkrade mag geen besluit neem wat strydig is met die Woord van God en die *Kerkorde* nie. Die kerke is verplig om kragtens Gods Woord hul aan die besluite en verordenings van die meerdere vergadering te hou, tensy hul van mening is dat die besluite strydig is met Skrif, belydenis of kerkorde. Elke kerk, ampsdraer of gemeentelid, het volgens artikel 38 die reg, indien beswaard, om 'n eersvolgende Sinode met 'n beswaarskrif rakende die aangeleentheid te bedien. 'n Appèl moet geskied op voetspoor van die DKO art 31 “voor de eerstvolgende samenkomst der meerdere vergadering, waarop men zich beroept.” Aan die eenkant word in artikel 38 die reg en vryheid van die kerk en haar lede gehandhaaf, terwyl aan die anderkant ook die meerdere outoriteit van die meerdere vergadering uitgedruk word. Besluite van beide mindere en meerdere vergaderinge wat strydig met die Woord van God, die belydenisskrifte en die *Kerkorde* is, is appelleerbaar. Artikel 38 begrens die mag van alle kerklike vergaderinge. Die kerkvergadering teen wie beswaar ingebring word, kan nie oordeel oor die geskil nie aangesien sodanige kerkvergadering 'n party in die

onderhawige saak is (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 38). 'n Meerdere vergadering moet oor 'n appèl oordeel.

'n Hoër beroep word nooit in die VGKSA sonder meer op blote formele of tegniese gronde gehandhaaf nie, tensy daar ook bewys gelewer is dat die beweerde oortredings deur die mindere kerkvergadering van die Bepalinge en Reglemente die beswaarde(s) *benadeel* het of veroorsaak het dat die *meriete* van die saak *nie behoorlik beoordeel* kon word nie. Wanneer 'n hoër beroep op grond van die meriete van die saak gehandhaaf word, het die meerdere kerkvergadering wat die saak in behandeling geneem het, die reg om die betrokke besluit(e) of beslissing(s) ter syde te stel, en in die plek daarvan 'n ander toepaslike beslissing te stel ooreenkomstig die bepalinge van die Kerkorde in sake tughandelinge wat van toepassing is vir die mindere kerkvergadering wat die saak behandel het (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 107.2.1 – 107.2.2). In die VGKSA word die bevoegdheid van mindere vergaderinge verskans, byvoorbeeld in sy uitspraak oor 'n saak wat in hoërberoep voor hom gebring word, mag die Sinode of Sinodale Kommissie die hoër beroep handhaaf; na die mindere kerkvergaderings terugverwys vir hersiening; die bestraffingsmaatreël versag of verswaar (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 134).

By die VGKSA word die meerdere vergadering (*majoribus conventibus*) se bevoegdheid beperk tot die behandeling van sake van die gemeentes gesamentlik, hoër beroepe asook in die behandeling van sake wat nie op die mindere vergadering (*minoris conventus*) afgehandel kan word nie (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 38,

124, 125). 'n Saak mag op voetspoor van die DKO art 30¹¹ slegs in 'n meerdere vergadering aanhangig gemaak word, as die saak nie op 'n mindere vergadering afgehandel kan word nie, of as dit 'n saak is wat al die kerke in die algemeen raak. Die besluite van die meerdere vergadering wat binne die kader van die *Kerkorde* geneem is, het 'n bindende karakter. Sinodale besluite van die VGKSA is bindend totdat die Sinode anders besluit. Mindere vergaderinge is dus verplig om hulle aan die sinodale gesag te onderwerp. Die meerdere vergaderinge kan ook adviese aan mindere vergadering (*minoris conventus*) verleen, besluite van mindere vergaderinge afwys en die saak vir hersiening terug verwys (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep.135.2). Alleen die Sinode kan dispensasie of suspensie¹² aan Kerkorde Artikels, Bepalinge, Reglemente verleen (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep 60.10.2 tot 60.10.3). Die meerdere vergaderinge van die VGKSA beskik nie oor die bevoegdheid – die kassasiereg – om die beslissinge van 'n mindere vergadering te vernietig nie, maar kan dit met opgaaf van redes terug te verwys na die mindere vergadering (*minoris conventus* vir hersiening:

In sy uitspraak oor 'n saak wat in hoërberoep voor hom gebring word,
mag die Sinode of Sinodale Kommissie:

135.1 die hoër beroep handhaaf;

135.2 na die mindere kerkvergaderings terugverwys vir hersiening;

135.3 die bestraffingsmaatreël versag of verswaar;

135.4 'n bestraffingsmaatreël toepas.

(*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2006:92)

Kassasie beteken nie dat daar tot 'n nuwe uitspraak gekom word nie, maar dat die gevelde vonnis vernietig word uit hoofde van formele foute wat by die ondersoek of by

¹¹ In deze samenkomsten zullen geen andere, dan kerkelijke zaken en hetzelfde op kerkelijke wijze, gehandeld worden. In meerdere vergaderingen zal men niet handelen, dan hetgeen dat in mindere niet heeft afgehandeld kunnen worden, of dat tot de kerken der meerder vergadering in het gemeen behoort (DKO art 30).

¹² Dispensasie is die tydelike vrystelling of kondonasie deur die Sinode, en in twee gevalle deur die ring van 'n sekere bepaling. Suspensie is die opheffing deur die Sinode van 'n sekere wetsbepaling (bv. die tydelike opheffing van 'n sinodale kollekte). Suspensie sowel as dispensasie kan verleen word alleen in administratiewe sake en nie sake wat die kerkorde-artikels, leer of tug raak nie (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:201).

die uitspraak begaan is (Bouwman 1934:44). Veeleerder verwys die meerdere vergaderinge by die VGKSA 'n saak met opgaaf van redes terug na 'n mindere vergadering met die opdrag om die saak te herondersoek en 'n nuwe oordeel uit te spreek. Indien 'n appèl hangende is, mag die besluit waarteen geappelleer word nie uitgevoer word nie. By implikasie beteken dit dat as die meerdere vergadering die beswaar verwerp, behoort is die mindere vergadering verplig om die meerderheidstandpunt uit te voer, maar behou die reg voor om die deelname van die kerkverband te beëindig.

7.2.7. Die bevoegdheid van die meerdere vergadering in geval van wanbestuur

Ingeval van wanbestuur by die Kerkraad, sal dit die Ring vrystaan om by skuldigbevinding tugmaatreëls van skorsing en afsetting te neem wanneer 'n deel van die Kerkraad, of 'n deel van die gemeente, hulle na die Ring om hulp wend, met dien verstande dat die Kerkraad vooraf in die saak geken is en hy die geleentheid gegee is om hom te verantwoord (*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland* 2002:bep. 89, asook bep 121). Die meerdere vergaderings van die VGKSA kan nie selfstandig in sake van die plaaslike gemeente in te gryp nie om die taak van die Kerkraad oor te neem of om selfstandige besluite in die plaaslike gemeente tot uitvoer te bring nie. Die meerdere vergadering ontleen haar mag en bevoegdheid om te handel en beslissings te neem van die plaaslike gemeentes. Solank daar in 'n Kerkraad nog ampsdraers is wat in staat is om te regeer word sodanige Kerkraad deur die Ring erken en ondersteun en mag die Ring nie eiemagtig en sonder wettige rede in die plaaslike gemeente ingryp nie. In die VGKSA is die Kerkraad bevoeg om die bestuursmag van die bedienaar van die Woord

in geval van wanbestuur met die steun van die kerkverband te ontnem. Die Ring het in die geval van wanbestuur die reg om die gesonde deel van die gemeente byeenroep en die afwykende Kerkraad of gedeelte van die Kerkraad ontset en 'n nuwe Kerkraad gekies en die gemeente opnuut weer konstitueer:

Ingeval van wanbestuur by die Kerkraad, sal dit die Ring vrystaan om by skuldigbevinding tugmaatreëls van skorsing en afsetting te neem wanneer 'n deel van die Kerkraad, of 'n deel van die gemeente, hulle na die Ring om hulp wend, met dien verstande dat die Kerkraad vooraf in die saak geken is en hy die geleentheid gegee is om hom te verantwoord.
(*Kerkorde VGKSA Streeksinode Kaapland 2006: bep 122 en bep 89*)

Op voetspoor van die *nuwe kerkrecht* word aan die meerdere vergadering bevoegdheid verleen om in gevalle van wanbestuur en onmag in die sake van die plaaslike gemeente in te gryp. Die Algemene Sinode van die VGKSA (2005) het aan die dagbestuur die bevoegdheid verleen om in die geval van wanbestuur in te gryp en hul besluite op plaaslike konteks te implementeer:

The commission acts on behalf of the Church in negotiations with Regional Synods when a Regional Synod neglects its supervisory role or oversteps its mandate, the commission is further mandated and duly authorised to intervene and even take decision if need be in order to ensure the interest and well being of the Church and its Congregations.

(*Acta VGKSA Algemene Sinode 2005:150*)

In die geval van wangedrag, afwyking van die geloofsleer of in die geval van kerkskeuring of die nie-implementering van die besluite van die Algemene Sinode deur die Streeksinode(s) het die Dagbestuur van die Algemene Sinode die reg om by 'n mindere vergadering in te gryp en die besluite van die Algemene Sinode te implementeer. Die Dagbestuur van die Algemene Sinode tree in so 'n geval leidend op om die gemeente teen verstrooiing te bewaar. Die meerdere vergadering staan in die geval van wanbestuur die plaaslike gemeentes in die ressort met hulp en advies by. Sodra die Kerkraad weer leiding neem in die gemeente tree die meerdere vergadering

terug.

7.3. Konklusie

Enkele modifikasies het die afgelope dekade in die VGKSA se kerkreg plaasgevind. Die VGKSA gaan van die voorveronderstelling uit dat alle gemeentes volkome gelyk is, maar in die kerkverband staan die gemeentes in die praktyk in 'n gesubordineerde verhouding tot die meerdere vergadering. Dit blyk onder andere uit die feit dat die Algemene Sinode se besluite met betrekking tot kerkeenheid *mutatis mutandis* bindend is op die plaaslike kerk.

Met betrekking tot kerkeenheid en/of die sedering van eiendomsreg is die meerdere vergadering by die VGKSA bevoeg om bindende besluite te neem en oor die mindere vergaderinge seggenskap uit te oefen. In die VGKSA se Kerkorde ontbreek bepalinge vir die handelinge van die meerdere vergaderinge in die geval van buitengewone omstandighede en/of bepalinge met betrekking tot die bevoegdheid van die meerdere vergaderinge om bindende besluite oor die eie sake van die plaaslike kerke, wat min of meer het gehele kerkverband raak en byvoorbeeld in geval van weiering om besluite van meerdere vergaderinge te implementeer.

HOOFSTUK 8

'n Sintese tussen *oud kerkrecht* en *nuwe kerkrecht*

Die finale gevolgtrekking waartoe in hierdie proefskrif gekom word, is dat die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde sendingkerke en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika in 'n spesifieke historiese diskoers oor die kerkreg in beide Suid-Afrika en Nederland ontstaan en/of ontwikkel het. Die Doleansiekerkreg (*oud kerkrecht*) en latere *nuwe kerkrecht* kan met reg as kritiese instansie gebruik word om die kerkregtelike diskoers in die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika te verstaan. Uit die voorafgaande hoofstukke blyk dit dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk (=NGK) en die onderskeie sendingkerke naamlik Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (=NGSK), Nederduitse Gereformeerde Kerk in Africa (=NGKA), die Reformed Church in Africa (RCA) en latere Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (=VGKSA) prinsipiële kerkregtelike keuses gemaak het wat in lyn was met óf die Doleansiekerkregbeginsels (*oud kerkrecht*) en/óf die *nuwe kerkrecht*. In die eenheidsdiskoers tussen die NGSK en die NGKA was egter sonder enige prinsipiële kerkregtelike begroning Doleansiekerkregbeginsels, onder andere die selfstandigheid van die plaaslike kerk, die kerkverband asook die aard van gesag van die meerdere vergadering, ter syde gestel.

Die onderskeie sendingkerke het sedert die stigtingsjare tot en met 1978, met die daarstelling van die eerste kerkorde, gepoog om hul kerkreg en kerkorde op Doleansiekerkregbeginsels te skoei (vergelyk Hoofstukke 2, 4, 5 en 6). Die

sendingkerke het in hul strewe na selfverwesenliking onder andere klem gelê op die selfstandigheid van die plaaslike gemeente, die konfederatiewe karakter van die kerkverband, die tugreg van die plaaslike gemeente asook die prinsipiële onderskeid tussen die Kerkraad en die meerdere vergaderinge. Die sendingkerke gaan van die veronderstelling uit dat die plaaslike gemeente volledig kerk, *ecclesia completa*, en dus in beginsel onafhanklik van ander gemeentes of kerke is.

By die sendingkerke word daar op voetspoor van die *oud kerkrecht* klem gelê dat daar 'n prinsipiële verskil tussen mindere vergaderinge en die meerdere vergaderinge is. Die meerdere vergaderinge van die sendingkerke het slegs beperkte gesag en word daarin beperk om in die geval van afdwaling te doen wat onder die jurisdiksie van die Kerkraad val. Die meerdere vergaderinge van die sendingkerke kan nie haar besluite in die plaaslike gemeente voltrek of die beslissinge van die mindere vergadering nietig verklaar nie.

Die kerkverband in die sendingkerke en latere VGKSA het 'n konfederatiewe karakter en kom tot stand deur die vrywillige aansluiting van die plaaslike gemeentes. Die plaaslike gemeente behou egter haar eie mag en vryheid, maar maak onder erkenning van die gesag van Christus as Heer en in ooreenstemming met die Heilige Skrif en die belydenis onderlinge afsprake met mekaar.

Die sendingkerke het in die stryd om selfverwesenliking daarop klem gelê dat beide die mindere en meerdere vergaderinge die drievoudige mag toekom naamlik, leer-, regeer- en tugmag. Die sendingkerke gaan van die veronderstelling uit dat nóg die

Sinode nóg 'n sinodale kommissie van 'n ander kerk ampsdraers mag afset, sonder dat die Ring en Kerkraad van die sendingkerk daarin geken word. Die uitvoering van 'n afsettingsbevel van alle ampsdraers lê volgens die sendingkerke altyd by die plaaslike gemeente en nooit by die meerdere vergadering as sodanig nie. Ingeval van onmag of skeurmakery van die meerderheid van die kerkraadslede, het die meerdere vergaderinge van die sendingkerke geen reg om die Kerkrade af te set en/of nuwe Kerkraad te kies en dus die gemeente opnuut weer te konstitueer nie.

Sedert die negentigerjare het die onderskeie meerdere vergaderinge van die sendingkerke en latere VGKSA, hulle gaandeweg die gesag toegeëien om, sonder inspraak van die mindere vergadering, ingrypende besluite met betrekking tot kerkeenwording, eiendomsreg en selfs die belydenisgrondslag te maak (vergelyk Hoofstukke 4, 5 en 6). In die kerkregtelike stryd om eenwording word veral die verhouding van die plaaslike gemeente tot die landelike kerk - of omgekeerd: die verhouding van die landelike kerk tot die plaaslike kerk – onder die loep geneem met name in die hofgedinge (vergelyk Hoofstuk 4.5). Die VGKSA Kerkorde bied, soos uit die hofsake blyk, onvoldoende (kerk) juridiese waarborge vir die behoud van die kerklike bates in die geval van kerkskeuring (vergelyk Hoofstuk 7). Die hofuitsprake daarenteen aksentueer die selfstandigheid van die plaaslike gemeente ten koste van die gesag van die meerdere vergaderings en die kerkverband.

Die navorser is van mening dat die kerkregtelike beginsels wat uit beide die Doleansiekerkregbeginsels (*oud kerkrecht*) en die *nuwe kerkrecht* in die voorafgaande

hoofstukke onderskei is in die volgende kerkregtelike raamwerk gesinkroniseer kan word naamlik dat:

1. Christus die Hoof van Sy kerk is. Hy is die enigste Wetgewer/ Regsvormer, Gesagdraer en Regshandhawer/Hoof. Hy is die vertrekpunt van die kerkreg en nie die kerklike praktyk of die kerkorde of belydenisskrifte nie. Kerkregering behoort daarom onderwerping aan Christus as die enigste Wetgewer na te streef en te bevorder.
2. Die plaaslike kerk selfstandigheid is. Die plaaslike gemeente is *ecclesia prima*, terwyl die sinodale verbintenis die *ecclesia orta* is. Klem behoort gelê te word op die selfstandigheid van die plaaslike gemeente, dat daar 'n prinsipiële verskil tussen Kerkrade en die meerdere vergaderinge is en dat die Kerkraad 'n vergadering van ampsdraers van die plaaslike gemeente is.
3. Die plaaslike kerk die kerkverband voorafgaan. Vir die wese van die kerk is die kerkverband en die meerdere vergadering nie noodsaaklik nie. Die kerkverband berus op twee grondslae naamlik die goddelike reg en op die vrywillige instemming. Die eenheid van die kerk berus op die grondslag van die wedersydse toestemming van die kerke. Uittrede uit die kerkverband behoort ook moontlik te wees. Die kerkverband bring mee wat deur die kerke afgesproke is en in die kerkorde omskrywe is. Die meerdere vergadering het nie groter regte as wat die kerke binne die kerkverband onderling met mekaar gereël het nie, daarom kan by die meerdere vergadering nie van hoër mag gepraat word nie.
4. Die gesag van die meerdere vergadering op die *jus divinum permissivum* berus, dit wil sê God het aan die kerk die reg toegelaat om Sinodes in te stel. Die

Sinode en Ringe word saamgestel uit afgevaardigdes wat selfstandige mag teenoor die delegerende kerke het. Die Sinode het 'n ontleende, gedelegeerde, sekondêr, tydelike, dienende, mindere, afgeleide, beperkte, laer, helpende, gemeenskaplike en koöperatiewe mag en het vervolgens geen primêre, essensiële, saamgevoegde, gekombineerde verenigde en oorspronklike mag nie. Van kumulatiewe mag is daar geen sprake nie. Alle vorm van hiërargie behoort afgewys te word. Daar is wel sprake van 'n byeenvoeging van mag, maar daar is geen meerdere bevoegdheid of reg nie. Die kerk behoort afwysend teen enige vorm van heerskappy asook teen elke vorm van independentisme te wees. Tussen die meerdere vergadering (Ring, Streeksinode en Algemene Sinode) is daar geen prinsipiële verskil nie. Die meerdere vergadering beslis oor sake wat die kerke in haar ressort gemeenskaplik raak, ingeslote sake van die plaaslike gemeente ingeval van onmag, wanbestuur en hoër beroep.

5. Aan die kerke in korrespondensie of sinodaal gekombineerd die drievoudige mag, naamlik leer-, regeer- en tugmag toe kom. Alle kerklike vergaderinge (Kerkraad, Ring, Streek en Algemene Sinode) is met kerklike mag bekleed. Die uitvoering van die afsettingsbevel behoort dus deur die afgevaardigdes van die meerdere vergadering in die plaaslike gemeente uitgevoer te word. Die Sinode kan egter nooit ampsdraers afset nie, sonder dat die Ring en Kerkraad daarin geken word nie. Die uitvoering van 'n afsettingsbevel van 'n ampsdraer lê altyd by die plaaslike gemeente en nooit by die meerdere vergadering as sodanig nie. Die Sinode kan egter deur middel van haar afgevaardigdes die gesonde deel van die gemeente byeen roep, die afwykende Kerkraad afset, nuwe Kerkraad kies en dus die gemeente opnuut weer konstitueer. Solank daar 'n gesonde deel van die

- gemeente oorbly, behoort die vonnis in die gewone byeenkomplek van die plaaslike gemeente deur die Sinode of Ring se gemagtigde(s) afgekondig te word.
6. Die appèlreg ten opsigte van besluite van meerdere vergaderinge verskans behoort te word. Klem moet gelê word op die beslissende mag van die Sinode om besluite van 'n bindende aard te maak met betrekking tot die leer, lewe, gewetensvrae of hoër beroep met dien verstande dat dit nie in stryd is met die Skrif of die Kerkorde nie. In die geval van hoër beroep behoort die Sinode bevoegd te wees om in die sake van die plaaslike gemeente te beslis, die beslissinge van die mindere vergadering te vernietig en selfs haar beslissing in die plaaslike gemeente tot uitvoering te bring. Daar moet egter gewaak word teen die idee dat die mag van die Sinode groter is as dié van die Kerkraad.
7. Die meerdere vergadering bevoegdheid in die geval van wanbestuur besit: Die meerdere vergadering behoort te beslis oor sake wat die kerke in haar ressort gemeenskaplik raak, ingeslote sake van die plaaslike gemeente ingeval van onmag, wanbestuur en hoër beroep. In die geval van wanbestuur, onmag behoort die meerdere vergadering die reg tot die beoefening van die tugreg (by implikasie skorsing en afsetting van ampsdraers) te hê. Riglyne vir optrede van die kerk in noodsituasies, byvoorbeeld wanbestuur, onmag, en/of ontbreek in die kerkordes van beide die sendingkerke en die VGKSA. Die navorser is van mening dat meerdere vergadering geregtig behoort te wees om in die geval van wanbestuur, onmag, hoër beroep en/of skisma die besluite van 'n mindere vergadering te vernietig en haar besluite te voltrek. Kerkordelik behoort daar dus voorsiening gemaak te word dat Sinodes, in belang van die kerk as geheel, in die geval van wanbestuur of onmag (*casus malae administrationis*) en selfs in geval van die

nie-uitvoering van sinodale besluite, in die sake van die plaaslike gemeente mag ingryp en haar besluite deur haar deputate in samewerking met die gesonde deel van die gemeente, mag implementeer. In die geval van dwaalleer of skeurmakery behoort die Sinode nie die band met sodanige kerk te verbreek nie, maar veel eerder die ampsdraers af te sit. In die geval van wanbestuur en hoër beroep behoort die Sinodes en Ringe ekskommunikasie- en tugreg te het. Die deputate van die meerdere vergadering kan in sodanige geval 'n sinodale ekskommunikasievonniss in die plaaslike gemeente voltrek. Solank daar 'n gesonde deel van die gemeente oorbly, behoort die vonnis in die gewone byeenkomplek van die plaaslike gemeente deur die Sinode of Ring se gemagtigde(s), afgekondig te word. In die geval van wanbestuur kan die kerkverband die getroue deel van sodanige gemeente help met die kies van 'n nuwe Kerkraad. Die gemeente en/of die getroue deel van die gemeente doen die afsetting en nie die meerdere vergadering nie.

Samevatting

Sewe kerkregtelike beginsels word in Hoofstuk 1 onderskei vir die beoordeling van die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (=NGSK), Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (=NGKA), Reformed Church in Africa (=RCA) en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (=VGKSA) te wete:

- i. Christus as hoof van die kerk,
- ii. Die selfstandigheid van die plaaslike kerk,
- iii. Die karakter van die kerkverband,
- iv. Die karakter van die gesag van die meerdere vergadering,
- v. Die tugreg ten opsigte van ampsdraers,
- vi. Die appèlreg ten opsigte van besluite van die meerdere vergadering,
- vii. Die bevoegdheid van die meerdere vergadering met betrekking tot wanbestuur.

Hoofstuk 2 handel kursories oor die kerkregtelike ontwikkeling van die Gereformeerde Kerke in Nederland (1816-1944). In dié hoofstuk word die grondslae en uitgangspunte van die Doleansiekerkreg aangeteken. Die Doleansie beoog nie om 'n nuwe kerkreg te ontwikkel nie, maar gryp terug na die sisteem van kerkregering soos vasgestel deur die Nasionale Sinode van Dordrecht (1618-1619). Beide die Doleansiekerkreg (*oud kerkrecht*) en die *nuwe kerkrecht* het die kerkreg en kerkregering van die sendingkerke onmiskenbaar beïnvloed. Die studie is daarom 'n interaksie tussen die insigte van A Kuyper, F C Rutgers, A F de Savornin Lohman, asook H. Bouwman, J van Lonkhuyzen, W A van Es, aan die eenkant en H G Kleyn,

H H Kuyper, M Bouwman en Joh Jansen aan die anderkant. Die ekklesiologiese onderbou in die regering van die kerk asook die verskillende kerkregeringstelsels kom ook in die hoofstuk onder bespreking.

Hoofstuk 3 dek kursories die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) in soverre dit betrekking het op die kerkreg en kerkregering van die sendingkerke. Die NGK het aanvanklik die kerkregtelike beginsels, soos veronderstel word in die *Algemeen Reglement voor het bestuur der Nederlandsche Hervormde Kerk in het Koninkrijk (1816)*, onderskryf en het by die daarstelling van die sendingkerke beide die teologiese insigte van Voetius met betrekking tot die sending in onder andere sy *Politica Ecclesiastica* asook Doleansiekerkregbeginsels geïgnoreer.

In Hoofstukke 4 tot 7 word die kerkreg en kerkregering van die NGSK, NGKA, RCA asook die VGKSA gedek. Die onderskeie sendingkerke het sedert die stigtingsjare tot en met 1978, met die daarstelling van die eerste kerkorde, gepoog om hul kerkreg en kerkorde op Doleansiekerkregbeginsels te skoei. Van meet af is klem gelê op die selfstandigheid van die plaaslike gemeente, die konfederatiewe karakter van die kerkverband asook die tugreg van die meerdere vergadering. Gedurende die negentigerjare tot op hede het die meerdere vergaderinge van die NGKA, NGSK en selfs latere VGKSA hul gaandeweg die gesag toegeëien om sonder inspraak van die mindere vergadering ingrypende besluite met betrekking tot kerkeenwording, eiendomsreg en selfs die belydenisgrondslag te maak.

In Hoofstuk 8 word die kerkregtelike beginsels wat uit beide die Doleansiekerkregbeginsels en die *nuwe kerkrecht* in die voorafgaande hoofstukke onderskei was, in 'n kerkregtelike raamwerk gesinkroniseer. 'n Behoeftte aan kerkordelike reëlins dat die meerdere vergaderinge in die geval van wanbestuur, onmag, dwaalleer of skeurmakery oor die reg beskik om in die bestuur van plaaslike gemeentes in te gryp en hul besluite in mindere vergaderinge te implementeer, word aan die einde van die dissertasie aangedui.

Abstract

Chapter 1 entails the research methodology and theoretical framework of this dissertation. One can discern seven church polity principles in this chapter to adjudicate the church polity and church governance of the Dutch Reformed Mission Church, (=DRMC), Dutch Reformed Church in Africa (=DRCA), Reformed Church in Africa (==RCA) and the United Reformed Church in Southern Africa (=URCSA):

- i. Christ as head of the church,
- ii. The autonomy of the local church,
- iii. The character of the denominational ties,
- iv. The character of the power of the major assemblies,
- v. The power to discipline church officials,
- vi. The appeal right regarding decisions of the major assemblies,
- vii. The capability of the major assemblies regarding misconduct.

Chapter 2 deals cursorily with the church polity development of the Dutch Reformed Churches in the Netherlands (1816-1944). The foundational grounds and main notions on Doleansie Church polity are being drawn in this chapter. The Doleansie did not try to develop a new church polity system, but is rather a regression to a system of church polity as enacted by the National Synod of Dordrecht (1618-1619). Both the Doleansie church polity (*oud kerkrecht*) and the *nieuwe kerkrecht* impacted the church polity and the church governance of the mission churches. The study is therefore a interaction between the notions of A Kuyper, F C Rutgers, A F de Savornin Lohman, and H Bouwman, J van Lonkhuyzen, W A van Es, on the one side and H G Kleyn, H

H Kuyper, M Bouwman and Joh Jansen on the other side. The ecclesiological basis of the governance of the church as well as the different church polity system is also discussed in this chapter.

Chapter 3 focuses cursorily on the church polity and church governance of the Dutch Reformed Church, (DRC) in so far it has implications on the church polity and church governance of the Dutch Reformed Mission Church, (DRMC). At the outset the DRC subscribed to the church polity principles as presumed in the *Algemeen Reglement voor het bestuur der Nederlandsche Hervormde Kerk in het Koninkrijk (1816)* and ignored at the inception of the mission churches the theological notions of Voetius about mission in his *Politica Ecclesiastica* as well as Doleansie church polity principles. The overriding jurisdiction resided in the mission commission of the DRC.

In Chapters 4 to 7 an attempt is made to investigate the church polity and church governance of the DRMC, DRCA, RCA and the URCSA. Since their inception the mission churches until 1978 with the acceptance of the first church order tried to base their church polity and church order on Doleansie church polity principles. From the outset the mission churches placed emphasis on the autonomy of the local churches, the confederative character of the denomination and the disciplinary power of the major assemblies. During the nineties up to date the major assemblies gradually usurped power to make decisions on church unification, property rights and even the confessional basis of the church without giving the minor assemblies the opportunity to participate in the decision making.

The church polity principles, discerned out of the Doleansie Church polity and the *nieuwe kerkrecht* in the preceding chapters, are synchronized in Chapter 8 in a church polity framework. A need for church order regulations that give the major assemblies in case of maladministration, impuissance, heresy or schism the right to intervene in the governance of the local congregation and to implement their decisions in minor assemblies are presented at the end of this dissertation.

BIBLIOGRAFIE

- Adonis, J C 1982. *Die afgebreekte skeidsmuur weer opgebou*. Amsterdam: Editions Rodopi BV.
- April, I R 1972. *Een-en-'n kwart eeufesgedenboek van die Ned Geref Sending gemeente Carnarvon*. Paarl: Paarl drukpers.
- Augustijn, C 1986. *Kerk en godsdienst 1870-1890* in Bakker, W e a (red), *De Doleantie van 1886 en haar geschiedenis*. Kampen: Uitgeverij Kok.
- Bakker, S J P 1945. *Geen rechtskrenking. Het tuchtvonnis over K Schilder getoetst aan de normen van het Gereformeerde Kerkrecht*. Amsterdam: TU.
- Bakker, W 1984. Afscheiding in Bakker, W e a (red) 1984, *De Afscheiding van 1834 en haar geschiedenis*, Kampen: Uitgeverij Kok.
- Bakker, W (red) 1984. *De Afscheiding van 1834 en haar geschiedenis*, Kampen: Uitgeverij Kok.
- Bakker, W 1986a. De Doleantie in den lande. Uitbreiding en consilidatie in Bakker, W (red) 1986, *De Doleantie van 1886 en haar geschiedenis*. 134-146. Kampen: Uitgeverij Kok.
- Bakker, W 1986b. Doleantie in Bakker, W e a (red) 1986, *De Doleantie van 1886 en haar geschiedenis*. 226-228. Kampen: Uitgeverij Kok.
- Bakker, W (red) 1986c. *De Doleantie van 1886 en haar geschiedenis*. Kampen: Uitgeverij Kok.
- Bakker, W 1992. *Wat is Kerkrecht?* in Van't Spijker, W & Van Drimmelen, L C 1992, *Inleiding tot de studie van het Kerkrecht*. 13-16. Kampen: Uitgeverij Kok.
- Balke, W 1990. De eigenschappen van de Kerk in Van't Spijker, W (red) 1990, *De Kerk*. 259-282. Kampen: De Groot Goudriaan.
- Bavinck, H 1883. Reformatie der kerk en *De Vrije Kerk. Vereeniging van Christelijke Gereformeerde Stemmen*, 9^{de} jaargang, onder redaksie van H Beuker, D K Wielenga en Dr H Bavinck Leiden (D Donner), 542-575. (Desember 1883).
www.kerkrecht.nl

- Biesterveld, P & Kuyper, H H 1905. *Kerkelijk Handboekje bevattende de bepalingen der Nederlandsche Synoden en andere stukken van beteekenis voor de regeering der kerken*. Kampen: J H Bos. www.kerkrecht.nl.
- Bos, C G (red) 1994. *Nieuwe Nederlandse Kerkgeschiedenis II*. Barneveld: Uitgeverij De Vuurbraak.
- Bos, F L 1945. *De Practijken en besluiten der jongste Generale Sinode van de Gereformeerde Kerken in Nederland aan het geldende Gereformeerde kerkrecht getoets*. Rotterdam-Zuid: Boekencentrum.
- Bos, F L 1986. *Toetssteen voor allen. Oud licht over nieuwe kerkrechtelijke vragen*. Rotterdam-Zuid: Boekencentrum.
- Botha, A J 1965. Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk as afsonderlike instituut. (MTh) Stellenbosch: Stellenbosch Universiteit.
- Botha, C J 1986. *Kerkreg historiese agtergrond - Ekklesiologie IV*. Bellville: UWK.
- Botha, D P 1960. *Die opkoms van ons derde stand*. Kaapstad: Human en Rousseau.
- Botha, D P 1981. Kerkregtelike selfverwesensliking in Kriel, C J 1978, *Die Eerste eeu. Die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika, 5 Oktober 1881- 5 Oktober 1981*. Paarl: Paarl drukpers.
- Botha, J G 1981. *Ek sal my gemeente bou. Gedenkuitgawe van die Ned Geref Sendinggemeente van Malmesbury in die eeufesjaar 1981*. Paarl: Paarl drukpers.
- Bouma, H 1986. Wederkeer in Doleantie in Deddens, D & Kamphuis, J 1986, *Doleantie-Wederkeer. Opstellen over de Doleantie*, Haarlem: Boekencentrum.
- Bouwman, H 1926. Geen hiërarchische machts oefening in: *De Bazuin*, 74^{ste} jrg, nr 13 (26 Maart 1926).
- Bouwman, H 1928. *Gereformeerde Kerkrecht. Het recht der kerken in de praktijk*, Deel een, Kampen 1928/1934. Ongewysigde derde druk. Kampen: De Groot Goudriaan.
- Bouwman, H 1929. De beginselen van ons gereformeerde kerkrecht in de zaak Geelkerken in *De Bazuin* (Vrydag 16 Julie 1929).
- Bouwman, H 1932. Dr Van Lonkhuyzen's opposisie in *De Bazuin*, 80^{ste} jrg., nr 17-28 (nege artikels, 22 April – 8 Julie 1932).
- Bouwman, H 1934. *Gereformeerde Kerkrecht. Het recht der kerken in de praktijk*, deel

- twee, Kampen: De Groot Goudriaan.
- Bouwman, M 1937a. *Voetius over het gezag der synoden*, Amsterdam: S J P Bakker.
- Bouwman, M 1937b. Voetius over het gezag der synoden in *De Heraut*, jrg 1937, nr 3101 (27 Junie 1937).
- Bouwman, M 1940. *De Gereformeerde opvatting omtrent den Schriftuurlijken grondslag der kerkregeering*. Reeks: Referaat voor de vijf-en twintigste wetenschappelijke samenkomst der Vrije Universiteit Amsterdam. Amsterdam: S J P Bakker.
- Bouwman, M 1944. *Tweeërlei kerkrecht? Het zoogenaamde oude kerkrecht noch oud, noch gereformeerd*. Amsterdam: S J P Bakker.
- Bouwman, M 1946. Het tuchtrecht der meerdere vergaderingen in geval van wanbestuur der plaatselijke kerk in *Rapport in zake het tuchtrecht der meerdere vergaderingen aan de generale synode van de gereformeerde kerken in nederland, samekomende te Zwolle*. 75-126. Kampen: Uitgeverij Kok.
- Bouwman, M 1945. *Geen rechtskrenking. Het tuchtvonnis over K Schilder getoetst aan de normen van het Gereformeerde Kerkrecht*. Amsterdam: S J P Bakker.
- Breytenbach, J A & Brown, E 1991. Die geskiedskrywing oor die Ned Geref Sendingkerk in Suid-Afrika (NGSK) met die problematiek van vertolking en hervertolking. *Ned Geref Teologiese Tydskrif*. Vol xxxii no1. 47-48.
- Bronkhortst, A J 1992. Nederlands Hervormde Kerkrecht in Van't Spijker & Van Drimmelen 1992. *Inleiding tot de studie van het kerkrecht*. Eerste uitgawe 1988, tweede gewysigde uitgawe 1992. Kampen: Uitgeverij Kok.
- Brooks, J W 1982. 'n Teologies-missilogiese beoordeling van die aktes van ooreenkoms tussen die Nederduits Gereformeerde Kerkverbande in Suid-Afrika. Stellenbosch: Stellenbosch Universiteit.
- Coertzen, P 1991. Gepas en ordelik, 'n teologiese verantwoording van die orde vir en in die kerk. Pretoria: RGN uitgewers.
- Coertzen, P 1984. Kerk en reg, Maarten Luther en die belydende kerk. *Ned Geref Teologiese Tydskrif*. Vol xxv no1, Januarie 1984.
- Cronje, J M 1958. *Die selfstandigheid van die Bantoekeerk*. Bloemfontein: Ned Geref Sendingpers.
- Dames, G E 1989. 'n Ondersoek na die stand en behoeftes van kategese in die NGSK.

- Bellville: MTh UWK.
- Deddens, D & Kamphuis, J (red) 1986. *Doleantie – Wederkeer. Opstellen over de Doleantie van 1886*. Haarlem: TU.
- Deddens, D 1968. Canonicus magna cum laude. In memoriam Dr J van Lonkhuyzen, overleden 29 december 1942, in *De Reformatie* 43^{ste} jrg, 6 Januarie 1968.
- Deddens, D 1986. Het doleantiekerkrecht en de Afscheidenen in Deddens, D & Kamphuis, J (red) 1986, *Doleantie – Wederkeer. Opstellen over de Doleantie van 1886*. 57-150. Haarlem: TU.
- Deddens, D 1990. Het kerkrechtelijk keerpunt. De kerkrechtelijke beslissingen van Assen 1926 in *De Reformatie* 66^{ste} jrg, nr. 10-13, 8-26 (vier artikels, Desember 1990).
- Deddens, D 1992a. De Gereformeerde Kerken in Nederland: een bond van kerken, geen kerk in Deddens, D en Te Velde, M (red) 1992, *Vereniging in wederkeer. Opstellen over de Vereniging van 1892*. 45-86. Barneveld: TU.
- Deddens, D 1992b. De Vereniging van 1892: kerkrechtelijke aspecten. Bijdrage in themanummer over de Vereniging van 1892. *Documentatieblad voor de Nederlandse kerkgeschiedenis na 1800* jaargang 15, nr. 36 (Mei 1992). 20-31,
- Deddens, D 1992c. De Gereformeerde Kerken na de Vereniging van 1892 in Van't Spijker, W & Van Drimmelen L C (red) 1992, *Inleiding tot de studie van het kerkrecht*. 137-148. Kampen: Uitgeverij Kok. www.kerkrecht.nl
- Deddens, D 1992d. De kerken van de Doleansie in Van't Spijker, W & Van Drimmelen L C (red) 1992, *Inleiding tot de studie van het kerkrecht*. 134-144. Kampen: Uitgeverij Kok. www.kerkrecht.nl.
- Deddens, D 1998. Het manuscript 'Kerkrechtelijke studiën'. Greijdanus over gereformeerd kerkrecht in Harinck G (red), *Leven en werk van Seakle Greijdanus*, 233-261. Barneveld: TU.
- Deddens, D & Te Velde, M (red) 1992. *Vereniging in wederkeer. Opstellen over de Vereniging van 1892*. 45-52. Barneveld: TU.
- Deddens, P 1946. *De ratificeering der besluiten van meerdere vergaderingen. Rede uitgesproken bij de aanvaarding van het hoogleeraarsambt aan de Theologische Hoogeschool te Kampen op Maandag 28 Januari 1946*, 1-31. Groningen: Uitgeverij Erven A de Jager.

- Deddens, P 1956. Waarom heeft de Dordtsche Synode tegen de kerkenordening in, predikanten afgezet? in Deddens P & Schilder, K 1956, *Eerste en tweedehands gezag*. 47-48. Groningen: Uitgewer Erven A de Jager.
- Deddens, P & Schilder, K 1956. *Eerste en tweedehands gezag*. Groningen: Uitgeverij Erven A de Jager.
- De Gelder, W & De Jong, S 1998. Bibliografie van prof dr. S Greijdanus, in Harinck, G (red), *Leven en werk van prof. dr Seakle Greijdanus*, 267-326. Barneveld: TU.
- De Gier, K 1989. *De Dordtse Kerkorde. Een Praktische verklaring*. Houten: Uitgeverij Den Hertog.
- De Gier, K 1997. *De Geschiedenis en de kenmerken van het Gereformeerde Kerkrecht*. Houten: Uitgeverij Den Hertog.
- De Jong, J 1918. *Verklaring van de Kerkenordening van de Nationale Synode van Dordrecht van 1618-1619 –College- voordragte van prof dr FL Rutgers over Gereformeerd Kerkrecht*. Rotterdam: Drukkerij Libertas.
- Dekker, J 1991. *Het akkoord van kerkelijk samenleven*. Kampen: TU www.kerkrecht.nl.
- De Savornin Lohman, A F & Rutgers, F L 1886. *De rechtsbevoegdheid onzer plaatselijke kerken*. Utrecht: J H Kruyt.
- De Savornin Lohman, A F & Rutgers, F L 1887. *De rechtsbevoegdheid onzer plaatselijke kerken, 1887*. Tweede veel vermeerderde, uitgave. Met volledige repliek aan Ds César Segers, Dr Kleyn en Prof. Gooszen enz. Amsterdam: J H Kruyt.
- De Vries, W G 1990. *De Vrijmaking in het vuur. (Het ontstaan van de Nederlands Gereformeerde Kerken in de jaren zestig)*. Ermelo: Uitgeverij Woord en Wereld.
- De Vries, W G 1993. *De jongste aanval op de vrijmaking als acte van trouw*. Ermelo: Uitgeverij Woord en Wereld.
- De Waal, J 1981. *Die Ned Geref sendinggemeente Wynberg, eeufes 1881-1981*. Paarl: Paarl drukpers.
- De Wet, J 2000. *VGK Zions 180^{ste} Bestaansjaar (1820-2000)*. Paarl: Inter Media Drukkers.
- Dick, C 1983. *Die gesantskapsbeginsel as grondmotief vir die reëling van kerklike ampte. Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, Deel xxiv, no 4.
- Dingemans, G D J 1987. *Een huis om in te wonen. Schetsen en bouwstenen voor een Kerk*

- en een kerkorde van de toekomst.* 's Gravenhage: Uitgewer J H Kok.
- Dingemans, G D J 1992. Kerkorde als ecclesiologische vormgeving in Van't Spijker, W & Van Drimmelen L C, *Inleiding tot de studie van het kerkrecht*. 215-216. Kampen: Uitgewer J H Kok.
- Doornbos, K 1945. *Leer en tucht en kerkregeering*. Wormer: GKN Wormer.
- Doornbos, K 1948. *Over schorsen en afzetten –een episode uit de vrijmaking*. Groningen: Hendrik de Cockstichting.
- Doornbos, K 1967. *De synode van Dordrecht 1618/19 getoetst aan het recht der kerk*. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.
- Du Plessis A A 1986. *Die Ned Geref Sendingkerk Acacia Park (Parkwood), 1976-1986. Na 10 jaar*. Bellville: LUS Boekwinkel en Uitgewers.
- Dwyer, H 1989. *Die pastorale begeleiding aan die ongehude moeder in die Sendingkerk in Suid-Afrika*. Bellville: MTh UWK.
- Erwee A J C 1980. *Die sendingtaak van die Nederduitse Gereformeerde Kerk onder die inboorlingvolke van die Noordwes-Kaapland*. Stellenbosch: Stellenbosch Universiteit.
- Fourie, R 1968. *'n Sosiologiese ondersoek na die sendingtaak van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gesien in die lig van die ontwikkelende Afrika met spesiale verwysing na die Republiek van Suid-Afrika*. Stellenbosch: Stellenbosch Universiteit.
- Geesink, G H J W J 1883. Beginselen van Gereformeerde Kerkrecht deur G Voetius vertaal deur dr G H J W J Geesink oorgedra uit *De Heraut*, no. 240-247 (30 Julie - 17 September 1882). Middelburg: Zeeuwsche Oud-Theologische Boekhandel, K Le Cointre.
- Geldenhuys F E o'B 1951. *Die regsposisie van Kerkraad, Ring en Sinode*. Pretoria: Van Schaik.
- Goliath, A C 1972. *Gedenkboek. Uitgee met die inwyding van die nuwe kerk van die Ned Geref sendingkerk*. Bellville. Bellville: Lus Boekwinkel en Uitgewers.
- Golverdingen, M 2001. *De strijd om het kerkrecht in de Gereformeerde Kerken in Nederland van 1926 tot 1944*. Goninchem: TU Apeldoorn. www.kerkrecht.nl.
- Golverdingen, M 2002a. *Gereformeerde Kerkrecht*. Goninchem: TU Apeldoorn.

www.kerkrecht.nl.

Golverdingen, M 2002b. *Catecheseles over Kerkrecht*. Boskoop: www.kerkrecht.nl.

Greijdanus, S 1937. Over vragen van Gereformeerde kerkverband. “Voetius over het gezag der Synoden”, in *De Reformatie*, 17^{de} jaargang, 16 Julie 1937. 100, 341-343.

Greijdanus, S 1938a. Het wezen der meerdere kerkelijke vergaderingen volgens Voetius, *De Reformatie* 18^{de} jrg, (agt artikels, 29 April – 17 Junie 1938). 263-264, 281, 289, 313.

Greijdanus, S 1938b. De kerken in synode saamkomen in *De Reformatie* Februarie 1938.

Greijdanus, S 1938c. Het nieuwe kerkrecht in de praktijk in *De Reformatie*, 18^e jrg, 15 April 1938. 266.

Greijdanus, S 1938d. Twee betekeningsvolle studies in *De Reformatie*, 19^e jrg. 14 April 1938. Bevat o.m. een korte recensie van de brochure van J van Lonkhuijzen: Is het nieuwe kerkrecht niet een ernstige dwaling?

Greijdanus, S 1938e. Nieuw Kerkrecht in *De Reformatie*, 18^{de} jrg, 13 Mei 1938. 255-298.

Greijdanus, S 1938f. Niet geslaagd in *De Reformatie*, 18^{de} jrg, 20 Mei 1938. Antwoord op die artikels van H H Kuyper oor “Nieuwe Kerkrecht” in *De Heraut* van 1 en 15 Mei 1938.

Greijdanus, S 1938g. Het quastie van die Nieuwe Kerkrecht in *De Reformatie* 19^{de} jrg. (ses artikels, 7 Oktober – 11 November 1938).

Greijdanus, S 1939a. Het punt in geschil in *De Reformatie*, 19^{de} jrg. 6 Januarie 1939. Antwoord op die artikelreeks van H H Kuyper oor *Drieërlei macht* in *De Heraut* van 18 Desember 1938 e.v.

Greijdanus, S 1939b. Over hiërarchie in *De Reformatie*, 19^{de} jrg. 13 Januari 1939. Antwoord op die artikel van H H Kuyper van 25 Desember 1938 in *De Heraut* in die reeks, *Drieërlei macht*.

Greijdanus, S 1939c. De kerken in Synode saamgekommen in *De Reformatie*, 19^e jrg. (sewe artikels, 20 Januarie – 3 Maart 1939).

Greijdanus, S 1939d. Confoederatie óf hiërarchie in *De Reformatie*, 19^{de} jrg, 1938-1939, (twee artikels, 12 en 19 Mei 1939).

Greijdanus, S 1939e. Dr F L Rutgers en Jhr Mr A de Savornin Lohman over het oude Gereformeerde kerkrecht in *De Reformatie*, 19^{de} jrg, 1938-1939, (sewe artikels, 2

- Junie – 14 Julie 1939).
- Greijdanus, S 1943a. Over Gereformeerd kerkrecht in *De Wachter*, 41^{ste} jrg. 3-10, 12-15, 18-21. (agt artikels, 9 April – 13 Augustus 1943).
- Greijdanus, S 1943b. Over het oude Gereformeerde kerkrecht in *De Reformatie* April 1943.
- Greijdanus, S 1944. Voetius over het gezag der meerdere vergaderingen en over eventueel conflict daarmee: Pol Eccl IV p 122-123; editie Rutgers p 252-253 in *De Wachter*, jrg. 42, nr. 9, 10 Maart 1944.
- Greijdanus, S 1945. *Schriftbeginselen van kerkrecht inzake meerdere vergaderingen*. Enschede : J Broesma. Greijdanus, S 1939e. Dr F L Rutgers en Jhr Mr A de Savornin Lohman over het oude Gereformeerde kerkrecht in *De Reformatie*, 19^{de} jrg, 1938-1939, (sewe artikels, 2 Junie – 14 Julie 1939). www.kerkrecht.nl.
- Haitjema, T L 1951. *Nederlands Hervormd kerkrecht*. Nijkerk:TU.
- Harinck, G (red) 1998. *Leven en werk van prof dr Seakle Greijdanus*. Barneveld: TU.
- Hoeksema, G 1926. *Can a classis depose a consistory?* Grand Rapids: B Eerdmans.
- Holtrop, P N 1984. De Afscheiding-breekpunt en kristalisatiepunt in *De afscheiding van 1834 en haar geschiedenis*, Bakker, W e a (red) 1984. Kampen: Uitgeverij Kok.
- Hooijer, C 1982. *Akkoord van Kerkelijk Samenleven van de Nederlands Gereformeerde Kerken*. Kampen: TU. www.kerkrecht.nl.
- Hooijer, C 1846. *Kerkelijke wetten voor de Hervormden in het Koninkrijk der Nederlanden*. Zaltbommel: Joh Noman en zoon. www.kerkrecht.nl.
- Jacobs, J P 1951. Die ontwikkeling van onafhanklike inheemse kerke in die kweking van selfstandige inheemse kerke (MTh tesis) Bloemfontein: NG Sendingdrukkery.
- Jansen, Joh 1913. *De kerkelijke tucht: handleiding ten dienste der Gereformeerde Kerken*. Arnhem: TU.
- Jansen, Joh 1917. *De kerkenordening van de Gereformeerde Kerken in Nederland*. deel I. Nijverdal: TU.
- Jansen, Joh 1923. *Korte verklaring van de kerkenordening*. Amsterdam: Uitgeverij Ton Bolland.
- Jansen, Joh 1924. *De bevoegdheid der meerdere vergaderingen*. 9-10. Kampen: Schild en Pijl.

- Jansen, Joh 1926. *De beginselen van ons Geref kerkrecht in de zaak Geelkerken*. in *Chr Brochurereeks "Ons Arsenaal"* onder redaksie van dr H Kaajan en Dr J Waterink. Serie 5, no. 5-6, 1-50 . Wierden: Uitgeverij R W Heutnink.
- Jansen, Joh 1928. *Het tuchtrecht der meerdere vergaderingen. Referaat met debat, gehouden op de Geref Predikantenconferentie van 11-12 April 1928*. Wierden: Uitgeverij R W Heutnink.
- Jansen, Joh 1938. *Oud of nieuw kerkrecht?* Wierden: Uitgeverij R W Heutnink.
- Jansen, Joh 1947. *Handleiding Gereformeerde Kerkrecht*. Kampen: Uitgeverij Kok.
www.kerkrecht.nl.
- Janssen, G 1969. *De feitelijke toedracht*. 4^{de} druk. Groningen: Uitgeverij: De Vuurbraak.
- Jonker, W D 1962. *Teologiese studies oor die sending van die kerk in die wêreld* no 4 Junie 1962.
- Jonker, W D 1965. *Om die regering van Christus en sy kerk*. Unisa: Pretoria.
- Jordaan, J 1962. *Die ontwikkeling van die sending van die NG Kerk in Transvaal*. Unisa: Pretoria.
- Joubert, P P 1932. *Na vyftig jaar 'n jubileum-gedenkboek van die Ned. Geref. Sendingkerk in Suid-Afrika, bevattende gegewens van sy ontstaan en ontwikkeling*. Noorder Paarl: Paarlse Drukkers.
- Kaajan, H 1935. *De doleantie en haar kerkrechtelijke beginselen*. Utrecht: TU.
- Kamphuis, J 1966. *Verkenningen I , II, III, opstellen over kerk en kerkrecht*. Goes: Oosterbaan & Le Cointre N.V.
- Kamphuis, J 1967a. *Op zoek naar de belijdende volkskerk: notities over het kerkelijk-kerkrechtelijk denke van J Hoedemaker, inzonderheid m b t zijn oppositie tegen het z g Doleantie-Kerkrecht van A Kuyper en F L Rutgers*. Groningen: TU.
- Kamphuis, J 1967b. *Verantwoording van een keus anno domino 1967*. Goes: Oosterbaan & Le Cointre.
- Kamphuis, J 1968. *Om recht en waarheid- een protest*. Goes: Oosterbaan & Le Cointre.
- Kamphuis, J 1986. *Om de heiligheid van de gemeente. De kerkelijke tucht*. Kampen:TU.
- Keizer, G 1934. *De Afscheiding van 1834. Haar aanleiding, naar authentieke brieven en bescheiden beschreven*. Kampen:TU.
- Kleyn, H G 1886. *Feiten of verzinsels? Beschouwing der rechtsbevoegdheid onze*

- plaatselike kerken contra Jhr Mr AF de Savornin Lohman en Dr FL Rutgers.*
Dordrecht: C Monks JNZ.
- Kleyn, H G 1888. *Algemeene kerk en plaatselijke gemeente. Proeve van historisch onderzoek naar de verhouding van beiden ten opzichte van de inwendige en van de stoffelijke belangen; naar aanleiding van de Rechtsbevoegdheid onzer plaatselijke kerken van Jhr Mr AF de Savornin Lohman en Dr FL Rutgers.* Dordrecht: TU.
- Kleynhans, E P J 1985. *Gereformeerde kerkreg* Deel 1, 11 en 111. Pretoria: NGK Boekhandel.
- Koffeman, L J 2003. *Rechtbesherming in de kerken van de Gereformeerde traditie in Nederland*, in Torfs R (red): *Recht op recht in de kerk*, Leuven. 103-169/198 Leuven: TU. www.kerkrecht.nl
- Kriel, C J 1956. *Gedenkskrif NGSK*. Paarl: Paarl drukpers.
- Kriel, C J 1963. *Die geskiedenis van die Ned Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika 1881-1956. 'n Historiese studie van die sendingwerk onder die Kleurlingbevolking van Kaapland*. Paarl: Paarl drukpers.
- Kriel, C J 1978. *Seuns in Sy wingerd*. Paarl: Paarl drukpers
- Kriel, C J 1981. *Die eerste eeu. Die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika, 5 Oktober 1881- 5 Oktober 1981*. Paarl: Paarl drukpers.
- Kronenburg, J 2003. *Episcopus oecumenicus: Bouwstenen voor een theologie van het bisschopsambt in een verenigde reformatorische kerk*. Proefschrift. Utrecht: Universiteit Utrecht.
- Kuyper, A 1883a. *De Heraut* 24 Junie 1883.
- Kuyper, A 1883b. *Tractaat van de reformatie der Kerken door de zoonen der reformatie hier te lande op Luther's vierde eeuwfeest aangeboden*. Volksuitgave Amsterdam: J H Kruyt.
- Kuyper, A 1886. *Afwerping van het juk der synodale hierarchie*. Amsterdam: JA Wormser.
- Kuyper, A 1887. *De Heraut* (4 Junie 1887).
- Kuyper, A 1917a. "Bij het afsterven van mijn trouwen vriend Rutgers" in *De Heraut*, no 244 (25 Maart 1917).
- Kuyper, A 1917b. *De Heraut* no. 244 (25 Maart 1917).
- Kuyper, A & Rutgers, F L 1886. *Contra –memorie in zake het Amsterdamsch conflict*. 5-

111. Amsterdam: J H Kruyt

Kuyper, H H 1923. *De Heraut* no 2351 - no 2357 (9 Februarie 1923 tot 6 Mei 1923).

Kuyper, H H 1932. Napleiten in *De Heraut*, jrg. 1932, nr 2830-2842. (dertien artikels, 17 April 1932-10 Julie 1932).

Kuyper, H H 1937. Voetius over het gezag der in *De Heraut*, jrg 1937, nr 3102 (4 Juli 1937).

Kuyper, H H 1938a. Het oude Kerkrecht der Christelijke Gereformeerde Kerk in *De Heraut*, no 3166 (1938).

Kuyper, H H 1938b. Bindende besluiten of adviezen in *De Heraut*, jrg 1938, nr 3147 (15 Mei 1938).

Kuyper, H H 1938c. Nieuw kerkrecht in *De Heraut*, jrg 1938, nr 3145, 3147-3148, 3150, 3152-3154 (sewe artikels, 1 Mei 1938- 3 Julie 1938).

Kuyper, H H 1938d. Is er tegenspraak? in *De Heraut*, jrg 1938, nr 3151 (12 Junie 1938).

Kuyper, H H 1938e. Oud of nieuw kerkrecht in *De Heraut*, jrg 1938, nr 3167 (2 Oktober 1938).

Kuyper, H H 1938f. Een tweetal vragen in *De Heraut*, jrg 1938, nr 3168-3170 (drie artikels, 9 Oktober – 23 Oktober 1938).

Kuyper, H H 1938g. De positie der meerdere vergaderingen in *De Standaard*, 22 September 1938.

Kuyper, H H 1938h. Het tuchtrecht der meerdere vergaderingen in *De Heraut*, jrg 1938, nr 3172 (6 November 1938).

Kuyper, H H 1938i. Dr A Kuyper en het kerkverband in *De Heraut*, jrg 1938, nr 3173-3174 (twee artikels, 13 en 20 November 1938).

Kuyper, H H 1938-1939. De drieërlei macht in *De Heraut*, jrg 1938 en 1939, nr 3178-3208 (twee en twintig artikels, 18 Desember 1938 – 16 Julie 1939).

Loff, C J A 1981. *Dogter of verstoteling? Kantaantekeninge by die geskiedenis van die Ned Geref Sendingkerk in Suid-Afrika*. Paarl: Paarl drukpers.

Lombard, C & Hunter, J H 1995. Wat het met EGKA gebeur? in *Kom ons word een*. Windhoek, Namibia: EIN Publications.

Luckhoff, A D 1952. *Rynse NG Gemeente Stellenbosch: anderhalf-eeupees 1802-1952*. Paarl: Paarl drukpers.

- Meijer, G J 1995. Ratifikasie in die Gereformeerde kerkreg. MTh. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
- Meulink, H & De Wolff I 1967. *Korte Verklaring van de Kerkordening* Enschede: Uitgewer J Boersma.
- Moorrees, A 1937. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652-1873*. Kaapstad: NGK Boekhandel.
- Nauta, D 1971. *Verklaring van de kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland*. Kampen: TU.
- Niemeijer, P 2002. *Bewaard en voortgegaan: '1926' en 'jaren zestig': om de helderheid van de Schrift en de binding aan de belijdenis*. Ermelo:Uitgewer Woord en Wereld.
- Noordgraaf, A 1990. De Kerk in het Nieuwe Testament in Van't Spijker (red) 1990, *De Kerk*. Kampen: De Groot Goudriaan.
- Noordmans, O 1932. *Beginselen van Kerkorde*. (Kerkopbouw-Geschriften Reeks E no 1), Assen 1932 (*Verzamelde Werken* 5, 172-193). Van Gorcum & Comp.
- Odendaal, B J 1957. *Die kerklike betrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland: 1652-1952*. Franeker: TU.
- Pol, D 1910. *De Plantatione Ecclesiarum* deur G Voetuis, G *Tractaat over De Planting en des Planters van Kerken* vertaal deur ds D Pol. Groningen: Firma Bouwman & Venema.
- Pont, A D 1972. *Kerkgeskiedenis – 'n oorsig van die Algemene Kerkgeskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Afrika*. Pretoria: NGK Boekhandel.
- Pont, A D 1981. *Die historiese agtergrond van ons kerklike reg*. Pretoria: NGK Boekhandel.
- Rossouw, P 1979. *Kerkvergaderings*. Pretoria: NGK Boekhandel.
- Rullmann, J C 1927. Kerkelijk overzicht 1926 in *Jaarboek ten dienste van De Gereformeerde Kerken in Nederland*, 303-312. Goes: TU.
- Rutgers, F L 1887. *Het kerkbedervende karakter der hierarchie (1887)*. Berkel en Rodenrijs: Drukkery K Haak.
- Rutgers, F L 1889. *Acta of handelingen der Nationale Synode, in den Naam onzes Heeren Jezus Christus, Gehouden door autoriteit der Hoogmogende Heeren Staten-Generaal der Vereenigde Nederlanden te Dordrecht, ten jare 1618 en 1619. Hier*

- komen ook bij de volledige Beoordeelingen van de Vijf Artikelen en de Post-Acta of Nahandelingen. Donner, J H en Hoorn, S A van den, ed Leiden, z j Acta van de Nederlandsche Synoden der zestiende eeuw. 's-Gravenhage: www.kerkrecht.nl.*
- Rutgers, F L 1890. *De geldigheid van de oude kerkenordening der Nederlandsche gereformeerde kerken.* Amsterdam: J H Kruyt.
- Rutgers, F L 1894. *Het kerkrecht in zoover het de kerk met het recht in verband brengt (rectorale rede).* Amsterdam: J H Kruyt.
- Rutgers, F L 1918. *Verklaring van de kerkenordening van de Nationale Synode van Dordrecht van 1618-1619. College-voordrachten uitgegeven door J de Jong. Deel IV. Van de Censuur en Kerkelijke Vermaning.* Rotterdam: Drukker Libertas.
- Rutgers, F L 1921. *Kerkelijke adviezen.* Twee delen, Kampen: TU.
- Rutgers, F L & De Savornin Lohman, A F 1886. *De rechtsbevoegdheid onzer plaatselijke kerken. Tweede. veel vermeerderde, uitgawe. Met volledige repliek aan Ds César Segers, Dr Kleyn en Prof Gooszen enz.* Utrecht: JH Kruyt.
- Rutgers, F L & De Savornin Lohman, A F 1887. *De rechtsbevoegdheid onzer plaatselijke kerken. Tweede. veel vermeerderde, uitgawe. Met volledige repliek aan Ds César Segers, Dr Kleyn en Prof Gooszen enz.* Amsterdam: J H Kruyt.
- Rutgers, F L, De Savornin Lohman, A F & Kuyper, A 1887. *Het Gereformeerd kerkelijk congres (koptitel). De hiërarchie in haar kerkbedervend karakter (FL Rutgers); Door wat schuld de tweede hiërarchie opkwam (AF de Savornin Lohman); Wat ons tegenover de tweede hiërarchie te doen staat (A Kuyper).* Amsterdam: J H Kruyt.
- Santing-Wubs, A H 2002. *Kerken in geding. De burgerlijke rechter en kerkelijke geschillen.* (CRBS-dissertatiereeks 9). Meppel: Boom.
- Schilder, K 1938. Respect voor meerdere vergaderingen in *De Reformatie*, 18^e jrg, (twee artikels, 29 Julie en 5 Augustus 1938).
- Schilder, K 1952. Hulpbehoevende kerken? in *De Reformatie*, 9 Februarie 1952 en volgende diskussie met H Brink en K Doornbos in *De Reformatie*, 22 Maart 1952.
- Schilder, K & Deddens, P 1946. *Eerste- en tweedehands gezag. Bijdrage tot de kennis der jongste kerkelijke procedure.* Groningen: TU
- Smith, N J 1972. Die planting van afsonderlike kerke vir Nie-blanke bevolkingsgroepe deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. DTh dissertasie. Pretoria:

Universiteit van Pretoria.

- Spoelstra, B 1989. *Gereformeerde kerkreg en kerkregering: Handboek by die kerkorde*. Hammanskraal: Teologiese Skool Hammanskraal.
- Te Velde, M 1992. Reformatorische kerkgemeenskappen in Nederland in Van't Spijker, W & Van Drimmelen, L C 1992. *Inleiding tot de studie van het kerkrecht*. Eerste uitgawe 1988, tweede gewysigde uitgawe 1988. 162. Kampen: Uitgeverij Kok. www.kerkrecht.nl.
- Van den Berg, C W H 1986. De ontstaangeschiedenis van de Doleantie te Amsterdam in Bakker, W e a (red) 1986, *De Doleantie van 1886 en haar geschiedenis*. Kampen: Uitgeverij Kok.
- Van den Berg, M R 1969. *De gekerkerde kerk*. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.
- Van den Broeke, C 2005. Een geschiedenis van de classis. Classicale typen tussen idee en werkelijkheid (1571-2004) dissertasie, Vrije Universiteit Amsterdam:Uitgeverij Kok. www.kerkrecht.nl.
- Van den Heuvel, P 1991. *De Hervormde kerkorde. Een praktische toelichting*. Zoetermeer: Boekencentrum. www.kerkrecht.nl.
- Van den Heuvel, P 2001. *De Hervormde kerkorde. Een praktische toelichting*. Zoetermeer: Boekencentrum. www.kerkrecht.nl.
- Van der Schuit J J 1936. *Afscheiding-Doleantie. Getoetst aan het handboek van het kerkrecht der Doleantie*. Apeldoorn: TU.
- Van der Watt, P B 1976. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Drie dele. Pretoria: NGK Boekhandel.
- Van Drimmelen, L C 1992. Samen op weg in Van't Spijker, W & Van Drimmelen, L C 1992, *Inleiding tot de studie van het kerkrecht*. Eerste uitgawe 1988, tweede gewysigde uitgawe 1992. 185. Kampen: Uitgeverij Kok. www.kerkrecht.nl.
- Van Drimmelen, L C 2007. *Een troon voor het Woord- Opstellen over kerkrecht*. Heerenveen: Uitgeverij Protestantse Pers.
- Van Es, W A 1926-1929. Ons gevoelen, in *Leeuwarder Kerkbode*, 1926, 23^{ste} jrg, nr. 33 (27 Maart 1926). Vergelyk ook die artikels gedurende 1928, nr 12, 14, 15, 16, 17, 19, 24 en gedurende 1929, nr 28, 29-30, 31, 32-35. Leeuwarden: Historisch Centrum Leeuwarden.

- Van Es, W A 1946. Over de bevoegdheid tot schorsing en afzetting van ouderlingen en diakenen, in *Rapport in zake het tuchtrecht der meerdere vergaderingen aan de Generale Synode van de Gereformeerde Kerken in Nederland, samekomende te Zwolle*. 23-73. Kampen: Uitgeverij Kok.
- Van Gelderen, J 1984. Scheuring en Vereniging -1837-1869 in *De afscheiding van 1834 en haar geschiedenis*, Bakker, W (red). Kampen: Uitgeverij JH Kok.
- Van Heerde, G L 1961. *Twee eeue van sendingwerk*. Pretoria: NGK Uitgewers,
- Van Lonkhuyzen, J 1924. *Verzoek der eerste Christian Gereformeerde Gemeente van Chicago om het uitspraak der synode*. Chicago: TU
- Van Lonkhuyzen, J 1926 *Een ernstige fout. Het besluit der Generale Synode te Assen inzake de afzetting van èèn of meer kerkeraden gewogen en te licht bevonde*. Chicago: TU
- Van Lonkhuyzen, J 1931a. Iets over Geref Kerkrecht in *Gereformeerde Theologisch Tijdschrift* 31^{ste} jrg nr 9 -11 (drie artikels, Januarie, Maart en April 1931). 353-361.
- Van Lonkhuyzen, J 1931b. Onderschied in Geref Kerkrecht in *Gereformeerde Theologisch Tijdschrift* 31^{ste} jaargang, 417-431.
- Van Lonkhuyzen, J 1931c. De tuchtoefening der Generale Synoden der Fransche Kerken over de mindere vergaderingen in *Gereformeerde Theologisch Tijdschrift* 31^{ste} jaargang, 459-478.
- Van Lonkhuyzen, J 1931d. In eigen rechte lijn in *Gereformeerde Theologisch Tijdschrift*, 32^{ste} jaargang, nr 7, (November 1931). 257-288.
- Van Lonkhuyzen, J 1932a. Een belangrijk boek, een nieuw geval en een reeks onhoudbare argumenten, benevens een inleiding, I-II in *Gereformeerde Theologisch Tijdschrift* 32^{ste} jaargang, nr 10-11 (twee artikels Februarie en Maart 1932). 401-425, 449-463.
- Van Lonkhuyzen, J 1932b Geen “Napleiten”, maar een tijdig waarschuwen in *Gereformeerde Theologisch Tijdschrift* 33^{ste} jrg. nr 5 (September 1932). 182-212.
- Van Lonkhuyzen, J 1933. Debat niet mogelijk in *Gereformeerde Theologisch Tijdschrift* 33^{ste} jaargang, nr 12 (April 1933). 529-543
- Van Lonkhuyzen, J 1937a. Apollonius uitspraak geen bewijs in *Gereformeerde Theologisch Tijdschrift* 38^{ste} jaargang, 19-40.
- Van Lonkhuyzen, J 1937b. De Voetius-interpretatie van dr M Bouwman in *De Reformatie*

- (17 Julie 1937). 344-345.
- Van Lonkhuyzen, J 1937c. Dr M Bouwman's dissertatie nader getoets in *Gereformeerde Theologisch Tijdschrift*. 38^{ste} jaargang. 513-531, 569-620.
- Van Lonkhuyzen, J 1938. Die blijvende Schriftuurlijke grondgedachte van art. 36 onzer geloofsbelijdenis (de positieve taak der overheid ten opzichte van den godsdienst) in *Gereformeerde Theologisch Tijdschrift*, 39^{ste} jaargang. 473-507, 521-539.
- Van Lonkhuyzen, J 1939a. *In het nieuwe Kerkrecht niet een ernstige dwaling?* Franeker:TU
- Van Lonkhuyzen, J 1939b. Goed onderscheiden! in *Gereformeerde Theologisch Tijdschrift*, 40^{ste} jaargang. 466-473.
- Van Rooi, J 1965. *Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk op pad na selfstandigheid* in Koinonia. Kaapstad: Maskew Miller Beperk.
- Van Staaldune, Th J S 2000. *Om de lijn der Afscheiding – Prof dr GM den Hartogh en de Vrijmaking van 1944*. Heereveen: Uitgeverij Groen.
- Van't Spijker, W (red) 1990. *De kerk*. 65-255. Kampen: De Groot Goudriaan.
- Van't Spijker, W 1992. De Kerken van de Afcheiding in *Inleiding tot de studie van het kerkrecht*. 130-134. Kampen: Uitgeverij Kok. www.kerkrecht.nl.
- Van't Spijker, W 1992. De Reformatore en hul opvattinge in *Inleiding tot de studie van het kerkrecht*. 86-87. Kampen: Uitgeverij Kok. www.kerkrecht.nl.
- Van't Spijker, W & Van Drimmelen, L C 1992, *Inleiding tot de studie van het kerkrecht*. Eerste uitgawe 1988, tweede gewysigde uitgawe 1992. Kampen: Uitgeverij Kok. www.kerkrecht.nl.
- Van Rongen, G 2005. *Decently and in good order* new series no 21, 49 Secret Harbour BVD.
- Van Zyl, M J N 1985. *Die NGS Gemeente Beaufortwes -Oos Kwarteeufees* (1960-1985). Paarl: Paarl Drukkers.
- Veenhof, C 1938a. Dr A Kuyper sr over de bevoegdheid der meerdere vergaderingen in *De Reformatie*, 18^{de} jrg, (ses artikels, 3 Junie – 22 Julie 1938).
- Veenhof, C 1938b. Prof dr H H Kuyper over het karakter en de bevoegdheid der meerdere vergaderingen in: *De Reformatie*, 18^{de} jrg, 1937-1938 (vier artikels, 16- 30 Sept. 1938) en in die 19^{de} jrg, (vier artikels, 7-18 Nov. 1938).

- Veenhof, C 1949. *Om de “Unica Catholica.” Een beschouwing over de positie van de bezwaarden onder en over de synodocrati.* Goes: TU
- Veenhof, C (red) 1974. *Informatieboekje van Nederlandse Gereformeerde Kerken.* Amsterdam: Uitgever Buijten & Schipperheijn.
- Visser, J C C 1945. *Eeufees van die Ned Geref Sendinggemeente Tulbagh.* Paarl: Paarl drukpers.
- Voetius, G 1883. *Beginnelsen van Gereformeerde Kerkrecht* deur G Voetius vertaal deur dr G H J W J Geesink oorgedra uit *De Heraut*, K Le Cointre, Middelburg: Zeeuwsche Oud-Theologische Boekhandel.
- Voetius, G (...). *Theologisch Advys over’t Gebruyk van Kerkelicke Goederen.* Amsterdam: Jodocus Hondius.
- Voetius, G 1910. *De Plantatione Ecclesiarum* deur G Voetius in *Tractaact over De Planting en des Planters van Kerken* vertaal deur D Pol. Groningen: Firma Bouwman & Venema.
- Voetius, G 1888. *Kerkregtelike Verhandelingen* vertaal uit *De Politica Ecclesiastica* van Gysbertus Voetius met voorrede van dr F L Rutgers (red). Amsterdam: J A Wormser.
- Vos, G J 1884. *Handboek tot Beoefening en Toepassing van het Kerkrecht; De Tegenwoordige inrichting der Vaderlandsche Kerk beschreven en naar de Beginselen der Gereformeerde kerkordening beoordeeld.* Dordrecht: J P Revers.
- Vos, G J 1896. *Systematische Uiteenzetting van het tegenwoordig Nederlandsch-Hervormd Kerkrecht.* Utrecht: Kemink & Zoon.
- Weijland, H B 1992a. *De ontwikkeling van de oud-christelijke kerkinrichting en de versterking van de episcopale structuren* in Van’t Spijker (red) 1992 *Inleiding tot de studie van het kerkrecht.* 79-80. Kampen: Uitgewer JH Kok. www.kerkrecht.nl.
- Weijland, H B 1992b. *De Gereformeerde kerkorde* in Van’t Spijker, W & Van Drimmelen, L C (red) 1992. *Inleiding tot de studie van het kerkrecht.* Kampen: Uitgeverij Kok. www.kerkrecht.nl.

Lys van Acta en kerklike bronne (kronologies)

Acta of Handelingen de Nationale Synode te Dordrecht (1618-1619) Kampen: TU
www.kerkrecht.nl

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1824).

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1826).

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1829).

Acta Gemeente Jesu Christi (1836). Kampen: www.kerkrecht.nl

*Acta handelingen en verslagen van de algemene Synoden van de Christelijk Afgescheidene
Gereformeerde Kerk met de stukken betreffende de synode van bijlagen en registers.
(1836-1869)* Kampen: S van Velden. www.kerkrecht.nl

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1842).

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1847).

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1852).

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1857).

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1880

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1881).

*Acta van het Synodaal Convent (1887) en van de voorlopige Synoden van de Nederduitsche
Gereformeerde Kerken (1888-1992) met bijlagen en registers.* Kampen: Leusden.

*Acta van het Synodaal Convent van Nederduitsche Gereformeerde Kerken (Doleerende) in
Nederland; Rotterdam op 29^{ste} Junie toe 1 Julie 1887.* Amsterdam: Uitgewer J A
Wormser.

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1891).

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1892).

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1896).

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Sinode Oranje Vrystaat (1906).

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1908).

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1909).

Acta Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk in die Oranjerivier Kolonie (1910).

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1912).

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1915).

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1916).

- Acta van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1920).*
- Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Sinode Oranje-Vrystaat (1924).*
- Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Kaapland (1924).*
- Acta van de generale synode van de Gereformeerde kerke in Nederland gehouden te Assen (1926) Kampen: Kok.*
- Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Sinode Transvaal (1928).*
- Acta van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1928).*
- Acta van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1932).*
- Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Sinode Oranje Vrystaat (1932)*
- Acta van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1937*
- Acta van de generale synode van de Gereformeerde kerke in Nederland gehouden te Voorgesette Sinode Amsterdam (1938) Kampen: www.kerkrecht.nl*
- Acta van de generale synode van de Gereformeerde kerke in Nederland gehouden te Sneek-Utrecht 1939-1947 Kampen: www.kerkrecht.nl*
- Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1940).*
- Acta van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1942).*
- Acta van de voorlopige synode Enchede (1945) voorlopige synode van de Gereformeerde Kerke (GKv) Kampen: www.kerkrecht.nl*
- Acta van de generale synode van de Gereformeerde Kerken (GKv) Groningen (1946) Kampen: www.kerkrecht.nl*
- Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Sinode Natal (1948).*
- Acta van de generale synode van de Gereformeerde kerke in Nederland (GKv) gehouden te Kampen 1951 Kampen: www.kerkrecht.nl*
- Acta van de generale synode van de Gereformeerde kerke in Nederland gehouden te 's-Gravenhage 1949-1950 Kampen: www.kerkrecht.nl*
- Acta van de generale synode van de Gereformeerde kerke in Nederland gehouden te Die Sinode van Amersfoort (1948) Kampen: www.kerkrecht.nl*
- Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid Afrika (1953).*
- Acta van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1954).*
- Acta van de generale synode van de Gereformeerde kerke in Nederland gehouden te Enchede 14 November 1956 Kampen: www.kerkrecht.nl*

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Transvaal (1956).

Acta van de generale synode van de Gereformeerde kerke in Nederland gehouden te Bunschoten- Spakenburg 2 September 1958 tot 16 Januarie 1959 Kampen: www.kerkrecht.nl

Acta van de generale synode van de Gereformeerde kerke in Nederland gehouden te Assen (GKv) 11 April tot 21 September 1961. Kampen: www.kerkrecht.nl

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1960).

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1962).

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1962).

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika. (1963).

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1965).

Acta van de generale synode van de Gereformeerde kerke in Nederland gehouden te Rotterdam –Delfshaven (GKv) 1964-1965. Kampen: www.kerkrecht.nl

Acta van de generale synode van de Gereformeerde kerke in Nederland gehouden te Amersfoort-West (GKv) op 18 en 19 Oktober 1966 - Amersfoort-West van 4 April 1967 tot 9 November 1967 Kampen: www.kerkrecht.nl

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1966).

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1966).

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1970).

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1974).

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1978).

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1982).

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1986).

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1990).

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1994).

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika. (1967).

Acta Indian Reformed Church (1968).

Acta Indian Reformed Church (1970).

Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1970).

Acta van de generale synode van de Gereformeerde kerke in Nederland gehouden te Hoogeveen op 18 April 1969 tot 25 Februarie 1970. Kampen: www.kerkrecht.nl

- Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (1971).*
- Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Streeksinode Phororo (1972).*
- Acta van de generale synode van de Gereformeerde kerke in Nederland gehouden te Hattem 1972-1973. Kampen: www.kerkrecht.nl*
- Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (1975).*
- Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Streeksinode Phororo (1976).*
- Acta Indian Reformed Church (1976).*
- Acta van de generale synode van de Gereformeerde kerke in Nederland gehouden te Groningen-Zuid 1978. Kampen: www.kerkrecht.nl*
- Acta van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (1979).*
- Acta van die Reformed Church in Africa (1980).*
- Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Noord-Kaapland (1983).*
- Acta van die Reformed Church in Africa (1984).*
- Acts extraordinary Synod Reformed Church in Africa (1986).*
- Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1987).*
- Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (1987).*
- Acta Buitengewone Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (1990).*
- Acta van die Reformed Church in Africa (1990).*
- Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Noord-Transvaal Speciale Sinode (1991).*
- Acta Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (1991).*
- Acta Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (1994).*
- Acta van die Reformed Church in Africa (1994).*
- Acta van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (1994).*
- Acta van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (1997).*
- Acta van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (2001).*
- Acta van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika Streeksinode Kaapland (1994).*
- Acta van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika Streeksinode Kaapland (1998).*
- Acta van die Reformed Church in Africa (1998)*

Acta van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika Streeksinode Kaapland (2002).

Acta van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika Streeksinode Kaapland (2006).

Achterbergh I verklaring (6-8 November 2006). www.ngkok.co.za.

Achterbergh I Agenda (6-8 November 2006). www.ngkok.co.za.

Achterberg II kerkherenigingsproses NGK–Familie. (23-25 April 2007). www.ngkok.co.za.

Agenda van die Konvent van Kaapland te Brackenfell (23-24 Junie 2004). www.ngkok.co.za.

Algemeen Reglement voor het bestuur der Hervormde Kerk in het Koninkrijk der Nederlanden (1816). www.kerkrecht.nl

Almanak voor de Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika voor het jaar 1908. 59^{ste} jaargang, Kaapstad: Hugenate gebou.

Almanak voor de Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika voor het jaar 1910. 61^{ste} jaargang, Kaapstad: Hugenate gebou.

Belhar Belydenis (1986) Belhar: LUSuitgewers en drukkerij.

Belhar Belydenis (1986) 'n Eenvoudige uitleg. Belhar: LUSuitgewers en drukkerij.

De Christen 24 September 1880 verskyn in *Acta van die Nederduitse Gereformeerde Kerk* (1880).

Du Preez Hendrik Adriaan en andere v Nederduitse Gereformeerde gemeente, De Deur 1994 (2) SA 191 (saaknr 93/12337).

Esselenpark verklaring: Verbondsverbintenis tot hereniging van die familie van NG Kerke te Esselenpark (Junie 2006). www.ngkok.co.za.

Informatieboekje van Nederlandse Gereformeerde Kerken (red C Veenhof) (2005) Amsterdam: Uitgeverij Buijten & Schipperheijn

Jaarboek Nederlands Gereformeerde kerk (1970).

Jaarboek Nederlands Gereformeerde kerk (1974).

Jaarboek Nederlands Gereformeerde kerk (2005).

Konsep Belydenis (1978) Belhar: LUSuitgewers en drukkerij.

Kerkorde van die Sinode van Utrecht (1837).

Kerkordes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Kerkwet Nederduitse Gereformeerde



- Kerk (1881).*
- Bepalingen nederduitsch gereformeerde kerk oranje rivier kolonie (1906).*
- Nederduitse Gereformeerde Kerk Wetboek (1915).*
- Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk. Kerkordes van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk Kerkwet Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1917).*
- Kerkenordening gesteld in de Nationale Synode de Gereformeerde Kerken binnen Dordrecht in de jare 1618 en 1619 www.kerkrecht.nl.*
- Kerkorde, Wette en Verordeninge van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in die Oranje Vrystaat (1909 en gewysig op 1934).*
- Kerkwet Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1937).*
- Kerkwet Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1950).*
- Bepalinge en Reglemente van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1958).*
- Kerkorde Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1962).*
- Kerkorde Wette en Verordeninge van die NGSK OVS (1934).*
- Wette en Bepalinge van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk Transvaal (1947).*
- Wette en Verordeninge van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in die Oranje Vrystaat (1951).*
- Wette en Bepalinge vir die bestuur van die NGK in SA (1953).*
- Kerkorde Nederduitse Gereformeerde Bantoekerk Wette en Bepalinge (1953).*
- Kerkorde, Wette en Verordeninge van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in die Oranje Vrystaat (1909 en gewysig op 1934).*
- Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Bantoekerk Wette en Bepalinge (1953).*
- Kerkorde en Bepalinge en Reglemente van die NGK (1957).*
- Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Streeksinodes van Noord en Suid Transvaal (1964).*
- Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1967).*
- Kerkorde Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1966).*
- Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Streeksinode Kaapland (1968).*
- Church order Reformed Church in Africa (1968).*
- Kerkorde Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Streeksinode Phororo (1969).*

- Kerkorde Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1970).*
- Kerkorde Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Streeksinode Kaapland (1971*
Church order Reformed Church in Africa (1972).
- Kerkorde Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Streeksinodes van Noord en Suid*
Transvaal (1972).
- Kerkorde Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1974).*
- Kerkorde Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1978).*
- Kerkorde Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1982).*
- Church order Reformed Church in Africa (1982).*
- Kerkorde Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1986).*
- Kerkorde Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1990).*
- Kerkorde Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1994).*
- Kerkorde van die Algemene Sinode Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika*
(1994).
- Kerkorde van die Algemene Sinode Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika*
(1997).
- Kerkorde van die Algemene Sinode Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika*
(2001).
- Kerkorde van die Algemene Sinode Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika*
(2006).
- Kerkorde van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika Streeksinode*
Kaapland (1994).
- Kerkorde van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika Streeksinode*
Kaapland (1998).
- Kerkorde van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika Streeksinode*
Kaapland (2002).
- Church order Reformed Church in Africa (2004).*
- Kerkorde en Ordinantis van de Protestantse Kerk in Nederland (2004) Kampen: TU.*
www.kerkrecht.nl
- Kerkorde van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika Streeksinode*
Kaapland (2006).



*Koppies gemeente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika –OVS en die Koppies
Gemeente van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider- (saaknr 2287/1999).*

Laudium Declaration (1990) in Acta Reformed Church in Africa (1990).

Ligdraer 4 Februarie 1991.

Ligdraer 6 Mei 1991.

Ligdraer 3 Junie 1991.

Ligdraer 1 Julie 1991.

Ligdraer 31 Januarie 1992.

Ligdraer 16 Maart 1992.

Ligdraer 7 April 1992.

Ligdraer 17 Augustus 1992.

Ligdraer 14 September 1992

*Multi-laterale gesprek tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika, die
Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, die Reformed Church in Africa
en die Nederduitse Gereformeerde Kerk Sinodale Sentrum, Bloemfontein.
(Woensdag 16 Augustus 2006).*

*Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (OVS), Nederduitse Gereformeerde Kerk in
Afrika (Phororo) vs Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika:
Kennisgewing om verlof tot appèl. (saaknr 96).*

*Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (OVS), Nederduitse Gereformeerde Kerk in
Afrika (Phororo) vs Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (saaknr
536/96).*

*NGKA – verskeie gemeentes en die VGKSA – verskeie gemeentes Hooggeregshof SA
(saaknr 29 Julie 2003).*

*Notule Nederduitse Gereformeerde Kerk in Oranje Vrijstaat (1909) De Vriend Beperkt:
Bloemfontein.*

*Notule Nederduitse Gereformeerde Kerk in Oranje Vrijstaat (1912) De Vriend Beperkt:
Bloemfontein.*

Notule van Konvent van Kaapland te Hawekwa (24-25 Junie 2001). www.ngkok.co.za.

Notule van Konvent van Kaapland te Brackenfell (23-24 Junie 2004). www.ngkok.co.za.

Notule Sinodale Kommissie Beaufort Wes (3-4 Augustus 2007).



Onderdeel uit het rapport van Deputaten Kerkelijke Eenheid van de Gereformeerde Kerken vrijgemaakt aan de Generale Synode van 1996. Kampen: TU.

Rapport in zake het tuchtrecht der meerdere vergaderingen aan de generale synode van de gereformeerde kerken in nederland, samekomende te Zwolle in het jaar 1946. Kampen:TU

Rapport voor de Generale Synode van de Hervormde Kerk - Om die eenheid en heelheid van die Kerk. (16 Maart 2001) Kampen:TU.

Skema van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1824).

Skema van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1829).

Skema van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1842).

Skema van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1847).

Skema van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1852).

Skema van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1857).

Skema van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1880)

Skema van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1909).

Skema van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Sinode Oranje Vrystaat (1906).

Skema Nederduitse Gereformeerde Zendingkerk in die Oranjerivier Kolonie (1910).

Skema van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Sinode Oranje-Vrystaat (1924).

Skema van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Kaapland (1924).

Skema van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Sinode Transvaal (1928).

Skema van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Sinode Oranje-Vrystaat (1932).

Skema van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Sinode Natal (1948).

Skema van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid Afrika (1953).

Skema van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1960).

Skema van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1962).

Skema van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1965).

Skema van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1966).

Skema van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1970).

Skema van die Nederduitse Gereformeerde Kerk Noord-Kaapland (1983).

Skema van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1987).

Skema van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Streeksinode Phororo. (1967).

- Skema van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika. (1971).*
- Skema van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Streeksinode Phororo (1972).*
- Skema van die Algemene Sinode Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (1975).*
- Skema van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Streeksinode Phororo (1976).*
- Skema Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (1979).*
- Skema Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (1987).*
- Skema Buitengewone Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (1990).*
- Skema van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Noord-Transvaal Spesiale Sinode (1991).*
- Skema Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (1991).*
- Skema Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (1994).*
- Skema van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1892).*
- Skema van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1896).*
- Skema van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1908).*
- Skema van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1916).*
- Skema van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1920).*
- Skema van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1928).*
- Skema van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1937).*
- Skema van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1942).*
- Skema van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1954).*
- Skema van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1962).*
- Skema van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1966).*
- Skema van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1970).*
- Skema van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1974).*
- Skema van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1978).*
- Skema van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1982).*
- Skema van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1986).*
- Skema van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1990).*
- Skema van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (1994).*
- Skema van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (1963).*
- Skema Indian Reformed Church (1968).*

Skema Indian Reformed Church (1970).

Skema Indian Reformed Church (1976).

Skema van die Reformed Church in Africa (1976).

Skema van die Reformed Church in Africa (1980).

Skema van die Reformed Church in Africa (1984).

Skema extraordinary Synod Reformed Church in Africa (1986).

Skema van die Reformed Church in Africa (1990).

Skema van die Reformed Church in Africa (1994).

Skema van die Reformed Church in Africa (1998).

Skema van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (1994).

Skema van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (1997).

Skema van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (2001).

Skema van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (2005).

URCSA News 5 Desember 2007

*Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika en MD Kambule en 160 ander en
Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (OVS), Nederduitse Gereformeerde Kerk
in Afrika (Phororo) (saaknr 799/96).*

Lys van elektroniese bronne

www.kerkrecht.nl

www.ngk.nl

www.ngkok.co.za

www.pkn.nl

www.sowkerken.nl